# Supplementa ad Scientia Militaria I 2000

Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie 1950 – 1990

G.E. Visser

www.sun.ac.za/scientia_militaria
issn 1022-8136

355.
005
SCI

*Supplementa ad Scientia Militaria I*

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MILITêRE AKADEMIE, 1950 - 1990

**G. E. Visser**

US BIBLIOTEEKDIENS
US LIBRARY SERVICE
8 MAY 2003
TYDSKRIFTE
PERIODICALS

# *Supplementa ad Scientia Militaria I*

Die inhoud, taal en styl van die proefskrif wat in hierdie publikasie opgeneem is, is die verantwoordelikheid van die skrywer.

*The content, language and style of the thesis taken up into this publication, is the responsibility of the writer.*

Navrae oor *Scientia Militaria* kan gerig word aan die Redakteur, Scientia Militaria, Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X2, Saldanha 7395

*Enquiries regarding Scientia Militaria can be addressed to the Editor, Scientia Militaria, Faculty of Military Science, University of Stellenbosch, Private Bag X2, Saldanha 7395*

**ISSN 1022-8136**

# OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie is op 1 April 1950 gestig met die doel om die militêr-akademiese opleiding van kandidaatoffisiere hier te lande op dieselfde peil as in die buiteland te bring en dit terselfdertyd tot universiteitsvlak te verhef. Die Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, wou egter ook die Akademie gebruik as instrument om die Afrikaner sy regmatige plek, naas Engelssprekendes, in die offisierskorps te laat inneem en sodoende die oorwegend Britse karakter van die Unieverdedigingsmag met 'n eie, Suid-Afrikaanse karakter, en meer bepaald 'n Afrikaner-karakter, te vervang. Ondanks sterk weerstand teen verandering vanuit die offisierskorps, hetsy vanweë politieke sentimente, of, meer bepaald, teenkanting teen die idee van graadstudie vir offisiere, het die Akademie tot 'n lewensvatbare opleidingsinrigting ontwikkel. Breedweg geskoei op die opleidingsmodelle van Sandhurst en West Point, het die Militêre Akademie, na die voorbeeld van die Indiese *National Defence Academy*, 'n gesamentlike opleidingsinrigting vir al vier weermagsdele geword. Finansiële beperkings, 'n gebrek aan geskikte kandidate, asook die botsende opleidingsbehoeftes en sentimente van die onderskeie weermagsdele, het egter verhoed dat die vormingsopleiding van alle kandidaatoffisiere, met die uitsondering van die vroeë sewentigerjare, aan die Akademie toevertrou is.

Die afwesigheid van vormingsopleiding, tesame met die toelating van junior offisiere, in stede van kandidaatoffisiere alleen, het daartoe gelei dat die Akademie mettertyd die karakter van 'n militêre universiteit, eerder as 'n tradisionele militêre akademie, aangeneem het. Die Akademie is in dié proses 'n duidelike rol in die totale offisiersontwikkelingsproses ontneem, wat sy voortbestaan ernstig in die weegskaal geplaas het en tot verskeie ondersoeke na sy rol en funksie gelei het. Deel van die debat, was die botsende subkulture wat deur die jare tussen die Dekaan en die Fakulteit Krygskunde aan die een kant, en die Bevelvoerder en die Tak Militêre Opleiding aan die ander kant, ontstaan het, asook die moontlike verskuiwing van die Akademie van Saldanha na die militêre hartland in Pretoria. Deur die akademiese opleidingsbehoeftes van die Weermag korrek te vertolk en hom dienooreenkomstig te posisioneer, het die Akademie egter dié krisis afgeweer. Hy het daarna telkens by die veranderende militêre en sosio-politieke omstandighede aangepas en immer groter diensbaarheid in die militêr-akademiese milieu nagestreef. Só het dames en anderskleuriges mettertyd hul pad na die Akademie gevind en is die weg ook vir die toelating van studente uit ander Afrikastate gebaan. In 1990, in afwagting van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, het die Akademie 'n doelgerigte poging van stapel gestuur

om die studentekorps meer verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling ten opsigte van ras en geslag te maak.

Die Militêre Akademie het hom deur die jare as 'n geloofwaardige militêr-akademiese instelling gevestig en 'n betekenisvolle bydrae tot militêre professionalisme in Suid-Afrika gelewer. Teen 1990 was hy reeds besig om hom gunstig te posisioneer om ook in die toekoms dié rol te kon speel. Hoewel 'n klein persentasie van die totale offisiersterkte, het die Akademie-graduandi geleidelik alle vlakke van die offisierskorps deurspek en sedert die vroeg-sewentigerjare die topposte in die SA Weermag gedomineer. Teen 1990 was hulle dus goed geplaas om 'n betekenisvolle rol in die voorbereiding van die Weermag vir die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" te speel.

# ABSTRACT

The South African Military Academy was established on 1 April 1950 with a view to placing candidate officer training in the Union Defence Force on par with standards abroad and at the same time to elevating it to the level of a university degree. In addition, the Minister of Defence, F.C. Erasmus, wanted to use the Academy as an instrument enabling Afrikaners to take up their rightful place alongside English-speaking citizens in the officer corps. In so doing, he hoped, eventually, to replace the predominant British character of the Union Defence Force with a unique South African, and more particularly an Afrikaner, character. Despite strong resistance to change from within the officer corps, motivated by political sentiment and more so by opposition to the novel idea of degree studies for officers, the Academy developed into a viable training institution. Broadly based on the training systems of Sandhurst and West Point, and following the example of the Indian National Defence Academy, the Military Academy became a joint training institution for all four arms of the service. Yet financial constraints, a lack of suitable candidates, as well as the conflicting sentiments and training needs of the arms of the service, prevented the formative training of all candidate officers from being assigned to the Academy.

The absence of formative training, together with the admittance of junior officers, instead of solely candidate officers, resulted in the Academy gaining the character of a military university rather than a traditional military academy. The Academy was deprived of a distinct function in the overall officers' development system, which put its survival in the balance and triggered a series of investigations into its role and function. The opposing subcultures that developed between the Dean and the Faculty of Military Science on the one hand, and the Officer Commanding and the Military Training Branch on the other, formed part of the debate. Also in dispute, was the location of the Academy at Saldanha, rather than in the military heart-land in Pretoria. By interpreting the academic training needs of the Defence Force correctly and positioning itself accordingly, the Academy survived that crisis. Thereafter, the Academy time and again adapted to the changing military and socio-political environment and strove towards ever increasing relevance to the Defence Force. In this way female and non-European students were admitted to the Military Academy, whilst the way was also paved for the admittance of students from other African states. In anticipation of the new political dispensation in South Africa, a concerted effort was launched in 1990 to make the student body more representative of the South Africa population in terms of race and sex.

The Military Academy has through the years established itself as a credible military-academic institution and has made a significant contribution towards military professionalism in South Africa. By 1990 it favourably positioned itself to continue that role in future. Though forming only a small percentage of the total officer corps, the Academy graduates have gradually been distributed at all levels of the officer corps and have dominated the top posts in the SA Defence Force since the early 1970's. They were consequently well placed in 1990 to play a significant role in preparing the Defence Force for the so-called "New South Africa".

# VOORWOORD

Die doel van hierdie proefskrif is om die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie van sy stigting in 1950 af tot aan die einde van 1990 te boekstaaf. Die klem van die studie val op die doel en funksie van die Militêre Akademie, die aard en ontwikkeling van dié instelling, asook sy rol in die opleiding en opvoeding van Staandemagoffisiere in Suid-Afrika. Daarnaas word die Akademie ten opsigte van sy aard, rol en funksie oorsigtelik met buitelandse militêre akademies vergelyk, ten einde te bepaal in welke mate dié instelling op buitelandse modelle gebaseer was en met ontwikkelings aan sodanige akademies tred gehou het. Die einde van 1990 is as afsnypunt vir die studie gekies, aangesien dié datum breedweg as die einde van 'n era in die geskiedenis van die Militêre Akademie beskou kan word. Dit was naamlik die datum waarop die Akademie vir alle praktiese doeleindes sy funksionering onder die vorige politieke bedeling afgesluit het en sy vere vir die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" begin regskud het. Die regeringswisseling in 1994 sou sekerlik ook as afsnypunt kon dien, maar dit het geen onmiddellike koerswending vir die Militêre Akademie meegebring nie. Die mate van koerswending wat daar was, het, in afwagting van die nuwe politieke bedeling, reeds aan die begin van 1991 ingetree. Daarom kan die einde van 1990 as 'n logieser afsnypunt as die verkiesingsjaar, 1994, beskou word.

In ooreenstemming met die eise van wetenskaplike geskiedskrywing, word die geskiedenis van die Militêre Akademie teen die agtergrond van die veranderende militêre, politieke, sosiale en ekonomiese milieu van die kontemporêre historiese tydvak belig. Daarom word die totstandkoming van die Akademie allereers in die konteks van die opkoms van militêre professionalisme en die stigting van militêre akademies in Europa en die VSA geplaas. Daarna word sy stigting met die koerswending van die Unieverdedigingsmag onder die Nasionale Party-regering ná 1948 in verband gebring. Verder word die ontwikkelingsgeskiedenis van die Akademie deurlopend afgeëts teen die faktore wat dit beïnvloed het, hetsy finansiële beperkings, sosio-politieke omstandighede, operasionele behoeftes, heersende militêre denke, of die patroon van offisiersontwikkeling aan buitelandse instellings. Voorts word daar aan die hand van die eise van institusionele geskiedskrywing deurlopend tweeledig op die aard en ontwikkeling van die akademiese (Fakulteit Krygskunde) en militêre (Tak Militêre Opleiding) funksies van die Akademie gefokus. Vanuit dieselfde perspektief word daar ook deurlopend aandag gegee aan die gebruike, tradisies en simbole van die Akademie.

Daar bestaan geen omvattende, wetenskaplike, literêre werk oor die Militêre Akademie nie. Nuttige bronne oor die aanloop tot die stigting van die Militêre Akademie, is 'n ongepubliseerde manuskrip deur C.M. Bakkes, *Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 – 1955*, asook 'n artikel deur R.J. Haines, *The Training of Candidate Officers in South Africa.* 'n Waardevolle agtergrond word ook verskaf deur 'n promosieblad, **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, wat die SA Militêre Kollege in 1948 gepubliseer het. L. Jooste se ongepubliseerde MA-verhandeling (1995), *FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959*, asook haar artikel (1996), *Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag*, verskaf 'n goeie uiteensetting van die sosio-politieke agtergrond waarteen die Akademie in 1950 die lig gesien het. 'n Beknopte oorsig van die geskiedenis van die Akademie is te vinde in C.M. Bakkes, *Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 – Februarie 1956)* en P.J.G. de Vos, *Die Militêre Akademie, 1956 – 1967*, wat beide in die Akademie se Silwerjubileum-publikasie (1975) opgeneem is. Die **Militêre Akademie Jaarblad**, wat sedert 1976 uitgegee word, is 'n besonder nuttige aanvulling van die amptelike argiefreekse.

Een van die groot voordele van kontemporêre geskiedskrywing is dat baie van die rolspelers nog leef en dus geraadpleeg kan word om geskrewe bronne aan te vul. Langs dié weg is verskeie oudstudente, -dosente, -dekane, -bevelvoerders en burgerlike rolspelers by wyse van onderhoude en vraelyste betrek om onduidelikhede op te klaar en inligting te bekom wat nie in die geskrewe bronne neerslag gevind het nie. Belangrike bronne in dié verband was veral oudmajoor Melt Van Niekerk, Dekaan van die Militêre Akademie gedurende 1951 tot 1954 en oudkommandant (dr.) C.M. Bakkes, dosent in Krygsgeskiedenis aan die Militêre Akademie van 1954 tot 1969, wat beide waardevolle lig op die ontstaansgeskiedenis van die Akademie gewerp het.

Ofskoon bogenoemde bronne nuttige aanvullende inligting verskaf het, berus die proefskrif hoofsaaklik op 'n omvangryke neerslag van argivale bronne. Die meeste daarvan is in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek in Pretoria te vinde. Die res berus grotendeels by die argiefbewaarplekke van die Militêre Akademie, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Stellenbosch. Daar is egter ook van die lopende argiewe van die Militêre Akademie en ander vertakkings van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gebruik gemaak. By die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek is die meeste informasie te vinde in die uiters volledige argiefgroepe van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege en die Militêre Akademie, aangevul deur die argiewe van die Minister van Verdediging, die Adjudant-generaal, die Kommandant-generaal en ander

weermagkantore. Besonder waardevol, is ook die verslae van die talle komitees wat deur die jare aangestel is om die rol en funksie van die Militêre Akademie te ondersoek. Die meeste van dié verslae is in 'n spesiale verslagversameling in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argiefbewaarplek opgeneem, terwyl kopieë daarvan ook in die argiefbewaarplek van die Militêre Akademie beskikbaar is. In die argiefbewaarplekke van die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch is daar uitsluitlik van die notules van die rade, senate en uitvoerende komitees van dié instellings gebruik gemaak.

Die proefskrif is op 'n tematies-chronologiese grondslag in hoofstukke verdeel. In die eerste, inleidende hoofstuk word die totstandkoming van die Militêre Akademie teen die agtergrond van die opkoms van militêre professionalisme en die stigting van militêre akademies in Europa en die VSA, asook die ontwikkeling van offisiersopleiding in Suid-Afrika sedert 1912 en die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948, belig. Hoofstuk 2 behandel die wordingsgeskiedenis van die Akademie onder die vleuels van die SA Militêre Kollege en die Universiteit van Pretoria oor die tydperk 1950 tot 1955. In hoofstuk 3 word die tydelike huisvesting van die Akademie op Stellenbosch (1955 tot 1957) onder die loep geneem, terwyl hoofstukke 4 tot 7 die groei en ontwikkeling van die Akademie op Saldanha tot 1990 in oënskou neem. In die slothoofstuk, hoofstuk 8, word die vernaamste bevindings en gevolgtrekkings van die studie saamgevat. 'n Aantal militêre afkortings wat in die proefskrif, veral in die voetnote, gebruik word, word gerieflikheidshalwe voor in die proefskrif gelys en verklaar.

* * * * *

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om 'n woord van opregte dank en waardering uit te spreek teenoor die veelvoud van instansies en persone van wie ek hulp en ondersteuning in die voltooiing van hierdie studie ontvang het. Aangesien dit 'n onbegonne taak is om almal te by name te noem, volstaan ek met 'n spesiale dankwoord aan 'n aantal instansies en persone sonder wie se bystand, direk of indirek, die afhandeling van hierdie proefskrif onmoontlik sou wees. In die eerste plek wil ek graag die SA Nasionale Weermag bedank vir die logistieke ondersteuning wat ek ontvang het om die navorsing vir hierdie studie moontlik te maak. Ek is ook baie dank verskuldig aan die opeenvolgende Bevelvoerders van die Militêre Akademie en die Dekane van die Fakulteit Krygskunde vir die steun wat ek van hulle ontvang het, in die besonder brig. (later genl.maj.) F.E. du Toit (afgetree), brig. (later genl.maj.) P.O. Verbeek, v.adm. (j.g.) P.C. Potgieter, kol. (prof.) J.C. Kotzé (afgetree), kol. (prof.) C. Nelson (afgetree) en prof. D.J. Malan. Die opeenvolgende Direkteure van die SA Nasionale Weermag se

Dokumentasiediens en die personeel van die SA Nasionale Weermagargief verdien 'n baie spesiale woord van dank. Ofskoon my lys van weldoeners by daardie instansies geweldig lank is, wil ek graag vir kol. Tertius Combrinck (afgetree) en me. Louise Jooste uitsonder, vir wie geen moeite ooit te groot was nie en wat werklik berge versit het om my te help. My dank gaan ook aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch wat hul argiewe tot my beskikking gestel het en vir my fisiese ruimte geskep het om daardeur te werk.

Baie dankie ook aan al die oudstudente en -personeellede van die Akademie, asook voormalige ampsdraers van die Universiteit van Stellenbosch en private individue, wat hul herinneringe met my gedeel en onduidelikhede help opklaar het, in die besonder mnr. (oudmajoor) Melt van Niekerk, brig. (afgetree) E.L. Bekker, oudkommandant (dr.) C.M. Bakkes en kol. J.C. Kotzé (afgetree). Ek kan ook nie nalaat om kapt. (SAV) D. Forrest, voormalige Suid-Afrikaanse militêre adviseur in Indië, te bedank vir die besondere moeite wat hy gedoen het om bronne oor die Indiese *National Defence Academy* op te spoor nie. Ek wil voorts graag my kollegas by die Militêre Akademie bedank vir die belangstelling en ondersteuning wat ek van hulle geniet het. Hier wil ek in die besonder die name van my kollegas in die Departement Krygsgeskiedenis, kdr. Thean Potgieter, lt.kol. Ian van der Waag en lt.kol. Johan Ellis, noem, wat meer as bereid was om 'n ekstra doseerlas te dra om meer navorsingstyd vir my in te ruim. Baie dankie ook aan mev. Melanie Winterbach vir die tik van die tabelle wat in die proefskrif voorkom en aan die personeel van die Militêre Akademie Biblioteek en die Mediasentrum vir die flinke diens wat ek van hulle ontvang het.

In die besonder wil ek hiermee ook hulde bring aan my promotor, prof. P.H. Kapp en my medepromotor, kol. (prof.) J.S. Kotze, vir die wyse leiding wat ek van hulle ontvang het. Dit was voorwaar 'n voorreg om akademici van hul kaliber as mentors te hê.

Laastens wil ek graag my waardering uitspreek teenoor my ouers, familie en vriende van wie ek soveel ondersteuning en aanmoediging ontvang het. Ek is veral baie dank verskuldig aan my gesin, Una, Liezel, Sandra en Carla, vir hul onderskraging en die opofferings wat hulle oor etlike jare ter wille van my studie moes maak.

G.E. Visser

Saldanha
November 2000

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| **Voorwoord** | ........................................................................................ | vii |
| **Lys van Afkortings** | ............................................................................ | xiv |
| **1.** | **Die Totstandkoming van die Militêre Akademie, 1950** | |
| 1.1 | Inleiding ........................................................................................ | 1 |
| 1.2 | Militêre Professionalisme en die Opkoms van Militêre Akademies .. | 2 |
| 1.3 | Die Opleiding van Staandemagkadette in die UVM tot 1945 ........... | 11 |
| 1.4 | Die Vernuwing van Offisiersopleiding in 1947 ................................. | 25 |
| 1.5 | F.C. Erasmus se Hervorming van Staandemagkadetopleiding, 1948/49 | 34 |
| 1.6 | Die Stigting van die Militêre Akademie, 1 April 1950 ........................ | 45 |
| 1.7 | Slotsom ........................................................................................ | 66 |
| **2.** | **Die Militêre Akademie in Pretoria, 1950 – 1955** | |
| 2.1 | Die Ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria .......................... | 70 |
| 2.2 | Die Organisasie, Beheer en Diensstaat van die Militêre Akademie .. | 75 |
| 2.3 | Die Werwing, Keuring en Diensvoorwaardes van die Studente ........ | 90 |
| 2.4 | Die Filosofies-opvoedkundige Grondslag van die Kadetkursus en die AanvanklikeSamestelling van die Graadkursusse ............................ | 95 |
| 2.5 | Die Teleurstellende Verloop van die Eerste Kadetkursusse ............ | 100 |
| 2.6 | Die Studentelewe en Buitemuurse Bedrywighede van die Kadette .. | 107 |
| 2.7 | Die Instelling van Kortdienskommissies en 'n Vierjarige Graadkursus | 111 |
| 2.8 | Die Totstandkoming van 'n Onafhanklike, Gesamentlike Militêre Akademie .............................................................. | 121 |
| 2.9 | Slotsom ........................................................................................ | 151 |
| **3.** | **Die Militêre Akademie op Stellenbosch, 1955 – 1957** | |
| 3.1 | Die Ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch .................... | 155 |
| 3.2 | Die Totstandkoming van die Militêre Akademie as 'n Selfstandige Militêre Eenheid, 1956 ............................................................. | 162 |

3.3 Die Organisasie, Beheer en Diensstaat van die Militêre Akademie ... 167
3.4 Die Werwing, Keuring en Diensvoorwaardes van die Studente ......... 174
3.5 Kolonel De Vos se Feitesending na Buitelandse Militêre Akademies 178
3.6 Die Huisvesting van die Militêre Akademie op Stellenbosch ............. 184
3.7 Die Militêre-akademiese Opleiding van die Akademie-studente op Stellenbosch ........................................................................ 187
3.8 Die Studentelewe en Buitemuurse Bedrywighede van die Militêre Studente op Stellenbosch ................................................ 201
3.9 Slotsom ........................................................................................ 213

**4. Die Militêre Akademie se Eerste Dekade op Saldanha onder die Bevel van Kolonel P.J.G. de Vos, 1958 – 1967**

4.1 Die Oprigting van die Akademie se Gebouekompleks op Saldanha 217
4.2 Die Vestiging van die Militêre Akademie op Saldanha, 1958 - 1960 221
4.3 Die Totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde, 1961 ................ 236
4.4 Die Uitbreiding en Ontwikkeling van die Militêre Akademie, 1961 – 1967 246
4.5 Die Studentelewe op Saldanha, 1961 – 1967 ................................. 273
4.6 Die Militêre Akademie en die Gemeenskap, 1958 – 1967 ............... 282
4.7 Die Einde van 'n Era: Kolonel De Vos se Neerlegging van die Bevelvoerderskap van die Militêre Akademie, 1967 ........................ 284
4.8 Slotsom ........................................................................................ 292

**5. Die Militêre Akademie as Alma Mater vir Alle Staandemagoffisiere van die Suid-Afrikaanse Weermag, 1968 - 1975**

5.1 Brig. M.A. de M. Malan se Bevelsoorname en die Aanbevelings van die Hartzenberg-komitee, 1968 ........................................................ 297
5.2 Voorlopige Veranderings na aanleiding van die Hartzenberg-verslag 311
5.3 Die Aanbevelings en Implementering van die Malan-verslag, 1969 315
5.4 Die Herstrukturering en Uitbreiding van die Militêre Akademie se Diensstaat en Organisasiestruktuur ............................................... 331
5.5 Die Werwing, Keuring en Diensvoorwaardes van die Studente ........ 343
5.6 Fase 2-opleiding by die Militêre Akademie, 1970 – 1975 ................. 352
5.7 Fase 3-opleiding by die Militêre Akademie, 1970 – 1975 ................. 369
5.8 Pogings om die Benutting van die Akademie te Optimaliseer .......... 379

5.9 Die Studentelewe aan die Militêre Akademie, 1968 – 1975 ............. 381
5.10 Die Uitfasering van Fase 2-opleiding by die Akademie ..................... 384
5.11 Slotsom ........................................................................................ 393

**6. Groter Klem op Akademiese Onderrig aan die Militêre Akademie, 1976 - 1989**

6.1 Die Aard, Rol en Funksie van die Akademie sedert 1976 ................. 396
6.2 Die Organisasie, Bevel en Beheer, Diensstaat en Akkommodasie van die Akademie ........................................................................ 412
6.3 Die Diensvoorwaardes, Werwing en Keuring van Studente ............. 422
6.4 Die Ontwikkeling en Werksaamhede van die Fakulteit Krygskunde .. 430
6.5 Die Stigting en Rol van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling en die Sentrum vir die Studie van Rewolusionêre Oorlog ......................... 445
6.6 Die Aard en Rol van die Tak Militêre Opleiding ................................ 449
6.7 Breër Dienslewering aan die SA Weermag ....................................... 455
6.8 Ontwikkelings op die gebied van Simbole, Seremonies en Tradisies 459
6.9 Nouer Bande met die Universiteit van Stellenbosch en Plaaslike Gemeenskapsdiens deur die Matie-karnaval ..................................... 466
6.10 Slotsom ........................................................................................ 470

**7. Die Militêre Akademie op pad na die "Nuwe Suid-Afrika", 1990**

7.1 Die Bevindings en Aanbevelings van die Militêre Psigologiese Instituut, 1986 ............................................................................. 474
7.2 Die Aanbevelings van Projek KINGSROW, 1987 ............................. 477
7.3 Die Aanbevelings van Projek WIMPOLE, 1989 ................................ 485
7.4 Die Implementering van die WIMPOLE-verslag, 1990 ...................... 492
7.5 Die Totstandkoming van die Sentrum vir Militêre Studie, 1990 ......... 500
7.6 Die Neerslag van Militêre Akademie-graduandi in die SA Weermag teen 1990 ............................................................... 503
7.7 Slotsom ........................................................................................ 506

**8. Slot** ............................................................................................ 508

**Bronne** ............................................................................................ 525

# AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| 2IB | Tweede-in-bevel |
| ABM | Aktiewe Burgermag |
| Adj.-AG | Adjunk-Adjudant-generaal |
| Adj.-HGS | Adjunk-Hoof van die Generale Staf |
| Adj.-KG | Adjunk-Kommandant-generaal |
| AG | Adjudant-generaal |
| Bev. Mil. Akad. | Bevelvoerder Militêre Akademie |
| BGGGM | Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte |
| D Dok D | Direktoraat Dokumentasiediens |
| D Log S | Direkteur Logistieke Stelsels |
| DBD | Direkteur Bestuursdienste |
| DBO | Direkteur Beroepsontwikkeling |
| DDS | Direkteur Diensstelsels |
| DGAA | Direkteur-generaal Algemene Administrasie |
| DGBS | Direkteur-generaal Bestuurstelsels |
| DGL | Direkteur-generaal Landmag |
| DGP | Direkteur-generaal Personeel |
| Dir. Beleidskoörd. | Direkteur Beleidskoördinasie |
| DOS | Direkteur Organisasiestudies |
| DPO | Direkteur Personeelontwikkeling |
| Gp | Groep |
| H Leër | Hoof van die Leër |
| H Pers | Hoof van Personeel |
| H SANW | Hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag |
| H SAW | Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag |
| H Vloot | Hoof van die Vloot |
| HDMO | Hoofdirekteur Mannekragontwikkeling |
| HGS | Hoof van die Generale Staf |
| HLM/H Lugmag | Hoof van die Lugmag |
| HNO | Hoof Navorsing en Ontwikkeling |
| HS OPS | Hoof van Staf Operasies |
| HSI | Hoof van Staf Inligting |
| HSL | Hoof van Staf Logistiek |

| | |
|---|---|
| HSP | Hoof van Staf Personeel |
| HVS | Hoof van Verdedigingstaf |
| HWA | Hoof van Weermagadministrasie |
| IG | Inspekteur-generaal |
| KG | Kommandant-generaal |
| Kmdmt. | Kommandement |
| Kmdt. SA Mil. Kol. | Kommandant Suid-Afrikaanse Militêre Kollege |
| KMG | Kwartiermeester-generaal |
| KO | Kandidaatoffisier |
| Komptr. SAW | Komptroleur Suid-Afrikaanse Weermag |
| Kpln.genl. | Kapelaan-generaal |
| LSH | Leërstafhoof |
| MASK | Militêre Akademie Studentekomitee |
| Mil. Akad. | Militêre Akademie |
| Mil. Gim. | Militêre Gimnasium |
| Min. van Verd. | Minister van Verdediging |
| Min. | Minister |
| MMI | Militêre Mediese Instituut |
| PSR | Personeelstafraad |
| SA Leërkol. | Suid-Afrikaanse Leërkollege |
| SA Mil. Kol. | Suid-Afrikaanse Militêre Kollege |
| SAGD | Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens |
| SALM | Suid-Afrikaanse Lugmag |
| SAV | Suid-Afrikaanse Vloot |
| SAW | Suid-Afrikaanse Weermag |
| SBO | Studentebeheerorganisasie |
| Sekr. van Verd. | Sekretaris van Verdediging |
| Semis | Sentrum vir Militêre Studie |
| Senro | Sentrum vir die Studie van Rewolusionêre Oorlog |
| SSO | Senior Stafoffisier |
| UVM | Unieverdedigingsmag |
| UVMO | Unieverdedigingsmagorder |
| VBR | Verdedigingsbevelsraad |
| VSH | Vlootstafhoof |
| VSR | Verdedigingstafraad |

# HOOFSTUK 1

# DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE MILITÊRE AKADEMIE, 1950

## 1.1 INLEIDING

Die filosofiese, sowel as die historiese oorsprong van Suid-Afrikaanse Militêre Akademie word weerspieël in 'n omvattende inligtings-/bemarkingsbrosjure[1] oor die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege (tans die Suid-Afrikaanse Leërkollege) wat in 1948, twee jaar voor die stigting van die Militêre Akademie, verskyn het. Uit dié publikasie blyk dit dat, filosofies gesproke, die opvatting teen 1948 in die Unieverdedigingsmag (UVM) bestaan het dat offisierskap 'n professie was wat op drie elemente – opleiding, oefening en volgehoue studie - berus het:

> "Today soldiering is a profession. It calls for thorough training, careful practice and constant study. Modern Governments recognize the fact and make provision for the best training for their future officers ..."[2]

As in ag geneem word dat die Militêre Akademie inderwaarheid net 'n verdere uitbouing was van 'n offisiersopleidingstelsel wat reeds aan die SA Militêre Kollege bestaan het, voer vermelde publikasie, histories gesproke, die oorsprong van dié instelling terug na die wêreldwye opkoms van militêre akademies as bakermat van professionele offisiere:

> "Since the dawn of history Man has practised War, and throughout the Ages we read of Military Schools where the art of war was taught and studied.
>
> "These old Military Schools of the Middle Ages prospered and they grew, for Man - we marvel at the suppleness of his will, the adaptability of his mind, - came to accept war as inevitable, as a relentless law, as wicked and dangerous as thunder from the clouds above. But he was not to be outwitted and so, in order to guard against the evils of war, Man prepared for war.
>
> "In this way Military Academies have developed in all the continents of the world - institutions like Sandhurst, West Point, Potsdam, to name but a few. These

---

1. SA Militêre Kollege: **The South African Military College / Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege.**
2. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.7.

institutions have always concerned themselves primarily with the training of leaders, with the military schooling of cadets.

"In our country, we have modelled on its famous predecessors a newcomer, a younger brother but a remarkably industrious and progressive one for all that, the South African Military College, and it is at this College that our South African Permanent Force cadets are trained and shaped for the very diverse duties that they, as future officers, will be called upon to perform."[3]

Die militêr worstel al van die grondlegging van die krygskuns af met die vraagstuk van doelgerigte opleiding, d.w.s. opleiding wat die soldaat, en vir die doel van hierdie studie die offisier, ten beste vir sy taak sal bekwaam. Suiwer militêre opleiding om wapenvaardigheid en taktiese drils in te skerp, het eeue lank die opleiding van die soldaat oorheers, maar namate wapentuig tegnologies ingewikkelder geraak het, het oorlogvoering ook 'n toenemende mate van akademiese kennis en vaardigheid van die offisier vereis; dit het duidelik geword dat hy dus ook in dié verband geskool sou moes word. Hierdie verbreding van offisiersopleiding het reeds in die sewentiende en agtiende eeu in Europa begin en het uiteindelik tot die opkoms van militêre professionalisme in al die groot state van die wêreld aan die begin van die neëntiende eeu gelei. Militêre professionalisme is op sy beurt weer bevorder deur die ontwikkeling van militêre akademies.[4] Om die filosofie agter die stigting van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie in 1950 in konteks te verstaan, is dit dus noodsaaklik dat daar allereers aandag geskenk word aan die betekenis van die begrip "militêre professionalisme" soos dit teen die begin van die vyftigerjare vertolk is en die historiese samehang daarvan met die opkoms van militêre akademies, spesifiek in Europa en die VSA.

## 1.2 MILITêRE PROFESSIONALISME EN DIE OPKOMS VAN MILITêRE AKADEMIES

M.L. Cogan het in die vroeg vyftigerjare 'n professie soos volg omskryf om dit van 'n gewone beroep te onderskei:

"A profession is a vocation whose practice is founded upon an understanding of the theoretical structure of some department of learning or science, and upon the

3. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.11 - 12.
4. Vergelyk R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism. In H.R. Borowski: **The Harmon Memorial Lectures in Military History, 1959 - 1987**, pp.270 - 275.

abilities accompanying such understanding. This understanding and these abilities are applied to the vital practical affairs of man. The practises of the profession are modified by knowledge of a generalized nature and by the accumulated wisdom and experience of mankind, which serves to correct the errors of specialism. The profession, serving the total needs of man, considers its first ethical imperative to be altruistic services to the client." [5]

E. Greenwood (1957) het die kenmerke van 'n professie opgesom as "... authority, a systematic body of theory, sanction of the community, a regulative code of ethics, and the professional culture".[6] S.P. Huntington (1957) het min of meer tot dieselfde slotsom gekom: "The distinguishing characteristics of a profession as a special type of vocation are its expertise, responsibility and corporateness."[7] Soos uit meer onlangse werke[8] blyk, het Huntington se opsomming van die wesenskenmerke van 'n professie wyd inslag gevind en dien dit vandag steeds as basiese uitgangspunt in dié verband. Dit word dus ook as uitgangspunt vir die doel van hierdie studie aanvaar.

Huntington voer aan dat die professionele persoon, of dit nou 'n dokter, teoloog of regsgeleerde is, oor gespesialiseerde kennis en vaardighede op 'n bepaalde terrein van die menslike strewe beskik, wat hy deur middel van langdurige opvoeding en ondervinding verkry het. Die deskundigheid wat met 'n bepaalde professie gepaard gaan, vorm die grondslag van die objektiewe norme en standaarde van professionele bevoegdheid wat die professionele persoon van die leek onderskei en die relatiewe bekwaamheid van individuele lede van die professie bepaal. Die feit dat hierdie norme en standaarde uitsluitlik op die kennis en vaardighede van die professie as sodanig berus, maak hulle universeel toepasbaar, ongeag tyd of plek. Gewone vaardighede, daarteen, bestaan net in die hede en word bemeester deur 'n bestaande tegniek aan te leer, sonder dat dit nodig is om enige kennis van die geskiedenis daarvan te hê.[9]

Professionele kennis het volgens Huntington 'n ontwikkelingsgeskiedenis waarvan die beoefenaar van 'n professie 'n bepaalde kennis moet hê, ten einde aan die norme en standaarde van daardie professie te voldoen. Daar moet dus navorsings- en opvoedkundige inrigtings bestaan waar die kennis aangaande die professie uitgebrei en oorgedra kan word. Die akademiese en praktiese kante van die professie bly in voeling

---

5. M. L. Cogan, soos aangehaal in S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield: The New Military Professionalism**, p.6.
6. Soos aangehaal in S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield**, p.6.
7. S.P. Huntington: **The Soldier and the State: The Theory and Politics of Civil - Military Relations**, p.8.
8. Vergelyk S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield: The New Military Professionalism**, pp.7 – 8; M.R. Malan: Civilian Supremacy over the Military: Guidelines for Embryonic Democracies (unpublished M.A. dissertaion, US, 1994), pp.28 - 36.
9. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.8.

met mekaar deur middel van vaktydskrifte, konferensies en die rotasie van personeel tussen die opvoedkundige inrigtings en die praktyk.[10]

Huntington wys pertinent daarop dat die deskundigheid van 'n bepaalde professie maar één segment van 'n groter geheel vorm, naamlik die totale kulturele tradisie van die gemeenskap. Die vakkundige kennis van 'n professie is 'n integrerende deel van die somtotaal van alle wetenskaplike kennis in die samelewing. Die professionele persoon kan dus net sy vaardigheid suksesvol toepas as hy bewus is van die breër tradisie waarvan hy deel is. Dié toedrag van sake oefen 'n belangrike invloed op professionele opvoeding uit, want dit beteken dat sodanige opvoeding in twee fases voltrek moet word: die professionele persoon moet naamlik eers 'n breë, algemene, kulturele opvoeding ontvang en daarna in die besondere kennis en vaardighede van sy professie onderrig word. Eersgenoemde deel van sy opvoeding vind normaalweg by 'n algemene opvoedkundige inrigting plaas, terwyl laasgenoemde deel deur spesiale inrigtings wat deur sy professie bedryf word, of wat spesifiek op sy professie ingestel is, behartig word.[11]

Die professionele persoon lewer 'n unieke, deskundige diens wat essensieel is vir die funksionering van die gemeenskap waarin hy hom bevind en daarom rus daar 'n sosiale verantwoordelikheid op hom om die diens te lewer wanneer 'n behoefte daaraan ontstaan. Hierdie sosiale verantwoordelikheid onderskei die professionele mens van ander deskundiges wat bloot oor intellektuele vaardighede beskik. 'n Skeikundige navorser bly steeds 'n skeikundige navorser, selfs wanneer hy sy kennis en vaardighede tot nadeel van die gemeenskap aanwend. 'n Geneesheer, daarenteen, kan nie langer praktiseer as hy sy beroep tot nadeel van die gemeenskap beoefen nie. Volgens Huntington kan finansiële gewin nooit die professionele persoon se primêre dryfveer wees nie en daarom word sy professionele vergoeding slegs gedeeltelik deur markkragte bepaal en origens deur wetgewing en die professionele gebruike gereguleer. Die optrede van die professionele persoon teenoor die gemeenskap word dus deur morele waardes en norme bepaal, hetsy by wyse van ongeskrewe reëls wat deur die professionele opvoedingstelsel oorgedra word, of by wyse van 'n geskrewe etiese kode.[12]

Die lede van 'n professie ervaar vanweë hul gespesialiseerde opleiding, kennis en vaardighede en die unieke sosiale verantwoordelikheid wat daar op hulle rus, 'n gevoel van solidariteit met mekaar en sien hulself as 'n groep wat duidelik van leke op hul terrein onderskei kan word. Die eenheidsgevoel van die groep manifesteer homself in 'n

10. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.8.
11. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.8 - 9.
12. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.9 - 10.

professionele organisasie wat enersyds die standaarde van die professionele bekwaamheid formaliseer en toepas, en andersyds die standaarde van professionele verantwoordelikheid bepaal en afdwing. Sodanige professionele organisasies is normaalweg òf assosiasies òf burokrasieë. Hierdie twee kategorieë is egter nie wedersyds uitsluitend nie, deurdat assosiasies gewoonlik ook sekere burokratiese elemente insluit, terwyl professionele burokrasieë op hul beurt dikwels deur assosiasies aangevul word.[13]

Ofskoon Huntington in die vyftigerjare uit 'n verskeidenheid werke kon put om tot die wesenskenmerke van 'n professie te geraak, kon hy slegs een werk[14] in die Engelse taal vind wat offisierskap as 'n professie ontleed het. Daarom kan sy omskrywing van militêre professionalisme in die vyftigerjare aan die hand van dieselfde basiese kenmerke as dié van die burgerlike professies[15] as baanbrekerswerk beskou word en dien dit ook as vertrekpunt vir die doel van hierdie studie. Sarkesian wys egter tereg daarop dat "the[se] basic characteristics are given military substance by the uniqueness of the military's purpose, a sense of duty and honor, and ultimate liability.[16] Hy stel die doel van die militêre professie as '[the] management of violence in the service of the state"[17] en onderskryf Z.B. Bradford, jr. en F.J. Brown se siening dat "the officer must feel a sense of duty to serve the lawful government 'for the full distance', even at risk of his life."[18] M. Janowitz skryf onder meer in die volgende in verband met die kwessie van militêre eer en ridderlikheid as kenmerke van militêre professionalisme:

> "Military honor is both a means and an end. The code of honor specifies how an officer ought to behave, but to be 'honorable' is an objective to be achieved for its own right. When military honor is effective, its coercive power is considerable, since it persistently points to a single over-riding directive: The professional soldier always fights...
>
> "Military honor meant, first, officers were gentlemen; second, fealty to the military commander was personal; third, officers were members of a cohesive brotherhood which claimed the right to extensive self-regulation; and fourth, officers fought for the preservation and enhancement of traditional glory."[19]

---

13. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.10.
14. Dié werk was M. Lewis se **England's Sea Officers: The Story of the Naval Profession** wat in 1939 gepubliseer is. (S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.469, nota 1.)
15. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.11 - 18.
16. S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield**, p.8.
17. S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield**, p.7.
18. Soos aangehaal in S.C. Sarkesian: **Beyond the Battlefield**, p.7.
19. M. Janowitz: **The Professional Soldier**, pp. 216, 217.

Huntington verklaar dat die militêre professie, oftewel offisierskap, aan die toets vir professionalisme voldoen omdat dit inderdaad deur die besit van 'n unieke deskundigheid, die aanwesigheid van 'n sosiale verpligting en 'n gees van samehorigheid gekenmerk word.[20] Hy aanvaar die definisie van die deskundigheid van die militêre offisier as synde "die bestuur van geweld", soos inderwaarheid oorspronklik deur Harold Lasswell geformuleer,[21] en omskryf dit as "the direction, operation, and control of a human organization whose primary function is the application of violence."[22] Huntington beklemtoon die feit dat die deskundigheid van die offisier nie in die fisiese aanwending van geweld lê nie, maar in die bestuur daarvan. Die gewone soldaat is, aldus Huntington, 'n spesialis in die toediening of fisiese aanwending van geweld en nie in die bestuur daarvan nie. Daarom is sy beroep 'n ambag en nie 'n professie nie. Om 'n geweer af te vuur, verklaar Huntington, is 'n meganiese handeling wat maklik aangeleer kan word, maar om die operasies van 'n geweerkompanie op die slagveld te bestuur, verg 'n totaal ander vlak van kundigheid.[23] Die "bestuur van geweld" is nie 'n unieke aangebore kuns, of 'n ambag wat meganies deur die bemeestering van bestaande tegnieke aangeleer kan word nie, maar "an extraordinarily complex intellectual skill requiring comprehensive study and training."[24] Hierdie unieke vaardigheid onderskei die professionele of lynoffisier nie net van burgerlikes nie, maar ook van deskundiges soos dokters, ens, wat wel deel van die offisierskorps vorm, maar nie oor die kennis en vaardighede beskik om geweld te bestuur nie. Hulle behoort bloot aan die offisierskorps vir administratiewe doeleindes en nie in sy hoedanigheid as 'n professionele liggaam nie.[25]

Die militêre professie het 'n lang geskiedenis, wat volgens Huntington 'n belangrike deel van die professionele kennis van die offisier vorm. Die "bestuur van geweld" verkeer in 'n deurlopende proses van ontwikkeling en dit is noodsaaklik dat die offisier daardie ontwikkelingsproses verstaan en bewus is van dié proses se belangrikste kenmerke en tendense. Die offisier kan slegs aan die spits van sy professie bly as hy op hoogte is van die historiese ontwikkeling van die tegnieke met betrekking tot die organisering en bestuur van militêre magte. 'n Studie van die krygsgeskiedenis is dus van wesentlike belang vir die offisier en behoort deurgaans aandag in sy opvoedingsproses te geniet. Huntington argumenteer verder dat die "bestuur van geweld" ten nouste met die heersende algemene kultuurpatroon van die samelewing verweef is en dat die offisier 'n

---

20. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.11.
21. H.D. Lasswell: The Garrison State. **American Journal of Sociology**, vol. 46, 1941, pp.455, 458, 463.
22. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.11 - 13, 17 - 18.
23. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.11 - 13, 17 - 18.
24. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.13.
25. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.11 - 13, 17 - 18.

wye verwysingsraamwerk moet hê om sy beroep te kan bemeester. Die offisier moet verstaan in watter verhouding sy professie tot die geskiedenis, politiek, ekonomie, sosiologie, sielkunde, skeikunde, fisika, biologie en ander wetenskappe staan en hoe dié dissiplines hom tot nut kan wees in die bereiking van sy doelwitte. Soos die dokter en die advokaat, werk hy deurgaans met mense en moet hy dus 'n deeglike begrip van menslike houdings en gedragspatrone hê. Baie van die kennis en intellektuele vaardighede wat hy benodig, lê dus grootliks buite die grense van sy professie en kan slegs deur 'n breë, algemene opvoeding bekom word.[26]

Soos in die geval van burgerlike professies, lê die deskundigheid van die offisier (en die monopolie waaroor hy in dié verband beskik), aldus Huntington, ook 'n bepaalde sosiale verpligting op hom, naamlik die militêre veiligheid van die gemeenskap. Misbruik van sy unieke vaardigheid vir eie gewin, kan die samelewingstruktuur vernietig en daarom dring die gemeenskap daarop aan dat die bestuur van geweld net vir sosiaal aanvaarbare doeleindes aangewend mag word. Volgens Huntington se siening word die offisier voorts nie primêr deur finansiële oorwegings gemotiveer nie. Sy dryfveer is sy liefde vir sy professie en die sosiale verantwoordelikheid wat hy aanvaar om sy vaardigheid tot die voordeel van die gemeenskap aan te wend. Anders as alle ander professies, wat slegs gedeeltelik aan staatsbeheer onderworpe is, monopoliseer die staat die militêre professie. Die militêre offisier se primêre verantwoordelikheid is dus teenoor die staat, vir wie hy ook as deskundige raadgewer oor nasionale sekuriteit en verdediging moet optree. Hy moet die regering adviseer oor die staat se behoeftes ten opsigte van nasionale veiligheid, hoe dit bereik kan word en dan, wanneer die regering sy besluite geneem het, met die implementering daarvan help.[27]

Offisierskap voldoen verder volgens Huntington aan die eis van samehorigheid as 'n wesenskenmerk van professionalisme, deurdat dit 'n geburokratiseerde openbare professie is, waarvan die lede 'n eksklusiewe, duidelik omlynde groep in die gemeenskap vorm. Toegang tot die offisierskorps kan slegs deur middel van 'n kommissie-aanstelling verkry word en is beperk tot diegene wat aan die neergelegde vereistes ten opsigte van opleiding, kennis en vaardighede voldoen. Hoewel die offisier se gedrag teenoor die staat in 'n mate deur 'n eksplisiete kode wat in wetgewing vervat is, gerig word, berus dit hoofsaaklik op die gevestigde gewoontes, gebruike en tradisies van die professie. Die offisier het voorts relatief min kontak na buite, deurdat die meeste van sy aktiwiteite binne sy professionele omgewing plaasvind. Hy woon en werk

26. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p.14; vergelyk ook M. Janowitz: **The Professional Soldier: A Social and Political Portrait**, pp.9 – 10, 13 - 14.

27. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.14 - 16.

normaalweg buite die res van die gemeenskap. Die offisier word ook deur middel van sy uniform en rangkentekens sigbaar van beide burgerlikes en manskappe onderskei.[28]

Soos hierbo aangetoon, vereis die feit dat professionalisme op kennis en vaardighede berus wat slegs deur langdurige studie en opleiding bekom kan word, volgens Huntington "institutions of research and education ... for the extension and transmission of professional knowledge and skill."[29] Die opkoms van staande leërs en professionele offisierskorpse, waarvan die buitelyne vroeg in die agtiende eeu reeds sigbaar begin raak het, het dus ook 'n behoefte aan sodanige instellings geskep. Dit het tot die stigting van militêre akademies gelei, wat op hul beurt weer die werklik professionele opleiding van offisiere moontlik gemaak het. Dié proses het begin met die oprigting van tegniese akademies. 'n Kennis van wiskunde het reeds sedert die invoering van buskruitwapens van toenemende belang vir offisiere geword. Dit was egter die daaropvolgende ontwikkeling van artillerie en fortifikasies, die gebruik van geometriese tegnieke in die beleëring van stede, asook ontwikkelings op die gebied van see-navigasie, wat daartoe gelei dat tegniese akademies mettertyd gestig is om jong seuns vir kommissie-aanstellings voor te berei. Frankryk, wat die sterkste moondheid in Europa in die sewentiende en agtiende eeu was, het die leiding geneem en reeds in 1679 met artillerie-instruksie by Douai begin. Dit is gevolg deur stigting van die *École du Corps Royal du Génie* te Mézières in 1748-49 en 'n artillerieskool te La Fère in 1756. Pruise het reeds in 1706 'n genieskool op die been gebring, terwyl Brittanje in 1741 die *Royal Military Academy* vir die opleiding van Artillerie en genie-offisiere (veldingenieurs) by Woolwich in die lewe geroep het.[30]

Feitlik gelyktydig met die oprigting van tegniese akademies het die eerste nie-tegniese militêre akademies vir die opleiding van offisiere ook hul verskyning in Europa gemaak. Hieronder val die *École Royale Militaire* (1751) in Parys, die *Ritter Akademie* (1765) in Pruise en ook die *Naval Academy* (1729) in Engeland. Beide die kwaliteit van die studente en die vlak van instruksie by hierdie inrigtings was volgens Huntington van 'n baie lae gehalte.[31] Onvolmaak soos hulle was, was die tegniese en algemene akademies vir die voorbereiding van offisiere die naaste wat daar in die agtiende eeu aan militêre opvoeding gekom is. Preston sien die *École Royale Militaire*, waar die beroemdste krygsheer van alle tye, Napoleon Bonaparte, in 1785 afgestudeer het as 'n mylpaal op die pad na militêre professionalisme, in dié sin dat die Franse daarmee tot

---

28. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, p. 16.
29. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.8 - 10.
30. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.273; B. Abrahamsson: **Military Professionalization and Political Power**, pp.21 - 22; S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.20, 24, 25.
31. S.P. Huntington: **The Soldier and the State**, pp.24 - 25.

die besef gekom het dat skoling aan militêre akademies 'n veel beter manier was om offisiere te vorm as die ou stelsel van vakleerlingskap by die regimente. Só 'n inrigting was nie alleen meer bevorderlik vir studie nie, maar het hom ook beter tot die inskerping van dissipline by die kadet geleen. 'n Ander betekenisvolle feit omtrent die *École Royale Militaire* is dat daar doelbewus klem op die Wiskunde gelê is as synde geskik as die algemene wetenskappe ("liberal arts") om die offisier se denke te skool vir die tipe besluite wat hy moet neem. Dié opvatting leef volgens Preston vandag steeds by militêre Akademies voort, ofskoon dit na sy mening 'n ope vraag is of dit tans nog so geldig soos in die agtiende eeu is.[32] Preston wys ter stawing van sy argument tereg daarop dat hoewel "Mathematical studies can contribute some of the qualities of mind needed by the soldier, for instance the ability to make clear decisions based on accurate measurements and computation ... modern liberal arts and social studies scholarship has qualities that its eighteenth-century equivalent lacked but which relate to certain modern social needs and also provide mind training and method."[33] Die historikus D.D. Bien het, aldus Preston, voorts kontemporêre getuienis gevind dat toe die *École Royale Militaire* gestig is, daar nie soseer op die Wiskunde klemgelê is vanweë die direkte militêre toepassingswaarde daarvan nie, maar eerder "because contemporary civilian education was based on rhetoric and the classics which were believed to be more suitable for training the minds of scholars than of soldiers ... [and that there was] a deliberate intention to make the army a separate world by virtue of its distinctive educational system."[34]

Ná hierdie wankelrige begin in die agtiende eeu, het militêre akademies vir die vorming van offisiere in die neëntiende eeu in Europa en die VSA gedy. Hoewel beide die *École du Corps Royal du Génie* te Mézières en die *École Royale Militaire* in Parys gedurende die Franse Rewolusie afgeskaf is, is hulle spoedig deur soortgelyke instellings vir offisiersopleiding vervang, waaronder die bekende *École Polytechnique* en die *École Speciale Militaire* te St. Cyr.[35] In 1802 het die twee beroemde opvoedingsinrigtings vir aspirantoffisiere in Brittanje en die VSA, naamlik die *Royal Military College, Sandhurst* (aanvanklik die *Royal Military College, Great Marlow* en vanaf 1947 die *Royal Military Academy, Sandhurst*)[36] en die *United States Military Academy, West Point*[37] tot stand

---

32. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, pp.273 - 274.
33. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.299, verwysing 24.
34. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.299, verwysing 24.
35. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.274.
36. J. Smyth: **Sandhurst: The History of the Royal Military Academy, Woolwich, the Royal Military College, Sandhurst, and the Royal Military Academy, Sandhurst 1741 - 1961**, pp.47, 51, 203 - 204.
37. S. Forman: **West Point: A History of the United States Military Academy**, p.3.

gekom. Die totstandkoming van hierdie en ander soortgelyke instellings in Europa en die VSA het die grondslag gelê vir die volledige transformasie van offisierskap van 'n beroep na 'n professie vergelykbaar met dié van die regsgeleerde, die geneesheer en die teoloog in die neëntiende eeu.[38]

Pruise het in 1808 die voortou in die uitbouing van militêre professionalisme geneem, toe hy na aanleiding van sy nederlaag teen Napoleon tydens die Slag van Jena in 1806, 'n kabinetsorder uitgevaardig het, waarin professionele kennis en opvoeding as norm vir die vredestydse aanstelling en bevordering van offisiere neergelê is. Die Pruisiese verklaarde doelwit in die neëntiende eeu was om te verseker dat alle offisiere eerstens van 'n goeie algemene opvoeding voorsien sou word, gevolg deur 'n deeglike professionele opvoeding. Die Pruisiese benadering het mettertyd ook by ander moondhede inslag gevind, sodat militêre akademies uiteindelik 'n tweeledige rol in die vorming van offisiere moes vervul, naamlik opleiding en opvoeding. Militêre opleiding was daarop gemik om groter toewyding, beslistheid, lojaliteit, leierskap en tegniese bekwaamheid by die offisier te kweek, terwyl akademiese opvoeding onafhanklike en oorspronklike denke moes stimuleer. Die oorkoepelende doel van dit alles was om die jong offisier toe te rus met kennis en vaardighede wat hom in staat sou stel om alle eise wat in vredes- en oorlogstyd aan hom gestel sou word, die hoof te bied.[39]

Die opkoms militêre professionalisme en die totstandkoming van militêre akademies het mekaar dus wedersyds beïnvloed. Soos Preston dit stel: "Military academies, even though usually not the only means of entry to a professional career, set the basis for, and the criteria of, professional standards. Academies thus have made military professionalism possible. In turn, they have had to meet the requirements which professionalism imposes."[40] Soos hieronder aangetoon word, was dit in Suid-Afrika ook die immer duideliker wordende eise van militêre professionalisme wat die pad van offisiersopleiding bepaal het en uiteindelik tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie in 1950 gelei het.

---

38. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.275.

39. R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, pp.275, 277, 278; Vergelyk ook J.P. Lovell: **Neither Athens nor Sparta? The American Service Academies in Transition**, p.16.

40. Vergelyk R.A. Preston: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism, p.275

## 1.3 DIE OPLEIDING VAN STAANDEMAGKADETTE IN DIE UNIEVERDEDIGINGS-MAG TOT 1945

Die vroegste behoefte aan 'n inrigting vir gespesialiseerde militêre opleiding in Suid-Afrika val feitlik saam met die verskyning van die eerste militêre akademies in Europa. Die V.O.I.C. het naamlik soveel probleme ondervind om ervare personeel vir die genie- en artilleriedienste van die Kaapse Garnisoen uit die buiteland te bekom, dat die Here XVII in 1786 vir goewerneur C.J. van der Graaff opdrag gegee om 'n *Militaire Kweekschool* vir die opleiding van plaaslik gewerfde kadette aan die Kaap te stig.[41] Die gedagte was dat "des Cadets dezer garnizoen ... Instructie in de Militaire Wetenschappen ('Arithmetica', Algebra, die Stelkuns en Geometrie) zal gegeven worden."[42] Die Wiskunde was dus, soos by militêre akademies in Europa in daardie tydvak, die basis van die opleidingstelsel, hetsy vanweë die direkte toepassingswaarde daarvan vir die genie- en artilleriedienste, of vanweë die opvatting dat dit die beste vakrigting was om toekomstige offisiere se denke te skool vir die tipe besluite wat hulle in hul beroep sou moes neem. Die Kompanjie se finansiële probleme en finale ineenstorting in 1795 het egter veroorsaak dat die *Militaire Kweekschool* nooit werklik op dreef gekom het nie. Sy vroeë dood ten spyt, verteenwoordig die *Militaire Kweekschool* tog die eerste poging om offisiersopleiding en -opvoeding in Suid-Afrika volgens die Europese model in te rig. Ná die val van die *Militaire Kweekschool* het daar byna 120 jaar verloop, alvorens daar ná die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika voorsiening gemaak is vir die stigting van 'n soortgelyke opleidingsinrigting hier te lande.[43]

Die Unie van Suid-Afrika was met sy totstandkoming in 1910 nie in alle opsigte 'n soewerein onafhanklike staat nie. Dit was veral die geval met buitelandse sake, waar die Unie as Britse dominium onder meer gedeeltelik aan Britse oppergesag onderworpe was met betrekking tot "questions of war and peace."[44] Die Unie was wel by magte om kragtens die *Zuid-Afrikaanse Verdedigingswet*, Wet no. 13 van 1912, 'n volkome outonome Unieverdedigingsmag op te rig, maar dié mag sou vanweë die Unie se verbondenheid aan die Britse Gemenebes uit die staanspoor ook sterk aan Britse invloed onderworpe wees. Die vernaamste argitekte van die Verdedigingswet was dan ook feitlik sonder uitsondering óf Britte óf van Britse herkoms en het mense soos H.R.M. Bourne, kapt. J.J. Collyer, sir William Graham Greene, brig.genl. George Aston en lord

41. P.E. Roux: **Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie, 1652 - 1759** (sic), p.46; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 – 1955 (ongepubliseerde manuskrip), p.1.
42. P.E. Roux: **Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie, 1652 - 1759** (sic), p.47.
43. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.1.
44. T.R.H. Davenport: **South Africa: A Modern History**, p.232.

Methuen ingesluit.[45] Die UVM was inderdaad ter wille van eenvormigheid binne die Britse Gemenebes op die Britse model gebaseer.[46] Die bevelvoerende generaal (Inspekteur-generaal) van die SA Staande Mag, brig.genl. H.T. Lukin, was daarby 'n voormalige Britse koloniale offisier,[47] terwyl die oorgrote meerderheid van die UVM-offisiere Engelssprekend was.[48] Daar sou voorts wedersydse raadpleging tussen die Unie en Groot-Brittanje oor verdedigingsbeleid wees,[49] terwyl Britse troepe in imperiale garnisoene in die Unie gehuisves sou word en 'n aantal Britse offisiere ook na die Unie gesekondeer is.[50] Die uniforms, range, gebruike en tradisies van die UVM was alles Brits en die voertaal feitlik uitsluitlik Engels.[51]

R. Dale[52] merk tereg op dat 'n mens sou verwag dat die Unie vanweë sy noue verbintenis met Brittanje, soos die geval met Rhodesië was, minstens gedeeltelik op Britse instellings vir die opleiding van aspirantoffisiere vir die UVM sou staat maak. Hy kon egter geen getuienis daarvan vind in 'n studie wat hy in dié verband onderneem het nie.[53] Lt.genl. K.R. Coster, 'n oudstudent van die SA Militêre Kollege, voormalige UVM-offisier en latere bevelvoerder van die Rhodesiese leër, beaam Dale se bevinding, maar stel dit duidelik dat sy standpunt bloot op sy geheue berus.[54] Hy skryf die feit dat die Unie nie voor die Eerste Wêreldoorlog kandidate na byvoorbeeld Sandhurst gestuur het nie daaraan toe dat die Unie se bande met Brittanje aanvanklik, onder meer vanweë die Anglo-Boereoorlog, nie so sterk soos dié van Rhodesië was nie. Hegte militêre bande is wel gedurende die Eerste Wêreldoorlog tussen die twee lande gesmee, maar Suid-Afrika het ook nie in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë kandidate na Sandhurst gestuur nie. Die redes daarvoor is, aldus Coster, eerstens dat die Unie self oor die fasiliteite vir offisiersopleiding beskik het en, tweedens dat "... a young man is at his

45. L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag. **Militaria**, vol. 26, no. 2, 1996, p.113; J. Ploeger: Op Brandwag: Drie Eeue Militêre Geskiedenis van Suid-Afrika. **Militaria**, vol. 1, no. 4, 1969, p.15.
46. L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag, 1996, p.113; P.H. Frankel: **Pretoria's Praetorians: Civil-military relations in South Africa**, pp.14 – 18.
47. E.M. Sandler: Lukin, Sir Henry Timson. In D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III**, p.562.
48. L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag, 1996, pp.113-114; P.H. Frankel: **Pretoria's Praetorians**, p.38.
49. T.R.H. Davenport: **South Africa: A Modern History**, p.232.
50. R. Dale: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 - 1961. **Militaria**, vol. 9, no. 1, 1979, p.3.
51. L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag, p. 114; P.H. Frankel: **Pretoria's Praetorians**, pp.13 – 18.
52. R. Dale: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 - 1961. **Militaria**, vol. 9, no. 1, 1979.
53. R. Dale: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 – 1961, pp.3 - 4.
54. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst. **Militaria**, vol. 9, no. 3, 1979, p.53, voetnoot onderaan p.53, p.56.

most impressionable between the ages of eighteen and twenty-one, and, it is at this age that the foundation is laid for a lifetime in the profession of arms. It is important, therefore, to inculcate loyalty to the country and the service in which the young officer will spend the rest of his professional life."[55] Hy wys egter op die feit dat die Unie wel swaar op Britse opleidingsinrigtings gesteun het vir opleiding waarvoor dit moeilik sou wees om die nodige fasiliteite in Suid-Afrika te skep.[56]

Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog het inderdaad vir Suid-Afrikaners die deur na Sandhurst en soortgelyke Britse opleidingsinrigtings vir aspirantoffisiere geopen. Die Departement van Verdediging se verkorte jaarverslag vir die verslagjaar geëindig 30 Junie 1921 meld dat die Imperiale regering sedert die oorlog die Unieregering toegelaat het om jaarliks 'n veertiental kandidate vir die *Royal Military College, Sandhurst, die Royal Military Academy, Woolwich* en die *Royal Air Force College, Cranwell* te nomineer. Dié kandidate was egter nie vir diens in die UVM bestem nie, maar vir kommissie-aanstellings in die Britse leër, lugmag en vloot[57]. Bogenoemde jaarverslag maak geen melding daarvan dat offisierskandidate wel gestuur is om opleiding in Brittanje te ontvang nie. Daar word wel vermeld dat drie offisiere gedurende 1920 en 1921 gestuur is om kursusse by die *Staff College Camberley* by te woon. Een offisier is ook in 1921 gestuur om die Britse artilleriestafkursus by te woon.[58]

Volgens Haines is die moontlikheid teen 1922 wel ondersoek om Staandemagkadette *en masse* na Sandhurst te stuur, maar is dit verwerp vanweë die hoë koste, asook vanweë Suid-Afrika se eiesoortige opleidingsbehoeftes. Hy het egter bevind dat dit wil voorkom asof enkele kandidate tog in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë na die Britse leër-, lugmag- en vlootkolleges gestuur is.[59]

Die Unieregering het in 1927 in beginsel die uitruil van offisiere tussen die Unie en Brittanje goedgekeur met die oog op effektiewe militêre samewerking binne die Gemenebes in oorlogstyd. Dié program het inderdaad in 1927 van stapel geloop en tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog aangehou. In dié tydperk het 38 offisiere en ander range van die UVM na Brittanje afgedeel, terwyl 36 Britse offisiere en ander range na die UVM afgedeel is.[60] Geen melding word egter gemaak van offisiere of kadette wat in dié tydperk kursusse in Brittanje bygewoon het nie. In 'n opsomming van

---

55. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst, p.56.
56. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst, p.56.
57. Unie van Zuid-Afrika: Staatskoerant van die Unie van Zuid-Afrika, vol. XLVI, no. 1192, 18 November 1921, Goevernementskennisgevings no.1844 en 1846, 16 November 1921.
58. Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**, pp.4, 16.
59. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa. **Militaria**, vol. 8, no. 3, 1978, p.3.
60. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 14b, ongenommerde memorandum, Adj.- HGS - HGS, 31 Julie 1948.

die beweging van offisiere tussen die Unie en Brittanje in die tydperk 1 Mei 1946 tot 31 Julie 1948 word daar naas die wedersydse uitruil en leen van offisiere, onder meer melding gemaak van 73 offisiere en 40 ander range wat verskillende kursusse in Brittanje bygewoon het.[61] Daar word egter geen aanduiding gegee van watter kursusse dié lede bygewoon het en of daar enige aspirantoffisiere onder hulle was nie.

Soos uit bostaande blyk, het daar sedert Uniewording nie veel van die opleiding van UVM- offisiere in Brittanje tereggekom nie en moes die Unie, weliswaar met die hulp van 'n klompie gesekondeerde Britse offisiere,[62] maar sy eie pad in dié verband vind. Offisiersopleiding in die pasgestigte UVM sou egter geen maklike taak wees nie; die wonde van die Anglo-Boereoorlog het nog vlak gelê en die benadering van diegene wat mekaar enkele jare tevore nog oor die loop van 'n geweer bekyk het en nou in dieselfde juk as offisiere van die UVM moes trek, was uiteenlopend. Soos Tylden dit stel: "Nothing could be more widely divergent than the ideas prevalent among the officers of the regular forces of the Cape and Natal and those held by commandants of the Republican levies of the Transvaal and Orange Free State."[63] Die uitweg wat uiteindelik gevolg is, was om 'n kern van stafoffisiere volgens die Europese stelsel op te lei, "... allowing the older fighting commandants to take their places with younger men under them, who were to be fully conversant with organisation on modern lines."[64] Dit sou ook die taak van hierdie groepie stafoffisiere wees om die Burgermag ooreenkomstig die Verdedigingswet te administreer en op te lei.[65]

Wat fasiliteite vir die opleiding van offisiere betref, het die Verdedigingswet van 1912, moontlik met Sandhurst in die agterkop van sy oorwegend Brits-gesinde argitekte, bepaal dat die Goewerneur-generaal

> "... een inrichting (kan) vestigen en in stand houden voor de opleiding en instruktie van
>
> (a) kandidaten voor benoemingen tot kommissierang bij de Verdedigingsmacht;
>
> (b) officieren bij de Verdedigingsmacht; en

61. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 14c, "Opsomming van die bewegings van lede van ons Verdedigingsmag i.v.m. kursusse in die buiteland, toevoegings en uitruilings", g.d.
62. R. Dale: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 – 1961, p.3.
63. G. Tylden: **The Armed Forces of South Africa**, p.22.
64. G. Tylden: **The Armed Forces of South Africa**, p.22.
65. G.G. Aston: **Staff Duties and other Subjects**, p.v.

(c) zulke andere burgers als volgens de bepalingen van de regulaties in aanmerken mochten komen voor toelating tot die inrichting."

"In de genoemde inrichting kunnen aan de genoemde opleiding en instruktie een ander opleiding en ander onderricht van een opvoedkundige aard worden verbonden."

"De inrichting sal worden genoemd de Zuidafrikaanse Militaire School."[66]

Die *Zuid-Afrikaanse Militaire School* het met die inwerkingtreding van die Verdedigingswet op 1 Julie 1912 amptelik in die ou Presidensie in Bloemfontein tot stand gekom[67] en die eerste 51 stafoffisiere van die UVM het reeds dieselfde dag met hul opleiding aan dié inrigting begin. Hulle was meestal gesoute offisiere uit die voormalige Republikeinse magte en koloniale formasies en het ongeveer om die helfte uit Afrikaans- en Engelssprekendes bestaan. Feitlik almal was veterane van die Anglo-Boereoorlog, hetsy aan Boere- of Britse kant.[68] Die opleiding wat hulle ontvang het, kon nie anders as om sterk in die Britse tradisie gewortel te gewees het nie, want kapt. J.J. Collyer was die Kommandant van die *Militaire School*,[69] terwyl die kursus self onder die wakende oog van die mees senior Britse offisier in die Unie, brig.genl. G.G. Aston, aangebied is.[70] Brig.genl. Aston het persoonlik 'n reeks lesings oor aspekte soos stafdienste, die voorgestelde organisasie van die UVM, bevoorrading, taktiek, strategie, die verdediging van die Unie en Suid-Afrika se posisie m.b.t. die verdediging van die Britse Ryk aangebied. Dié reeks lesings is in 1913 in boekvorm gepubliseer,[71] "...in the hope that it may prove of value to other South Africans, and to staff officers of similar forces elsewhere."[72] 'n Deurwinterde Britse offisier was dus van meet af aan by die vestiging van 'n stelsel vir offisiersopvoeding in Suid-Afrika betrokke, wat natuurlikerwys 'n Britse stempel op die jong UVM sou afdruk.

Naas die opleiding van die 51 stafoffisiere, het die *Militaire School* in Augustus 1912 ook in samewerking met onderoffisiere van die *Cape Mounted Riflemen* by die opleiding van

---

66. Unie van Suid-Afrika: **Zuid-Afrika Verdedigingswet**, Wet no. 13 van 1912, art. 50.
67. J.J. Collyer: Report of the Staff Officer for General Staff Duties, 22 December 1913. In Union of South Africa: **Annual Reports. Department of Defence and Executive Commands for Year ending 30th June, 1913**, p.14.
68. G.G. Aston: **Staff Duties and other Subjects**, p.v; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.4.
69. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.4 - 5.
70. R. Dale: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 – 1961, p.3; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.4 - 5.
71. G.G. Aston: **Staff Duties and other Subjects**. Hugh Rees, London, 1913.
72. G.G. Aston: **Staff Duties and other Subjects**, p.v

Staande Mag-instrukteurs betrokke geraak.[73] Die voertaal van hierdie kursus was aanvanklik uitsluitlik Engels, aangesien beide die kursusgangers en die instrukteurs hoofsaaklik Engelssprekend was. Teen September 1912 is daar egter ook 'n beskeie begin gemaak met die aanbied van instruksie in Nederlands, ten einde uitvoering aan die tweetaligheidsbeginsel van die Verdedigingswet te gee.[74]

Die *Zuidafrikaanse Militaire School* sou egter nie die enigste inrigting wees wat by die opleiding van offisiere en instrukteurs vir die UVM betrokke sou wees nie. 'n Tweede opleidingsentrum, die *Artillerieschool*, is naamlik op 16 September 1912 in Aucklandpark in Johannesburg gestig, terwyl 'n *Seinschool* en 'n *School voor Geweeroefening* onderskeidelik in Oktober en November dieselfde jaar op Tempe in Bloemfontein in die lewe geroep is.[75] Daarby het daar in 1913 ook 'n opleidingsdepot in Pretoria-Wes tot stand gekom, waar algemene opleiding aan berede offisiere van die Aktiewe Burgermag, rekrute en instrukteurs van die Staande Mag, stafinstrukteurs en polisiemanne gegee is.[76] In Januarie 1914 is alle militêre instruksieskole, waaronder ook die *Militaire School*, onder die versamelnaam *SA Military Schools* op Tempe saamgegroepeer.[77] Die Britse invloed was sekerlik steeds baie sterk, want die *SA Military Schools* het onder die bevel van 'n offisier van die *Northamptonshire Regiment*, lt.kol. P.B.C. Skinner, gestaan.[78]

Die *SA Military Schools* in Bloemfontein was nie 'n militêre kollege "... in the sense that Woolwich and Sandhurst in England, West Point in America, Kingston in Canada, and Canberra in Australia are Military Colleges, i.e., for giving a consecutive course of military and other instruction for two years or so to young men desiring to take up the military profession as officers"[79] nie. Dit het naamlik dwarsdeur die jaar kort, gespesialiseerde kursusse in die drilkuns, taktiek, verkenning, veldkartografie, veldfortifikasie, veldgenie, militêre reg, skietkuns, mediese stafdienste, sein en kookkuns

73. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.4 - 5.; J.J. Collyer: Report of the Staff Officer for General Staff Duties, 22 December 1913. In Union of South Africa: **Annual Reports. Department of Defence and Executive Commands for Year ending 30th June, 1913**, p.14.

74. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.4 ,5.

75. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.5 - 6.; J. Ploeger: Op Brandwag: Drie Eeue Militêre Geskiedenis van Suid-Afrika, p.17; SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.13 - 14.

76. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.7.

77. Anon.: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXIII, no. 9, September 1942, p.954; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.6.; Vergelyk ook H.R.M. Bourne: Report of the Under Secretary for Defence, 15 December 1913. In Union of South Africa: **Annual Reports. Department of Defence and Executive Commands for Year ending 30th June, 1913**, p.7.

78. J.S. McDermott: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXVIII, no. 1, January 1947, p.5

79. H.R.M. Bourne: Report of the Under Secretary for Defence, 15 December 1913, p.7.

vir offisiere en onderoffisiere van die Staande Mag en die Burgermag aangebied.[80] Die *SA Military Schools* was dus op militêre opleiding ingestel en het nog nie gestalte gegee aan die " ander onderricht van een opvoedkundige aard " waarvoor pertinent in die Verdedigingswet voorsiening gemaak is nie.

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is die *SA Military Schools* op Tempe vir die duur van die oorlog gesluit,[81] waarop sy personeel in 1915 na Potchefstroom oorgeplaas is, waar hulle infanterie-opleiding aan vrywilligers vir diens oorsee verskaf het. Verskeie van die instrukteurs is ook later na Robertshoogte (later Voortrekkerhoogte en tans Thaba Tshwane) gestuur om met die opleiding van berede magte vir operasionele diens in Oos-Afrika behulpsaam te wees. Ná die oorlog is besluit om die verskillende militêre opleidingskole in Pretoria te konsentreer en het 'n inrigting bekend as die Suid-Afrikaanse Militêre Skool in Januarie 1920 op Robertshoogte heropen.[82] Dié eenheid het uit vier afdelings bestaan, te wete, 'n Algemene Tak, 'n Skietkunstak, 'n Seintak en 'n Opleidingsdepot.[83] Sy hoofkwartier was in die bekende ou Britse sandsteengebou, die voormalige *South African Garrison Institute*, wat vandag steeds die hoofkwartier van die SA Leërkollege huisves, gesetel.[84]

Hoewel enkele verfrissingskursusse vir Staande Mag-stafoffisiere ook aangebied is, was die kursusse by die Militêre Skool aanvanklik hoofsaaklik gemik op die opleiding van offisiere en onderoffisiere van die aktiewe Burgermag, skoolkadetoffisiere en offisiere van die Verdedigingskietverenigings, asook onderoffisiere en manskappe van die Staande Mag.[85] In Julie 1922 het die hoof van die Generale Staf, genl.maj. A.J.E. Brink, egter die Kommandant van die SA Militêre Skool, lt.kol. A.J. Taylor, opdrag gegee het om program vir 'n eksperimentele Staandemagkadetkursus by die SA Militêre Skool op te stel. Die oogmerk met die kursus was om Staande Mag-offisiere vir die SA Artillerie en die SA Infanterie te voorsien en was dus die eerste tree in die rigting van 'n opleidingstelsel om beroepsoffisiere vir die UVM te lewer.[86] Die werklike instelling van

---

80. H.R.M. Bourne: Report of the Under Secretary for Defence, 15 December 1913, p.7.; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.5 - 7.
81. Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**, p.12.
82. Anon.: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXIII, no. 9, September 1942, p.954; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.9.; Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**, p.12.
83. Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**, p.12.
84. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp. 8 - 10.; F.J.du T. Spies: Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria. In Stadsraad van Pretoria: **Pretoria 1855 – 1955: Geskiedenis van die stad Pretoria**, pp. 108, 107.
85. Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**, pp.15 - 16.
86. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.1.

sodanige Staandemagkadetkursus in 1923 was 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Skool, aangesien dit volgens Bakkes dié inrigting "... op dieselfde voetstuk as die opleidingskolleges van Europa ..." geplaas het, sodat "... aan die SA Militêre Skool nie die status van Kollege weerhou (kon) word nie" [87] en dit op 1 Julie 1924 tot die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege herdoop is.[88] Die amptelike tydskrif van die Suid-Afrikaanse Magte, *Die Nongqai,* het in Januarie 1926 berig dat die SA Militêre Kollege wat grootte en uitrusting betref, nie gunstig met militêre kolleges in ander dominiums vergelyk het nie, maar dat dit 'n hoë standaard van opleiding nagestreef het en met die jongste ontwikkelinge in oorlogvoering tred gehou het.[89]

Met die opgradering van die SA Militêre Skool na 'n kollege, het die taak van dié instelling aansienlik verbreed. Die eerste bevorderingskursus vir Staande Mag-offisiere is reeds in 1925 daar aangebied, waarna ook stafdienskursusse vir Staande Mag-offisiere en 'n verskeidenheid van ander kursusse ingestel is. Soos ander weermagte dwarsoor die wêreld, was die UVM in daardie jare besig om te meganiseer en het die SA Militêre Kollege ook kursusse aangebied om die weg in daardie verband te baan. Die hernude belangstelling in liggaamlike opvoeding in Europa het ook na die UVM oorgespoel en 'n Tak Liggaamlike Opleiding is op 1 Mei 1938 met die hulp van twee Britse instrukteurs by die Kollege in die lewe geroep.[90] Die Seintak van die Kollege het voortdurend in omvang, tegniese gespesialiseerdheid en belangrikheid toegeneem, namate die rol van radiokommunikasie in die UVM uitgebrei het, totdat dit uiteindelik kort voor die Tweede Wêreldoorlog van die Kollege losgemaak en as 'n selfstandige opleidingsinrigting gevestig is.[91]

Kadetopleiding het volgens Bakkes spoedig geblyk "een van die Weermag se lastigste opleidingsprobleme " te wees en het "bykans vanuit die staanspoor ... kronies op 'n eksperimentele basis verkeer."[92] Die eerste (eksperimentele) kadetkursus het in 1923 'n aanvang geneem[93] en sou twaalf maande duur, waarna die suksesvolle kandidate as tweede luitenante aangestel sou word. Slegs twaalf kadette, wat klaarblyklik almal uit die manskapsgeledere gewerf is[94] en waarvan net drie oor matrieksertifikate beskik

87. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.13.
88. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.13.; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.3.
89. Anon.: The South African Military Schools. **The Nongqai**, vol. XVII, no. 1, January 1926, p.56.
90. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.14 - 16.; Anon.: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXIII, no. 9, September 1942, p.954; J.S. McDermott: The South African Military College, pp.4 - 5.
91. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.16.
92. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.13.
93. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.13.
94. Anon.: South African Military Schools. **The Nongqai**, vol. XII, no. 5, May 1923, p.287.

het,[95] het die kursus meegemaak. Soos uit 'n berig in *The Nongqai* van Mei 1923 blyk, was die kursus op suiwer funksionele militêre opleiding ingestel:

> "These young men have to assimilate a remarkable amount of knowledge. Every branch of military work is taught them thoroughly - Mounted Drill, Foot Drill, Riding School, Horsemanship, Rudimentary Veterinary knowledge, Artillery (in all its themes), Reconnaissance, Musketry, Lewis Gun, Duties of Regimental Officers, Military Law ... Permanent Force Regulations, Interior Economy, General training for War, etc, etc."[96]

Hierdie eerste Staandemagkadetkursus het klaarblyklik nie aan al die verwagtings voldoen nie. Terwyl dit nog aan die gang was, het lt.kol. Taylor 'n aantal verbeterings daaraan voorgestel wat getuig het van 'n deeglike studie van die kadetkursusse wat by Sandhurst en ander militêre kolleges in die Britse dominiums, veral die Royal Military College in Australië, aangebied is. Een van die belangrikste veranderings wat hy voorgestel het, was dat 'n matrieksertifikaat in die toekoms as minimum opvoedkundige vereiste vir toelating tot die kursus gestel moes word. Daarby het hy ook voorgestel dat 'n ernstige poging aangewend moes word om kandidate vanuit die universiteite in die Unie vir die kadetkursus te werf.[97] Dit wil dus voorkom asof Taylor besef het dat 'n stewiger akademiese agtergrond van besondere belang vir toekomstige offisiere sou wees.

Taylor het voorts voorgestel dat die opleidingstyd tot minstens twee jaar verleng word en dat die getal kadette per kursus na 40 man, georganiseer in 'n kadetkompanie (soos by Sandhurst), opgestoot moes word. Hy het ook voorgestel dat die kadette 'n "sound commercial training" moes ontvang, enersyds omdat sodanige kennis van toekomstige offisiere vereis sou word, en andersyds sodat suksesvolle kandidate wat uiteindelik nie vir militêre diens geskik geag sou word nie, in die Staatsdiens opgeneem kon word.[98]

Hoewel sommige van Taylor se voorstelle vanweë koste-implikasies en die relatiewe grootte van die UVM as té ambisieus beskou is, het party daarvan tog inslag gevind en die beplanning van toekomstige kadetkursusse betekenisvol beïnvloed. Genl.maj. Brink het naamlik 'n afgewaterde weergawe van sy voorstelle aan die Staatsdienskommissie voorgelê, waarin hy daarop gewys het dat dit in die twintigerjare nie meer aanvaarbaar was om, soos die gebruik in die verlede was, vakante offisiersposte deur middel van bevorderings uit die geledere te vul nie. Aspirantoffisiere moes voortaan 'n soortgelyke

95. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.2.
96. Anon.: South African Military Schools. **The Nongqai**, vol. XII, no. 5, May 1923, p.287.
97. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.2.
98. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.3.

opvoeding ontvang as wat by ander militêre kolleges in die Gemenebes die geval was. 'n Matrieksertifikaat moes as minimum vereiste vir toelating gestel word, terwyl universiteitsgrade wenslik sou wees vir tegniese vertakkings soos die garnisoensartillerie en die genie. Laastens moes die getal kadette per kursus na dertig vermeerder word.[99]

Die tweede Leërkadetkursus, wat agtien maande geduur het en deur agtien kadette bygewoon is, het in die tweede helfte van 1924 van stapel geloop. Dit was weer eens 'n suiwer militêre kursus en daar was nog steeds geen sprake van algemeen vormende onderwys nie.[100] Daar is ondertussen ook reeds in 1922 begin om 'n Lugmagkadetkursus te ontwerp. Die gedagte was dat dié kursus 'n jaar sou duur, waarvan ses maande by die SA Militêre Kollege aangebied sou word, terwyl die orige ses maande aan vliegopleiding bestee sou word. Die opleiding by die Militêre Kollege sou volgens beplanning instruksie in dril, regimentsdienste, liggaamlike opleiding, militêre higiëne, militêre reg, die organisasie van ander dienswapens, kaartlees, veldtekeninge, Vickers- en Lewis-masjiengewere, morse kode en militêre geskiedenis behels. Lt.kol. Taylor het beklemtoon dat dit belangrik was dat die Lugmagkadette, waarskynlik met die oog op noue lugsteun aan grondmagte, ook taktiek uit 'n leëroogpunt moes studeer en artillerieopleiding moes ontvang.[101] Die beoogde insluiting van militêre geskiedenis in die Lugmagleerplan kan miskien gesien word as 'n eerste stap in die rigting van hoër onderwys naas die normale militêre opleiding. Daar kan egter met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat 'n baie praktiese doel, naamlik die leer van militêre "lesse" uit die verlede, met die bestudering van die vak nagestreef sou word.

Die eerste Lugmagkadetkursus, bygewoon deur sewe kandidate, het op 4 Januarie 1926 'n aanvang geneem. Die Leër se tweede kadetkursus het in Februarie 1926 in duie gestort, deurdat slegs tien van die agtien kandidate wat met die kursus begin het, dit suksesvol voltooi het, terwyl daar vanweë 'n reorganisasie van die SA Leër geen offisiersposte vir dié tien beskikbaar was nie. Drie is derhalwe na die Lugmagkadetkursus oorgeplaas (sodat dié dus nou tien man sterk was), terwyl twee as onderoffisiere aangestel is, drie in die staatsdiens opgeneem is en die orige twee die UVM verlaat het. 'n Tweede Lugmagkadetkursus het in 1927 gevolg, maar die Leër het eers weer in 1929 'n kadetkursus van stapel laat loop. Hierdie derde Leërkadetkursus is egter, in 'n verdere eksperiment met kadetopleiding, aan die begin van 1930 met die derde Lugmagkadetkursus geamalgameer. Volgens dié stelsel, wat tot met die uitbreek

99. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.3.
100. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.13.; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.3.
101. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.2.

van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 voortgesit is, sou kadette voortaan gesamentlik opgelei word vir diens in die Infanterie, die Artillerie en die Lugmag.[102] Die kursus het aanvanklik 18 maande geduur, maar is later na twee jaar verleng.[103]

Die redes vir die amalgamasie van die Leër- en Lugmagkursusse was daarin geleë dat groot dele van die Leër- en Lugmagkursusse identies was, die gekombineerde kursus beter bevorderingsgeleenthede vir die kandidate sou skep, dat koste besnoei kon word, wat beteken het dat beter uitrusting en opleiding vir die gesamentlike kursus voorsien kon word, en dat die getal vlieëniers in die Reserwemag vermeerder sou word.[104] Die amalgamasie van die Leër- en Lugmagkursusse het natuurlik ook Taylor se pleidooi dat Lugmagkadette ter wille van die samewerking van grond-en lugmagte taktiek uit 'n leëroogpunt moes bestudeer en opleiding in artillerie moes ontvang, bevredig.

Inhoudsgewys was die gekombineerde kadetkursus nie veel meer as 'n samevoeging van afsonderlike Leër- en Lugmagkadetkursusse van die twintigerjare nie. Dit was steeds op die funksionele opleiding, eerder as die algemene opvoeding, van die aspirantoffisier ingestel.[105] Coster, wat self in die laat dertigerjare die kadetkursus by die SA Militêre Kollege meegemaak het, skryf in dié verband:

> "The course which latterly at any rate, lasted two years, was designed to produce an individual capable of taking his place as an officer in the South African Artillery or the South African Air Force. Infantry training was also conducted but pride of place went to artillery and air force training for the reason that the South African Permanent Force of those days consisted essentially of those two arms/services. There was virtually no academic training for officer cadets at that time and the course was based upon the text books of the military arms of the services. The emphasis was laid more upon the so-called officer qualities of leadership, loyalty, discipline, courage, determination and the like. Turnout, smartness on parade, the ability to ride a horse or lay a gun, to fly an aircraft and, indeed, to carry one's liquor and comfort oneself properly in an officers mess were considered more important than academic achievement."[106]

Met die instelling van die gesamentlike kadetkursus het daar ook 'n betekenisvolle toename in die opleiding van kadette plaasgevind. Waar kadetkursusse sedert 1922

---

102. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.13 - 14.; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, pp.3 - 4.
103. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.4.
104. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.4.
105. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.4; Anon.: Die Ontwikkeling van die SA Militêre Kollege. **Kommando**, vol. 3, no. 29, Oktober 1952, pp.41 - 42.
106. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst, pp.56.

slegs sporadies plaasgevind het, het dit van 1930 af 'n jaarlikse instelling geword,[107] terwyl die getal kadette per kursus in 1935 tot 30 man opgeskuif is, blykbaar as gevolg van die oorlogswolke wat reeds oor Europa begin saampak het.[108]

Die opleiding by die SA Militêre Kollege het van die begin af 'n sterk Britse karakter gehad. Die eerste kommandant van die Militêre Skool, kol. W.E.C. Tanner, en sy onmiddellike opvolgers, lt.kol. A.J. Taylor (1921), lt.kol. E. Christian (1925), was weer eens almal voormalige Britse koloniale offisiere[109] en die voertaal was steeds hoofsaaklik Engels.[110] Bakkes skryf in hierdie verband:

> "Tweetaligheid by die opleiding het egter nes gedurende die vooroorlogse jare nie veel verder as 'n ideaal gevorder nie. Dit was Hollands wat noustrop getrek het. Veral die gebrek aan Hollandse handboeke, die feit dat Nederlands in die Afrikaanse volksmond gesterf het en die eensydige Engelse oriëntasie van die skool het die opleiding in enige ander taal behalwe Engels, gekortwiek.[111]

Coster maak pertinent melding daarvan dat die Britse invloed by die SA Militêre Kollege baie sterk was en dat baie suiwer Britse militêre tradisies op dié wyse in die SA Staande Mag ingedra is.[112] Hy skryf onder meer:

> "... British military influence made itself felt in Union Defence Force circles by the secondment of instructors from Britain ... one of our officer instructors was a Captain Robertson-Glascow of the British Army, and I recall a Colour-Sergeant from the Scots Guards whose voice carried well beyond the confines of the drill square at the Military College. More well known were officers like Major George Bastin, later to become Major General Bastin of the Royal Artillery and Major M.C. Dempsey, MC, who rose to fame in the Second World War as General Sir Miles Dempsey. There were also personnel from the Royal Air Force right up to the commencement of the Second World War ... Many of the instructional personnel both commissioned or non-commissioned had received some form of training with the British Army or the Royal Air Force and consequently many of

---

107. Anon.: Die Ontwikkeling van die SA Militêre Kollege, p.41.
108. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.14.
109. J.S. McDermott: The South African Military College, p.5; B. Worby en G.R. Duxbury: Tanner, William Ernest Collins. In C.J. Beyers (hoofred.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV**, p.673; I.Uys: **South African Military Who's Who 1452 - 1992**, pp.41, 233 - 234.
110. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.11.
111. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.11.
112. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst, pp.56, 57.

> the purely British traditions were carried in to the South African permanent Force."[113]

Dit dien ook gemeld dat die teenkanting van 'n groot deel van die Afrikanerbevolking teen die Unie se toetrede tot die Eerste Wêreldoorlog aan Britse kant, wat onder meer op die Rebellie van 1914/15 uitgeloop het, baie Afrikaanssprekendes van die Unieverdedigingsmag vervreem het. Baie Afrikaners het die Eerste Minister, genl. Louis Botha en die Minister van Verdediging, genl. J.C. Smuts, as handlangers van Britse imperialisme gesien en wou dus nie in die UVM dien nie. Dit het natuurlik die Engelse karakter van die UVM versterk.[114] Afrikanernasionaliste het die Engelse karakter van die UVM sekerlik in 'n groot mate aan genl. J.C. Smuts, wat as Minister van Verdediging (1910 – 1920 en 1939 - 1948) en Eerste Minister (1919 – 1924 en 1939 - 1948) 'n belangrike rol in die stigting en ontwikkeling van die UVM gespeel het, se toedoen gewyt. Die Afrikanerhistorikus, D.W. Kruger, vat waarskynlik die gevoel onder die meerderheid Afrikanernasionaliste, wat heeltemal van Brittanje wou wegbreek en 'n soewerein onafhanklike republiek tot stand wou bring,[115] goed saam as hy skryf:

> "Oorspronklik 'n konserwatiewe Afrikaner ... het genl. Smuts die grootste aandeel in die totstandkoming van die Unie gehad. As regterhand van Botha het hy van die begin af 'n belangrike rol in die politiek van die Unie gespeel, maar hom geleidelik begin blind staar op die voortreflikheid van die Britse Ryk, op Britse politieke denkbeelde en op die ideaal van 'n verenigde blanke volk. Op die kulturele ontwikkeling en die nasionale aspirasies van die Afrikaanse volk het hy weinig ag geslaan. Sy val was sy eie onvermoë om rekening te hou met die verborge kragte in die boesem van die Afrikaanse volk en 'n te groot gereedheid om die verlede te vergeet. Sy hand was ... nooit op die pols van sy volk nie ... Sy ideale was nie dié van die groot meerderheid van die Afrikanerdom nie."[116]

Dit het veral die Afrikaner gegrief dat selfs nadat Afrikaans in 1925 naas Engels as amptelike landstaal erken is, die UVM steeds feitlik uitsluitlik Engels as voertaal gehandhaaf het.[117] Daarvoor het hulle waarskynlik ook vir genl. Smuts verwyt. Hy het

---

113. K.R. Coster: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst, pp.56.-57.
114. D.W. Kruger: **The Making of a Nation: A History of the Union of South Africa, 1910 - 1961**, pp.81 – 96, 109 – 110; L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959 (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1995), pp.5, 6, 14; G. Tylden: **The Armed Forces of South Africa**, p.23; T.R.H. Davenport: **South Africa: A Modern History**, pp.245 - 247.
115. D.W. Kruger: **The Making of a Nation**, pp.70, 85, 169, 188.
116. D.W. Kruger: Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948 – 1961. In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): **Geskiedenis van Suid-Afrika**, pp.573 - 574.
117. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.48; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.17.

volgens Van der Poel en Du Plessis "afsydig gestaan van die Afrikaanse taalbeweging ... Afrikaans was slegs sy huistaal, maar nie die taal van sy intellek nie en hy het die politieke betekenis en emosionele krag daarvan oor die hoof gesien."[118] Die vervreemding van die Afrikaner van die weermag, tesame met die Britse invloed vanweë Brits-Suid-Afrikaanse militêre samewerking binne die Gemenebes, het daartoe gelei dat die UVM in die tydperk tussen die twee wêreldoorloë sy sterk Engelse karakter behou het.[119] Oswald Pirow het in die dertigerjare as Minister van Verdediging 'n poging aangewend om weer die Afrikaner by die weermag te betrek, dog sonder noemenswaardige sukses.[120] Die Unie-regering se besluit in 1939 om aan Britse kant tot die Tweede Wêreldoorlog toe te tree, het daarna baie Afrikaners opnuut van die UVM vervreem.[121]

Gedurende 1938 en 1939 het die UVM inmiddels opnuut 'n studie gemaak van kadetkursusse by buitelandse opleidingsinrigtings, waaronder die *Royal Military College, Sandhurst*, die Kanadese *Royal Military College,* Kingston, die *'Ecole Speciale Militaire de Saint Cyr* en die Militêre Skool, Dresden, met die oog op die verbetering van die kadetkursus by die SA Militêre Kollege.[122] Suid-Afrika se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog het egter vir eers verhoed dat aanpassings op grond van dié studie aan die kadetkursus gemaak kon word. Ten einde in die UVM se oorlogstydse behoeftes te voorsien, is verskeie nuwe opleidingstakke by die Militêre Kollege gestig en het die getal studente, wat vir 'n groot verskeidenheid van kursusse daarheen gekanaliseer is, die hoogte ingeskiet. Die Staandemagkadetkursus is vanweë die oorlogsdruk opgeskort en deur kort offisierskadetkursusse vervang. Dit het beteken dat elke opleidingstak van die Kollege kort, gespesialiseerde kursusse van ongeveer vier tot ses maande aangebied het om kandidate as offisiere in 'n enkele dienswapen of vertakking op te lei.[123] Die grootste gros van hulle is uiteraard as infanterie-offisiere opgelei. Ná die Tweede Wêreldoorlog is die meeste oorlogstydse opleidingstakke by die Kollege weer ontbind en het sake geleidelik weer na normaal teruggekeer.[124]

---

118. J. van der Poel en S.I.M. du Plessis: Smuts, Jan Christiaan. In W.J. de Kock (hoofred.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I**, p.787.
119. P.H. Frankel: **Pretoria's Praetorians: Civil-military relations in South Africa**, pp.14 – 18.
120. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.5, 14; G. Tylden: **The Armed Forces of South Africa**, p.23; C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993.
121. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.5 - 6.
122. CGS (Gp. 2) 657, CGS1024, Reports on Military Colleges and Schools - Overseas, 17 October 1938 - 15 July 1939.
123. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, pp.16 - 17.; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, pp.4 - 5.
124. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.17.

## 1.4 DIE VERNUWING VAN OFFISIERSOPLEIDING IN 1947

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het die weermagte van die wêreld gelaat met 'n totaal nuwe agtergrond waarteen die opleiding van offisiere vir die toekoms oorweeg moes word. Tegnologiese ontwikkeling het gesofistikeerde wapen-, transport- en kommunikasiestelsels na vore gebring wat, saam die toenemende integrasie van land-, lug- en seewaartse operasies enersyds en die integrasie van die weermagte van verskeie bondgenote andersyds, oorlogvoering meer kompleks as ooit tevore gemaak het. Daarby het die era van totale oorlog onteenseglik aangebreek. Oorlogvoering het meer as ooit tevore die hele bevolking van 'n staat, eerder as bloot diegene in uniform, betrek. Omdat 'n staat se militêre mag uiteindelik op sy industriële vermoë berus het, moes sy fabrieke en burgerlike arbeidsmag vir die oorlogspoging gemobiliseer word. Verder het burgerlike navorsers en wetenskaplikes skouer aan skouer met die militêr gewerk om oplossings vir probleme op die slagveld te vind. Daarom het die totale bevolking, veral daardie gedeelte wat in die groot stedelike sentra gekonsentreer was, ook die teikens en slagoffers van nuwe en dodeliker wapentuig geword. Die atoombomme wat Hiroshima en Nagasaki aan die einde van die oorlog in puin gelê het, het voorts die koms van die kern-era aangekondig, met die enorme strategiese en diplomatieke vraagstukke wat dit meegebring het. Daarby het die einde van die Tweede Wêreldoorlog die sogenaamde Koue Oorlog ingelui, wat die VSA en sy aanhangers aan die een kant en die U.S.S.R. en sy aanhangers aan die ander kant in 'n felle ideologiese stryd gedompel het. Saam daarmee het kolonialisme sy laaste stuiptrekkings gegee en het nuwe state en oorloë van nasionale bevryding na vore getree, wat by die ideologiese stryd van Koue Oorlog betrek is en internasionale verhoudinge nog ingewikkelder gemaak het.[125] Dit was dus 'n komplekse milieu waarbinne die militêr hom vir toekomstige oorlogvoering moes voorberei, 'n milieu wat sekerlik akademiese studie oor 'n breë front van die offisier sou verg om sy taak in perspektief te sien.

Met die deelname van die Suid-Afrikaanse magte op haas alle fronte in die Tweede Wêreldoorlog en genl. J.C. Smuts as erkende wêreldleier op die voorpunt van internasionale verwikkelinge, synde 'n lid van die Britse oorlogskabinet en medeskrywer van die grondwet van die V.V.O.,[126] was die militêre owerhede in die Unie sekerlik goed

---

125. W.C. McWilliams and H. Piotrowski: **The World Since 1945: A History of International Relations**, pp.11 – 12, 21 – 24; R. Thompson (ed.): **War in Peace: Conventional and Guerrilla Warfare Since 1945**, pp.21 - 29; E.H. Judge and J.W. Langdon: **A Hard and Bitter Peace: A Global History of the Cold War**, pp.51 – 67; J.M. Morris: **America's Armed Forces: A History**, pp.290 – 292, 294 – 295; R.E. Dupuy and T.N. Dupuy: **The Collins Encyclopedia of Military History: From 3 500 B.C. to the Present**, pp.1110 - 1111.

126. D.W. Kruger: **The Making of a Nation**, pp.199 - 225; D.W. Kruger: Die bewind van die Verenigde Party, 1934 - 1948. In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.): **Geskiedenis van Suid-Afrika**, pp.547, 550, 556.

op hoogte van die nuwe milieu waarbinne die militêre magte in die nuwe tydvak sou moes opereer. Daarom het kadetopleiding met die naoorlogse reorganisasie van die UVM in 1946 opnuut onder die soeklig gekom met die oog op "...establishing an officer corps capable of forming and maintaining an efficient and sophisticated military force in a complex, polyvalent age, an age of ideologies, of the transistor and nuclear power."[127]

'n Konferensie is op 10 Desember 1946 onder voorsitterskap van kol. H.S. Cilliers, Kommandant van die SA Militêre Kollege, by die Militêre Kollege gehou om die leerplan vir die eerste naoorlogse Staandemagkadetkursus, wat op 1 April 1947 'n aanvang sou neem, te finaliseer. Alle afgevaardigdes was offisiere van die U.V.M, met die uitsondering van J.A.I. Agar-Hamilton, hoofredakteur van die Unie-Oorlogsgeskiedenis (*Union War Histories*)[128] en voormalige senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.[129] Die insluiting van 'n akademikus, en spesifiek 'n krygshistorikus, soos Agar-Hamilton, by die konferensie, het waarskynlik gespruit uit 'n behoefte by die UVM om, naas die suiwer militêre, ook 'n akademiese dimensie aan die kadetleerplan te verleen, ten einde 'n offisier te lewer wat aan die eise van 'n moderne, gesofistikeerde weermag en samelewing sou voldoen.

Kol. Cilliers het in sy openingsrede tydens bogenoemde konferensie verklaar dat die 1947-kadetkursus in 'n mate 'n sintese van soortgelyke kursusse by Sandhurst en West Point, die bron van alle beroepsoffisiere van die Britse en Amerikaanse leër,[130] sou wees.[131] Ofskoon die UVM ook in die verlede by dié twee instellings kers opgesteek het, het die skouerskuur van Suid-Afrikaanse offisiere met hul Britse en Amerikaanse kollegas gedurende die Tweede Wêreldoorlog waarskynlik 'n bydrae tot dié besluit geneem. 'n Voormalige Dekaan van die Militêre Akademie, maj. Melt Van Niekerk, herinner hom dat kmdt. (later veggenl.) P.J. Jacobs, hom in die vyftigerjare meegedeel het dat die Suid-Afrikaanse offisiere gedurende die veldtog in Noord-Afrika selfs die moontlike stigting van 'n eie Suid-Afrikaanse militêre akademie onder mekaar bespreek het.[132] Dit het waarskynlik ook gespruit uit kontak met die produkte van Sandhurst en West Point.

Beide Sandhurst en West Point het direk na afloop van die Tweede Wêreldoorlog hul opleidingsprogramme onder die loep geneem en sterker klem op die akademiese

127. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.5.
128. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.5.
129. E.J. Verwey (ed.): **New Dictionary of South African Biography I**, pp. 3 - 4.
130. H. Thomas: **The Story of Sandhurst**, p.223; T.J. Crackel: **The Illustrated History of West Point**, p.74.
131. H.S. Cilliers, soos aangehaal in R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.5.
132. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.

opvoeding van die kadette, spesifiek in die geesteswetenskappe, begin lê. By Sandhurst, waar die kadetkursus van 1947 af agtien maande geduur het, was die verklaarde doel "to (henceforth) establish the civil and military sides of the instruction on an equal footing ... [and] so far as possible, give a university flavour to the institution."[133] Die kadette het derhalwe voortaan, naas militêre opleiding, ook 'n breë, algemene akademiese opvoeding deur burgerlike lektore in 'n universiteitsatmosfeer ontvang. Die tyd van die kadette is presies gelykop tussen militêre en akademiese opleiding verdeel. Die oogmerk was dus om die kadette enersyds funksioneel as junior offisiere te bekwaam, en andersyds hul karakter te vorm en hul denke te verbreed om hulle vir hul taak in die nuwe tydvak te bekwaam.[134] By West Point, waar die kadette 'n vierjarige kursus deurloop het, waarna hulle, naas hul kommissierang, 'n B.Sc.-graad ontvang het, is die opleidingsprogramme insgelyks onmiddellik na afloop van die oorlog hersien en is meer aandag aan geesteswetenskaplike vakke soos Geskiedenis, Tale en (toegepaste) Sielkunde bestee. Dit het onder meer geskied op aandrang van die nuwe hoof van dié instelling, genl.maj. Maxwell D. Taylor, en die bekende Tweede Wêreldoorlog-generaals, George S. Patton en Dwight D. Eisenhower, wat na aanleiding van die lesse van die Tweede Wêreldoorlog wou sien dat minder klem op die natuurwetenskaplike (ingenieurs-) vakke verminder en meer op die geesteswetenskaplike vakke geplaas word. (Daar is egter steeds nagenoeg 60% van die akademiese leerplan aan die natuurwetenskappe en 40% aan die geesteswetenskappe gewy.) Spesiale aandag is veral aan leierskap en die militêre etos bestee.[135] Beide instellings het dus in die naweë van die Tweede Wêreldoorlog in hul kadetopleidingstelsel meer voorsiening gemaak vir die intellektuele skoling van aspirantoffisiere om hulle vir oorlogvoering in die nuwe tydvak voor te berei.

Teen die agtergrond van die opleidingstelsels van hierdie twee rolmodelle het kol. Cilliers kortliks die UVM se filosofie met betrekking tot toekomstige kadetopleiding saamgevat: die doel sou nie wees om (soos gedurende die Tweede Wêreldoorlog) op 'n oor-ambisieuse wyse te probeer om 'n offisier te lewer wat ten volle gekwalifiseerd was om 'n infanteriepeloton of 'n vlug vliegtuie aan te voer nie; dit sou veel eerder wees om 'n goeie offisier met 'n 'sound general knowledge of all arms and co-operation between them' daar te stel.[136] Gedetailleerde opleiding in 'n bepaalde dienstak sou eers plaasvind nadat hy sy kommissie-aanstelling gekry en by die betrokke dienstak ingedeel

133. H. Thomas: **The Story of Sandhurst**, p.224.

134. H. Thomas: **The Story of Sandhurst**, pp.223 – 231; J. Smyth: **Sandhurst**, pp.209 - 210.

135. T.J. Crackel: **The Illustrated History of West Point**, pp.225, 239 - 243; S. Forman: **West Point**, pp.199, 208 – 213, 219; T.J. Fleming: **West Point: The Men and Times of the United States Military Academy**, pp.341 –345.

136. H.S. Cilliers, soos aangehaal in R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.5.

is.[137] Hierdie benadering het grootliks ooreengestem met dié van West Point soos S. Forman dit na aanleiding van die wysiging van die opleidingstelsel aan daardie instelling ná die Tweede Wêreldoorlog aangestip het:

> "The Military Academy is now an undergraduate school which aims to give a broad education to its cadets; it does not attempt to produce finished second lieutenants of any arm of the service ... the graduates, shortly after leaving West Point, receive specialized training to qualify them as second lieutenants in the various arms and services."[138]

Kol. Cilliers het vyf onderliggende doelstellings uitgestippel wat die voorgenome nuwe kadetleerplan ten grondslag moes lê: eerstens moes daar klem gelê word op karakterontwikkeling en die inskerping ("inculcation") van daardie eienskappe wat die mees gewenste vir enige offisier sou wees (daar is egter geen aanduiding gegee van wat presies "karakterontwikkeling" en "die mees gewenste eienskappe" behels het nie); tweedens moes die kadette deeglik in die kuns van bevelvoering en personeelbestuur ("man-management") onderlê word; derdens moes daar by hulle 'n belangstelling in hul professie en die studie daarvan aangewakker word; vierdens moes hul begrip in beide die militêre en akademiese sfere bevorder word; en, vyfdens sou die kadette van 'n deeglike basiese militêre opleiding voorsien word, wat hulle sou voorberei vir meer gevorderde opleiding in die dienstakke van hul keuse ná hul kommissie-aanstelling.[139] R.J. Haines, wat nie die 1948-inligtings-/bemarkingsbrosjure oor die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege onder sy bronne vermeld nie en dus klaarblyklik nie daarin insae gehad het nie, voer verkeerdelik aan:

> "There is nothing revelatory about the five-fold objectives (soos tydens die konferensie van 10 Desember 1946 deur kol. H.S. Cilliers uiteengesit en wat die beginpunt van die naoorlogse vernuwing in kadetopleiding gevorm het): in fact, some of the aims seems rather trite. ... The 1947 Course was not as innovative as Cilliers claimed. In fact, it is the continuity of tradition rather than the novelty of the course which strikes one. Key policy-makers were at one time or other cadets at the South African Military College and this fact surely conditioned their response to the problem of how to educate officers. ... Probably the only substantial difference between the two courses (1939 and 1947) was the introduction of academic subjects in 1947. ... Neither course was designed to

---

137. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.5.
138. S. Forman: **West Point**, p.219.
139. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, pp.5 - 6.

> turn out dynamic thinkers eager to challenge hardened dogma and ill-founded assumptions both in the military sphere and in society."[140]

Dit was inderdaad 'n duidelike breuk met die verlede, minstens in dié sin dat daar in denke weggebreek is van eng militêre opleiding en dat daar nou daadwerklik in terme van offisiersopvoeding begin dink is, deurdat "begrip in beide die militêre en akademiese sfere" voortaan by die kadet bevorder sou word. Die inligtings-/bemarkingsbrosjure van 1848 beskryf die insluiting van akademiese "opleiding" by die kadetkursus dan ook tereg as "a departure from pre-war methods of training ... an entirely new and different conception of military education, in fact, a change of tremendous importance."[141] Bakkes stel dit insgelyks dat daar "in een belangrike opsig ... 'n gedagteverskuiwing plaasgevind (het) ... waar die kadetopleiding van die Staande Mag hom voorheen in hoofsaak toegespits het op die professionele opleiding van die jong man as 'n militêr en offisier, het daar nou by hierdie beskouing die opvatting na vore getree dat sy professionele opleiding breër uitgebou moet word en ook vakke van akademiese aard moet insluit."[142]

'n Ander belangrike aspek wat met die insluiting van akademiese onderrig by die kadetkursus saamhang, naamlik die idee van volgehoue studie, was in die doel van die nuwe kadetkursus vervat. Die doel van die kursus, wat feitlik woordeliks met West Point se missiestelling ooreengestem het[143], het soos volg gelui:

> "The ... cadet must not only be turned into an efficient soldier, but he must be trained so that 'each cadet shall have upon graduation, those qualities and attributes that are essential to his progressive and continued development throughout a life-time career as an officer of the South African Permanent Force'."[144]

Die 1948-brosjure stel dit duidelik dat alhoewel die hele kadetopleidingsprogram op die bereiking van bogenoemde doelwit ingestel was, dit spesifiek die akademiese leerplan was wat dit moes verwesenlik.[145] Dié feit word deur die verdere uiteensetting van die nuwe kadetopleidingsfilosofie, wat inderdaad die verbreding van die vooroorlogse

140. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, pp.6, 7.
141. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23.
142. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.18.
143. West Point se missie het soos volg gelees: "The mission of the Military Academy is to instruct and train the Corps of Cadets to the end that each graduate shall have the qualities and attributes essential to his progressive and continued development throughout a lifetime career as an officer of the Regular Army." (*U.S. War Department Circular No. 109,* 3 Oktober 1940, soos aangehaal in S. Forman: **West Point**, p.208.)
144. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23.
145. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23.

konsep van offisiersopleiding na dié van offisiersopvoeding soos by Sandhurst en West Point is, bevestig:

> "The training course is designed to bring out all the faculties of the officer cadet, to develop his physical and mental powers, to make him intellectually alert, and to provide the professional background for his future career ...
>
> "The ideal soldier (i.e. officer) is not an automaton, but a living, thinking, reasoning being. ... lecturers will avoid dogmatism: the cadet will be taught to think for himself, and taught to think on scientific lines ...
>
> "... the focus of this whole conception, is that the cadet, although primarily a soldier, will in addition be trained to become a useful citizen. He will be taught to adapt himself with ease in whatever environment he may be thrown ...
>
> "By accustoming him to discipline, self-control, prestige, tradition, *esprit de corps* and moral integrity, his character will be tempered. Obedience, punctuality, politeness and civility will become part of his temperament and personality, part of his code of behaviour.
>
> "As a future leader of men, he will also be taught to be firm, to be decisive ...
>
> "He cannot but be an asset to the country of his birth and a credit to the uniform he wears, because heed has been taken of the words of Confucius ... 'Intelligence, character and courage - these are the three universally recognised qualities of a man.'"[146]

Die idee om die kadet volledig as mens op te voed en te ontwikkel en naas 'n goeie offisier, ook 'n nuttige, produktiewe landsburger te maak, berus ook duidelik op buitelandse, veral Amerikaanse, inspirasie. J.P. Lovell verwys byvoorbeeld in hierdie verband na "the traditional emphasis at the (U.S.) service academies upon educating and training the 'whole man' " in die klassieke tradisie van Sparta en Athene, waar Spartaanse ideale "... the noble warrior: austerity, discipline, the comradeship of arms, devotion to the state, and, above all, a commitment to heroic deeds and a love of glory" verteenwoordig, terwyl die Atheense ideale "... culture and learning"[147] behels.

Die keuring van die kandidate vir die ná-oorlogse kadetkursusse het min of meer op dieselfde wyse as voor die Tweede Wêreldoorlog geskied.[148] Voornemende kandidate

---

146. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.7, 27, 28.
147. J.P. Lovell: **Neither Athens nor Sparta? The American Service Academies in Transition**, p.16.
148. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6.

moes ongetroude, medies geskikte, blanke, manlike Suid-Afrikaanse burgers tussen die ouderdom van 17 en 20 jaar wees, oor 'n matrieksertifikaat (met Afrikaans, Engels en Wiskunde, asook Fisika of Chemie of Werktuigkunde) beskik en albei amptelike landstale magtig wees.[149] Diegene wat "persoonlikheid en ondernemingsgees besit en in elke sin van die woord 'n sportman is",[150] is geag die beste kandidate vir offisierskap te wees. Hulle is aan 'n reeks mediese, intelligensie-, opvoedkundige, gedrags- en aanlegtoetse (onder andere m.b.t. vliegvaardigheid) onderwerp, waarna diegene wat aan die vereistes voldoen het voor 'n raad van offisiere vir die finale keuring verskyn het.[151] Baie klem is in die keuringsproses op leierskap gelê, aangesien dit die hoeksteen van offisierskap vorm. Die uitgangspunt was dat die kuns van bevelvoering wel aangeleer kon word, maar dat dit "... also requires and pre-supposes basic and innate talent."[152]

Die eerste drie maande van die twee jaar lange kadetkursus is aan basiese militêre opleiding gewy om militêre dissipline by die jong kadette in te skerp en hulle deeglik in die militêre milieu in te lyf. Die kadette is gedurende hierdie fase, wat onder meer drilwerk, liggaamlike opleiding en elementêre skietkuns ingesluit het, geestelik en liggaamlik tot die uiterste toe beproef.[153] Die opleiding was straf, die dissipline streng, die ure lank en die hele atmosfeer styf en kompromisloos. Daarby het hulle saam met die gewone manskappe geëet, geleef en geslaap. Die basiese filosofiese uitgangspunt was dat die kadet op grond van sy persoonlike ervaring tydens sy basiese opleiding, eendag in staat sou wees om die omstandighede en probleme van die manskappe onder sy bevel beter te begryp.[154] Dié benadering was klaarblyklik onder meer te danke aan 'n studie van die kadetkursus by die *'Ecole Speciale Militaire de Saint Cyr*, waar dieselfde opvatting gehuldig is.[155]

Ná afloop van die basiese opleiding, wanneer die kadette hul voete gevind en hulle behoorlik in die militêre omgewing aangepas het, is hulle na beter woonkwartiere oorgeplaas, het hulle 'n nuwe uniform ontvang en kon hulle hul etes in die

149. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, vorm D.D. 47: "Opleiding van Beroepsoffisiere van die Unie-verdedigingsmag: Offisierskappe" m.b.t. kursus wat op 1 April 1948 'n aanvang geneem het.

150. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, vorm D.D. 47: "Opleiding van Beroepsoffisiere van die Unie-verdedigingsmag: Offisierskappe" m.b.t. kursus wat op 1 April 1948 'n aanvang geneem het.

151. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6; SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.22.

152. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.22.

153. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6.

154. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23.

155. SANWA, CGS (Gp. 2) 657, CGS1024, inlae 4a, "Extract from W.O. Monthly Intelligence Summary dated September, 1938: Notes on the 'Ecole Speciale Militaire de Saint Cyr".

offisiersmenasie nuttig. Hulle het in die ware sin van die woord "gentleman cadets" geword[156] en is voortaan deur hul instrukteurs as "Mister" aangespreek.[157] Hul blootstelling aan menasie-etiket en hul kontak en assosiasie met senior offisiere in die offisiersmenasie het bygedra tot hul sosiale opvoeding. Die akademiese onderrig van die kadette het voorts met die aanbreek van hierdie tweede opleidingsfase 'n aanvang geneem, terwyl hul militêre opleiding ook voortgesit is. Wat laasgenoemde betref, het die kadette gedurende hierdie fase instruksie in vakke soos Troepe-opleiding, Wapenleer, Gevegsdril, Artillerie, Seindiens, Rykuns, Pantserwapen en Vliegkuns ontvang.[158] Liggaamlike opleiding het dwarsdeur die kursus baie aandag geniet, aangesien daar van die standpunt uitgegaan is dat "It is an established and well-known fact that mental training should not be divorced from physical training ...."[159] Daarom is daar vir die volle duur van die kursus "a constant and very determined" poging aangewend om die kadette fisies te ontwikkel.[160]

Wat die akademiese onderrig van die kadette betref, is dit tydens die konferensie van 10 Desember 1946 beklemtoon dat dit daarop gemik moes wees om praktiese militêre kennis te versterk; teoretiese en formele kennis van akademiese vakke is nie van deurslaggewende belang geag nie. Dit was egter belangrik dat samewerking tussen alle dienswapens in militêre opleiding beklemtoon moes word.[161] Die 1948-brosjure het insgelyks beklemtoon dat dit nie die gedagte was om die kadette kundiges op die terrein van die verskillende akademiese vakke te maak nie. Die mikpunt was om hulle belangstelling te prikkel en hulle 'n goeie fondament in elk van die verskillende akademiese vakke te gee, sodat hulle in hul latere loopbane in staat sou wees om deur middel van selfstudie daarop voort te bou. Langs dié weg is daar klaarblyklik gehoop om 'n kultuur van volgehoue studie by die kadette aan te kweek, sodat hulle dwarsdeur hul loopbane professioneel sou bly ontwikkel en daarby nuttige, produktiewe landsburgers sou wees.[162]

Die akademiese vakke is soos volg in drie groepe verdeel (die benamings word verstrek soos in die aangehaalde bron vermeld):[163]

---

156. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.23.
157. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6, voetnoot 21.
158. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, vorm D.D. 47: "Opleiding van Beroepsoffisiere van die Unie-verdedigingsmag: Offisierskappe" m.b.t. kursus wat op 1 April 1948 'n aanvang geneem het; SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.23, 27.
159. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.27.
160. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, p.27.
161. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6.
162. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.23, 27.
163. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, vorm D.D. 47: "Opleiding van Beroepsoffisiere van die Unie-verdedigingsmag: Offisierskappe" m.b.t. kursus wat op 1 April 1948 'n aanvang geneem het; SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.23 - 26; R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6.

| INDELING VAN AKADEMIESE VAKKE BY DIE STAANDEMAGKADETKURSUS 1947/1948 | | |
|---|---|---|
| **Sosiaal-Humanisties** | **Wetenskaplik-Ingenieurswese** | **Vakkundig** |
| Afrikaans<br>Engels<br>Inleiding tot Naturelletale<br>Politieke Geskiedenis en Regerings<br>Ekonomie en Internasionale Betrekkinge<br>Antropologie<br>Sosiologie en Menseleiding<br>Opleiding in Onderwysgee, Studeer en Militêre Onderrig | Wiskunde<br>Militêre Topografie en Opmeting<br>Fisika en Chemie<br>Elektrisiteit en Werktuigkunde | Krygsgeskiedenis en Militêre Geografie<br>Geniewerk<br>Krygsuitrusting<br>Gesondheidsleer vir die Soldaat<br>Grondbeginsels van Militêre Reg |

Die onderrig van die akademiese vakke het in samewerking met die Pretoriase Tegniese Kollege geskied. Die SA Militêre Kollege het jaarliks 'n toelae van £3 000[164] ontvang wat hy kon gebruik vir die vergoeding van deeltydse burgerlike dosente, asook vir die betaling van klasgelde en laboratoriumfooie aan die Pretoriase Tegniese Kollege ten opsigte van die onderrig van akademiese vakke aan kwekelingoffisiere (kadette) en kwekelinginstrukteurs wat kursusse by die SA Militêre Kollege bygewoon het.[165]

Die meeste van die sogenaamde vakkundige (militêr-professionele) vakke het, soos vroeër aangedui, reeds voor die Tweede Wêreldoorlog aandag geniet.[166] 'n Blik op die doelstelling met die onderrig van sommige van die akademiese vakke toon duidelik die invloed van die Tweede Wêreldoorlog en die West Point-model:

> "In Political Science he will be taught the origin and evolution of political groups, and he will study the Theories of State of the famous philosophers of the past; Economics and international relations will give him another approach to the problem of world co-operation, and of world affairs in general. His course in psychology will enable him to acquire a true understanding of his men.

164. Die Britse geldstelsel het in daardie stadium in Suid-Afrika gegeld. By omskakeling na 'n eie Suid-Afrikaanse geldstelsel in 1961, was £1,0,0 gelyk aan R2,00.
165. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949.
166. Vergelyk ook R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, pp.6 - 7.

> "A study of mathematics will develop his mental discipline, accuracy of thought and statement, while physic and chemistry will eventually lead up to subjects like explosives, ballistics, and optical instruments. A modern army calls for a thorough understanding of electricity and mechanics ...
>
> "... and to form a framework, a setting for all the multitudinous subjects that are taught, the cadet will study military history ..."[167]

Soos uit bostaande aanhaling blyk, het 'n studie van die krygsgeskiedenis in ooreenstemming met Huntington se opvattings oor militêre professionalisme, soos vroeër uiteengesit, 'n sentrale rol in die opvoeding van die kadette volgens die nuwe opleidingsfilosofie gespeel.

Die militêre owerhede het in hul nuwe opleidingsbeleid daarop klem gelê dat Engels en Afrikaans sover moontlik op 'n vyftig-vyftig-grondslag as onderrigmedium gebruik moes word.[168] Dit was klaarblyklik bedoel as 'n regstelling van die situasie gedurende die Tweede Wêreldoorlog, toe Afrikaans "as opleidingsmedium so goed as verdwyn (het) aan die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, terwyl dit as voertaal in die amptelike stukke by wyse van hoë uitsondering gebruik is."[169] In die praktyk het die verwaarlosing van Afrikaans by die SA Militêre Kollege egter ná die Tweede Wêreldoorlog voortgeduur. Daar is eers in 1948 onder die Nasionale Party-regering werklik ernstige pogings aangewend om die gelykberegtiging ten opsigte van die twee amptelike landstale te bewerkstellig.[170]

## 1.5 F.C. ERASMUS SE HERVORMING VAN STAANDEMAGKADETOPLEIDING, 1948/49

Die Nasionale Party-oorwinning in die verkiesing van Mei 1948 het die Unie van Suid-Afrika op 'n totaal nuwe koers geplaas. Die nuwe regering, met dr. D.F. Malan as Eerste Minister, was die eerste in die geskiedenis waarin alle kabinetslede nie net tweetalig was nie, maar ook almal van huis uit Afrikaanssprekend was. Hulle was sterk gekant teen Suid-Afrika se verkleefdheid aan Groot-Brittanje en ontevrede met die minderwaardige posisie wat die Afrikaner en sy tradisies teenoor Engelssprekendes en

---

167. SA Militêre Kollege: **Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**, pp.23, 26 - 27.
168. R.J. Haines: The Training of Candidate Officers in South Africa, p.6.
169. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.17.
170. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 - 1955, p.17; Vergelyk ook D.W. Kruger: Die triomf van nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek, 1948 – 1961, p.561.

Britse tradisies in die Suid-Afrikaanse samelewing beklee het. Besiel met Afrikanernasionalisme wou die Malan-regering die Unie aan sy ondergeskikte grondwetlike verbintenis met Brittanje ontworstel en tot 'n soewerein onafhanklike republiek met 'n eie Suid-Afrikaanse karakter uitbou, waarin die Afrikaner met sy taal, kultuur en tradisies sy regmatige plek op alle samelewingsterreine beklee het. Die Nasionale Party-regering wou die Afrikaner uit sy agtergeblewe posisie op politieke, ekonomiese en sosiale gebied ophef en op dieselfde voet as sy Engelssprekende landgenote plaas.[171] In die "siele" van baie Afrikanernasionaliste was daar "die wrok en verbittering teenoor die Britse imperialisme oor die vernedering wat dit die Afrikaner in die verlede aangedoen het" en hulle wou dus in die besonder ook ontslae raak van die "talle Imperiale (sic.) simbole – soos die Britse vlag, die Britse volkslied, die kop van die Britse koning op Suid-Afrikaanse munte, ens. – waarteen hulle daagliks moes vaskyk ... [en wat] hulle geïrriteer en met verbittering aan die verlede herinner (het)."[172] Sentraal in die politiek van die Nasionale Party-regering het ook die beleid van apartheid of afsonderlike ontwikkeling gestaan, omdat rasse-integrasie noodwendig tot die verlies van die blanke minderheid se magsposisie in Suid-Afrika sou lei.[173]

Die Malan-kabinet was, aldus Wilkins en Strydom,[174] die eerste feitlik uitsluitlik Broederbond-kabinet. Dr. D.F. Malan was die eerste Broederbonder wat Eerste Minister geword het, terwyl agt van sy tien kabinetsministers ook lede van dié geheime organisasie was. Die Afrikaner-Broederbond het in 1918 as 'n kultuurorganisasie begin, maar het sedert die dertigerjare 'n sterk politieke kleur begin kry het en agter die skerms al hoe meer invloed begin uitoefen. Die Afrikaner-nasionalisme wat die Broederbond nagestreef het, was baie meer radikaal as dié wat die Nasionale Party op die oog gehad het. B.K. Murray[175] voer aan dat "in die oë van die Afrikaner-Broederbond ... sowel Afrikaner-eenheid as Afrikaner-oorheersing noodsaaklik (was) vir die oorlewing en ontwikkeling van die Afrikaner-nasie en –'kultuur' ... taalgelykheid en selfs groter

171. B.J. Liebenberg: Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931 - 1961. In C.F.J. Muller (red.): **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, pp.375, 378, 383 – 384; B.K. Murray: Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924 – 1948: Die tydperk van 1924 tot 1939. In T. Cameron (hoofred.) en S.B. Spies (adviserende red.): **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld**, p.259; D.W. Kruger: **The Making of a Nation**, pp.63 – 72, 170, 187 - 193, 287 – 288, 85, 169, 188; T.R.H. Davenport: **South Africa: A Modern History**, p.290 – 291, 327 – 328; L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp. 7, 20.

172. B.J. Liebenberg: Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931 - 1961. In C.F.J. Muller (red.): **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, p.375.

173. B.J. Liebenberg: Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika, 1931 - 1961. In C.F.J. Muller (red.): **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, pp.388 – 389.

174. I. Wilkins and H. Strydom: **The Super-Afrikaners**, p.116.

175. B.K. Murray: Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924 – 1948: Die tydperk van 1924 tot 1939. In T. Cameron (hoofred.) en S.B. Spies (adviserende red.): **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld**, p.259

deelname van die Afrikaner in die landsbestuur was nie meer voldoende nie."[176] Wilkins en Strydom probeer dieselfde punt tuisbring met 'n aanhaling uit die doel wat Broederbond-voorsitter, prof. J.C. van Rooy, in 1934 vir die organisasie gestel het:

> "The primary consideration is whether Afrikanerdom will reach its ultimate destiny of domination in South Africa. Brothers, the key to South Africa's problems is not whether one party or another shall obtain the whiphand, but whether the Afrikaner Broederbond shall govern South Africa."[177]

Wilkins en Strydom argumenteer teen die agtergrond van bogenoemde doelstelling dat die Broederbond-kabinet van 1948 die organisasie in staat gestel het om sy lede met die goedkeuring en selfs die aktiewe steun van die Eerste Minister en die kabinet in sleutelposisies op elke terrein van die samelewing in te sypel. Die skrywers wys voorts daarop dat elke enkele Suid-Afrikaanse eerste minister (en die latere uitvoerende staatspresidente) ná 1948 Broederbonders was en dat die Broederbond inderdaad teen 1977 sleutelposte op elke denkbare terrein beklee het. Langs dié weg het Broederbonders, indien nie die Broederbond nie, volgens Wilkins en Strydom inderdaad teen die laat sewentigerjare die land regeer.[178] Davenport wys egter daarop dat "some modern historians with good insight prefer to regard the Bond as primarily exercising a watchdog role over political standards according to their own criteria (Moodie), and as building up the complex organisational structure which was necessary to make the economic movement effective (O'Meara). Above all, it seems to have devoted its energies to holding the *volk* organisations together in the face of increasingly powerful centrifugal forces."[179] Vir die doel van hierdie studie word van die standpunt uitgegaan dat die mag van die Broederbond nie verabsoluteer moet word nie, maar dat dit wel 'n beduidende invloed uitgeoefen het om Afrikanersake op vele terreine deurgevoer te kry.

Die Nasionale Party se oorwinning in die verkiesing van Mei 1948 het ook die UVM op 'n totaal nuwe koers geplaas. Die nuwe Eerste Minister, dr. D.F. Malan, het Verdediging as 'n baie belangrike portefeulje beskou in die lig van die kommunistiese bedreiging wat pas na afloop van die Tweede Wêreldoorlog besig was om kop uit te steek. Hy het derhalwe volgens L. Jooste[180] dié portefeulje aan adv. F.C. Erasmus ('n mede-Broederbonder[181]), wat hy as die persoon met die beste kennis van militêre sake in die

176. B.K. Murray: Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924 – 1948: Die tydperk van 1924 tot 1939. In T. Cameron (hoofred.) en S.B. Spies (adviserende red.): **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld**, p.259
177. I. Wilkins and H. Strydom: **The Super-Afrikaners**, p.2.
178. I. Wilkins and H. Strydom: **The Super-Afrikaners**, p.116, 2 – 9.
179. T.R.H. Davenport: **South Africa: A Modern History**, p.232.
180. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp. 5 – 6, 8.
181. I. Wilkins and H. Strydom: **The Super-Afrikaners**, p.116, 2 – 9.

Nasionale Party beskou het en wat jare lank een van sy vertrouelinge was, opgedra. Jooste wys daarop dat daar in daardie stadium geen werklike spesialiskennis oor militêre sake in die geledere van die Nasionale Party was nie, vanweë die party se "sterk teenkanting teen die Unie van Suid-Afrika se deelname aan die twee wêreldoorloë en die bitterheid wat die destydse regerings se besluit in hierdie verband tot gevolg gehad het."[182] Volgens maj. Melt van Niekerk, wat in die vroeë vyftigerjare as Dekaan van die Militêre Akademie agter die skerms baie nou met Erasmus saamgewerk het in verband met die ontwikkeling van dié instelling, was Erasmus "nie so 'n goeie militêre kenner nie, wat sy weermag eintlik teen hom gehou het, maar was hy 'n goeie strategiese denker."[183] Erasmus het weliswaar nie oor enige praktiese militêre ervaring beskik nie, maar was die party se woordvoerder oor verdedigingsaangeleenthede. Hy was 'n baie bekwame, dinamiese leier met 'n uitstekende organisasievermoë en het 'n lewendige belangstelling in militêre sake gehad en het hom deeglik op hoogte van die land se verdedigingsbelange gehou. Belangriker egter was dat Erasmus "vervul (was) met 'n sterk gees van Afrikanernasionalisme" en dat dit "sy ideaal (was) om vir sy volksgenote gelyke beregtiging met Engelssprekendes op alle terreine te help bewerkstellig."[184] Hy was diep onder die indruk van die UVM se afhanklikheid van Groot-Brittanje enersyds, en die ondergeskikte rol wat die Afrikaner en sy tradisies andersyds teenoor Engelssprekendes en Britse tradisies in die UVM gespeel het. Hy was derhalwe besiel met die ideaal om die UVM van sy afhanklikheid van Brittanje los te maak en die Afrikaner, asook sy taal en tradisies, in die UVM tot hul reg te laat kom.[185]

Toe Erasmus in 1948 by genl. J.C. Smuts as Minister van Verdediging oorgeneem het, het die UVM 'n baie sterk Britse karakter vertoon. Die range, uniforms en gebruike was alles Brits en die voertaal feitlik uitsluitlik Engels. Baie Afrikaners het gevolglik die UVM as 'n instrument van Britse imperialisme gesien en hulle baie ontuis daarin gevoel. Jooste voer dus tereg aan dat die "Suid-Afrikaanse verdedigingsbeleid en die Verdedigingsmag, soos dit aan die einde van die Smuts-era daar uitgesien het, ... 'n ingrypende verandering (sou) moes ondergaan om dit in ooreenstemming met die N.P.-beginsels te bring."[186] Sy stip die Nasionale Party se ontevredenheid met die UVM, die aard van die veranderinge wat moes plaasvind en Erasmus se siening in dié verband soos volg aan:

---

182. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.5.
183. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.
184. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.7.
185. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.28; L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag, 1996, pp.113 - 127; P.W. Botha: Summary of speech at Military Academy, 17 March 1978. **Military Academy Annual**, 1978, p.18.
186. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.14.

> "Die kennelik Engelse aard en gees van die UVM het by N.P.-gesinde Afrikaners die indruk geskep dat die mag 'n verlengstuk van die Britse leër was. Dit was vir hulle 'n doring in die vlees dat die UVM volksvreemd en ver verwyderd was van sy oorspronklike doel 'om een met die volk te wees en om die stoflike en geestelike waardes van die nasie te beskerm.' Erasmus het sy mede-Nasionaliste se versugting verwoord toe hy in 1946 in die Volksraad verklaar het dat die Mag "n besliste Suid-Afrikaanse karakter' moes kry. Hy het nie die Engelssprekende sy regmatige plek in die UVM misgun nie, maar dit was vir hom 'n saak van die grootste erns dat die N.P.-gesinde Afrikaner weer in die Mag moes tuis voel en, in sy eie woorde, 'na hul tradisionele rol as verdedigers van hul vaderland terugkeer.' Alvorens die Afrikaner egter 'n positiewe gesindheid jeens die UVM kon ontwikkel ... moes die ernstige vervreemding wat oor dekades tussen hom en die Mag ingetree het, uit die weg geruim word. Dit kon slegs bereik word as die Afrikaner se griewe teen die UVM verwyder en die organisasie van sy oorheersend Britse karakter en oriëntering gesuiwer word."[187]

Dit was dus Erasmus se hartsbegeerte om aan die UVM in ooreenstemming met die beleid van die Nasionale Party 'n eie, unieke Suid-Afrikaanse (oftewel Afrikaner-) karakter te gee. Met die oog hierop het hy gedurende sy ampstermyn (1948 - 1959) verskeie veranderings in die UVM teweeggebring – die instelling van tradisioneel Suid-Afrikaanse range, die ontwerp van eiesoortige Suid-Afrikaanse rangkentekens, uniforms, medaljes en dekorasies en die vestiging van Afrikaans, naas Engels, as volwaardige voertaal in die UVM[188] Om te verseker dat hy die Nasionale Party se beleid in die Weermag kon uitvoer, het hy begin deur die Departement van Verdediging en UVM te suiwer van "senior personeel ... [wie] se lojaliteit aan Brittanje, die V.P. en Smuts ... veel sterker (was) as hulle trou aan Suid-Afrika en sy belange, insluitende die UVM"[189] Die eerste onder hulle was die Adjunk-Hoof van die Generale Staf, genl.maj. W.H.E. Poole, wat as genl. sir H.A. (Pierre) van Ryneveld se opvolger (hy sou in Februarie 1949 aftree) beskou is en wat Erasmus, aldus Jooste, tereg van die "misbruik ... [van] die U.V.M vir politiekery tot voordeel van die V.P"[190] verdink het. Hy het Poole as hoof van die Unie se militêre sending in Berlyn aangestel en ná Van Ryneveld se aftrede vir genl.maj. Len Beyers, 'n knap (afgetrede) Afrikaneroffisier wie se "lojaliteit bo verdenking" was as Hoof van die Generale Staf aangestel.[191] Jooste argumenteer tereg

187. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.28.
188. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.13 – 16, 23, 30-59; L. Jooste: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag, pp.113 - 127.
189. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.28.
190. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.17.
191. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.16 – 17, 24.

dat die Hoof van die Generale Staf, synde die hoof militêre uitvoerende offisier, "'n Afrikaner (moes) wees en ... die N.P.-beleid goedgesind (moes) wees ... [sodat hy] Erasmus 'se beoogde verreikende hervormings in die UVM kragdadig en sonder teenstand (sou) deurvoer."[192] Erasmus het dus duidelik op party-politieke ondersteuning binne die UVM staatgemaak om sy hervormings deur te voer.

Erasmus het ook verreikende veranderings met betrekking tot opleiding in die UVM aangebring in sy strewe om die Britse naelstring te knip en die UVM op 'n nuwe, onafhanklike koers te stuur. Hy het geglo dat militêre opleiding, met 'n goeie skoot liggaamlike opvoeding daarby inbegrepe, van die uiterste belang vir die geestelike en liggaamlike weerbaarheid van die (blanke) Suid-Afrikaanse jeug was. Hy het ongetwyfeld hier veral die Afrikanerjeug se opvoeding in die Afrikanerkultuur en -tradisie in gedagte gehad, want hy het, aldus Jooste, hom oorspronklik as onderwyser bekwaam omdat hy "vroeg besef (het) dat dit fundamenteel belangrik was dat die Afrikaner so goed as moontlik opgelei [moes] word."[193] Sy oogmerk was egter nie om die jeug te militariseer nie, maar om hulle beter vir hul volwasse lewe voor te berei en hulle in staat te stel om hul plek ter verdediging van hul vaderland te kon volstaan; daarby het hy dit ook gesien as 'n manier om 'n nouer band tussen die UVM en die burgerlike gemeenskap – sekerlik meer spesifiek die Afrikanergemeenskap - te bewerkstellig.[194]

Erasmus het voorts geglo dat dit noodsaaklik was om die akademiese peil van offisiersopleiding in die UVM te verhoog en die Unie op daardie terrein op dieselfde vlak as oorsese lande te plaas.[195] Met hierdie doelwitte in gedagte, het hy in Oktober 1948 'n komitee onder voorsitterskap van brig. J.B. (Jock) Kriegler saamgestel om omvattend ondersoek in te stel na en aanbevelings te maak oor haas alle aspekte van opleiding in die UVM[196] Die ander lede van die komitee, wat deur die Minister self in oorleg met brig. Kriegler[197] aangestel is, was maj. J.S.J. van der Merwe (SA Lugmag, Sekretaris), dr. E. Jokl (Navorsingsbeampte, Liggaamlike Opvoeding, Departement van Unie-Onderwys; kapt., Reserwe van Offisiere, Geneeskundige Tak), kol. H.S. Cilliers (Kommandant SA Militêre Kollege), senator C.F. Miles-Cadman (lt.kol., Lys van Afgetredenes), lt.kol. G.

192. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.24.
193. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.7.
194. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.105, 108, 112 – 113; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 20, brief HGS45/16, Wnd. HGS – Min. van Verd., Aanhangsel A, "Opleiding by die Militêre Gimnasium", 7 September 1949.
195. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.105, 108.
196. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 5, brief CGS56/34, HGS - brig. J.B. Kriegler, 13 Oktober 1948.
197. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 5, brief CGS56/34, HGS - brig. J.B. Kriegler, 13 Oktober 1948.

Roodt (afgetree) en lt.kol. E.A. Pope (SA Lugmag).[198] Nadat die komitee reeds met sy werksaamhede begin het, het adv. Erasmus naas bogenoemde persone ook vir prof. G.G. Cillie, snr. (afgetree) as "mees vooraanstaande onderwysman"[199] genader om in die komitee van ondersoek te dien.[200] Prof. Cillie was meer as bereid om in die komitee te dien, maar kon vanweë gesondheidsredes nie die aanstelling aanvaar nie.[201] Erasmus sou ongetwyfeld seker gemaak het dat brig. Kriegler en die meeste van sy komiteelede sy politieke agenda onderskryf het, voordat hulle aangestel het, ten einde te verseker dat opleiding in die weermag in die regte koers gestuur word. Hy is juis later daarvan beskuldig dat hy Miles-Cadman as Adjunk-Veldprediker-generaal aangestel het omdat hy "politieke vertroue"[202] in hom gehad het.

Adv. Erasmus het in sy opdrag aan die Kriegler-komitee pertinent aangedui dat daar onder meer ondersoek ingestel moes word na die "...Utilisation of facilities already available or which can be made available at Universities, Technical Colleges etc., in the Union in lieu of, or as supplementary to courses overseas for the higher specialised training of members of the U.D.F."[203] Dié gedeelte van sy opdrag het hy op 22 Oktober 1948 geherformuleer om te lui dat daar ondersoek ingestel moes word na: "...Die nuttige aanwending van reeds beskikbare fasiliteite of nuwe fasiliteite wat by Universiteite, Tegniese Kolleges, ens. in die Unie beskikbaar gestel kan word vir die hoëre gespesialiseerde opleiding van lede van die UVM"[204] Hy het voorts op dieselfde datum sy opdrag aan brig. Kriegler in laasgenoemde verband in meer besonderhede verduidelik en gesê dat daar spesifiek ondersoek ingestel en aanbevelings gemaak moes word met betrekking tot:

> "... die doeltreffendheid van die SA Militêre Kollege as 'n inrigting vir gespesialiseerde militêre opleiding en die moontlikheid sowel as die wenslikheid van

---

198. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 17, ongenommerde, ongedateerde dokument "Komitee van Ondersoek: Militêre Opleiding"; SANWA, DC 3460, DC2539, inlae 18, brief DC2539, Sekr. van Verd. - prof. dr. G.G. Cillie, 21 Oktober 1948.
199. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 7, brief MV55/6, F.C. Erasmus - brig. J.B. Kriegler, 21 Oktober 1948.
200. SANWA, DC 3460, DC2539, inlae 18, brief DC2539, Sekr. van Verd. - prof. dr. G.G. Cillie, 21 Oktober 1948.
201. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 19a, brief G.G. Cillie - F.C. Erasmus, 22 Oktober 1948; SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 19, brief MV55/6, F.C. Erasmus - prof. G.G. Cillie, 10 November 1948.
202. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.25.
203. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 5, brief CGS56/34, HGS - brig. J.B. Kriegler, 13 Oktober 1948.
204. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 7a, brief DC2359, Sekr. van Verd. - brig. J.B. Kriegler, 22 Oktober 1948.

a. die uitbreiding van hierdie inrigting se werksaamhede na die aanvulling van die skool-opleiding van rekrute vir die verskillende dele van die UVM in gevalle waar hul opvoedkundige kwalifikasies nie voldoen aan die moderne krygsvereistes nie;

b. die gebruik van fasiliteite by Tegniese Kolleges en Universiteite, met insluiting van die stigting van 'n Fakulteit vir Militêre Wetenskap aan een van die bestaande universiteite met die oog op die vervanging of aanvulling van oorsese kursusse vir die hoëre gespesialiseerde opleiding van lede van die UVM"[205]

'n Ander aspek wat adv. Erasmus spesifiek in sy opdrag aan brig. Kriegler vermeld het, was dat ondersoek ingestel moes word na die koördinering van opleiding in die SA Leër, Lugmag en Vloot, ten einde 'n duplisering van opleidingsinstellings en -fasiliteite te verhoed, effektiewe opleiding en samewerking te verseker en die uitruilbaarheid van geselekteerde personeel tussen die Leër, Lugmag en Vloot moontlik te maak.[206]

Die verwysing na die moontlike stigting van 'n "Fakulteit vir Militêre Wetenskap" dui daarop dat Erasmus besef het dat moderne oorlogvoering tersiêre akademiese opvoeding vir offisiere noodsaaklik gemaak het en dat hy moontlik al by die aanstelling van die Kriegler-komitee die stigting van 'n militêre akademie in gedagte gehad het. So 'n instelling sou hom natuurlik die geleentheid gee om Afrikanerseuns in ooreenstemming met sy politieke agenda militêr-akademies op te voed en as toekomstige leiers van die UVM te bekwaam. Die gedagte van universitêre opleiding vir offisiere of die stigting van 'n eie militêre akademie in die Unie, was egter nie nuut nie. In 'n geskiedenis van die Universiteit van Pretoria[207] word vermeld dat " ... al van die vroeë jare dertig en tot aan die uitbreek van die oorlog onderhandelinge [met die Universiteit van Pretoria] gevoer (is) om aan kwekeling-offisiere akademiese opleiding aan te bied wat militêre wetenskap sou raak of militêre opleiding sou aanvul."[208] Soos vroeër vermeld, bestaan daar ook getuienis dat die Suid-Afrikaanse offisiere gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika onder die moontlike stigting van 'n eie militêre akademie vir Suid-Afrika bespreek het.[209] Bakkes vermeld insgelyks dat " ... die idee

---

205. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 5, brief MV55/6, Privaatsekr. Min. van Verd. - brig. J.B. Kriegler, 22 Oktober 1948.
206. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 5, brief CGS56/34, HGS - brig. J.B. Kriegler, 13 Oktober 1948; SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 5, brief MV55/6, Privaatsekr. Min. van Verd. - brig. J.B. Kriegler, 22 Oktober 1948.
207. Universiteit van Pretoria: **Ad Destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria**.
208. Universiteit van Pretoria: **Ad Destinatum**, p.107.
209. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.

(van 'n militêre akademie) reeds in verdedigingskringe aanwesig was voordat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het."[210]

Die Kriegler-komitee, wat sy hoofkwartier by die SA Militêre Kollege te Voortrekkerhoogte, Pretoria, gehad het, maar klaarblyklik ook verskeie ander sentra in die loop van sy ondersoek besoek het, het sy werksaamhede op 20 Oktober 1948 begin[211] en dit op 10 Desember dieselfde jaar afgehandel.[212] Die verslag wat die komitee ter tafel gelê het,[213] het onder meer aanbeveel dat:

> "... die oprigting van een sentrale opleidingsentrum vir die beginopleiding van alle rekrute vir die Land- en Lugmag, oorweeg word ... die aanvangstydperk van indiensneming van rekrute van 3 tot een jaar verkort word ... die Staande Mag se opleidingsinrigting ontbind word en deur 'n korps of eenheid van dieselfde aard as die vooroorlogse Spesiale Diensbataljon vervang word ... [en dat] diens in die betrokke eenheid beperk word tot liggaamlik geskikte ongetroude blanke seuns van tussen 17 en 22 jaar met 'n minimum opvoedkundige kwalifikasie van Std. VII."[214]

Die Kriegler-komitee het voorts aanbeveel dat doeltreffender gevorderde opleidingsfasiliteite vir lede van die U.V.M beskikbaar gestel moes word en dat daar veral aandag aan die opleiding van Staandemagkadette en -offisiere geskenk moes word.[215] Met betrekking tot die akademiese opvoeding van Staandemagkadette het die komitee aanbeveel dat:

> "...die akademiese opleiding van Staande Mag-kadette tot die peil van 'n Baccalaureus-graad verhef word, dat die betrokke kursusse aan 'n Fakulteit vir krygskunde aan die SA Militêre Kollege onder militêre beheer, uitgevoer, en

---

210. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 – Februarie 1956). In E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.5.
211. SANWA, DC 3460, DC2539, inlae 18, brief DC2539, Sekr. van Verd. - prof. dr. G.G. Cillie, 21 Oktober 1948.
212. SANWA, DC 3460, DC2539, inlae 48, brief DC2539(S), Sekr. van Verd. - Asst. Sekr. (Finansieel), 28 Desember 1948.
213. Geen kopie van die volledige verslag van die Kriegler-komitee kon in die SA Nasionale Weermagargief opgespoor word nie. Afskrifte van 'n opsomming van die belangrikste aanbevelings van die komitee is egter op verskeie lêers te vinde, onder meer op SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24 en SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 35.
214. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, pp 3-4.
215. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, pp.6 - 7.

vanaf twee jaar tot vier jaar verleng word ... [en] dat die akademiese opleiding verbind word met parallelgaande militêre vakopleiding."[216]

Die komitee het derhalwe sterk aanbeveel dat sodanige Fakulteit vir Krygskunde "onder die beskerming of voogdyskap van 'n Universiteit" in 1950 aan die SA Militêre Kollege gestig moes word, maar dit baie duidelik gestel dat die opleiding onder militêre beheer moes staan. Daar is gevolglik aanbeveel dat daar "'n militêre akademicus (sic.) of 'n akademiese militêre persoon" as Dekaan aan die hoof van die fakulteit sou staan en dat hy onder die bevel van die Kommandant van die SA Militêre Kollege sou wees. Die gedagte was klaarblyklik dat die affiliasie met die universiteit ook net 'n tydelike maatreël sou wees, want die komitee het aanbeveel dat wanneer "die fakulteit vir 'n geruime tyd reeds gevestig is aansoek om 'jus promovendi' gedoen kan word."[217] Die ideaal was dus duidelik dat die Fakulteit mettertyd tot 'n volwaardige universitêre instelling sou ontwikkel wat sy eie grade sou toeken.

Die aanbevelings van die Kriegler-komitee het voorts gelui dat die "onderrig in die akademiese vakke deur gekeurde [burgerlike] dosente wat deur die Departement van Verdediging aangestel is, waargeneem [sou] word."[218] Die keuring van die dosente sou vermoedelik ook op grond van hul onderskrywing van Erasmus se Afrikanerdoelwitte geskied, aangesien hy, soos vroeër aangetoon, geglo het dat die Afrikanerjeug deur Afrikanerleerkragte opgevoed moes word. Die dosente sou "minimale militêre opleiding" moes ondergaan om hulle "aan die militêre atmosfeer gewoond te maak", wat daarop dui dat die gedagte was dat hulle in uniform sou dien. Voorts is aan die hand gedoen dat tot tyd en wyl laboratoriums by die Militêre Kollege aangebou kon word, daar voortgegaan sou word om van die fasiliteite van die Pretoriase Tegniese Kollege gebruik te maak.[219]

Die Kriegler-komitee het ten slotte aanbeveel dat besondere aandag geskenk moes word aan die inskakeling van 'n "afdeling vir toegepaste militêre fisiologie veral met die oog op navorsing in die militêre fisiologiese gebied" by die voorgestelde Fakulteit vir Krygskunde. Die taak van dié afdeling, soos deur die komitee in die vooruitsig gestel, sou navorsing en opleiding in verband met omgewingsfisiologie, insluitende

---

216. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.7.
217. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, pp.7-8.
218. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.7.
219. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.7.

lugvaartmedisyne, liggaamlike opleiding en militêre mannekragstatistiek behels.[220] Dié aanbeveling kan teruggevoer word na adv. Erasmus se opdrag aan brig. Kriegler dat die komitee ook aanbevelings moes maak oor "liggaamsopvoeding met besondere verwysing na die moontlikheid van die doeltreffende inskakeling en uitbreiding van bestaande sportaktiwiteite met die doel om die potensiële mannekrag van die land na die hoogs moontlike peil van liggaamlike geskiktheid op te voer."[221] Die gedagte het dus van die begin af bestaan het dat die Fakulteit vir Krygskunde ook vir 'n navorsingsafdeling voorsiening moes maak wat bepaalde navorsingsbehoeftes van die UVM kon bevredig.

Ofskoon die opsomming van die aanbevelings van die Kriegler-komitee bloot aandui dat die fakulteit akademies onder die voogdyskap van "'n universiteit" sou funksioneer, blyk dit dat die volledige Kriegler-verslag inderdaad uitdruklik aanbeveel het dat die Universiteit van Suid-Afrika daardie voogrol moes vervul.[222] Die komitee het naamlik, aldus die Direkteur Beleidskoördinasie van die UVM:

> "... na sorgvuldige oorweging en nadat die saak met verteenwoordigers van byna al die Suid-Afrikaanse Universiteite bespreek is ... 'n eenparige aanbeveling ingedien dat ... weens die spesifieke aard daarvan (die akademiese opleiding) aan die Militêre Kollege self verskaf moet word ... Aangesien (die) militêre studente werk van Universitêre peil moes verrig is ook aanbeveel dat hulle erkenning hiervan, deur die toekenning van 'n Baccalaureus graad, ontvang. Dit is besef dat aangesien die Militêre Kollege geen onmiddellike aanspraak op jus promovendi sou maak nie, hierdie erkenning, voorlopig altans, alleenlik bewerkstellig kan word deur Kadette as eksterne studente aan 'n Universiteit te registreer. Volgens die bepalings van Wet Nr. 13 van 1930 en Wet Nr. 12 van 1916, soos gewysig, was dit duidelik dat die beoogde graad slegs deur die Universiteit van Suid-Afrika toegeken kon word."[223]

Die Kriegler-komitee het ook aangevoer dat die "... Militêre Kollege 'n staatsinrigting ... verantwoordelik vir Nasionale opleiding is ... " en dit dus raadsaam sou wees om in "...

220. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.8.
221. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 5, brief MV55/6, Privaatsekr. Min. van Verd. - brig. J.B. Kriegler, 22 Oktober 1948.
222. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 25a, ongenommerde brief, Dir. Beleidskoörd. – Rektor UP, 10 Oktober 1949; SANWA, MV/EF 135, MV130, inlae 24a, ongenommerde memorandum, lt.kol. C.F. Miles-Cadman – Min. F.C. Erasmus, 22 November 1949.
223. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 25a, ongenommerde brief, Dir. Beleidskoörd. – Rektor UP, 10 Oktober 1949.

enige assosiasie wat met 'n Universiteit aangegaan word, 'n Nasionale liewer dan 'n Provinsiale karakter te behou."[224]

In hoe 'n mate dit die sentiment van die Kriegler-komitee weerspieël het, is nie duidelik nie, maar lt.kol. Miles-Cadman het later ook die militêre fakulteit se koppeling aan die Universiteit van Suid-Afrika as 'n sogenaamde "constituent college" bepleit op grond daarvan dat " ... it would give new life and usefulness to this grand old Institusion."[225] Die Universiteit van Suid-Afrika het naamlik in daardie stadium 'n ietwat onsekere toekoms tegemoetgegaan, deurdat hy weens die onafhanklikheidswording van sy samestellende universiteitskolleges in die laaste fase van oorskakeling van 'n federale universiteit na 'n suiwer eksterne (korrespondensie-) universiteit was.[226] Dié proses, wat in 1951 voltrek is,[227] het die Universiteit van Suid-Afrika van sy voogrol van die verlede beroof en dit was teen 1949 nog nie duidelik in welke mate hy in staat sou wees om vir hom 'n nuwe nis in die universiteitswese uit te kerf nie.

Minister F.C. Erasmus het klaarblyklik die aanbevelings van die Kriegler-komitee net so aanvaar en dadelik die bal aan die rol gesit om met die implementering daarvan te begin. Die aanbevelings van die Komitee het duidelik aan sy plan vir die opvoeding en opheffing van die Afrikanerjeug in die algemeen en die militêr-akademiese skoling van Afrikaneroffisiere as toekomstige leiers van die UVM voldoen. Sy angstigheid om daarmee te begin en dit onder die aandag van die publiek te bring, blyk uit die feit dat hy brig. Kriegler reeds teen die einde van Januarie 1949 versoek het om 'n opsomming te maak wat hy aan die pers beskikbaar kon stel.[228] Brig. Kriegler het hom onverwyld van die verlangde dokument voorsien,[229] maar Erasmus het sy persverklaring oënskynlik eers teruggehou.

## 1.6 DIE STIGTING VAN DIE MILITÊRE AKADEMIE, 1 APRIL 1950

Die eerste belangrike uitvloeisel van die aanbevelings van die Kriegler-komitee, wat ook 'n impak op die voorgenome Fakulteit vir Krygskunde sou hê, spesifiek wat die werwing

224. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 25a, ongenommerde brief, Dir. Beleidskoörd. – Rektor UP, 10 Oktober 1949.
225. SANWA, MV/EF 135, MV130, inlae 24a, ongenommerde memorandum, lt.kol. C.F. Miles-Cadman – Min. F.C. Erasmus, 22 November 1949.
226. M. Boucher: **Spes In Arduis: 'n geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika**, pp.163 – 193, 214 – 223, 265 - 285.
227. M. Boucher: **Spes In Arduis**, p.284.
228. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 32, seinberigte CC79 en CC96, DECHIEF (Kaapstad) - brig. J.B. Kriegler, 25 en 27 Januarie 1949.
229. SANWA, MV/EF 105, MV55/6, inlae 32, ongenommerde seinberig, brig. J.B. Kriegler - DECHIEF (Kaapstad), 27 Januarie 1949.

van studente betref, was die stigting van 'n eenheid "van dieselfde aard as die vooroorlogse Spesiale Diensbataljon." Erasmus het naamlik op dié aanbeveling in Januarie 1950 'n Militêre Gimnasium op Voortrekkerhoogte in die lewe geroep, waar medies geskikte, jong blanke mans tussen die ouderdom van 17 en 22 jaar, met 'n minimum opvoedkundige kwalifikasie van standerd VII, 'n jaar lank vrywillig militêre opleiding kon ondergaan. Hulle sou 'n soldy, asook gratis verblyf, uniforms en mediese sorg ontvang. Hierdie groep jong manne, wat vier maande gesamentlike opleiding, gevolg deur agt maande gespesialiseerde opleiding in die weermagsdeel van hul keuse sou ondergaan, sou aan die UVM 'n waardevolle werwingspoel vir toekomstige Staandemaglede bied, ingesluit aspirantoffisiere wat aan die te stigte Fakulteit vir Krygskunde sou studeer.[230] Vanweë die groot getalle wat die Militêre Gimnasium gelok het, asook die feit dat die binnelandse ligging van dié instelling ongunstig vir vlootopleiding was, het Erasmus spoedig besluit om afsonderlike gimnasiums vir die drie weermagsdele te stig. Die Militêre Gimnasium het 'n leërinrigting geword, terwyl 'n Vlootgimnasium op 15 Januarie 1951 by die Duncan-dok in Kaapstad gevestig is en 'n Lugmaggimnasium op 1 Desember van daardie jaar te Lugmagstasie Lyttleton in Pretoria tot stand gekom het. Die Vlootgimnasium het in Junie 1951 na Saldanha verskuif, waar 'n mariniersvleuel in 1953 daaraan toegevoeg is, terwyl die Militêre Gimnasium in Januarie 1955 tot die Leërgimnasium herdoop is.[231]

Die Minister van Verdediging het, soos die Kriegler-komitee aanbeveel het, beplan om die voorgenome Fakulteit vir Krygskunde aan die SA Militêre Kollege aan die begin van 1950[232] tot stand te bring en die Hoof van die Generale Staf dienooreenkomstig getaak. Die Waarnemende Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Len Beyers, het gevolglik op 22 Maart 1949 'n memorandum aan Erasmus voorgelê, waarin die beplanning vir oprigting van die voorgenome Fakulteit vir Krygskunde, waar 'n vierjarige graadkursus en parallellopende militêre opleiding aangebied sou word, in breë trekke uiteengesit is.[233] Dié memorandum het feitlik woordeliks met die aanbevelings van die Kriegler-komitee ooreengestem en het slegs enkele sake in meer detail toegelig, terwyl daar ook 'n kosteberaming bygevoeg is. Erasmus het daarop, nog voordat hy die kabinet se goedkeuring vir die projek verkry het, en selfs voordat hy Beyers se aanbevelings op 18

230. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.112 – 117; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 20, brief HGS45/16, Wnd. HGS – Min. van Verd., Aanhangsel A, "Opleiding by die Militêre Gimnasium", 7 September 1949.
231. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.112 – 117.
232. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949.
233. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949.

April 1949 in beginsel goedgekeur het,[234] by geleentheid van 'n kadetvoorstellingsparade op 31 Maart 1949 aangekondig dat:

> "Seuns van die Gimnasium wat oor die nodige skoolkwalifikasies en aanleg beskik ook toegelaat (sal) word tot die Fakulteit van Militêre Wetenskap aan die Militêre Kollege. By dié Fakulteit sal akademiese opleiding op die peil van 'n Baccalaureus-graad verskaf word. Gekeurde kandidate word dus 'n uitstekende kans gebied om op staatskoste 'n Universiteitsgraad te verwerf en terselfdertyd as beroepsoffisiere in die Staande Mag te kwalifiseer."[235]

Nadat Erasmus sy beginselgoedkeuring aan die aanbevelings van 22 Maart 1949 geheg het, het die normale administratiewe proses om die Fakulteit van Militêre Wetenskap tot stand te bring, sy loop geneem.[236] Kapt. G.F. Jacobs, 'n akademies gekwalifiseerde offisier (M.A. in Sielkunde, Universiteit van Pretoria[237]) van die SA Militêre Kollege, is aangewys as koördineringsoffisier vir die te stigte Fakulteit van Militêre Wetenskap en afgevaardig om op 19 April 1949 die beoogde akademiese opleidingskema aan die Raad en Senaat van Die Universiteit van Suid-Afrika in Grahamstad te gaan voorlê. Beide die Raad en die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika was gewillig om voogdyskap vir die voorgenome militêre fakulteit te aanvaar en saam met afgevaardigdes van die UVM 'n opleidingskema uit te werk wat aan beide partye se vereistes voldoen het.[238]

Die Hoof van die Generale Staf het inmiddels die Direkteur Beleidskoördinasie opdrag gegee om deur die Sekretaris van Verdediging finansiële goedkeuring vir die oprigting van die Fakulteit vir Militêre Wetenskap te verkry.[239] Die bevelvoerder van die SA Militêre Kollege, kol. H.S. Cilliers, het op sy beurt die Direkteur Beleidskoördinasie versoek om 'n konferensie in die biblioteek van die SA Militêre Kollege te belê, ten einde

234. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, handgeskrewe nota gedateer 18 April 1949 van F.C. Erasmus aan Wnd. HGS op brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949. Alhoewel Erasmus eers op 18 April dié aantekening gemaak het, het hy die memorandum klaarblyklik inderwaarheid alreeds teen 12 April goedgekeur – vergelyk SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949.

235. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949.

236. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 21, brief CGS56/36, HGS – Min. van Verd., 20 September 1949.

237. SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9/1, inlae 18, Aanhangsel A by brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoörd. – HGS, 13 Desember 1949.

238. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 4, seinberig PC531, Dir. Beleidskoörd. - DECHIEF, 4 April 1949; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 2, ongenommerde brief, Registrateur Unisa – Dir. Beleidskoörd., 9 Mei 1949.

239. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 7, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Dir. Beleidskoörd., 29 April 1949.

aanbevelings te maak oor die aard en samestelling van die beoogde graadkursus aan die te stigte Fakulteit vir Krygskunde. Die afgevaardigdes na die konferensie het vooraf omvattende dokumentasie oor die kadetkursus by West Point ontvang, met die opdrag dat dit deeglik bestudeer moes word om saam met die leerplanne van die UVM se bestaande kadetkursus as grondslag vir die samesprekings te dien.[240]

Die konferensie het op 2 Junie 1949 op Voortrekkerhoogte onder voorsitterskap van kol. Cilliers plaasgevind en is deur 20 afgevaardigdes van die Leër, Lugmag, Vloot, SA Militêre Kollege en ander belanghebbende militêre instansies bygewoon. Die afgevaardigdes het konsensus bereik dat die akademiese kursus op die beginsel van 'n breë, algemene opvoeding, eerder as spesialisasie in enige bepaalde veld gebaseer moes word. Hulle het derhalwe ooreengekom dat die voorgenome vierjarige graadkursus beide (natuur-)wetenskaplike vakke en sosiaal-humanitêre vakke moes insluit. Die Universiteit van Suid-Afrika moes daarby genader word om sekere professioneel-militêre vakke as deel van die graadkursus te aanvaar; 'n logiese uitvloeisel van die aanbeveling wat deur die konferensiegangers gemaak is dat die graad verkieslik as 'n Baccalaureus in Krygskunde ("Military Science") bekend moes staan.[241]

Oor die duur van die kursus kon daar tydens die konferensie op Voortrekkerhoogte nie eenstemmigheid bereik word nie. Die algemene gevoel was klaarblyklik dat vier jaar lank genoeg was om al die opleidingsdoelwitte te bereik, maar dat die vier maande basiese opleiding by die Militêre Gimnasium wat in die vooruitsig gestel is, nie deel van daardie vier jaar moes vorm nie.[242] Die probleem het gespruit uit die feit dat daar na raming slegs sowat agt maande aan die einde van die kursus vir spesialisopleiding beskikbaar sou wees, terwyl die Lugmag 'n volle jaar vir die opleiding van vlieëniers nodig gehad het.[243] Die SA Lugmag se eiesoortige opleidingsbehoeftes was dus van die begin af 'n struikelblok in die weg van gesamentlike opleiding en sou 'n doring in die vlees van die Militêre Akademie bly.

Afgevaardigdes van die Universiteit van Suid-Afrika en die UVM het op weer op 16 Junie 1949 by die SA Militêre Kollege vergader om die stigting van die beoogde

240. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1), 165, MK/T/12/8, inlae 1, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., Mei 1949

241. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 165, MK/T/12/8, inlae 5, "Minutes of a Conference held at the SA Military College on 2nd June 1949 to make recommendations on the training policy for the proposed four year PF Cadet Course".

242. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 165, MK/T/12/8, inlae 5, "Minutes of a Conference held at the SA Military College on 2nd June 1949 to make recommendations on the training policy for the proposed four year PF Cadet Course".

243. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 165, MK/T/12/8, inlae 6, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 7 Junie 1949.

Fakulteit vir Krygskunde, of Fakulteit vir Militêre Wetenskap, soos ook daarna verwys is, verder te bespreek. Die UVM is by dié geleentheid deur kol. H.S. Cilliers, kapt. G.F. Jacobs, prof. J.P. Duminy, Prinsipaal van die Pretoriase Tegniese Kollege, en dr. S Biesheuvel, Direkteur van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, verteenwoordig.[244] Dié vergadering het aanbeveel dat die te stigte Fakulteit vir Militêre Wetenskap as 'n Militêre Akademie bekend sou staan en soos die Kriegler-komitee aanbeveel het, 'n vertakking van die SA Militêre Kollege onder akademiese voogdyskap van die Universiteit van Suid-Afrika sou wees. Die vergadering het voorts aanbeveel dat suksesvolle kandidate na afloop van hul studie 'n B.Sc. (Mil.)-graad van die Universiteit van Suid-Afrika sou ontvang en dat gepaste kursusleerplanne deur militêre deskundiges in medewerking met die voorsitters van die Universiteit se betrokke studiekomitees vir dié doel opgestel word. Dié stappe sou egter nie finaal goedgekeur kon word voor April 1950 nie, aangesien die volgende Senaatsvergadering van die Universiteit van Suid-Afrika eers in daardie maand sou plaasvind.[245]

'n Betekenisvolle aspek van bogenoemde aanbevelings was die feit die benaming "Militêre Akademie", sover vasgestel kon word, nou vir die eerste keer in die amptelike dokumentasie na vore getree het. Tot in daardie stadium is daar afwisselend na 'n "Fakulteit vir/van Militêre Wetenskap" of 'n "Fakulteit vir/van Krygskunde" verwys. Met die uitsondering van enkele verwysings na 'n "Akademie van Militêre Wetenskap",[246] word daar ná 16 Junie 1949 in alle kommunikasie feitlik konsekwent na 'n "Militêre Akademie" verwys.[247]

'n Komitee bestaande uit die Adjudant-generaal, brig. S.J. Joubert, DSO, die Direkteur Beleidskoördinasie, brig. H.S. Cilliers, OBE, mnr. P.B. Smuts, Waarnemende Sekretaris van Verdediging, asook mnr. Williams van sy kantoor, en kapt. G.F. Jacobs van die SA Militêre Kollege het op 28 Junie 1949 in opdrag van die Hoof van die Generale Staf byeengekom om aanbevelings te maak oor die diensstaat van die Akademie, asook die werwing van studente en lektore en die aanstelling en diensvoorwaardes van lektore.[248]

---

244. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 4, brief MC/A/31/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – dr. S. Biesheuvel, 13 Mei 1949; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 16, "Memorandum – Besprekings met verteenwoordigers van Senaat van Universiteit van Suid-Afrika i.s. oprigting van 'n Miltêre Akademie, g.d.

245. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 16, "Memorandum – Besprekings met verteenwoordigers van Senaat van Universiteit van Suid-Afrika i.s. oprigting van 'n Miltêre Akademie, g.d.

246. SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(b), brief DC390/6, Wnd. Sekr. van Verd. – Min.van Verd., 5 Julie 1949.

247. Vergelyk in dié verband ook G.F. Jacobs: Offisiere van die Toekoms. **Kommando**, vol. 1, no. 1, Desember 1949, p.21

248. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 2, brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoördinasie – Sekr. Van Verd., etc., 21 Junie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 3, "Notule van Besprekings oor Militêre Akademie", 28 Junie 1949.

Dié komitee het ooreengekom dat die Sekretariaat aanbevelings oor die diensvoorwaardes sou maak en 'n begroting vir die akademiese personeel sou opstel.[249] Die militêre owerhede het voorts die volledige voorstelle aangaande die stigting van die Militêre Akademie aan die Sekretaris van Verdediging voorgelê, sodat hy goedkeuring van die Staatsdienskommissie en die Tesourie vir die skepping van die akademiese poste en die beskikbaarstelling van fondse kon verkry. Die Waarnemende Sekretaris van Verdediging, P.B. Smuts, het egter daarop gewys dat beginselgoedkeuring van die kabinet verkry moes word, alvorens die Staatsdienskommissie en die Tesourie die voorstelle van die UVM kon oorweeg. Hy het derhalwe 'n memorandum vir die Minister van Verdediging vir voorlegging aan die kabinet voorberei.[250]

Soos verwag kon word, het die pers intussen sedert Erasmus se aankondiging van 31 Maart 1949 dat daar 'n "Fakulteit van Militêre Wetenskap" by die SA Militêre Kollege tot stand sou kom, voortdurend die Direkteur Beleidskoördinasie lastig geval oor meer inligting in dié verband. Onbewus daarvan dat Erasmus nog nie kabinetsgoedkeuring vir die oprigting van die Akademie verkry het nie[251] – of uitsluitsel verkry het oor die vraag of die saak hoegenaamd deur die kabinet goedgekeur moes word - het Verdedigingshoofkwartier derhalwe 'n persverklaring uitgereik wat die situasie verduidelik het, in 'n poging om te verhoed dat die publiek die verkeerde inligting deur bespiegelinge in die pers ontvang.[252] *The Star* en *The Rand Daily Mail* het derhalwe onderskeidelik op 18 en 19 Augustus 1949 aangekondig dat 'n Militêre Akademie met ingang van 1 April 1950 by die SA Militêre Kollege onder die voogdyskap van 'n universiteit tot stand sou kom en besonderhede oor die aard van die graadkursus en die gepaardgaande militêre opleiding verstrek.[253] (Die berigte het egter geen melding gemaak van welke universiteit die Akademie onder sy vleuels sou neem nie.) *The Star* het bygevoeg dat die Akademie "on similar, though not identical, lines to Sandhurst in England and West Point in the United States" gevestig sou word en dat alhoewel die

---

249. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 3, "Notule van Besprekings oor Militêre Akademie", 28 Junie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, "Memorandum – Besprekings Militêre Akademie", Aanhangsel A, "Sterkte van die Militêre Akademie", 28 Junie 1949.

250. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(b), brief DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949.

251. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 21, brief CGS56/36, HGS – Min. van Verd., 20 September 1949.

252. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 19, brief GS204/4/5, Dir. Beleidskoörd. – HGS, 7 September 1949; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 21, brief CGS56/36, HGS – Min. van Verd., 20 September 1949.

253. Union to have Military Academy Next Year. **The Star**, 18 Augustus 1949; SA Military Academy to be Formed Soon. **The Rand Daily Mail**, 19 Augustus 1949; vergelyk ook G.F. Jacobs: Offisiere van die Toekoms. **Kommando**, vol. 1, no. 1, Desember 1949, p.21.

algemene opleidingstelsel baie dieselfde as dié by daardie twee bekende instellings sou wees, dit by die Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas sou word.[254]

Met die aap reeds uit die mou, het Erasmus uiteindelik die UVM se voorstelle vir die stigting van die Militêre Akademie aan die kabinet voorgelê en die Waarnemende Sekretaris van Verdediging, P.B. Smuts, op 8 September 1949 verwittig dat die kabinet sy goedkeuring daaraan verleen het.[255] Met die beginselgoedkeuring van die kabinet in sy sak, kon Smuts uiteindelik op 26 September 1949 die beplande skepping van poste vir die Akademie, asook die begroting vir dié inrigting aan die Staatsdienskommissie en die Tesourie voorlê.[256]

Die konsep vir die beoogde Militêre Akademie, soos deur die militêre owerhede uitgewerk en in beginsel deur die kabinet goedgekeur, het ten nouste met die aanbevelings van die Kriegler-komitee ooreengestem. Die uitgangspunt was dat dit "weens verwikkelinge in die oorlogskuns ... noodsaaklik geword (het) dat beroepsoffisiere 'n uitgebreider kennis van wetenskaplike sake moet dra teneinde (sic.) hulle in staat te stel om die ingewikkelde apparate en oorlogstuig van die toekoms behoorlik te bemagtig."[257] Die doelstelling van die Militêre Akademie sou derhalwe wees "om die akademiese opleiding wat Staande Mag Kadette tans ontvang tot die peil van 'n Baccalaureus-graad te verhef en op die manier sorg te dra dat sulke Kadette [na] graduasie oor die kennis beskik wat progressiewe vordering gedurende 'n loopbaan as offisier van die Staande Mag sal verseker."[258] Dié doelstelling het dus, afgesien van die vermelding van die verwerwing van 'n universiteitsgraad, woordeliks ooreengestem met die doelstelling van die SA Militêre Kollege van 1947, wat, soos aangetoon,[259] op sy beurt weer feitlik woordeliks uit West Point se missieverklaring geneem is.

---

254. Union to have Military Academy Next Year. **The Star**, 18 Augustus 1949.

255. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949. (Hierdie afskrif van die brief bevat slegs 'n aantekening dat dit deur die kabinet goedgekeur is, sonder 'n datum en sonder Erasmus se paraaf. Die oorspronklike brief, wat beide die datum en paraaf bevat, is egter in C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, pp.2 – 3 gepubliseer. Dit mag dus wees dat die oorspronklike brief nie weer op die lêer teruggeplaas is nadat dit vir die doel van dié publikasie verwyder is nie.) Vergelyk ook SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6, brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Tesourie, 26 September 1949.

256. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6, brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Tesourie, 26 September 1949.

257. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949.

258. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949.

259. Kyk bespreking onder 1.4 vroeër in hierdie hoofstuk.

Die verwagting was voorts dat die verwerwing van 'n graad UVM-offisiere op gelyke voet met professionele persone in die burgerlike sektor sou plaas en militêre opleiding in Suid-Afrika op dieselfde peil as in oorsese state sou bring. Die militêre owerhede het daarby voorsien dat daar ook ander belangrike byvoordele uit die stigting van die Militêre Akademie sou voortvloei. Hulle het naamlik gehoop dat daar so 'n groot aanvraag om toelating tot die militêre graadkursus sou wees, dat dit nie alleen die werwing van kadette sou vergemaklik nie, maar ook die UVM in staat sou stel om slegs die beste kandidate as toekomstige offisiere te keur. Daarby kon die fakulteit ook enige ander militêr-opvoedkundige opleiding waaraan daar 'n behoefte mag wees aan senior offisiere en ander lede van die UVM verskaf. Die fakulteit sou ook aan die UVM die kundigheid bied om sonder enige (of teen geringe) ekstra koste self navorsing met betrekking tot militêre en verwante probleme te onderneem. Indien laboratoriums mettertyd vir die Akademie aangebou sou word, sou dit nie alleen sodanige navorsing bevorder nie, maar ook vir die UVM 'n groot besparing ten opsigte van sy skoolopleidingskema vir volwassenes bewerkstellig.[260] Soos later sou blyk, het die militêre owerhede die aanvraag na opleiding by die Akademie totaal oorskat en was daar geen sprake daarvan om die room van die (Afrikaner-) jeug vir die UVM se offisierskorps af te skep nie.

Die beplanning was duidelik dat die pad van alle toekomstige gevegsdiensoffisiere van die leër en die lugmag uiteindelik deur die Akademie sou loop. Die nuwe beleid insake die aanstelling van offisiere het naamlik bepaal dat "kandidate wat na 1 April 1950 ... vir aanstelling in die Algemene Dienstak van die Staande Mag ... in aanmerking wil kom, in besit van 'n Baccalaureusgraad moet wees."[261] Die kadette sou, soos in die verlede, teen vakante offisiersposte op die diensstaat van die SA Staande Mag aangestel word. Ongetroude, blanke, medies geskikte jong mans, wat beide Afrikaans en Engels magtig was, oor 'n matrieksertifikaat beskik het, tussen 17 en 21 jaar oud was, en 'n loopbaan in die Leër of Lugmag wou volg, sou jaarliks so vroeg as moontlik in Januarie by die Militêre Gimnasium vir opleiding aanmeld. Hulle sou vier maande lank basiese opleiding ondergaan, waartydens hulle ook aan 'n reeks intelligensie- en aanlegtoetse onderwerp sou word. Geskikte kandidate sou dan na afloop van hul basiese opleiding na die Fakulteit oorgeplaas word. Gebaseer op die gemiddelde jaarlikse aantal

260. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol.– Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(b), brief DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949.

261. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 29, manuskrip van artikel oor Militêre Akademie aangeheg by ongenommerde memorandum, maj. S. Engelbrecht – kol. B.G. Viljoen, 23 Augustus 1951.

vakatures in die Staande Mag, sou die inname van die Militêre Akademie ongeveer 30 kandidate per jaar wees.[262]

Die binnelandse ligging van die Militêre Akademie en die afwesigheid van geskikte vlootopleidingsfasiliteite,[263] het klaarblyklik daartoe gelei dat daar nie vir die inskakeling van vlootkadette by dié instelling voorsiening gemaak is nie. Die vlootkadette sou voortgaan om hul opleiding te Salisbury Island, die Vlootbasis in Durban, te ontvang.[264] Soos later bespreek sal word, het die UVM gedurende 1952 'n ooreenkoms met die Universiteit van Natal aangegaan, waarvolgens vlootkadette aan die Vlootopleidingsentrum te Salisbury Island vir 'n B.Sc.-graad aan dié Universiteit kon inskryf.[265]

Die beplanning was om 'n opleidingsmodel te volg waarvolgens die klem op opvoedkundige bekwaming (d.w.s. om die kandidaat vir sy taak as junior offisier te bekwaam[266]), eerder as die blote verwerwing van 'n opvoedkundige kwalifikasie ('n graad) sou val. Die leerplanne sou saamgestel word "veral met die oog op hul nuttigheid vir beroepsoffisiere."[267] Soos later sou blyk, was die bedoeling dat die akademiese vakke uit 'n militêre perspektief aangebied en die vakinhoude dienooreenkomstig aangepas sou word.[268] Drie jaar van die beoogde vierjaarkadetkursus sou aan die onderrig van die suiwer akademiese vakke, bestee word. Gedurende die vierde jaar sou die kadette onderrig en opleiding in toegepaste

---

262. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 29, manuskrip van artikel oor Militêre Akademie aangeheg by ongenommerde memorandum, maj. S. Engelbrecht – kol. B.G. Viljoen, 23 Augustus 1951.
263. Vergelyk L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.115.
264. SANWA, Diverse (Gp. 1) 91, "Vorderingsoorsig: UVM, Mei 1948 – September 1952"; L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, pp.132.
265. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief NF7/20/2, Vloot- en Marinierstafhoof – Rektor Universiteit van Natal, 17 Mei 1952; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, dokument B/F/Sci, verslag deur prof. S.F. Bush insake samesprekings op 2 Junie 1952 tussen verteenwoordigers van die UVM en die Universiteit van Natal, 7 Junie 1952; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief 17/Rules/Var, Registrateur Universiteit van Natal – Vloot- en Marinierstafhoof, 28 Julie 1952; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief NM158/2, Vloot- en Marinierstafhoof – HGS, 31 Maart 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde memorandum insake Militêre Akademie, g.d.
266. In die UVM het kwalifiseringsopleiding verwys na basiese militêre opleiding wat in kandidaat vir offisiersaanstelling gekwalifiseer het; bekwamingsopleiding, daarenteen, het verwys na die bekwaming van die offisier vir die taak wat hy op sy rangsvlak moes verrig. Wanneer 'n Akademie-kandidaat dus gegradueer het, moes hy in staat wees om die taak van 'n tweede luitenant te verrig.
267. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949
268. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verd., 7 November 1949.

militêr-akademiese vakke ontvang, terwyl hul militêre opleiding oor die hele vier jaar versprei sou word. Die militêre opleiding sou van basiese militêre vakopleiding, tot professionele militêre opleiding, gevorderde groep-militêre opleiding, dienswapenopleiding, ens., strek. Na afloop van die vier jaar sou die kadette na die oordeel van die kurrikulumontwerpers ten volle gekwalifiseerd wees vir aanstelling as offisiere.[269]

Hoewel daar aanvanklik slegs van 'n B.Sc.-graad (soos by West Point) melding gemaak is, is daar uiteindelik ook 'n B.A.(Mil.) -graad in die vooruitsig gestel om voorsiening te maak vir kandidate wat nie in staat sou wees om Wiskunde III te slaag nie.[270] Die samestelling van dié twee graadkursusse sou soos in die tabel op p.55 daar uitsien:[271]

Dit sou die taak van die Dekaan wees om te sorg dat reg aan beide militêre opleiding en akademiese opvoeding geskied en dat dié twee komponente behoorlik geïntegreer word en in harmonie met mekaar verloop. Die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. H.S. Cilliers, het sy taak by geleentheid soos volg opgesom:

> "Dié persoon moet oor akademiese kwalifikasies beskik, aangesien hy in staat moet wees om die akademiese onderrig te beheer en administratiewe beheer van die Fakulteit waar te neem. Terselfdertyd moet hy oor uitgebreide kennis oor suiwer militêre onderwerpe beskik aangesien laasgenoemde as vaardigheidsvakke deel sal uitmaak van die graadkursus. Weens die betreklik hoë Universiteitskwalifikasies wat van die persoon vereis word, om aan te pas by die status van sy amp en om te verseker dat hy in staat gestel sal word om behoorlike kontrole oor fakulteitsverrigtinge uit te voer word dit noodsaaklik beskou dat hy die rang van Majoor moet hou. Hy moet aangestel word as "Professor, Dekaan van die Akademiese Raad."[272]

269. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949; SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(b), brief DC390/6, Wnd. Sekr. van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949.

270. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 5, brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoörd. – AG, 20 September 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949.

271. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 3, "Notule van Besprekings oor Militêre Akademie", 28 Junie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, "Memorandum – Besprekings Militêre Akademie", Aanhangsel A, "Sterkte van die Militêre Akademie", 28 Junie 1949.

272. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol.– Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949.

| VOORGESTELDE GRAADKURSUSSE: MILITêRE AKADEMIE, 1949 | |
|---|---|
| **B. Sc. (MIL.)** | **B.A. (MIL.)** |
| **Eerstejaar** | **Eerstejaar** |
| Wiskunde I<br>Afrikaans I (A of B)<br>Engels I (A of B) | Wiskunde I<br>Afrikaans I (A of B)<br>Engels I (A of B) |
| **Tweedejaar** | **Tweedejaar** |
| Wiskunde II<br>Fisika I<br>Staatsleer I<br>Sielkunde I | Wiskunde en Toegepaste Wiskunde II<br>Fisika I<br>Staatsleer I<br>Sielkunde I |
| **Derdejaar** | **Derdejaar** |
| Wiskunde en Toegepaste Wiskunde<br>III<br>Fisika II<br>Militêre Wetenskap I | Staatsleer II<br>Sielkunde II<br>Militêre Wetenskap I |
| **Vierdejaar** | **Vierdejaar** |
| Militêre Wetenskap II* | Militêre Wetenskap II |

* Die vak Militêre Wetenskap was tegnies van aard en het voorsiening gemaak vir die vakke Metallurgie, Springstowwe en Ammunisie, Radio en Radar, Meganiese Tekening, Binnebrandmotore, Teorie van Masjinerie, Sterkte van Boustowwe, Wapens, Affuite en Rigmiddels, Ballistika en Instrumente.[273]

Die Departement van Verdediging het beoog om hoofsaaklik "geselekteerde"[274] dosente van buite die UVM aan te stel om die akademiese onderrig te waar te neem, hoewel akademies toepaslik gekwalifiseerde dienende lede van die UVM ook vir dié doel benut

273. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 47, dokument MC/T/12/1, "Militêre Akademie: Voorgestelde leerplanne vir die vak Krygskunde", Mei 1950.

274. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949.

kon word.[275] Die voorneme om hoofsaaklik dosente uit die burgerlike sektor aan te stel, was waarskynlik daaraan toe te skryf dat daar enersyds nie genoeg geskikte kandidate binne die UVM beskikbaar was nie en andersyds om die akademiese geloofwaardigheid[276] van die instelling te bevorder. Aanstellings van buite sou dit natuurlik ook moontlik maak om toegewyde Afrikaners te "selekteer" om Erasmus se doelwitte met die voorgenome militêre akademie te bereik. Die Sekretaris van Verdediging het uiteindelik die Staatsdienskommissie versoek om agt burgerlike poste, te wete vier professorate (Wiskunde, Fisika, Staatsleer en Publieke Administrasie, Militêre Geskiedenis en Aardrykskunde) en vier vir senior lektorate (Afrikaans, Engels, Sielkunde, en Toegepaste Wiskunde) op die diensstaat van die SA Militêre Kollege te skep.[277] Soos vroeër vermeld, sou van die burgerlike dosente verwag word om 'n mate van militêre opleiding te ondergaan, ten einde hulle in die militêre milieu te oriënteer. Dié opleiding was sekerlik onder meer daarop gemik om die dosente in staat te stel om hul alle vakke vanuit 'n militêre perspektief aan te bied. Die dosente kon moontlik selfs kortdienskommissies aang bied word. Van die dosente sou ook verwag word om akademiese onderrig aan kwekelinginstrukteurs en ander lede van die Staande Mag wat kursusse by die SA Militêre Kollege meegemaak het, aan te bied, behulpsaam te wees met die evaluering van lede wat bevorderingseksamens moes aflê en navorsing oor militêr-akademiese en verwante probleme te onderneem.[278]

Naas die akademiese personeel, het die Akademie vanselfsprekend ook 'n behoefte aan militêre instrukteurs en administratiewe ondersteuningspersoneel gehad. Sommige van hulle was reeds op die diensstaat van die SA Militêre Kollege beskikbaar, terwyl die res elders vanuit die UVM getrek sou word.[279] Die volledige aanbevole diensstaat van die Akademie word in die tabel[280] op p.57 uiteengesit, met 'n aanduiding van welke

275. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949.

276. Vergelyk SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 23, ongenommerde verslag, kapt. G.F. Jacobs - Kmdt. SA Mil. Kol., 10 November 1949.

277. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949.

278. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949.

279. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 3, "Notule van Besprekings oor Militêre Akademie", 28 Junie 1949; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, "Memorandum – Besprekings Militêre Akademie", Aanhangsel A, "Sterkte van die Militêre Akademie", 28 Junie 1949.

280. Saamgestel uit SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 1, "Memorandum – Besprekings Militêre Akademie", Aanhangsel A, "Sterkte van die Militêre Akademie", 28 Junie 1949 en SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(a), brief DC390/6 oor DC2524/21(S), Wnd. Sekr. van Verd. – Sekr. van die Staatsdienskommissie, 26 September 1949. (Volgens eersgenoemde dokument is daar oorspronklik beplan dat die senior lektor in Toegepaste Wiskunde ook reeds op 1 Februarie 1951 aangestel sou word.)

personeel reeds by die SA Militêre Kollege beskikbaar was, asook watter personeel teen watter datum aangestel moes word, indien die Akademie volgens plan op 1 April 1950 sy eerste kadetkursus van stapel wou laat loop.

| VOORGESTELDE STERKTE VAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1950 | |
|---|---|
| **MILITêRE PERSONEEL** | |
| Kadetkompaniehoofkwartier | |
| Kompaniebevelvoerder | Reeds aangestel |
| Kompaniesersant-majoor | Reeds aangestel |
| Klerk | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Tikster | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Peloton No. 1 | |
| Pelotonbevelvoerder | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Pelotonsersant | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Peloton No. 2 | |
| Pelotonbevelvoerder | Aanstelling: 1 Februarie 1951 |
| Peloton No. 3 | |
| Pelotonbevelvoerder | Aanstelling: 1 Februarie 1952 |
| **AKADEMIESE PERSONEEL** | |
| Administratiewe Personeel | |
| Dekaan (Majoor – Professor) | Aanstelling: 1 November 1949 |
| Registrateur (Sersant) | Aanstelling: 1 November 1949 |
| Tikster/Klerk (VVK Korporaal) | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Doserende Personeel | |
| Professor: Wiskunde | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Senior Lektor: Afrikaans | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Senior Lektor: Engels | Aanstelling: 1 Februarie 1950 |
| Professor: Fisika | Aanstelling: 1 Februarie 1951 |
| Professor: Staatsleer en Publieke Administrasie | Aanstelling: 1 Februarie 1951 |
| Senior Lektor: Toegepaste Wiskunde | Aanstelling: 1 Februarie 1951 |
| Senior Lektor: Sielkunde | Aanstelling: 1 Februarie 1951 |
| Professor in Militêre Geskiedenis en Aardrykskunde | Aanstelling: 1 Februarie 1952 |

Volgens die oorspronklike beplanning sou die Militêre Akademie, nadat die Dekaan op 1 November 1949 aangestel is om die administrasie en koördinasie van die projek te behartig, op 1 Februarie 1950 gestig word, sodat die lektore genoeg tyd sou hê om voor te berei vir die eerste kadetkursus wat op 1 April 1950 'n aanvang sou neem.[281] Soos uit die tabel op p.57 blyk, is die beoogde aanstellingsdatums van die meerderheid van die dosente egter later met een of twee jaar uitgestel, sodat daar dus 'n geleidelike infasering van poste sou wees en die koste van die stigting van die Akademie oor 'n paar jaar versprei sou word.

| OPSOMMING VAN FINANSIES BENODIG VIR FAKULTEIT VIR MILITêRE WETENSKAP | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Reeksno.** | **Item** | **Jaar 1950/51** | | **Jaarliks na 1951** |
| 1. | Dekaan | £ 1 300 | p.a. | £ 1 300 |
| 2. | Professore (4) | £ 4 800 | p.a. | £ 6 100 |
| 3. | Dosente(4) | £ 3 800 | p.a. | £ 9 900 |
| 4. | Boeke | £ 500 | | - |
| 5. | Universiteitsfooie: | | | |
| | Registrasie: | £ 60 | p.a. | £10 520 |
| | Eksamens: | £ 150 | p.a. | |
| 6. | Laboratoriumfooie aan Pretoria Tegniese Kollege | £ 1 000 | p.a. | |
| 7. | Aanbou van eie laboratoria | £25 000 | | |
| | Fondse benodig vir 1950/51 | | | |
| | i. Aanvangskapitaaluitgawe, laboratoria en boeke | £25 000 | | |
| | ii. Lektore en Universiteits- en Kollegefooie | £11 110 | | |
| | **TOTAAL** | £36 610 | | |
| | Geskatte jaarlikse uitgawe nadat laboratoria aangebou is | | | £10 520 |

Die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. H.S. Cilliers, het die ekstra koste wat die stigting van die Fakulteit vir Militêre Wetenskap, oftewel die Militêre Akademie, vir die Staat sou meebring soos in bostaande tabel beraam.[282] Volgens die berekenings wat die Waarnemende Sekretaris van Verdediging, P.B. Smuts, daarna vir voorlegging aan die kabinet voorberei het, sou die stigting van die Akademie addisionele uitgawes van £1 090 gedurende die finansiële jaar 1949/50, £2 770 gedurende 1950/51, £4 530

281. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol.–Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949.

282. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 11, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol.–Dir. Beleidskoörd., 27 Mei 1949.

gedurende 1951/52, £5 800 gedurende 1952/53, £6 230 gedurende 1953/54 en £6 500 gedurende 1954/55 vir die Staat meebring. Daarna sou dit hoogstens £7 000 - £8 000 per jaar beloop. Daar is bereken dat die jaarlikse koste per kadet £400 sou beloop, waarvan die akademiese onderrig £80 en soldy, toelaes en ander diensvoordele £320 sou uitmaak. Bostaande syfers het vir laboratoriumfooie vir die gebruik van die Pretoriase Tegniese Kollege se fasiliteite voorsiening gemaak, maar nie vir die ongeveer £ 25 000 wat die aanbou van eie laboratoriums vir die Akademie sou kos nie.[283]

In Oktober 1949, pas nadat die Sekretaris van Verdediging die planne vir die stigting van die Militêre Akademie aan die Tesourie en die Staatsdienskommissie voorgelê het, het prof. C.H. Rautenbach, Rektor van die Universiteit van Pretoria, van die UVM se onderhandelinge met die Universiteit van Suid-Afrika verneem en dadelik kapsie gemaak. Hy het naamlik die UVM en die Minister van Verdediging skriftelik ingelig[284] dat die Universiteit van Pretoria by die Minister van Onderwys beswaar sou aanteken " .. teen iets wat die aard het van 'n Universiteitskollege hier digby die Universiteit en wat 'n konkurrent sal wees van die Universiteit."[285] Prof. Rautenbach het terselfdertyd vermeld dat die Universiteit van Pretoria dit sou oorweeg om die akademiese onderrig van die kadette op Voortrekkerhoogte self te behartig en versoek dat die UVM die voorgenome leerplanne vir oorweging aan die Universiteit voorlê.[286]

Die Direkteur Beleidskoördinasie het prof. Rautenbach meegedeel dat die affiliasie by die Universiteit van Suid-Afrika reeds in beginsel deur die kabinet goedgekeur was en aangevoer dat aangesien die voorgenome Militêre Akademie 'n maksimum van 30 studente per jaar sou inneem, wat van oor die hele land gewerf sou word, dié instelling nie werklik 'n bedreiging vir die Universiteit van Pretoria sou wees nie. Daarmee saam het hy ook die Kriegler-komitee se argumente met betrekking tot die affiliasie van die Akademie by die Universiteit van Suid-Afrika vanweë die bepalings van die Universiteitswet en die nasionale karakter van die Akademie aan prof. Rautenbach voorgehou.[287]

---

283. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949.

284. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 24, ongenommerde brief, Rektor UP – Privaatsekr. Min. van Verd., 1 Oktober 1949; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 24, ongenommerde brief, Rektor UP – Dir. Beleidskoörd., 1 Oktober 1949.

285. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 24, ongenommerde brief, Rektor UP – Dir. Beleidskoörd., 1 Oktober 1949.

286. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 24, ongenommerde brief, Rektor UP – Dir. Beleidskoörd., 1 Oktober 1949.

287. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 25a, ongenommerde brief, Dir. Beleidskoörd. – Rektor UP, 10 Oktober 1949.

Prof. Rautenbach het in reaksie die UVM daarop gewys die akademiese opvoeding van die kadette inderdaad onder beskerming van enige universiteit kon geskied. Hy het sy argument soos volg verwoord:

> "Die gedagte ... om erkenning te kry vir die opleiding vir 'n graad, waar die akademiese opleiding aan die kollege self geskied, die opleiding alleen bewerkstellig kan word deur kadette as eksterne studente aan 'n universiteit te registreer, is foutief, want
>
> (a) Die Universiteit van Pretoria en wellig 'n ander universiteit kan, indien hy verkies, sodanige opleiding in die Militêre Kollege behartig terwyl die kwekeling-offisiere ingeskrywe is as interne studente. Die Universiteit sou kon oplei vir 'n graad soos ooreengekom tussen die militêre en universiteitsinstansies;
>
> (b) Die Universiteit sou met toestemming van die Minister van Onderwys 'n Fakulteit van Krygskunde (of watter naam ook mag pas) kan instel, 'n fakulteit met sy eie grade en die opleiding vir die graad sal in die Militêre Kollege kan geskied, terwyl die studente as interne studente van die Universiteit ingeskryf kan wees;
>
> (c) Die Universiteit se wet ... laat dit selfs toe dat met toestemming van die Goewerneur-generaal 'n bestaande of te stigte instelling met die status van 'n Universiteitskollege by die Universiteit kan aansluit, en dan kan studente van daardie kollege tot enige graad van die Universiteit toegelaat word."[288]

Oor die kwessie van die "nasionale" karakter van die Militêre Akademie, het prof. Rautenbach geargumenteer dat "elke universiteitsinrigting êrens in 'n provinsie staan, maar elkeen is meteens nasionaal georiënteer wat sy diens aan die gemeenskap betref."[289] Hy het in dié verband die Fakulteit van Veeartsenykunde, wat aan die Universiteit van Pretoria verbonde was, maar tog nasionale diens gelewer het, as voorbeeld aangehaal. Hy het ook daarop gewys dat daar by die Universiteit van Pretoria naas Veeartsenykunde, nog drie ander "ingelyste" fakulteite was wat in oorleg met ander instellings bedryf is, te wete die Fakulteit van Landbou (Minister van Landbou), die Fakulteit van Geneeskunde (Administrateur van die Provinsie) en die

288. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 13a, ongenommerde brief, Rektor UP - Dir. Beleidskoörd., 12 Oktober 1949.
289. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 13a, ongenommerde brief, Rektor UP - Dir. Beleidskoörd., 12 Oktober 1949.

Fakulteit van Teologie (Kerk). Die Fakulteit van Veeartsenykunde is insgelyks in oorleg met die Minister van Landbou bedryf.[290]

Prof. Rautenbach was ook nie tevrede met die antwoord dat die Akademie se inname van studente so gering sou wees dat dit nie 'n bedreiging vir die Universiteit van Pretoria sou inhou nie:

> "Dertig studente oor vier jaar versprei gee die getal van 120 en die getal sal met verloop van tyd eerder toeneem as afneem. Maar dit is nie net 'n saak van getalle nie – dit gaan hier om die beginsel of die Universiteit van Pretoria dit sonder protes kan duld dat hier in sy eie gebied opgerig word wat prakties neerkom op 'n volle doserende Universiteitskollege wat voorberei vir eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Die ondervinding het ons geleer dat 'n mens weet waar 'n saak begin, maar dat jy nooit weet waar dit heen ontwikkel nie."[291]

Prof. Rautenbach het derhalwe sy voorneme herhaal om "op hoër plan sy besware voelbaar te maak" as daar nie aan sy vertoë gehoor gegee word nie.[292]

Die Rektor van die Universiteit van die Witwatersrand, dr. H.R. Raikes, wat in sy hoedanigheid as offisier op die lys van reserviste (en uitdruklik nie uit hoofde van sy amp as Rektor van genoemde universiteit nie) die UVM van advies bedien het, het prof. Rautenbach se argumente beaam dat die voorgenome Akademie nie deur die wet tot affiliasie by die Universiteit van Suid-Afrika beperk was nie. Hy het voorts daarop gewys dat luidens die wysiging van die Universiteitswet deur Artikel 6 van Wet No. 6 van 1946, niemand "als een gematrikuleerd student aan de Universiteit registreerd tenzij ... hy de universiteitsraad ervan overtuigt dat er genoegzame reden bestaan die hom verhinderen een universiteits-inrichting als student bij te woon."[293] Die UVM sou dus volgens dr. Raikes inderdaad verplig wees om redes te verskaf waarom die kadette nie as studente van 'n universiteit anders as die Universiteit van Suid-Afrika kon registreer nie.[294]

Dit is nie duidelik of die Universiteit van Pretoria wel sy besware "op hoër plan voelbaar gemaak" het nie. Die kabinet het nietemin vanweë die koste daaraan verbonde besluit

290. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 13a, ongenommerde brief, Rektor UP - Dir. Beleidskoörd., 12 Oktober 1949.
291. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 13a, ongenommerde brief, Rektor UP - Dir. Beleidskoörd., 12 Oktober 1949.
292. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 13a, ongenommerde brief, Rektor UP - Dir. Beleidskoörd., 12 Oktober 1949.
293. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 23, ongenommerde verslag, kapt. G.F. Jacobs - Kmdt. SA Mil. Kol., 10 November 1949.
294. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 23, ongenommerde verslag, kapt. G.F. Jacobs - Kmdt. SA Mil. Kol., 10 November 1949.

om nie finale goedkeuring vir die skepping van die akademiese poste op die diensstaat van die SA Militêre Kollege te verleen nie en inderdaad opdrag gegee dat daar ondersoek ingestel moes word na die mate waartoe 'n plaaslike universiteit aan die opleidingsvereistes van die kadette kon voldoen.[295] Die implikasie was duidelik dat as 'n universiteit die akademiese opvoeding van die kadette kon behartig, daar nie met die stigting van 'n militêre akademie voortgegaan sou word nie.

Die militêre owerhede het die saak sorgvuldig oorweeg, maar besluit dat 'n burgerlike universiteit onmoontlik aan die UVM se vereistes vir offisiersopleiding kon voldoen. Die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Len Beyers, het aangevoer dat die UVM alleen kon oordeel en voorskryf wat hy van sodanige opleiding vereis het en dus self beheer oor die opleiding moes hê. Die akademiese en die militêre leerplanne moes 'n samestellende geheel vorm. Daarom moes die akademiese vakke by die militêre opleiding aanpas en dit aanvul, wat ook vereis het dat die hele opleidingstelsel onder militêre beheer moes wees. Alle vakke moes voorts vanuit 'n militêre perspektief gedoseer word, wat beteken het dat dosente militêre oriënteringskursusse sou moes deurloop en gevolglik ook onder militêre beheer sou moes wees. Die gedagte was klaarblyklik dus nou dat die dosente inderdaad as offisiere aangestel sou word – vroeër is slegs vermeld dat dit wenslik kon blyk om hulle kortdienskommissies aan te bied. Lt.genl. Beyers het voorts daarop gewys dat een van die hoofvakke van die voorgenome graad, naamlik Krygskunde, nie deur enige universiteit in Suid-Afrika aangebied is nie, terwyl daar tydens opleiding van geheime inligting en toerusting gebruik gemaak sou word wat nie tot die beskikking van 'n universiteit gestel kon word nie. Verder sou 'n belangrike taak van die personeel van die Akademie wees om navorsing oor militêre en verwante probleme te onderneem, terwyl die dosente ook onderrig aan ander groeperings, byvoorbeeld militêre instrukteurs, op 'n laer akademiese vlak moes verskaf, waartoe universiteitsprofessore waarskynlik nie bereid sou wees nie. Beyers het ten slotte daarop gewys dat daar vanweë die unieke aard van militêr-akademiese opvoeding, waarvoor daar spesifiek in die Verdedigingswet van 1912 voorsiening gemaak is, nie sprake van 'n duplisering van die funksie van burgerlike universiteite was nie en dat "alle ander state" militêre akademies gehad het om vir die opleiding van hul offisiere voorsiening te maak; dit sou in elk geval, aldus die militêre owerhede, volgens voorlopige beramings meer gekos het om militêre studente aan 'n burgerlik universiteit te laat studeer, as om die verlangde poste by die SA Militêre Kollege te skep.[296]

295. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verd., 7 November 1949.

296. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verd., 7 November 1949.

Beyers het voorts aangedui dat daar genoeg akademies gekwalifiseerde offisiere in die UVM beskikbaar was om 'n B.Sc. (Mil.)-graad by die Akademie selfstandig te kon aanbied, mits die laboratoriumonderrig soos in die verlede by die Pretoriase Tegniese Kollege kon plaasvind. Langs dié weg sou die Akademie dus wel gestig kon word, sonder dat dit nodig was om addisionele poste vir dosente te skep. Hy het die Minister van 'n naamlys van moontlike dosente in die UVM voorsien en die oortuiging uitgespreek dat die Universiteit van Suid-Afrika steeds bereid sou wees om die ooreengekome grade toe te ken as die akademiese vakke volledig deur sodanig gekwalifiseerde personeel by die SA Militêre Kollege aangebied word.[297] Die Minister van Verdediging het klaarblyklik die plan aanvaar en beslis dat soveel as moontlik dosente vanuit die UVM self aangestel moes word.[298]

Sake wou egter maar net nie vlot nie. Teen die einde van Januarie 1950, met nog net twee maande oor voordat die eerste kadetkursus op 1 April 1950 by die te stigte Militêre Akademie van stapel moes loop, was daar nog baie onafgehandelde sake rakende die stigting van die Akademie. Die duur van die kadetkursus was onder heroorweging en daar was nog nie 'n enkele personeellid aangestel nie. Die Hoof van die Generale Staf het in die lig van dié omstandighede op 30 Januarie 1950 by die Minister van Verdediging aanbeveel dat die openingsdatum van die Akademie met 'n jaar uitgestel word. Erasmus was egter nie bereid om dit te doen nie; die proses moes voortgaan. Toe daar teen 20 Februarie nog geen vordering was nie, het die Kommandant van die SA Militêre Kollege, brig. H.S. Cilliers, die Direkteur Beleidskoördinasie dringend daarop gewys dat daar tot 'n punt gekom moes word, anders sou die sukses van die projek ernstig in gevaar gestel word – daar was kwalik genoeg tyd oor om behoorlik vir die eerste kursus voor te berei, selfs al sou die dosente dadelik aangestel word.[299]

Gedurende Februarie/Maart 1950 het die militêre owerhede onder druk van omstandighede besluit om die kadetkursus van vier na drie jaar te verkort en dat die SA Militêre Kollege slegs vir die militêre opleiding van die kadette verantwoordelik sou wees. Die akademiese onderrig van die kadette sou aan die Universiteit van Pretoria geskied, wat aan suksesvolle kandidate 'n B.A. (Mil.)- of B.Sc. (Mil.)-graad sou toeken.[300]

---

297. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verd., 7 November 1949.

298. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 207, MC/T/12/2, inlae 4, ongenommerde brief, Dir. Beleidskoörd, - Registrateur Unisa, November 1949.

299. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 43, brief MV55/8 oor MV/130, Min. van Verd. - HGS, 7 Februarie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 207, MK/T/12/2, inlae 6, brief MC/T/12/2, Kmdt. SA Mil Kol. - Dir. Beleidskoörd., 20 Februarie 1950.

300. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 31, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - HGS, 27 Februarie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 35, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 16 Maart 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G

Tesourie het daarop op 13 April 1950 'n beraamde uitgawe van £7 200 vir die kadette se onderrig aan die Universiteit van Pretoria goedgekeur.[301] Die Hoof van die Generale Staf het die Universiteit van Suid-Afrika sonder enige verdere verduideliking in kennis gestel dat:

> "die beleid aangaande die opleiding van Staandemag-Kadette ... onlangs gewysig (is) sodat kandidate nou alle noodsaaklike militêre sowel as akademiese opleiding binne 'n tydperk van drie jaar moet voltooi. Dit het 'n verandering in die voorgestelde leerplan genoodsaak. Met die oog hierop, en die noodsaaklikheid van goeie fasiliteite vir praktiese instruksie in Fisika, is dit besluit dat dit wenslik sal wees om die akademiese opleiding met die medewerking van die Universiteit van Pretoria te gee."[302]

Die besluit dat die SA Militêre Kollege slegs die militêre opleiding van die kadette sou behartig en dat die Universiteit van Pretoria hul akademiese onderrig sou waarneem, het nie beteken dat die UVM sy ideaal laat vaar het om 'n selfstandige Akademie tot stand te bring, waar militêre dosente (al was hulle dan "burgerlikes in uniform") alle akademiese onderrig self sou behartig nie; daardie ideaal het voortgeleef[303], maar dit was net nie in daardie stadium prakties haalbaar nie. Die akademiese inskakeling by die Universiteit van Pretoria het in die lig van Erasmus se weiering om die projek uit te stel, verseker dat die Militêre Akademie wel volgens plan op 1 April 1950 tot stand sou kon kom. Daar was in daardie stadium eenvoudig nie meer genoeg tyd voor 1 April oor om al die dosente aan te stel, leerplanne vir al die vakke uit te werk, studiemateriaal byeen te bring en lesings voor te berei nie. Met die affiliasie by die Universiteit van Pretoria was leerplanne, dosente en studiemateriaal minstens vir die gewone akademiese vakke onmiddellik beskikbaar en kon die kadette dadelik met hul studie begin. Die klasse was weliswaar al sedert 20 Februarie[304] aan die gang, maar dit sou nie vir die studente onmoontlik wees om die agterstand in te haal nie.

Die administratiewe proses met betrekking tot die stigting van die Militêre Akademie het ook in Maart 1950 'n hupstoot gekry, deurdat goedkeuring verleen is vir kapt. S.A.

---

vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 1, brief, Sekr. van Verd. – DG Landmag, 5 Mei 1950.

301. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 1, brief, Sekr. van Verd. – DGL, 5 Mei 1950.

302. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 92, brief GS/204/4/5, HGS – Registrateur Unisa, 12 April 1950.

303. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 66, seinberig G309, HGS (Kaapstad) – brig. Dewaal, 20 Maart 1950.

304. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, "Militêre Akademie", 10 Augustus 1950.

Engelbrecht (M.Sc. in Skeikunde, Universiteit van Stellenbosch, 1936[305]) se indeling by die SA Militêre Kollege om die organisasie en administrasie van die kadette te onderneem. Hy sou ook as bevelvoerder van die kadetkompanie dien.[306]

Brig. P. de Waal, CB, CBE en kapt. S.A. Engelbrecht het op 20 Maart 1950 die voorgestelde studiekursusse vir die grade B.Sc. (Mil.) en B.A. (Mil.) met prof. C.H. Rautenbach, Rektor van die Universiteit van Pretoria, asook prof. W.E. Schilz, Dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, en prof. G. Cronjé, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van dié Universiteit bespreek.[307] Hulle was oor die algemeen baie tegemoetkomend, maar het gevoel dat die voorgestelde leerplanne té veeleisend vir die gemiddelde student was. Die voorgestelde B.Sc. (Mil.)-graad het naamlik twaalf kursusse teenoor die normale nege kursusse vereis, terwyl daar in die geval van die B.A. (Mil.)-graad insgelyks twaalf kursusse in plaas van die normale elf voorgeskryf is. Daarby sou die militêre studente ook 'n groot agterstand hê om in te haal, deurdat die klasse al 'n geruime tyd aan die gang sou wees wanneer hulle op 1 April 1950 sou aanmeld. Die Universiteit het dus aan die hand gedoen dat Militêre Geskiedenis, Militêre Reg en Militêre Wetenskap vir beide die graadrigtings as kwalifiserende kursusse weggelaat word en as deel van die "gelyktydige professionele opleiding" van die kadette aangebied word.[308]

Die Hoof van die Generale Staf het egter daarop aangedring dat die militêre vakke formeel by die leerplanne ingesluit moes word, aangesien dit die doel was om "... hierdie graad 'n militêre graad te maak om sodoende gegradueerdes die nodige professionele kennis te gee."[309] Tyd vir uitgerekte beraadslagings was daar egter nie meer nie en die UVM-verteenwoordigers het gevolglik 'n voorlopige ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria bereik oor die akademiese vakke wat die militêre studente in hul eerstejaar sou volg, sodat hulle wel op 1 April 1950 met hul studie aan die Universiteit van Pretoria kon begin. Die volledige samestelling van die twee graadkursusse sou so gou moontlik deur

---

305. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 3, "Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die Unie Verdedigingsmag gehou in die biblioteek van die SA Militêre Kollege op Vrydag 26 Mei 1950 om 3 nm."

306. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 35, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 16 Maart 1950.

307. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 67, ongenommerde seinberig, brig. De Waal – HGS (Kaapstad), 20 Maart 1950. ; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 25 Maart 1950.; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 3a, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - HGS, 25 Maart 1950.

308. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 67, ongenommerde seinberig, brig. De Waal – HGS (Kaapstad), 20 Maart 1950.; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - HGS, 25 Maart 1950.

309. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 66, seinberig G309, brig. De Waal – HGS (Kaapstad), 20 Maart 1950.

die UVM-verteenwoordigers met die universiteitsowerhede onderhandel word.[310] Die Dekane van die Fakulteite Wis- en Natuurkunde en Lettere en Wysbegeerte het elk 'n komitee vir dié doel benoem, waarop die Hoof van die Generale Staf vir brig. P. de Waal, die Kommandant van die SA Militêre Kollege en kapt. S.A.. Engelbrecht afgevaardig het om die UVM by die voortgesette onderhandelinge te verteenwoordig.[311]

Die militêre owerhede het intussen die 30 suksesvolle applikante van die eerste kadetkursus by die Militêre Akademie opgeroep om op 31 Maart by die SA Militêre Kollege aan te meld.[312] Met die tydelike ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria beklink, kon die U.V.M dus op 1 April 1950 volgens plan die deure van die Militêre Akademie open en daarmee 'n nuwe era in die geskiedenis van offisiersopvoeding in Suid-Afrika inlui. Die Rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. C.H. Rautenbach, het tevrede in sy stoel teruggesak en met genoegdoening sy oorwinning in sy amptelike verslag aan die Raad van dié Universiteit gekonstateer: "Genoemde Komitee [d.i. die Kriegler-komitee] het nie sy weg oopgesien om die Universiteit van Pretoria aan te beveel as opleidingsplek (vir kwekelingoffisiere van die Staande Mag) nie. Nogtans is daarin geslaag om sedert April 1950 die opleiding alhier gevestig te kry."[313]

## 1.7 SLOTSOM

Die stigting van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie in 1950 was 'n laat, dog onmiskenbare uitvloeisel van die opkoms van militêre professionalisme en die gepaardgaande stigting van militêre akademies in Europa en die VSA sedert die neëntiende eeu. Kennelik bewus daarvan dat kontemporêre offisiersopvoeding meer as bloot militêre opleiding vereis het, en genaelstring aan Groot-Brittanje, waar die *Royal Military Academy*, Sandhurst al vir meer as 'n eeu as 'n baken van professionele offisiersopvoeding gepryk het, het die oorwegend Brits-gesinde argitekte van die Suid-Afrikaanse Verdedigingswet van 1912 voorsiening gemaak vir die vestiging van 'n opleidingsinrigting waar offisiere van die UVM ook onderrig van 'n opvoedkundige aard

310. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 6, brief MC/T/12/1, Wnd. HGS –DGL, 6 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 48, seinberig MILCOL – DECHIEF (Kaapstad), 20 Mei 1950.

311. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - HGS, 25 Maart 1950; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 3a, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - HGS, 25 Maart 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 43, brief HGS56/13, Wnd. HGS - Kmdt. SA Mil. Kol., 30 Maart 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 9, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. - Regisrateur UP, 23 Mei 1950.

312. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 51, telegram, HGS (Kaapstad) – DGL, 15 Maart 1950.

313. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3267, "Verslag van die Rektor oor die drie jaar: April 1948 tot April 1951, p.9.

kon ontvang. Die daaruit voortspruitende *Zuid-Afrikaanse Militaire Skool* en sy latere opvolger, die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, het egter tot ná die Tweede Wêreldoorlog oorwegend funksionele militêre opleiding vir die offisiere en aspirantoffisiere van die U.V.M aangebied. Die Unie se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het egter die kompleksiteit van moderne oorlogvoering – tegnologies en andersins - en die gepaardgaande noodsaaklikheid van die akademiese opvoeding vir offisiere by die militêre owerhede in Suid-Afrika tuisgebring. Die kontak wat UVM-offisiere gedurende die oorlog met hul Amerikaanse en Britse eweknieë – produkte van West Point en Sandhurst - gehad het, het waarskynlik tot dié besef bygedra. Dit het daartoe gelei dat die SA Militêre Kollege in 1947, bewustelik na die voorbeeld van West Point en Sandhurst, 'n opleidingstelsel geïmplementeer het wat daarop gemik was om die aspirantoffisier beide militêr en akademies op te voed, om hom as volledige mens te ontwikkel.

Vanweë die Unie se noue verbintenis met Groot-Brittanje en 'n groot deel van die Afrikanerbevolking se vervreemding van die UVM as gevolg van hul teenkanting teen die Unie se deelname aan die twee wêreldoorloë, was die opleidingskultuur by die Militêre Kollege teen 1948 Brits en die voertaal Engels. Met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948 was die nuwe Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, vasbeslote om die UVM se Britse karakter en afhanklikheid van Brittanje af te breek, dit tot 'n moderne, selfstandige weermag uit te bou en daaraan 'n eie Suid-Afrikaanse karakter, gegrondves op kultuur en tradisies van die Afrikaner, te gee – ooreenkomstig die beleid van die Nasionale Party. Hy wou die Afrikaner weer tuis laat voel in die UVM en 'n noue band tussen die weermag en veral die Afrikaanssprekende publiek skep. Om dié doelwitte te bereik, was dit noodsaaklik om die offisierskorps van die Unie te voed met jong offisiere wat militêr en akademies goed geskool was om die uitdagings van die kern-era die hoof te bied en terselfdertyd met die Afrikaner-ideaal besiel was. Die aanbevelings van die Kriegler-komitee het 'n kadetopleidingstelsel gebied waarmee hy sy doelwitte kon verwesenlik. Dié opleidingstelsel het op die opleidingsmodel wat sedert 1947 aan die SA Militêre Kollege in swang was, voortgebou, maar die kadetvleuel tot 'n tot militêre akademie uitgebou en die akademiese opvoeding van aspirantoffisiere tot die vlak van 'n Baccalaureusgraad verhef. Daardeur kon aspirantoffisiere die akademiese kennis en vaardighede verwerf wat moderne oorlogvoering van jong offisiere vereis het. Terselfdertyd kon begin word om, deur die versigtige keuring van studente, dosente en leerplaninhoude, 'n offisierskorps op te bou wat aan Erasmus se Afrikaner-ideale vir die UVM gestalte sou gee.

Die Militêre Akademie wat op 1 April 1950 as tak van die SA Militêre Kollege op Voortrekkerhoogte tot stand gekom het, het egter nie al die doelwitte bevredig wat

Erasmus en die UVM-opperbevel in die vooruitsig gestel het nie. Dit kon vanweë finansiële oorwegings nie as 'n selfstandige fakulteit, met sy eie dosente wat alle akademiese onderrig behartig het, gevestig word nie. Die Akademie was geheel en al van die Universiteit van Pretoria afhanklik vir die akademiese opvoeding van die kadette. Van die beoogde navorsingsafdeling om die UVM oor militêre en verwante probleme en vraagstukke te adviseer, het daar ook niks gekom nie. Die affiliasie met die Universiteit van Pretoria was nietemin in die lig van die finansiële beperkinge en die administratiewe rompslomp 'n noodsaaklike stap om te verseker dat die Akademie wel volgens plan op 1 April 1950 sy deure kon oopmaak. Die Rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. C.H. Rautenbach, se persoonlike ywer om die Akademie onder dié Universiteit, eerder as die Universiteit van Suid-Afrika gevestig te kry, het inderwaarheid verhoed dat die stigting van die Akademie gekelder word. Die UVM het egter die *status quo* bloot as 'n tydelike maatreël gesien en het steeds sy eindideaal van 'n outonome akademiese instelling wat self grade toeken, nagestreef.

Die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie was, soos Sandhurst en West Point, op die lewering van offisiere ingestel en het dus in daardie opsig aan die tradisionele patroon van militêre akademies voldoen. Gegewe die grootte van die UVM, was dit egter nie 'n suiwer leërinstelling soos daardie akademies nie, maar 'n gesamentlike akademie wat offisiere vir beide die Leër en die Lugmag moes lewer. Daarby sou die totale militêre vorming van die kadette nie soos by Sandhurst en West Point by die Akademie geskied nie, deurdat hulle hul basiese militêre opleiding by die Militêre Gimnasium sou ontvang, voordat hulle by die Akademie aanmeld. Dit sou dus nie maklik wees om dieselfde kultuur en atmosfeer as by dié instellings te skep nie. Soos by Sandhurst en West Point, was die kadetkursus by die Akademie op parallelle militêre opleiding en akademiese opvoeding ingestel, ten einde die kadette beide as junior offisiere te bekwaam en as volledig gebalanseerde, denkende mense op te voed. Die Akademie sou voorts, afgesien van offisiersaanstellings vanuit die geledere in enkele vertakkings van die UVM, die paspoort na offisiersaanstelling in die SA Leër en Lugmag wees, soos wat West Point en Sandhurst dit vir die Amerikaanse en Britse leërs was. Die Akademie was egter nie 'n selfstandige instelling soos sy twee rolmodelle nie, maar 'n blote tak van 'n ander 'n opleidingsinrigting, die SA Militêre Kollege, wat potensieel stremmend op sy ontwikkeling sou kon inwerk. Die Akademie was nader aan die West Point- as die Sandhurst-model, aangesien die kadetkursus op die verwerwing van 'n graad uitgeloop het. West Point was egter 'n outonome universitêre inrigting en het self 'n B.Sc. -graad aan sy graduandi toegeken, terwyl die Akademie-studente 'n B.Sc.- of B.A.(Mil.)- graad van die Universiteit van Pretoria sou ontvang. Soos by West Point, het die klem in die graadkursusse, ook dié vir die B.A.(Mil.), sterk op Wiskunde en die natuurwetenskappe geval. Hoewel die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie dus met sy stigting in beginsel

sekere ooreenkomste met sy twee rolmodelle, en veral West Point, vertoon het, het hy noodwendig ook sy eie, unieke karaktertrekke gehad om by plaaslike omstandighede aan te pas.

# HOOFSTUK 2

# DIE MILITÊRE AKADEMIE IN PRETORIA, 1950 - 1955

## 2.1 DIE OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die Universiteit van Pretoria het in Maart 1950 op versoek van die Minister van Verdediging ingewillig om akademiese voogdyskap vir die Militêre Akademie te aanvaar en geskikte graadkursusse vir aspirantoffisiere in te stel wat op die verwerwing van die graad B.Sc.(Mil.) of B.A.(Mil.) sou uitloop. Ingevolge die ooreenkoms wat die UVM en die Universiteit van Pretoria in daardie verband bereik het, het die Universiteit in oorleg met die militêre owerhede volle beheer oor alle aspekte van die akademiese opvoeding van die kadette uitgeoefen. Die Universiteit het die finale seggenskap oor die samestelling van die militêre graadkursusse en leerplaninhoude gehad, met dien verstande dat die beplanning daarvan in oorleg met die militêre owerhede sou geskied, ten einde te verseker dat die UVM se behoeftes ten beste gedien sou word. Die militêre studente sou hul onderrig in die gewone akademiese vakke wat by die militêre graadkursusse ingesluit was saam met die burgerlike studente op die kampus van die Universiteit van Pretoria ontvang. Die sogenaamde militêre vakke, te wete Militêre Aardrykskunde, Militêre Geskiedenis, Militêre Reg en Militêre Wetenskap, is onder die benaming "Krygskunde" saamgegroepeer en sou deur militêre dosente (Staandemagoffisiere) by die Militêre Kollege doseer word. Die werwing, keuring en aanstelling van die militêre dosente sou egter in oorleg met die Universiteit, wat hulle as deeltydse dosente van die Universiteit sou akkrediteer, geskied. 'n Meestersgraad of gelykwaardige kwalifikasie sou ingevolge die normale beleid van die Universiteit as minimum vereiste vir die aanstelling van dosente by die Akademie geld. Wat eksamens betref, sou normale regulasies en prosedures van die Universiteit van Pretoria ook ten opsigte van die militêre vakke geld. Die dosent(e) in elk van die militêre vakke sou as interne eksaminator(e) optree, terwyl eksterne eksaminatore vir elke vak uit die voltydse dosente van die Universiteit van Pretoria aangewys sou word. Daardeur, asook deur die beheer oor die vakinhoude en die samestelling van die graadkursusse, sou verseker word dat die onderrig aan die Militêre Akademie aan die akademiese standaarde van die Universiteit van Pretoria voldoen het.[1]

---

1. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding

Aangesien die voertaal van die Universiteit van Pretoria Afrikaans was, sou al die vakke wat die militêre studente aan dié universiteit saam met die burgerlike studente bygewoon het, in Afrikaans aangebied word. Die Universiteit het egter in die "wetenskaplike" vakke hoofsaaklik van Engelse handboeke gebruik gemaak en sou in daardie vakke poog om die studente tweetalig op te voed.[2] By die Akademie self sou daar sover moontlik gepoog word om uitvoering aan die tweetaligheidsbeleid van die Departement van Verdediging te gee. Vraestelle sou in beide tale opgestel word en die studente kon self besluit in watter van die twee tale hulle die vraestelle wou beantwoord.[3]

Hoewel daar in die omgangstaal soms na die Militêre Akademie as 'n "militêre fakulteit" verwys is, was die Akademie geensins 'n fakulteit van die Universiteit van Pretoria nie; trouens, daar het nie eers 'n afsonderlike departement vir die krygskundige vakke tot stand gekom nie. Vanweë die klem op Wiskunde in die militêre vakke, is dit voorlopig onder die Departement Wiskunde geplaas. Sonder 'n volwaardige militêre fakulteit kon daar uiteraad ook nie in die ware sin van die woord sprake van 'n Dekaan van die Militêre Akademie wees nie. Die Hoof van die Departement Wiskunde was derhalwe, aldus maj. Melt van Niekerk, Dekaan van die Militêre Akademie in die vyftigerjare, "ipso facto" ook die akademiese hoof van die Militêre Akademie. Die sogenaamde "Dekaan" van die Akademie was dus volgens hom inderwaarheid niks meer as die Hoof van die Departement Wiskunde se "'militêre' assistent" nie.[4] Ofskoon daar inderdaad uit 'n universiteitsoogpunt nie sprake van 'n Dekaan van die Militêre Akademie kon wees nie, was maj. Van Niekerk se beskrywing van die onderhorige posisie van die Dekaan effens oordrewe. Soos hieronder bespreek word , was die Dekaan 'n assessorlid van beide die Fakulteitsrade van Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde en het hy 'n betekenisvolle rol gespeel om die belange van die UVM en die Militêre Akademie by die Universiteit van Pretoria te behartig.

---

van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 6, brief MC/T/12/1, Wnd. HGS - DGL, etc., 6 Mei 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 9, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol.- Registrateur UP, 23 Mei 1950.

2. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 48, seinberig MILCOL – DECHIEF (Kaapstad), 20 Mei 1950.

3. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 11, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS , 15 Junie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 13, brief Q/P/92, KMG - HGS, 27 Junie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 14, brief CGS56/36, HGS – KMG, 30 Junie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

4. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

Die UVM en die Universiteit van Pretoria het met die stigting van die Militêre Akademie nooit 'n konstitusie opgestel wat die verhouding tussen dié twee instellings behoorlik gereël het nie. Hulle het wel 'n gesamentlike Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding in die lewe geroep wat as skakel tussen dié twee instansies moes dien. Die samestelling van dié Studiekomitee het herhaaldelik verander om by die nuwe omstandighede aan te pas. Dit het oplaas in 1952 uit 17 lede bestaan, naamlik agt verteenwoordigers elk van die UVM en die Universiteit van Pretoria, plus die Dekaan van die Militêre Akademie. Laasgenoemde het uit hoofde van sy amp as die sekretaris en sameroeper van die Studiekomitee gedien en kon nie 'n stem uitbring nie. Die Leër en die Lugmag het elk vier van die UVM se verteenwoordigers bygedra. Die Kommandant van die SA Militêre Kollege was ampshalwe altyd een van die Leër se vier verteenwoordigers en hy het die ander drie lede aangewys, gewoonlik uit die geledere van die dosente van die Akademie. Die voorsitter van die Studiekomitee is jaarliks uit die geledere van Universiteitsverteenwoordigers verkies.[5]

Die Studiekomitee se taak was om alle aangeleenthede rakende die militêr-akademiese opvoedingstelsel te ondersoek en aanbevelings daaroor aan die Universiteit en die UVM te maak. Die Raad van die Universiteit van Pretoria het daarby die Dekaan ook tot assessorlid van beide die Fakulteitsrade van Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde benoem,[6] in welke hoedanigheid hy die vergaderings van dié twee fakulteite moes bywoon om na die belange van die UVM en die Militêre Akademie om te sien. Die probleem was egter dat die onderlinge werkswyse, in besonder die prosedures en verantwoordelikhede van die Studiekomitee, weens die gebrek aan 'n konstitusie nêrens sistematies op skrif gestel is nie. Die verhouding tussen die twee instansies is gevolglik op 'n betreklik onordelike wyse gereël deur 'n magdom van besluite wat deur verskillende vergaderings, komitees en rade geneem is. Dit het begryplikerwys soms tot verwarring en misverstande aanleiding gegee.[7]

---

5. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, pp. 3 – 4; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 14, ongenommerde brief, Registrateur UP - Kmdt. SA Mil. Kol., 17 Mei 1952; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 19, brief MK/F/5/2, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 2 Maart 1953.
6. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, R3149, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Junie 1950, p.9.
7. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, pp. 3 – 4; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953.

Die Studiekomitee vir Militêre Opleiding het in Februarie 1952 'n subkomitee bestaande uit prof. H.L. de Waal en kapt. M. van Niekerk, wat maj. S.A. Engelbrecht as Dekaan opgevolg het, saamgestel om die verhouding tussen die UVM, en die prosedures wat deurgaans gevolg moes word, te ondersoek en aanbevelings met betrekking tot leemtes en tekortkominge in daardie verband te maak.[8] Dié Subkomitee het daarop 'n lywige verslag[9] uitgebring, waarin die besluite wat van tyd tot tyd deur die Raads-, Senaats-, Fakulteits-, en Studiekomiteevergaderings, van die Universiteit, asook ad hoc-vergaderings tussen verteenwoordigers van die UVM en die Universiteit geneem is om die beleid ten opsigte van die Akademie te bepaal, nagespeur en byeengebring is. Een van die groot leemtes wat die Subkomitee uitgelig het, was dat die doelstelling van die Akademie nêrens omskryf was nie[10], wat daartoe gelei het dat die Akademie nie koersvas vooruit kon gaan nie. (Die komitee was volgens Van Niekerk nie bewus van die Kriegler-verslag nie[11] en het klaarblyklik ook nie insae gehad in ander dokumente[12] waarin die doel van die Akademie wel geformuleer is nie.) Die Subkomitee het derhalwe uitvoerig aanbevelings gemaak oor die doelstelling, organisasie, bestuur en administrasie van die Akademie, asook die funksies en prosedures van die Studiekomitee vir Militêre Opleiding. Die Subkomitee het voorts aanbeveel dat die bestaande Akademie uitgebou word tot 'n selfstandige instelling onder die benaming "Suid-Afrikaanse Militêre Akademie", bestaande uit 'n volwaardige Departement Krygskunde aan die Universiteit van Pretoria en 'n militêre opleidingsvleuel aan die SA Militêre Kollege. Beide afdelings sou onder die beheer van die Hoof van die Departement Krygskunde ('n offisier in die UVM), wat as die Hoof van die SA Militêre Akademie bekend sou staan, ressorteer.[13]

In Junie 1952 het die Subkomitee sy verslag aan die Studiekomitee vir Militêre Opleiding voorgelê, wat die verslag aanvaar het en 'n verdere subkomitee, bestaande uit prof. E.M. Hamman (Voorsitter), prof. H.L. de Waal, kapt. M. van Niekerk en kapt. J.H.F. Louw, getaak het om aanbevelings te maak oor die wyse waarop die Militêre Akademie as 'n selfstandige Departement Krygskunde van die Universiteit van Pretoria gevestig

8. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, pp. 3 – 4; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.
9. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.
10. Vergelyk in hierdie verband ook SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, p.3.
11. M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.
12. Vergelyk SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 6, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Min. van Verd., 22 Maart 1949.
13. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

kon word. Daarby het die Subkomitee ook opdrag gekry om die verslag wat hy aan die Studiekomitee voorgelê het, in 'n statuut vir die Militêre Akademie te omskep. Dié subkomitee het bevind dat dit vanweë die heterogene aard van die vakke wat vir die militêre graadrigtings voorgeskryf is, nie moontlik was om die Militêre Akademie as 'n selfstandige departement van die Universiteit tot stand te bring nie. Dit sou volgens die subkomitee meer gepas wees om die Akademie as 'n fakulteit van die Universiteit te organiseer, maar hulle was van mening dat die tyd vir so 'n stap nog nie ryp was nie. Die komitee het gevolglik aanbeveel dat "'n reëling getref moet word tussen die Universiteit van Pretoria en die UVM waarvolgens die twee liggame in samewerking met mekaar 'n Suid-Afrikaanse Militêre Akademie oprig en in stand hou"[14] en dat daar op 'n reglement ooreengekom moes word wat as basis vir sodanige samewerking kon dien.[15]

Die subkomitee het ooreenkomstig hul opdrag die verslag van die vorige subkomitee in 'n reglement van samewerking tussen die UVM en die Universiteit van Pretoria omskep. Die inhoud daarvan was in wese dieselfde as dié van die verslag, met slegs enkele wysigings en aanvullings.[16] Die voorgestelde Reglement het nie alleen die doel en funksie van die Militêre Akademie duidelik, en in ooreenstemming met die eise van militêre professionalisme en die gebruik by akademies elders in die wêreld, geformuleer nie , maar het ook die verhouding tussen die Universiteit van Pretoria en die UVM sistematies uiteengesit. Dit het alle prosedures behoorlik omskryf en die basis vir gesonde administrasie en effektiewe samewerking en koördinasie geskep.

Nadat beide die Studiekomitee vir Militêre Opleiding en die Universiteitsowerhede die voorgestelde Reglement met geringe wysigings aanvaar het,[17] het die Rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. C.H. Rautenbach, dit op 3 Oktober 1952 skriftelik aan die Minister van Verdediging, adv. F.C. Erasmus, voorgelê.[18] Die Minister het egter nie die Reglement goedgekeur nie, waarskynlik omdat hy toe reeds saam met kapt. Van Niekerk besig was om die militêre owerhede te druk in die rigting van 'n gesamentlike

---

14. UP Argief, Notule van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952, vol. II, S8309, Verslag van die Subkomitee van die Militêre Studiekomitee deur die Studiekomitee aangestel op sy Junievergadering jongslede, 22 Augustus 1952.
15. UP Argief, Notule van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952, vol. II, S8309, Verslag van die Subkomitee van die Militêre Studiekomitee deur die Studiekomitee aangestel op sy Junievergadering jongslede, 22 Augustus 1952.
16. UP Argief, Notule van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952, vol. II, S8309, Voorgestelde reglement vir die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie, 25 Augustus 1952, p.3.
17. UP Argief, Notule van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952, vol. II, S8338, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 28 Augustus 1952; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1952, vol. II, R3487, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 25 September 1952, p.8.
18. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 2, ongenommerde brief, Rektor UP – Min. van. Verd., 3 Oktober 1952.

"Weermagakademie" wat militêr-akademiese opvoeding aan kadette van al drie weermagsdele, Leër, Lugmag en Vloot, kon verskaf. (Dié aksie, wat uiteindelik tot die verbreking van die bande met die Universiteit van Pretoria en die verskuiwing van die Militêre Akademie na Stellenbosch en Saldanha sou lei, word in 'n latere afdeling bespreek.) Alhoewel die voorgestelde Reglement nie aanvaar is nie, was dit 'n betekenisvolle ontwikkeling in die geskiedenis van die Militêre Akademie, aangesien dit die teoretiese basis gevorm het waarop die vestiging van 'n selfstandige akademie op Saldanha later beredeneer is.

## 2.2 DIE ORGANISASIE, BEHEER EN DIENSSTAAT VAN DIE MILITêRE AKADEMIE

Soos in hoofstuk 1 vermeld, was die militêre owerhede se voorneme van die begin af dat die Militêre Akademie onder militêre bevel sou staan Daarom moes daar 'n akademies gekwalifiseerde offisier van die UVM as Dekaan aangestel word. Ofskoon hy militêr en akademies ('n M.-graad was die minimum vereiste) goed geskool moes wees, was die uitgangspunt duidelik dat hy in die eerste plek 'n beroepsoffisier moes wees. Daarby het die Dekaan administratief en dissiplinêr direk onder die bevel van die Kommandant van die SA Militêre Kollege gestaan, sodat laasgenoemde dus inderdaad ook die bevelvoerder van die Akademie was.[19] Hierdie bevel-en-beheerstruktuur het ten nouste met dié van West Point ooreengestem, waar die dekaan (soos die meerderheid van die dosente) ook 'n akademies-gekwalifiseerde beroepsoffisier was. Die dekane van daardie instelling was inderdaad tot in 1985 almal graduandi van West Point wat hulle nagraads by burgerlike universiteite bekwaam het. Die dekaan ('n brig.genl.) was ondergeskik aan die bevelvoerder of superintendent ('n lt.genl.) van West Point.[20] By Sandhurst was die situasie heeltemal anders. Die dekaan, oftewel die *Director of Studies*, was 'n burgerlike akademikus wat aan die hoof van 'n uitsluitlik burgerlike dosentekorps gestaan het. Hy was egter insgelyks ondergeskik aan die bevelvoerder of kommandant van die *Royal Military Academy*.[21]

Die gedagte agter die militêre beheer oor die Militêre Akademie het vermoedelik gespruit uit 'n begeerte om toe te sien dat dié instelling in die streng militêre tradisie

---

19. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1, inlae 24, "Komitee van Ondersoek insake Opleiding in die UVM: Opsomming van Aanbevelings", 27 Januarie 1949, p.7; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 6(c), memorandum DC390/6, Wnd. Sekr. Van Verd. – Min. van Verd., 5 Julie 1949; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verd., 7 November 1949.
20. T.J. Crackel: **The Illustrated History of West Point**, pp.240, 295, 275, 278, 301.
21. H. Thomas: **The Story of Sandhurst**, pp.224 - 225.

bedryf sou word en nie soos 'n burgerlike universiteit nie. Verder wou die militêre owerhede daardeur waarskynlik ook probeer verseker dat die akademiese onderrig aan dié instelling (binne die vereistes van die Universiteit van Pretoria) nougeset in ooreenstemming met die behoeftes van die UVM geskied.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, was dit minister F.C. Erasmus se doelwit om die UVM van sy Britse karakter te bevry en 'n Afrikanerweermag te maak. Hy het in dié proses onder meer ontslae geraak van senior offisiere wat in die pad van dié ideaal gestaan het. Dit was egter 'n korttermynoplossing. Om sy langtermyndoelwit te bereik, was dit noodsaaklik dat die UVM gevoed moes word deur jong offisiere wat met die Afrikaner-ideaal besiel was en wat geleidelik die Mag tot in die hoogste range kon deurspek om dit 'n blywende Afrikanerkarakter te gee. Daarom het Erasmus, naas die militêr-akademiese, vermoedelik ook (ongeskrewe) politieke vereistes aan die dekaanspos gestel. Hy het, soos vroeër vermeld, hom oorspronklik as onderwyser bekwaam omdat hy geglo het dat dit baie belangrik was dat die Afrikaner so goed as moontlik opgelei moes word en dat "Afrikaner-onderwysers sélf die taak ... moes behartig."[22] Die militêre owerhede het dus skynbaar op sy aandrang die personeel van die Militêre Akademie met die hand uitgesoek om die kadette as die toekomstige militêre leiers van Suid-Afrika in die gees van sy Afrikaner-ideale op te voed. 'n Brief van Provinsiale Raadslid B.J. van der Walt aan die Minister van Verdediging oor die aanstelling van 'n opvolger vir die eerste Akademie-sersant-majoor, A.O.2 F.W. Loots, illustreer die aanwesigheid van die politieke hand in personeelaanstellings by die Akademie. Hy skryf:

> Daar bestaan nou 'n wesentlike gevaar dat hierdie pos nou deur 'n ongewenste persoon gevul mag word. Die bekleër van hierdie pos is verantwoordelik vir die dissipline van die kadette en kom dus daagliks in noue kontak met die studente in die Akademie. Dit is uiters noodsaaklik dat hier 'n persoon aangestel sal word wat die regte invloed oor die studente sal hê en wat hulle nie sal strem in die ontwikkeling van die regte Afrikaner-gesindheid nie. Ons het 'n aantal goeie offisier-instrukteurs en ons mag nie hul goeie werk verongeluk deur 'n verkeerde aanstelling nie ..."[23]

Die militêre owerhede het vanweë hul voorneme om 'n dienende offisier as Dekaan van die Akademie aan te stel, geen poging aangewend om buite die UVM 'n kandidaat te werf wat oor onderrig- of bestuurservaring in die universiteitsomgewing beskik het nie. Daar bestaan ook nie getuienis dat die dekaanspos selfs binne die UVM geadverteer is

22. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.7.
23. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 34, ongenommerde brief, B.J. van der Walt – F.C. Erasmus, 8 Februarie 1951.

nie. Verdedigingshoofkwartier het eenvoudig administratief besluit om kapt. S.A. Engelbrecht, 'n genie-instrukteur aan die SA Militêre Kollege, in die dekaanspos aan te stel. Hy het in 1934 'n B.Sc.- en in 1936 'n M.Sc.-graad in Skeikunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het en dieselfde jaar by die Unieverdedigingsmag aangesluit. Hy was militêr goed gekwalifiseer en het onder meer in 1939 'n *Ordinance Officers Course* aan die *Royal Military College of Science* in Brittanje bygewoon. Hy is met ingang van 1 April 1950 as Dekaan van die Akademie aangestel en op 1 Junie 1950 tot die rang van majoor bevorder. Die Universiteit van Pretoria het hom egter nie as professor aangestel nie, maar bloot as deeltydse lektor geakkrediteer. (Hy was vir die aanbied van die vakke Metallurgie, "Sterkte van Boustowwe" en Ballistiek (almal nie-graadvakke) by die Akademie verantwoordelik.)[24] Ofskoon hy akademies aan die minimum vereistes vir die dekaanspos voldoen het, het hy klaarblyklik geen ervaring (anders as student) in die universiteitswese gehad nie en was hy in daardie opsig nie uitnemend geskik om vir die akademiese funksie van die Militêre Akademie vader te staan nie. Alhoewel hy gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die UVM gedien het, was dit, aldus Bakkes, wat gedurende die oorlogsjare met hom kontak gehad het, om den brode en nie omdat hy Suid-Afrika se deelname aan die oorlog ondersteun het nie. Hy was 'n Afrikaner wat in die dertigerjare by die UVM aangesluit het, toe Oswald Pirow as Minister van Verdediging onder die Hertzog-regering probeer het om weer die Afrikaner by die weermag te betrek. Hy het dus by Erasmus se politieke agenda met die UVM ingepas.[25]

Maj. Engelbrecht het in die praktyk geen outonomie ten opsigte van Akademie-sake geniet nie, want hy het akademies onder die toesig van die Universiteit van Pretoria gestaan en militêr moes hy na die pype van die Kommandant van die SA Militêre Kollege dans. Van die oorspronklike plan om die Militêre Akademie as 'n selfstandige tak van die SA Militêre Kollege, met sy eie diensstaat, tot stand te bring, het daar niks gekom nie. Die Akademie het bloot 'n onderafdeling van die Algemene Tak van die SA Militêre Kollege gevorm,[26] wat uit die staanspoor 'n onbevredigende reëling was. Maj. Engelbrecht het reeds in Augustus 1950 daarop gewys dat die inskakeling van die Akademie by die Algemene Tak in die toekoms ongewens kon blyk wanneer verskeie kadetkursusse gelyktydig aan die gang sou wees en die kadette elders gehuisves sou moes word. Hy het derhalwe aanbeveel dat daar onverwyld daarvoor voorsiening

24. SANWA, Personeelrekords, 00079707PR, S.A. Engelbrecht; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 71, ongenommerde brief, Registrateur UP – maj. S.A. Engelbrecht, 22 Desember 1950.
25. C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993.
26. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, geteken maj. S.A. Engelbrecht, 10 Augustus 1950.

gemaak moes word om die Akademie as 'n aparte, afsonderlike tak van die SA Militêre Kollege te vestig.[27]

Aangesien die Akademie vir die onderrig van die militêre vakke (Krygskunde I, II en II) verantwoordelik sou wees, moes daar vir die aanstelling van 'n paar militêre dosente voorsiening gemaak word. Dié dosente sou sover moontlik uit die geledere van die dienende Staandemagoffisiere getrek word. Die gedagte was dat professore by die Militêre Akademie die rang van majoor en senior lektore dié van kaptein sou dra "volgens gebruik by Universitêre inrigtings waar dosente van hoof- of tweejarige vakke die status van professor dra en die van eenjarige vakke die status van senior lektor".[28] Dit was egter met die inskakeling van die Akademie by die Universiteit van Pretoria reeds te laat in die akademiese jaar om nog betyds sodanige dosente aangestel te kry. Militêre Aardrykskunde (Krygskunde I) kon voorlopig met gewone Aardrykskunde vervang word vanweë die groot ooreenkoms tussen die twee vakke en kon dus reeds in 1950 deur die universiteitsdosente aangebied word. Militêre Geskiedenis en Militêre Reg (Krygskunde II), asook Militêre Wetenskap (Krygskunde III) is derhalwe as tweede- en derdejaarsvakke ingestel, sodat geskikte dosente eers daarvoor aangestel kon word. Militêre Geskiedenis en Militêre Reg sou derhalwe eers van 1951 af aangebied word en Militêre Wetenskap eers van 1952 af.[29]

Alhoewel Militêre Geskiedenis eers van 1951 af aangebied sou word, is daar gevoel dat dit wenslik sou wees dat die kadette reeds vooraf aan die vak bekendgestel sou word en leiding gegee sou word in verband met vooraf leeswerk wat hulle solank kon doen.[30] Die Hoof van die Generale Staf het daarop in Junie 1950 die aanstelling van maj. L.C.F. Turner (M.A., Reserwe van Offisiere), 'n krygshistorikus van die Afdeling Unie-Oorlogsgeskiedenis, wat met die boekstawing van die UVM se rol in die Tweede Wêreldoorlog belas was, vir dié doel goedgekeur.[31] In Desember 1950 het maj. Turner

27. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, geteken maj. S.A. Engelbrecht, 10 Augustus 1950.
28. SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9/1, inlae 18, brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoörd. - HGS, 13 Desember 1949.
29. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 47, dokument MC/T/12/6, geteken kapt. S.A. Engelbrecht, namens Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 16 Mei 1950; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.
30. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 122, MC/C/158G/5, inlae 1, brief MC/C/158G/5, Kmdt. SA Mil. Kol. - Ed.-in-Chief UWH Section, 8 Junie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 122, MC/C/158G/5, inlae 3, ongenommerde brief, J.A.I. Agar-Hamilton, Ed.-in-Chief UWH Section - Kmdt. SA Mil. Kol., 10 Junie 1950, 15 Junie 1950.
31. SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9/1, inlae 18, brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoörd. - HGS, 13 Desember 1949; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 53, brief CGS56/8 oor CGS56/36, HGS - Kmdt. SA Mil. Kol., 27 Junie 1950; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al., 24 Julie 1950

op versoek van die Kommandant van die SA Militêre Kollege ingewillig om teen 'n vergoeding van £200 toesig te hou oor die aanbieding van die vak Militêre Geskiedenis vir die Staandemagkadetkursus van 1951 en om self 'n groot deel van die lesings aan te bied. Die Universiteit van Pretoria het daarop ook sy aanstelling as deeltydse lektor van dié instelling met ingang van 1951 goedgekeur.[32]

Aan die akademiese kant van sy diensstaat het die Militêre Akademie tot aan die einde van 1950 slegs oor een voltydse dosent beskik, te wete, die Dekaan, maj. S.A. Engelbrecht, wat ook sekere onderafdelings (Metallurgie, Sterkte van Boustowwe en Ballistiek) van die vak Militêre Wetenskap doseer het.[33] Hy is bygestaan deur twee siviele dosente wat deeltyds by die Akademie klasgegee het.[34] Naas maj. Engelbrecht het die UVM in 1951, met die goedkeuring van die Universiteit van Pretoria, nog vier dienende Staandemagoffisiere as dosente in Militêre Wetenskap aangestel, te wete, maj. R.A. Powel (Interne Verbrandingsmotore), lt.kol. J.A. Pienaar (Springstowwe en Ammunisie), maj. T.C.B. Vlok (Radio en Radar) en lt.kol. G.D. Moodie (Wapens, Affuite en Rigmiddels).[35] Die situasie met betrekking tot die Militêre Wetenskap-dosente was van die begin af onbevredigend, deurdat hulle nie op die personeel van die SA Militêre Kollege aangestel is nie, maar hul doseerwerk bo-en-behalwe hul normale dagtaak verrig het.[36]

Die Hoof van die Generale Staf het inmiddels reeds in September 1950 'n Raad van Offisiere aangestel om aanbevelings te maak in verband met die skepping van poste en die aanstelling van dosente om die nodige akademiese staf vir die Militêre Akademie op te bou.[37] Dit het daartoe gelei dat die UVM in Januarie 1951 drie burgerlike persone as offisiere by die SA Militêre Kollege aangestel om die dosering van Militêre Aardrykskunde, Militêre Geskiedenis en Militêre Reg te behartig. Hulle was onderskeidelik kapt. H.F. Louw (M.Sc. in Aardrykskunde, U.K.O.V.S., 1947), kapt. M. (Melt) van Niekerk (M.A. (Geskiedenis), H.O.D., UP, 1948) en kapt. M.J.M. Mentz (B.A. LL.B., US, 1950). Dié dosente is op grond van hul akademiese kwalifikasies aangestel

---

32. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 69, ongenommerde brief, Registrateur UP - Maj. L.C.F. Turner, 22 Desember 1950.
33. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 71, ongenommerde brief, Registrateur UP - Maj. S.A. Engelbrecht, 22 Desember 1950.
34. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.
35. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlaes 70, 74, 75 en 76, ongenommerde briewe, Registrateur UP - Maj. R.A. Powel, lt.kol. J.A. Pienaar, maj. T.C.B. Vlok en lt.kol. G.D. Moodie, 22 Desember 1950; Vergelyk SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, Notule van 'n vergadering van die instrukteurs in Krygskunde, 6 September 1951.
36. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, "Military Academy", 10 Augustus 1950.
37. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, , inlae 1A, brief DGL0720, DGL – Hoofde van Afdelings en Kmdt. SA Mil. Kol., 11 September 1950.

en sou die nodige militêre agtergrond deur die bywoning van 'n reeks kursusse verkry. Al drie is as dosente deur die Universiteit van Pretoria geakkrediteer.[38]

Die 32-jarige[39] kapt. Van Niekerk was die enigste van die drie dosente wat 'n mate van 'n militêre agtergrond gehad het. Hy het uit 'n militêre familie gestam, deurdat sy grootvader, D.J. van Niekerk, by Barberton die spesiale veldkornet vir die Kaapse Goudvelde was, terwyl sy vader, Melt van Niekerk sr., gedurende die Anglo-Boereoorlog 'n kaptein in die Transvaalse magte was. Van Niekerk het net voor die Tweede Wêreldoorlog militêre opleiding in die *2nd Pretoria Regiment (Princess Alice's Own)* ondergaan, maar het, volgens sy eie getuienis, nie oor die diepgaande kennis van militêre sake beskik wat die opleiding van offisiere vereis het nie. Sy vader se militêre verhale het egter van jongs af by hom 'n sterk belangstelling in die Suid-Afrikaanse Krygsgeskiedenis aangewakker en sy M.A.-verhandeling was dan ook getiteld *Adolf Schiel en die Duitse Kommando*. Ervaringgewys was hy onder meer vyf jaar lank as Assistent-Argivaris by die Staatsargief werksaam, waar hy vir historiese navorsing, asook voorligting aan studente verantwoordelik was.[40] Kapt. Louw was gedurende 1945 – 1950 as junior lektor in Aardrykskunde aan die Departement Geografie van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat verbonde en het in 1945 die *Scott Memorial Medal* vir Geologie verwerf. Mentz het met sy aanstelling pas sy regstudie aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi.[41]

Maj. S.A. Engelbrecht is minder as twee jaar na sy aanstelling as Dekaan met bevordering na 'n ander vertakking van die Unieverdedigingsmag verplaas. Kapt. M. van Niekerk is daarop met ingang van 20 November 1951 in sy plek as Dekaan van die Militêre Akademie aangestel.[42] Daar is klaarblyklik geen poging aangewend om die pos te adverteer, ten einde die beste beskikbare kandidaat te probeer aanstel nie. Hierdie vroeë Dekaanswisseling is in twee opsigte vreemd: eerstens sou 'n mens verwag dat

38. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 1, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - Registrateur UP, 27 Januarie 1951; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria, 1951, S7614, "Akademiese Kwalifikasies van Voorgestelde Dosente in Krygskunde", 21 Februarie 1951; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 5, ongenommerde brief, Registrateur UP - Kol P.H. Grobbelaar, Kmdt. SA Mil. Kol., 4 April 1951; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria, 1951, R3261, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Maart 1951, p.14; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 49, brief HGS/AP/SM/2/2, HGS - Privaatsekr. Min. van Verd., 29 Januarie 1953.
39. M. van Niekerk - G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.
40. M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; Mil. Akad. Argief, bandopname van onderhoud, M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria, 1951, S7614, "Akademiese Kwalifikasies van Voorgestelde Dosente in Krygskunde", 21 Februarie 1951.
41. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria, 1951, S7614, "Akademiese Kwalifikasies van Voorgestelde Dosente in Krygskunde", 21 Februarie 1951.
42. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 207, MK/T/12/2, inlae 16, ongenommerde brief, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. - Registrateur UP, 31 Januarie 1952.

maj. Engelbrecht langer in sy pos sou bly om die Akademie behoorlik te vestig en deur sy tandekryprobleme te help; tweedens is dit van die begin af sterk beklemtoon dat die Dekaan 'n akademies gekwalifiseerde offisier van die UVM moes wees, terwyl die pos nou gevul is deur wat beskryf kan word as 'n burgerlike dosent in uniform. Van Niekerk se verklaring vir Engelbrecht se vroeë verplasing is dat daar dalk gevoel is dat laasgenoemde (wat reeds in 1936 sy M.Sc.-graad verwerf het) nie meer behoorlik in voeling met die akademies wêreld was nie en dat die Universiteit van Pretoria hom (Van Niekerk) as plaasvervanger aanbeveel het.[43] Gegewe die swak akademiese resultate van die kadette in daardie stadium,[44] is dit nie ondenkbaar dat die UVM- en Universiteitsowerhede kon besluit het om dié skuif te maak om die situasie te probeer beredder nie. Die feit dat daar nie weer 'n militêre persoon aangestel is nie, kan waarskynlik daaraan gewyt word dat daar nou meer klem op die akademiese agtergrond van die Dekaan geplaas is en daar nie 'n geskikte kandidaat binne die UVM te vinde was of vrygestel kon word nie. ('n Lys van voorgestelde dosente binne die UVM wat in Desember 1949 opgestel is, toon dat daar wel enkele offisiere met M.-grade - die minimum kwalifikasie vir die dekaanspos - in die Weermag was.[45])

Die keuse het volgens Van Niekerk se eie getuienis op hom as opvolger vir Engelbrecht geval omdat hy die enigste van die militêre dosente was wat oor 'n kwalifikasie in die opvoedkunde (H.O.D.) beskik het en 'n mate van militêre opleiding ondergaan het. Sy H.O.D. het hom sekerlik akademies effens beter as sy voorganger vir die dekaanskap toegerus. Uit 'n militêre oogpunt was hy egter presies die teenoorgestelde van wat die militêre owerhede oorspronklik in gedagte gehad het. Aan die ander kant was hy egter 'n uitgesproke Afrikanernasionalis en het dus Erasmus se politieke agenda gepas. Die moontlikheid bestaan dus dat hy op Erasmus se aandrang as Dekaan aangestel is. Erasmus het hom trouens volgens sy eie getuienis oorspronklik persoonlik genader om 'n pos as dosent by die Akademie te aanvaar. Hy ontken egter dat Erasmus hom om politieke redes genader het, maar voer aan dat dit waarskynlik op aanbeveling van die Universiteit van Pretoria geskied het, omdat hy 'n meestersgraad in "krygsgeskiedenis", wat in daardie dae 'n baie skaars kwalifikasie was, aan dié Universiteit verwerf het.[46]

---

43. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.
44. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, , inlae 44, "Jaar Rapport oor Militêre Akademie" deur Kmdt. SA Mil. Kol., g.d. (1951); SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/5/3, inlae 9, brief MC/T/12/8, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 23 Augustus 1951.
45. SANWA, AG(3) 45, AG(3)1906/9/1, inlae 18, brief GS/204/4/5, Dir. Beleidskoörd. - HGS, 13 Desember 1949.
46. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993; M. van Niekerk - G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.

Die UVM het aan die begin van 1952 'n nuwe opleidingstelsel vir Staandemagkadette ingestel, ingevolge waarvan die graadkursus na vier jaar verleng is en alle eerstejaarsvakke oor 'n tydperk van twee jaar deur militêre dosente by die Militêre Gimnasium, die Lugmaggimnasium, SA Militêre Kollege, die SA Lugmagkollege en Akademie aangebied sou word.[47] (Die kadette was gedurende hul gimnasiumjaar bedags voltyds met militêre opleiding besig en kon dus nie by die Universiteit van Pretoria klasloop nie.) Dié nuwe opleidingstelsel het 'n behoefte aan addisionele militêre dosente geskep, wat daartoe gelei het dat vier nuwe dosente in die loop van 1952 by die Akademie aangestel is, te wete, kapt. E. Pienaar (Ekonomie) kapt. D.J. Marais (Wiskunde), kapt. J.E. Potgieter (Fisika) en luit. W.J. Berg (Chemie, asook Navigasie).[48] Teen die helfte van 1952 het die Akademie dus reeds oor sewe voltydse dosente beskik, met die moontlikheid dat 'n dosent in Staatsleer ook binnekort aangestel sou word.[49] Daarby het die UVM ook deeltydse burgerlike dosente in diens geneem om die onderrig van akademiese vakke by afgeleë opleidingsinstellings aan te bied, aangesien die Akademie-dosente dit nie alles gelyktydig kon behartig nie.[50]

Die swak besoldiging en gebrekkige loopbaanvooruitsigte van die militêre dosente, die onbekendheid van die Akademie en die traagheid van die Staatsdienskommissie om te midde van personeeltekorte in die Staatsdiens goedkeuring vir die oorplasing van staatsamptenare na die Militêre Akademie te verleen, het dit baie moeilik vir die UVM gemaak om betyds geskikte dosente aangestel te kry. Daar moes dus dikwels tydelike, deeltydse dosente, hoofsaaklik uit die dosentekorps van die Universiteit van Pretoria, aangestel word tot tyd en wyl vakatures gevul kon word.[51]

Kapt. Van Niekerk het dit inmiddels vanweë 'n oorvol werksprogram onmoontlik gevind om reg aan sy doseertaak te laat geskied. Naas sy menigvuldige verpligtinge as Dekaan het die militêre owerhede hom ook as sekretaris van die UVM se Van Riebeeck-

47. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, Notule van 'n vergadering van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 18 Oktober 1951; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952.

48. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1952 Deel I, R3419, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 25 Maart 1952; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 49, brief HGS/AP/SM/2/2, HGS - Privaatsekr. Min. van Verd., 29 Januarie 1953; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.7.

49. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

50. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.5.

51. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 43, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. - Min. van Verd., 28 April 1952; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3382, Notule van 'n vergadering van die Vakansiekomitee van die Raad, 10 Desember 1951; Vergelyk ook SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, verskeie korrespondensiestukke i.v.m. die aanstelling van militêre dosente; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 103, brief MK/F/6/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – Hoof Dept. Aardrykskunde UP, 28 Julie 1953.

feeskomitee aangestel. Hy het die Weermag se bydrae in 'n lywige dokument uitgewerk en moes te midde van al sy ander werksaamhede heen en weer Kaap toe vlieg om reëlings in verband met die feesverrigtinge te tref. Hy het sy probleme en frustrasies in dié verband herhaaldelik aan die Kommandant van die SA Militêre Kollege voorgelê en die aanstelling van 'n voltydse Dekaan bepleit; hy was selfs bereid om die Dekaanskap aan 'n beter gekwalifiseerde akademikus af te staan en op sy aanstelling as dosent terug te val.[52] Die militêre owerhede het uiteindelik magtiging verleen vir die deeltydse aanstelling van dosente van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria om Van Niekerk se werkslas te verlig. Kapt. Van Niekerk moes egter steeds 'n gedeelte van die doseerwerk self behartig, onder meer omdat die Universiteit van Pretoria nie oor krygshistorici beskik het wat met die aanbied van suiwer krygsgeskiedenis behulpsaam kon wees nie.[53]

Die administratiewe en militêre sy van die Akademie se diensstaat het insgelyks veel te wense oorgelaat. Daar is klaarblyklik 'n tikster en 'n klerk of twee spesifiek vir die Akademie aangestel, maar die personeel van die SA Militêre Kollege het die meeste van die gewone administratiewe pligte van die Akademie (soldy, akkommodasie, uitrusting, ens.) behartig. Die Akademie het nie oor 'n registrateur beskik wat die roetine-administrasie van akademiese aangeleenthede kon behartig nie; die Dekaan moes dit self doen. Die enkele tikster wat aan die Akademie toegesê is, kon nie naastenby tred hou met tikwerk wat uit die doseertaak van die dosente en die administrasie van die instelling voortgespruit het nie. Die SA Militêre Kollege het wel 'n Akademiesersant-majoor (die eerste bekleër was die latere 'n genl.maj. F.W. Loots), asook 'n drietal militêre instrukteurs aan die Akademie toegesê, maar die Akademie het nooit sy eie, eksklusiewe regimentspersoneel gehad nie. Die Akademie se regimentspersoneel was tot die beskikking van die hele Kollege en die Akademie het beperkte seggenskap en weinig beheer oor hulle gehad. Vakatures wat deur bedankings en verplasings ontstaan het, het soms vir maande ongevul gebly, terwyl die militêre instrukteurs van die Akademie vir lang tye tot die Wapenleertak toegevoeg is.[54]

---

52. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.
53. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 72, ongenommerde brief, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. - LSH, 17 April 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 92, brief AG(1) 395/3/30, AG - Kmdt. SA Mil. Kol., 25 Junie 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 134, brief F/6/2, Kmdt. SA Mil. Kol. - LSH en AG, 26 Februarie 1954; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 144, brief F/6/2, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. - LSH en AG, 2 Mei 1954; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 145, brief AG(1)395/3/30, AG - Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Mei 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.29.
54. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20

Die bevel en beheer van die Akademie was ná maj. Engelbrecht se verplasing nie bevorderlik vir die ontwikkeling van dié instelling nie. Alhoewel maj. Engelbrecht, soos vroeër aangetoon, nie outonomie oor die doen en late van die Akademie gehad het nie, was hy 'n beroepsoldaat en het hy as sodanig sekerlik die vertroue van die Kommandant van die SA Militêre Kollege en Verdedigingshoofkwartier geniet. Dit het hom minstens 'n sterk inspraak in Akademie-sake gegee. Met kapt. Van Niekerk was dit heeltemal anders gesteld. Sy aanstelling as Dekaan was na sy eie mening bloot 'n aanstelling in naam . Hy is nie tot die rang van majoor, wat aan die Dekaanspos gekoppel was, bevorder nie, het geen vergoeding daarvoor ontvang het nie en moes boonop tot in 1953 (toe sy doseertaak effens deur die aanstelling van deeltydse dosente verlig is) steeds sy volle pligte as dosent in Militêre Geskiedenis nakom.[55] Van Niekerk kon vanweë sy gebrek aan militêre kennis nie oor die militêre opleiding van die kadette beheer uitoefen nie, met die gevolg dat dié taak na die regimentspersoneel van die Militêre Kollege verskuif het. Die Dekaan was derhalwe voortaan net vir die akademiese onderrig van die kadette verantwoordelik en het geen inspraak in die militêre sy van hul opleiding gehad nie.[56] Die direkte militêre bevel oor die kadette het ná Van Niekerk se aanstelling as Dekaan aanvanklik by die Adjudant van die SA Militêre Kollege berus, met die Akademiesersant-majoor en sy militêre instrukteurs as die uitvoerende gesag. Gedurende 1952 het daar egter 'n kadetvleuel onder 'n eie bevelvoerder tot stand gekom, wat voortaan die militêre opleidingsfunksie behartig het.[57] Dit was volgens 'n latere Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs, "bepaald die ideale toestand wat ook by 'n selfstandige militêre akademie sal geld. Die Dekaan staan aan die hoof van die akademiese opleiding en 'n soldaat is in bevel van die hele organisasie en spesifiek verantwoordelik vir die militêre opleiding."[58] Hoe korrek dié uitspraak in beginsel ook al mag klink, het hierdie stap die beheer oor die Akademie reeds in sy geboorte-uur in twee geskeur en negatief op die harmonisering van die gesamentlike militêr-akademiese opvoedingstaak van dié instelling ingewerk.

Aldus Van Niekerk is die dosente ook administratief "onder [die] sogenaamde Kadette-vleuel geplaas wat in werklikheid daarop neerkom dat hulle onder die liggaamlike

November 1952, pp.26 - 29; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

55. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

56. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

57. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953.

58. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

opleidingstak van die Kollege werk."[59] Genl. M.A. de M. Malan, latere Hoof van die Weermag en Minister van Verdediging, wat onder die eerste 30 studente was wat in 1950 by die Akademie ingeskryf het, bevestig die onderhorige posisie van die Dekaan. Volgens hom het die Dekaan na maj. Engelbrecht se verplasing "nie veel van 'n rol gespeel nie" en was hy en sy lektore nie deel van die "saakmakende en besluitnemingsituasie" nie; die bevelvoerder van die kadetvleuel, maj. D.S. Pretorius, was die "saakmakende" persoon ten opsigte van die kadetkursus.[60] Die Dekaan het ook sy administratiewe gesag na buite grootliks verloor. Waar hy vroeër akademiese aangeleenthede, uitgesonderd beleidsake, direk met die Universiteit van Pretoria kon uitklaar, het die Hoof Administratiewe Offisier van die Militêre Kollege nou alle korrespondensie van die Akademie hanteer. Die Dekaan het sy tikster verloor en moes sy korrespondensie, wat hy voorheen aan die tikster kon dikteer of direk kon laat tik, in handskrif opstel en aan die Hoof Administratiewe Offisier of die Kommandant van die Kollege vir goedkeuring en deursending aan die tiksters voorlê.[61]

Die feit dat Van Niekerk nie tot majoor bevorder is nie en so 'n ondergeskikte posisie by die SA Militêre Kollege beklee het, het hom in 'n onbenydenswaardige situasie geplaas. Hy het nie alleen dieselfde rang beklee as sy kollegas oor wie hy beheer moes uitoefen nie, maar hy het ook 'n junior rang in die hiërargie van die Militêre Kollege en die UVM beklee, wat dit moeilik gemaak het om hom in die militêre milieu te handhaaf en sy stempel op die Akademie af te druk. Soos hy dit self in 'n skrywe aan die Waarnemende Kommandant van die SA Militêre Kollege gestel het:

> "In sulke omstandighede is dit onmoontlik vir die Dekaan om sy posisie met gesag te beklee en die status wat daaraan verbonde behoort te wees, te handhaaf. Die Dekaan se werk bring mee dat hy dikwels met die mees gesiene akademici in die hoogste opvoedkundige inrigtings in die land moet onderhandel. Sy werksaamhede voer hom ook net so dikwels na die hoogste weermagoffisiere van al drie Dienswapens ... Waar rang so 'n belangrike rol in militêre aangeleenthede speel, is dit maklik te verstaan dat die Dekaan dikwels in 'n verleë posisie verkeer. Neem byvoorbeeld die plek wat hy noodwendig op gesamentlike komitees moet inneem, soos o.m. in die Universiteit se Studiekomitee. Die gewone lede van die Komitee het reeds van Weermagsy die mees seniorrange (sic.) – tot by Brigadier – ingesluit. Dit beteken dat die

59. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.
60. M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
61. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.

> Dekaan wat in daardie komitee 'n sleutelposisie beklee, dikwels in 'n moeilike situasie beland. Soms is hy genoodsaak om met die mening van seniorrange oor akademiese aangeleenthede, te verskil. Omgekeerd – omdat die sake van die Militêre Akademie hom van beide kante beter bekend is – moet hy ook aan die universiteitsoutoriteite die nodige leiding gee. In so 'n situasie is dit moeilik vir die lede om die Dekaan se leiding te aanvaar, omdat hulle reeds bewus is van die feit dat die seniorrange in die komitee in militêre aangeleenthede met groter gesag praat, en eerbiedig moet word."[62]

Dit wil voorkom of kapt. Van Niekerk se pleidooie in verband met die Dekaan se status nie noodwendig op dowe ore geval het nie, maar dat hy waarskynlik nie senior genoeg vir die Dekaanskap geag is nie. Die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs het in Maart 1954 die mening uitgespreek dat die Dekaan "n ervare akademikus moet wees wat redelik hoog aangeskrewe moet staan in die akademiese wêreld ... [aangesien] die Akademie se status ... baie afhang van sy doserende personeel en veral sy dekaan ... 'n tweede vereiste is dat die dekaan moet belangstel in militêre aangeleenthede. Dit word verder voorgestel dat die dekaan in 'n burgerlike hoedanigheid aangestel moet word en dat die salaris aan die pos verbonde, gelyk moet staan aan dié van 'n professor."[63] 'n Burgerlike dekaan en dosente sou waarskynlik onder omstandighede nie 'n slegte oplossing gewees het nie, aangesien die militêre owerhede haas geen moeite gedoen het om die akademiese staf militêr te bekwaam nie en hulle in elk geval net by die akademiese onderrig van die kadette betrokke was. Dit sou bes moontlik ook die wrywing tussen die akademiese personeel en die offisiere van die SA Militêre Kollege, soos hieronder bespreek, uitgeskakel het.

Die situasie van die militêre dosente by die Akademie was van die begin af alles behalwe rooskleurig. Hulle het oor die algemeen geen militêre agtergrond of ervaring gehad nie en het hulle ontuis in die militêre omgewing gevoel. Elementêre drilkursusse is wel by die Akademie vir hulle aangebied, maar slegs enkeles het die geleentheid benut om hulself verder militêr te bekwaam, deur ander militêre kursusse by te woon wanneer hul akademiese verpligtinge dit wel toegelaat het. Hulle vergoeding was swak en hulle kon nie militêr of akademies vorder om dit te verbeter nie; diegene wat moontlik in 'n militêre loopbaan belanggestel het, kon as gevolg van hul akademiese verpligtinge nie die vereiste bevorderingskursusse en praktiese ervaring bybring nie; akademies het die diensstaat van die Akademie haas geen bevorderingsmoontlikhede gebied nie. Dié

62. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953.

63. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

toedrag van sake het tot 'n betreklik hoë personeelwisseling by die Akademie gelei.[64] Kol. P.J. Jacobs was van mening dat die enigste oplossing sou wees om die lektorsposte in burgerlike poste te omskep en die salarisskale van die dosente minstens in ooreenstemming met dié van die Universiteit van Pretoria te bring.[65]

Die verhouding tussen die akademiese personeel, veral die Dekaan, en die militêre personeel van die SA Militêre kollege het veel te wense oorgelaát. Die offisiere van die Kollege was, soos baie van hul kollegas in die res van die UVM, volgens Van Niekerk uiters negatief teenoor die hele gedagte van graadstudie vir offisiere; hulle het offisiere geword sonder 'n universiteitsgraad en kon nie die nut daarvan insien nie. Die beroepsoffisiere van die Kollege het volgens Van Niekerk neergesien op die dosente wat na hul mening vanweë hul gebrek aan opleiding nie hulle offisiersrange waardig was nie en was dikwels snedig en neerhalend in hul optrede teenoor die dosente. Dié gesindheid het na die studente oorgespoel, sodat hulle ook 'n half minagtende houding teenoor die dosente ingeneem het. Die verhouding tussen maj. Van Niekerk en die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs, was veral swak. Jacobs het hom dikwels tot sy irritasie minagtend net op sy van aangespreek. Die nydigheid van sy militêre kollegas het duidelik geblyk toe hulle soos een man hul rug op hom gedraai en uitgestap toe hy na sy bevordering tot majoor vir die eerste keer die teekamer met sy nuwe rangkentekens binnegekom het.[66]

Alle skuld vir die swak verhouding tussen die akademiese en militêre komponente van die Akademie, asook die teenkanting wat die Akademie in die res van die UVM ontlok het, kan egter nie voor die deur van die Kommandant van die SA Militêre Kollege en sy offisiere enersyds en 'n "vyandige" UVM-offisierskorps andersyds gelê word nie; 'n deel daarvan moet ook voor Van Niekerk se eie deur en dié van die Minister van Verdediging persoonlik gelê word. Minister Erasmus het klaarblyklik die gewoonte gehad om die militêre bevelskanale te ignoreer en sake direk met ondergeskikte offisiere en ander range te bespreek, sonder om die betrokke bevelvoerder of die Hoof van die Generale

---

64. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.9; C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk - F.C. Erasmus, 1 April 1954; M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952]; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.1, 29 – 30, 34 - 37; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

65. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

66. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993; E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

Staf, ens., in die saak te ken. Dié soort ondermyning van militêre dissipline het onder meer in 1950 tot genl. Len Beyers se bedanking as Hoof van die Generale Staf gelei, skaars ses maande nadat hy daardie pos aanvaar het.[67] Van Niekerk het dan ook volgens sy eie getuienis "elke Sondagoggend" by Erasmus gaan tee drink en "wederregtelik" Akademiesake met hom bespreek, omdat dit "die enigste manier was wat hy (Erasmus) kon weet wat regtig aangaan."[68] Die rede vir dié optrede was dat, aldus Van Niekerk, baie van die offisiere uit die Smuts-bewind steeds in die UVM was en Erasmus se skepping van 'n volksleër met weersin aanskou het; hulle het die Akademie met hand en tand beveg en daarom was hy genoodsaak om hom tot hierdie Sondagoggenduitstappies te wend. Wat ook al Van Niekerk se beweegredes was, sy geheime onderhandelings met Erasmus sou hom sekerlik nie 'n gewilde man in die UVM in die algemeen en by die SA Militêre Kollege in die besonder, gemaak het nie. Trouens, kol. Jacobs het hom by geleentheid summier laat arresteer en aanhou toe hy Erasmus, wat hom daarheen ontbied het, direk op kantoor gaan spreek het. Hy moes hom uiteindelik direk op die Minister beroep om uit dié penarie te kom.[69]

Die atmosfeer by die Kollege was dus alles behalwe bevorderlik vir die doelgerigte ontwikkeling van die Militêre Akademie. Van Niekerk het dit daarby onmoontlik gevind om te midde van sy dubbele aanstelling in die Fakulteit en sy gebrek aan status reg aan sy taak as Dekaan te laat geskied. Hy het sy probleme en frustrasies in dié verband herhaaldelik aan die Kommandant van die SA Militêre Kollege voorgelê en die aanstelling van 'n voltydse Dekaan, met die nodige gesag en vergoeding, bepleit; hy was selfs bereid om die Dekaanskap aan 'n beter gekwalifiseerde akademikus af te staan en op sy aanstelling as dosent terug te val.[70] Hy is uiteindelik in Februarie 1954 na die rang van majoor bevorder, oënskynlik met die vooruitsig om as voltydse Dekaan aangestel te word.[71] Die Akademie was in daardie stadium inderdaad op die punt om 'n totaal nuwe koers in te slaan, maar Van Niekerk was, volgens sy eie getuienis, reeds so gefrustreerd met die weerstand en die gebrek aan begrip waarteen hy hom telkens vasgeloop het in sy in sy pogings om die Akademie tot 'n volwaardige militêr-akademiese opvoedingsinrigting uit te bou, dat hy met ingang van 1 April 1954 bedank

67. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.26.

68. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.; Vergelyk ook M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.

69. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.

70. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 6, ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Maart 1953; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

71. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, 9 Februarie 1954; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.

het en 'n aanstelling in die bemarkingsafdeling van die tekstielfirma *Veka* aanvaar het.[72] Die omstandighede wat die Akademie op die nuwe koers geplaas het, asook Van Niekerk se rol in dié verband, word in 'n latere afdeling volledig bespreek.

Met Van Niekerk se bedanking het die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs, vir kapt. M.J. Barnard, dosent in Militêre Aardrykskunde, as 'n tydelike, huishoudelike maatreël aangestel om die Administrasie van die Akademie te behartig. Hy was in daardie stadium nog skaars 'n maand by die Akademie, maar was die mees ervare akademikus in die geledere van die dosente.[73] Kapt. Barnard het aan die begin van 1955 om die Dekaanspos aansoek gedoen, maar die militêre owerhede het besluit om hom nie aan te stel nie en mettertyd die pos te adverteer, ten einde iemand met 'n hoër akademiese status vir die pos te werf.[74] Barnard het daarop uit die UVM bedank, waarop kapt. J.E. Potgieter, dosent in Fisika klaarblyklik voorlopig die leisels by hom oorgeneem het.[75]

Maj. Van Niekerk was met sy bedanking verantwoordelik vir die aanbied van Militêre Geskiedenis I by die Akademie self, asook vir die doseer van Militêre Geskiedenis II by die Universiteit van Pretoria. Dit was van kritieke belang dat die vakature wat met sy bedanking ontstaan het, dadelik gevul moes word, aangesien die Universiteit self nie vir die aanbied van Militêre Geskiedenis voorsiening gemaak het nie. Om dié probleem te oorbrug, is C.M. Bakkes, wat in die proses was om as luitenant in die Staande Mag aangestel te word en as hulpdosent in Militêre Geskiedenis aan die Akademie geleen sou word, met die rang van kaptein permanent in Van Niekerk se plek aangestel.[76] Vanweë die feit dat daar teen die begin van 1954 nog geen aanstelling mbt die dosentskap in Staatsleer aan die Militêre Akademie gemaak was nie,[77] was kapt. Bakkes ná sy aanstelling as dosent in Militêre Geskiedenis, ook saam met 'n dosent (deeltyds) van die Universiteit van Pretoria vir die aanbied van Staatsleer vir die militêre studente verantwoordelik.[78]

72. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.
73. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH en AG, 6 Maart 1954.
74. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGL3010P, LSH – HGS, 14 Januarie 1955; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 157, brief DGL3010, LSH - Kmdt. SA Mil. Kol., 26 Januarie 1955.
75. E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, pp.12, 80.
76. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 135, brief F/6/2, Kmdt. SA Mil. Kol. - LSH en AG, 3 Maart 1954.
77. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 134, brief F/6/2, Kmdt. SA Mil. Kol. - LSH en AG, 26 Februarie 1954.
78. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 141, ongenommerde brief, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. - AG, 6 Mei 1954.

## 2.3 DIE WERWING, KEURING EN DIENSVOORWAARDES VAN DIE STUDENTE

Soos in hoofstuk 1 aangetoon, was dit die UVM se voorneme dat alle toekomstige offisiere van die Leër en die Lugmag deur die Akademie tot dié weermagsdele sou toetree. Die veronderstelling was voorts dat die kostelose militêre graadstudie (boonop met soldy) en die vooruitsig van 'n aantreklike loopbaan as offisier in die Staande Mag, soveel aansoeke vir die Akademie sou lok, dat die UVM in staat sou wees om die room vir sy offisierskorps af te skep. Met beide die Militêre Gimnasium, die werwingsbron van die Akademie, en die Militêre Akademie self nog onbekend, het die militêre owerhede vermoedelik gevrees dat die werwingspoel te klein sou wees en besluit dat, minstens wat die eerste kadetkursus betref, kandidate naas die Militêre Gimnasium ook vanuit die burgerlike sektor (insluitende die Staatsdiens) tot die Akademie toegelaat sou word.[79]

Die UVM het van 1949 af jaarliks met behulp van die Staatsinligtingskantoor, werwingspamflette, werwingspraatjies by skole, koerantberigte, radiopraatjies, ens., 'n omvattende werwingsveldtog vir die beide die Militêre Gimnasium (van 1952 af ook vir die Lugmaggimnasium) en die Militêre Akademie geloods. Ongetroude, tweetalige, blanke, medies geskikte jong mans, wat minstens oor 'n standerd VII-sertifikaat beskik het, tussen 16 en 22 jaar oud was, en 'n loopbaan in die Leër of Lugmag wou volg, is uitgenooi om aansoek te doen vir toelating tot die Gimnasiums aan die begin van elke jaar.[80] Diegene wat tussen 17 en 21 jaar (later 16 –18 jaar vir die Lugmag en 16 – 20 jaar vir die Leër en die Vloot[81]) oud was en oor 'n matrieksertifikaat met Afrikaans, Engels, Wiskunde en Fisika (of Skeikunde of Natuurkunde of Meganika) beskik het (of aan die einde van 1949 sodanige sertifikaat sou verwerf en agterna bewys daarvan kon lewer) kon ook vir toelating tot die Akademie in aanmerking kom.[82] Die vakvereistes vir toelating tot die kadetkursus is later na slegs Afrikaans, Engels en Wiskunde verander. Met die opheffing van Wiskunde as verpligte vak vir die B.A.(Mil.)-kursus het matriekwiskunde slegs 'n aanbeveling vir daardie kursus geword.[83] Die UVM het aanvanklik vanweë die groter waarde wat aan die B.Sc.(Mil.)-graad geheg is, besluit om jaarliks slegs 25% van die kandidate tot die B.A.(Mil.)-rigting toe te laat. Hulle het egter

79. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 11, AG(3)2502/17 (Omsendbrief nr. 77), Wnd. AG – Bevelvoerende Offisiere van Kmdmte., etc., 18 Augustus 1949; SANWA, MV/EF 136, MV130/1, inlae 7, brief CGS56/36, Wnd. HGS – Min van Verd., 16 Februarie 1950.
80. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 20, HGS45/16 oor HGS56/36 en HGS60/19, Wnd. HGS – Min. van Verd., 7 September 1949; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1, inlae 20, brief AG(6W)1/4, AG – Sekr. van Verd., 6 November 1953.
81. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1, inlae 20, brief AG(6W)1/4, AG – Sekr. van Verd., 6 November 1953.
82. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 24(a), vorm D.D.47, Opleiding van Kadette, g.d.; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 1A, brief DGL0720/2, Direkteur-generaal Lugmag – Hoofde van Afdelings, etc., 11 September 1950.
83. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1, inlae 20, brief AG(6W)1/4, AG – Sekr. van Verd., 6 November 1953.

wel toegewings na gelang van die aanvraag gemaak, sodat tien van die 28 kandidate wat vir 1951 aanvaar is, byvoorbeeld tot die B.A.(Mil.)-rigting toegelaat is.[84]

Aan diegene wat tot die kadetkursus toegelaat is, is besondere gunstige diensvoorwaardes in vergelyking met burgerlike studente aangebied, wat menige jong man wat nie andersins universiteitsopvoeding sou kon bekostig nie, die geleentheid gebied het om 'n graad te verwerf. Benewens 'n maandelikse soldy en vry losies, het die kadette ook gratis mediese dienste en 'n uniform ontvang, terwyl die UVM ook die noodsaaklikste handboeke aan hulle voorsien het. Daarby was hulle uiteraard ook van 'n betrekking verseker wanneer hulle hul studie voltooi het, ofskoon hulle 'n proeftydperk van ses maande na verwerwing van hul grade moes dien alvorens hulle permanent as offisiere aangestel kon word.[85] Die kadette sou voorts 21 dae verlof gedurende die Universiteit van Pretoria se wintervakansie en 30 dae gedurende die somervakansie ontvang. (Aangesien die UVM se regulasies slegs vir 30 dae verlof per jaar voorsiening gemaak het, sou die akademiese klasse vir die orige periode gesluit word om die nodige onderbreking in hul studie te bewerkstellig; daar sou klaarblyklik wel in daardie tydperk met militêre opleiding voortgegaan word.)[86] Kadette sou nie toegelaat word om trou nie; die UVM regulasie het bepaal dat geen offisier in die huwelik mag tree voor hy die ouderdom van 25 jaar bereik het nie. Diegene wat nie hul studie voltooi het nie, sou uit die UVM ontslaan word, of indien hulle so verkies het, in die geledere aangestel word in enige vakante poste wat beskikbaar was en waarvoor hulle geskik geag is. 'n Kadet kon ook in enige stadium ontslaan word as sy gedrag, diens of vordering nie na wense was nie, of as dit geblyk het dat hy nie 'n bekwame offisier sou uitmaak nie.[87] Kadette wat hul eerste akademiese jaar gedruip het, maar tog belofte getoon het, kon op aanbeveling van die Universiteitsowerhede die geleentheid gegee word om hul eerstejaar te herhaal. Hulle sou telkens tot die inkomende kursus toegevoeg word.[88]

---

84. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 40, seinberig LFB073, DGL – HGS, 12 Februarie 1951; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 41, seinberig G1071, HGS - DGL, 12 Februarie 1951.
85. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 24(a), vorm D.D.47, Opleiding van Kadette, g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/3, inlae 1, "Opleiding van beroepsoffisiere aan die Militêre Akademie", 4 November 1952.
86. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 1A, brief DGL0720/2, DGL – Hoofde van Afdelings, etc., 11 September 1950.
87. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 36, brief DGL0720/2, LSH – AG, 7 Februarie 1952; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 41, Wnd. AG – LSH, etc., 11 November 1952.
88. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 1A, brief DGL0720/2, DGL – Hoofde van Afdelings, etc., 11 September 1950.

Van die kadette is verwag om 'n ooreenkoms[89] te onderteken wat onder meer bepaal het dat hulle na die verwerwing van hul grade minstens sewe jaar lank as offisiere in die UVM sou dien, of 'n bepaalde bedrag aan die Staat sou terugbetaal as hulle voor daardie tyd bedank of uit die Mag ontslaan word.[90] Gedurende 1952 het die UVM egter bepaal dat kadette voortaan nie meer bogenoemde ooreenkoms hoef te onderteken nie, maar dat hulle voortaan by hul toelating tot die Akademie by die SA Staande Mag sou aansluit, sodat die gewone regulasie met betrekking tot afkoop by diensverlating ook op hulle van toepassing sou wees. Diegene wat volgens die nuwe stelsel (kortdienskommissies versus graadstudie, wat hieronder bespreek word) gekeur is om twee jaar voltyds aan die Universiteit van Pretoria te studeer, moes egter 'n onderneming teken dat hulle ná die verwerwing van hul grade vier jaar lank (dubbel hul studietyd) in die UVM sou dien.[91]

'n Bepaling in die diensvoorwaardes van die kadette wat vir baie jare daarna nog probleme sou oplewer, was dat hul eerste aanstelling in volgorde van verdienstelikheid[92] sou geskied. Dit het beteken dat die studente se ansiënniteit (senioriteit) as offisiere by eerste aanstelling deur hul klasposisies bepaal sou word; die student wat dus akademies en militêr die beste prestasie behaal het, het die hoogste ansiënniteit verwerf.[93] Daar is in 1954 bepaal dat by die bepaling van klasposisies, die punte wat 'n kadet vir sy akademiese vakke verwerf het in die verhouding van 4:1 sou staan teenoor die punte wat hy vir militêre opleiding verwerf het.[94] Dit was veral die Lugmag wat met die implementering van die kortdienskommissiestelsel beswaar daarteen gemaak het dat diegene wat grade behaal het hoër ansiënniteit sou verwerf as hul makkers wat nie die graadopsie gevolg het nie. (Die Lugmag het in Desember 1953 bepaal dat militêre opleiding in die geval van lugmagkadette 75% sou tel en akademiese vakke slegs 25%.[95]) Die gevoel was dat daardie beleid te veel klem gelê het op die akademiese sy van offisiersopleiding ten koste van militêre kennis en ervaring, veral in die geval van vlieëniers; diegene wat kortdienskommissies aanvaar het, het byvoorbeeld bekwame vegvlieëniers geword gedurende die twee jaar wat hul kollegas agter die boeke

---

89. MV/EF 136, MV130/1, inlae 37(b), vorm D.D. 1053, "Onderneming deur Kadette van die Suid-Afrikaanse Staande Mag; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 30(a), vorm D.D. 1053, "Undertaking by South African Permanent Force Cadets."

90. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 24(a), vorm D.D.47, Opleiding van Kadette, g.d.

91. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 36, brief DGL0720/2, LSH – AG, 7 Februarie 1952; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 41, Wnd. AG – LSH, etc., 11 November 1952.

92. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol. 1, Notule van Vyfde Vergadering van Verdedigingstafraad, 13 November 1951.

93. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 24(a), vorm D.D.47, Opleiding van Kadette, g.d.

94. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G, ongenommerde inlae, "Gewigtoekenning vir Vakke: SA Staande Magkadette: Kursus 188G", g.d.

95. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/8/4, inlae 37, brief DGAF/SOFT/204/20/Tr, Lugstafhoof – Bev. 1 Groep, SAL.M. en Kmdt. SA Mil. Kol., 3 Desember 1953.

deurgebring het en feitlik geen militêre ervaring opgedoen het nie. Die Lugstafhoof was van mening dat militêr-tegniese vaardighede vir die offisier van deurslaggewende belang was en dat dit daarom onbillik was dat diegene wat grade verwerf het hoër ansiënniteit geniet het as hul kollegas wat in stede daarvan twee jaar ervaring in die praktyk opgedoen het. Wat die kadetkursus self betref, het die Lugstafhoof daarop aangedring dat die lugmagkadette se punte vir akademiese vakke en vliegopleiding 50% elk moes tel by die berekening van klasposisies.[96] Die Hoof van die Generale Staf het klaarblyklik voet by stuk gehou wat die ansiënniteit van graduandi betref, aangesien leierskap, intelligensie en deursettingsvermoë na sy mening op die duur belangriker was as militêre bekwaamheid (soos om 'n goeie vlieënier te wees); hy het egter skynbaar die Lugstafhoof gelyk gegee wat die berekening van die lugmagstudente se punte vir die bepaling van klasposisies betref.[97]

Die kandidate wat om toelating tot die Akademie aansoek gedoen het, het voor 'n keurraad bestaande uit die Hoof van die Generale Staf (wat ook die President van die Raad was), die Leërstafhoof, die Lugstafhoof, die Adjudant-generaal en 'n sekretaris, verskyn. (Met die toelating van kadette van die Marinierskorps en die Vloot, het die Vloot- en Marinierstafhoof ook op die Raad gesit.)[98] Naas deeglike ondervraging deur die keurrraad, is die kadette ook aan 'n reeks aanleg, intelligensie- en persoonlikheidstoetse onderwerp om te bepaal of hulle aan die eise van offisierskap en akademiese studie voldoen het.[99]

Die reaksie op die eerste werwingsveldtog was ver onder die verwagting. Die Militêre Gimnasium het aan die einde van Januarie 1950 sy deure met 'n skamele 108 kwekelinge teenoor sy goedgekeurde sterkte van 300 kandidate geopen. Slegs 30 van die kandidate het oor matrieksertifikate beskik en dus potensieel vir toelating tot die

---

96. SANWA, KG K43, L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/1002/P3, Lugstafhoof – HGS, 15 April 1954; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 6, brief DGAF/TR/1002/P3, Lugstafhoof – HGS, 20 April 1954; SANWA, KG K43, L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/1002/P3, Lugstafhoof – HGS, 11 November 1954.

97. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 7, brief CGS/GPT/1/2/5 HGS – Lugstafhoof, 30 April 1954; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 8, brief HGS/GPT/1/3/1 HGS – Lugstafhoof, 28 Januarie 1955.

98. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 56, AG(1)1906/9 (Sirkulêre No. 20), Wnd. AG – Hoofde van Afdelings, etc., 25 Februarie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1, inlae 1, AG(1)1906/9 (Sirkulêre No. 114), AG – Hoofde van Afdelings, etc., 28 Februarie 1950; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 50, AG(1)874/231 (Sirkulêre No. 107), AG – Hoofde van Afdelings, etc., 16 November 1951; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 168, MK/K/227G, inlae 3, AG(1)8 – AG(6W) (Sirkulêre No. 1), AG – Hoofde van Afdelings, etc., 7 Januarie 1952; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1, inlae 32, brief AG(1)933/19, AG – Leërstafhoof, etc., 18 Oktober 1954.

99. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 207, MK/T/12/4 , inlae 1, "selection – PF Cadets", g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1 , inlae 22, brief MK/F/6/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Personeelnavorsingsraad, etc., 30 November 1953; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 24(a), vorm D.D.47, Opleiding van Kadette, g.d.

Akademie gekwalifiseer.[100] Klaarblyklik danksy aansoeke uit die Staatsdiens en die privaatsektor het daar uiteindelik tog gedurende 27 Februarie tot 8 Maart 1950 altesaam 179 kandidate voor die Akademie-keurraad verskyn. Van hulle is slegs 71 geskik bevind vir toelating tot die Akademie, sodat die verlangde 30 kandidate vir die eerste kadetkursus dus uit 'n baie klein poel gekeur is. Van die 71 aanvaarbare kandidate was 41 uit die Transvaal afkomstig, 18 uit die Kaapprovinsie, agt uit Natal, drie uit die Vrystaat en een uit Suidwes-Afrika. Altesaam 55 van hulle wou in die Lugmag dien, terwyl slegs 12 die Leër verkies het en vier geen keuse uitgeoefen het nie.[101] Die Keurraad het die meeste Engelssprekende kandidate op grond van hul gebrekkige kennis van Afrikaans afgekeur, sodat daar net een Engelssprekende was onder die 30 kandidate wat aanvaar is.[102]

Die getal aansoeke vir die tweede inname van die Gimnasium en die Akademie was weer laag, sodat UVM in Desember 1950 die werwingstydperk met 'n maand tot 28 Februarie 1951 verleng het, ofskoon die Militêre Gimnasium reeds op 1 Februarie 1951 met die nuwe kadetkursus begin het.[103] Ofskoon die Gimnasium se inname vir 1951 uiteindelik dubbel die getal van 1950 was,[104] het daar uiteindelik slegs 101 kandidate voor die Akademie-keurraad verskyn, waarvan slegs 29 aanvaarbaar bevind is. Net 28 van hulle is uiteindelik tot die kadetkursus toegelaat.[105]

'n Nypende tekort aan jong offisiere en teenkanting teen graadopleiding vir offisiere aan die een kant en 'n hoë uitvalsyfer onder die Akademie-studente aan die ander kant, het die UVM in die tweede helfte van 1951 laat besluit om naas die graadkursusse ook korter, nie-akademiese kadetkursusse in te stel om vinniger meer offisiere vir die UVM te kon oplei.[106] Dit het die werwing van studente vir die Akademie ernstig benadeel, omdat die kortdienskommissiestelsel 'n veel makliker pad as graadstudie na offisierskap geskep het en dus potensiële Akademie-studente weggerokkel het. Gegewe die feit dat altwee paaie na vier jaar tot luitenantsrang gelei het, was daar vir sommige kadette

---

100. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p. 115.
101. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 43, Prosesverbaal van Keurraad, 27 Februarie – 8 Maart 1950; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 40, Opsomming van kandidate wat voor Keurraad verskyn het, 7 Maart 1950.
102. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 93, brief HGS56/36, Wnd. HGS – Privaatsekr. Min. van Verd., 13 April 1950.
103. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 12, seinberig G600, V.H.K. – Min. van Verd., 11 Desember 1950.
104. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p. 116.
105. SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 38, teledrukkergesprek, Maj. J. Coetzee – Maj. P. van der Merwe, 6 Februarie 1951; SANWA, KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 40, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL en AG, 28 Mei 1951.
106. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 29, ongepubliseerde manuskrip "Die Militêre Akademie", 23 Augustus 1951; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 57, brief HGS56/36, HGS – Min. van Verd., 12 Oktober 1951; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952.

eenvoudig geen aantrekkingskrag in die graadstudie nie.[107] Die Hoof van die Generale Staf het die kritiek in daardie verband afgemaak met die argument dat "die seun wat sy graad behaal ... outomaties bevordering (ontvang) bo die seun wat nie so 'n kursus loop nie en ... ook in aanmerking (kom) vir senior aanstellings in die mag."[108]

Met die oorskakeling na die vierjaarskema aan die begin van 1952 en die gelyktydige instelling van 'n eenmalige, eenjarige, nie-akademiese kadetkursus, was daar nie in 1952 'n nuwe inname van studente by die Akademie nie. Die instelling van die kortdienskommissiestelsel onder die vierjaarskema het die werwing van studente vir die Akademie klaarblyklik sodanig in die wiele gery, dat daar in sowel 1953 as 1954 net 19 studente by die Akademie ingeskryf het.[109]

## 2.4 DIE FILOSOFIES-OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAG VAN DIE KADETKURSUS EN DIE AANVANKLIKE SAMESTELLING VAN DIE MILITêRE GRAADKURSUSSE

Die militêre owerhede het met die stigting van die Militêre Akademie daarna gestreef om in ooreenstemming met die behoeftes van die UVM en die vereistes van die Universiteit van Pretoria 'n praktykgerigte militêr-akademiese inrigting vir die opleiding van aspirantoffisiere vir die UVM daar te stel. Die UVM het in sy onderhandelings met die Universiteit gedurende Maart 1950 derhalwe daarop aangedring dat die militêre vakke (Militêre Aardrykskunde, Militêre Geskiedenis, Militêre Reg en Militêre Wetenskap) vir die soldaat van uiterste belang in die beoefening van sy professionele pligte was en daarom formeel by die voorgenome B.Sc. (Mil.)- en B.A. (Mil.)-graadkursusse ingesluit moes word. Die uitgangspunt was dat indien slegs akademiese vakke in die leerplanne vir die graadkursus ingesluit sou word, dit die UVM "beter (sal) betaal om jaarliks te adverteer vir universiteit opgeleide kandidate en hulle dan bloot 'n professionele [militêre] kursus [te] laat loop."[110] Die vertrekpunt met betrekking tot akademiese

107. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 57, brief HGS56/36, HGS – Min. van Verd., 12 Oktober 1951; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, Notule van 'n vergadering van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 18 Oktober 1951; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/4/2, inlae 26, brief MK/F/4/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – Rekenmeester UP, 27 Mei 1952; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.3 - 26.

108. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 57, brief HGS56/36, HGS – Min. van Verd., 12 Oktober 1951.

109. Mil. Akad. Argief, naamlyste van Mil. Akad.-studente-innames, 1953 - 1954.

110. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 38, seinberig CW37/20, HGS (Kaapstad) - Brig. P. de Waal, 20 Maart 1950.

onderrig vir offisiere was van die begin af dat "akademiese opleiding ... aanpassing by, en aanvulling van militêre onderrig (moes) verseker."[111] Alle akademiese vakke moes daarop gemik wees om die offisier vir sy beroep te skool en moes gevolglik "met 'n militêre helling" doseer word. Die bedoeling was voorts dat die militêre vakke uitsluitlik deur Staandemagoffisiere by die Militêre Kollege doseer sou word "...om te verseker dat die praktiese toepassing van akademiese kennis vir militêre doeleindes in die regte perspektief gestel kan word"[112] en dat diegene wat die vakke sou aanbied self die leerplanne in oorleg met die Leër, Lugmag en ander belanghebbende instansies in die UVM sou opstel.[113] Die burgerlike dosente moes daarom "kondisionerings kursusse" (sic.) meemaak om hulle vir hul taak te bekwaam.[114]

Die Universiteit het begrip vir die militêre owerhede se standpunt gehad en het derhalwe reeds gedurende die Maart-onderhandelinge aan die hand gedoen dat die militêre vakke saamgevoeg word onder die benaming "Krygskunde", wat dan op eerste-, tweede- en derdejaarsvlak as deel van die graadkursus gedoseer kon word. Krygskunde I sou uit Militêre Aardrykskunde bestaan, Krygskunde II uit Militêre Geskiedenis en Militêre Reg, en Krygskunde III uit Militêre Wetenskap.[115] Die studiekursusse wat die Universiteit ooreenkomstig hierdie opsie vir die twee graadrigtings in die vooruitsig gestel het, het soos in die tabel op p.97 uiteengesit met die UVM se oorspronklike voorstel vergelyk.[116]

Die voorgestelde studiekursusse gebaseer op die samevoeging van die militêre vakke onder die benaming "Krygskunde" was, soos uit 'n vergelyking van die aantal vakkursusse in onderstaande tabel blyk, minder veeleisend as dié wat die UVM oorspronklik voorgelê het. Die voorgestelde studiekursusse was egter steeds oorbelaai, aangesien dit moeilik was om die suiwer akademiese vakke genoegsaam militêr aan te pas en militêre vakke gevolglik as addisionele vakke bygevoeg is om "militêre" grade te skep.[117] Die B.Sc.(Mil.)- en B.A.(Mil.)-kursusse sou onderskeidelik uit tien en twaalf vakkursusse bestaan teenoor die oorspronklik voorgestelde twaalf vakkursusse elk; die

111. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS - Min. van Verd., 7 November 1949.
112. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 9, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol.- Registrateur UP, 23 Mei 1950.
113. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 6, brief MC/T/12/1, Wnd. HGS - DGL, etc., 6 Mei 1950.
114. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, HGS - Min. van Verd., 7 November 1949
115. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 67, ongenommerde seinberig, Brig. De Waal – HGS (Kaapstad), 20 Maart 1950; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 25 Maart 1950.
116. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 25 Maart 1950.
117. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, ongenommerde, anonieme memorandum "Militêre Akademie", 12 Augustus 1953.

| VERGELYKING VAN UVM SE OORSPRONKLIKE VOORSTEL VIR DIE MILITêRE GRAAD= KURSUSSE MET DIé GEBASEER OP DIE SAMEVOEGING VAN DIE MILITêRE VAKKE ONDER DIE BENAMING KRYGSKUNDE, MAART 1950 | |
|---|---|
| **UVM SE OORSPRONKLIKE VOORSTEL** | **VOORSTEL GEBASEER OP KRYGSKUNDE** |
| **B. Sc. (MIL.)** | **B. Sc. (MIL.)** |
| **Eerstejaar**<br>Fisika I<br>Toegepaste Wiskunde I<br>Wiskunde I<br>Militêre Geskiedenis<br>Militêre Aardrykskunde | **Eerstejaar**<br>Fisika I<br>Toegepaste Wiskunde I of Chemie I<br>Wiskunde I<br>Krygskunde I (Militêre Aardrykskunde) |
| **Tweedejaar**<br>Fisika II<br>Toegepaste Wiskunde II<br>Wiskunde II<br>Militêre Reg | **Tweedejaar**<br>Fisika II of Chemie II<br>Toegepaste Wiskunde II of Chemie II<br>Wiskunde II<br>Krygskunde II (Militêre Geskiedenis en Militêre Reg) |
| **Derdejaar**<br>Fisika III<br>Toegepaste Wiskunde III<br>Militêre Wetenskap | **Derdejaar**<br>Fisika III of Chemie III of Toegepaste Wiskunde III<br>Krygskunde III (Militêre Wetenskap) |
| **B.A. (MIL.)** | **B.A. (MIL.)** |
| **Eerstejaar**<br>Afrikaans I<br>Engels I<br>Wiskunde I<br>Militêre Geskiedenis<br>Militêre Aardrykskunde | **Eerstejaar**<br>Afrikaans I<br>Engels I<br>Wiskunde I<br>Fisika I<br>Krygskunde I (Militêre Aardrykskunde) |
| **Tweedejaar**<br>Afrikaans II<br>Engels II<br>Fisika I<br>Militêre Reg | **Tweedejaar**<br>Afrikaans II<br>Engels II<br>Krygskunde II (Militêre Geskiedenis en Militêre Reg) |
| **Derdejaar**<br>Afrikaans III<br>Engels III<br>Militêre Wetenskap | **Derdejaar**<br>Afrikaans III<br>Engels III<br>Krygskunde III (Militêre Wetenskap) |

militêre graadkursusse sou gevolglik in beide rigtings slegs een vakkursus meer as die burgerlike grade aan die Universiteit van Pretoria vereis. Daarby het dit 'n wyer keuse van hoofvakke gebied, wat dit vir die militêre studente moontlik gemaak het om in 'n groter mate hul vakke volgens persoonlike aanleg te kies en dus die beste resultate met hul studie te behaal.[118]

Die militêre owerhede het die Krygskunde-opsie aanneemlik gevind[119] en die UVM-verteenwoordigers het derhalwe op versoek van die Universiteit leerplanne vir die militêre vakke voorberei en aan die Universiteit vir oorweging voorgelê, sodat die samestelling van die studiekursusse vir die voorgenome B.Sc. (Mil.)- en B.A. (Mil.)-grade gefinaliseer kon word.[120]

Nadat die UVM-verteenwoordigers die verlangde wysigings aan die leerplanne en vakinhoude aangebring het, was die Universiteit steeds bekommerd dat die kursusse te swaar belaai was en het die Studiekomitee gevoel dat dit wenslik sou wees om die militêre graadkursusse na vier jaar te verleng. Die twee partye het desnieteenstaande besluit om met die implementering van die studiekursusse vir die B.Sc.(Mil.)- en B.A.(Mil.)-grade voort te gaan.[121] Die UVM het in oorleg met die Universiteit besluit dat Krygskunde I, II en III, asook Wiskunde I, Fisika I, Chemie I en Toegepaste Wiskunde I, verpligte vakke in beide graadrigtings sou wees.[122] Dit het vier verskillende

---

118. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 25 Maart 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 11, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS , 15 Junie 1950; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – DGL, et al., 24 Julie 1950.

119. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 80, brief HGS56/13, Wnd. HGS - Kmdt. SA Mil. Kol., 30 Maart 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 9, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol.- Registrateur UP, 23 Mei 1950.

120. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 76, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 25 Maart 1950.; SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 80, brief HGS56/13, Wnd. HGS - Kmdt. SA Mil. Kol., 30 Maart 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 6, brief.MC/T/12/1, Wnd. HGS - DGL, etc., 6 Mei 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 50, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 19 Mei 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 9, brief MC/T/12/1, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol.- Registrateur UP, 23 Mei 1950.

121. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 11, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS , 15 Junie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 13, brief Q/P/92, KMG – HGS, 27 Junie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 14, seinberig, HGS – KMG, 27 Junie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 53, brief CGS56/8 oor CGS56/36, HGS - Kmdt. SA Mil. Kol., 27 Junie 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 4, Notule van 'n vergadering van die Studiekomitee, 29 Junie 1950; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, R3149, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Junie 1950; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.

122. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.

| MILITêRE AKADEMIE: STUDIEKURSUSSE B.Sc.(MIL.), 1950 | | | |
|---|---|---|---|
| **REEKSNO.** | **EERSTE JAAR** | **TWEEDE JAAR** | **DERDE JAAR** |
| 1. | Krygskunde I<br>Fisika I<br>Toegepaste Wiskunde I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Fisika II<br>Toegepaste Wiskunde II*<br>Chemie I | Krygskunde III<br>Fisika III |
| 2. | Krygskunde I<br>Fisika I<br>Chemie I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Fisika II<br>Chemie II*<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Fisika III |
| 3. | Krygskunde I<br>Chemie I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Chemie II<br>Fisika II*<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Chemie III |
| 4. | Krygskunde I<br>Toegepaste Wiskunde I<br>Wiskunde I<br>Fisika I | Krygskunde II<br>Toegepaste Wiskunde II<br>Wiskunde II**<br>Chemie I | Krygskunde III<br>Toegepaste Wiskunde III |

| MILITêRE AKADEMIE: STUDIEKURSUSSE B.A.(MIL.), 1950 | | | |
|---|---|---|---|
| **REEKSNO.** | **EERSTE JAAR** | **TWEEDE JAAR** | **DERDE JAAR** |
| 1. | Krygskunde I<br>Afrikaans I<br>Engels I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Afrikaans II<br>Chemie I<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Afrikaans III<br>Engels II<br><u>of</u> Aardrykskunde II |
| 2. | Krygskunde I<br>Engels I<br>Afrikaans I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Engels II<br>Chemie I<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Engels III<br>Afrikaans II<br><u>of</u> Aardrykskunde II |
| 3. | Krygskunde I<br>Afrikaans I<br>Engels I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Aardrykskunde II<br>Chemie I<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Aardrykskunde III<br>Afrikaans II<br><u>of</u> Engels II |
| 4. | Krygskunde I<br>Ekonomie I<br>Afrikaans I<br>of Engels I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Ekonomie II<br>Chemie I<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Ekonomie III<br>Engels I<br><u>of</u> Afrikaans I |
| 5. | Krygskunde I<br>Staatsleer I<br>Afrikaans I<br>of Engels I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Krygskunde II<br>Staatsleer II<br>Chemie I<br>Toegepaste Wiskunde I | Krygskunde III<br>Staatsleer III<br>Engels I<br><u>of</u> Afrikaans I |

*Wiskunde II kon as alternatief gekies word.
**Verpligte byvak vir Toegepaste Wiskunde III.

studiekursusse in die B.Sc.(Mil.)-rigting en vyf in die B.A.(Mil.)-rigting moontlik gemaak,[123] soos in die tabel op p.99 aangedui word.

Die studente wat in 1950 met hul studie begin het, kon enige van die vier studiekursusse vir die B.Sc.(Mil.)-graad kies, maar diegene wat die B.A.(Mil.)-rigting wou volg, is tot 'n keuse uit die eerste drie studiekursusse in dié rigting beperk. Lede van daaropvolgende kursusse sou enige van die nege studiekursusse in die twee studierigtings kon kies, met dien verstande dat nie meer as 25% toegelaat sou word om die B.A.(Mil.)-rigting te volg nie.[124] Die militêre owerhede het die waarde van die B.A.(Mil.)-rigting vir die militêre professie totaal misken;[125] vandaar die feit dat selfs daardie graadrigting verpligte natuurwetenskaplike vakke ingesluit het en die oorgrote meerderheid van die jaarlikse inname van kadette verplig was om die B.Sc.(Mil.)-rigting te volg.Die idee met die stelsel van verpligte en keusevakke was dat dit enersyds sou verseker dat "elke kandidaat die nodige akademiese kennis, wat nodig is vir instruksie in Militêre Wetenskap sowel as latere beroepsopleiding, sal hê"[126] en andersyds die studente in staat sou stel om hul studiekursusse volgens persoonlike aanleg en voorkeur saam te stel.[127] Laasgenoemde oogmerk sou uiteraard hoegenaamd nie bereik kon word met diegene wat nie 'n aanleg vir natuurwetenskaplike vakke gehad het nie; die verpligte vakke was dus potensieel 'n resep vir mislukking wat die studente in die B.A.(Mil.)-rigting betref het. Dit was nogtans 'n buigsamer bedeling as by West Point, waar 'n vaste leerplan tot in 1959 vir alle kadette gegeld het, voordat daar vir 'n geringe mate van keusevakke voorsiening gemaak is. Sedert 1968 het is die leerplanne van dié instellig progressief hervorm om, ofskoon daar steeds verpligte kursusse was, die kadette 'n immer groter vakkeuse na gelang van eie aanleg en voorkeur te gee.[128]

## 2.5 DIE TELEURSTELLENDE VERLOOP VAN DIE EERSTE KADETKURSUSSE

Die eerste kadetkursus by die Militêre Akademie, Kursus 158G, het weens die gesloer met die stigting van die Akademie op 1 April 1950 op die verkeerde voet weggespring.

---

123. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, dokument MC/T/12/6, "Militêre Akademie: Studiekursusse", 21 Julie 1950.
124. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.
125. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.
126. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.
127. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 8, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, et al, 24 Julie 1950.
128. T.J. Crackel: **The Illustrated History of West Point**, pp.260 – 261, 297.

Die 30 militêre studente het eers aan die begin van die tweede universiteitskwartaal begin klasloop en het dus 'n magdom werk gehad om in te haal, wat hulle onder geweldige druk geplaas het. Hulle het addisionele klasse na-ure bygewoon[129] om die agterstallige werk by te bring. Daarby was hulle graadkursusse swaarder as dié van hul burgerlike kollegas belaai en kon hulle boonop nie alle beskikbare tyd aan hul akademiese studie wy nie, aangesien hulle ook aan militêre opleiding onderwerp is. Aangesien die akademiese jaar reeds so ver gevorder was, het die militêre owerhede beslis dat die eerste groep kadette geen verlof gedurende die middeljaar sou geniet nie en dat suiwer militêre opleiding tydens die reses van die universiteit sou geskied, asook tydens periodes wat nie deur akademiese opvoeding in beslag geneem is nie.[130] Daar is ook op aanbeveling van die Universiteit besluit dat aangesien die militêre studente die eerste kwartaal gemis het, hulle eers in Februarie 1951 eksamen sou skryf. Diegene wat wou, sou egter wel toegelaat word om reeds in November 1950 hul eksamens af te lê.[131]

Die onderrigfasiliteite by die SA Militêre Kollege was nie altyd na wense nie. Klaskamers moes met ander kursusse gedeel word en was nie altyd beskikbaar nie. Laboratoriums moes van meet af aan ingerig word; dié projek het eers teen 1952 op dreef gekom.[132] Met die uitsondering van Militêre Reg, was handboeke vir die militêre vakke van die begin af 'n probleem.[133] In die geval van Militêre Wetenskap het die UVM by die B.Sc.-leerplanne van die *Royal Military College of Science* gaan kers opsteek en kon hulle 'n aantal publikasies van dié instelling bekom om as handboeke te gebruik.[134] Vir die ander militêre vakke was die dosente hoofsaaklik aangewese op studiestukke

129. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.
130. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 35, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – Dir. Beleidskoörd., 16 Maart 1950.
131. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 30a, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, etc., 9 Januarie 1951.
132. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.4.
133. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, geteken maj. S.A. Engelbrecht, 10 Augustus 1950.
134. SANWA, CGS (WAR) 281, 56/36, inlae 50, brief GS/204/12/1, Dir. Beleidskoörd. – HGS, 17 Februarie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 16a, brief MC/T/12/9, Kmdt. SA Mil. Kol. – HGS, 31 Julie 1950; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 25, brief MA/805/11, Militêre Adviseur Britse Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika - Kmdt. SA Mil. Kol., 23 Oktober 1950.

wat hulle self saamgestel, laat tik en vir die studente laat afrol het. Dié proses het dikwels tot groot frustrasies gelei weens 'n tekort aan tiksters.[135]

Dit was nie net op akademiese gebied dat die eerste kadetkursus op die verkeerde voet weggespring het nie; militêre opleiding is net so nadelig geraak. Die kursus is oorspronklik vir vier jaar beplan, maar is daarna na drie jaar verkort. Die grootste deel van die drie jaar sou aan akademiese opvoeding bestee word, sodat daar in totaal slegs sowat ses maande vir militêre opleiding beskikbaar sou wees. Dié ses maande sou boonop hoofsaaklik saamgestel word uit stukkies en brokkies gedurende universiteitsvakansies wanneer die kadette nie met verlof was nie. Die gevolg was dat die kadette nie gedurende die driejarige kadetkursus naasteby volledig as junior offisiere vir die verskillende vertakkinge van die UVM opgelei kon word nie.[136] Dit het onder meer beteken dat die kadette ná die verwerwing van hul grade nog tot in Mei die volgende jaar intensiewe militêre opleiding in kompaniedril, seremoniële dril, kantoororganisasie, administrasie, kommissariaatdienste, kaartlees, seksiebevelvoering, asook organisasie en taktiek moes ontvang.[137] (Volgens brig. E.L. Bekker[138] het die verlengde opleiding, minstens wat die eerste Akademie-inname betref, nie gerealiseer nie; alles is voor hul uitpassering afgehandel.) Die militêre opleidingsprogram wat gedurende die drie jaar van graadstudie ingepas kon word, het soos in die tabel op p.103 daar uitgesien:[139] Benewens bogenoemde militêre vakke het die kadette natuurlik ook intensiewe liggaamlike opleiding ondergaan,[140] terwyl daar sekerlik ook 'n beduidende hoeveelheid tyd spandeer is om uniformstukke te versorg en vir kamerinspeksies voor te berei. Woensdagmiddae was daar verpligte sportparades, waartydens hulle moes oefen vir die ligawedstryde wat op Saterdae plaasgevind het.[141]

---

135. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, geteken maj. S.A. Engelbrecht, 10 Augustus 1950; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.27.
136. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 164, MC/T/12/1, inlae 60, memorandum MC/T/12/1, "Military Academy", 10 Augustus 1950.
137. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, ongenommerde, anonieme memorandum "Militêre Akademie", 12 Augustus 1953.
138. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.
139. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d..
140. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.18.
141. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

| EERSTE JAAR | TWEEDE JAAR | DERDE JAAR |
|---|---|---|
| Rekruutopleiding | Skietkunsinstrukteursopleiding | V.M.G.-instrukteursopleiding |
| Organisasie van die UVM | 2" Mortieropleiding | Draadloosprosedure |
| Salueer en Eerbewys | Stengeweeropleiding | 3" Mortierinstrukteursopleiding |
| Gesondheidsleer | Granaatopleiding | |
| Afdelingsdril en handgrepe met die geweer | Pistoolopleiding | |
| | Eerstehulpopleiding | |
| | Bataljonroetine | |
| | Wagte en Skildwagte | |
| | Breninstrukteursopleiding | |

Met die SA Militêre Kollege nagenoeg 18 km van die Universiteit van Pretoria geleë, het die studente heelwat tyd verkwis om heen en weer te pendel. 'n Enkelrit tussen die twee standplase het 40 minute geduur, sodat die studente daagliks byna 'n anderhalf uur aan reistyd alleen spandeer het. Sommige studente het reeds om 08:00 begin klasloop, terwyl ander se klasse tot 17;00 aangehou het. Dit was onekonomies om militêre vervoer (vragmotors of busse) op 'n individuele basis te reël, met die gevolg dat die studente as 'n groep na en van die Universiteitskampus gereis het. [142] Die SA Militêre Kollege het wel 'n paar Harley Davidson-motorfietse, waarvan sommige met syspanne toegerus was, verskaf om studente na-ure na en van klasse te vervoer. Almal was egter nie ewe bekwaam in die hantering van dié vervoermiddel nie, sodat diegene wat hulle in die syspanne bevind het dikwels benoude oomblikke beleef en soms inderhaas (en vermoedelik op ietwat onwaardige wyse!) hul sitplekke moes ontruim wanneer 'n sypaadjie in die pad gekom het!.[143]

Daar was nie genoeg studielokale vir die studente op die kampus beskikbaar om tussen periodes te studeer nie, met die gevolg dat baie van hulle tydens afperiodes doelloos op die kampus rondgedraal het of die meisies bespied het. Diegene wat werklik tussen

142. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, ongenommerde, anonieme memorandum "Militêre Akademie", 12 Augustus 1953; I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

143. I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

periodes wou studeer, het soms vir dié doel hul militêre vervoermiddels opgesoek.[144] Alles in ag genome, het daar min produktiewe studietyd vir die studente oorgebly as 'n mens die tyd wat hul militêre bedrywighede in beslag geneem het en die tyd wat hulle aan reistyd bestee het of doelloos op die kampus verkwis het, bymekaartel.

Soos reeds vermeld, het die Universiteit van Pretoria van die begin af gewaarsku dat die militêre graadkursusse te swaar belaai was en dat die eng vakkeuses (spesifiek die feit dat sekere natuurwetenskaplike vakke verpligtend was) veral vir die B.A.(Mil.)-studente noodlottige gevolge kon inhou.[145] Die slagting was dan ook groot met die eerste eksamens. Vanweë hul laat wegspring met hul akademiese klasse, het slegs een kandidaat al sy vakke gedurende die Junie-eksamen geslaag; die res moes aan die begin van die tweede semester hereksamens aflê.[146] Van die 29 kandidate (een kadet is voor die einde van sy eerstejaar weens mediese redes ontslaan[147]), het net 19 kans gesien om reeds in November die eksamen aan te durf. Slegs vyf van hulle het al hul vakke geslaag, sodat 14 in Februarie 1951 hereksamens moes aflê. Gedurende die Februarie-eksamen het net twee kandidate daarin geslaag om al hul vakke deur te kom. Saam met twee verdere kandidate wat ten spyte van enkele agterstallige vakke toegelaat is om met hul derdejaar voort te gaan, was daar dus in 1951 slegs nege militêre studente in die tweedejaar.[148] Dié nege studente het almal in die B.Sc.(Mil.)-rigting studeer;[149] die B.A.(Mil.)-kandidate het dus almal in die slag gebly. 'n Ontleding van die uitslae het aan die lig gebring dat Wiskunde (24 kandidate het dit gedruip), gevolg deur Fisika en Toegepaste Wiskunde, die grootste tol geëis het.[150]

Teen die tyd dat die tweede kadetkursus, Kursus 188G, in Februarie 1951[151] begin het, was die militêre owerhede nog nie seker wat om met die verliese van 1950 te doen nie. Hul ontslag kon moontlik kritiek van teleurgestelde ouers ontlok, terwyl "sagte

---

144. I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

145. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1950, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 26 Mei 1950; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 37, ongenommerde brief, Rektor UP – F.C. Erasmus, 9 Oktober 1951.

146. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

147. Dit was kadet L. de Jager. Hy was die kandidaat wat al sy vakke in Junie 1950 geslaag het en het 'n senuwee-ineenstorting gehad, klaarblyklik as gevolg van die akademiese druk. (E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.)

148. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 30a, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - DGL, etc., 9 Januarie 1951; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 44, "Jaar Rapport oor Militêre Akademie" deur Kmdt. SA Mil. Kol., g.d. (1951).

149. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, Notule van 'n vergadering van die instrukteurs in Krygskunde, 6 September 1951.

150. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 44, "Kursus 158G: Kwalifikasies en Eksamenuitslae", g.d.

151. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 1A, brief DGL0720/2, DGL – Hoofde van Afdelings, etc., 11 September 1950.

behandeling" moontlik 'n nadelige uitwerking op die hardwerkende, suksesvolle kandidate kon hê.[152] Uiteindelik het hulle besluit om 11 van die druipelinge na Kursus 188G oor te plaas, terwyl die orige nege in Maart 1951 ontslaan is. Nog 'n lid van die groep is in 1952 ontslaan, sodat slegs agt van die oorspronklike 30 lede van die eerste kadetkursus in 1952 hul derdejaar bereik het.[153] Met kursus 188G, wat saam met die 11 herhalers 40 man sterk was, het dit nie beter gegaan nie. Altesaam 13 van hulle is reeds gedurende 1951 ontslaan, terwyl 17 aan die einde van 1951 weens swak prestasie aan die kursus onttrek is en nog vyf in 1952 ontslaan is; slegs vyf van hulle het dus hul finale jaar in 1953 bereik.[154]

Die swak prestasie van die militêre studente was nie heeltemal uniek aan die Universiteit van Pretoria nie. 'n Komitee wat die Senaat van dié Universiteit gedurende 1952 aangestel het om ondersoek in te stel na die vordering van sy studente, het naamlik bevind dat die uitvalsyfer onder veral eerstejaarstudente veels te hoog was en dat die "huidige toestand ... nie (bevorderlik is ) vir die prestige van die Universiteit ... nie."[155] Die komitee het die hoë druipsyfer eerstens aan die sprong van die hoërskool na die universiteit en die gepaardgaande aanpassingsprobleme van die studente toegeskryf; tweedens het hulle ook daarop gewys dat die inlywingsweek en allerlei opdragte wat senior studente tradisioneel gedurende die jaar aan eerstejaars gegee het, inbreuk op die studietyd van die eerstejaars gemaak het.[156]

Die geweldige hoë uitvalsyfer van die eerste twee kadetkursusse het nie alleen 'n vraagteken oor die opleidingstelsel by die Akademie geplaas en olie op die vuur van die kritici van akademiese opvoeding vir offisiere gegooi nie, maar het ook die UVM in 'n dieper krisis met betrekking tot die bestaande tekort aan junior offisiere gedompel. Die militêre owerhede het gevolglik besluit om aan die begin van 1952 'n eenjarige nie-akademiese kadetkursus, Kursus 227G, te skep, waarin die lede van die eerste twee kadetkursusse wat akademies nie die mas kon opkom nie, maar tog belofte as militêre leiers getoon het, saam met 'n aantal kwekelinge wat pas hul opleiding aan die Militêre Gimnasium voltooi het, opgeneem kon word. Langs dié weg het 'n eenmalige, eenjarige

152. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, , inlae 44, "Jaar Rapport oor Militêre Akademie" deur Kmdt. SA Mil. Kol., g.d. (1951).
153. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.
154. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G, ongenommerde inlae, brief MK/K/188G, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 30 Maart 1954.
155. UP Argief, Notule Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952 Deel I (Januarie - Junie), S8215, Voorlopige verslag van Komitee van Ondersoek na vordering van studente, 6 Junie 1952.
156. UP Argief, Notule Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952 Deel I (Januarie - Junie), S8215, Voorlopige verslag van Komitee van Ondersoek na vordering van studente, 6 Junie 1952.

offisierskursus aan die begin van 1952, naas die nuwe kadetkursus van die Akademie, met 33 kandidate afgeskop.[157]

Die eerste mylpaal van die Militêre Akademie, die graduering van sy eerste kandidate aan die Universiteit van Pretoria, was vanweë die hoë uitval syfer getalsgewys 'n antiklimaks. Slegs ses van die oorspronklike 30 kandidate van die eerste kadetkursus het op 18 April 1953 hul grade in die stadsaal van Pretoria ontvang. Twee van die ander lede van die kursus het in 1954 hul grade verwerf, een in 1955 en nog een in 1960, sodat 10 uit die dertig uiteindelik wel gegradueer het. Uit die 40 (29 nuwe kandidate plus 11 druipelinge van die vorige kursus) lede van die tweede inname het net vier (waaronder twee kandidate wat oorspronklik deel van die eerste inname was[158]) in April 1954 grade ontvang. Die graduandi van die twee kursusse is met die verwerwing van hul grade tot luitenante bevorder, terwyl die drie kandidate (twee van 158G en een van 188G) wat hul finale jaar gedruip het, tot tweede luitenante bevorder is. Van die 33 kandidate van spesiale Kursus 227G is 13 deur die loop van die kursus ontslaan, sodat 20 van hulle op 20 Maart 1953 saam met Kursus 158G uitgepasseer het en tot tweede luitenante bevorder is.[159]

Die eerste ses militêre graduandi was I. Lemmer, E.L. Bekker, C.J. Swart, C.W. Germishuizen, C. de Wit en R.A. Homan. Kadet I. Lemmer het 'n onderskeiding in Krygskunde behaal en was die eerste wenner van die Militêre Akademie eresabel wat jaarliks aan die kadet wat militêr en akademies die beste presteer het, toegeken is. Al die lede van hierdie groep wat in die Weermag gebly het, het uiteindelik toprange in die Weermag bereik. Onder die vier graduandi van Kursus 188G was kadet M.A. Malan (oorspronklik lid van Kursus 158G), latere Hoof van die Weermag en Minister van Verdediging.[160] Die kwaliteit van die graduandi van hierdie eerste twee kadetkursusse het dus in 'n mate vir die gebrek aan getalle vergoed. Die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs, het ná die graduering van die vier lede van Kursus 188G half profeties aan die Leërstafhoof geskryf:

---

157. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952.

158. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/9/1, inlae 30, brief MK/F/9/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 12 Junie 1954; Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, waarin brief 400/7/13, Registrateur (akademies) UP – Bev Mil Akad., 20 Oktober 1986.

159. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G, ongenommerde inlae, brief MK/K/188G, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 30 Maart 1954; Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, waarin brief 400/7/13, Registrateur (akademies) UP – Bev Mil Akad., 20 Oktober 1986; I. Lemmer: Herinneringe. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, pp.23, 24.

160. E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, pp.4, 6, 79; Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, waarin brief 400/7/13, Registrateur (akademies) UP – Bev Mil Akad., 20 Oktober 1986; I. Lemmer: Herinneringe, p.23.

> "Vir die tweede keer in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Staandemag (sic.) is 'n aantal jong offisiere – tenvolle (sic.) bewus van hul roeping en draers van die militêr-akademiese gedagte – op hul militêre loopbane geloods. Met junior offisiere van hierdie formaat, wat kan spog met 'n breë en gesonde uitkyk op die lewe asook 'n ruime mate van rypheid, sal die leër sy bestaansreg kan regverdig en in aansien groei en bloei en geen moeilikheid ondervind om aan sy hoë roeping te voldoen nie."[161]

Ten spyte van maj. Van Niekerk se kritiek teen kol. Jacobs, wil dit dus tog lyk asof hy minstens teen daardie tyd positief teenoor die rol van die Militêre Akademie gestaan het. As in aanmerking geneem word dat die bevelvoerder van die kadetvleuel, maj. D.S. Pretorius die brief vir kol. Jacobs se handtekening voorberei het,[162] het hy waarskynlik ook die Akademie-gedagte gesteun; maj. Pretorius het immers self in Januarie 1954 die B.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf, by welke geleentheid maj. Van Niekerk in die Akademie-dagboek aangeteken het dat "Maj. Pretorius se stap in die rigting getuig van versiendheid en sy voorbeeld sal ongetwyfeld wye aanklank vind. Sy sukses op hierdie gebied voorspel ook nog hartliker samewerking met die Akademie in die toekoms."[163]

## 2.6 DIE STUDENTELEWE EN BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE VAN DIE KADETTE

Dit was die wens van die militêre owerhede dat die Akademie-studente "'n volle aandeel moet hê in die normale studentebedrywighede"[164] op die kampus van die Universiteit van Pretoria en hulle het onderneem om alle moontlike bystand daartoe te verleen. Die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria het op hulle beurt onderneem om alles in hulle vermoë te doen om die militêre studente volledig by die studentelewe in te skakel, maar daarop gewys dat aangesien hulle "eerstejaars op ons universiteit is verwag ons van hulle net soos van ander eerstejaars die nodige respek vir seniors en studenteraadslede."[165]

---

161. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G, ongenommerde inlae, brief MK/K/188G, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 30 Maart 1954.
162. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G, ongenommerde inlae, identifikasie van opsteller onderaan brief MK/K/188G, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 30 Maart 1954.
163. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, 25 Januarie 1954.
164. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 51, MK/T/12/3, inlae 1, brief MK/T/12/3, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. – Voors. Verteenwoordigende Studenteraad, UP, April 1950.
165. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 51, MK/T/12/3, inlae 2, ongenommerde brief, Sekr. Verteenwoordigende Studenteraad - Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol., UP, 11 Mei 1950.

Die militêre studente op die kampus van die Universiteit van Pretoria kon nie volkome met die burgerlike studentegemeenskap saamsmelt nie. Behalwe die skeiding wat die fisiese afstand tussen die Universiteit en die SA Militêre Kollege meegebring het, was die kadette aan militêre dissipline en die regulasies van die SA Staande Mag onderhewig. Hulle was, byvoorbeeld, verplig om by die SA Militêre Kollege in te woon, moes in uniform klasloop (wat hulle dadelik as 'n aparte groep op die kampus laat uitstaan het) en kon nie saam met hul burgerlike kollegas as lede van 'n Universiteitspan aan sportkompetisies op klubvlak deelneem nie. Die rede vir laasgenoemde was dat kadette in geval van sportbeserings alleenlik op mediese voordele (siekteverlof en dies meer) geregtig was as sodanige beserings gedurende 'n georganiseerde militêre sportbyeenkoms opgedoen is. Die kadette was dus verplig om hul sport binne UVM-verband te beoefen, maar die verstandhouding was dat toestemming tog by wyse van uitsondering verleen sou word dat hulle die Universiteit tydens interuniversitêre sportkompetisies kon verteenwoordig.[166] Die uitsluiting van die kadette van universiteitsport het hulle van 'n belangrike "katalisator"[167] in die inburgeringsproses op die kampus ontneem; dit is 'n welbekende feit dat sport mense dikwels makliker as ander aktiwiteite oor kultuur- en ander grense heen saamsnoer.

Die verpligte inwoning van die kadette by die SA Militêre Kollege was noodsaaklik uit die oogpunt van hul militêre vorming en was in ooreenstemming met die gebruik die wêreld oor. Die feit dat die Akademie as onderafdeling van die SA Militêre Kollege nie oor sy eie, afsonderlike fasiliteite en woonkwartiere beskik het nie, het egter volgens maj. Van Niekerk die skepping van sowel 'n militêr-akademiese kultuur as 'n atmosfeer wat bevorderlik was vir akademiese verdieping deur die studente ondermyn. Hy het die saak só gesien:

> "Vir die Akademie is dit ... NIE wenslik dat sy kadette - veral as hulle nog in die rekruutstadium is – onder offisiere moet inwoon NIE. Daar is talle redes waarom die kadette hul opleidingsjare in 'n afsonderlike Akademie-kamp moet ondergaan. Die belangrikste is dat die Akademie vry moet wees om 'n gewenste akademiese atmosfeer te skep en die verenigingslewe van die kadette te beheer. Dit veroorsaak baie wrywing wanneer die kadette in 'n ander se gebied moet inwoon – veral wanneer hulle gedurig met veteraan-offisiere in aanraking kom. Die Kollegegebied is veral ongeskik as woonplek vir die Kadette, omdat die wyse waarop hulle aan die openbare oog blootgestel is, veroorsaak dat hulle

166. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 51, MK/T/12/3, inlae 1, brief MK/T/12/3, Wnd. Kmdt. SA Mil. Kol. – Voors. Verteenwoordigende Studenteraad, UP, April 1950; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/3, inlae 1, "Opleiding van beroepsoffisiere aan die Militêre Akademie", 4 November 1952.

167. I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

gedurig moet optree asof hulle 'op parade' is. Daar is vir hulle geen ontspanning NIE, wat so 'n dringende vereiste by aanhoudende geestelike en liggaamlike inspanning is. Hulle lewe gedurig onder spanning en hul woning word feitlik vir hulle 'n 'gevangenis', omdat hulle hul gedurig daarin moet verskuil om uit die openbare oog weg te kom en te ontspan."[168]

Alhoewel bogenoemde standpunt miskien 'n bietjie oordrewe is, was dit seer sekerlik noodsaaklik vir die Akademie om 'n afsonderlike standplaas met geskikte fasiliteite te bekom om die kultuur en atmosfeer van 'n West Point of Sandhurst – wat kennelik die oorspronklike bedoeling was – te skep.

As voornemende offisiere het die militêre personeel die kadette by die SA Militêre Kollege in die weë van die "offisier as heer" ingelyf en het hulle aan formele etes en dergelike militêre funksies deelgeneem om hulle in offisiersetiket op te voed. Om die bande met die Universiteit van Pretoria te verstewig en by die burgerlike leerkragte begrip vir die militêre milieu te kweek, is professore van die Universiteit soms uitgenooi om formele etes by te woon.[169] Die staf en studente van die Akademie (en waarskynlik ook sleutelpersoneel van die Kollege) het jaarliks op die aand van die uitpasseringsparade van die kadette 'n afskeidsdans by die SA Militêre Kollege bygewoon.[170] (Dié swierige funksie sou later jare ook as die gewilde "derdejaarsbal" op Saldanha voortleef.) Dié geleentheid, asook die meer informele danse en funksies wat die studente soms by die SA Militêre Kollege gereël het, was baie gewild by die damesstudente op die kampus en die kadette het nooit probleme gehad om damesgeselskap te bekom nie. Dit was egter 'n ander storie wanneer die studente soms vir 'n naweek in tente by plekke soos Hatebeespoortdam gaan uitkamp het; die ma's wou niks daarvan weet dat daar ook vir die meisies vir oorslaapgeriewe voorsiening gemaak word nie![171]

Synde van owerheidsweë uitgesluit van sportdeelname op die kampus van die Universiteit van Pretoria, het die Akademie-studente saam met die res van die personeel van die SA Militêre Kollege binne Weermagverband aan sport deelgeneem. Hulle het oor die algemeen goed op die sportveld presteer, maar het veral in atletiek uitgeblink. As lede van die SA Militêre Kollege het hulle in 1950/51 vir die eerste keer in die atletiekkompetisie (wat ook swem ingesluit het) tussen militêre kolleges van die Gemenebes om die gesogte *Lafferty Cup* meegeding. Die SA Militêre Kollege het in

168. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.1, 38 – 39.
169. I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.
170. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, 12 Februarie 1954.
171. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

1951 daarin geslaag om 'n derde plek in dié kompetisie te verower, met Sandhurst in die tweede en die *(Australian) Royal Military College,* Duntroon in die eerste plek. In 1952 het die Kollege vir Sandhurst stof in die oë geskop, deur tweede te eindig, met Duntroon in die eerste plek. Sandhurst het derde geëindig, gevolg deur die *Royal Air Force College*, Cranwell, die Pakistanse en Indiese militêre kolleges, die *(Canadian) Royal Military College,* Kingston en die *Royal Australian Air Force Academy*, Point Cook.[172] Die SA Militêre Kollege se aflosspan (4 X 110 tree), te wete, I. Lemmer, E.L. Bekker, R.F. Brown en M.J. du Plessis, waarvan eersgenoemde drie Akademie-studente was, het gedurende die 1952-kompetisie 'n besondere prestasie behaal, deur die rekord in dié item te verbeter. Lemmer, 'n veelsydige sportman, het ook op die rugbyveld goed presteer en vir Noord-Transvaal op vleuel uitgedraf.[173]

Volgens luit.-genl. I.R. (Ian) Gleeson (lid van die 1954-inname by die Akademie) is die militêre studente goed op die kampus deur hul burgerlike eweknieë aanvaar omdat hulle "smart" in die uniforms van die leër, lugmag, vloot en marinierskorps gelyk het en die ander studente geweet het dat hulle "'n bietjie meer geld as die gewone student" gehad het. Die kadette het natuurlik nie die geleentheid laat verbygaan om die meisies op die kampus van naderby te leer ken nie en van hulle het dan ook hul toekomstige lewensmaats daar ontmoet![174] Genl. Magnus Malan onthou egter dat die manne in uniform nie altyd deur hul manlike burgerlike kollegas met entoesiasme begroet is nie en dat daar soms wrywing ontstaan het; die militêre studente het in sulke gevalle as 'n groep saamgestaan en hulle nie laat intimideer nie.[175]

Naas kampusdanse en deeglike gesellighede was die jaarlikse jool, met die gepaardgaande vlotbouery en optogte deur die strate van Pretoria, natuurlik die belangrikste interaksie tussen die militêre en burgerlike studente. Die kadette het met groot entoesiasme deelgeneem en het elke jaar hul eie vlot gebou. Dit het hulle aan vindingrykheid nie ontbreek nie en hulle het reeds in 1950 met hul eerste vlot 'n troosprys losgeslaan. In 1951 het hulle die eerste prys met hul "Trojaanse perd" verower en in 1952 'n spesiale prys met "The Desert Fox". Met die Mau-mau–krisis 'n aktuele gebeurtenis in wêreldnuus, het die kadette by 'n ander geleentheid 'n prys losgeslaan met 'n vlot wat dié rebellie uitgebeeld het as 'n miaawende (Mau-mau) swart kat wat deur 'n groot bulhond bedreig word.[176]

---

172. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 169, MK/K/227G vol. 2, inlae 28, "Statistiek Kadette: Kursusse (1950 – 53)", g.d.; I. Lemmer: Herinneringe, pp.23 - 24.
173. I. Lemmer: Herinneringe, p.24.
174. I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.
175. M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
176. I. Lemmer: Herinneringe, p.23; I.R. Gleeson – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; M.A. de M. Malan - G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994; E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

## 2.7 DIE INSTELLING VAN KORTDIENSKOMMISSIES EN 'N VIERJARIGE GRAADKURSUS

Dit was inmiddels teen Augustus 1951 duidelik dat die akademiese prestasie van die militêre studente oor die algemeen só swak was, dat daar 'n drastiese plan gemaak sou moes word om die situasie te red.[177] Die dosente by die Akademie het die swak prestasie van die studente onder meer daaraan toegeskryf dat, benewens die las wat gelyklopende militêre opleiding meegebring het, die aantal kursusse vir beide studierigtings te veel was en dat die studiekursus vir die B.A. (Mil.)-graad te swaar met vakke uit die natuurwetenskappe belaai was. Verder was die keuring van die kandidate ook nie streng genoeg nie, deurdat sommige van hulle swak simbole in matriek verwerf het en sommiges nie oor al die natuurwetenskaplike vakke wat oorspronklik as toelatingsvereiste gestel is, beskik het nie.[178] Die Studiekomitee vir Militêre Opleiding het 'n subkomitee bestaande uit verteenwoordigers van die Universiteit, asook die Kommandant van die SA Militêre Kollege, die Dekaan van die Akademie en twee militêre dosente, kapt. M van Niekerk (Militêre Geskiedenis) en kapt. M.J.M. Mentz (Militêre Reg) aangestel om die belading en samestelling van die militêre graadkursusse te ondersoek en aanbevelings in dié verband te maak.[179] Dié subkomitee het die bevindings van die militêre dosente onderskryf en ook 'n gebrek aan erns by die studente by die lys van ondermynende faktore gevoeg. Hulle het aanbeveel dat die aantal studiekursusse vir die B.Sc.(Mil.)- en B.A.(Mil.)-grade onderskeidelik na nege en elf verminder word en dat slegs Wiskunde I en Fisika I as verpligte vakke vir Krygskunde III (Militêre Wetenskap) voorgeskryf word.[180] Die Studiekomitee vir Militêre Opleiding het dié aanbevelings onderskryf[181] en die verwagting was dat die Universiteitsraad dit ook sou goedkeur.[182]

Nog voordat hierdie subkomitee byeengekom het,[183] het die UVM egter besluit om die beleid met betrekking tot kadetopleiding heeltemal te verander om die nypende tekort

177. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/5/3, inlae 9, brief MC/T/12/8, Kmdt. SA Mil. Kol. –L.SH., 23 Augustus 1951.

178. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, Notule van 'n vergadering van die instrukteurs in Krygskunde, 6 September 1951; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, ongenommerde, anonieme memorandum "Militêre Akademie", 12 Augustus 1953.

179. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 6, S7877, Notule van 'n vergadering van die Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 6 September 1951.

180. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 56, dokument S7895, "Aanbevelings van die Subkomitee insake Studiekursusse van die Grade B.Sc.(Mil.) en B.A.(Mil.)", 26 September 1951.

181. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 56, dokument S7893, Notule van 'n vergadering van die Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 3 Oktober 1951.

182. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 56, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 17 Oktober 1951.

183. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 56, dokument S7895, "Aanbevelings van die Subkomitee insake Studiekursusse van die Grade B.Sc.(Mil.) en B.A.(Mil.)", 26 September 1951.

aan jong offisiere die hoof te bied. Die Akademie sou nie in staat wees om die vakatures in offisiersgeledere binne die afsienbare toekoms te vul nie, enersyds omdat sy eerste studente eers teen die middel van 1953 sou afstudeer,[184] en andersyds omdat die uitvalsyfer onder die militêre studente so geweldig hoog was.[185] Die militêre owerhede het gevolglik besluit om 'n kadetopleidingstelsel te implementeer wat vinniger meer offisiere vir die UVM sou lewer. Dit sou bereik word deur 'n buigsame kadetkursus wat reeds na twee jaar 'n gedeelte van sy inname as ongegradueerde offisiere in die veld sou stoot, terwyl die res na vier jaar die UVM as gegradueerde offisiere sou betree.[186]

Die nuwe opleidingsbeleid het die graadkursus oor vier jaar versprei. Die aspirantoffisiere is gedurende hul eerste opleidingsjaar by die Militêre of Lugmaggimnasium in 'n spesiale "kandidaatskompanie" ingedeel en het dieselfde militêre opleiding as die ander rekrute ondergaan. Die kadette het egter ook akademiese onderrig in twee eerstejaarsvakke ontvang, sodat hulle 80% van hul tyd aan militêre opleiding en 20% aan akademiese opvoeding bestee het. Hul tweede opleidingsjaar het hulle by die Militêre Akademie (of die Lugmagkollege in die geval van die lugmagkandidate) deurgebring, waar hulle 75% van hul tyd aan militêre opleiding en 25% aan akademiese opvoeding gewy het. Die nuwe stelsel het dus beteken dat alle eerstejaarsvakke oor 'n tydperk van twee jaar deur militêre dosente by die Militêre Gimnasium/Lugmaggimnasium en die Militêre Akademie/SA Lugmagkollege aangebied is. Diegene wat hierdie eerste twee jaar suksesvol afgelê het, sou kommissie-aanstellings as tweede-luitenante ontvang; daar was egter geen bepaling neergelê dat hy die vyf eerstejaarsvakke moes slaag om sy kommissie te ontvang nie. Die kandidate wat hul eerstejaarsvakke geslaag het, het die geleentheid kry om vir die orige twee jaar voltyds aan die Universiteit van Pretoria te studeer, sonder die belemmering van gelyklopende militêre opleiding.[187]

---

184. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 29, ongepubliseerde manuskrip "Die Militêre Akademie", 23 Augustus 1951.
185. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 57, brief HGS56/36, HGS – Min. van Verd., 12 Oktober 1951.
186. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 57, brief HGS56/36, HGS – Min. van Verd., 12 Oktober 1951; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952.
187. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952]; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/3, inlae 1, "Opleiding van beroepsoffisiere aan die Militêre Akademie", 4 November 1952; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, Notule van 'n vergadering van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 18 Oktober 1951; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. I, inlae 35, brief DGL0720/2, LSH – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1952; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/4/2, inlae 26, brief MK/F/4/2, Kmdt. SA Mil. Kol. – Rekenmeester UP, 27 Mei 1952.

Die Universiteit van Pretoria het aanvanklik teen die nuwe stelsel beswaar gemaak, hoofsaaklik omdat daar gevoel is dat die twee jaar vandat die kandidaat die skool verlaat het, totdat hy weer voltyds by die Universiteit aangemeld het, te 'n lang onderbreking in kontak met die akademiese milieu sou wees.[188] Na samesprekings eers met die Minister van Verdediging,[189] en daarna met die Hoof van die Generale Staf, die Leërstafhoof, die Kommandant van die SA Militêre Kollege en die Dekaan van die Militêre Akademie, het die Universiteit tot die gevolgtrekking gekom dat dit wel haalbaar was om die graadstudie volgens die nuwe opleidingskema te organiseer.[190] Die militêre owerhede het egter ook aangedring "... op groter erkentlikheid van militêre vakke daar die graad kursus (sic) bedoel is om die soldaat beter professioneel te bekwaam en dit nie die bedoeling is om hom bloot 'n akademiese opvoeding te gee wat tans die geval is."[191]

Die Universiteit het ook dié pleidooi aanvaar en ingestem om nuwe vierjarige leergange vir die B.Sc.(Mil.)- en B.A.(Mil.)-grade in te stel waarin die militêre vakke prominensie sou geniet. Die modelleerplanne vir die militêre grade waarop na verdere beraadslaging tussen die verteenwoordigers van die UVM en die Universiteit besluit is en wat aan die begin van 1952 in werking sou tree,[192] het soos in die tabel op p.114 daar uitgesien.[193]

---

188. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 40, dokument S7892, "Mosie insake veranderde beleid ten aansien van akademiese opleiding van militêre studente", 5 Oktober 1951; Vergelyk ook SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 37, ongenommerde brief, Rektor UP – F.C. Erasmus, 9 Oktober 1951 en SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 55, brief MC/T/12/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 17 Oktober 1951.

189. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 39, ongenommerde brief, Privaatsekr. Min. van Verd. - Rektor UP 15 Oktober 1951; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verdediging, 23 Oktober 1951.

190. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, Notule van 'n vergadering van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 18 Oktober 1951; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, ongenommerde brief, HGS – Min. van Verdediging, 23 Oktober 1951.

191. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, ongenommerde brief, HGS - Min. van Verd., 23 Oktober 1951.

192. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, Notule van 'n vergadering van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 18 Oktober 1951.; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 8, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 1 November 1951.; UP Argief, Notule Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria 1952 Deel I (Januarie - Junie), S7946, "Wysiging van Leerplanne: B.A.(Mil.) en B.Sc.(Mil.)", 3 November 1951; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1952 Deel I (Januarie - Junie), S7955, "Wysiging van Leerplanne: B.A.(Mil.) en B.Sc.(Mil.)", 6 November 1951; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3368, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 November 1951, p.6.

193. **Universiteit van Pretoria Jaarboek 1952**, pp.98, 166.

<table>
<tr><th colspan="2">NUWE VIERJARIGE GRAADKURSUSSE VIR DIE MILITêRE AKADEMIE, 1952</th></tr>
<tr><th>B. Sc. (MIL.)</th><th>B.A. (MIL.)</th></tr>
<tr><td>Eerstejaar<br>Wiskunde I<br>Militêre Reg<br><br>Tweedejaar<br>Militêre Aardrykskunde I<br>Militêre Geskiedenis I<br>Fisika I<br><br>Derdejaar<br>Aardrykskunde II<br>Fisika II<br>Of<br>Wiskunde II<br>Aardrykskunde II<br><br>Vierdejaar<br>Aardrykskunde III<br>Fisika III<br>Of<br>Wiskunde III<br>Aardrykskunde III</td><td>Eerstejaar<br>Militêre Reg<br>Ekonomie<br><br>Tweedejaar<br>Militêre Geskiedenis I<br>Militêre Aardrykskunde I<br>Staatsleer I<br><br>Derdejaar<br>Militêre Geskiedenis II<br>Militêre Aardrykskunde II<br>Strafreg I<br>Of<br>Staatsleer II<br>Staatsadministrasie I<br>Afrikaans I of Engels I<br><br>Vierdejaar<br>Militêre Geskiedenis III<br>Militêre Aardrykskunde III<br>Afrikaans I of Engels I<br>Of<br>Staatsleer III<br>Staatsadministrasie II<br>Strafreg I of Wiskunde I</td></tr>
</table>

Soos uit bostaande tabel blyk, was die drie militêre vakke, te wete Militêre Geskiedenis, Militêre Aardrykskunde en Militêre Reg ingevolge die nuwe leerplanne verpligte vakke in beide graadrigtings in ooreenstemming met die wense van die UVM om die graadkursusse 'n sterker militêre inhoud te gee. Al drie dié vakke sou boonop gedurende die eerste twee jaar deur die militêre dosente by die Militêre Gimnasium en die Militêre Akademie op Voortrekkerhoogte aangebied word. Die Universiteitsdosente sou met die oog op deurlopende militêre opleiding ook Wiskunde I, Fisika I, Staatsleer

en Ekonomie op Voortrekkerhoogte doseer. 'n Betekenisvolle nuwe wending in die graadkursus was dat Wiskunde as verpligte vak vir die B.A.(Mil.)-rigting verval het en dat die B.A.(Mil.)-graad nou ook tot sy reg gekom het en op gelyke voet naas die B.Sc.(Mil.)-graad geplaas is.[194] Militêre Geskiedenis is tot 'n driejarige hoofvak vir die B.A.(Mil.)-graad uitgebrei, terwyl Militêre Aardrykskunde I deur Aardrykskunde II en III opgevolg sou word en dus ook 'n hoofvak vir die B.A.(Mil.)-rigting geword het – 'n verdere poging om die graadkursusse meer militêr gerig te maak. Militêre Geskiedenis was, naas Militêre Wetenskap in die vorige leergange, die enigste vak waarin Akademie-dosente ook toegelaat is om ook op tweede- en derdejaarsvlak klas te gee. (Aangesien al die ander tweede- en derdejaarsvakke op die kampus van die Universiteit van Pretoria gedoseer sou word, sou die militêre dosent egter ook Militêre Geskiedenis I en II daar moes gaan aanbied.[195])

Die hernude poging om die inhoud van die graadkursus meer militêr relevant te maak, blyk veral uit die doelformulering van die vak Militêre Geskiedenis[196] by die uitbreiding daarvan tot hoofvakstatus, toe dit (soos in 1947!) soos volg omskryf is:

> "Om alle werk wat op die kursus (d.w.s. die graadkursus as geheel) gedoen word te konsolideer en 'n beeld van oorlogvoering in sy geheel te skep. Dit sluit in 'n studie van die ontwikkeling van die oorlogskuns en die beginsels wat dit beheer. 'n Studie word ook gemaak van internasionale verhoudings en wêreldorganisasie en kandidate word besiel met die ideaal om hul land te eer en dien deur 'n studie van die nasionale geskiedenis met beklemtoning van groot lewensvraagstukke."[197]

Die doelformulerings van vakke soos Militêre Aardrykskunde, Militêre Reg, Ekonomie, Staatsleer, Wiskunde, Fisika en Chemie het telkens die toepassing van dié vakke op die

194. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

195. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3352, Notule van 'n buitengewone vergadering van die Raad, 1 November 1951, p.3; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 8, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 1 November 1951.

196. Teen Mei 1954 het die benaming van die vak Militêre Geskiedenis in die UVM-korrespondensie na Krygsgeskiedenis verander. In die uiteensetting van die militêre graadkursusse in die Universiteit van Pretoria se Jaarboek vir 1955 is daar egter steeds na Militêre Geskiedenis I, II en III verwys. (SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2, inlae 145, brief F/6/2, AG - Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Mei 1954; UP Biblioteek, **Universiteit van Pretoria Jaarboek 1955**, pp.108, 170.)

197. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/9/1, inlae 16, brief MK/F/9/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - A.L. Kotzee, Buro van Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 4 Desember 1953.

krygskuns aangedui[198] en dus aangesluit by die gedagte om "alle werk wat op die kursus gedoen word te konsolideer en 'n beeld van oorlogvoering in sy geheel te skep."

Die eiesoortige opleidingsbehoeftes van die SA Lugmag, spesifiek die opleiding van vlieëniers, het daartoe gelei dat die militêre owerhede ondertussen besluit het om 'n effens gewysigde opleidingskema vir lugmagstudente in te stel. Die Lugstafvleuel by die SA Militêre Kollege het reeds op 1 Julie 1950 van die Kollege afgestig en as die Lugadministrasie- en Stafskool te Waterkloof in Pretoria tot stand gekom, waar dit gedurende 1951 tot die SA Lugmagkollege herdoop is en dieselfde status as die SA Militêre Kollege ontvang het. Daarna het daar, soos reeds vermeld, ook op 1 Desember 1951 'n afsonderlike Lugmaggimnasium in Lyttleton, Pretoria tot stand gekom. lugmagstudente sou derhalwe volgens die nuwe skema 'n jaar elk aan die Lugmaggimnasium en die SA Lugmag Kollege in stede van die Militêre Gimnasium en die Militêre Akademie deurbring. Origens sou hulle akademiese program dieselfde as dié van die leërstudente verloop.[199] Die Universiteit het egter op versoek van die militêre owerhede Navigasie as 'n negende vak vir die B.Sc.(Mil.)-graad erken en 'n spesiale leergang in dié graadrigting vir die lugmagstudente ingestel. Die B.Sc.(Mil.)-leergang vir die lugmagstudente het soos in onderstaande tabel daar uitgesien:[200]

**SPESIALE B.Sc.(MIL.)-LEERGANG VIR LUGMAGSTUDENTE, 1952**

| EERSTE JAAR | TWEEDE JAAR | DERDE JAAR | VIERDE JAAR |
|---|---|---|---|
| Militêre Reg<br><br><u>Elementêre Navigasie</u><br>a. Navigasie<br>b. Weerkunde<br>c. Aërodinamika | Wiskunde I<br><br>Fisika I<br><br>Elementêre Navigasie | Wiskunde II (Spes.)<br>(Insluitend Boldriehoek =meting)<br><br><u>Fisika II</u><br>a. Elektrisiteit<br>b. Optika<br>c. Termodinamika<br>d. Meganika<br><br>Militêre Aardrykskunde I | <u>Wiskunde III (Spes.)</u><br>a. Sterrekunde<br>b. Boldriehoeks= meting<br>c. Lugfotografie<br><br><u>Fisika III</u><br>a. Elektrisiteit<br>b. Weerkunde |

198. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/9/1, inlae 16, brief MK/F/9/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - A.L. Kotzee, Buro van Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 4 Desember 1953.

199. SANWA, Diverse (Gp. 1) 91, "Vorderingsoorsig: UVM, Mei 1948 – September 1952", pp.11-12.; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol. 1, Notule van vyfde vergadering van VSR, 13 November 1951, p.7.

200. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3382, Notule van 'n vergadering van die Vakansiekomitee van die Raad, 10 Desember 1951, pp.3-4 en memorandum S7979 insake skepping van 'n spesiale B.Sc.(Mil.)-leergang met die oog op die inskakeling van lugmagkadette by die Militêre Akademie, etc., g.d.

Soos uit die tabel op p.116 blyk, was daar geen keusevakke vir vlieëniers nie, omdat die leerplan spesifiek opgestel is om in te pas by die omvattende opleidingsprogram van vlieëniers. Daar was derhalwe ook nie 'n B.A.(Mil.)-opsie vir die vlieëniers beskikbaar nie,[201] terwyl die kursus ook glad nie vir die aanbied van Militêre Geskiedenis (wat 'n verpligte vak in al die ander graadrigtings was) voorsiening gemaak is nie.[202] Navigasie is in 1954 tot 'n tweejarige hoofvak vir die B.Sc.(Mil.)-graad vir lugmagstudente uitgebrei.[203]

In 'n poging om die studielas van die twee groepe studente wat reeds by die Universiteit ingeskryf was (d.w.s. die 1950- en 1951-innames van die Akademie) te verlig, het die UVM en die Universiteit ooreengekom om die aantal studiekursusse vir die B.Sc.(Mil.)- en B.A.(Mil.)-grade onderskeidelik na nege en elf te verminder en dat slegs Wiskunde I en Fisika I as verpligte vakke vir Krygskunde III (Militêre Wetenskap) sou geld[204], soos die Studiekomitee vir Militêre Opleiding vroeër aanbeveel het.[205]

Teen 1952 het die militêre owerhede ook voorsiening gemaak vir die toelating van aspirantoffisiere van die SA Marinierskorps tot die Militêre Akademie, nadat hulle hul aanvanklike opleiding aan die Vloot- en Mariniersgimnasium te Durban (van 1953 af te Saldanha) ontvang het. Hulle sou in hoofsaak dieselfde studierigtings as die leërkadette volg.[206] Die UVM het intussen ook in Mei 1952 voelers na die Universiteit van Natal uitgesteek om saam met die Vlootopleidingsentrum te Salisbury Island, Durban (uiteindelik ook saam met die Vloot- en Mariniersgimnasium te Saldanha) 'n graadopleidingstelsel (B.Sc.-rigting) vir vlootkadette in die lewe te roep. Die Universiteit van Natal was heeltemal te vinde vir só 'n skema, waarop 'n opleidingstelsel vir vlootkadette soortgelyk aan dié tussen die Militêre Akademie en die Universiteit van Pretoria klaarblyklik aan die begin van 1953 onder die beskerming van eersgenoemde Universiteit van stapel geloop het. Die vlootkadette sou egter 'n suiwer B.Sc.-graad van

201. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

202. UP Argief, Notule Raad van UP, 1954 Deel I (Januarie - Junie), S92, Notule van gewone vergadering van die Senaat, 17 Maart 1954, pp.11 - 12; UP Argief, Notule Raad van UP, 1954 Deel I (Januarie - Junie), S256, "Fakulteit Wis- en Natuurkunde: Voorgestelde Regulasiewysigings en Leerplanne", pp.2 - 3; UP Biblioteek, **Universiteit van Pretoria Jaarboek 1955**, pp.170 - 171.

203. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1954, vol. I, S92, Notule van die gewone vergadering van die Senaat, 17 Maart 1954, pp.11 – 12.

204. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1951, R3368, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 November 1951, p.6; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 8, Notule van 'n vergadering van verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en die UVM, 1 November 1951.

205. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, inlae 56, dokument S7895, "Aanbevelings van die Subkomitee insake Studiekursusse van die Grade B.Sc.(Mil.) en B.A.(Mil.)", 26 September 1951.

206. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 168, MK/K/227G, inlae 57, brief NM2701, Vloot- en Marinierstafhoof – LSH, 18 Augustus 1952; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/3, inlae 1, "Opleiding van beroepsoffisiere aan die Militêre Akademie", 4 November 1952.

die Universiteit van Natal ontvang en nie 'n B.Sc.(Mil.)-graad nie.[207] Aangesien die eerste kandidate eers na vier jaar opleiding by die Vlootopleidingsinrigtings voltyds by die Universiteit van Natal sou inskryf,[208] het die instelling van gesamentlike militêr-akademiese opleiding vir die kadette van al drie weermagsdele aan die Militêre Akademie onder voogdyskap van die Universiteit van Stellenbosch met ingang van 1955, die ooreenkoms met die Universiteit van Natal in die kiem gesmoor.

Die enigste voordele van die nuwe stelsel was dat die graadkursus nie meer so swaar belaai was nie, dat die studie oor vier jaar versprei is en dat daar nie gedurende die twee jaar voltydse studie aan die Universiteit van Pretoria militêre opleiding was wat met hul studie kon inmeng nie. Die nadele van die stelsel was heelwat meer; die kadette se opleiding het by vier verskillende inrigtings plaasgevind, elk met hul eie doelstellings, metodes, en kultuur; militêre dosente moes heen en weer na die verskillende sentrums vervoer word en bykomende deeltydse dosente moes aangestel word om klasse by sentrums ver van Pretoria (byvoorbeeld te Dunnottar, waar die lugmagstudente 'n deel van hul vliegopleiding ondergaan het[209]) waar te neem. Die feit dat kadette wat na twee jaar hul kommissie ontvang het, in elk geval na 'n verdere twee tot luitenante bevorder is, soos die Akademie-graduandi, het beteken dat belowende kandidate nie die nut van graadstudie kon insien nie en dus die makliker uitweg gevolg het. Daarby het die grootste gros van die kadette slegs op eerstejaarsvlak universiteitsopvoeding ontvang, wat haas nutteloos was vir die doel waarvoor akademiese opvoeding vir aspirantoffisiere ingestel is. Die stelsel het ook beteken dat die Militêre Akademie slegs 'n paar eerstejaarsvakke vir 'n handjievol studente aangebied het, wat hoegenaamd nie die bestaansreg van so 'n inrigting regverdig het nie. Diegene wat vir hul laaste twee jaar voltyds aan die Universiteit studeer het, was nie aan direkte militêre beheer onderhewig nie en het dus in 'n groot mate die voordeel van die eerste twee jaar se militêre opleiding weer verloor.[210]

---

207. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief NF7/20/2, Vloot- en Marinierstafhoof – Rektor Universiteit van Natal, 17 Mei 1952; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, dokument B/F/Sci, verslag deur prof. S.F. Bush insake samesprekings op 2 Junie 1952 tussen verteenwoordigers van die UVM en die Universiteit van Natal, 7 Junie 1952; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief 17/Rules/Var, Registrateur Universiteit van Natal – Vloot- en Marinierstafhoof, 28 Julie 1952; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief NM158/2, Vloot- en Marinierstafhoof – HGS, 31 Maart 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde memorandum insake Militêre Akademie, g.d.

208. KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief NM158/2, Vloot- en Marinierstafhoof – HGS, 31 Maart 1954.

209. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol 1., Notule van Vyfde Vergadering van Verdedigingstafraad, 13 November 1951.

210. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d., [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].

Dit het spoedig geblyk dat die dat die akademiese opvoeding van kadette gedurende hul gimnasiumjaar nie 'n sukses was nie. Die eerstejaarstudente het, aldus die Dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, steeds nie genoeg tyd vir hul studie gekry nie.[211] Daarby het die militêre opleiding die studente liggaamlik uitgeput, sodat hulle geneig was om nie in die aande genoegsaam te studeer nie; die oorgrote meerderheid van die gimnasiumrekrute was uiteraard ook nie by graadstudie betrokke nie en het hulle met na-uurse bedrywighede besiggehou wat dikwels steurend op die hul makkers se studiepogings ingewerk het. Die akademiese opvoeding by die gimnasiums is derhalwe met ingang van 1954 gestaak, sodat kadette voortaan eers met hul universiteitstudie begin het wanneer hulle in die tweede jaar van die kadetkursus by die Akademie aangemeld het. Alle eerstejaarsvakke is gedurende dié jaar deur die dosente van die Akademie aangebied, waarna die kadette dan vir die derde en vierde jaar van die kadetkursus as voltydse studente by die Universiteit van Pretoria ingeskryf het vir die tweede- en derdejaar van hul graadstudie.[212]

Die gedurige rondvallery met die kadetkursus aan die Militêre Akademie was tekenend van die totale afwesigheid van 'n duidelik omlynde doel in dié verband. Die Leërstafhoof, brig. P.H. Grobbelaar, het die situasie aan die einde van April 1954 raak opgesom toe hy hom soos volg daaroor uitgelaat het:

> "Die wisselende beleid word gewyt aan 'n duidelike doel met kadetopleiding ... Opleidings-silabusse (sic.), personeelaangeleenthede en selfs ligging en akkommodasie was ondersoek deur Offisiersrade, spesiale komitees, Studie komitees (sic.) ens oor 'n periode van vier jaar. Haas elke senior offisier was reeds met die taak belas en menigvuldige aanbevelings was voorgelê vir oorweging. Daar nog tot geen vaste besluit geraak is nie het kadetkursusse in die afgelope 4 jaar gewissel van die een uiterste tot die ander."[213]

---

211. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1954, Deel II, S8330, Jaarverslag van Dekaan Fakulteit Wis- en Natuurkunde, 27 Augustus 1952, p.6.

212. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGL0720/2, LSH – Kmdt. SA Mil. Kol. en Bev. Mil. Gim., 10 Februarie 1954; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1954, vol. I, S92, Notule van die gewone vergadering van die Senaat, 17 Maart 1954, p.11; UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1954, vol. II, S473, Jaarverslag van Dekaan Fakulteit Wis- en Natuurkunde, 15 September 1954, pp.10 - 11.

213. Vergelyk SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGL0720/2, Leërstafhoof – HGS, 29 April 1954.

| MILITêRE GRADE TOEGEKEN DEUR DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, 1953 – 1960 | | | |
|---|---|---|---|
| DATUM | GRAAD | | TOTAAL |
| | B.Sc. (MIL.) | B.A. (MIL.) | |
| April 1953 | 6 | | 6 |
| April 1954 | 3 | 1 | 4 |
| April 1955 | 2 | | 2 |
| April 1956 | 2 | 2 | 4 |
| Maart 1957 | | 4 | 4 |
| Maart 1958 | | 4 | 4 |
| Maart 1960 | 1 | | 1 |
| **TOTAAL** | 14 | 11 | 25 |

Ofskoon maj. Van Niekerk in April 1954 verklaar het dat "ons daarin geslaag (het) om die aanvanklike swak vordering van studente in klinkende sukses om te skep" en dat hulle in daardie stadium "feitlik 'n 100%" slaagsyfer behaal het,[214] het die oes aan graduandi ook onder die nuwe skema skraal gebly. Die totale getal gegradueerdes wat uit die Militêre Akademie se verbintenis met die Universiteit van Pretoria voortgevloei het, was nie eers gelyk aan die getal van 30 eerstejaars wat volgens beplanning jaarliks vir graadstudie sou inskryf nie. Uit die totaal van 97 militêre studente wat tussen 1950 en 1954 aan dié Universiteit ingeskryf het[215], het daar (saam met diegene wat mettertyd agterstallige vakke ingehaal en hul grade verwerf het) slegs 25 kandidate (d.w.s. 25,8%), soos in bostaande tabel uiteengesit, gegradueer.[216] Sommige van die militêre studente het egter ná hul ontslag uit die UVM hul akademiese studie in ander rigtings voortgesit en wel grade behaal. Een voorbeeld is die alombekende regter J.C. Kriegler (seun van brig. J.B. Kriegler, voorsitter van die Kriegler-komitee), wat in 1950 by die

214. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.

215. Dié getal is ontleen aan die naamlyste van die studente-innames van die Mil. Akad. oor die tydperk 1950 – 1954 (Mil. Akad. Argief, naamlyste van Mil. Akad.-studente-innames, 1950 - 1954.) Die kadette wat volgens die vierjaarskema tydens hul gimnasiumjaar vir eerstejaarsvakke aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf het, maar nie met graadstudie voortgegaan het nie, is nie by die getal ingesluit nie.

216. Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, waarin brief 400/7/13, Registrateur (akademies) UP – Bev Mil Akad., 20 Oktober 1986.

Akademie ingeskryf het,[217] in 1951 na die nuwe eerstejaarskursus teruggeval het en in Augustus dieselfde jaar uit die UVM ontslaan is;[218] C.K. Wiechers het hom na sy ontslag as tandarts bekwaam.[219] Hoeveel kandidate uiteindelik langs dié weg grade behaal het, is moeilik bepaalbaar.

Hoewel die 25 graduandi van die Militêre Akademie persentasiegewys maar 'n druppel in die emmer was ten opsigte van die totale aantal junior offisiere wat in die tydperk tot die UVM toegetree het, was die impak van hierdie handjievol graduandi tog in twee opsigte betekenisvol: eerstens het die meeste van hulle mettertyd die hoogste range in die Weermag bereik en dus grootliks die koers van dié instelling bepaal; tweedens kon hulle die idee van militêr-akademiese opvoeding verder in die UVM uitdra en sodoende 'n bydrae tot die voortbestaan en sukses van die Militêre Akademie lewer.

## 2.8 DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N ONAFHANKLIKE, GESAMENTLIKE MILITêRE AKADEMIE

Die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. C.L. de Wet (Matie) du Toit (B.A. LL.B., US), het kapt. Melt van Niekerk (volgens laasgenoemde se eie getuienis) met sy aanstelling as Dekaan opdrag gegee om die Militêre Akademie reg te ruk en tot 'n lewensvatbare instelling uit te bou, aangesien die Akademie in sy bestaande vorm besig was om op 'n totale mislukking uit te loop.[220] Synde self 'n gegradueerde, was daar waarskynlik by lt.genl. Du Toit meer begrip vir die waarde van akademiese studie vir die offisier as by diegene in die topstruktuur van die UVM wat nie die voorreg van 'n universiteitsopvoeding gesmaak het nie en wou hy daarom sien dat daar 'n sukses van die Akademie gemaak word. Minister F.C. Erasmus was persoonlik vasberade om te sien dat die Militêre Akademie tot wasdom kom om sy ideale ten opsigte van offisiersopvoeding ten uitvoer te bring. Hy het daarom gereël dat hy kapt. van Niekerk privaat ontmoet[221] om sy visie vir die Akademie aan hom oor te dra. Volgens Van Niekerk het Erasmus by dié geleentheid onomwonde vir hom gesê: 'Van Niekerk, dis my

217. Mil. Akad. Argief, G52, naamlys van Militêre Akademie-studenteinname, 1950.
218. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/4/2, inlae 10, brief MC/T/12/3, Kmdt. SA Mil. Kol. – Registrateur UP, 11 Augustus 1951; J.C. Kriegler – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 19 Julie 1995.
219. E.L. Bekker – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.
220. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.
221. Mil. Akad. Argief, M. van Niekerk, toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000.

baba hierdie, hy [die Militêre Akademie] moet groot word, jy moet hom grootmaak.'"[222] Erasmus en Van Niekerk het daarna, in die lig van die sterk teenkanting wat daar in die UVM teen die Weermag was, voortdurend agter die skerms met mekaar in voeling gebly om te sorg dat die ontwikkeling van die Akademie op koers bly. Van Niekerk het dan ook later verklaar "hierdie Akademie het eintlik tot stand gekom net tussen hom (Erasmus) en my."[223]

Van Niekerk het kort na sy aanstelling as Dekaan die gebrek aan 'n duidelik omlynde doel en beleid met die Akademie by die Studiekomitee vir Militêre Opleiding te berde gebring[224] en met aanbevelings, asook 'n voorgestelde Reglement vir die Militêre Akademie (soos hierbo bespreek) vorendag gekom,[225] wat duidelik daarop gemik was om die Akademie op 'n hegter grondslag te plaas en na groter selfstandigheid te lei. Dit is egter nie duidelik hoeveel daarvan op eie inisiatief geskied het en in welke mate hy 'n opdrag of riglyne in dié verband van lt.genl. Du Toit of minister Erasmus ontvang het nie. Wat wel duidelik is, is dat Van Niekerk sy opdrag met groot erns en toewyding aangepak het. Hy was, in sy eie woorde, ná sy ontmoeting met Erasmus "nie bloot 'n Dekaan met 'n taak nie, maar 'n Dekaan met 'n missie."[226]

Van Niekerk het met sy aanstelling as Dekaan al die buitelandse militêre attachés en ambassades in Pretoria besoek en soveel as moontlik inligting oor die funksionering van buitelandse akademies bekom, ten einde 'n pad vir die Akademie te probeer uitstippel. Die militêre owerhede het hom klaarblyklik ook die aanbod gemaak om eerstehands by akademies in die buiteland te gaan kers opsteek, maar hy het dit vanweë die onnodige koste wat dit sou meebring, van die hand gewys.[227] Gewapen met sy leeskennis oor die funksionering van buitelandse akademies, het kapt. Van Niekerk 'n diepgaande studie van die struikelblokke in die weg van die Akademie onderneem. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat oorhaastige beplanning en die skeiding van offisiersopleiding vir die verskillende dienswapens die belangrikste faktore was wat sedert 1950 die

222. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; Vergelyk ook Mil. Akad. Argief, M. van Niekerk, toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000.

223. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.

224. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, pp. 3 – 4.

225. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8161, Notule van 'n vergadering van die Adviserende Studiekomitee vir Militêre Opleiding, 27 Februarie 1952, pp. 3 – 4; SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.

226. Mil. Akad. Argief, M. van Niekerk, toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000. (Die aanhaling is 'n vrye vertaling deur skrywer uit die oorspronklike Engels.)

227. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.

vooruitgang van die Akademie in die wiele gery het. Die Akademie het sonder enige wetgewing of selfs 'n regulasie, tot stand gekom en het na drie jaar nog nie eers oor 'n reglement beskik om sy effektiewe administrasie te verseker nie. Daarby is die doel wat met die Militêre Akademie, spesifiek die akademiese opvoeding van offisiere, bereik moes word en hoe daardie doel bereik moes word, nooit duidelik bepaal nie. Dit het daartoe gelei dat daar geen vaste koers met die Akademie was nie en dat die instelling sedert sy stigting heen-en-weer geslinger is deur ad hoc-besluite en voortdurende beleidsveranderings.[228]

Die botsende opvattings van die "ou skool", wat so vinnig as moontlik volledig opgeleide offisiere uit 'n suiwer gevegsoogpunt wou produseer en dié van die "moderne skool" wat die aspirantoffisier van 'n breë, algemene militêr-akademiese opvoeding wou voorsien as fondament vir lewenslange ontwikkeling, het volgens Van Niekerk die vooruitgang van die Akademie verhoed. Weens 'n gebrek aan behoorlike raadpleging met deskundiges aan inrigtings vir hoër onderwys, het daar voorts van die begin af 'n wanverhouding tussen militêr-akademiese opvoeding en praktiese militêre opleiding ontwikkel; daar is te veel klem op die "vegeienskappe" van die toekomstige offisier ten koste van sy "geestesontwikkeling" gelê. Verder was die Akademie 'n ondergeskikte afdeling van die SA Militêre Kollege, 'n instelling wat nie die denke van die "moderne skool" onderskryf het nie en gevolglik nie sou toelaat dat die Akademie ooit tot sy reg kom nie.[229]

Hierdie spreekwoordelike botsing tussen Sparta en Athene wat Van Niekerk in die UVM ervaar het, was nie ongewoon nie. Die romanskrywer, Simon Raven, het by geleentheid in dié verband van Sandhurst gesê:

> "These admirable results (general breadth of outlook and considerable mental flexibility) of a liberal education ... in junior officers do not always give unalloyed pleasure to older men reared in the more Spartan pre-war Sandhurst tradition, who maintain that such liberality of outlook is often at odds with the less compromising type of military requirement. But for that matter, the character-building side of a cadet's education is deliberately designed, in many respects, to offset any sceptical or easy-going attitudes that might result from so broad an education. The official theory ... is that strict discipline and liberal education can complement and strengthen each other; in practice they are often plainly

228. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].

229. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].

opposed, and serious friction between the civil and military instructors is not unknown."[230]

Dieselfde tweestryd is ook by West Point aangetref. Crackel reken dié instelling "has spent the major part of the twentieth century trying to reconcile the demands of these divergent (Athenian and Spartan) goals."[231] Die botsing van ideale is dus 'n werklikheid wat waarskynlik by alle militêr-akademiese instellings voorkom en voortdurend bestuur moet word om die optimale resultate met die opvoeding van junior offisiere te verkry.

Die skeiding van die offisiersopleiding van die verskillende weermagsdele het voorts volgens Van Niekerk verhoed dat 'n gemeenskaplike kultuur en samehorigheidsgevoel, wat noodsaaklik was vir toekomstige samewerking tussen die weermagsdele, by alle offisiere van die UVM gekweek word. Die skeiding van offisiersopleiding het ook veroorsaak dat elke weermagsdeel na 'n eie akademie gestreef het, wat die Unie nie kon bekostig nie; geeneen van die weermagsdele sou in elk geval genoeg kandidate hê om 'n eie akademie te regverdig nie. Die Militêre Akademie was teen 1952 vir alle praktiese doeleindes 'n Leërakademie en derhalwe te klein om enigsins lewensvatbaar te wees.[232]

Kapt. Van Niekerk het hom in die lig van die struikelblokke wat hy in die weg van die Akademie se ontwikkeling tot 'n doelgerigte, lewensvatbare instelling gesien het, beywer vir die oprigting van 'n onafhanklike, gesamentlike Weermagakademie wat al drie weermagsdele, asook die marinierskorps kon bedien. Dié gedagte het hy geput uit leesstof wat hy oor die Indiese *National Defence Academy* bekom het. Laasgenoemde inrigting, wat pas in 1949 tot stand gekom het, en na die voorbeeld van Sandhurst en West Point ingerig is, het kandidaatoffisiere vir die Indiese leër, lugmag en vloot vir vier jaar lank gesamentlik opgelei, alvorens hulle na hul onderskeie weermagsdeelakademies (of dergelike opleidingsinrigtings) gestuur is vir spesialisasie in hul betrokke weermagsdele.[233] Aangesien die Indiese akademie ook maar op die Sandhurst-/West Point-model gebaseer was, het dit nie vir Van Niekerk om die opleidingstelsel van daardie instelling gegaan nie, maar bloot om die idee van 'n gesamentlike instelling vir al drie weermagsdele. Gegewe die klein getal aspirantoffisiere wat jaarliks vir die UVM opgelei moes word, was 'n gesamentlike akademie die enigste koste-effektiewe oplossing. Gesamentlike opleiding sou egter ook

---

230. Soos aangehaal in H. Thomas: **The Story of Sandhurst**, pp.231.
231. T.J. Crackel: **The Illustrated History of West Point**, pp.225.
232. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Oorsake van die Kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].
233. T. Raina: **Cradle for Leadership: The National Defence Academy: A History 1949 - 1996**, pp.4 - 14.

onderlinge begrip tussen die offisiere van die verskillende weermagsdele bevorder, wat uiteindelik effektiewe samewerking onder operasionele omstandighede kon bevorder. Van Niekerk se idees in hierdie verband het egter volgens hom by sowel die SA Militêre Kollege as Verdedigingshoofkwartier op dowe ore geval en hom hoogstens die spot en argwaan van die "ou skool" op die hals gehaal.[234]

Op 24 September 1952 het kapt. Van Niekerk, in wat geblyk het sy laaste private ontmoeting met hom te wees,[235] 'n uitvoerige mondelinge voordrag aan minister Erasmus gelewer,[236] waarin hy die situasie by die Akademie uiteengesit en die stigting van 'n selfstandige gesamentlike Akademie vir die weermagsdele, "direk verantwoordelik aan die Hoof van die Generale Staf en [die] Universiteitraad" bepleit het. Hy het daarop gewys dat daar nog baie teenkanting in die UVM teen die Akademie was en dat die militêre owerhede met "alle mag" gekeer het dat die akademie selfs tot 'n afsonderlike tak van die SA Militêre Kollege ontwikkel. Die teenkanting teen die Akademie was volgens sy kriptiese voordragnotas hoofsaaklik in vier groepe gesetel: eerstens, die politieke muntslaners, tweedens, diegene wat kompetisie gevrees het, derdens, diegene met 'n gebrek aan insig in moderne opleidingsvereistes en laastens, 'n kleinlike groep wat gebelg gevoel het omdat kapt. G.F. Jacobs se planne (waarskynlik die oprigting van die Akademie onder die Universiteit van Suid-Afrika) verwerp is.[237]

Van Niekerk se betoog het duidelik 'n gunstige indruk op Erasmus gemaak, want hy het twee dae later vir lt.genl. Matie du Toit opdrag gegee om "met die oog op die uiteindelike konsentrering van die Akademie-opleiding vir aldrie (sic.) Magte ... 'n proefplan ... vir 'n Opleidingsgebou (sic.)" te laat optrek en 'n "rowwe koste-beraming" in dié verband te maak.[238] Dit blyk egter uit Du Toit se reaksie op dié opdrag, waarin hy weens die uiteenlopende opleiding van aspirantoffisiere vir die drie weermagsdele die haalbaarheid van "so 'n gesamentlike inrigting" betwyfel het, dat Erasmus hom nie oor Van Niekerk se voorstelle ingelig het nie.[239] Van Niekerk het nietemin, moontlik ook in opdrag van die Minister en klaarblyklik steeds sonder die medewete van lt.genl. Matie du Toit,

---

234. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.
235. Mil. Akad. Argief, M. van Niekerk, toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000.
236. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, bundel met dokumente i.v.m. Mil. Akad., vol. IV, 1952, lêer 57: "Punte van Bespreking vir Memorandum", 24 September 1952, aantekening deur M. van Niekerk, 1 Oktober 1952.
237. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, bundel met dokumente i.v.m. Mil. Akad., vol. IV, 1952, lêer 57: "Punte van Bespreking vir Memorandum", 24 September 1952, voordragnotas, M. van Niekerk.
238. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 45, brief MV130, Privaatsekr. Min. van. Verd. – HGS, 26 September 1952.
239. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 46, brief HGS/GPT/1/4/1 oor HGS/KE/1/1, H.G.S – Min. van Verd., 30 September 1952.

inderhaas (Erasmus was op die punt om na Korea te vertrek) sy voordrag in 'n geheime memorandum verwerk en op 22 Oktober 1952 aan Erasmus voorgelê.[240] Daarin het hy die redes vir die "kreeftegang" van die Akademie volledig uiteengesit en die idee van 'n gesamentlike Weermagakademie verder uitgebou. Die memorandum was ongedateer, nie onderteken nie en die outeur bloot as "Die Samesteller" aangedui. Daar is egter verskeie leidrade in die memorandum en latere dokumente om beide die datum en die outeur presies te kan bepaal. Dié geheimsinnigheid het duidelik uit die militêre owerhede se argwaan met Van Niekerk se direkte onderhandelinge met Erasmus gespruit, soos hierbo bespreek.

Van Niekerk het in sy memorandum aan Erasmus verklaar dat daar net twee dinge nodig was om "die huidige agteruitgang en die dooie punt" in "groter sukses en ontwikkeling" te omskep: eerstens moes die Akademie dadelik van die SA Militêre Kollege losgemaak en as selfstandige inrigting opgerig word; en, tweedens, moes 'n tussentydse beleid geïmplementeer word wat sou afstuur op die "ideale Akademie" wat hy in die vooruitsig gestel het. Hy het aanbeveel dat die voorgestelde Reglement vir die Akademie aanvaar en dié instelling met ingang van Januarie 1953 tot 'n onafhanklike Weermaginrigting verklaar, van die nodige personeel, geboue en fasiliteite voorsien en ooreenkomstig die Reglement bestuur word. Hy het ook gewys op die noodsaaklikheid om, soos by alle universiteite, navorsings- en loopbaangeleenthede vir die doserende personeel te skep, ten einde hul moreel te verhoog, hul kundigheid te verbeter en 'n hoë omset van dosente (met die gepaardgaande verlies aan kennis, ervaring en kontinuïteit) te verhoed. Verder het hy met die oog op die totstandbrenging van die "ideale Akademie" aanbeveel dat hy as Dekaan gelas word om binne twaalf maande 'n plan vir die uitbouing van die Akademie tot 'n selfstandige inrigting wat die gesamentlike opleiding vir al drie weermagsdele kon behartig, voor te lê. Hy het pertinent aanbeveel dat 'n beplanningskommissie nie aangestel moes word nie, omdat dit die proses onnodig sou uitrek, onder meer aangesien "die meerderheid leërverteenwoordigers nog nie oortuig (is) van die noodsaaklikheid van akademiese opleiding nie." Van Niekerk het geglo dat hy in die beste posisie was om die Akademie vinnig op die regte grondslag te plaas, omdat hy al "vir twee jaar onderhandel ... met almal wat leiding kan gee ... [en] weet wat die vereistes is wat algemeen aanvaar word ... en reeds die ondersteuning (het) van meeste akademici sowel as van 'n hele aantal belanghebbende persone in elke vertakking van die leër, wat nie op die kommissie benoem sal kan word nie, maar wat in eie kring meer vir die Akademie kan uitrig as wat die kommissie oor 'n lang

240. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlaes 4 en 5, ongenommerde, nie-ondertekende memorandum, "Plasing van die Akademie op 'n Hegte Grondslag" en byvoegsel (wat saam met genoemde memorandum aan Erasmus voorgelê is – vergelyk begeleidende nota aan Erasmus by die memorandum) "Oorsake vir die kreeftegang van die Akademie", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].

tydperk kan bereik."[241] Van Niekerk het ten slotte aanbeveel dat die beleid met betrekking tot kadetopleiding gewysig word sodat die verwerwing van 'n B.A.(Mil.)- of B.Sc.(Mil.)-graad die enigste pad na offisiersaanstelling sou wees, dat die graadstudie vier jaar sou duur en dat die volle vier jaar se opleiding en opvoeding onder beheer van die Akademie sou geskied.[242]

Van Niekerk het op 29 Oktober 1952 'n mondelinge opdrag van die Leërstafhoof, genl.maj. H.B. Klopper, ontvang om aan te dui hoe 'n volwaardige, gesamentlike Militêre Akademie na sy mening tot stand gebring kon word. Dit is nie duidelik presies wat tot dié opdrag aanleiding gegee of presies hoe die opdrag gelui het nie. Van Niekerk meld egter dat hy die idee van 'n gesamentlike akademie met die Vloot- en Marinierstafhoof, sowel as senior offisiere van die lugmag bespreek het en dat hulle in beginsel heeltemal te vinde vir so 'n stap was. Dit was volgens hom in daardie stadium slegs die Leër wat nog nie sy steun aan die gedagte toegesê het nie.[243] Die afleiding is dus dat Van Niekerk probeer het om die Leërstafhoof se steun vir die saak te verkry, waarop dié opdrag gegee het dat hy die voorgenome skema vir hom volledig op skrif stel sodat hy dit kon oorweeg.

Van Niekerk het die geleentheid ten baat geneem om 'n uitvoerige memorandum (40 getikte bladsye) op te stel om sy standpunt uiteen te sit.[244] Dit skyn egter of hy sy bovermelde memorandum van 22 Oktober 1952 aan Erasmus vir die militêre owerhede dig gehou het, want in sy dekkingsbrief aan die Leërstafhoof skryf hy onder meer:

> "Die memorandum bevat my persoonlike en openhartige beskouings oor 'n paar aspekte van die vraagstuk van akademiese opleiding in die Weermagte (sic.). Dit is die eerste geleentheid wat ek gehad het om my gedagtes oor die aangeleentheid neer te skryf."[245]

Van Niekerk het in dié memorandum uitgebrei op die gedagtes wat hy in sy memorandum aan Erasmus geopper het. Hy het weer beklemtoon dat afsonderlike

---

241. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 4, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Plasing van die Akademie op 'n Hegte Grondslag", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].
242. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 4, ongenommerde, onondertekende memorandum, "Plasing van die Akademie op 'n Hegte Grondslag", g.d. [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus, 22 Oktober 1952].
243. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.1, 38 – 39.
244. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952.
245. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, bundel met dokumente i.v.m. Mil. Akad., vol. IV, 1952, lêer 60: "Memorandum: Militêre Akademie", brief MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952.

akademies vir die weermagsdele koste- en getallegewys nie haalbaar was nie en dat gesamentlike opleiding baie belangrik was vir die bou van 'n eensgesinde offisierskorps en effektiewe samewerking tussen die weermagsdele. Hy het nogmaals benadruk dat die (kort) alternatiewe offisierskursusse die Akademie doodgewurg het, deurdat dit 'n makliker pad na offisierskap was wat potensiële Akademie-kandidate afgerokkel en dié instelling inderwaarheid oorbodig gemaak het. Net 'n klein persentasie van die jong offisiere het dus hul loopbane met grade betree, waar die gedagte oorspronklik was dat die verwerwing van 'n graad 'n vereiste vir offisiersaanstelling sou wees. Die bestaande stelsel het verder beteken dat die kadette 'n siviele graad verwerf het, sonder die gewenste militêre aanpassing van leerinhoude, omdat die grootste deel van die graadkursus deur die Universiteit van Pretoria aangebied is. Hy het voorts die geweldige las wat die administrasie en onderrig van die kadette by die Gimnasiums, die Lugmagkollege, die verskillende takke van die Militêre Kollege en die Universiteit van Pretoria op die dosente en administratiewe personeel van die Akademie geplaas het/sou plaas, asook die probleme in verband met die koördinering van die roosters, die beskikbaarheid van die fasiliteite van die verskillende instellings en die verkwisting van tyd en die duplisering van werk en koste as gevolg van die verspreiding van die opleiding by soveel verskillende inrigtings, breedvoerig uiteengesit.[246]

'n Gesamentlike, outonome Akademie wat op een standplaas volle beheer oor alle aspekte van 'n gebalanseerde vierjarige militêr-akademiese kadetkursus uitoefen, sou al hierdie probleme oplos. Sodanige sentralisasie sou dit moontlik maak om 'n ideale rooster op te stel wat militêre opleiding, akademiese opvoeding en alle ander aktiwiteite van die kadette behoorlik koördineer en tot 'n sinvolle geheel integreer. Sentralisasie in 'n volwaardige gesamentlike Weermagakademie sou voorts duplisering uitskakel en dus baie tyd en koste bespaar; dit sou bevredigende loopbaanvooruitsigte vir militêre dosente binne die vergrote diensstaat skep; dit sou die aanbieding van ten volle militêr aangepaste graadkursusse deur militêre dosente in 'n ideale militêr-akademiese atmosfeer moontlik maak; en dit sou die UVM se toekomstige offisierskorps tot 'n hegte eenheid met 'n gemeenskaplike waardestelsel en verwysingsraamwerk, asook die nodige wedersydse kennis en begrip van die aard en funksies van die verskillende weermagsdele, wat so belangrik is vir effektiewe samewerking op operasionele vlak, saamsnoer.[247]

Dit is duidelik dat kapt. Van Niekerk 'n deeglike studie van die eise van militêre professionalisme en moderne offisiersopvoeding, sowel as die militêr-akademiese

246. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.3 - 26.
247. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.3 - 38.

opvoedingstelsels by buitelandse akademies gemaak het. Dié kennis het hom in staat gestel om nie alleen die buitelyne van 'n lewensvatbare, doelgerigte militêre akademie aan die hand van getoetste buitelandse modelle, maar ooreenkomstig die unieke behoeftes van die UVM, te skets nie, maar ook 'n breë filosofies-opvoedkundige grondslag vir offisiersopvoeding in die UVM te formuleer. Hy het die filosofiese basis van offisiersopvoeding soos volg gesien:

> "... om toekomstige offisiere op Universiteitspeil in 'n hele spektrum van leierskap op te lei; om die offisier NIE NET as soldaat NIE, maar as volwaardige mens, kultureel en intellektueel te ontwikkel ...sodat hy gedurende die lang periodes van vrede, NIE NET as 'n leidelike (sic.) oorlogs-assuransiepolis vir die Volk kan dien nie, maar 'n groter aanwins en dinamiese leier op verskillende gebiede kan wees. Dit is die taak van die moderne offisier om die volk op alle gebiede wat die veiligheid van die volk en land raak, leiding te gee.
>
> "... moderne oorlogvoering (stel) baie groter eise aan die offisier, as net die blote bekwaamheid om troepe aan te voer! Hy moet die volk kan leiding gee om Wêreldvrede te bewaar ... Hulle moet toegerus wees om deel te neem aan die ideologiese stryd wat die moderne tyd kenmerk! ... ... Daar heers vandag 'n voortdurende toestand van gevaar! Die wêreld is gedurig in 'n koue-oorlog gewikkel! Die Weermag en sy leiers ... moet ... meer bekwaam kan "veg" vir die behoud van Vrede as vir die herwinning van Vrede! Die Volk wag op hulle leiding in hierdie vredestydse "oorlog van idees"!...
>
> "Die Weermag het verder sy kwota aan hoogsgeskoolde tegnici nodig; hy het diplomate nodig; hy het militêre attachés nodig; hy het goedopgeleide administrateurs nodig. Hy het mense nodig wat as militêre goewerneurs oor besette gebiede moet kan optree; hy het sy eie wetenskaplikes nodig en mense wat die Volk kan leiding gee i.v.m. produksie vir oorlogsdoeleiendes ...
>
> "... ALLEEN DEUR OFFISIERE AS VOLWAARDIGE, VEELSYDIGE MENSE TE BEKWAAM EN IN 'N HELE SPEKTRUM VAN LEIERSKAP OP TE LEI, SODAT HULLE LATER IN VERSKILLENDE RIGTINGS KAN SPESIALISEER, KAN OOIT DIE HOOP GEKOESTER WORD DAT DIE DOELTREFFENDHEID BINNE ONS MILITêRE ORGANISASIE BEREIK SAL WORD, WAT NODIG IS VIR DIE BEHOUD VAN DIE BESKAWING SOOS ONS DIT KEN![248]

248. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.9, 12 – 14.

Kapt. Van Niekerk het verder beklemtoon dat om jong offisiere met bogenoemde kwaliteite te lewer, "'n breë basiese opleiding oor minstens vier jaar" nodig was, met "ewewigtige klem" op die volgende drie "onontbeerlike" vereistes:

> "'n Breë militêre kennis waarop 'n lewenslange loopbaan as offisier in die Weermag later opgebou kan word.
>
> "Wetenskaplike opleiding op Universiteitspeil (sic.), met die oog op die Wetenskaplike (sic.) aard van moderne oorlogvoering en die offisierstake wat daarmee gepaard gaan.
>
> "Die inboeseming van voortreflike deugde soos 'n sterk karakter en persoonlikheid en 'n morele en etiese lewensbeskouing wat vir enige leier, maar veral vir die hedendaagse militêre offisier onontbeerlik is! ...[249]

Akademiese opleiding moes, aldus Van Niekerk, net as die eerste stap in die jong offisier se "militêre opleiding en loopbaan" beskou word, waarna hy "in een of ander vertakking" kon spesialiseer. Hy het dié uitgangspunt soos volg gemotiveer:

> "... die akademiese stelsel van opleiding (lê) 'n veel beter fondament [as blote militêre opleiding] ... vir die opleiding van 'n meer bekwame soldaat. Bo en behalwe die ontwikkeling van sy vegeienskappe, stel die akademiese opleiding ... die offisier instaat (sic.) om in énige ander vertakking ook te dien. Weens sy intellektuele ontwikkeling en groter geestelike ruimheid, sal hy ook oor 'n groter aanpasbaarheid in die samelewing en oor 'n veel wyere bruikbaarheid in die Weermagte beskik, as dié kandidaat wat net as troepe-aanvoerder opgelei is. Daarby sal die Akademiese (sic.) opleiding die offisier instaat (sic.) stel om beter Self te oordeel in alle probleme wat hy mag teëkom en sy eie diskresie en inisiatief beter te gebruik waar hy self die verantwoordelikheid dra, as daardie man wat geleer is om net onder beheer te dink en te handel ...
>
> "Die offisiere behoort NOG die ADEL in die Weermagte te wees, maar NIE meer die adel van afkoms NIE maar die adel van karakter en intellek."[250]

Van Niekerk het op grond van bostaande opvattings die doel van die Militêre Akademie soos volg omskryf:

---

249. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.14.

250. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.17, 19.

"Om aan toekomstige offisiere van die Weermag akademiese en militêre opleiding te verskaf, wat sal verseker dat elke gegradueerde offisier die geestelike kwaliteite en hoedanighede sal hê wat, noodsaaklik is vir sy progressiewe en voortdurende ontwikkeling gedurende 'n lewenslange loopbaan as offisier in die Verdedigingsmag.

"Hiervoor is nodig dat die ontwikkeling van karakter en persoonlikheid as hoekstene van ware leierskap deurgaans beklemtoon word, asook dat 'n breë militêre opleiding, só met die akademiese opleiding gekoördineer word dat dit 'n goeie fondament sal wees waarop die toekomstige offisier, na promovering, kan voortbou."[251]

Bostaande doelstelling was volgens Van Niekerk "die doel wat feitlik woordeliks in alle ander militêre akademies van die wêreld aangetref sal word."[252] Dit was dus, soos by die buitelandse akademies, daarop gemik om voorsiening te maak vir die opvoeding van offisiere ooreenkomstig die eise van militêre professionalisme.

Van Niekerk het voortgaande daarop gewys dat die metodiek van akademiese opvoeding ook bepaalde eise aan 'n militêre akademie stel:

"Dit moet in gedagte gehou word dat akademiese opleiding hoofsaaklik met diepgaande intellektuele studie en navorsing gepaard gaan, wat ure van vrye persoonlike studie en verstandelike indringing in probleme veronderstel. Dit vereis ... ['n] besondere akademiese atmosfeer ... [daarom] moet die Akademie afsonderlik op sy eie gebied geplaas word, waar hy toegelaat moet word om die verlangde atmosfeer te skep en die metodes wat vir wetenskaplike opleiding ontwerp is, onbelemmerd toe te pas."[253]

Kapt. Van Niekerk het Pretoria nie 'n geskikte standplaas vir 'n gesamentlike Weermagakademie geag nie. Daar was volgens hom in 'n groot stad soos Pretoria "te veel afleidings wat nie bevorderlik vir akademiese studie is nie", terwyl die afwesigheid van die see die opleiding van vlootkadette haas onmoontlik gemaak het. Sy kontak met brig. P. de Waal, die Vloot- en Marinierstafhoof, in verband met die reëlings vir die Van Riebeeckfees, het Saldanha as ideale standplaas vir 'n gesamentlike Weermagakademie onder sy aandag gebring. Die Vloot- en Mariniersgimnasium aldaar

251. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.16.
252. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2, inlae 15, S8166, Verslag van die Subkomitee insake die Verhouding van die SA Militêre Akademie tot die Universiteit van Pretoria, g.d.
253. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.18, 19 – 20.

het uitstekende fasiliteite vir die opleiding van vlootstudente gebied, terwyl Lugmagstasie Langebaanweg, waar die beste opleidingsfasiliteite vir lugmagopleiding beskikbaar was, slegs 'n paar kilometer daarvandaan geleë was; ruimte vir leëropleiding was daar ook meer as genoeg.[254] Die afgeleënheid van Saldanha sou dit natuurlik ook moontlik maak om die "eie akademiese atmosfeer" te skep wat kapt. Van Niekerk so hoog aangeskryf het. Ofskoon Van Niekerk dit ten sterkste ontken,[255] wys Bakkes daarop dat Saldanha natuurlik ook in Erasmus se kiesafdeling geleë was, sodat die oprigting van die Akademie daar dus vir hom politieke punte sou kon verdien, wat hom moontlik meer ontvanklik vir Van Niekerk se voorstelle kon maak.[256]

Dit het Van Niekerk getref dat Saldanha as standplaas dieselfde voordele ingehou het as wat West Point se ligging aan die Hudsonrivier gebied het. Hy skryf in dié verband;

> "Nou is dit 'n feit dat by die beplanning van 'n Militêre Akademie 'n mens in staat moet wees om met 'n mate van sekerheid te kan bereken waarvoor so 'n Akademie in 'n 100 of 150 jaar se tyd voorsiening sal moet maak, en nie net vir onmiddellike behoeftes te beplan nie. Stel u voor wat Amerika se posisie b.v. sou gewees het as hulle West Point in 1802 nie om definitiewe redes in 'n uithoek van die destydse land en aan 'n groot waterweg opgerig is nie, maar (soos Voortrekkerhoogte) in die middel van 'n groot stad soos b.v. New York! Wat sou die posisie van hulle Akademie dan vandag in die middel van 'n metropolis van wolkekrabbers gewees het? Sou hulle daar militêre oefeninge kon uitvoer en plek gehad het vir uitbreiding ... hoort 'n groot militêre opleidingskool in 'n groot hoofstad tuis? ... wat (sal) die morele uitwerking op 'n volk wees as b.v. in tyd van oorlog 'n atoombom nie alleen sy hoofstad nie, maar ook sy staalfabriek, sy Verdedigingshoofkwartier en sy hoof opleidingskool (wat die Akademie moet wees) in puin lê?"[257]

Alhoewel Van Niekerk volgens sy eie getuienis geen kennis daarvan gedra het dat die Kriegler-komitee oorspronklik ook die Akademie onder die voogdyskap van die Universiteit van Suid-Afrika wou oprig nie, het hy ook dié Universiteit as die ideale voog van die Militêre Akademie gesien. Die feit dat die Universiteit van Suid-Afrika deur

---

254. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.7; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.7.
255. M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992; Mil. Akad. Argief, M. van Niekerk, toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000.
256. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.7.
257. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.

wetgewing verbied is om weer konstituerende kolleges onder sy beheer te stig,[258] het beteken dat die Akademie onder daardie Universiteit onmiddellik 'n onafhanklike militêr-akademiese inrigting sou word; die Universiteit sou slegs spesiale voorsiening vir 'n besondere groep eksterne studente van 'n andersins selfstandige inrigting maak. Samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika sou tot die akkreditering van die militêre dosente en die goedkeuring van die militêre leerplanne beperk wees; die Akademie-dosente sou alle doseerwerk self behartig.[259] Anders as wat die geval onder die Universiteit van Pretoria was, waar die jongste stelsel die UVM verplig het om die kadette hoofsaaklik 'n siviele graadkursus te laat volg, kon alle vakke onder die Universiteit van Suid-Afrika militêr aangepas word om die belange van die UVM ten beste te dien.

In 'n opvolgmemorandum aan die Minister van Verdediging kort na sy voorlegging aan die Leërstafhoof, het Van Niekerk daarop gewys dat die kadette van die Lugmag en die Marinierskorps volgens beplanning van Januarie 1953 af ten volle by die Akademie sou inskakel en dat die instelling inderdaad besig was om op 'n natuurlike wyse tot 'n gesamentlike Akademie te ontwikkel. Hy het die Minister ook meegedeel dat hy die stigting van 'n gesamentlike Akademie op Saldanha intussen nie-amptelik met die Vloot- en Marinierstafhoof, die Adjunk-Lugstafhoof en die Hoof van die Universiteit van Suid-Afrika bespreek het, wat almal hul steun aan die plan toegesê het. Hy het nog op terugvoer van die Leërstafhoof gewag, maar gemeld dat daar in Leërkringe 'n neiging bestaan het om teen wil en dank die Akademie aan die SA Militêre Kollege gekoppel te wou hou. Hy was egter die mening toegedaan dat, indien nodig, die Leër verplig moes word om in belang van die Weermag by die planne vir 'n onafhanklike Akademie in te val en het sy aanbeveling herhaal dat die bestaande Akademie reeds van Januarie 1953 af van die SA Militêre Kollege losgemaak moes word. Hy het ook aanbeveel dat die hoofde van die drie Dienswapens gelas moes word om onverwyld planne vir die vestiging van 'n Weermagakademie op Saldanha op te trek.[260]

Daar het klaarblyklik vir eers niks gekom van Van Niekerk se dringende vertoë om die Akademie met ingang van Januarie 1953 van die SA Militêre Kollege te ontvoog en dat daar onverwyld met die optrek van planne vir die vestiging van 'n Weermagakademie op

258. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, p.8. Van Niekerk verwys klaarblyklik hier na Wet 30 van 1951 wat Unisa se status as federale universiteit beëindig het – vergelyk M. Boucher: **Spes In Arduis**, pp.282 - 284.

259. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 1, memorandum MF/1, Dekaan Mil. Akad. – LSH, 20 November 1952, pp.8, 21; Vergelyk ook SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde memorandum [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus], g.d.

260. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 5, ongenommerde memorandum [kapt. M. van Niekerk – Min. F.C. Erasmus], g.d.

Saldanha begin moes word nie. Die Adjudant-generaal het eers op 30 April 1953, in opdrag van die Hoof van die Generale Staf, wat waarskynlik op sy beurt deur die Minister van Verdediging daartoe gelas is, 'n raad van offisiere onder voorsitterskap van kol. (tydelike brig.) P.H. Grobbelaar, D.S.O. saamgestel om ondersoek in te stel na die wenslikheid daarvan om in die toekoms die akademiese opvoeding van aspirantoffisiere in een inrigting te sentraliseer, waar so 'n instelling geleë moes wees, wat die leerplanne vir sodanige militêre graadkursus moes behels, asook welke personeel en akkommodasie daarvoor benodig sou word. Kapt. van Niekerk was die Sekretaris van die Komitee, met kmdt. (tydelike kol.) J.D. Pretorius (Lugmag), kmdt. P.J. Jacobs (Leër) en lt.kdr. S.C. Bierman (Vloot) as die ander lede.[261]

Die Raad van Offisiere het in sy voorlopige verslag Van Niekerk se belangrikste besware teen die bestaande Akademie (uitgesonder sy kritiek teen die Militêre Kollege, waarvan geen melding gemaak is nie!), sowel as die voordele wat hy in 'n gesamentlike Akademie gesien het, bevestig. Die Raad het derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat gesamentlike opleiding in een inrigting besonder wenslik was; dat die Gimnasiumjaar nie by die graadkursus ingeskakel moes word nie, maar dat die voltydse graadkursus oor drie jaar behoort te strek; en dat die weermagsdele, waar nodig, hul bestaande opleidingstelsels moes wysig, ten einde die groot voordele van volwaardige militêre opvoeding ten volle te kon benut. Die Raad het bevind dat die belangrikste fasiliteite wat nodig sou wees vir die oprigting van 'n Weermagakademie (en waaroor die Akademie in daardie stadium nie beskik het nie) eerstens, 'n waardige gebouekompleks was (met geskikte laboratoriums), waarin die Akademie as 'n selfstandige offisierskool uitgebou kon word; tweedens, was 'n geskikte standplaas met voldoende ruimte vir uitbreiding en ontwikkeling noodsaaklik; en derdens, moes enkele addisionele dosente aangestel word om die militêr-aangepaste akademiese opvoeding oor die volle drie akademiese jare waar te neem. Die standplaas moes uiteraard ook geskikte opleidingsfasiliteite vir al drie weermagsdele bied; wat die Raad betref het, was Saldanha en Pretoria die enigste twee geskikte standplase vir die Akademie - laasgenoemde ook net as die Vloot bereid sou wees was om toe te gee op sy onverbiddelike eis dat sy kadette voltyds by die see opgelei moes word.[262]

Ofskoon die Raad nie 'n definitiewe aanbeveling gemaak het oor welke standplaas hulle voorgestaan het nie, was die oorwig van hul argumente duidelik in die guns van Saldanha. Saldanha het oorgenoeg ruimte vir uitbreiding gebied en het reeds, soos

261. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, brief CGS/GPT/1/2/5, HGS – AG, 30 April 1953; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 4, brief AG(1)933/20, AG – LSH, etc., 30 April 1953.

262. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.

hierbo vermeld, oor genoegsame opleidingsfasiliteite vir die Vloot (Vloot- en Mariniersgimnasium) en die Lugmag (Lugmagstasie Langebaanweg), beskik, terwyl daar maklik aan die Leër se opleidingsbehoeftes voldoen sou kon word. Die grootste nadeel van Saldanha was die relatief onontwikkeldheid van die gebied, wat beteken het dat daar groter koste (£335 977 teenoor £225 977) as in Pretoria aangegaan sou moes word om al die nodige fasiliteite te skep. Die Vloot het egter reeds groot uitbreidings op Saldanha beplan, wat soveel meer geregverdig sou wees as die Akademie ook daar geplaas sou word; aan die ander kant kon die Akademie weer voordeel trek uit die ontwikkeling wat in elk geval daar in die vooruitsig gestel is.[263]

Pretoria se grootste nadeel (as die afwesigheid van die see weggelaat word) was dat die Akademie daar altyd aan bande gelê sou word deur die bestaande universiteite, wat waarskynlik die skepping van 'n selfstandige "Weermaguniversiteit" op hul voorstoep ten sterkste sou afkeur; op Saldanha, daarenteen, sou daar vanweë die afgeleënheid van dié standplaas van meet af aan 'n feitlik onafhanklike militêr-akademiese inrigting vir die UVM daargestel kon word. Op Voortrekkerhoogte (wat die aangewese plek in Pretoria vir die oprigting van die Weermagakademie geag is) het daar nie 'n akademiese atmosfeer geheers nie en was daar ook nie genoeg ruimte om dit te skep nie. Pretoria het te veel afleiding gebied, wat die studente enersyds van hul studie af weggehou het en andersyds hul soldy (wat hulle gekla het te min was!) opgeslurp het. Op Saldanha was daar baie minder afleiding en sou die student sy volle aandag aan sy werk kon gee en boonop nog geld spaar ook! Pretoria het natuurlik "'n uitgebreide en hoogsbeskaafde samelewing" gebied wat die kadette se kultureel-maatskaplike ontwikkeling sou bevoordeel; Saldanha met sy gebrek aan afleiding het weer die voordeel gebied dat daar "groter beheer oor die kulturele en sosiale samelewing van die kadette uitgeoefen kon word" en dat hul verenigingslewe beter georganiseer kon word.[264]

Die Raad het in die lig van sy bevindings versoek dat, alvorens hy met sy ondersoek voortgaan, uitsluitsel eers gegee moes word oor die aanvaarding of verwerping van die voorstel van gesamentlike kadetopleiding vir al drie weermagsdele, die ligging van die Akademie en die versekering dat genoeg dosente- en ander poste geskep sou kon word vir die oprigting van 'n gesamentlike akademie.[265] Die Minister van Verdediging het op 3 Augustus 1953 aangedui dat die naam "Weermagakademie" (*Services Academy*) hom

---

263. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.
264. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.
265. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.

geval, dat Saldanha die geskikste standplaas vir 'n gesamentlike Akademie was en goedkeuring verleen vir die aanstelling van 'n verdere komitee om 'n voorgestelde leerplan vir die voorgenome Weermagakademie te Saldanha op te stel.[266] Die Raad se voorstel in verband met addisionele poste vir die Akademie is egter nie aanvaar nie[267], klaarblyklik weer eens vanweë 'n gebrek aan fondse. Addisionele dosente sou wel teen bestaande offisiersposte aangestel word.[268]

Die Hoof van die Generale Staf het op 6 Augustus 1953 die nuwe komitee, bestaande uit brig. P.H. Grobbelaar, D.S.O. (Voorsitter), kol. H.J. Martin (Lugmag), kmdt. S.A. Engelbrecht (Leër), kmdt. G.D. Moodie (Mariniers), lt.kdr. S.C. Bierman (Vloot) en kapt. M. van Niekerk aangestel. Die riglyne wat die Hoof van die Generale Staf aan die Komitee gegee het, het vermeld dat die gesamentlike Akademie op Saldanha tot stand sou kom en dat die kadette van die drie weermagsdele en die Marinierskorps 'n jaar lank militêre opleiding by hul onderskeie weermagsdeelkolleges sou ondergaan, voordat hulle "training of a standard commensurate with normal University training" aan die Akademie sou volg.[269] Die beplanning was dat die kursus by die Akademie drie jaar sou duur en op 'n militêre graad onder die voogdyskap van een of meer universiteite sou uitloop. Die jaarlikse inname van die Akademie sou 30 kadette (tien per weermagsdeel) beloop.[270]

Die kabinet het daarop op 27 Augustus beginselgoedkeuring vir die verskuiwing van die Akademie na Saldanha verleen, met dien verstande dat dit nie tot die skepping van enige addisionele militêre poste sou lei nie.[271] Die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Matie du Toit het intussen deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. H.S. van der Walt, voelers na sy alma mater begin uitsteek in verband met die stigting van 'n gesamentlike Akademie as 'n selfstandige eenheid op Saldanha "onder een of

266. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, kantaantekening deur F.C. Erasmus, 3 Augustus 1953.

267. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 16, seinberig G503, HGS – LSH, etc., 23 September 1953.

268. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, ongenommerde, anonieme memorandum "Militêre Akademie", 12 Augustus 1953.

269. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, brief CGS/GPT/1/2/5, HGS – AG, 6 Augustus 1953.

270. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 11, brief CGS/GPT/1/2/5, HGS – Sekr. van Verd., 29 Augustus 1953; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde, anonieme memorandum, g.d. (Dié memorandum is vermoedelik in Oktober 1953 deur HGS vir voorlegging aan die Sekr. van Onderwys, Kuns en wetenskap – vergelyk SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, brief E3/1/462.A, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.G.S, 21 Oktober 1953, asook ongenommerde brief, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap – Rektor US, 3 Oktober 1853 daarby aangeheg.)

271. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 53, brief MV168 oor MV130, Privaatsekr. Min. van Verd. – HGS en Sekr. van Verd., 31 Augustus 1953.

meer Universiteite (sic.)."[272] Mnr. Van der Walt het daarop gewys dat indien die bestaande universiteite nie bereid sou wees die militêr-toegepaste grade wat in die vooruitsig gestel is, toe te ken nie, die "wenslikheid oorweeg moet word om 'n afsonderlike Universiteitswet (sic.) aan die akademie (sic.) te verleen."[273] Hy was egter nie geneë om sy goedkeuring aan 'n selfstandige Akademie te heg as die voorgestelde werksaamhede daarvan enigsins by 'n bestaande universiteit ingeskakel kon word nie. Dr. R.W. Wilcocks, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het dié siening gedeel. Mnr. Van der Walt het op 26 Oktober 1953 'n ontmoeting tussen homself, lt.genl. Du Toit en dr. Wilcocks in Pretoria gereël om die saak te bespreek.[274] Lt.genl. Du Toit het by dié geleentheid "verduidelik dat ons beoog om 'n fakulteit van een universiteit te word – verkies[lik] Stellenbosch",[275] terwyl dr. Wilcocks op sy beurt laat blyk het dat hy geen probleme voorsien het met die inskakeling van die Akademie by die Universiteit van Stellenbosch nie, mits die voorgenome dosente en leerplanne aan die normale universitêre vereistes voldoen het.[276] Die Universiteit van Stellenbosh, wat volgens dr. Wilcocks se opvolger, prof. H.B.Thom, "'n volksuniversiteituit" was wat "uit die nood van die Afrikanervolk gebore is ... [en] deur die Afrikanervolk sterk gemaak (is) en ... nog steeds die Afrikanervolk ... gedien (het) ..."[277] was sekerlik meer as ontvanklik vir minister Erasmus se Afrikaner-ideale ten opsigte van die weermag en was dus sekerlik 'n gewillige bondgenoot. Dr. Wilcocks self was "'n kampvegter vir die gebruik van Afrikaans as vaktaal"[278] en sou vermoedelik besonder simpatiek teenoor die bevordering van Afrikaans in die weermag gestaan het.

Lt.genl. Du Toit het klaarblyklik daarop onderneem om die so gou doenlik die name van die dosente en die voorgenome leerplanne aan die Universiteit van Stellenbosch vir

---

272. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde, anonieme memorandum, g.d. [HGS – Sekr. van Onderwys, Kuns en wetenskap, Oktober 1953.]

273. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, ongenommerde brief, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap – Rektor US, 3 Oktober 1853.

274. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, brief E3/1/462.A, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.G.S, 21 Oktober 1953, asook aantekening deur HGS op vermelde brief, 17 November 1953; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, ongenommerde brief, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap – Rektor US, 3 Oktober 1853; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, ongenommerde brief en memorandum, Rektor US - Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 12 Oktober 1953; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.

275. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, brief E3/1/462.A, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.G.S, 21 Oktober 1953, aantekening deur HGS, 17 November 1953.

276. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, brief E3/1/462.A, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.G.S, 21 Oktober 1953, aantekening deur HGS, 17 November 1953; Vergelyk ook SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, ongenommerde brief en memorandum, Rektor US - Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 12 Oktober 1953.

277. H.B. Thom: Stellenbosch as ware Volksuniversiteit. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, pp.77, 78, 79.

278. A.B. van der Merwe: Wilcocks, Raymond William. In C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (medered.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V**, p.942.

oorweging voor te lê.[279] Daar was egter wat die universitêre tuiste van die Akademie betref nog geen vaste verbintenis nie, want lt. genl. Du Toit het in Maart 1954 die Staf- en Afdelingshoofde meegedeel dat "besprekings ... reeds gevoer (is) tussen die Sekretaris van Onderwys, Dr. (sic.) Wilcocks, gewese [hy het vroeg in 1954 afgetree] rektor van die Universiteit van Stellenbosch en HGS oor die moontlike erkenning van 'n militêre akademie as 'n afsonderlike fakulteit van een van die suidelike universiteite ..."[280]

Dit het in hierdie stadium gelyk asof die stigting van die Weermagakademie op koers was. Volgens brig. P.H. Grobbelaar het die militêre owerhede finaal besluit dat alle toekomstige offisiere van die SA Staande Mag 'n militêre graadkursus moes voltooi, voordat kommissierang aan hulle verleen sou word en is die nodige fondse bewillig vir die oprigting van die Akademie op Saldanha.[281] Die UVM-argitekte was trouens al besig om die planne vir die gebouekompleks op Saldanha te teken. Die Raad van Offisiere belas met die opstel van voorgestelde leerplanne vir die Weermagakademie het dan ook na oorlegpleging met die weermagsdele leerplanne vir die beoogde B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade aan Verdedigingshoofkwartier voorgelê. Die Raad het egter in sy verslag, waarin die bekwame hand van kapt. Van Niekerk (sekretaris) baie duidelik merkbaar was, daarop gewys dat "geen geskikte graad aangebied kan word en die gewenste standaard van werk NIE gehandhaaf kan word met minder as 18 dosente NIE."[282] Dit het dus beteken dat daar naas die elf bestaande dosenteposte nog sewe addisionele poste geskep sou moes word.[283]

'n Gebrek aan fondse was egter teen hierdie tyd reeds besig om die voorgenome Weermagakademie ernstig af te water. Teenoor die beraamde £335 977[284] wat vir die skepping van die fasiliteite op Saldanha benodig sou word, is 'n karige £82 000 uiteindelik vir dié doel bewillig.[285] By kapt. van Niekerk het die gevoel al sterker posgevat dat, in weerwil van die veld wat hy sedert sy aanstelling met die Akademie-gedagte gewen het, sy ideaal tog maar besig was om te sneuwel. Dié pessimisme blyk

279. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, brief E3/1/462.A, Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap - H.G.S, 21 Oktober 1953, aantekening deur HGS, 17 November 1953; Vergelyk ook SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 18, ongenommerde brief en memorandum, Rektor US - Sekr. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 12 Oktober 1953.

280. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.

281. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, Notule van Raad van Offisiere insake samestelling van akademiese leerplanne, 12 Oktober 1953.

282. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/5/3, inlae 27, Verslag van Ad Hoc-komitee insake vakinhoude van voorgestelde leerplanne vir beoogde Weermagakademie, 30 November 1953.

283. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/5/3, inlae 27, Verslag van Ad Hoc-komitee insake vakinhoude van voorgestelde leerplanne vir beoogde Weermagakademie, 30 November 1953.

284. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.

285. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11,KMG – HGS, 27 April 1954.

uit sy opsomming van die verloop van gebeure tot aan die einde van 1953 soos hy dit in die tweede helfte van Januarie 1954 in die Militêre Akademie-dagboek aangeteken het:

> "Die Saldanhabaaiprojek het intussen gematerialiseer en lewer natuurlik baie groot oprigtingsprobleme op. Die staf sal aansienlik uitgebrei moet word en die geboue en ander fasiliteite moet doeltreffend wees ... Die toekoms sal egter leer of Suid-Afrika seuns het wat werklik groot kan dink, doeltreffend kan beplan en iets daar sal stel wat eie sal wees aan hierdie land en waardig van Suid-Afrika se naam."[286]

Van Niekerk, wat op 9 Februarie 1954 van die Kommandant van die SA Militêre Kollege verneem het dat hy uiteindelik tot die rang van majoor bevorder is,[287] was kennelik daarvan bewus dat daar in die weermagsdele nog heelwat teenkanting teen die idee van 'n gesamentlike akademie bestaan het. Soos hy dit na sy bedanking uit die UVM in 'n brief aan F.C. Erasmus gestel het, het hy hom, ten spyte van die "talle memorandums" en die "boekdele aan notules as sekretaris van talle Rade" wat hy oor drie jaar geskryf het en die "honderde onwrikbare argumente" wat hy by al die samesprekings ten gunste van 'n volwaardige Akademie geopper het, steeds "vasgeloop teen die onuitstaanbare onvermoë van mense (wat dit nogal oor die algemeen goed bedoel) om meer as blote soldaat te wees." Alles waarna hy gestrewe het, het "nog maar in duie (gelê), omdat daar tussen u [F.C. Erasmus] en my (wat albei iets groot in gedagte het) soveel welmenende mense staan wat ongelukkig weens hulle uiters eensydige opleiding en uitkyk op sake, maar nie tot enige wetenskaplike denke en beplanning in staat is nie ... Die persone (Weermagleiers) dink en doen in baie opsigte nog soos voor die oorlog en kan eenvoudig nie tred hou met die snelle ontwikkeling wat in oorlogvoering plaasgevind het nie ..."[288]

Maj. Van Niekerk wou aan "die beperkte Militêre Akademie wat nou blykbaar op Saldanhabaai gaan ontstaan ... nie aandadig wees nie [omdat] dit op niks anders as 'n volslae mislukking" sou uitloop nie.[289] Hy het na eie bewering ook gevoel dat hy "as persoon" in die pad van die Akademie gestaan het, omdat die militêre owerhede nie wou toelaat dat 'n "blerrie onderwyserjie" vir hulle 'n Akademie tot stand bring nie. Die enigste manier om te verhoed dat die Akademie-gedagte totaal ten gronde gaan, was

286. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, Januarie 1954.
287. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, 9 Februarie 1954.
288. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.
289. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.

dus na sy mening dat hy as Dekaan moes bedank. Hy het egter ook gemeen dat Erasmus hom om politieke redes in die steek gelaat het; Erasmus het naamlik naas sy portefeulje as Minister van Verdediging ook 'n politieke loopbaan gehad om te beskerm en was nie bereid om die militêre owerhede teen te gaan as dit hom politieke punte kon kos nie.[290] Toe hy dus 'n aanbod ontvang het om 'n pos in die bemarkingsafdeling van die tekstielfirma *Veka* te aanvaar, het hy op 27 Februarie 1954 sy bedankingsbrief geskryf[291] om sy diens in die UVM op 31 Maart te beëindig.

Alhoewel maj. Van Niekerk sy frustrasie met die verydeling van die Akademie-planne as rede vir sy bedanking voorgehou het, was daar begryplikerwys waarskynlik ook meer as net 'n tikkie eiebelang teenwoordig. Hy was op 35-jarige leeftyd 'n ambisieuse man en met geen vooruitsig van vordering in sy akademiese loopbaan in die UVM nie, het hy groener weivelde gesoek. Hy sou klaarblyklik in sy nuwe beroep finansieel beter daaraan toe wees as in die UVM.[292] Daarby het hy van sy jeug af die begeerte gekoester om die diplomatieke diens te betree[293] en het hy dan ook aan Erasmus laat blyk dat hy sy oog op die politiek gehad het. Hy het in dié verband aan Erasmus geskryf: "Ek het opsetlik nie 'n Staatsdiensbetrekking gekies om in oorgeplaas te word nie, maar 'n handelsbetrekking wat my oor die lengte en breedte van die land sal voer en die bekendheid sal verseker wat nodig sal wees vir my latere politieke loopbaan."[294]

Dit skyn of die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Matie du Toit, in beginsel wel "groot genoeg" kon dink om die ideale wat Van Niekerk vir die Akademie gekoester het ten uitvoer te bring. Hy was naamlik oortuig van die noodsaaklikheid van 'n gesamentlike militêre akademie vir al drie weermagsdele. 'n Suksesvolle weermag was na sy mening ten sterkste afhanklik van effektiewe koördinasie en samewerking tussen die individuele offisiere en die verskillende vertakkings van die weermag. Dit het nie alleen 'n intieme kennis van die hoedanighede van die bevelvoerders van die verskillende vertakkings vereis nie, maar ook 'n grondige kennis van die vermoëns en beperkinge van elke vertakking. Sodanige kennis kon volgens hom "alleen opgedoen word wanneer daar saam gelewe en gestudeer word"[295] en daarom was dit nodig "om die studente saam te

---

290. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.
291. Mil. Akad. Argief, Melt van Niekerk-versameling, SA Militêre Kollege Dagboek: Militêre Akademie, 27 Februarie 1954.
292. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997; M. van Niekerk - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.
293. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.
294. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.
295. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.

bring onder een dak in een Akademie."[296] Dat lt.genl. Du Toit besef het dat 'n gesamentlike akademie nie onder 'n eenheid van een van die drie weermagsdele sou kon staan nie, maar noodwendig 'n selfstandige eenheid onder hul gesamentlike beheer sou moes wees, blyk uit die feit dat hy dit in bovermelde opdrag aan die Staf- en Afdelingshoofde duidelik gestel het dat "wat beheer betref, sal die akademie (sic.) moet sorteer onder 'n raad, wat sal bestaan uit HGS, Inspekteur-generaal en die drie stafhoofde."[297] Daar word dan ook nêrens melding gemaak van die moontlikheid dat die Akademie weer soos in Pretoria by 'n bestaande eenheid ingedeel sou word nie.

Lt.genl. Du Toit was voorts duidelik ten gunste van graadstudie vir offisiere. Hy het dit in sy onderhandelinge met die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch gestel dat "die opleidingspeil waarna gestreef word" van 'n "universitêre aard" was en dat dit "nodig [sou] wees om universitêre erkenning daarvoor te verkry."[298] Hy het egter gevoel dat die bestaande bedeling onder die Universiteit van Pretoria nie die gewenste produk vir die UVM gelewer het nie. Dit het na sy mening "alleen voorsiening [ge]maak vir die wetenskaplike bekwaamheid ten koste van die professionele kennis, wat 'n vereiste is, vir die krygsman."[299] Daarom moes die UVM wat die voorgenome Weermagakademie betref "aandring vir 'n militêre graad Baccalaureus Militêr, daar die graad alleen sal voorsien in die professionele behoefte van die soldaat."[300] Na sy mening is die volgende kennis en vaardighede van die militêre leier verwag en moes die militêr-akademiese opleiding van aspirantoffisiere spesifiek daarvoor voorsiening maak:

> "'n Grondige kennis van krygskunde in die algemeen ... [wat] alleen verkry kan word deur 'n grondige studie ... van die Krygsgeskiedenis d.w.s. die oorlogsbeginsels, die strategie en taktiek wat deur die eeue heen toegepas was.
>
> "Wapenleer[,] sy eienskappe en die invloed wat dit uitgeoefen het en uitoefen.
>
> "Genoeg kennis van die wetenskappe om die taak wat hom opgelê is te kan doen, en die implikasies en toepassing van die wapens, en die militêre vereistes daarvan te kan begryp. Die soldaat moet kan sê wat hy nodig het, dit is vir die

296. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde, anonieme memorandum, g.d. [HGS – Sekr. van Onderwys, Kuns en wetenskap, Oktober 1953.]
297. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.
298. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 15, ongenommerde, anonieme memorandum, g.d. [HGS – Sekr. van Onderwys, Kuns en wetenskap, Oktober 1953.]
299. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.
300. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.

wetenskaplike om die wapen te ontwerp, hiervoor is spesialisasie in die wetenskappe vir die soldaat nie nodig nie.

"'n Noukeurige studie van Militêre Aardrykskunde.

"Kennis van militêre reg en strafreg.

"Grondige kennis van administrasie, staatsadministrasie, departementele administrasie en finansies, ekonomie, die logistieke vereiste en probleme en die mate waardeur strategiese en taktiese beplanning hierdeur beinvloed (sic.) word.

"Gesonde redeneringsvermoë en die begaafdheid om tot 'n gesonde beslissing te kan kom na inagneming van al die betrokke faktore.

"Beslistheid, sielkundige kennis van die mens en deursettingsvermoë.

"Die kennis en vermoë om gebruik te maak van die terrein waarop of waarin hy hom bevind en die hulpmiddels om hom daardeur of daarvoor na sy doelwit te bring."[301]

Lt.genl Du Toit het in Maart 1954 bogenoemde opvattings aan die Staf- en Afdelingshoofde oorgedra en hulle gelas om teen die agtergrond daarvan oor die oprigting, leerplanne, doseerpersoneel, geboue en beheer van die voorgenome Akademie te besin, ten einde finaliteit daaroor te bereik. Hy ook aan hulle 'n konsepleerplan vir die graad "Baccalaureus Militêr" voorgehou wat na sy mening die offisier met die akademiese kennis en vaardighede sou toerus wat hul ten beste vir hul loopbane sou bekwaam.[302] Dié konsepleerplan het egter die basis vir gemeenskaplike militêr-akademiese opvoeding só breed aangevoor, dat dit, in stryd met universitêre beginsels, tot 'n oppervlakkige studie van 'n groot verskeidenheid van militêr-gerigte vakke sou lei. Die Universiteit van Stellenbosch het dan ook juis by 'n latere geleentheid die militêre owerhede daarop gewys dat die voorgenome leerplanne grondig aangepas sou moes word om vir die Universiteit aanvaarbaar te wees, aangesien dit nie vir die vereiste akademiese diepgang in terme van hoofvakke voorsiening gemaak het nie.[303]

Ooglopend met die kabinet se verbod op enige uitbreiding van militêre poste in gedagte, het lt.genl. Du Toit aangevoer dat die konsepleerplan wat hy opgestel het "uiters" twaalf

301. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.
302. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.
303. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Adj.-Lugstafhoof – HGS, 9 Augustus 1954.

dosente sou verg, terwyl slegs twee offisiere, een adjudant-offisier, nege onderoffisiere en drie tiksters benodig sou word om militêre en administratiewe funksies van die akademie te behartig. Sy argument was naamlik dat die "leerplan .. die grootte en omvang van die opleidings gebou (sic.) en die nodige huisvesting vir studente en staf" (en dus, hoewel hy dit nie so gestel het nie, ook die koste van die Akademie) bepaal het.[304] Dié vertrekpunt was dus vermoedelik vir die gebrek aan akademiese diepgang in sy konsepleerplan verantwoordelik. Só beskou, wou hy dus inderwaarheid met sy voorstelle verhoed dat die Akademie-gedagte skipbreuk ly; 'n té ambisieuse skema sou sekerlik die stigting van die beoogde Weermagakademie in die aangesig van die gebrek aan fondse gekelder het.

Die Staf- en Afdelingshoofde het in hul reaksie op lt.genl. Du Toit se opdrag almal die noodsaaklikheid van akademiese opvoeding onderskryf en sy konsepleerplan in breë trekke ondersteun. Die Stafhoofde het egter gevoel dat hul onderskeie weermagsdele elkeen eiesoortige opleidingsbehoeftes gehad het wat die beste deur die weermagsdeel self bevredig kon word.[305] Die Adjudant-generaal, kol. R.C. Hiemstra, wat wel ten gunste van 'n gesamentlike akademie was, maar nie 'n graad "essensieel" geag het nie, het gereken dat die klein studentetal nie kostegewys die aanstelling van voltydse dosente geregverdig het nie. Die UVM kon liewers 'n Universiteit nader om die akademiese vakke deur sy dosente by die Akademie self te laat aanbied. In só 'n geval moes die Akademie natuurlik naby 'n bestaande universiteit geleë wees en kon volgens Hiemstra "GEEN beter plek as PRETORIA gevind word NIE."[306] Hiemstra was, soos ook in later jare telkens sou blyk, 'n sterk voorstander daarvan dat die Akademie in Pretoria, naby Verdedigingshoofkwartier, gesetel moes wees. Hy was onder meer van mening dat "terwille (sic.) van ekonomie maar veral ook by wyse van voortsetting van die opleiding wat in die Akademie begin is" stafdienskursusse vir al drie weermagsdele ook by die Akademie aangebied moes word: "die Akademie moet die fondament lê en later daarop voortbou." Só 'n stap sou natuurlik ook vereis dat die Akademie in Pretoria moes bly, aangesien "'n mens dikwels van persone in hierdie omgewing moet gebruik maak vir lesings." Hiemstra het ook 'n ander baie belangrike kwessie, wat reeds vroeër kop uitgesteek het en in die toekoms telkens na vore sou kom, aangeroer. Dit was

---

304. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 43, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – IG, etc., 9 Maart 1954.

305. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1954), inlae 5, Notule van Generale Stafvergadering, 25 Mei 1954, pp. 7 – 8; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief NM158/2, Vloot- en Marinierstafhoof – HGS, 31 Maart 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 15 April 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGL0720/2, Leërstafhoof – HGS, 29 April 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11, KMG – HGS, 27 April 1954; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, brief AG(3)1906/9, AG – HGS, 14 Mei 1954.

306. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, brief AG(3)1906/9, AG – HGS, 14 Mei 1954.

naamlik dat die UVM nie aan die Akademie-dosente 'n loopbaan kon bied nie. Daarvoor sou die beoogde Akademie veels te klein wees, terwyl die "teorie .. dat die akademici met verloop van tyd hulself ook militêr sou bekwaam ... totaal onuitvoerbaar (is) ... [omdat] die akademikus ... nooit kan hoop om meer as 'n halfbakte (sic.) militaris te word nie."[307]

Die Kwartiermeester-generaal, kol. H.J. Martin, het hom in 'n sterk bewoorde brief soos volg skerp teen die voorgenome Weermagakademie uitgespreek:

> "The Chiefs of Staff are unanimous in their condemnation of a common syllabus for all three Services: they agree that certain aspects of the Sciences and a few Service subjects can be common but that each Service requires a different degree or method of specific Scientific application. This means that the first year studies could be common, but thereafter of necessity they should diverge ...
>
> "All these problems crystallise in my mind a doubt that I have had for some time: is it wise to erect a most expensive building at an isolated place like Saldanha for a type of combined training which can be done just as well at three separate colleges at a fraction of the cost? Is it in fact a wise policy to try and teach cadets the requirements of their sister services before they have themselves mastered the fundamentals of their own ... Combined training, to be beneficial and worthwhile, must come at a later stage in an officer's career and this will also eliminate the most vexatious part of the proposed syllabus: the requirement for the airman to fly during his course, because if he is an experienced airman he can do a course with casual flying at odd intervals whereas NO newly qualified cadet can afford a break in his flying training ...
>
> "Combined training is at best a delusion which does NOT produce an officer required by the Services ... a combined course for cadets is a waste of time ... It is unrealistic to expect every PF Officer to be a possessor of a University degree ... Only a select, deserving few need graduate, and such degrees can be obtained cheaper and more efficiently at any of the excellent Universities in this country ...[308]

Kol. Martin het egter in een opsig kapt. Van Niekerk se sentimente gedeel en dit was dat as daar wel 'n Weermagakademie opgerig sou word, net die beste goed genoeg was:

---

307. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, brief AG(3)1906/9, AG – HGS, 14 Mei 1954.
308. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11,KMG – HGS, 27 April 1954.

"If it is decided to proceed with the erection of an academy at Saldanha adequate, I repeat adequate, funds must be made available to erect an imposing institution that will be a credit to the UDF and command the admiration and respect of other institutions of higher learning. For the amount at present available a miserable second rate (sic.) structure only can be built, and it will be a reproach and an object of derision wherever higher learning is mentioned.

"An institution as visualised must be liberally staffed to produce results, and any suggestion to cut the staff to suit the meagre pittance available will be a most retrograde step and will further emphasise an impression of niggardliness and poverty. I consider your proposed staff totally inadequate to do the required task."[309]

Dit blyk baie duidelik uit die reaksie van die Staf- en Afdelingshoofde dat dit nie bloot 'n geval was dat hulle nie "groot genoeg" kon dink om aan 'n gesamentlike Akademie gestalte te gee nie. Die knoop het skynbaar in 'n mate ook daarin gelê dat daar nie fondse beskikbaar was om toereikende fasiliteite vir weermagsdeelspesifieke opleiding naas dié vir gemeenskaplike opleiding by die Akademie te skep en ook genoeg personeel vir dié doel aan te stel nie. Daarby was die gemeenskaplike deel van die opleiding na hul mening te klein om daarvoor alleen 'n Akademie teen groot koste op te rig.[310] Die moontlikheid bestaan egter dat, ofskoon die gebrek aan fondse 'n daadwerklike probleem was, sommige van die Staf- en Afdelingshoofde dit bloot as 'n rookskerm vir hul teenkanting teen 'n gesamentlike Akademie uitgebuit het. Hulle teenkanting, vermoedelik veral kol. H.J. Martin se opsomming van die situasie, het nietemin 'n totale ommeswaai in lt.genl. Matie du Toit se opvattings oor die stigting van 'n Weermagakademie bewerkstellig. Hy het naamlik die Generale Staf op 25 Mei 1954 ingelig dat hy op grond van die kommentaar wat hy van die Staf- en Afdelingshoofde ontvang het, "na grondige oorweging ... van sienswyse (is) dat indien voort gebou (sic.) moet word op die opleiding, ontvang op Gimnasium, 'n gesamentlike Akademie 'n duur instelling sal wees met min praktiese voordele."[311] Hy het voorts verklaar dat Aardrykskunde, Chemie, Fisika, Meganika en Militêre Reg as "basiese vakke

309. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11,KMG – HGS, 27 April 1954.

310. Vergelyk SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1954), inlae 5, Notule van Generale Stafvergadering, 25 Mei 1954, pp. 7 – 8; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief NM158/2, Vloot- en Marinierstafhoof – HGS, 31 Maart 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGL0720/2, Leërstafhoof – HGS, 29 April 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11, KMG – HGS, 27 April 1954; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, brief AG(3)1906/9, AG – HGS, 14 Mei 1954.

311. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1954), inlae 5, Notule van Generale Stafvergadering, 25 Mei 1954, p. 7.

gesamentlik gedoseer kan word deur dieselfde instrukteurs," dat "opleiding in weermagsdeelkolleges beter resultate (sou) lewer" en dat "indien universiteitserkenning nie verkry kan word nie, ons 'n eie diploma moet toeken."[312]

Die Generale Staf het lt.genl. Du Toit se standpunt onderskryf en tot die gevolgtrekking gekom "dat elk van die drie weermagsdele sy eie akademie behoort te hê wat sal fungeer onder die Kollege (sic.) van die betrokke weermagsdeel ... [en] dat gesamentlike opleiding deur middel van stafkursusse op 'n later stadium moet plaasvind wanneer kandidate beter georienteerd (sic.) is as gevolg van praktiese ondervinding."[313] Lt.genl. Du Toit het dié bevindings aan die Minister van Verdediging voorgelê en hom versoek om uitsluitsel te gee of daar met die stigting van 'n Weermagakademie voortgegaan moes word of nie. Hy het dit aan die Minister gestel dat die volgende faktore oorweeg moes word voordat 'n finale beslissing geneem kon word:

"a. ... [aangesien] die drie weermagsdele hul krygskuns moet toepas op die grond, in die lug en op die water (moet) die strekking natuurlik verskillend ... wees ... [en] opleiding moet dus gedoseer word deur eie weermagsvertakking.

"b. die student (moet), terwyl hy in die teorie voorberei word vir sy latere taak hy intiem met die praktiese sy van sy werk in voeling ... bly ... die Lugmagkadet moet volhou met vlieg ... [en] die die Leërkadet moet sy grond leer ken en die Vlootkadet die see ...[terwyl] wapenstudie ... nie verontagsaam (kan)word nie.

"c. Die enigste gemeenskaplike grond word gevind in die ... vakke ... Aardrykskunde, Chemie, Fisika, Meganika [en] Militêre-reg (sic.) ... wat 'n geringe deel uitmaak van die kursus.

"d. Alhoewel tweetaligheid toegepas word waar militêre vakke gedoseer word, het die student nie 'n moedertaalkeuse waar hy verplig is om 'n bepaalde universiteit by te woon nie."[314]

Dit is nie duidelik of laasgenoemde argument gespruit het uit teenkanting onder Engelssprekendes teen Erasmus se verafrikaansing (en verafrikanisering) van die UVM nie en of dit bloot 'n strooihalm-argument was om die verskuiwing van die akademiese

312. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1954), inlae 5, Notule van Generale Stafvergadering, 25 Mei 1954, p. 7.
313. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1954), inlae 5, Notule van Generale Stafvergadering, 25 Mei 1954, pp. 7 – 8.
314. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – Min. van Verd., 29 Mei 1954.

opleiding van die Universiteit van Pretoria na die weermagsdeelkolleges verder te probeer motiveer nie.

Du Toit het verder daarop gewys dat die UVM se offisiersopleidingsdoelwitte nie met die bedeling onder die Universiteit van Pretoria bereik is nie, omdat "te min aandag gewy word aan professionele studie." Hy het derhalwe die volgende twee opsies in die plek daarvan aan die Minister voorgehou:

> "a. 'n Verlengde kursus van een jaar op Gimnasium en drie jaar by die Kollege van die weermagvertakking gebaseer op die voorgestelde sillabus met die nodige wysigings om aan te pas by die benodighede (sic.) van die betrokke vertakking. Daar beide Lugmag (sic.) en Leër Kolleges (sic.) geleë is te VOORTREKKERHOOGTE kan onderling gereël word vir die dosering van gemeenskaplike vakke ...
>
> "b. Alternatief kan opleiding onder een dak en op een sentrum plaasvind wat heelwat ontwrigting sal veroorsaak as gevolg van die vereistes van die drie verskillende vertakkings."[315]

Lt.genl. Du Toit het voorts die Minister gewys op die koste wat laasgenoemde opsie sou meebring in terme van geboue en verklaar dat dit te betwyfel was of gesamentlike opleiding aan 'n gemeenskaplike akademie 'n besparing te weeg sou bring. Die aanduidings was eerder die teenoorgestelde. Die weermagsdele het volgens hom oor die nodige personeel beskik om die verlangde instruksie te behartig en dit was "die mening van al die senior Staf-offisiere dat beter doeltreffendheid verkry sal word indien opleiding geskied onder eie weermagsvertakking." Hy het bygevoeg dat hy "na 'n waardering van die saak van alle kante ... hierdie mening (moet) steun."[316]

Dit was dus nie 'n geval dat lt.genl. Matie du Toit van denke oor 'n gesamentlike akademie en militêre graadstudie verander het nie. Hy het voor die finansiële realiteite en die teenkanting van sy Staf- en Afdelingshoofde - wat insgelyks gedeeltelik op finansiële oorwegings berus het – geswig. Hy het van die begin af geweet dat dit nie maklik sou wees om die weermagsdele in 'n gesamentlike akademie byeen te bring nie. Toe maj. Van Niekerk oorspronklik die gedagte van 'n gesamentlike akademie op Saldanha teenoor hom geopper het, het hy, aldus Van Niekerk, hom "openlik uitgelag en gesê, man, nie in my leeftyd sal jy dit regkry om hierdie magte te laat saamwerk nie, die Vloot en die Lugmag sal hulle eie akademies wil hê en jy sal hulle nie ompraat nie, maar

315. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – Min. van Verd., 29 Mei 1954.

316. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief HGS/GPT/1/2/5, HGS – Min. van Verd., 29 Mei 1954.

probeer, ek is met jou."[317] Soos uit die voorafgaande blyk, het hy dan ook inderdaad die pad wat Van Niekerk uitgestippel het probeer loop, maar het hy hom teen die waarheid van sy eie voorspelling vasgeloop. Ofskoon Van Niekerk duidelik vanweë sy gebrekkige militêre agtergrond en sy gewaande obsessie met akademiese opvoeding vir alle offisiere (waarmee hy by implikasie gesê het dat die dienende offisiere van die UVM nie behoorlik vir moderne oorlogvoering opgelei was nie) nie oorgewild in militêre kringe was nie, het hy as persoon nie 'n deurslaggewende rol in hierdie dooie punt op die pad van die Akademie gespeel nie. Dit was 'n gebrek aan fondse en die opvattings van die 'n deel van die UVM-leierskap wat gedreig het om sy ideaal te kelder.

Minister F.C. Erasmus was klaarblyklik nie bereid om die idee van 'n Weermagakademie prys te gee nie en het duidelik die Hoof van die Generale Staf opdrag gegee om voort te gaan met die stigting van sodanige instelling. Die militêre owerhede het daarop op 'n vierjarige kursus vir aspirantoffisiere besluit wat op die verwerwing van 'n "militêre" graad sou uitloop. Van die vier jaar sou die kandidate 'n jaar opleiding by die onderskeie weermagsdeelgimnasiums ontvang, gevolg deur 'n jaar akademiese opvoeding aan 'n universiteit en twee jaar "akademiese krygsopleiding" by die Weermagakademie. Die leerplanne vir die graadkursus sou deur elke weermagsdeel vir sy kandidate bepaal word, met Militêre Geskiedenis, Militêre Aardrykskunde en Militêre Reg as gemeenskaplike vakke vir al drie weermagsdele. Die militêre owerhede het dit wenslik geag dat daar nie 'n diepgaande studie van enige akademiese vak gemaak sou word nie, maar dat die studente 'n breë algemene opvoeding moes kry, met die klem op kennis van praktiese militêre waarde. Hulle uitgangspunt was dat 'n graad wat bloot van militêre waarde was, toegeken kon word op grond van die studente se kennis van 'n groter aantal hoofsaaklik militêre vakke, in plaas van gespesialiseerde kennis van twee akademiese hoofvakke.[318] Die militêre owerhede het dus die fundamentele beginsel van universiteitstudie, naamlik deurlopende studie in bepaalde hoofvakke, totaal oorboord gegooi. Soos Bakkes dit stel:

> "Die antagonisme teen volwaardige graadopleiding aan aspirant-offisiere van die Staande Mag, was op enkele uitsondering na teen 1954 nog aktief in die ouer, gevestigde weermagskring werksaam. Waar die idee van 'n Militêre Akademie onder aansporing van die Minister van Verdediging wel traag aanvaar is, wou

---

317. M. van Niekerk - N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.

318. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument DGAF/C/202/1/TR, Opsomming van beslissings van stafhoofde, 1 Julie 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument DGAF/C/202/1/TR, Offisiersopleiding Staandemag: Voorgestelde Skema: Toekenning van Militêre grade, 28 Julie 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument DGAF/TR/C/202/1/TR, Opsomming van besluite m.b.t geboue vir Weermagakademie, 4 Augustus 1954.

> min van die militêre beleiduitvoerders in hoë kringe iets meer in die tradisionele militêre opleidingskursus van jong offisiere sien as dat 'n oppervlakkige mondjievol akademiese kennis bykom."[319]

Die weermagsdeelhoofkwartiere het self konsepleerplanne vir die voorgenome B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade opgestel en dit in opdrag van die Hoof van die Generale Staf, sonder om die Akademie-dosente te raadpleeg,[320] aan die Universiteit van Stellenbosch voorgelê. Die drie weermagsdeelstafhoofde (of hul verteenwoordigers), met brig. SA Melville, Adjunk-Lugstafhoof en Voorsitter van die UVM se Spesiale Komitee vir Offisiersopleiding aan die spits, het naamlik op 2 Augustus 1954 die konsepleerplanne aan die waarnemende Rektor, prof. H.B. Thom, voorgelê en die moontlike toekenning van die voorgenome B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade deur die Universiteit met hom bespreek.[321] Prof. Thom het persoonlik die skema in beginsel gesteun, maar dit baie duidelik gestel dat die normale universiteitsvereiste van drie jaar studie in twee hoofvakke ononderhandelbaar was en die militêre owerhede versoek om die voorgenome leerplanne dienooreenkomstig aan te pas. Die UVM-afvaardiging het dit op hul beurt sterk beklemtoon dat hulle nie bereid was "to superimpose a complete normal University degree course on top of the military training required by the U.D.F."[322]

Die Akademie-dosente was volgens Bakkes bevrees dat "lompe hantering [die] samewerking tussen die Weermag en die Universiteit kon laat afspring", aangesien die onderhandelinge "oorgelaat is in die hande van beroepsoffisiere wat op enkele na die voorreg van akademiese studie ontbeer het."[323] Die dosente, waaronder Bakkes self, het gevolglik onder leiding van kapt. J.E. Potgieter, dosent in Fisika en 'n oud-Matie, die amptelike kanale verontagsaam en hulle (na Van Niekerk se voorbeeld!) direk tot die Minister van Verdediging gewend. Erasmus het hulle 'n onderhoud toegestaan, maar het klaarblyklik intussen geleer om meer respek vir die amptelike diensweë te openbaar. Hy het hulle tot hul verleentheid saam met die generale staf in sy kantoor ontvang. Ietwat verleë omdat hulle betrap is in hul poging om die bevelskanale te omseil, het die dosente tog daarin geslaag om die Minister daarvan te oortuig om die onderhandelinge met die Universiteit van Stellenbosch liefs in hul hande te laat. Dit was, aldus Bakkes, 'n deurbraak wat 'n keerpunt in die onderhandelinge met die Universiteit van Stellenbosch bewerkstellig het en spoedig tot 'n bevredigende ooreenkoms met die Universiteit sou

319. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.9.
320. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.9.
321. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Adj.-Lugstafhoof – HGS, 9 Augustus 1954; US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 23, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 16 Oktober 1954, p.155.
322. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Adj.-Lugstafhoof – HGS, 9 Augustus 1954.
323. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, p.9.

lei.[324] Die mantel het op die skouers van kapt. E. Pienaar (dosent in Ekonomie) geval om Akademie-dosente in die verdere onderhandelinge met die Universiteit te verteenwoordig.[325]

Prof. Thom, seun van die Kaapse rebel J.B. Thom, wat ook "een van die eerste Nasionaliste" in die Burgersdorp-omgewing was[326], was 'n stoere Afrikanerhistorikus, wat "'n besondere liefde vir Suid-Afrika en sy inwoners, veral die Afrikanermense"[327] gehad het en 'n "deeglike kennis ... geopenbaar het van die wesentlike behoeftes van sy land en sy volk."[328] Hy het dus persoonlik sekerlik besonder simpatiek teenoor minister Erasmus se ideale vir die weermag gestaan. Prof. Thom het dan ook later met genoegdoening vermeld dat hy "as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch hartlik kon saamwerk met die destydse Minister van Verdediging, adv. Frans Erasmus, in verband met die stigting van die Fakulteit van Krygskunde aan U.S., en die vestiging van die Akademie te Saldanha."[329]) Nadat kapt Pienaar gewysigde konsepleerplanne vir die voorgenome militêre graadkursusse aan hom voorgelê het,[330] het hy derhalwe versoek dat die Minister van Verdediging sy hand in die samesprekings op hoër universiteitsvlak sterk, deur in 'n telegram aan hom te te vermeld dat die voorgenome opleidingskema vir jong offisiere van nasionale belang was en te versoek dat die voorgestelde graadkursusse gunstig oorweeg word.[331] Erasmus het onverwyld aan prof. Thom se versoek voldoen.[332] Kapt Pienaar het daarop saam met lt.kdr. S.C. Bierman en lt. G. Brits verdere samesprekings met 'n ad hoc-komitee van die Universiteit gevoer,[333] wat daarop uitgeloop het dat die Universiteit die UVM se voorstelle met geringe wysigings aanvaar het en ingewillig het om akademiese voogdyskap vir die Militêre Akademie op Saldanha te aanvaar. Die saak is finaal op 19 November 1954 tydens samesprekings tussen minister F.C. Erasmus, mnr. H.F. Cuff (Sekretaris van

---

324. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria, pp.9, 11.
325. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/202/1/TR, Brig. SA Melville – Prof. dr. H.B. Thom, 7 Augustus 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/202/1/TR, Adj. Lugstafhoof – HGS, 9 Augustus 1954.
326. B. Booyens: Jeugjare. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.1.
327. D.J. Kotzé: Historikus. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.17.
328. F.D. du T. Van Zijl: Binne die Mure van die Universiteit. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.49.
329. Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 2, inlae 41, ongenommerde brief, H.B. Thom - Bev. Mil. Akad., 3 November 1980.
330. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, telegram, F.C. Erasmus – Prof. dr. H.B. Thom, 10 Augustus 1954.
331. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, seinberig G157/54, Bev. Kmdmt. Kaap – Lugstafhoof, 10 Augustus 1954.
332. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, telegram, F.C. Erasmus – Prof. dr. H.B. Thom, 10 Augustus 1954.
333. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief MK/V/15, kapt. E. Pienaar – LSH, etc., 23 Augustus 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, verslag deur lt.kdr. S.C. Bierman insake vordering met die inskakeling van die voorgestelde Weermagakademie by die Universiteit van Stellenbosch, g.d.

Verdediging), brig. SA Melville en prof. H.B. Thom in Pretoria beklink. Die eerste groep militêre eerstejaarstudente sou ingevolge dié ooreenkoms reeds aan die begin van die akademiese jaar in 1955 op Stellenbosch aanmeld.[334]

Lt.genl. Matie du Toit, vergesel van die weermagsdeelstafhoofde, het na die geslaagde onderhandelinge met die Universiteit van Stellenbosch persoonlik die Rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. C.H. Rautenbach, besoek om hom van dié verwikkelinge in te lig en die motivering van gesamentlike opleiding daaragter aan hom te verduidelik. Ofskoon die 1955-inname van die Akademie reeds op Stellenbosch sou aanmeld, sou die verbintenis met die Universiteit van Pretoria nog tot aan die einde van 1957[335] voortduur, wanneer die laaste van die militêre studente wat onder die bestaande skema by daardie Universiteit ingeskryf het, sou afstudeer. Lt.genl. Du Toit het sy besoek met 'n skriftelike bevestiging van die nuwe stelsel opgevolg en die Universiteit van Pretoria namens die Departement van Verdediging en minister F.C. Erasmus bedank vir die hulp en samewerking wat die UVM van die Universiteit geniet het. Hy het daarop gewys dat die ondervinding wat die UVM in sy samewerking met die Universiteit van Pretoria opgedoen het, veel bygedra het tot die ontwikkeling van die nuwe stelsel.[336]

## 2.9 SLOTSOM

Minister F.C. Erasmus het daarin geslaag om deur die aanstelling van uitgesoekte personeel by die SA Militêre Kollege en die Militêre Akademie 'n opleidingsomgewing vir aspirantoffisiere te skep wat bevorderlik was vir die uitdra van sy Afrikanergedagte in die UVM Die militêre owerhede het egter nie daarin geslaag om die Militêre Akademie onder die SA Militêre Kollege en die Universiteit van Pretoria uit te bou tot 'n prestige offisiersopleidingsinrigting op die West Point-model soos wat deur minister Erasmus en die Kriegler-komitee in die vooruitsig gestel is nie. Die gebrek aan voldoende fondse, 'n eie standplaas, diensstaat en gebouekompleks het die Akademie aan die SA Militêre Kollege verkneg, wat verhoed het dat die instelling sy funksie behoorlik kon vervul en 'n eie kultuur, tradisies en 'n atmosfeer soos West Point en Sandhurst kon skep waarin die

---

334. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 1 Oktober 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief S/19., Wnd. Rektor US (H.B. Thom) – Sekr. van Verd., 22 November 1954.
335. Universiteit van Pretoria: **Ad Destinatum**, p.108.
336. UP Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria 1954, Deel II, R120, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 28 Oktober 1954, p.9; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief HGS/GPT/4/2/7, HGS – Rektor UP, 26 November 1954.

militêr-akademiese vorming van kadette kon gedy. Die afwesigheid van 'n duidelik omlynde, geïnternaliseerde doelstelling en die teenkanting van 'n groot deel van die UVM se offisierskorps teen akademiese opvoeding vir aspirantoffisiere, het die Akademie verhinder om doelgerig volgens die klassieke militêre akademie-model te ontwikkel.

Met maj. Van Niekerk, 'n burgerlike in uniform, se aanstelling as Dekaan, het dié pos die mate van status en gesag wat dit onder maj. Engelbrecht as beroepsoldaat gehad het, verloor. Van Niekerk het nóg die militêre gesag, nóg die akademiese status gehad om respek en vertroue by die beroepsoffisiere binne en buite die SA Militêre Kollege af te dwing. Dit het hom verhoed om enigsins sy stempel op die Akademie af te druk. Anders as Engelbrecht, het Van Niekerk geen seggenskap oor die militêre opleiding van die kadette gehad nie, wat die harmonisering van dié twee funksies verydel het. Van Niekerk en sy dosente het haas geen militêre opleiding ontvang nie, wat nie alleen hul insig in hul taak gekortwiek het nie, maar ook die beroepsoffisiere en selfs die studente met 'n mate van regverdiging op hulle laat neersien het as synde onbevoeg vir die range en uniforms wat hulle gedra het. Die Akademie het geen loopbaan, navorsingsvooruitsigte, of studiegeleenthede ter verbetering van akademiese kwalifikasies aan die dosente gebied nie, wat hulle ongemotiveerd gelaat en tot 'n relatief hoë personeelwisseling aanleiding gegee het. 'n Burgerlike dosentekorps, met 'n vooraanstaande akademikus as Dekaan, sou waarskynlik die skepping van 'n meer stabiele militêr-akademiese leeromgewing bevorder het. Dit sou die wrywing tussen die beroepsoffisiere en die akademiese personeel uitskakel en 'n beter besoldigingstruktuur (gelykstaande aan dié by 'n universiteit) vir laasgenoemde moontlik maak. Daar is egter geen aanduiding dat maj. Van Niekerk hom in dié rigting beywer het nie. Hy het 'n selfstandige akademie met sy eie standplaas en diensstaat, vry van die inmenging van die SA Militêre Kollege, as die oplossing gesien.

Die Akademie het ten spyte van die aantreklike finansiële byvoordęle in vergelyking met dié van burgerlike universiteitstudente nie die massas kandidate getrek wat in die vooruitsig gestel is nie. Die keuringspoel was jaarliks só klein, dat daar nie sprake daarvan was om die "room" van die blanke, manlike jeug vir die offisierskorps af te skep nie. Die gevolglike hoë uitvalsyfer onder die militêre studente en die nypende tekort aan junior offisiere in die UVM het die militêre owerhede verplig om die filosofie van offisiersopvoeding aan 'n militêre akademie heeltemal oorboord te gooi en nie-akademiese kadetkursusse in te stel. Dié makliker pad na offisierskap het die werwing van kandidate vir die Akademie in die wiele gery. Dié alternatief, tesame met die versnippering van die kadetkursus by verskillende instellings, het die kweek van 'n gemeenskaplike Akademie-kultuur en *esprit de corps* volgens die West Point-model

onmoontlik gemaak. Die nuwe militêre graadkursusse wat in 1952 ingestel is, het akademiese onderrig by die Akademie self is vir alle praktiese doeleindes tot die aanbied van 'n paar eerstejaarsvakke beperk. Dit het beteken dat die kadette inderwaarheid 'n burgerlike graad verwerf het, sonder die militêre toepassing óf die gelyklopende militêre opleiding wat die UVM verlang het. Die eindproduk van die Akademie was dus nóg akademies, nóg militêr op die peil wat die UVM ooreenkomstig die West Point-model in die vooruitsig gestel het. Dit het die teenkanting wat die Akademie, meer spesifiek die idee van militêre graadstudie, by baie beroepsoldate uitgelok het, opnuut laat opvlam, wat die voortbestaan van die Akademie ernstig bedreig het.

Slegs maj. Van Niekerk se onvermoeide ywer, onder aansporing van minister Erasmus, het verhoed dat die Akademie 'n vroeë dood sterf. Hy het die militêre owerhede gedwing om vir die eerste keer diepgaande oor die filosofie van offisiersopleiding en –opvoeding te besin en dit op skrif uiteen te sit. Hy het ook sodanig daarin geslaag om die filosofiese grondslae van moderne offisiersopvoeding in die denke van die UVM-offisierskorps te vestig, dat daar teen 1954 betreklik wye steun in die UVM vir die akademiese opvoeding van offisiere was. Hy het voorts die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Matie du Toit, van die noodsaaklikheid van 'n onafhanklike, gesamentlike militêre akademie vir al drie weermagsdele oortuig. Afgesien van die waarde wat sodanige gesamentlike opleiding vir toekomstige operasionele samewerking tussen die weermagsdele kon wees, was 'n gesamentlike akademie inderdaad die enigste manier was om enigsins genoeg studente te trek om die Akademie lewensvatbaar te maak. Hoewel sy pleidooie vir 'n gesamentlike akademie ook heelwat veld by die weermagsdele gewen het, kon hy hulle nooit heeltemal oortuig nie. Hulle het hardnekkig bly glo dat hul eiesoortige opleidingsbehoeftes nie volkome deur gesamentlike opleiding bevredig kon word nie. Hul teenkanting, tesame met 'n gebrek aan fondse om 'n Akademie daar te stel wat oor die nodige fasiliteite beskik het om naas gemeenskaplike opleiding ook reg aan al die eise van weermagsdeelspesifieke opleiding te laat geskied, het lt.genl. Matie du Toit van die oprigting van 'n gesamentlike Akademie laat afsien. Danksy Erasmus se persoonlike aandrang het die U.V.M uiteindelik wel tot die stigting van 'n selfstandige, gesamentlike Militêre Akademie op Saldanha onder die toesig van die Universiteit van Stellenbosch oorgegaan. Lt.genl. Matie du Toit het nie die moed van sy oortuiging gehad om teen die wense van sy Staf- en Afdelingshoofde en te midde van 'n ontoereikende begroting, die stigting van 'n gesamentlike akademie deur te dryf nie. Hy kon egter ook nie daarin slaag om die saad wat maj. Melt van Niekerk in die gemoed van minister F.C. Erasmus gesaai het, te laat verdor nie en het uiteraard nie die gesag gehad om hom direk teen te gaan nie. Só het hy dus deur omstandighede die volbringer geword van 'n ideaal wat Van Niekerk

gekonseptualiseer en Erasmus afgedwing het, maar waarmee hy waarskynlik in denke tog saamgestem het. Aan die kant van die Universiteit van Stellenbosch het die persoonlike ywer van die Rektor, prof. H.B. Thom, 'n baie belangrike rol gespeel om die onderhandelinge tussen die Departement van Verdediging, oftewel die UVM, en die Universiteit te laat slaag.

Maj. van Niekerk was skynbaar vas daarvan oortuig dat die Akademie as selfstandige eenheid op Saldanha die dubbelslagtige struktuurprobleem van Akademie/Weermag aan die een kant en Universiteit/Weermag aan die ander kant sou oplos. Losgemaak van die beheer van die SA Militêre Kollege (of enige ander moedereenheid) en geografies geïsoleer van beide Verdedigingshoofkwartier en die Universiteit van Stellenbosch, sou die Akademie vry wees om binne die riglyne van die UVM sy eie heil uit te werk en doelgerig te ontwikkel. 'n Behoorlike, skriftelike akte van ooreenkoms tussen die UVM en die Universiteit van Stellenbosch, met die Dekaan as middelman, sou voorts verseker dat geen haakplekke tussen die twee partye ontstaan nie. Dit is egter te betwyfel of die Verdedigingshoofkwartier en die Weermagsdele hierdie siening gedeel het. Die militêre owerhede sou waarskynlik stewiger beheer oor die Akademie verkies het om toe te sien dat hul doelwitte nougeset nagestreef word en dat die Akademie nie die gedaante van 'n universiteit eerder as 'n militêre eenheid aanneem nie. Hulle sou sekerlik nie 'n spul akademici wat "nooit kon hoop om meer as halfgebakte militariste te wees nie" vertrou om die wa deur die drif te trek nie.

# HOOFSTUK 3

# DIE MILITêRE AKADEMIE OP STELLENBOSCH, 1955 - 1957

## 3.1 DIE OOREENKOMS MET DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Die Universiteit van Stellenbosch het na die voorbereidende samesprekings tussen die UVM en die Universiteit 'n ad hoc-komitee onder voorsitterskap van die waarnemende Rektor, prof. H.B. Thom, saamgestel om die moontlikheid van militêr-akademiese studie onder die vleuels van die Universiteit te ondersoek. Naas prof. Thom, het die ad hoc komitee bestaan uit prof. W. Kempen (Dekaan Fakulteit Lettere en Wysbegeerte), prof. H. Brink (Dekaan Fakulteit Natuurwetenskappe), prof. A.C. Cilliers (Hoof Departement Fisika), prof. Truter (Dekaan Fakulteit Ingenieurswese), prof. S. Pretorius (Hoof Departement Statistiek), prof. P.J.G. de Vos (Fisika), en prof. J. Yeats (Regte).[1]

Na 'n reeks samesprekings tussen verteenwoordigers van die UVM en die ad hoc-komitee,[2] het die Universiteitsraad in oorleg met die Senaat op aanbeveling van die ad hoc-komitee onder meer die volgende besluite geneem:

> "Dat die Universiteit [met ingang van 1955] oorgaan tot die instelling van die grade Baccalaureus Artium in die Krygskunde B.A.(Mil). en Baccalaureus Scientiarum in die Krygskunde B.Sc.(Mil).
>
> "Dat die studie vir die graad B.A.(Mil.) of vir die graad B.Sc.(Mil.) drie jaar sal duur, met dien verstande dat studente wat hulle vir hierdie graadkursus wil inskryf, eers 'n

---

1. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief MK/V/15, kapt. E. Pienaar – LSH, etc., 23 Augustus 1954; US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 23, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 16 Oktober 1954, p.155.
2. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR en daarby aangehegte verslag insake inskakeling van die voorgestelde Weermagsakademie by die Universiteit van Stellenbosch, Lugstafhoof – HGS, 1 Oktober 1954; US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 23, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 16 Oktober 1954, pp.156 - 159; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954.

jaar suksesvolle studie aan 'n Leër (sic.) of Lugmaggimnasium of 'n Vloot gimnasium (sic.) moet afgelê het.

"Dat die eerste jaar van die B.A.(Mil.) of die B.Sc.(Mil.) voltyds aan die Universiteit gevolg sal word; die tweede jaar óf aan die Universiteit óf aan die Militêre Akademie, Saldanha, na gelang van wat die betrokke owerhede in individuele gevalle mag besluit; en die derde jaar aan die Militêre Akademie, Saldanha ...

"Militêr vakke, of vakke wat op 'n tweedejaars- of derdejaarbasis (sic.) op die Militêre Akademie gevolg word, kan alleen vir die B.A.(Mil.)- of B.Sc.(Mil.)-graad aangebied word, maar vir geen ander graad nie.

"Dat die Militêre (sic) owerhede vir goedkeuring aan die Universiteit sal voorlê ... 'n volledige lys van al die dosente, met kwalifikasies wat aan die Militêre Akademie, Saldanha, met die opleiding van studente vir graadkursusse behulpsaam sal wees en ... 'n volledige uiteensetting van die kursusse wat deur dosente van die Militêre Akademie gegee sal word.

"Dat 'n vaste Komitee van die Senaat vir Militêre Opleiding in die lewe geroep word ... [wat] sal bestaan uit 3 verteenwoordigers van die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, 3 van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, 2 van die Leër, 2 van die Lugmag en 2 van die Vloot, met 'n sameroeper wat deur die Universiteit aangewys word.

"Dat dit die taak van die Komitee vir Militêre Opleiding sal wees om probleme rakende militêre studiekursusse te ondersoek en die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde dienaangaande te adviseer.

"Dat die Universiteit stappe [sal] doen om die nodige wets- en statutewysiginge aan te bring ten einde die grade B.A.(Mil.) en B.Sc.(Mil.) in te voer ..."[3]

Dit het egter geblyk dat, ooreenkomstig die algemene statute rakende Suid-Afrikaanse universiteite, enige aangepaste wetenskaplike graadkursus minstens vier jaar moes duur. Om dié tegniese punt te oorkom, is daar gevolglik besluit om die benaming van die militêre

3. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 23, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 9 Desember 1954, pp.228 – 230; vergelyk ook SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument "Universiteit van Stellenbosch: B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade: Besluite van die Universiteitsraad (in oorleg met die Senaat geneem.)", aangeheg by brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954.

grade van B.A.(Mil.) en B.Sc.(Mil.) na B. Mil. (met B.A. vakke) en B. Mil.( met B.Sc. vakke) te verander.[4] Laasgenoemde betitelings is egter kort daarna verander om te lui B. Mil.(rigting Lettere en Wysbegeerte) en B. Mil.(rigting Natuurwetenskappe).[5] Die algemene statuut van die Suid-Afrikaanse universiteite, asook dié van die Universiteit van Stellenbosch, het voorts bepaal dat die studente minstens 18 máande (die helfte van hul graadstudie) op die moederkampus moes deurbring. Enige afwyking van dié minimumtydperk sou gewysigde wetgewing vereis, waarteen ander universiteite, aldus prof. Thom, ongetwyfeld beswaar sou maak. Die UVM het egter met die oog op die militêre aanpassing van die graadkursusse, asook ter wille van die opvoeding van die kandidaatoffisiere[6] en adelborste (aspirantoffisiere van die SA Vloot) binne 'n militêre milieu en die fasilitering van militêre opleiding, daarop aangedring dat die militêre studente slegs een jaar op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch deurbring voordat hulle na die Akademie verskuif. Dié probleem is uiteindelik uit die weg geruim deurdat die Sekretaris van Onderwys beslis het dat die akkreditering van die Akademie-dosente en die goedkeuring van die militêre studiekursusse deur die Universiteit van Stellenbosch tegnies wel op die nakoming van die 18 maande-vereiste neergekom het.[7] Die militêre owerhede het nie die verbintenis van die eerste studiejaar aan die moederkampus as die finale reëling beskou nie, maar steeds "[ge]hoop ... om mettertyd die volle driejaarkursus aan die Akademie te doseer,"[8] ten einde die Akademie nader aan die ideaal van 'n West Point-tipe instelling te bring.

---

4. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 1, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, etc., 26 Oktober 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 105, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – AG, 9 Mei 1957.
5. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 25, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 28 April 1956, pp.55 – 56, 60.
6. Die term "kadet" ten opsigte van aspirantleër- en lugmagoffisiere is teen Oktober 1955 kragtens 'n besluit van die Generale Staf deur die term "kandidaatoffisier" vervang. Die term "adelbors" is vir aspirantvlootoffisiere behou. (SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1955), Notule van Generale Staf-vergadering, 27 Oktober 1955; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 11, brief MV56, Min. van Verd. – HGS, 30 November 1955.) Om verwarring te voorkom, sal voortaan in Suid-Afrikaanse verband deurgaans na kandidaatoffisiere en adelborste verwys word.
7. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief S/19, Wnd. Rektor US (H.B. Thom) – Sekr. van Verd., 22 November 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, memorandum deur IG insake samesprekings met prof. Thom oor tweetaligheidsbeleid, aangeheg by brief IG/K46, IG – HGS en Sekr. van Verd., 6 Januarie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 84a, ongenommerde brief, Kapt. E. Pienaar – Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 95a, brief IG/K/46, IG – HGS, 19 Oktober 1955; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
8. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika, Londen, 2 Desember 1955; Vergelyk ook SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 95a, brief IG/K/46, IG - HGS, 19 Oktober 1955.

Soos die Universiteit van Pretoria onder die vorige bedeling, het die Universiteit van Stellenbosch dus streng oor die akademiese standaarde gewaak, deur toe te sien dat sowel die dosente as die studiekursusse vir die militêre grade aan die vereistes van die Universiteit voldoen het; die Universiteit het deur die Aanstellingskomitee van die Senaat jaloers oor die aanstelling van al sy dosente waggehou, aangesien "die peil van kennis waarmee gegradueerdes eendag die Universiteit sal verlaat ... (af)hang van die gehalte van die dosente wat die Universiteit moet dien."[9] Die UVM het dan ook, naas die aanvanklike naamlys van dosente en voorgestelde studiekursusse, telkens die name van voorgenome nuwe dosente, sowel as nuwe studiekursusse of vakinhoude wat beoog is, aan die Universiteit vir goedkeuring voorgelê.[10] Die Senaatskomitee vir Militêre Opleiding is ook volgens ooreenkoms in Mei 1955 saamgestel en het aan weermagkant "een akademiekus (sic.) [d.w.s. óf 'n Akademie-dosent, óf 'n gegradueerde beroepsoffisier] en een ervare 'G' offisier (sic.) ingesluit.[11]

Die ooreenkoms tussen die Universiteit van Stellenbosch en die UVM het vir 'n jaarlikse inname van ongeveer 30 militêre studente (tien per weermagsdeel[12]) voorsiening gemaak, met dien verstande dat die getal van elke nuwe inname aangepas kon word om die verliese van die vorige inname goed te maak.[13] Die Departement van Verdediging het namens die studente die normale registrasie-, klas- en losiesgelde betaal vir die jaar wat hulle voltyds aan die Universiteit studeer het. Vir die twee jaar wat die studente aan die Militêre Akademie studeer het , het die Universiteit slegs die registrasiegeld, asook 'n klein administrasiefooi gehef.[14] Hierdie inname van 30 studente per jaar (d.w.s. dieselfde getal

9. F.D. du T. Van Zijl: Binne die Mure van die Universiteit. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.50.

10. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 4, brief G/TRG/6/18, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, etc., 15 Julie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 98, ongenommerde brief, Kmdt. SA Mil. Kol. – Registrateur US, 18 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 95a, brief IG/K/46, IG - HGS, 19 Oktober 1955.

11. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955, p.11; Vergelyk ook SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 53, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Registrateur US, 30 Mei 1955.

12. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, opsomming van besluite van vergadering in KMG se kantoor, 4 Augustus 1954.

13. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 57, brief HGS/GPT/4/2/7, HGS – AG, 18 November 1954; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 8, brief DGAF/TR/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 9 November 1954; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 109, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Registrateur US, 5 November 1955.

14. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief S/19, Wnd. Rektor US (H.B. Thom) – Sekr. van Verd., 22 November 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief S/19, Wnd. Rektor US (H.B. Thom) – Sekr. van Verd., 8 Desember 1954; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 57, brief DC390/11/2, Sekr. van Verd. – HGS, 30 Desember 1954; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/2, inlae 1, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – LSH,

as onder die Pretoria-bedeling) was sekerlik veel minder as wat maj. Van Niekerk in sy drome vir 'n gesamentlike akademie vir al drie weermagsdele voorsien het. Die militêre owerhede het volgens kol. De Vos op 'n "baie arbitrêre wyse"[15] op dié getal besluit. Dit was egter enersyds sekerlik soos in die verlede op die verwagte jaarlikse vakatures gebaseer, tewyl dit andersyds waarskynlik al was wat die Departement van Verdediging uit sy begroting kon bekostig. Soos later bespreek sal word, kon die UVM in elk geval kwalik daarin slaag om jaarliks genoeg geskikte kandidate te werf om dié getal vol te maak.

Die militêre studente het volgens die ooreenkoms tussen die Universiteit en die UVM gedurende hul voorbereidende jaar aan die gimnasiums sodanige "studievakke" geloop as wat die militêre owerhede nodig geag het, waaronder Navigasie en Lugvaartkunde in die geval van die lugmagstudente, asook Seenavigasie en Seemanskap in die geval van die vlootstudente.[16] Die basiese studiekursusse wat die studente vir graaddoeleindes geloop het, het na geringe wysigings gedurende die eerste paar jaar,[17] teen 1960 soos in die tabelle op pp.160 – 161 daar uitgesien.[18]

---

etc., 11 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 70, seinberig CT270, Mil. Sekr. – AG, 7 Maart 1957.

15. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 29a, "Dienste vir Student van Diens", 1 Maart 1955; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 28, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 20 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 29, brief N(Trg)570/101, VSH - Bev. Mil. Akad., etc., 26 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 50, brief G/TRG/6/2, LSH - Bev. Mil. Akad. en Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Desember 1956; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 120A, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 30 Januarie 1960.
16. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument "Universiteit van Stellenbosch: B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade: Besluite van die Universiteitsraad (in oorleg met die Senaat geneem.)", aangeheg by brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954; Vergelyk ook **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek,** 1956 – 1961.
17. Vergelyk studiekursusse soos uiteengesit in SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument "Universiteit van Stellenbosch: B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade: Besluite van die Universiteitsraad (in oorleg met die Senaat geneem.)", aangeheg by brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954 en **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek**, 1956 - 1959.
18. Vergelyk **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek**, 1960 en 1961.

| STUDIEKURSUSSE VIR DIE B.MIL.-GRAAD (LETTERE EN WYSBEGEERTE), 1955 – 1960 | | |
|---|---|---|
| **LEëRSTUDENTE** | | |
| **EERSTEJAAR** | **TWEEDEJAAR** | **DERDEJAAR** |
| Ekonomie I<br>Geskiedenis I<br>Geografie I<br>Spes. Wiskunde òf Sielkunde I òf Volkekunde I<br>'n Moderne Taal I | Ekonomie II (Mil.)<br>Geskiedenis II (Mil.)*<br>Geografie II (Mil.)<br>Militêre Reg | Twee van die volgende vakke:<br>Ekonomie III (Mil.)<br>Geskiedenis III (Mil.)<br>Geografie III (Mil.) |
| **LUGMAGSTUDENTE** | | |
| **EERSTEJAAR** | **TWEEDEJAAR** | **DERDEJAAR** |
| Ekonomie I<br>Geskiedenis I<br>Geografie I<br>Spes. Wiskunde<br>Afr.-Ndl. I òf Afrikaans I òf Engels I òf Engels Spes. òf 'n ander Moderne Taal I | Lugvaartkunde I<br>Geografie II (Mil.)<br>Ekonomie II (Mil.) òf Geskiedenis II (Mil.) | Lugvaartkunde II<br>Geografie III (Mil.) òf Ekonomie III òf Geskiedenis III (Mil.) |
| **VLOOTSTUDENTE** | | |
| **EERSTEJAAR** | **TWEEDEJAAR** | **DERDEJAAR** |
| Ekonomie I<br>Geskiedenis I<br>Geografie I<br>Spes. Wiskunde<br>Afr.-Ndl. I òf Afrikaans I òf Engels I òf Engels Spes. òf 'n ander Moderne Taal I | Geografie II (Mil.)<br>Ekonomie II (Mil.) òf Geskiedenis II (Mil.)<br>Seenavigasie I | Geografie III (Mil.) òf Ekonomie III (Mil.) òf Geskiedenis III (Mil.)<br>Seenavigasie II |

*Die benaming Geskiedenis (Mil.) het teen 1969/70 na Krygsgeskiedenis verander.

| STUDIEKURSUSSE VIR DIE B.MIL.-GRAAD (RIGTING NATUURWETENSKAPPE), 1955 – 1960 | | |
|---|---|---|
| LEëRSTUDENTE | | |
| EERSTEJAAR | TWEEDEJAAR | DERDEJAAR |
| Chemie I<br>Geografie I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Geografie II (Mil.)<br>Fisika II (Mil.)<br>Wiskunde II (Mil.) | Fisika III (Mil.)<br>Geografie III (Mil.) òf Wiskunde III (Mil.) |
| LUGMAGSTUDENTE | | |
| EERSTEJAAR | TWEEDEJAAR | DERDEJAAR |
| Chemie I<br>Geografie I<br>Fisika I<br>Wiskunde I | Lugvaartkunde I<br>Fisika II (Mil.)<br>Wiskunde II (Mil.) | Lugvaartkunde II<br>Fisika III (Mil.) òf Wiskunde III (Mil.) |
| VLOOTSTUDENTE | | |
| EERSTEJAAR | TWEEDEJAAR | DERDEJAAR |
| Wiskunde I<br>Fisika I<br>Geografie I<br>Chemie I | Wiskunde II (Mil.)<br>Fisika II (Mil.)<br>Seenavigasie I | Seenavigasie II<br>Fisika III (Mil.) òf Wiskunde III (Mil.) |

Aangesien slegs adelborste van die uitvoerende tak van die Vloot (en nie van die administratiewe vertakkings nie) tot die Akademie toegelaat is en Navigasie, Fisika en Wiskunde vir hulle noodsaaklike vakke was, is daar in 1956 besluit dat alle vlootstudente die natuurwetenskaplike studierigting moes volg.[19] Hulle is dus van die geesteswetenskaplike opsie uitgesluit, wat noodwendig die Vloot se keuringspoel verklein het en potensieel tot 'n hoër druipsyfer onder vlootstudente aanleiding kon gee. 'n Ander noemenswaardige wysiging met betrekking tot die militêre studiekursusse was dat die leerplanne vir die lugmagstudente in die geesteswetenskaplike rigting teen die einde van 1957 aangepas is sodat hulle Krygsgeskiedenis op 'n keusebasis as hoofvak kon neem,

19. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 55, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – VSH (VSH), 5 Junie 1956.

waar hulle dit vroeër slegs tot in die tweedejaar kon neem.[20] Dit skyn dus asof daar van owerheidsweë in daardie stadium steeds 'n besondere premie op 'n kennis van die krygsgeskiedenis as deel van die professionele offisier se mondering geplaas is.

Soos uit bostaande tabelle blyk, het die studiekursusse vir die militêre grade, soos in Pretoria, steeds primêr uit burgerlike vakke bestaan. Die enigste "suiwer" militêre vakke was Militêre Reg, Krygsgeskiedenis (oftewel Geskiedenis (Mil.)), Lugvaartkunde en Seenavigasie. Dit was egter 'n groot verbetering op die Pretoria-bedeling deurdat die studente nou in plaas van hul tweede- en derdejaar, slegs hul eerstejaar op die kampus van 'n burgerlike universiteit deurgebring het. Dit het beteken dat die akademiese vakke in die tweede- en derdejaar deur die Akademie-dosente aangebied en dus militêr aangepas kon word (en inderdaad aangepas is[21]) – vandaar die agtervoegsel "Mil." om dit van soortgelyke burgerlike vakke te onderskei. Die nuwe bedeling het ook die voordeel ingehou dat die laaste twee jaar van die aspirantoffisiere se militêr-akademiese vorming in 'n militêre milieu kon geskied, sodat hulle nie, soos in Pretoria, die UVM na die verwerwing van hul grade in 'n "staat van verburgerliking" sou betree nie. Die grootste nadeel was dat die vier jaar kandidaatoffisiersopleiding steeds by drie verskillende instansies versprei was: 'n jaar by die gimnasiums, 'n jaar aan die Universiteit van Stellenbosch en twee jaar by die Akademie. Die kandidaatoffisiere/adelborste het dus die eerste twee jaar van hul opleiding, wanneer hulle uit 'n vormingsoogpunt op hul ontvanklikste was, elders deurgebring, wat die kweek van die besondere kultuur en *esprit de corps* waarna die Akademie gestreef het, in die wiele gery het.

## 3.2 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE MILITêRE AKADEMIE AS 'N SELFSTANDIGE MILITêRE EENHEID, 1956

Die Militêre Akademie is amptelik op 1 Februarie 1956 van die SA Militêre Kollege ontvoog, toe dit kragtens Unieverdedigingsmagorder no. 82 van 1956[22] as 'n selfstandige eenheid van die SA Staande Mag tot stand gekom het. Daarmee het maj. Melt van Niekerk se

---

20. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 2, brief DGAF/SOVO/203/7/1/TR, Wnd. Lugstafhoof - AG, 21 Augustus 1957; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 5, brief AG(3)1906/9, AG – Bev. Mil. Akad., 8 Oktober 1957.
21. Vergelyk SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 79, memorandum deur kapt. J.E. Potgieter insake militêr-akademiese opleiding te Stellenbosch, 5 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 124, briefQ/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. - AG, 10 Augustus 1956.
22. SANWA, Unieverdedigingsmagorder (UVMO) 82/56, 25 Mei 1956.

ideaal van 'n onafhanklike, gesamentlike Akademie vir al drie weermagsdele dus in vervulling gegaan. Wat egter aan sy ideaal geskort het, was dat die Akademie per ongeluk op Stellenbosch in plaas van Saldanha sy eerste lewenslig aanskou het. Hierdie onbeplande tuiste vir die Akademie was daaraan te wyte dat dit reeds vroeg in 1955 geblyk het dat die nuwe gebouekompleks op Saldanha nog nie in 1956 voltooi sou wees nie en die UVM derhalwe verplig was om die eenheid tydelik op Stellenbosch te vestig, ten einde wel in 1956 die opleiding van die eerste groep tweedejaars onder die nuwe bedeling te kon behartig.[23] Maj. Van Niekerk se ideaal sou dus eers ten volle verwesenlik word wanneer die geboue op Saldanha voltooi was en die Akademie op sy eie standplaas in sy eie gebouekompleks gevestig was. Dan eers sou die Akademie werklik soos 'n selfstandige eenheid kon funksioneer en sou daar begin kon word om te bou aan die besondere atmosfeer, kultuur, tradisies en *esprit de corps* wat hy wou hê die Akademie na die voorbeeld van West Point moes uitstraal.

Aangesien die Akademie nie nie 'n eenheid van een van die drie weermagsdele was nie, het hy beleidsgewys direk onder die Hoof van die Generale Staf geressorteer. Geeneen van die weermagsdele het dus 'n direkte inspraak in die beleidsake van die eenheid gehad nie. Die Hoof van die Generale Staf het die UVM se beleid rakende die Akademie in oorleg met die Stafhoofde en die Inspekteur-generaal bepaal. Beleidsake moes egter deur die Adjudant-generaal, wat vir sowel die algemene as die personeeladministrasie (aanstellings, bevorderings, diensvoorwaardes, ens.) van die eenheid verantwoordelik was, na die Hoof van die Generale Staf verwys word. Die Kwartiermeester-generaal het die algemene bevoorrading van die Akademie behartig, terwyl die eenheid ten opsigte van tegniese voorrade (d.w.s. voorrade wat met weermagsdeelspesifieke opleiding en dies meer verband gehou het) direk onder die weermagsdeelhoofde geressorteer het. Wat huishoudelike sake (sport, vryetydsbesteding, ens.) betref, het die Akademie onder die Bevelvoerder Kommandement Kaap geval. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie was, soos enige ander eenheidsbevelvoerder, vir die plaaslike bevel en beheer van die eenheid verantwoordelik.[24]

---

23. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955, p.11; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 53, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Registrateur US, 30 Mei 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 3a, Notule van Samesprekings tussen Verteenwoordigers van die Dept. van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, 17 Junie 1955.
24. SANWA, UVMO 82/56, 25 Mei 1956; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955.

Ofskoon die naam "Verdedigingsakademie" (*Defence Academy*) ook oorweeg is en die Generale Staf die benaming "Weermagsakademie" (*Services Academy* – aanvanklik as "Krygsakademie" vertaal) voorgestaan het, het minister Erasmus beslis dat die eenheid as die Militêre Akademie bekend sou staan. (Die benaming "Weermagsakademie" is egter gebruik totdat die stigting van die Akademie amptelik geproklameer is.) Die Lug- en Vlootstafhoofde het eers teen dié naam beswaar gemaak omdat hulle gevoel het dat die term "militêre" tradisioneel net na die leër verwys het, wat egter volgens die algemene betekenis van die woord nie die geval geblyk te wees het nie en ook later deur die Verdedigingswet, Wet No. 44 van 1957 bevestig is. 'n Uitvloeisel van die besluit ten gunste van die benaming Militêre Akademie was dat die benaming van die SA Militêre Kollege in 1957 na SA Leërkollege verander is om moontlike verwarring met betrekking tot dié twee instellings te voorkom.[25] Die beswaar teen die benaming "Weermagsakademie" het in die Engelse vertaling daarvan (*Services Academy*) gelê, deurdat daar geargumenteer is dat die woord *Services* ook die polisie en die gevangenisdiens ingesluit het. Minister Erasmus, ondersteun deur die Hoof van die Generale staf, lt.genl. Matie du Toit, was ook die mening toegedaan dat "Krygsakademie" (oftewel "Weermagsakademie") nie inslag sou vind nie; vandaar die beslissing ten gunste van "Militêre Akademie". Laasgenoemde benaming het natuurlik ook ooreengestem met dié van soortgelyke inrigtings in die buiteland.[26]

Anders as in die geval van sommige militêre akademies in die buiteland,[27] is daar nie vir 'n eie, onderskeidende uniform vir die Militêre Akademie voorsiening gemaak nie; die kandidaatoffisiere sou die uniforms van hul onderskeie weermagsdele dra. Die Hoof van die Generale Staf het egter reeds in Maart 1955 gelas dat die drie weermagsdeelstafhoofde onder voorsitterskap van die Kwartiermeester-generaal ondersoek moes instel na 'n eie wapen en slagspreuk vir die Akademie en aanbevelings in dié verband aan hom maak. Die Hoof van die Generale Staf se gedagte was dat kraag- en petkentekens, asook knope met die Akademie-wapen daarop deur die kandidaatoffisiere op die uniforms van hul weermagsdele gedra sou word, ten einde 'n eenheidsgevoel by hulle aan te wakker; dit het

25. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 45, seinberig A100, AG – Brig. Generale Staf, 31 Januarie 1956; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2(1956), Notule van Elfde Vergadering van VSR, 22 Augustus 1956, p.7.

26. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 70, brief KK4/7/2, Wnd. KMG – Sekr. van Verd., 10 Januarie 1956; SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 12 – 13 Januarie 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 93, seinberig G97, Brig. Generale Staf - AG, 30 Januarie 1956; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 45, seinberig A100, AG – Brig. Generale Staf, 31 Januarie 1956; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 46, seinberig G114, Brig. Generale Staf - AG, 1 Februarie 1956.

27. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

egter later geblyk dat die weermagsdeelhoofde nie vir dié gedagte te vinde was nie. Die Generale Staf het die wapen wat die Kwartiermeester-generaal op grond van bogenoemde ondersoek voorgelê het (waarvan die ontwerp nie vermeld word nie), onaanvaarbaar bevind. Die militêre owerhede het derhalwe 'n kompetisie vir die ontwerp van 'n wapen en slagspreuk wat die aard en ideale van die Akademie uitgebeeld het, uitgeskryf. 'n Prysgeld van £8 en £2 is onderskeidelik vir 'n wapen en slagspreuk vir die Akademie uitgeloof.[28]

Slegs drie persone het op die kompetisie gereageer en twee wapenontwerpe en 'n aantal slagspreuke voorgelê. Een van die ontwerpe het nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, sodat slegs een, ingestuur deur sers. V.D.L. Boxall van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens, saam met 'n aantal alternatiewe voorstelle van die SA Militêr-Historiese Afdeling aan die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, kol. P.J.G. de Vos, vir oorweging voorgelê is. Kol. de Vos se keuse, wat deur Verdedigingshoofkwartier bekragtig is, het geval op 'n ontwerp van die *Disa uniflora* wat deur kapt. (later lt.genl.) H. de V. du Toit en sers.maj. (later maj.) G.H. van Rhyn van die SA Militêr-Historiese Afdeling ontwerp is, saam met die slagspreuk DISCENDO ARMEMUS ("Laat ons ons bewapen deur te studeer") wat deur sers. Boxall ingestuur is.[29] Hoewel dié wapen al in 1957 amptelik deur die Akademie in gebruik geneem is, is het dit nie aan die heraldiese vereistes voldoen nie en is dit eers in Mei 1984, na die nodige aanpassings, by die Buro vir Heraldiek geregistreer.[30] (Die probleem was dat dit 'n kenteken eerder as 'n wapen was, deurdat dit nie op 'n skild was nie en die slagspreuk deel van die ontwerp gevorm het; 'n wapen verskyn heraldies altyd op 'n skild en bevat geen letterwerk, behalwe simboliek, nie.[31]) Die heraldiese beskrywing van die wapen lui: "In silwer, 'n disa uniflora gestingel en met twee blare, van natuurlike kleur, binne-in 'n oranje skildsoom."[32]

---

28. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955, p.12; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 21 Junie 1956, p.7; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 10 September 1956, p.4; SANWA, UVMO 195/56, 9 November 1956.
29. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 100, brief AG(3)1906/9, AG – KMG, 17 April 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlaes 45, 96 – 98, voorgestelde slagspreuke en wapens vir Mil. Akad.; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 100, brief AG(3)1906/9, AG – KMG, 17 April 1957; SANWA, UVMO 80/57, 1 Junie 1957; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – KG en AG, 11 Maart 1957.
30. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 24, brief H4/3/1/2836, 22 Oktober 1984; Republiek Van Suid-Afrika: **Staatskoerant**, vol. 225, no. 9096, proklamasie no. 407, 2 Maart 1984.; Republiek Van Suid-Afrika: **Staatskoerant**, vol. 227, no. 9235, proklamasie no. 1095, 30 Mei 1984.
31. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 4, verslag deur maj. G.J. Oberholzer insake heraldiek van Mil. Akad. wapen, 10 Augustus 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/514/2/9/1 vol. 1, inlae 44, ongenommerde brief lt.genl. H. de V. du Toit – kmdt. G.E. Visser, 16 Oktober 1990.
32. Republiek Van Suid-Afrika: **Staatskoerant**, vol. 225, no. 9096, proklamasie no. 407, 2 Maart 1984.; Republiek Van Suid-Afrika: **Staatskoerant**, vol. 227, no. 9235, proklamasie no. 1095, 30 Mei 1984;

Die *Disa uniflora* (ook bekend as die *Disa grandiflora*, Rooidisa, Bakkiesblom of *Pride of Table Mountain*[33]) is die nasionale blom van Kaapland en dui dus die tuisprovinsie van die Akademie aan. Dit is 'n seldsame plant wat slegs op moeilik bereikbare plekke in die Wes-Kaapse berge aangetref word en simboliseer dus 'n kosbare besitting wat slegs deur vasberadenheid en deursettingsvermoë bekom kan word. Die wit (silwer) agtergrond simboliseer die jeug en ontvanklikheid van gees van die studente. Die oranje (geregistreer as nasturtium, d.w.s kappertjie[34]) skildsoom verwys na die amptelike kleur van die Fakulteit Krygskunde.[35]

Ten spyte van herhaalde pleidooie van kol. De Vos in daardie verband, het spesiale kraag- en petkentekens vir die Akademie weens teenkanting van die weermagsdele (ondanks die feit dat leër- en lugmagkadette voorheen almal die SA Militêre Kollege se kenteken op hul pette gedra het[36]) nooit gerealiseer nie. Die Leër wou hê dat sy studente hul onderskeie korpskentekens dra. Die Lugmag wou nie breek met die tradisie dat al sy lede dieselfde kenteken (arend) dra nie. Die Vloot wou nie die ekstra uitgawe aangaan om 'n addisionele kenteken op die vlootstudente se uniforms te laat borduur nie. Die Lugmag en Vloot was, weereens ondanks volgehoue pleidooie deur kol. De Vos, ook nie bereid hul studente toe te laat om 'n skouerkenteken (ook genoem skouerflits) met die Akademie-wapen daarop op die bo-arm van hul uniforms te dra nie, omdat dit 'n afwyking in die normale styl van hul uniforms sou wees; sodanige skouerkenteken is gevolglik teen 1973/74 vir leërstudente alleen ingevoer.[37] Deur nie 'n eie uniform (wat ook tevergeefs deur kol. De Vos bepleit is[38])

---

vergelyk ook Mil. Akad. Argief, registrasiesertifikaat no. 1476, Militêre Akademie Embleem, 12 Oktober 1984.

33. D.J. Potgieter (ed.-in-chief): **Standard Encyclopaedia of Southern Africa VIII**, p. 380.

34. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 20, brief G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 19 Mei 1961; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van Fakulteitsraadvergadering, 5 Junie Maart 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 32, brief AG549/1, AG - Bev. Mil. Akad., 20 September 1961.

35. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – KG en AG, 11 Maart 1957; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-1.

36. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 61, brief ORD151/308/4, KMG - LSH, etc., 25 Junie 1965.

37. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 5, afskrifte van verskeie dokumente wat die verloop van die debat oor die pet-, kraag- en skouerkentekens weergee, 1 November 1956 – 10 September 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlaes 44 – 47, 49 – 56, 66, 72 en 75 - 76, korrespondensie insake pet-, kraag- en skouerkentekens, 6 September 1963 – 13 Junie 1972. (Volgens die groepfoto's wat in die gange van die Militêre Akademie hang, lyk dit asof die skouerkenteken van 1974 af (of van ná die neem van die 1973-foto's) gedra is.)

38. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 116, brief AG(1)950/1 oor AG(3)1906/9, AG – KG, 31 Oktober 1957; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 92, brief DGAF/TR/818/100/102/Org, Lugstafhoof – KG, 27 Desember 1956.

vir die Akademie in te voer nie, het die militêre owerhede die Akademie 'n sterk samebindende simbool, wat 'n belangrike rol in die kweek van 'n samehorigheidsgevoel en *esprit de corps* kon speel, ontsê. Die verskil in uniforms sou immer die geneigdheid tot groepvorming op weermagsdeelgrondslag in die hand werk en 'n gedeelde visie strem. Dit is te betwyfel of gemeenskaplike kentekens alleen genoeg sou wees om die studente van die drie weermagsdele werklik saam te snoer; die verskil in uniform sou waarskynlik steeds verdelend ingewerk het, selfs al het almal dieselfde kentekens gedra.

## 3.3 DIE ORGANISASIE, BEHEER EN DIENSSTAAT VAN DIE MILITêRE AKADEMIE

Met die oprigting van die Militêre Akademie as 'n selfstandige eenheid, het dié instelling uiteindelik 'n eie, volledige diensstaat ontvang soos wat sy oorspronklike stigters in 1949 in die vooruitsig gestel het. Benewens 'n tiental militêre dosente, het die Akademie ook 'n paar militêre instrukteurs en 'n klein administratiewe staf ontvang om hom in staat te stel om sy opleidingsfunksie te vervul en terselfdertyd as 'n selfstandige eenheid te funksioneer. Die volledige diensstaat van die Akademie het soos in die tabel op p.168 daar uitgesien.[39]

Alhoewel die Militêre Akademie nie 'n volwaardige fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch was nie, het die akademiese hoof van die eenheid, soos onder die Universiteit van Pretoria, die benaming van Dekaan gedra. Die Dekaan was volgens die nuwe bedeling ook die Bevelvoerder van die Militêre Akademie en het die rang van kolonel in die SA Staande Mag beklee.[40] Daarmee is die probleem van verdeelde beheer wat die Akademie in Pretoria gekortwiek het, uit die weg geruim. Die nuwe uitdaging was om 'n vooraanstaande akademikus te vind wat geloofwaardigheid aan die akademiese funksie van die instelling sou verleen en terselfdertyd oor die militêre agtergrond beskik het om die Akademie soos 'n elite militêre eenheid te bedryf. Volgens Bakkes[41] het die militêre owerhede dit in 1955 aan die Akademie dosente oorgelaat om 'n geskikte Dekaan en Bevelvoerder vir die Akademie te vind. Daaruit kan afgelei word dat die akademiese profiel

---

39. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 21, Uittreksel van notule van Staf- en Afdelingshoofdevergadering, 4, 7 en 8 Julie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 64, brief HGS/GPT/1/3/1, HGS – LSH, etc., 20 September 1955.
40. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1955), Notule van Generale Staf-vergadering, 29 April 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 21, Uittreksel van notule van Staf- en Afdelingshoofdevergadering, 4, 7 en 8 Julie 1955.
41. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 - Februarie 1956), p.11.

**DIENSSTAAT VAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1956**

| POS | RANG/OPMERKINGS |
|---|---|
| Dekaan en Bevelvoerder | Kolonel |
| Tweede-in-Bevel | Majoor/Luitenant-kommandeur<br>(Om die beurt tweejaarliks deur die drie Weermagsdele verskaf) |
| Adjudant/Kwartiermeester | Kaptein (KMG-pos) |
| 3 x Opleidingsoffisiere | Kaptein/Luitenant (SAV)<br>(1 x Leër, 1 x Lugmag- en 1 x Vlootpos) |
| Akademie-sersantmajoor | AO 1 (Leërpos) |
| Drilsersant | Sersant (Leërpos) |
| 2 x Lektore Krygsgeskiedenis | Kaptein (1 x Leër- en 1 x Lugmagpos) |
| 2 x Lektore Aardrykskunde | Kaptein (Lugmagposte) |
| 1 x Lektor Militêre Reg | Kaptein (Leërpos) |
| 2 x Lektore Ekonomie | Kaptein (1 x Leër- en 1 x Lugmagpos) |
| 2 x Lektore Fisika | Kaptein/Luitenant (SAV)<br>1 x Leër- en 1 x Lugmagpos) |
| 1 x Lektor Wiskunde | Luitenant (SAV)<br>(Vlootpos) |
| Dienskamerklerk | Vlugsersant (Lugmagpos) |
| KMG-pakhuisklerk | Eerste bootsman (Vlootpos) |
| Registrasieklerk | Korporaal (Lugmagpos) |
| KMG-klerk | Korporaal (Vlootpos) |
| Akademie-klerk | Korporaal (Leërpos) |
| Biblioteekklerk | Sersant (Leërpos) |
| Werktuigkundige | Korporaal (Lugmagpos) |
| 3 x Kokke | 1 x Vlugsersant (Lugmagpos)<br>1 x Sersant (Lugmagpos)<br>1 x Korporaal (Leërpos – KMG) |
| 3 x Tiksters | Burgerlik |
| 2 x Kleurlinghulpdienslede | Hulpdiens |
| Swart arbeiders | Volgens skaal |
| | Nota. Die dosente het die uniform gedra van die Weermagsdeel wat die pos verskaf het waarteen die betrokke lid aangestel is. |

van die Dekaan in daardie stadium, anders as by die stigting van die Akademie in 1950, veel swaarder as sy militêre profiel geweeg het. Dié ommeswaai was waarskynlik te danke aan 'n poging om enersyds die Akademie as 'n geloofwaardige akademiese instelling (ook na buite) te vestig en andersyds om die administrasie en uitvoering van die akademiese funksie op 'n gesonde voet te plaas, ten einde die hoë uitvalsyfer onder die studente hok te slaan.

Die dekaanspos is klaarblyklik in die pers geadverteer, wat 'n elftal applikante getrek het. Onder hulle was twee dienende Akademie-dosente (kapt. J.E. Potgieter en kapt. E. Pienaar) en 'n ouddosent (kapt. M.J. Barnard). Ses van die ander kandidate, waaronder die latere bekende historikus, prof. F.A. van Jaarsveld, het oor doktorsgrade beskik, maar nie een van hulle was 'n daardie stadium aan 'n universiteit verbonde nie.[42] Ofskoon 'n meestersgraad (met een of meer van die vakke wat aan die Akademie gedoseer sou word as hoofvakke) oënskynlik steeds as minimum vereiste vir die dekaanspos gestel is,[43] kan aanvaar word dat daar hoër gemik is. Geeneen van die aansoekers het vermoedelik wat akademiese status en ervaring betref aan die verwagtings voldoen nie. Die net is dus wyer gespan. Die Kommandant van die SA Militêre Kollege, kol. P.J. Jacobs het reeds in Maart 1954 in 'n skrywe aan die Leërstafhoof en die Adjudant-generaal opgemerk dat prof. P.J.G. de Vos, professor in Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch en pas aangestelde bevelvoerder van Regiment Tobie Muller ('n Burgermageenheid, later bekend as Regiment Universiteit Stellenbosch), na sy mening oor die akademiese statuur en belangstelling in militêre sake beskik het wat van die Dekaan van die Militêre Akademie vereis is.[44] Die waarnemende Adjudant-generaal, kol E.J. de Wet, het prof. De Vos (klaarblyklik ook op aanbeveling van die Akademie-dosente[45]) in dié verband genader en hy het hom die aanstelling met ingang van 1 Januarie 1956 laat welgeval.[46] Prof. Thom het teen April 1955

42. Vergelyk SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 14, Naamlys van applikante vir Dekaanspos, g.d.

43. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, inlae 97, seinberig AG83, AG – HGS, 2 Februarie 1956; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, inlae 97, seinberig G40, HGS - AG, 3 Februarie 1956.

44. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2, inlae 7, brief MK/F/1/2, Kmdt. SA Mil. Kol.- LSH en AG, 6 Maart 1954.

45. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 - Februarie 1956), p.11.

46. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1955), inlae 6, Notule van Generale Staf-vergadering, 5 Julie 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Kantoor van die Hoë Kommissaris vir die Unie van SA, 2 Desember 1955; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967. In E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.15; Brief AG(1)P1/40648/1, AG – prof. P.J.G. de Vos, afgedruk in **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.55.

by geleentheid van die voorlegging aan die Universiteit van die lys van kandidate (d.w.s. beoogde nuwe aanstellings) vir lektorsposte by die Akademie "'n private skriftelike aanbeveling insake die aanstelling van 'n Dekaan vir die Weermagakademie aan die Minister van Verdediging gemaak."[47] Alhoewel geen rekord van dié aanbeveling of die naam van die betrokke kandidaat opgespoor kon word nie, kan aanvaar word dat dit ook prof. De Vos was. Dit is ondenkbaar dat die Minister van Verdediging 'n aanbeveling van die Rektor in die wind sou slaan.

Kol. De Vos was in meer as een opsig 'n besonder geskikte kandidaat vir die dekaanskap. Hy uit 'n stoere Afrikanerfamilie gestam, wat diep spore in die akademie en die Afrikanergemeenskap getrap het. Sy grootvader na wie hy vernoem is, was 'n N.G.-predikant, hoogleraar in teologie en Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch (1919 – 1931). Kol. De Vos self was 'n akademikus van formaat. Hy het beide sy B.Sc.- en M.Sc.-grade met onderskeiding aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en het na die verwerwing van sy doktorsgraad aan dieselfde universiteit in 1942 verdere studie en navorsing aan die beroemde Universiteit van Cambridge onderneem; beide inrigtings het hom met akademiese erekleure bekroon. Hy was reeds sedert 1940 as dosent aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde en is in 1948 op 32-jarige ouderdom as professor in Fisika aan dié universiteit aangestel.[48] Daarby was hy van die begin af 'n lid van die Universiteit van Stellenbosch se spesiale komitee wat met die UVM oor die inskakeling van die Akademie by dié universiteit beraadslaag het[49] en was hy dus goed op hoogte van watter doel die militêre owerhede met die Akademie nagestreef het. Militêr was hy insgelyks besonder goed onderlê. Hy was reeds sedert 1950 'n offisier in die Aktiewe Burgermag en het 'n hele paar militêre kursusse deurloop. Hy is in 1954 as bevelvoerder van Regiment Tobie Muller aangestel.[50] Daarby was De Vos 'n toonbeeld van liggaamlike fiksheid en 'n begaafde sportman wat veral in landlope uitgeblink en sporterekleure van beide die Universiteit van Stellenbosch en Cambridge ontvang het;[51] met die klem wat die UVM op sport en liggaamlike opvoeding geplaas het, was hy dus ook in daardie opsig 'n rolmodel vir die studente. Gegewe sy stoere Afrikaneragtergrond, het kol. De Vos ook goed by minister Erasmus se politieke agenda ingepas. Sy grootvader, P.J.G. de Vos, sr, het

47. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 98, ongenommerde brief, Wnd. Dekaan Mil. Akad. – Registrateur US, 18 Oktober 1955.
48. **Militêre Akademie Jaarblad 1976**, p.16.
49. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief MK/V/15, kapt. E. Pienaar – LSH, etc., 23 Augustus 1954; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.15.
50. **Militêre Akademie Jaarblad 1976**, p.16 – 17; P.J.G. de Vos - G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.
51. **Militêre Akademie Jaarblad 1976**, p.16 – 17.

hom as koloniale Afrikaner sterk vir die saak van sy volksgenote beywer en het gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) 'n deputasie na Engeland gelei om die saak van die Boererepublieke te bepleit.[52] Sy vader, P.A.M. de Vos, ook 'n N.G.-predikant (Zastron en Alexandria), was insgelyks 'n meelewende Afrikaner. Kol. De Vos self was ook 'n toegewyde Afrikaner.[53]

Verdedigingshoofkwartier het inmiddels teen April 1955 die bal aan die rol gesit om die bykomende dosente vir die Akademie aan te stel, sodat daar genoeg tyd sou wees om hulle militêr touwys te maak en voor te berei vir die doseerwerk wat hulle van 1956 af moes behartig. Die werwing van die dosente het by wyse van advertensies in die pers en persoonlike kontak deur die dienende dosente geskied. Die Adjudant-generaal het alle aansoeke eers aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch voorgelê, waarop slegs diegene wat hy geskik geag het vir aanstelling voor 'n militêre keurraad, bestaande uit die Hoof van die Generale Staf (Voorsitter), alle stafhoofde, asook die Adjudant-generaal, verskyn het. Langs dié weg is van die bykomende dosente reeds in die loop van 1955 aangestel, terwyl die res in Januarie 1956 diens aanvaar het.[54] Te oordeel aan die name,[55] was die kandidate wat oorweeg en aangestel is, feitlik uitsluitlik Afrikaanssprekend; of dit aan Erasmus se politieke hand of 'n onwilligheid aan die kant van Engelssprekendes om in 'n "Nasionale Party-weermag" te dien te wyte was, is egter nie duidelik nie.

Kol. De Vos het versoek dat die Akademie die eerste paar weke van 1956 in Pretoria gevestig bly, aangesien daar so vroeg in die nuwe jaar weinig vir hom en die dosente op Stellenbosch te doene sou wees, maar veral sodat hy naby Verdedigingshoofkwartier kon wees om die tandekryprobleme wat ongetwyfeld sou ontstaan, met die militêre owerhede kon bespreek.[56] Die rooi baksteengeboutjies in die teenswoordige Andries Pretoriusweg,

---

52. A.P. Smit: De Vos, P.J.G. In D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III**, pp.232 - 233.
53. A.P. Smit: De Vos, P.J.G., p. 233; Inligting verskaf deur prof. M. de Vos via kol. J.C. Kotze, Mei 1999; C.M. Bakkes – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.
54. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, seinberig AG260, AG – Brig. Generale Staf, 4 April 1955; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, seinberig G317, Brig. Generale Staf - AG, 5 April 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 98, ongenommerde brief, Wnd. Dekaan Mil. Akad. – Registrateur US, 18 Oktober 1955; C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 - Februarie 1956), p.13; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.15.
55. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 98, ongenommerde brief, Wnd. Dekaan Mil. Akad. – Registrateur US, 18 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 60, "Salarisse van Dekaan en lektore - SA Weermagsakademie", g.d.
56. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41(a), ongenommerde brief, P.J.G. de Vos – Wnd. AG, 23 November 1955.

wat later die tuiste van die voormalige Diensvakskool geword het, is derhalwe aan die Akademie as kantore en lesinglokale toegesê tot tyd en wyl alles gereed was vir die verskuiwing na Stellenbosch.[57] Met die groot inpak agter die rug, het die laaste paar Akademie-dosente uiteindelik op 16 Februarie 1956 finaal Voortrekkerhoogte se stof van hul voete afgeskud om by die Akademie se nuwe hoofkwartier in die U.B.S.-gebou, Pleinstraat, Stellenbosch aan te meld. Die volle diensstaat van die Akademie is egter nog nie in werking gestel nie; naas die Dekaan en tien dosente is voorlopig slegs die Adjudant/Kwartiermeester, 'n Staandemagklerk, 'n tikster en 'n bibliotekaris aangestel.[58]

Terwyl die Akademie nog fisies in Pretoria gesetel en die omskepping van dié instelling in 'n selfstandige eenheid nog aan die gang was, moes daar tussentydse maatreëls getref word om beheer uit te oefen oor die groep militêre eerstejaars wat aan die begin van 1955 op Stellenbosch begin klasloop het. Verdedigingshoofkwartier het derhalwe die Staandemagopleidingsoffisier van die Gebied Westelike Provinsie, wat ook as opleidingsoffisier van Regiment Tobie Muller gedien het, kapt. J.J. Wahl, MC, as Kadetskakeloffisier aangestel en gelas dat die eerstejaars op 22 Februarie 1955 by sy kantoor te De Waalstraat 2 op Stellenbosch aanmeld. Kapt. Wahl het die roetine-administrasie van die eerstejaars behartig en toegesien dat die normale militêre dissipline gehandhaaf word. Om hom by te staan, het hy weekliks by wyse van 'n diensregister 'n Student van Diens uit die geledere van die eerstejaars aangewys. Die Student van Diens het elke oggend appèl gehou en toegesien dat die studente netjies in uniform gekleed was vir hul klasse. Saterdagoggende het hy toegesien dat die lugmagkandidaatoffisiere aantree en vir militêre opleiding na Ysterplaat vertrek, waarna hy die leërkandidaatoffisiere en die adelborste na die opleidingsoffisier se kantoor vir inspeksie marsjeer het.[59] Dit het dus in die praktyk daarop neergekom dat dit hoofsaaklik die Student van Diens was wat beheer oor die militêre eerstejaarstudente op Stellenbosch uitgeoefen het, wat beteken het dat daar in werklikheid bitter min toesig oor hulle was en hulle gevolglik feitlik soos hul burgerlike kollegas hul gang op die kampus kon gaan.

---

57. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 - Februarie 1956), p.13.
58. C.M. Bakkes: Die Geskiedenis van die Militêre Akademie te Pretoria (April 1950 - Februarie 1956), p.13; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 97, brief AG(3)1906/9, AG – LSH, etc., 3 Februarie 1956; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, pp.15, 17.
59. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/2, inlae 1, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – LSH, etc., 11 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 73, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – LSH, etc., 17 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 74, ongenommerde seinberig, kapt. J.J. Wahl – kmdt. G.H.F. Markgraaff, 19 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 29a, "Dienste vir Student van Diens", 1 Maart 1955.

Die vestiging van die Militêre Akademie op Stellenbosch het uiteraard die gebrekkige beheer oor die militêre studente wat gedurende 1955 geheers het, opgehef. Die Akademie-personeel kon nou self oor hulle toesig hou en kennisgewingborde is spesiaal vir hulle in die koshuise waar hulle ingewoon het, aangebring[60] om kommunikasie te vergemaklik. Die Student van Diens-stelsel is voorts in 1956 uitgebrei, sodat daar weekliks 'n diensstudent vir elke jaargroep aangewys is om na hul dissipline, netheid van kleredrag en dies meer om te sien.[61] In 1957 het interne beheerstelsel van die studente 'n trappie verder gevorder, toe 'n Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie na die voorbeeld van buitelandse eweknie-instellings,[62] by die Akademie ingestel is. Die militêre studente is volgens dié stelsel in pelotons en seksies ingedeel, met 'n bevelvoerder, tweede-in-bevel, asook peloton- en seksieleiers uit eie geledere in dié poste. Die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie het na roetinetake soos die daaglikse appèlparade, kerkparades op Sondae, asook militêre oefeninge, soos kompasmarse, en die algemene beheer en dissipline van die studente omgesien. Hulle het onder meer ook kleiner dissiplinêre oortredings ondersoek en gestraf. Afgesien van die praktiese funksie wat die bevelsorganisasie vervul het, was die doel daarvan ook om die kandidaatoffisiere in leierskap te oefen en hulle langs dié weg vir hul loopbane voor te berei. Ofskoon die organisasie oor die algemeen goed deur die studente ontvang en toegepas is, was daar tog haakplekke. Die derdejaars, wat reeds kommissie-aanstellings ontvang het, het hulle min aan die leierelement gesteur, terwyl die leierelement op hul beurt traag was om hul makkers, veral die derdejaars, te dissiplineer of klagtes op grond van oortredings teen hulle te lê.[63] Dit was nietemin 'n verdienstelike poging om, in die moderne idioom, 'n interne lokus van kontrole te skep in die strewe om, soos by West Point, 'n kultuur te kweek waar die studente self die norme en standaarde afdwing om 'n prestige instelling daar te stel.

Met die opening van die Akademie op Saldanha aan die begin van 1958, het slegs die eerstejaars op Stellenbosch agtergebly, waar hulle onder die administrasie en beheer van die Opleidingsonderoffisier van Regiment Tobie Muller gestaan het. Wanneer belangrike sake opgeduik het, sou Akademie-personeel van Saldanha af gestuur word om dit te

60. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.
61. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerste- en Tweedejaarkandidaatoffisiere, 20 Februarie 1956.
62. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.
63. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, ongenommerde verslag insake werksaamhede van Kandidaatsoffisiersbevelsorganisasie vir die eerste kwartaal van 1957 deur maj. E. Pienaar, g.d. (20 April 1957); SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

hanteer.[64] Die eerstejaars was dus van 1958 af weer, soos in 1955, grootliks aan hul eie genade oorgelaat, wat die potensiaal geskep het vir 'n herhaling van die vroeëre agteruitgang van moreel en dissipline.

## 3.4 DIE WERWING, KEURING EN DIENSVOORWAARDES VAN DIE STUDENTE

Die werwing van Akademie-kandidate by die weermagsdeelgimnasiums vir die 1955-inname het bedroewende resultate opgelewer. Die Keurraad, bestaande uit die Hoof van die Generale Staf, die betrokke Weermagsdeelhoof en die Adjudant-generaal, het slegs 53 aansoeke voor hulle gehad, waaruit hulle 36 kandidate (insluitend drie reserwes) gekeur het. Dit het beteken dat hulle 11 uit die 20 leëraansoeke, 12 uit die 17 lugmagaansoeke en 13 uit die 16 vlootaansoeke moes aanvaar.[65] So 'n klein keuringspoel was totaal ongewens, aangesien dit noodwendig tot die keuring van swak kandidate moes lei, ten einde die verlangde jaarlikse kwota van 30 studente te bereik. Kol. De Vos, wat vanaf 1955 ook op die Keurraad gedien het[66], het dan ook in Oktober 1956 by die militêre owerhede gekla dat "Experience of the last two years have shown certain applicants for training in the Military Academy are selected whose academical standards are so poor that they cannot make a success of the course even though they try their utmost."[67] Hy het dit egter aan 'n onbevredigende keuringsproses toegeskryf en glad nie na die klein keuringspoel verwys nie. Die Kommandant-generaal het wel in reaksie op kol. De Vos se klagtes 'n raad van offisiere, insluitende De Vos self, aangestel om die keuringstelsel te ondersoek en aanbevelings ter verbetering te maak. Dié ondersoek het egter nie tot enige wysiging van die keuring aanleiding gegee nie, behalwe dat daar besluit is om die Akademie beter te probeer bemark.[68]

---

64. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 66, seinberig A43, Bev. Mil. Akad. – AG, 5 Maart 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 76, ongenommerde brief, AG – KG, 12 Maart 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 81, brief AG(3)1906/9, AG – KMG, 11 April 1957; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 27, brief AG(3)1906/9, AG – KMG, 11 April 1957.
65. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, seinberig G223, HGS – Min. van Verd., 17 Januarie 1955.
66. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 27, brief AG(1)933/19, Wnd. AG – LSH, etc., 4 Oktober 1955.
67. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 180, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 19 Oktober 1956.
68. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 25 Oktober 1956, p.4; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 16, brief AG(1)933/19, AG – KG, 22 Desember 1956, asook aantekening deur KG op dié brief, 22 Januarie 1957.

Teen Oktober 1955 is die keuringspoel van die Akademie effens vergroot, toe Verdedigingshoofkwartier besluit het om naas die gimnasiumkwekelinge ook uit die geledere van die Staandemagmanskappe kandidate wat aan die vereistes voldoen het vir die Akademie te keur. Daar is egter nie publisiteit aan die werwing van sodanige kandidate verleen nie en hulle het slegs in aanmerking gekom as daar nie genoeg kandidate uit die gimnasiums gekeur kon word nie.[69] Die pogings om die keuringspoel te vergroot, het ook nie veel vrugte afgewerp nie. Slegs 59 kandidate uit die gimnasiums se 1956-inname het uiteindelik voor die Keurraad verskyn, waarvan net 23 vir toelating tot die Akademie gekeur is.[70]

Van 1956 af het dosente van die Akademie op aandrang van kol. De Vos jaarliks die gimnasiums besoek om voornemende studente voor te lig oor die Akademie-kursusse, ten einde te verhoed dat kandidate daar beland wat nie werklik daar wou wees nie en dan, soos gedurende 1955 en 1956 gebeur het, na 'n paar maande aan die kursus onttrek.[71] Daar kan egter aanvaar word dat daar terselfdertyd ook gepoog sou word om meer applikante te werf, ten einde die keuringspoel te vergroot en sodoende beter kandidate te kon keur. Die getal geskikte kandidate wat jaarliks vir toelating tot die gimnasiums aansoek gedoen het, het inmiddels teen 1956 die goedgekeurde sterkte van dié instellings sodanig oorskry, dat die Minister van Verdediging aangekondig het dat die goedgekeurde sterkte van die gimnasiums van 1958 af van 1 000 na 1 350 (500 elk vir die Leër- en Lugmaggimnasiums en 350 vir die Vlootgimnasium) verhoog word.[72] Dit het uiteraard ook die belofte van 'n effens groter keuringspoel vir die Akademie ingehou.

Die kandidaatoffisiere/adelborste was, soos in Pretoria, aan die normale Staandemagregulasies (insluitende die Reglement van Dissipline en verlofregulasies) onderworpe en moes 'n soortgelyke ooreenkoms met die UVM as hul voorgangers in 1950 teken, alvorens hulle tot die Akademie toegelaat is. Hulle was verplig om gedurende

69. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 29, brief AG(1)933/19, Wnd. AG – LSH, etc., 6 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 17, brief AG(3)1906/9, AG – KG, etc., 14 November 1956.

70. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 70, seinberig CT270, Mil. Sekr. - AG, 7 Maart 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 71, seinberig A181, AG - Mil. Sekr., 19 Maart 1957.

71. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 19, brief A/PERS/13/1, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 1 Mei 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 27, brief A/PERS/13/1, Bev. LSH - Mil. Akad., 9 Mei 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 113, brief DGAF/SOA/818/100/102/Org, Lugstafhoof - Bev. Mil. Akad., 25 Mei 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 114, brief A/PERS/13/1, LSH - Bev. Mil. Akad., etc., 28 Mei 1957.

72. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 12 – 13 Januarie 1956; SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 25 Oktober 1956.

kantoorure (weeksdae van 08:00 tot 16:00 en Saterdae van 08:00 tot 10:30) in hul uniforms gekleed te gaan[73] en moes gevolglik hul klasse in uniform bywoon. (Daar was egter aanvanklik 'n reëling dat hulle slegs gedurende weeksdae en net in die voormiddag verplig was om uniform te dra.[74]) Ná kantoorure was hulle weer verplig om siviele klere te dra, behalwe natuurlik wanneer hulle met militêre bedrywighede besig was. Die UVM het kragtens die ooreenkoms met die kandidaatoffisiere/adelborste hul klas-, registrasie- en losiesgelde aan die Universiteit betaal, maar die losiesgeld is gedeeltelik op 'n maandelikse basis van die studente verhaal. Die UVM het aanvanklik ook £30 per student vir die eerstejaar en £15 per student vir die tweedejaar[75] vir die aankoop van handboeke bewillig. Dié voordeel is egter met ingang van 1958 teruggetrek en vervang deur 'n reëling waarvolgens slegs eerstejaarstudente 'n maksimum van £30 van die Staat kon leen om handboeke aan te koop en dit dan oor twaalf maande kon terugbetaal.[76] Die kandidaatoffisiere/adelborste moes onderneem om vir minstens sewe jaar in die Staande Mag te dien nadat hulle hul kommissie ontvang het. Na hul diensbeëindiging in die Staande Mag moes hulle tot aftree-ouderdom in die Reserwe van Offisiere dien. Sou 'n kandidaat voor die verstryking van die sewejaartydperk bedank of ontslaan word, moes hy 'n bepaalde pro rata bedrag aan die Staat terugbetaal.[77] Kandidaatoffisiere/adelborste sou, soos ook die praktyk by buitelandse akademies was, nie toegelaat word om te trou voordat hulle hul kommissie-aanstellings ontvang het nie, aangesien die opleidingsprogram vereis het dat hulle moes inwoon en dit nie met die huwelikslewe versoenbaar was nie.[78] Kol De Vos, duidelik met die menslike natuur in gedagte, het gereken dat as die studente geweet het dat hulle onder geen omstandighede kon trou en steeds by die Akademie bly nie, "dit 'n

---

73. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.
74. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 2, Notule van Generale Staf-vergadering, 31 Januarie 1955.
75. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 132, brief A/PUBS/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 20 Maart 1956.
76. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 52, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 2 Februarie 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 86, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 17 April 1957.
77. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/2, inlae 1, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – LSH, etc., 11 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 72, "Memorandum van Ooreenkoms", 17 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 49, "Akte van Ooreenkoms", g.d.; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 49, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Opleidingsoffisier Gebied W.P., 30 Mei 1955; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 52, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 2 Februarie 1957; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 12, brief DC26/3/1(S), Sekr. van Verd. – AG, 30 Julie 1957.
78. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 5, Notule van Generale Staf-vergadering, 29 April 1955; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 14, brief A/PERS/34, Bev. Mil. Akad. - AG, 6 November 1956; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 48, A/PERS/34/0 vol. 1, inlae 6, brief AG(3)1906/9, AG – Bev. Mil. Akad., 19 November 1956.

heilsame uitwerking op hul bedrywighede (mag) hê."[79] Alles in ag genome, was dit oor die algemeen, veral uit 'n finansiële oogpunt (studie op staatskoste plus 'n salaris, mediese dienste, en dies meer), 'n besonder voordelige kontrak vir die kandidaatoffisiere/adelborste.

Die kandidaatoffisiere/adelborste wat in 1955 met hul studie begin het, het na suksesvolle voltooiing van hul eerstejaar kommissie-aanstellings as tweede-luitenante/onderluitenante ontvang en is by die verwerwing van hul grade tot luitenante of gelykstaande vlootrang bevorder word.[80] Dit het natuurlik vir die Akademie 'n tegniese probleem geskep, aangesien hulle dan offisiere was en dus volgens die bestaande regulasies teoreties aan die einde van hul eerstejaar vry was om te trou (die regulasies het slegs kandidaatoffisiere verbied om te trou![81]) Diegene wat van 1956 af by die Akademie ingeskryf het, sou egter vir die volle drie jaar van hul graadstudie kandidaatoffisiere/adelborste bly, maar sou by verwerwing van hul grade direk as luitenante of die gelykstaande vlootrang aangestel word. Ofskoon dit die "huweliksprobleem" opgelos het, was dit sekerlik nie die hoofrede vir hierdie beleidsverandering nie; dit was waarskynlik eerder om alle studente op gelyke voet te plaas en as aansporing vir volgehoue prestasie te dien. Die kandidate se senioriteit by aanstelling as (of bevordering na in die geval van die 1955-inname) luitenante of gelykstaande vlootrang is bepaal deur hul prestasie gedurende al vier opleidingsjare. 'n Gewig van 15% is vir dié doel aan prestasie gedurende die gimnasiumjaar, 25% vir militêre opleiding gedurende die drie jaar van graadstudie en 60% vir die akademiese prestasie (graadvakke) toegeken.[82]

---

79. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 14, brief A/PERS/34, Bev. Mil. Akad. - AG, 6 November 1956.
80. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955, p.12; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 65, brief N(A)7, VSH - AG, 16 September 1955;. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 69, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – H.G.S, 22 September 1955;. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 77, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – VSH, 30 September 1955.
81. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 14, brief A/PERS/34, Bev. Mil. Akad. - AG, 6 November 1956.
82. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol. 1, Notule van Tiende Vergadering van VSR, 29 Augustus 1955, p.2; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 13, brief HGS/GPT/1/3/1, HGS – IG, etc., 7 April 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 116, brief AG(1)950/1 oor AG(3)1906/9, AG – KG, 31 Oktober 1957.

## 3.5 KOLONEL DE VOS SE FEITESENDING NA BUITELANDSE MILITêRE AKADEMIES

Kol. De Vos was met sy aanstelling as Dekaan en Bevelvoerder van die Akademie bewus van die formidabele taak wat op hom gewag het en sy tekortkominge in daardie verband. Hy het derhalwe daarop aangedring om "oorsee te gaan kyk hoe ander lande hul beroepsoffisiere oplei"[83], ten einde insig in sy taak te verkry en te verseker dat Suid-Afrika tred hou met kontemporêre ontwikkelinge in daardie verband. Soos hy dit in 'n skrywe aan die waarnemende Adjudant-generaal, kol. E.J. de Wet, gestel het:

> "Hoe kan 'n professor van Fisika (!) wat bitter min weet van militêre sake en glad niks van die opleiding van Staandemag-offisiere nou verwag word om nou eensklaps sy leerstoel te verlaat en bevelvoerder van 'n Militêre Akademie te word?
>
> "'n Mens kan wel baie leer oor hoe oorsese inrigtings saamgestel is en geadministreer word deur skriftelike inligting van hulle te kry, maar persoonlike besoek en kontak sal soveel vrugbaarder wees om my te help om 'n duidelike koers met ons Weermagakademie in te slaan.
>
> "Ek wil graag self sien wat die <u>balans</u> oorsee is tussen akademiese vakke en bloot militêre opleiding. Ek wil self met die lektore in die verskillende vakrigtings kennis maak en sien hoe hulle kursusse saamgestel is en wat hulle spesifieke probleme in die praktyk is.
>
> "Ek wil besonder graag self voel hoe die gees en tradisie in 'n reeds bestaande akademie is; ek wil nagaan hoe streng die reëls is in verband met studie en die gedrag van die kandidaatoffisiere/adelborste, hoeveel vrye tyd hulle het, en hoe hulle dit deurbring; welke ontspanning hulle kan geniet.
>
> "Kortweg, ek wil persoonlik die masjinerie inspekteer wat daargestel is om 'n seun skaars in sy jongmansjare te verander in 'n offisier wat waarlik in elke sin van die woord kommissierang verdien.
>
> "'n Belangrike saak om oorsee te bestudeer is die werwingsmetodes wat daar toegepas word. 'n Akademie kan alleenlik suksesvol funksioneer indien daar genoegsaam intelligente rekrute gevind kan word ...

---

83. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.

> "Die akademies wat oorsee bestaan het reeds 'n werdingsgeskiedenis (sic.) van jare agter die rug ... Slegs met persoonlike kontak en intieme gesprekke oor wat ons in Suid-Afrika beoog en voorstel, sal ons die beste voordeel kan trek uit die kennis wat oorsee bestaan aangaande die bestuur van 'n akademie, en sal ons dan die kennis op toestande hier kan toepas."[84]

Die militêre owerhede het die noodsaaklikheid van só 'n feitesending ingesien en vir hom teen 'n koste van nagenoeg £800 besoeke aan onder meer die *Royal Military Academy, Sandhurst*), die *Royal Air Force College*, Cranwell, die *Royal Naval College*, Dartmouth, die Kanadese *Royal Military College,* Kingston, die *United States Military Academy,* West Point, die *United States Naval Academy,* Annapolis, die Nederlandse *Koninklijke Militaire Academie*, Breda, die Franse *Ecole Speciale Militaire de Saint Cyr*, asook soortgelyke instellings in Swede oor die tydperk 16 Junie tot 22 September gereël.[85] Nadat hy dus op eie versoek[86] eers die verskuiwing van die Akademie na Stellenbosch en die aanvang van die nuwe akademiese jaar aldaar deurgesien het, het kol. De Vos op 11 Junie 1956 met die SA Lugmag se skedulevlug na die Verenigde Koninkryk op sy buitelandse missie vertrek.[87] Met die ganse Afrika destyds nog onder Europese beheer, het die SALM-Dakota kol. De Vos in ses gerieflike dagskofte via die Belgiese Kongo (Elizabethville en Leopoldstad, tans Lubumbashi en Kinshasa, Demokratiese Republiek van die Kongo), Kameroen (Douala), Niger (Niamey) en Algerië (Algiers) na Brittanje geneem.[88] Daarvandaan het hy per burgerlike lugdiens na die Europese vasteland vertrek, om Swede, Frankryk en Nederland

---

84. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41(a), ongenommerde brief, P.J.G. de Vos – Wnd. AG, 23 November 1955.
85. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1955), inlae 6, Notule van Generale Staf-konferensie, 27 Oktober 1955;. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika, Londen, 2 Desember 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – SA Mil. Attaché, Washington D.C., 2 Desember 1955; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 1, brief G/TRG/7/22, Bev. Mil. Akad. – Skakelredakteur, *The Marker, Royal Military College*, Kingston, 18 Januarie 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 134(a), Reisprogram: Kol. P.J.G. de Vos, 29 Maart 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 8, brief AG(3)1906/9 oor AG(1)P1/40648/1, AG – Sekr. van Verd., 28 April 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 15, Voorgestelde voorlegging aan Sekr. van Verd., Mei 1956.
86. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41(a), ongenommerde brief, P.J.G. de Vos – Wnd. AG, 23 November 1955.
87. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 134, brief IG/K46, I.G – HGS, 29 Maart 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 134(a), Reisprogram: Kol. P.J.G. de Vos, 29 Maart 1956.
88. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.

aan te doen, waarna hy die VSA en Kanada besoek en na Brittanje teruggekeer het om die SA Lugmag se skedulevlug terug na Suid-Afrika te haal.[89]

Kol. De Vos is orals baie vriendelik ontvang en het die reis baie leersaam en insiggewend gevind. Die woordvoerders van die verskillende inrigtings het hul opleidingskemas volledig aan hom verduidelik en hy kon heelwat van die dinge wat hy daar gesien het met vrug op eie stoom by die Akademie invoer.[90] Hy het egter ook in sy verslag aan die Hoof van die Generale Staf 'n aantal aanbevelings gemaak wat op beleidsveranderings neergekom het en dus alleen van owerheidsweë deurgevoer kon word. In soverre dit die doel en missie van die Akademie betref, het hy op grond van sy waarnemings in die buiteland tot die gevolgtrekking gekom dat "during these four years [d.w.s. een jaar by die gimnasiums, een jaar op Stellenbosch en twee jaar by die Akademie op Saldanha] all training should have one aim and mission: the creation of career officers."[91] Hy het derhalwe aanbeveel dat die volle vier jaar kandidaatoffisiersopleiding by die Akademie plaasvind, in stede daarvan om dit by die gimnasiums, die Universiteit van Stellenbosch en die Akademie te versprei. Dié verspreiding van die vierjarige kandidaatoffisierskursus was volgens hom "far too interrupted for the successful accomplishment of our mission."[92] Hy het dus sy voorganger, maj. Van Niekerk, se siening gedeel dat die Akademie slegs reg aan die vorming van jong offisiere kon laat geskied as die volle offisierskursus, spesifiek ook die basiese opleidingsfase, by dié instelling self gesentreer was. Solank as wat dit by verskillende instellings versnipper en dit deur 'n jaar van burgerlike universiteitstudie op Stellenbosch onderbreek is, kon daar geen sprake van offisiersvorming in die idioom van die tradisionele akademies in die buiteland wees nie.

Kol. De Vos se waarnemings in die buiteland het duidelik ook by hom die gedagte van 'n breë, algemene akademiese opvoeding vir jong offisiere in die nastrewing van militêre professionalisme tuisgebring. Hy het naamlik pertinent gewaarsku dat daar teen eensydigheid in die akademiese opvoeding van die kandidaatoffisiere gewaak moes word en aanbeveel dat, soos by ander akademies, 'n kursus uit die sosiale en politieke wetenskappe by die natuurwetenskaplike studierigtings ingesluit moes word, ten einde die kandidaatoffisiere/adelborste insig in aktuele wêreldgebeure te gee. Militêre Reg moes na

89. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 134(a), Reisprogram: Kol. P.J.G. de Vos, 29 Maart 1956; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.

90. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.

91. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

92. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

sy mening 'n verpligte vak vir alle kandidaatoffisiere/adelborste wees, asook Staatsleer, 'n vak wat glad nie deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied is nie. Hy het voorts aanbeveel dat aangesien Frans, naas sy belangrikheid as internasionale taal, ook die oorheersende Europese taal in Afrika was, 'n spesiale kursus in dié taal by die Akademie ingestel moes word. Hy het egter besef dat al die ekstra werk nie eenvoudig by die driejaargraadkursus ingevoeg kon word nie en het daarom weereens gewys op die noodsaaklikheid daarvan dat die vierjaarkandidaatoffisiersopleidingsprogram volledig by die Akademie tereg moes kom. Onderhandelings kon dan met die Universiteit van Stellenbosch aangeknoop word om die graadkursus oor vier jaar te versprei om vir die ekstra vakke tyd in te ruim.[93]

Alhoewel kol. De Vos teen eensydigheid gewaarsku het en 'n breër basis vir die akademiese opvoeding van die studente in die natuurwetenskaplike rigting bepleit het, was hy, soos later sou blyk, nie ten gunste van 'n té wye vakkeuse nie. Toe Staatsleer en Openbare Administrasie (Mil) in die sestigerjare wel as byvak by die Akademie ingevoer is (ofskoon nie vir die natuurwetenskaplike rigting nie), was hy nie begerig om dit tot opsionele hoofvak uit te brei nie, aangesien 'n "te groot verskeidenheid en [te veel] opsies ... die eenheidskoste (per student) ... (op-)stoot" en die "groot waarde van die Akademie nie lê in die verskeidenheid van toepaslike vakke wat gestudeer word nie, maar in die dissipline van studie self, in die kweking van sistematiese metodes om kennis in te samel, te verteer en te verwerk. Uit dié oogpunt beskou is die studie van enige reeks toepaslike vakke goed en hoef daar nie te veel verskillende opsionele reekse te wees nie."[94]

Kol. De Vos het verder aanbeveel dat 'n afsonderlike departement vir liggaamlike opvoeding, dit wil sê liggaamlike opleiding en sport, by die Akademie ingestel moes word, soos die praktyk was by al die akademies wat hy besoek het. Liggaamlike opleiding en sport het by al die buitelandse akademies 'n essensiële deel van die opleidingsprogram uitgemaak, nie alleen om die aspirantoffisiere fisies fiks en sterk te maak nie, maar ook om spanwerk en leierskap te bevorder. Laasgenoemde word bereik deur die kadette op te lei om self sportaktiwiteite te organiseer en hul makkers in verskillende sportsoorte af te rig. Hy het ook aanbeveel dat, om leierskap verder te bevorder, daar by die Akademie, soos by die buitelandse eweknie-instellings, 'n kadetbevelsorganisasie ingestel word. Die kadette word volgens dié stelsel soos 'n operasionele militêre eenheid in kompanies, pelotons, ens.,

93. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

94. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965, p.7."

ingedeel met kadette as bevelvoerders op die verskillende vlakke. Die kadetbevelvoerders word dan met gereelde tussenposes gewissel om alle kadette die geleentheid te gee om ervaring in daardie poste op te doen. Hy het ook na aanleiding van die Kanadese voorbeeld, "where tri-service academies exist" (klaarblyklik verwysende na die *Royal Military College*, Kingston), aanbeveel dat 'n eenvormige, onderskeidende uniform vir die Akademie ingevoer word, aangesien die kandidaatoffisiere/adelborste in die uniforms van hul weermagsdele geneig was om drie afsonderlike groepe te vorm, wat die eenheidsgees ondermyn het. Weermagsdeellojaliteite kon behou word deurdat kandidaatoffisiere/adelborste die uniform van hul weermagsdeel kon dra wanneer hulle vir militêre opleiding na hul onderskeie weermagsdele se opleidingsinrigtings afgedeel is.[95]

Dit het kol. De Vos getref dat die groter werwingspoel van buitelandse akademies hulle in staat gestel het om kwaliteitkandidate te keur wat in staat was om die vol opleidingsprogramme te hanteer en 'n hoë standaard te handhaaf. Die sukses van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie was na sy mening ook in die eerste plek van die werwing van topkandidate afhanklik. Hy het derhalwe aanbeveel dat 'n aktiewe werwingsprogram by hoërskole geloods word om soveel moontlik aansoeke te trek, waaruit die Akademie dan die toppresteerders kon selekteer. Ten opsigte van die diensvoorwaardes van die studente, het kol. De Vos aanbeveel dat hul kontrakverpligtinge verkort en hul jaarlikse verlof verleng word. Die praktyk by buitelandse akademie was om die kadette tot drie, vier of vyf jaar diens na afloop van hul kursusse te verbind. Die argument was dat opgeleide offisiere wat die weermag verlaat het, nie verlore was nie, deurdat hulle op die reserwelys geplaas is en maklik in noodsituasies weer opgeroep en opleidingsgewys op datum gebring kon word. Hy was die mening toegedaan dat die UVM-kandidaatoffisierskontrak te 'n lang dienstyd vereis het, wat potensiële kandidate kon afskrik, wat die Akademie in die lig van sy klein werwingspoel glad nie kon bekostig nie. Die 30 dae vakansieverlof wat die kandidaatoffisiere/adelborste per jaar ontvang het, was ook veel korter as die gemiddeld van ses weke wat oorsee die praktyk was. Hy het dus aanbeveel dat kandidaatoffisiere/adelborste 'n ekstra kort verloftydperk toegestaan word wat met die Universiteit se Aprilvakansie kon saamval.[96]

95. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

96. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

Die Generale Staf was eens dat kol. De Vos se aanbevelings van groot belang was en het dit deeglik oorweeg,[97] waarop die Kommandant-generaal van die UVM, kmdt.genl. H.B. Klopper, DSO, persoonlik in 'n memorandum aan die Minister van Verdediging daarop gereageer het. Klopper het al De Vos se aanbevelings onderskryf, met die uitsondering van dié in verband met werwing, 'n korter dienskontrak vir die kandidaatoffisiere/adelborste en die afskaffing van die gimnasiumjaar. Oor eersgenoemde twee het hy geen kommentaar gelewer nie, ofskoon hy wel, soos vroeër vermeld, 'n raad van offisiere aangestel om die keuringstelsel te ondersoek. Dié ondersoek het egter nie tot enige verbetering van die keuringstelsel gelei nie.[98] Kmdt.genl. Klopper het die gimnasiumjaar onontbeerlik vir die eiesoortige opleidingsbehoeftes van die weermagsdele (bv. vliegopleiding in die geval van die Lugmag[99]) geag en dit gevolglik as nie onderhandelbaar nie beskou. Klopper het aanbeveel dat die kwessie van die instelling van Frans (en na sy mening ook minstens een swart taal), asook vakke soos Staatsleer en Militêre Reg om gemeenskaplikheid te bevorder en teen eensydige opvoeding (in die geval van die natuurwetenskaplike studierigting) aandag moes geniet sodra die Akademie op Saldanha gevestig was en hy nie meer aan Stellenbosch se rooster gekoppel was nie. Hy het die verskuiwing van die eerstejaarkursus na die Akademie ook ondersteun, maar gewaarsku dat dit 'n netelige saak was wat deeglik bepeins moes word vir moontlike implementering oor die langer termyn.[100] Hy het waarskynlik gevrees dat die Universiteit van Stellenbosch nie oorgretig sou wees om vir 'n haas onafhanklike Akademie vader te staan nie, terwyl daar van owerheidsweë nie goedkeuring verleen sou word vir 'n onafhanklike instelling wat self grade toeken nie.

Dit is nie uit die beskikbare bronne duidelik hoe die Minister van Verdediging op Klopper se aanbevelings gereageer het nie. Daar kan egter met veiligheid aanvaar word dat hy dit nie sou teenstaan nie, aangesien die aard daarvan met sy denkrigting ooreengestem het. Sommige van De Vos se aanbevelings het dan ook mettertyd wel in die praktyk neerslag gevind, soos later aangedui sal word. Die enigste aanbeveling wat dadelik neerslag gevind het, was die instelling van 'n kandidaatoffisiersbevelsorganisasie. Klopper het reeds voor

97. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1957), Notule van Generale Staf-vergadering, 7 Januarie 1957, pp.5 - 6.

98. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1956), Notule van Generale Staf-vergadering, 25 Oktober 1956, p.4; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 16, brief AG(1)933/19, AG – KG, 22 Desember 1956, asook aantekening deur KG op dié brief, 22 Januarie 1957.

99. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 92, brief DGAF/TR/818/100/102/Org, Lugstafhoof – KG, 27 Desember 1956.

100. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 63, ongenommerde memorandum, KG – Min. van Verd., 25 Februarie 1957.

sy skrywe aan die Minister ingestem dat dit in 1957 op 'n eksperimentele basis ingestel kon word,[101] wat, soos vroeër aangedui, inderdaad gebeur en klaarblyklik goeie vroeë resultate opgelewer het.[102] Die kwessie van ekstra verlof vir die studente het reeds vroeër aandag geniet, maar is deur die Staatsdienskommissie afgekeur.[103] 'n Eie uniform vir die Akademie, wat Klopper persoonlik baie sterk ondersteun het[104] en inderdaad 'n belangrike samebindende rol kon speel en eenheidstrots kon aanwakker, het egter teen die weermagsdeelkulture ingedruis[105] en sou nooit vergestalting vind nie. Waarskynlik die belangrikste aspek van sy aanbevelings, naamlik die uitbreiding van die graadkursus na vier jaar by die Akademie self om tyd in te ruim vir alle akademiese en militêre aktiwiteite wat nodig was om die kandidaatoffisiere/adelborste na wense te vorm en vir hul loopbane voor te berei, sou ook nooit verwesenliking smaak nie. Dit sou meebring dat militêre vormingsopleiding volgens die West Point-model nooit blywend by die Akademie inslag sou vind nie. Kol. De Vos het 'n tradisionele militêre akademie met die klem op 'n breë, algemene akademiese opvoeding en die ontwikkeling van leierskap nagestreef, maar Verdedigingshoofkwartier het nie die moed van hul oortuiging gehad om daaraan uitvoering te gee nie. Hulle het weermagsdeelsentimente en -prioriteite te hoog aangeslaan om reg aan 'n gesamentlike akademie te laat geskied.

## 3.6 DIE HUISVESTING VAN DIE MILITêRE AKADEMIE OP STELLENBOSCH

Die Universiteit van Stellenbosch kon geen kantoorakkommodasie op die kampus aan die Akademie-personeel beskikbaar stel nie. Die UVM het derhalwe beperkte kantoorakkommodasie naby die kampus op die eerste vloer van die U.B.S.-gebou in Pleinstraat van United Bouvereniging gehuur, waar kol. De Vos en die voorhoede van die Akademie-personeel op 1 Februarie 1956 hul intrek geneem het. Daar moes die ganse eenheid in agt lokale ingedruk word. Die grootste van dié lokale het beide as kol. De Vos

101. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 63, ongenommerde memorandum, KG – Min. van Verd., 25 Februarie 1957.
102. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, ongenommerde verslag insake werksaamhede van Kandidaatsoffisiersbevelsorganisasie vir die eerste kwartaal van 1957 deur maj. E. Pienaar, g.d. (20 April 1957).
103. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 71, brief DC5/4(S), Sekr. van Verd. – AG, 7 Junie 1955.
104. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 63, ongenommerde memorandum, KG – Min. van Verd., 25 Februarie 1957.
105. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 92, brief DGAF/TR/818/100/102/Org, Lugstafhoof – KG, 27 Desember 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 116, brief AG(1)950/1 oor AG(3)1906/9, AG – KG, 31 Oktober 1957.

se kantoor en as konferensiekamer gedien. Die dosente het vyf kantore beset, twee man per kantoor. Die Adjudant/Kwartiermeester, klerk en tikster het die twee klein lokale wat oorgebly het, gedeel.[106]

Die UVM het, deels onder druk van omstandighede, die integrasie van die militêre studente met die burgerlike studentegemeenskap op Stellenbosch 'n stappie verder as in Pretoria gevoer. Aangesien daar geen militêre akkommodasie op Stellenbosch beskikbaar was nie, asook om hulle sover as moontlik by die studentelewe in te skakel,[107] het die Akademie-studente saam met hul burgerlike kollegas in die universiteitskoshuise tuisgegaan. Die militêre owerhede het egter om praktiese redes versoek dat die militêre studente almal in een koshuis gehuisves word, maar het ingestem dat hulle in die koshuis heeltemal onder die ander studente versprei word en nie as 'n groep saam geplaas word nie.[108] Alle manlike eerstejaars is in elk geval sedert 1954 volgens die Universiteit se "Eerstejaaraanpassingstelsel" vir die volle duur van hul eerstejaar saam in een koshuis, Dagbreek, gehuisves om eers aan die universiteitslewe gewoond te raak, voordat hulle tussen die senior studente geplaas is.[109] Die 32 eerstejaars wat in 1955 met hul studie aan die Universiteit van Stellenbosch begin het, het gevolglik ook almal in Dagbreek tuisgegaan.[110]

Dit was volgens lt. A.B. du Preez, wat kapt. J.J. Wahl as Opleidingsoffisier Gebied Westelike Provinsie en dus ook as Akademie-skakeloffisier op Stellenbosch opgevolg het,[111] "ontstellend om te sien hoe die algemene standaard van dissipline en moraal afgeneem het vandat die kandidaatoffisiere en adelborste op Stellenbosch aangekom het."[112] Dit was na

---

106. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 102, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – KMG, 26 Oktober 1955; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 2, brief Q/ACCN/1/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 5 Maart 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 4(a), brief Q/ACCN/1/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 12 April 1955; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p. 17.

107. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika, Londen, 2 Desember 1955; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

108. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 54, teledrukkergesprek, lt. J.J. Wahl – kmdt. G.H.F. Markgraaff, g.d. (Februarie 1955); SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 64, seinberig AG109, AG– Bev. Kmdmt. Kaap, 10 Februarie 1955.

109. D. Kotzé: Die Geskiedenis van Wilgenhof. In O. Potgieter (red.): **Wilgenhof Gedenkboek (1903 – 1967)**, p.27.

110. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - AG, 16 Augustus 1955.

111. SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 108, G/TRG/6/1/376G, inlae 55, brief AG(1)P1/42728/1, Wnd. AG – Bev. Kmdmt. Wes-Transvaal, 16 Februarie 1955.

112. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 16 Augustus 1955.

sy mening moontlik onder meer te wyte aan "'n losbandige lewe ... in die koshuis wat nie by kadette tuishoort nie." Hy het dus aanbeveel dat die militêre studente van 1956 af, wanneer daar ook tweedejaars sou wees en hulle dus nagenoeg 60 in getal sou wees, in 'n aparte koshuis gehuisves word.[113]

Die militêre owerhede het lt. Du Preez se aanbeveling met betrekking tot 'n aparte koshuis vir die militêre studente ondersteun,[114] maar as hulle wel vertoë in daardie verband gerig het, het dit nie geslaag nie. Die militêre studente is naamlik in 1956 nie eers almal in een koshuis geplaas nie, deurdat losies vir hulle in Huis Visser (eerstejaars) en Huis Marais (tweedejaars) gereserveer is.[115] Die tweedejaars moes, soos reeds vermeld, noodwendig ook op Stellenbosch geakkommodeer word, aangesien daar eers in die loop van 1956 met die oprigting van die Akademie se gebouekompleks op Saldanha begin is.[116] In 1957 het 'n krisis ontstaan deurdat die gebouekompleks op Saldanha steeds nie voltooi was nie en al drie militêre jaargroepe op Stellenbosch gehuisves moes word.[117] Die nuwe eerstejaars is gevolglik by Wilgenhof ingedeel, terwyl die tweede- en derdejaars onderskeidelik in Huis Visser en Huis Marais aangebly het.[118] Met die verskuiwing van die tweede- en derdejaars na Saldanha aan die begin van 1958, het die Universiteit met die instemming van die militêre owerhede besluit om Crozierhuis uitsluitlik vir die akkommodasie van die militêre eerstejaars beskikbaar te stel; hoewel die inisiatief van die Universiteit af uitgegaan het, was dit, soos hierbo vermeld, in elk geval wat die militêre owerhede in daardie stadium begeer het. Crozierhuis was eintlik 'n private koshuis, deurdat die gebou en ameublement aan die Universiteit behoort het, wat dit aan ene mej. S. Volschenk verhuur het om op 'n

113. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - A.G, 16 Augustus 1955.
114. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol. 1, Notule van Tiende Vergadering van VSR, 29 Augustus 1955, p.3.
115. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 16, brief S/19, Wnd. Rektor US – Wnd. AG, 14 November 1955; N.M. Lemmer - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 1 Maart 1994.
116. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 3a, Notule van Samesprekings tussen Verteenwoordigers van die Dept. van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, 17 Junie 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 23, brief S19, Registrateur US – HGS, 10 November 1955; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 10, brief Q/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. – AG, 20 Julie 1956.
117. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 138, brief AG(3)1906/9, AG – Registrateur US, 7 Augustus 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 137, brief S19, Registrateur US - AG, 23 Augustus 1956.
118. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17; N.M. Lemmer - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 1 Maart 1994.

winsbasis te bedryf. Crozierhuis, wat 'n maksimum van 32 studente[119] kon huisves, was volgens kol. De Vos "much better than Wilgenhof, which is to put it mildly in a rather dilapidated condition after enduring the ravages of five decades of Students."[120] Die huisvesting van die militêre studente te Crozierhuis het 'n baie bevredigende reëling geblyk en het hul tuiste gebly totdat die eerstejaars met ingang van 1961 ook na Saldanha verskuif het.[121]

Die militêre studente se plasing tussen hul burgerlike kollegas het nie altyd seepglad verloop nie, maar het soms tot wrywing en selfs konflik gelei. Dié aspek sal egter in 'n latere afdeling oor die studentelewe onder die loep geneem word.

## 3.7 DIE MILITêR-AKADEMIESE OPLEIDING VAN DIE AKADEMIE-STUDENTE OP STELLENBOSCH

Die idee wat daar, aldus kol. De Vos, naas die universiteitsregulasies, agter die eerstejaarstudie van die militêre studente op die moederkampus geskuil het, was dat "die studente die kans moet kry om die voordele van die lewe aan 'n groot universiteit te smaak... vryelik [te] drink van die beskikbare bronne van kuns en kultuur en ... die kans (moet) hê om te deel in die karaktervormende prosesse wat aan 'n goeie universiteit plaasvind."[122] Dié doelwit was seer sekerlik hoofsaaklik dié van prof. Thom en die Universiteit van Stellenbosch. Beide kol. De Vos en Verdedigingshoofkwartier het naamlik daarna gestreef om die aanbieding van die volle militêre graadkursus so gou as moontlik by die Militêre Akademie op Saldanha gevestig te kry.[123] Soos in hoofstuk 2 aangedui, was die oorspronklike gedagte met die verskuiwing van die Akademie na Saldanha juis om die versnippering van die graadkursus deur die verspreiding daarvan by verskeie

119. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/2 vol. 1, inlae 56, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – KMG, 15 Augustus 1958.

120. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 48, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. - AG, 25 September 1957.

121. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/2 vol. 1, inlae 126, brief A/FIN/3/1, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - Bev. Mil. Akad., 14 Maart 1960.

122. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

123. Vergelyk .SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 95a, brief IG/K/46, IG - HGS, 19 Oktober 1955, SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika, Londen, 2 Desember 1955 en SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

weermagsdeel- en universitêre inrigtings, soos in Pretoria die geval was, die nek in te slaan. Veder is Saldanha vanweë sy ligging by die see, digby Lugmagstasie Langebaanweg, as standplaas vir die Akademie gekies om die opleiding van kandidaatoffisiere van al drie weermagsdele by een instelling moontlik te maak. 'n Baie belangrike beweegrede agter die verskuiwing was ook om die Akademie as 'n selfstandige eenheid op sy eie standplaas, in sy eie gebouekompleks, te vestig, ten einde 'n eie, unieke atmosfeer, kultuur en *esprit de corps*, bevorderlik vir die militêr-akademiese vorming van aspirantoffisiere, te kweek. Hierdie doelwitte kon kwalik bereik word solank die Akademie op Stellenbosch vasgekeer was in afwagting van die oprigting van sy gebouekompleks op Saldanha en solank die die eerstejaarstudie op Stellenbosch self moes plaasvind. Geografies geïsoleerd op Saldanha, sou die Akademie moeilik uit "bronne van kuns en kultuur" kon drink of werklik die "karaktervormende prosesse" van die studentelewe op die moederkampus kon smaak. Daarom kon dié ideaal nooit werklik dié van die militêre owerhede gewees het nie.

Die "beskikbare bronne van kuns en kultuur" en die "karaktervormende prosesse" op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch het nietemin netjies ingepas by minister F.C. Erasmus planne om die toekomstige militêre leiers van Suid-Afrika in die Afrikanerkultuur op te voed. Prof. H.B. Thom, voorsitter van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, die "hoogste liggaam in ons georganiseerde Afrikanerkultuur", wat as "briljante akademikus, gesaghebende [Afrikaner]historikus en onkreukbare opvoedkundige ... by uitstek geskitter (het) as kultuurleier"[124] het as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch op die universiteitskampus presies die milieu geskep wat Erasmus in gedagte gehad het. Prof. Thom het geglo dat die Universiteit van Stellenbosch as "volksuniversiteit ... die hart van die volk in hom moet bly omdra ... oor die groot geestelike waardes van die volk moet moet bly waak ... [en] op weloorwoë, waardige wyse leiding aan die volk moet bly gee."[125] Daarom het daar met dit wat aan die studente op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch geleer is, in die woorde van prof. Thom self, "soos kenmerkend van die Afrikanervolk is ... 'n gesonde, *vooruitstrewende konserwatisme* ... wat in sy gebondenheid aan godsdienstige plegankers, 'n mens laat koershou in in 'n veranderende, verbysterende wêreld" saamgegaam.[126] In hierdie atmosfeer en met 'n Afrikanerdekaan en uitsluitlik Afrikaner-, of dan minstens Afrikaanssprekende, dosente aan die roer van die Akademie

124. D.J. Viljoen: Op die Kultuurakker. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.83.
125. H.B. Thom: Stellenbosch as ware Volksuniversiteit. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.79.
126. H.B. Thom: Stellenbosch as ware Volksuniversiteit. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p.78.

self, kon die opvoeding van die UVM se aspirantoffisiere op Stellenbosch dus inderdaad gedy in die rigting waarin minister Erasmus se politieke hand sedert 1948 besig was om die weermag te stuur. Die sowat 15% Engelssprekendes[127] onder die militêre studente het klaarblyklik goed by die Afrikanermilieu aangepas.[128] Hulle het nie bedreig gevoel nie en daar was geen wrywing tussen hulle en die Afrikaanssprekendes nie. Volgens kapt. (SAV) W.H. Kelly, lid van die-Akademie se 1955-inname, het die militêre studente hulle in elk geval min aan die politiek gesteur – Afrikaans- en Engelssprekendes was almal "saam in die ding".[129] Bakkes reken dat die Engelssprekende studente in elk geval besef het hoe die wind waai en dat hulle eenvoudig sou moes aanpas as hulle 'n loopbaan in die weermag wou volg.[130]

Gemeet aan die atmosfeer wat met 'n militêre akademie geassosieer word, was die kampus van die Universiteit van Stellenbosch sekerlik nie bevorderlik vir die militêre vorming van aspirantoffisiere nie. Vasgevang (of losgelaat!) tussen duisende burgerlike studente wat maar te geneig was om die draak met die militêr te steek en seniors wat soms die militêre studente onseremonieel aan hul uniforms rondgepluk het,[131] was dit begryplikerwys nie altyd maklik om die waardigheid van die uniform te handhaaf nie. Die militêre owerhede het nietemin probeer om deur die handhawing van die normale militêre roetine 'n militêre atmosfeer te skep wat sou verseker dat die dissipline en flinke houding wat gedurende die gimnasiumjaar by die studente ingedril is, nie verlore gaan nie. Die verpligte dra van uniforms gedurende kantoorure, die daaglikse appèlparades, en die gebruiklike salueer en eerbewys[132] was die belangrikste werktuie in die skep van so 'n atmosfeer. Salueer en eerbewys op die universiteitskampus is egter gaandeweg om praktiese redes, waaronder waarskynlik die gespot en na-apery wat dit van die burgerlike studente ontlok het, beperk. Kandidaatoffisiere het slegs die eerste daaglikse eerbewys aan offisierstudente betoon, maar die studente moes te alle tye die militêre dosente salueer.[133]

---

127. Berekening gemaak op grond van naamlys van studente en telefoniese onderhoude met dr. C.M. Bakkes, destyds dosent in Militêre Geskiedenis aan die Akademie en kapt. (SAV) W.H. Kelly, oudstudent (1955-inname) van die Militêre Akademie, 7 Julie 1999.
128. W.H. Kelly – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999; C.M. Bakkes – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.
129. W.H. Kelly – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.
130. C.M. Bakkes – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.
131. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.
132. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerste- en Tweedejaarkandidaatoffisiere, 20 Februarie 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.
133. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 122, brief AG(3)1906/9 oor AG(3)272 en AG(3)402, AG – Bev. en Dekaan Mil. Akad. 9 Maart 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

Soos reeds vermeld, het die studiekursusse vir die militêre grade op Stellenbosch, soos in Pretoria, steeds primêr uit burgerlike vakke bestaan. Dit het dus sekerlik nie die UVM se behoeftes, soos lt.genl. Matie du Toit dit oorspronklik vir 'n sogenaamde "Baccalaureus Militêr" uiteengesit en dit deur in breë trekke deur die weermagsdele onderskryf is,[134] volkome bevredig nie. Dit was nogtans 'n groot verbetering op die vorige bedeling. Anders as in Pretoria, waar die onderrig aan die Akademie self tot 'n paar eerstejaarsvakke beperk is, het die Akademie-dosente egter op Stellenbosch die grootste deei van die graadkursusse self aangebied. Hulle het naamlik alle tweede- en derdejaarsvakke aangebied, terwyl die Universiteitsdosente slegs die eerstejaarskursusse behartig het. Die Akademie-dosente het voorts die inhoud van die tweede- en derdejaarsvakke sover moontlik militêr aangepas om aan die behoeftes van die weermag te voldoen.[135]. Die Universiteit het egter ingevolge die ooreekoms[136] met die Weermag beheer oor die opstel van eksamenvraestelle en die afneem van eksamens uitgeoefen, deur onder meer vir die militêre vakke moderatore uit die dosentekorps van die Universiteit van Stellenbosch aan te wys.[137] 'n Groot tekortkoming in die oë van die militêre owerhede was egter dat die militêr-akademiese opleiding van die eerstejaars nie in 'n militêre milieu plaasgevind het nie, wat na hul mening die militêre vorming van die studente ondermyn het. Juis daarom het Verdedigingshoofkwartier, soos hierbo vermeld, steeds daarna gestreef om al drie studiejare by die Akademie gevestig te kry, sodra dié instelling na Saldanha verskuif is.[138] Vertragings met die bouprogram op Saldanha het uiteindelik daartoe gelei dat selfs nie die tweedejaars in 1956, of die tweede- en derdejaars in 1957, na Saldanha kon verskuif word nie. Die militêre owerhede was dus verplig om 'n spesiale ooreenkoms met die Universiteit te tref dat hulle ook op die moederkampus geakkommodeer kon word, ofskoon die militêre

134. Kyk hoofstuk 2 vir besonderhede.

135. Vergelyk SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 79, memorandum deur kapt. J.E. Potgieter insake militêr-akademiese opleiding te Stellenbosch, 5 Oktober 1955 en SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 124, briefQ/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. - AG, 10 Augustus 1956.

136. Mil. Akad. Argief, Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960; Vergelyk ook US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, pp.158, 166, 174 – 175.

137. Vergelyk Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notules van Fakulteitsraadvergadering, 14 Maart 1966.

138. Vergelyk .SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 95a, brief IG/K/46, IG - HGS, 19 Oktober 1955, SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 41, brief AG(3)1906/9, genl.maj. H.B. Klopper – Mil. Adviseur, Hoë Kommissaris vir die Unie van Suid-Afrika, Londen, 2 Desember 1955 en SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

dosente self die militêr aangepaste tweede- en derdejaarkursusse aangebied het.[139] So het die 1955-inname van die Akademie dus hul studie op Stellenbosch voltooi, sonder om, in die woorde van kol. De Vos, "ooit die 'beloofde land' te betree."[140]

Die eerste groep militêre studente op Stellenbosch het dus die opvoeding binne 'n militêre atmosfeer waarop die militêre owerhede so gesteld was, totaal ontbeer. Die studente het sekerlik nie gekla oor die groter vryheid wat dit meegebring het nie. Lt.genl. J.P.B. (Jan) van Loggerenberg, 'n Akademie-student uit daardie era, heg groot waarde aan die "vormende invloed" wat hulle gedurende hul drie jaar op Stellenbosch gesmaak het deur "dinge soos om Saterdagoggende te gaan skaak speel met jou medestudente en om aan gewone studente-aktiwiteite deel te neem ... dis nie boekekennis nie ... dis lewenskennis en jy tel dit nie op as jy in afsondering leef soos wat dit aanvanklik [d.w.s. voor die groter mobiliteit wat beter paaie en dies meer gebring het] op Saldanha was nie."[141] Wat hom betref, sou dit om daardie rede, alhoewel hy dadelik byvoeg dat die Akademie daardeur 'n mate van sy militêre identiteit sou ingeboet het, miskien selfs beter sou gewees het om die Akademie se gebouekompleks "op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch" op te rig.[142]

Toe die eerste 32 Akademie-studente (waarvan een op grond van vorige studie as tweedejaar toegelaat is[143]) op 28 Februarie 1955[144] met hul graadstudie op Stellenbosch begin het, was die Akademie steeds in Pretoria gesetel en kon dus in die praktyk nie veel steun aan hulle bied nie. Hulle het egter dieselfde vakke as die burgerlike studente gevolg en saam met hulle klasgeloop, sodat hulle dus geen eiesoortige akademiese behoeftes gehad nie. Hulle het soos die burgerlike studente volle toegang tot die Carnegie-biblioteek

139. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 3a, Notule van Samesprekings tussen Verteenwoordigers van die Dept. van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, 17 Junie 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 23, brief S19, Registrateur US – HGS, 10 November 1955; US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 24, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 10 Desember 1955, pp.290 – 292; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 10, brief Q/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. – AG, 20 Julie 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 138, brief AG(3)1906/9, AG – Registrateur US, 7 Augustus 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 137, brief S19, Registrateur US - AG, 23 Augustus 1956.

140. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967. In E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.17.

141. J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

142. J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

143. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 34, brief AG(1)950/2, Wnd. AG – HGS, 28 November 1955.

144. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 76, seinberig AG136, AG – Bev. Kmdmt. Kaap, 21 Februarie 1955.

en al die ander fasiliteite van die Universiteit gehad. In die koshuis kon hulle steun op die hulp van senior studente in al die verskillende vakrigtings wat spesiaal daar geplaas is om die eerstejaars met akademiese probleme by te staan.[145] Hulle het dus, wat fasiliteite betref, geen agterstand by hul burgerlike eweknieë gehad nie en behoort die mas op hul eie te kon opgekom het. Ofskoon die voertaal van die Universiteit Afrikaans was, het die universiteitsowerhede sover moontlik die Departement van Verdediging se tweetaligheidsbeleid ondersteun; studente was byvoorbeeld vry om vraestelle in enigeen van die twee landstale te beantwoord en waar nodig, het die Universiteit ook daarvoor voorsiening gemaak om klasse in Engels aan te bied word.[146] Daar was net enkele Engelssprekende persone onder die militêre studente en volgens kapt. (SAV) W.H. Kelly (1955-inname) het dit partykeer maar bars gegaan om vakke soos Fisika en Wiskunde in Afrikaans te volg. Hulle het nietemin volgens hom oor die algemeen goed die mas in die Afrikaanse milieu opgekom.

Gegewe die swak akademiese prestasie van die militêre studente in Pretoria sedert 1950, het die Hoof van die Generale Staf die weermagsdeelstafhoofde versoek om reëlings te tref om hulp te verleen aan studente wat 'n groot agterstand in Wiskunde gehad het weens 'n lang onderbreking ('n hele paar jaar in sommige gevalle) van kontak met akademiese studie nadat hulle die skool verlaat het.[147] Ene Lt. (SAV) Van Rensburg van SAS DROMMEDARIS (later bekend as SAS SALDANHA) is op grond daarvan getaak om twee maal per week ekstra klasse in Wiskunde vir die Akademie-studente aan te bied. Aangesien Fisika ook heelwat probleme opgelewer het, het hy ook daarmee gehelp sover hy kon.[148]

Intussen moes daar egter ook voorsorg getref word vir die studiebehoeftes van die tweede- en derdejaars wat van 1956 af aan die Akademie op Stellenbosch en Saldanha sou studeer. Aangesien hulle studiekursusse militêr aangepas sou wees, sou die bronne in die universiteitsbiblioteek hulle nie behoorlik kon ondersteun nie. Die Akademie het tot in

145. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 54, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 25 Mei 1955.

146. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, dokument "Universiteit van Stellenbosch: B.A.(Mil.)- en B.Sc.(Mil.)-grade: Besluite van die Universiteitsraad (in oorleg met die Senaat geneem.)", aangeheg by brief DGAF/TR/C/202/1/TR, Lugstafhoof – HGS, 30 Oktober 1954; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, memorandum deur IG insake samesprekings met prof. Thom oor tweetaligheidsbeleid, aangeheg by brief IG/K46, IG – HGS en Sekr. van Verd., 6 Januarie 1955.

147. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1955), inlae 4, Notule van Generale Staf-vergadering, 30 Maart 1955, p.11.

148. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 54, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 25 Mei 1955.

daardie stadium die biblioteek van die SA Militêre Kollege benut en het dus nie oor 'n eie boekery beskik nie. Gegewe die geografiese afgesonderdheid van sy uiteindelike standplaas op Saldanha, was dit gevolglik noodsaaklik dat die Akademie vroegtydig met die opbou van 'n omvattende biblioteek begin. Kol. De Vos het derhalwe vertoë aan die militêre owerhede gerig om alle bruikbare boeke in die verskillende UVM-biblioteke wat nie dringend deur ander inrigtings benodig is nie, na die Akademie oor te plaas.[149] Voorts is die handboeke wat op staatskoste vir die studente aangekoop en teen handtekening vir die duur van die betrokke kursus aan hulle uitgereik is, in die Akademie-biblioteek opgeneem wanneer hulle dit terugbesorg het. Die handboekbiblioteek was gedurende 1955 by Regiment Tobie Muller gesetel, maar met die verskuiwing van die Akademie na Saldanha aan die begin van 1956 het die universiteitsbibliotekaris ingewillig om in die Carnegie Biblioteek rakruimte vir die Akademie-biblioteek in te ruim.[150] Soos reeds vermeld, was die Akademie ook bevoorreg om met sy vestiging op Stellenbosch 'n bibliotekaris op sy diensstaat aan te stel.[151] Die eerste bekleër van dié pos was die bekende skryfster Margaret Bakkes,[152] eggenote van kapt. C.M. Bakkes, dosent in Krygsgeskiedenis aan die Militêre Akademie.

Die Akademie-dosente het tereg die militêre owerhede daarop gewys dat dit 'n gesonde akademiese praktyk was dat elke student sy eie handboeke aankoop en sodoende 'n persoonlike biblioteek vir latere verwysing opbou. Hulle het derhalwe sterk aanbeveel dat dié praktyk ook ten opsigte van die Akademie-studente ingestel word.[153] Die aankoop van handboeke deur die Staat is inderdaad met ingang van 1958 teruggetrek,[154] nie soseer op grond van laasgenoemde pleidooi nie, maar hoofsaaklik omdat etlike eksemplare van

149. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 48, brief Q/ACCN/2/25, Bev. Mil. Akad. – AG, 8 September 1955.

150. SANWA, AG(3) 222, AG(3)1906/9 vol. 1, inlae 57, brief DC390/11/2, Sekr. van Verd. – H.G.S, 30 Desember 1954; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 70, brief DC390/11/2(S), Sekr. van Verd. – AG, 17 Februarie 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 81, ongenommerde seinberig, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, g.d. (Januarie 1956) ; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 132a, brief A/PERS/1/4, Bev. Mil. Akad. – KMG, Maart 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 132, brief A/PUBS/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 20 Maart 1956.

151. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 97, brief AG(3)1906/9, AG – LSH, etc., 3 Februarie 1956; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, pp.15, 17.

152. E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, pp.12, 80, foto en byskrif, Militêre Akademie-personeel, 1956.

153. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 90, brief Q/ACCN/2/25, Kmdt. SA Mil. Kol. – KMG en AG, 27 Junie 1955.

154. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 52, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 2 Februarie 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 86, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 17 April 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 74, brief A/PUBS/1/4, Bev. Mil. Akad. – KG, etc., 14 Maart 1957.

handboeke wat na 'n paar jaar nie meer gebruik is nie, in die biblioteek opgehoop het en dus 'n vrugtelose uitgawe verteenwoordig en boonop kosbare rakruimte vermors het. Kol. De Vos het tereg daarop gewys dat die geld wat so verkwis is, eerder vir die aankoop van boeke vir die Militêre Akademie-biblioteek aangewend kon word.[155]

Die Akademie het van owerheidsweë 'n skamele £1 500 as insetbedrag en 'n jaarlikse begroting van £250 ontvang om boeke en tydskrifte vir die Akademie-biblioteek aan te koop, teenoor 'n insetbedrag van £3 500 en 'n jaarlikse begroting van £1 650 wat kol. De Vos as die absolute minimum vir die inrigting van 'n lewensvatbare biblioteek beskou het. Aangesien die studente se handboeke in die praktyk heelwat minder as die jaarlikse begroting van £30 vir eerstejaars en £15 vir tweedejaars uitgewerk het, kon kol. De Vos egter aanvanklik 'n groot deel van daardie fondse vir die uitbouing van die biblioteek aanwend. Met die opheffing van handboekaankope op staatskoste het daardie bron egter opgedroog. Dit het die groei van die biblioteek ernstig gekortwiek, aangesien die sowat 160 vaktydskrifte waarop die Akademie teen Maart 1957 ingeteken was feitlik die totale jaarlikse boekbegroting van £250 opgeslurp het. Sy pleidooie om meer fondse het egter op dowe ore geval, aangesien daar baie min fondse op die UVM se sentrale begroting vir boekaankope beskikbaar was; die owerhede was ook nie bereid om die Akademie toe te laat om self sy boeke aan te koop waar hy die beste pryse kon beding nie; alle boekaankope moes sentraal deur die Kwartiermeester-generaal hanteer word.[156] 'n Tekort aan fondse het dus van die begin af die vestiging van 'n behoorlik toegeruste biblioteek, die hartklop van enige akademiese instelling, vir die Militêre Akademie aan bande gelê.

Dit was egter nie die gebrek aan 'n toereikende biblioteek of ander ondersteuningsfasiliteite wat die vordering van die Akademie-studente op Stellenbosch sou strem nie, maar wel die klein werwingspoel en onbevredigende keuring van die studente. Dit het teen die einde van Mei 1955 geblyk dat die studente in die geesteswetenskaplike rigting oor die algemeen bevredigend presteer het, maar dat verskeie studente in die natuurwetenskaplike rigting, ondanks die ekstra klasse en studiehulp, swak in veral Wiskunde en Fisika presteer het.[157]

155. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 132, brief A/PUBS/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 20 Maart 1956.

156. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 74, brief A/PUBS/1/4, Bev. Mil. Akad. – KG, etc., 14 Maart 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 112, brief GS/804, KG - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1957; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 128, brief A/PUBS/1/4, Bev. Mil. Akad. – KG, 19 Junie 1957, asook aantekening deur Hoof Sein- en Inligtingsoffisier op dié brief, 2 Julie 1957.

157. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 46, ongenommerde seinberig, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 25 Mei 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 33, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – HGS, 19 Augustus 1955.

Die Opleidingsoffisier Gebied Westelike Provinsie, lt. A.B. du Preez het op grond van 'n ondersoek wat hy in verband met die redes vir die swak prestasie van die studente geloods het tot die gevolgtrekking gekom dat die probleem by die keuringsproses gelê het: die "room van die nasionale jeug" het na sy mening weens 'n gebrekkige werwingspoging by die UVM verbygegaan, omdat die meeste jong mans niks van die UVM en die toekoms wat dit kon bied, geweet het nie; van die kandidate wat uit die klein werwingspoel aan die gimnasiums gekeur is, was nie akademies sterk genoeg vir graadstudie nie; sommige was nie gemotiveerd vir hul studie nie, omdat hulle by die Akademie aangekom het, sonder dat hulle geweet het wat van hulle verwag is en waarheen hulle met 'n loopbaan in die UVM op pad was.[158] Du Preez het in die lig van sy bevindinge aanbeveel dat die UVM en die Militêre Akademie (veral die voordeel van kostelose graadstudie) aggressief deur middel van wapenskoue, films, demonstrasies, aantreklike pamflette, ens. dwarsdeur die Unie, veral by hoërskole, bemark word, sodat die werwingspoel aansienlik vergroot kon word en ingeligte, gemotiveerde en akademies vermoënde studente vir die Akademie gekeur kon word.[159] Du Preez se waardering van die probleem was sekerlik presies in die kol: solank as wat die werwingspoel so klein gebly het, sou die UVM, ten einde sy jaarlikse Akademie-kwota te vul, noodwendig voortgaan om studente sonder die nodige wiskundige aanleg vir die natuurwetenskaplike studierigting te keur en sou die uitvalsyfer hoog bly. Kol. De Vos het dan ook aan die einde van 1956 weer daarop gewys dat die kandidate behoorlik gekeur moes word om sukses te verseker; diegene wat nie oor 'n wiskundige aanleg beskik het nie, soos die geval met sommige vlootstudente was, moes eenvoudig nie Akademie toe gestuur word om in die natuurwetenskaplike rigting te studeer nie.[160] 'n Aggressiewe bemarkingsveldtog sou sekerlik 'n groter werwingspoel tot gevolg gehad het, maar of daar selfs daarmee genoeg belangstelling in 'n weermagloopbaan aangewakker sou kon word om werklik die "room" van die nasionale jeug vir die Akademie af te skep, is te betwyfel; die siviele arbeidsmark, met sy wye verskeidenheid van beroepsmoontlikhede, was immers ook op die toppresteerders toegespits. Dit sou nietemin die moeite geloon het, aangesien dit inderdaad tot die werwing van meer kandidate met die vereiste akademiese potensiaal sou kon lei.

---

158. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 1, brief WP/G/10/10, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 7 Julie 1955.
159. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 1, brief WP/G/10/10, Opleidingsoffisier Gebied W.P. – AG, 7 Julie 1955.
160. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – VSH en AG, 3 November 1956.

Die studente self het 'n verskeidenheid van redes, wat gewissel het van leer- en aanpassingsprobleme tot teistering deur senior burgerlike studente en die "onmoontlikheid" om beide 'n "diensdoenende lid van die Staande Mag en 'n student" te wees, vir hul swak prestasie aangevoer.[161] Ofskoon die meeste van die redes waarmee hulle vorendag gekom het, maar bra flouerig op die oor geval het, moet daar aanvaar word dat werklike aanpassingsprobleme en teistering deur seniors tog in sommige gevalle 'n nadelige invloed op prestasie uitgeoefen het. Die burgerlike eerstejaars was egter maar aan dieselfde faktore onderworpe, ofskoon die militêre studente aangevoer het dat daar meer op die uniformdraers gepik is. 'n Addisionele las wat die militêre studente wel moes dra en wat 'n beduidende invloed op hul studie kon uitoefen, was die militêre opleiding (soos hieronder bespreek) wat hulle op Saterdagoggende en gedurende universiteitsvakansies moes ondergaan. Dit het hulle studietyd ontsê wat wel vir hul burgerlike kollegas beskikbaar was, terwyl dit hulle ook minder tyd gegee het om "af te skakel" en te ontspan. Die vakansietye het egter darem nie nét werk behels nie; daar is ook tyd ingeruim vir uitstappies na militêre eenhede, slagvelde, fabrieke en ander plekke van belang om die militêr-akademiese onderrig toe te lig en die studente 'n wegkomkans te gee. So het die eerstejaars byvoorbeeld in 1955 gedurende die Aprilvakansie op Youngsfield en Robbeneiland besoek afgelê en ook by die kusartillerie aangedoen.[162]

Die militêre owerhede het na aanleiding van lt. Du Preez se bevindings vir eers die werklike probleem links laat lê en probeer om die simptome te behandel. Hulle het naamlik gereël dat die studente in die natuurwetenskaplike rigting gedurende die Junie-reses spesiale onderrig in Wiskunde en Fisika sou ontvang terwyl hulle met militêre opleiding by die SA Militêre Kollege, Lugmagstasie Ysterplaat en die SAS DROMMEDARIS, Saldanha besig was. Met die oog op die Akademie se 1956-inname, is reëlings terselfdertyd getref dat hulp met Wiskunde aan die voorgenome studente by die gimnasiums verleen word.[163]

Met die aanvang van die akademiese jaar in 1956 het die militêre dosente met die aanbied van die militêr aangepaste studiekursusse vir die tweedejaars begin, terwyl die eerstejaars soos die vorige jaar saam met die burgerlike studente klasgeloop het. Daar is wel met die

---

161. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlaes 33a – 33f, briewe deur studente aan Opleidingsoffisier Gebied W.P., 14 en 15 Junie 1955.

162. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief MK/F/1/1, Kmdt. SA Mil. Kol. – LSH, 6 Julie 1954; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 99, seinberig LF775, LSH – Bev. Kmdmt. Kaap, 23 Maart 1955.

163. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 49, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Opleidingsoffisier Gebied W.P., 30 Mei 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 33, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – HGS, 19 Augustus 1955.

Universiteit ooreengekom dat waar militêre vakke inhoudsgewys met hul burgerlike eweknievakke ooreengestem het, die militêre tweedejaars die burgerlike studente se klasse kon bywoon. Een van dié vakke was Wiskunde, waar daar nie juis sprake van enige besondere militêre aanpassing was nie. Die militêre dosente moes oral op die kampus klaskamers en laboratoriums "leen" om die tweedejaars te akkommodeer, aangesien die universiteitsrooster uiteraard nie vir dié ekstra groep voorsiening gemaak het nie. Een van die vakke waar wesenlike probleme uit dié situasie ontstaan het, was Fisika (Mil.), waar die militêre studente weens 'n gebrek aan fasiliteite verplig was om ondanks die militêre aanpassing van hul leerplan die eksperimente van die burgerlike Fisika-kursus uit te voer. Die onderrig van die militêre derdejaars op Stellenbosch in 1957 het uiteraard nog groter druk op veral die laboratoriumfasiliteite van die Universiteit geplaas; dit was weereens die Fisika (Mil.)-studente wat aan die kortste ent getrek het. Hul kursus het radikaal van die burgerlike kursus verskil, maar daar was eenvoudig nie genoeg fasiliteite vir albei groepe beskikbaar nie.[164]

Die Akademie-personeel het alles in hul vermoë gedoen om te sorg dat die studente, veral die eerstejaars, hul akademiese verpligtinge nakom, ten einde so goed moontlik te presteer. Die bywoning van klasse en praktika was verpligtend. Klaskapteins is vir elke klas aangestel en die eerstejaars moes sover moontlik bymekaar in die lesinglokale sit, sodat die klaskapteins maklik die teenwoordigheidsregister kon voltooi. Die eerstejaars het streng opdrag gehad om vry periodes produktief vir studie te gebruik, terwyl verpligte studietye in die middag (14:00 – 16:00) en aand (19:45 – 21:00) van Maandag tot Donderdag vir alle studente ingestel is. Almal moes gedurende daardie tye in hul kamers wees en geen student is toegelaat om voor 21:30 te gaan slaap nie. Die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie moes toesien dat dié studietye gehandhaaf word. Spreekure is deur die militêre dosente neergelê waartydens studente hulle in verband met studieprobleme kon raadpleeg.[165] Alhoewel dié reëlings die omstandighede vir gereelde studie geskep het, het dit tog maar van elke student self afgehang hoe toegewyd hy regtig

164. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 3a, Notule van Samesprekings tussen Verteenwoordigers van die Dept. van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, 17 Junie 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 79, memorandum deur kapt. J.E. Potgieter insake militêr-akademiese opleiding te Stellenbosch, 5 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 124, briefQ/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. - AG, 10 Augustus 1956.

165. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 29a, "Dienste vir Student van Diens", 1 Maart 1955; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, ongenommerde verslag insake werksaamhede van Kandidaatsoffisiersbevelsorganisasie vir die eerste kwartaal van 1957 deur maj. E. Pienaar, g.d. (20 April 1957).

studeer het; tyd in die kamer, selfs agter die boeke, deurgebring, is immers nie noodwendig gelyk aan effektiewe studie nie. Daarby was die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie, soos vroeër vermeld, in elk geval traag om hul makkers, veral die derdejaars, te dissiplineer.

'n Ontleding van die prestasie van die eerste drie innames op Stellenbosch (1955 – 1957) toon dat dit heelwat beter gegaan het as in Pretoria. Bykans 57% van die eerste twee groepe en 75% van die derde groep hul grade verwerf het, hoewel nie almal binne drie jaar nie.[166]. Die hoër slaagsyfer vir die derde groep kan moontlik daaraan toegeskryf word daar van 1956 af meer matrikulante[167] tot die gimnasiums toegelaat is en die keuringspoel van die Akademie dus effens vergroot het. Dit skyn of dit tog maar die keuringsproses enersyds en aanpassingsprobleme andersyds was wat tot swak prestasie gelei het, aangesien die meeste verliese, soos in Pretoria, onder eerstejaars voorgekom het. Van hierdie eerste drie Akademie-innames het onderskeidelik nagenoeg 35,48%, 33,33% en 16,66% hul eerstejaar gedruip.[168] Die syfers vir die eerste twee groepe is aansienlik hoër as die gemiddelde van 28,72%[169] vir alle eerstejaars aan Suid-Afrikaanse universiteite in 1954. Die Universiteit van Stellenbosch was dus sekerlik nie met die prestasie van die eerste twee groepe militêre eerstejaars tevrede nie. Die 1957-inname se eerstejaarverlies van ongeveer 16,66%[170] het egter geklop met die 16,4%[171] eerstejaarverliese van die Universiteit van Stellenbosch in 1955.

Van Militêre opleiding het daar op Stellenbosch sekerlik veel minder tereggekom as wat die militêre owerhede graag sou wou sien Gedurende die akademiese semesters het die studente net op Saterdagoggende militêre opleiding ondergaan. Daar is sover moontlik met 'n gesamentlike drilperiode vir al drie weermagsdele begin, waarop die studente dan vir die res van die oggend in weermagsdeel- en jaargroepverband verdeel het om lesings of praktiese opleiding in die verskillende militêre vakke te ontvang. (Die derdejaars het egter slegs een drilperiode per maand gehad.) Die leërstudente het ter plaatse lesings oor

166. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames en naamlys van Mil. Akad.-graduandi.
167. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 19, brief A/PERS/13/1, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 1 Mei 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 27, brief A/PERS/13/1, Bev. LSH - Mil. Akad., 9 Mei 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 113, brief DGAF/SOA/818/100/102/Org, Lugstafhoof - Bev. Mil. Akad., 25 Mei 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 114, brief A/PERS/13/1, LSH - Bev. Mil. Akad., etc., 28 Mei 1957.
168. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames en naamlys van Mil. Akad.-graduandi.
169. P.S. du Toit: Losiesvoorsiening en Studentevoorligting. In H.B.Thom, *et al* (reds.): **Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys**, p.214.
170. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames en naamlys van Mil. Akad.-graduandi.
171. P.S. du Toit: Losiesvoorsiening en Studentevoorligting. In H.B.Thom, *et al* (reds.): **Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys**, p.214.

aspekte soos die organisasie en administrasie van die UVM, militêre skryfwyse, dissipline, moreel, leierskap, regimentsdienste, burgerskap, verkenning, die uitleg van tydelike basisse, higiëne en eerstehulp, die beginsels van oorlogvoering, menasie-etiket en dies meer ontvang. Besondere klem is tydens leierskapopleiding op die tradisionele waardes van offisierskap soos die tradisie van diens, lojaliteit, eer en geregtigheid, gelê. Die lugmagstudente het hulle na Lugmagstasie Ysterplaat begewe om praktiese vliegopleiding op die Harvard-vliegtuie te ondergaan. Die vlootstudente het die lang pad na Simonstad aangedurf en hulle met probleme en berekeninge in seenavigasie, asook leierskapopleiding besig gehou; die grootste deel van die Saterdagoggend is dus onproduktief op die pad heen-en-weer tussen Stellenbosch en Simonstad verkwis.[172]

Gedurende die kort vakansies (en soms oor naweke) is daar sover moontlik vir die studente van al drie weermagsdele roete- en kompasmarse, asook kort bivakke gereël om 'n gees van samewerking en samehorigheid onder hulle te bevorder. Tydens die bivakke, wat eintlik op die Leër ingestem was, is daar onder meer aan vakke soos kaartlees en navigasie, veldkuns, asook seksie- en pelotonleiding aandag gegee.[173] Die lugmag- en vlootstudente kon vanweë ander opleidingsbehoeftes (byvoorbeeld vliegopleiding in die geval van die Lugmag) nie altyd daaraan meedoen nie; wanneer hulle dit wel kon bybring, was kon dit nogal 'n avontuurlike en genotvolle ondervinding wees, soos skout-admiraal J.A.C. Weideman onthou:

> "Gedurende ons derdejaar het die Vloot vir die eerste keer aan 'n leërbivak deelgeneem, dit terdeë geniet en by tye – soos sommige dosente - inderhaas agter en onder die Rooikranse skuiling gesoek teen die aanvalle wat ons Lugmagmakkers op grondvlak met die Harvards uitgevoer het. In 'n nagkompasmars het die Vloot sy

172. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 29a, "Dienste vir Student van Diens", 1 Maart 1955; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 28, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 20 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 29, brief N(Trg)570/101, VSH - Bev. Mil. Akad., etc., 26 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 50, brief G/TRG/6/2, LSH - Bev. Mil. Akad. en Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Desember 1956; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 120A, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 30 Januarie 1960.

173. AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 28, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 20 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 29, brief N(Trg)570/101, VSH - Bev. Mil. Akad., etc., 26 November 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 50, brief G/TRG/6/2, LSH - Bev. Mil. Akad. en Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Desember 1956; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, ongenommerde verslag insake werksaamhede van Kandidaatsoffisiersbevelsorganisasie vir die eerste kwartaal van 1957 deur maj. E. Pienaar, g.d. (20 April 1957); SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 8, brief G/TRG/6/2 oor G/TRG/8, Bev. Mil. Akad. – LSH en VSH - AG, 21 Augustus 1957.

onvermoë in landnavigasie bewys – totaal verlore geraak – maar darem 'n wingerd met uitsoekdruiwe gevind!"[174]

Die enigste werklik betekenisvolle onafgebroke militêre opleiding tydens die Stellenbosch-era het tydens die lang universiteitsvakansies plaasgevind. Gedurende die middelreses in Julie, asook gedurende Januarie (die studente het normaalweg hul jaarlikse vakansieverlof aan die einde van die tweede semester geneem) het die leër, lugmag- en vlootstudente gewoonlik weermagsdeelspesifieke opleidingskursusse gevolg. Die leërstudente het onder meer opleiding in dril en seremonieel, skietkuns en pelotonwapens, bestuur en onderhoud van voertuie, seksie- en pelotonleiding, asook regimentseindienste by die SA Militêre Kollege ontvang. Die lugmagstudente het op hul beurt vlieg-, navigasie- en wapenkursusse te Lugmagstasies Ysterplaat en Langebaanweg gevolg, terwyl die vlootstudente vlootopleiding te SAS DROMMEDARIS, Saldanha ondergaan het. Verder het die studente gedurende die resestye ook studietoere na verskillende weermageenhede onderneem. Wanneer die studente nie die volle vakansietydperk met opleiding besig was en ook nie verlof geneem het nie, was hul onderskeie weermagsdeelhoofde daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hulle produktief aangewend word.[175]

Die Akademie-studente het op 6 April 1957 met die heel eerste Van Riebeeckfees op Stellenbosch die geleentheid gekry om die vrug van hul militêre opleiding, minstens wat parade- en drilwerk betref, in die openbaar ten toon te stel. Die Afrikaanse Skakelkomitee van Stellenbosch het die Akademie naamlik versoek om daardie oggend as deel van die feesverrigtinge 'n vlaghysingseremonie op Coetzenburg aan te bied. Dit was die heel eerste keer dat die Militêre Akademie as eenheid in die openbaar opgetree het en daarom 'n besondere gedenkwaardige dag vir sy staf en studente.[176] By gebrek aan 'n eenvormige uniform en 'n gemeenskaplike kenteken, was sulke optredes die aangewese manier om

---

174. J.A.C. Weideman: Herinneringe. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.24.

175. AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 49, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Opleidingsoffisier Gebied W.P., 30 Mei 1955; AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 53, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Opleidingsoffisier Gebied W.P., 12 September 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 3, inlae 49, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Opleidingsoffisier Gebied W.P., 30 Mei 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 33, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – HGS, 19 Augustus 1955; AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 121, seinberig TRG174, LSH - Bev. Kmdmt. Kaap, 8 Maart 1956; AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 174, brief G/TRG/6/2, LSH - Kmdt. SA Mil. Kol., 2 Oktober 1956; AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 176, brief AG(3)1906/9, AG – Bev. Mil. Akad., 12 Oktober 1956; AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 50, brief G/TRG/6/2, LSH - Bev. Mil. Akad. en Kmdt. SA Mil. Kol., 21 Desember 1956.

176. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 2, A/CER/5/2/8 vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, Sekr. Afr. Skakelkomitee – Bev. Mil. Akad., 27 November 1956; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 2, A/CER/5/2/8 vol. 1, inlae 3, brief A/CER/5/2/8, Bev. Mil. Akad. – ABM Bevelvoerders, Stellenbosch, 1 April 1957.

eenheidsgees en *esprit de corps* te bevorder, terwyl dit vanweë die algemene publiek se inherente opgetoënheid met militêre vertoon ook die ideale manier was om die Akademie by die "volk" te bemark.

Op die keper beskou, het die werklike militêre opleiding van die Akademie-studente tydens die Stellenbosch-fase onteenseglik gedurende hul aanvanklike gimnasiumjaar en die lang universiteitsvakansies weg van die Akademie by die weermagsdeelopleidingsinrigtings plaasgevind. Die militêre roetine op die kampus, asook die opleidingsessies op Saterdagoggende en gedurende die kort vakansies, het nietemin 'n belangrike rol gespeel om 'n mate van 'n militêre atmosfeer te skep en te verhoed dat die studente gedurende die akademiese jaar militêr afstomp; daarsonder sou dit moeilik gewees het om die hoë standaard van dissipline, moreel en *esprit de corps* wat die Akademie nagestreef het enigsins te handhaaf.

## 3.8 DIE STUDENTELEWE EN BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE VAN DIE MILITêRE STUDENTE OP STELLENBOSCH

Alhoewel die militêre en burgerlike studente tot aan die einde van 1957 saam in universiteitskoshuise gehuisves is, was die militêre studente wat hul kamers en daaglikse handel en wandel betref nie net aan die koshuis- en universiteitsreëls onderhewig nie; die militêre owerhede het self ook vir hulle norme en standaarde neergelê. Hulle kamers moes te alle tye volgens militêre standaarde netjies wees en hulle is verbied om "foto's, prente of afbeeldings van onbehoorlik geklede prikkelpoppe" daar aan te hou.[177] Militêre eerstejaars is nie toegelaat om op weeksaande uit te gaan nie, terwyl die tweedejaars twee weeksaande per maand kon uitgaan; op die derdejaars was daar klaarblyklik geen beperking in daardie verband nie. Die militêre studente moes ook spesiaal om naweekverlof (van 10:30 op die Saterdag tot 08:00 op die Maandag) by die diensoffisier aansoek doen. Wanneer die studente ná kantoorure burgerdrag aangetrek het, moes hulle te alle tye 'n langbroek, baadjie en hemp met 'n das dra. Wanneer hulle aan sport deelgeneem het, kon hulle egter 'n langbroek en 'n "oopklaphemp" dra; dié toegewing het egter nie vir toeskouers gegeld nie! Slegs tydens "bona fide uitstappies" is hulle toegelaat om 'n kortbroek met 'n oopklaphemp te dra. Natuurlik is geen "uitspattige kleredrag soos ... helderkleurige bont dasse, kouse en skoene, skoene met gespes [en] polonektruie"

177. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

toegelaat nie. Verder was alle hotelle en kroeë vir die militêre studente buite perke en is hulle slegs tydens funksies wat die Bevelvoerder goedgekeur het, toegelaat om alkoholiese drank te gebruik – en dan ook net wyn en moutdranke. Die militêre eerstejaars is verbied om motors, motorfietse of bromponies aan te hou, terwyl die tweede- en derdejaars 'n skriftelike aansoek in daardie verband aan die Bevelvoerder kon rig, wat dit dan aan die universiteitsowerhede voorgelê het.[178] Ofskoon sekere van hierdie beperkings, soos die beweging van eerstejaars en die aanhou van motorvoertuie, ook op die burgerlike studente van toepassing was, was die reëls wat vir hul militêre kollegas ooreenkomstig die norme van offisierskap neergelê is, sekerlik baie strenger. Of sommige van die reëls altyd streng afgedwing kon word, is te betwyfel; die militêre studente sou sekerlik maniere gevind het om die reëls te systap waar dit te skreiend met die genietinge van die studentelewe ingemeng het.

Wat die verenigingslewe op die kampus betref, het die militêre owerhede teoreties ook sekere beperkinge op die Akademie-studente geplaas. Hulle was almal verplig om aan die Vereniging van Militêre Studente te behoort en die vergaderings van dié vereniging by te woon; wat die doelstellings van die vereniging was, is nie duidelik nie. Die militêre studente is wel toegelaat om aan *bona fide* studenteverenigings te behoort en die vergaderings van sodanige verenigings by te woon, maar die name van die verenigings moes vooraf aan die adjudant vir goedkeuring voorgelê word.[179] Die militêre studente kon dus in die praktyk feitlik sonder beperking aan die verenigingslewe op die kampus deelneem en die opvoedkundige waarde daarvan smaak.

Vanweë die hoë premie wat die militêre owerhede op liggaamlike fiksheid en die waarde van sport vir die ontwikkeling van leierskap en spanwerk geplaas het, was sportdeelname dwarsdeur die jaar verpligtend vir alle militêre studente. Die Bevelvoerder het 'n verteenwoordiger vir elke sportsoort waaraan die studente deelgeneem het (hoofsaaklik krieket, bofbal, tennis en atletiek in die somer en rugby, sokker, hokkie en veldwedlope in die winter), aangestel wat moes toesien dat die studente gereeld die oefeninge van hul sportsoorte bywoon. Anders as in Pretoria, waar die militêre studente in weermagsverband

178. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

179. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

aan sport deelgeneem het, het hulle egter op Stellenbosch by die koshuis- en Universiteitsklubs ingeskakel.[180] Dit het die Akademie weliswaar die geleentheid ontneem om sy eenheidsgees en *esprit de corps* uit te bou deur as 'n eenheid sportspanne in die veld te stoot, maar dit het waarskynlik die inskakeling van die militêre studente op die kampus bevorder; sportdeelname onder die vaandel van die Akademie sou bes moontlik groepvorming aangehelp en tot meer wrywing tussen burgerlike en militêre studente gelei het.

'n Verdere aspek van die militêre studente se bedrywighede wat in 'n mate van owerheidsweë beheer is, was hul kerkbywoning. Verpligte kerkparades was 'n gevestigde tradisie in die militêr en godsdiens is sekerlik as 'n belangrike vormende element in die opvoeding van jong offisiere gesien. Daar was gevolglik op die tweede (later die derde) Sondag van elke maand 'n verpligte oggendkerkparade vir die Akademie-studente. Die gebruik was dat die studente voor die onderskeie koshuis aangetree het, maar nie na die kerk marsjeer het nie. Hulle het in 'n groep van hul koshuise na die kerk beweeg, waar almal versamel en dan saam ingestap en bymekaar gaan sit het. Lidmate van die Afrikaanse kerke het die sogenaamde Nuwe (NG) Kerk in Victoriastraat besoek, terwyl lede van ander kerkgenootskappe by hulle kon aansluit of hul eie kerke kon besoek.[181]

Die militêre studente was ook nie vry om hul geldsake heeltemal na goeddunke te reël nie. Elke student was verplig om maandeliks 'n gedeelte van sy salaris, soos in oorleg met die Bevelvoerder bepaal, te spaar en kon nie sonder verlof van die Bevelvoerder geld uit sy spaarrekening onttrek nie.[182] Dié idee het sy oorsprong vroeg in 1955 gehad, toe die Kadetskakeloffisier, kapt. J.J. Wahl, nog voor die eerste militêre studente se aankoms op die Akker, aanbeveel het dat só 'n stelsel ingevoer word op grond daarvan dat "kadette oor heelwat sakgeld sal beskik en in vergelyking met ander studente wat nie oor soveel beskik

180. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

181. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

182. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 73, Staande Orders vir Militêre Studente, 1957.

nie ... meskien (sic.) 'n bietjie lojaal (sic) [sal] leef."[183] Verdedigingshoofkwartier het sy aanbeveling ondersteun, maar kon geen wetlike voorsiening vind waarvolgens so 'n stelsel afgedwing kon word nie. Die Adjudant-generaal, brig. R.C. Hiemstra, sowel as die Rektor het derhalwe maar by verskeie geleenthede die wenslikheid om maandeliks 'n bedrag van hul salaris te spaar onder die studente se aandag gebring, in die hoop dat dit op 'n vrywillige basis inslag sou vind. 'n Ondersoek van die manne se soldyadviese en bankboekies teen die einde van Oktober 1955 het egter getoon dat dié pleidooie nie veel vrugte afgewerp het nie.[184] Welke skuiwergat uiteindelik gevind is om wel 'n verpligte spaarstelsel te implementeer, is nie duidelik nie, maar teen 1956 was dit amptelik ingestel.[185] Te oordeel aan 'n stelling wat brig. Hiemstra, in Januarie 1957 teenoor die Kommandant-generaal, kmdt.genl. H.B. Klopper, gemaak het ter motivering van die afskaffing van die aankoop van die militêre studente se handboeke op staatskoste, wil dit egter voorkom asof die studente se swak akademiese prestasie moontlik op een of ander wyse meegehelp het om 'n hefboom te vind. Daar was naamlik volgens hom "verbal reports ... from various sources to the effect that our students have too much money to spend whilst at university, which tends to distract their full attention from their studies ..."[186] Hoe deugsaam die kweek van 'n spaarsin en hoe voordelig die sekuriteit van 'n neseier ook al was, val dit te betwyfel of dié paternalistiese ingreep op die militêre studente se persoonlike sake hoegenaamd 'n positiewe invloed op hul prestasie gehad het.

Volgens kol. De Vos was die idee dat die militêre studente op Stellenbosch "aangenaam sosiaal (moet) meng met die burgerlike studente en tewens 'n advertensie vir die Weermag (moet) wees."[187] Daarom het Verdedigingshoofkwartier in 1955, ter wille van die volledige inskakeling van die militêre studente by die studentegemeenskap, die idee verwelkom om die militêre studente in Dagbreek heeltemal onder die ander studente te versprei, eerder as om hulle as 'n groep bymekaar te plaas. Synde uitsluitlik 'n eerstejaarskoshuis, het Dagbreek egter spesiale reëls en regulasies gehad wat daarop gemik was om jong,

183. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 54, teledrukkergesprek, Opleidingsoffisier Regiment Tobie Muller – anon. (AG), g.d. (Februarie 1955).

184. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 91, seinberig AG229, AG – HGS, 22 Maart 1955; SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 99, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG - Opleidingsoffisier Gebied W.P., 24 Oktober 1955; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 1, brief WP/G/10/6, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - AG, 1 November 1955.

185. SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Eerstejaarkandidaatoffisiere, 1956; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 5, inlae 127, Staande Orders vir Tweedejaar Militêre Studente, 1956.

186. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 49, brief AG(3)1906/9, AG – KG, 9 Januarie 1957.

187. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.

onverantwoordelike studente touwys te maak. Die militêre studente, wat reeds 'n jaar in die onderskeie weermagsdeelgimnasiums agter die rug gehad het en gevolglik effens ouer en meer volwasse as die meeste van hul burgerlike eweknieë was, het sommige van die koshuisreëls kinderagtig gevind en hulle moeilik daaraan onderwerp. Daarby was hulle ook nie te geneë om in te val by die tradisionele heerskappy van die senior studente oor die eerstejaars nie. Studente in uniform was natuurlik ook 'n ongewone gesig op die Matiekampus, wat begryplikerwys reaksie van die burgerlike studente sou uitlok; soos enigiemand wat ooit 'n student was weet, leen die studentekultuur hom ten ene male nie daartoe om 'n "snaaksigheid" in sy midde sonder meer met rus te laat nie! Die militêre studente het egter meer as net 'n goedige draakstekery ontlok. Hulle was dikwels die teiken van allerlei aanmerkings en 'n na-apery van hul militêre drilbewegings. Dié toedrag van sake is sekerlik in die hand gewerk deur die feit dat die militêre studente, ten spyte daarvan dat hulle in Dagbreek verspreid onder die ander studente gewoon het, geneig was tot groepvorming binne en buite die koshuis.[188] Ofskoon daar oënskynlik geen ernstige konflik tussen die militêre en burgerlike studente in Dagbreek was nie, het die Opleidingsoffisier Gebied Westelike Provinsie, lt. A.B. du Preez, tog in Augustus 1955 aanbeveel dat die Akademie-studente toegelaat word om in burgerlike drag klas te loop. Dit sou militêre groepvorming minder ooglopend maak en terselfdertyd militêre eerbewys op die kampus tussen die eerstejaars (kandidaatoffisiere/adelborste) en die tweedejaars (tweede luitenante) uitskakel en dus die gespot en nabootsery in daardie verband hokslaan.[189] Die militêre owerhede het klaarblyklik nie die oorskakeling na burgerlike drag aanneemlik gevind nie[190]; hulle was waarskynlik nie geneë om "verburgerliking" en swak dissipline wat uit die koshuislewe gespruit het[191] verder in die hand te werk deur met die uniforms weg te doen nie. Sigbare militêre groepvorming op die kampus en die gepaardgaande potensiaal vir voortgesette wrywing tussen militêre en burgerlike studente is dus nie uit die weg geruim nie.

---

188. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P.-A.G, 16 Augustus 1955.
189. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - A.G, 16 Augustus 1955.
190. Vergelyk SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/2 vol. 1, Notule van Tiende Vergadering van VSR, 29 Augustus 1955, waar op Du Preez se ander voorstelle gereageer is, maar nie op dié oor burgerlike drag nie.
191. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 4, inlae 40, brief WP/G/10/8, Opleidingsoffisier Gebied W.P. - A.G, 16 Augustus 1955.

Volgens kol. De Vos het daar gedurende 1956 'n goeie gees tussen die militêre en burgerlike studente in Huis Visser en Huis Marais geheers,[192] maar die vonke het dadelik gespat toe die universiteitsowerhede laat in 1956 besluit het om die 1957-inname in Wilgenhof te plaas. Volgens oud-Wilgenhoffer, Dirk Kotzé, het "die twee tradisies, Militêr (sic.) en Wilgenhof ... met die intrapslag ... in botsing gekom" en het "spanning en 'n felle bitterheid vir die res van daardie jaar die lewe in die Huis vertroebel."[193] Die inwoners van dié koshuis met sy besondere kultuur en gevestigde tradisies was uiters ontevrede oor die huisvesting van die militêre studente in hul midde. Aldus dr. Appies du Toit, Wilgenhof se primarius in 1957, het "die meeste Wilgenhoffers die koms van die militêre studente in 1957 as nog 'n poging van die owerhede beskou om Wilgenhof en alles waarvoor hy staan, te vernietig."[194] Dit is nie duidelik hoekom die universiteitsowerhede dan nou juis sogenaamd Wilgenhof se gees sou wou breek nie; dié opvatting het egter daaruit ontstaan dat daar in 1954 'n "groot getal Nuwelinge (sic.) wat al 4 jaar of langer gewerk het ... harde manne wat aan die begin glad nie bereid was om aan te pas by ons gewoontes en leefwyse nie" in Wilgenhof geplaas is, terwyl hulle in 1955 en 1956 belas is met "die Dagbrekers party waarvan nie in Wilgenhof wou wees nie, en ander wat so te sê op 'parool' op Stellenbosch nog toegelaat is"[195]

Die militêre studente het volgens die Wilgenhoffers 'n slegte reputasie op die kampus gehad. Du Toit, wat na al die jare 'n besondere nydige, verkleinerende houding teenoor hulle inneem en sekerlik heelwat aandik om Wilgenhof se optrede te regverdig, skryf in dié verband:

> "Dagbreek, Huis Marais en Huis Visser ... het reeds elkeen sy beurt gehad om onder die teenwoordigheid van die militêre studente te ly ...
>
> "...die militêre studente ...(het) soos ons geweet het, nog altyd moeilikheid veroorsaak ... waar hul ook al gevestig was. In die eerste jare by die Universiteit van Pretoria was daar so baie onmin dat die owerhede hulle nie meer daar wou hê nie. Toe kry Stellenbosch hulle en een koshuis na die ander se gees word geknak deur hul teenwoordigheid.

192. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.17.
193. D. Kotzé: Die Geskiedenis van Wilgenhof, p.22.
194. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.
195. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.

"Die doel met die militêre se teenwoordigheid op universiteit, so het ons verstaan, was om die stigma wat daar vir die Afrikaner aan 'n soldate-uniform gekleef het sedert die Tweede Wêreldoorlog, te verwyder. Deur universiteit toe te gaan, studente te wees en soos een te leef, sou die offisiere van die toekoms, en dus ook die Weermag, status vir hulself verwerf, en ook meer aanvaarbaar word vir die Afrikaner.

"Ongelukkig het die Weermag se eie sogenaamde '*esprit des* (sic) *corps*', sowel as die swak materiaal waarmee hulle hul doelstellings moes bereik, hulle in hierdie opsig gekortwiek. Die pogings om van 'n 'studente'-offisier 'n ware student te maak, het jammerlik misluk ..."[196]

Waar Du Toit en sy medestudente verneem het dat die Universiteit van Pretoria die militêre studente "nie meer daar wou hê nie" en van wie hulle "verstaan" het wat die agter hul teenwoordigheid op die universiteitskampus geskuil het is nie duidelik nie. Vir eersgenoemde brokkie inligting kon daar geen bevestiging in die geraadpleegde bronne gevind word nie. Du Toit se opsomming van die militêre owerhede se beweegrede agter die instelling van universitêre studie vir kandidaatoffisiere stem egter ooreen met minister F.C. Erasmus se politieke agenda met betrekking tot die UVM soos in hoofstuk 1 uiteengesit, ofskoon hy (Du Toit) nie die kwessie van Erasmus se strewe om die Britse (en Engelse) karakter van die weermag af te breek, direk aanroer nie. Dit klop ook met De Vos se stelling dat die militêre studente op Stellenbosch "'n advertensie vir die Weermag"[197] moes wees, wat kennelik ook gespruit het uit Erasmus se ideaal om die militêr en die (veral Afrikaner-) samelewing nader aan mekaar te bring.[198] Du Toit se verwysing na "die Weermag se eie sogenaamde '*esprit des* (sic) *corps*'" wat hulle "gekortwiek" het, slaan waarskynlik daarop dat die militêre studente, soos reeds vermeld, geneig was tot groepvorming. Die swak materiaal waarmee hulle hul doelstellings moes bereik", verwys moontlik na die hoë druipsyfer onder die militêre eerstejaars en/of beweerde wangedrag onder hulle, soos die geval van eenvan hulle wat "militêre voorrade gesteel het".[199]

Hoe wyd die vooroordeel teenoor die militêre studente werklik was en hoe ongewild hulle hul op die kampus gemaak het, is moeilik bepaalbaar. Hulle het vanweë die militêre kultuur

196. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.
197. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
198. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
199. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.

moontlik in 'n mate 'n gees van eiesinnigheid, en miskien selfs meerderwaardigheid, uitgestraal wat as verwaandheid vertolk is en die burgerlike studente geïrriteer het. Volgens kol. De Vos het die burgerlike studente die "netjiese drag en fiere houding wat vir die militêre student gedurende sy gimnasiumjaar ingedril is ... as aansittery vertolk."[200] Dit is natuurlik ook moontlik dat die militêre studente se beter finansiële posisie en gepaardgaande lewenstyl 'n mate van jaloesie by die burgerlike studente gewek het. Hoe dit ook al sy, geen getuienis van diepgaande weersin in die militêre studente kon egter, behalwe in die geval van Wilgenhof, gevind word nie. Dit is ook soos prof. P.H. Kapp, 'n Dagbreker uit daardie era, dit onthou: "As iemand wat daardie gebeure self vanuit Dagbreek deurleef het, en met militêre studente soos genl. Tienie Groenewald en kommodoor Weideman saam in die klas gesit het, kan ek getuig dat daar by verreweg die meeste gewone studente geen sweempie antagonisme of onvriendelikheid jeens die militêre studente bestaan het nie. Die mans het dit net lastig gevind dat die militêre studente in hulle mooi uniforms en met hulle fiere houding vir die dames aantrekliker was!"[201] Wilgenhof was egter, in Du Toit se eie woorde, "die koshuis wat almal wou vernietig"[202] en klaarblyklik dus glad nie gewild op die kampus nie – soos ook uit hul ervaring met hul nuwelinge van 1954, 1955 en 1956 (wat soos die militêre studente ook telkens 'n ouer, meer volwasse groep individue as die gemiddelde, naïewe eerstejaars was) skyn te blyk. Wilgenhof se afkeur aan die militêre studente was dus nie noodwendig in hulle reputasie gewortel nie, maar moontlik grootliks in dié koshuis se alombekende "vreemdelingehaat" en die gewaande bedreiging van sy gees en identiteit deur die Universiteitsowerhede. In laasgenoemde verband, asook as synde simbole van die regering se vermeende verskuilde politieke agenda, was die militêre studente dus waarskynlik in 'n mate ook maar net die klassieke "sondebokke" in 'n wyer spel.

Wilgenhof se Huiskomitee het nietemin gedurende Oktober/November 1956 bedank uit protes teen die besluit om die militêre studente daar te plaas. Die Universiteit het egter nie hul bedanking aanvaar nie en hul besluit met betrekking tot die plasing van die militêre studente gehandhaaf.[203] Sake het vererger toe sommige van die militêre studente met hul aankoms by Wilgenhof op 22 Februarie 1957 te kenne gegee het dat hulle nie van plan was om hulle aan die koshuis se tradisionele ontgroeningsrituele te onderwerp nie – dit ten spyte daarvan dat die Leërstafhoof, genl.maj. P.H. Grobbelaar, DSO, die studente voor hul

200. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, memorandum aangeheg by brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
201. P.H. Kapp – G.E. Visser, e-pos, 17 Junie 1999.
202. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.
203. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.

vertrek uit Pretoria versoek het om hulle "in te leef in die studente-lewe (sic.) by Stellenbosch asof hulle burgerlikes is."[204] Volgens dr. Appies du Toit was die die soldate se verweer dat hulle reeds die vorige jaar by die SA Militêre Kollege gedoop is en dat "Wilgenhof in enige geval nie so doeltreffend kan 'inlyf' as die manne by die Militêre Kollege nie."[205] Die senior burgerlike studente het ook nie veel daartoe bygedra om die gesindheid te verbeter nie, deurdat hulle die militêre studente aan hul uniforms rondgeruk het.[206] Kol. De Vos het die gesindhede verder beduiwel, deur die Wilgenhoffers daarop te wys dat "'n mens nie iemand in uniform mag 'aanraak' nie, of die spot met hom mag dryf nie, en ook dat sy manne uitgekose is vir leierskap in die toekoms en dus nie as 'gewone' Nuwelinge beskou moet word nie."[207] Die klompie militêre studente wat hulle nie aan die ontgroening wou onderwerp nie, is gevolglik na Hamelhof, 'n anneks van Wilgenhof, verban, waar hulle met die status van "loseerders" gebrandmerk is. Hulle is alleen in die hoofgebou toegelaat om maaltye te nuttig of die telefoon te gebruik. Die Wilgenhoffers is verbied om met hulle te praat.[208]

Genl.maj. P.H. Grobbelaar het hom persoonlik na Stellenbosch gehaas om hom van die situasie te vergewis toe hy van die militêre studente se weiering tot ontgroening verneem het. Onbewus van wat hy as die "on-Bybelse" aard van die ontgroening bestempel het en angstig om toe te sien dat die militêre studente volkome by die studentelewe inskakel, het hy sy misnoeë oor hul houding aan kol. De Vos te kenne gegee. Kol. De Vos het daarop 'n beroep op die militêre studente gedoen om hulle in 'n sportiewe gees aan die ontgroening te onderwerp, vertrouende dat die seniors nie die perke van ontgroening wat deur die Universiteit neergelê is, sou oorskry nie. Die uiteinde daarvan was dat die militêre studente hulle maar gedurende die tweede week skoorvoetend die ontgroenery laat welgeval het, waarop die "bannelinge" toegelaat is om na die hoofgebou terug te keer.[209] Tydens die ontgroening is hulle onder meer gedwing om groot hoeveelhede water te drink, totdat hulle tot groot vermaak van die jillende omstanders daarvan gebraak het; konkoksies soos aalwyn en rou lynolie is ook voorgeskryf om dié proses aan te help.[210] Du Toit spog

---

204. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.
205. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.
206. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.
207. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.75.
208. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.
209. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957; SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957; A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", pp.75 - 76.
210. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957.

daarmee dat hulle nie "die militêre (mog) 'aangeraak' het nie", maar dat daar "in die stilligheid ... maar goed klappe uitgedeel (is) en ook met goeie gevolg."[211]

Wilgenhof se veertig jaar oue tugstelsel, wat besonder hoog aangeskryf is deur sy inwoners en oudinwoners, het kort daarna die sluimerende onenigheid tussen die twee studentegroepe op die spits gedryf. Kol. De Vos was salig onbewus van die tugstelsel vanweë die strenge kode van geheimhouding[212] wat die Wilgenhoffers tradisioneel gehandhaaf het ten opsigte van alles wat in die koshuis gebeur het. Die tugstelsel het daaruit bestaan dat die tugkomitee, bekend as die "Nagligte", diegene wat die huisreëls oortree het in die middernagtelike ure opgesoek en aangesê het om met 'n handdoek en seep by die koshuis se lesingkamer aan te meld. Daar moes die skuldige in die donker by die lig van 'n enkele flits sy nagklere uittrek, waarop die "Nagligte" hom natgespuit en gedwing het om aan 'n onsmaaklike aalwynmengsel te kou. Daarna het hulle die slagoffer se kaal lyf met 'n maklik afwasbare verf betakel; die grootte van die verfkolle het afgehang van die erns van sy oortreding. Ná dié ritueel het die "Nagligte", wat deurgaans klapmusse gedra en met piepstemme gepraat het om hul identiteit te verberg, sy oortreding aan hom bekendgemaak en hom beveel om die verf met koue water te gaan afwas; dit het daarop neergekom dat die oortreder verplig is om vir sowat 'n halfuur onder 'n koue stort te staan, waarna hy nie toegelaat is om hom af te droog nie. Die gebruik was ook om hierdie strafmetode as 'n soort finale ontheffing op alle eerstejaars aan die einde van hul ontgroeningstydperk toe te pas, 'n lot wat die militêre eerstejaars ook nie vrygespring het nie. Van hulle is in dié proses (en ook by latere geleenthede) fisies aangerand as hulle hul nie aan die ritueel wou onderwerp nie; party moes selfs agterna mediese behandeling ontvang.[213]

Kol De Vos was ontstoke toe hy van die "Nagligte" se manewales met die militêre studente verneem het en het die saak by die Rektor aanhangig gemaak. Prof. Thom het die Huiskomitee ontbied en gelas om onmiddellik 'n einde aan die optrede van die "Nagligte" te maak. 'n Gespanne "vrede" het daarop gevolg, totdat die "Nagligte" weer op 'n paar militêre

211. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.77.

212. Wilgenhof se tradisionele geslotenheid en geheimhouding duur vandag nog voort. Toe skrywer van die bestaan van die **Wilgenhof Gedenkboek** en die informasie wat daarin oor die verblyf van die militêre studente in dié koshuis vervat is, verneem het, wou die primarius van Wilgenhof hom onder geen omstandighede toegang tot dié publikasie in hul argief gee nie; trouens skrywer is enige toegang tot die koshuis geweier. Die publikasie is ook duidelik gemerk "ALLEEN VIR PRIVATE SIRKULASIE".

213. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957; N.M. Lemmer - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 1 Maart 1994.

eerstejaars toegeslaan het, onder meer op aanklag daarvan dat hulle 'n "houding"[214] gehad het. Die militêre studente het hulle daarteen verset, waarop groepe senior studente hulle in hul kamers oorval en afgeransel het. Een van die militêre studente is tussen sy bene geskop en moes hospitaalbehandeling ontvang.[215] Dié aanslag op die eerstejaars het die sogenaamde "Slag van Wilgenhof" ontketen. Skout-admiraal J.A.C. Weideman, "oudstryder" van dié "veldslag", het later die gebeure in ligte luim beskryf:

> Die Slag van Wilgenhof het in ons derdejaar plaasgevind. Die eerstejaars in Wilgenhof was allerweë deur hul seniors (burgerlike studente) bedreig. 'n Plaaslike reaksiemag is op die been gebring en het laat deurskemer dat wapengeweld (hokkiestokke edm) nie uitgesluit sal wees wanneer 'n konfrontasie plaasvind nie. Op Stafvlak (studente) is 'n waarskuwingsplan in fyn besonderhede uitgewerk om versterkings uit Huis Marais (derdejaars) en Huis Visser (tweedejaars) stil en doeltreffend op die toneel te bring. Die wagwoord – 'Werda'. Op die aand van die afrekening het 'n eerstejaar ontsnap en in groot benoudheid voor Huis Marais uitgeroep: 'Luitenant, hulle slaan ons outjies!' Oomblikke later klink die roep ook voor Huis Visser – helaas, van die fluister van die wekroep 'Werda' het niks gekom nie.
>
> "Onder die bome voor die Sielkundegeboutjie het die manne laer getrek en kajuitraad gehou. Twee is gestuur om die kolonel [De Vos] te gaan roep. Die res, met takke, hokkiestokke edm, op die looppas na Wilgenhof! Wat 'n skouspel! Hier en daar selfs 'n man met 'n .303! Burgerlike studente in dreigende houding met sporttoerusting gewapen! Maar 'n SA Polisiewa ['n senior militêre student het die polisie verwittig[216]] verskyn op die toneel en oomblikke later dr Daan [dr. Danie Craven, bekende Suid-Afrikaanse rugbybaas en jarelange huisvader van Wilgenhof], die kolonel en lede van die Akademiese (sic.) staf. 'n Hoëvlak beraad is gehou en die situasie is ontlont. In Huis Marais was die [burgerlike] studente ontevrede omdat hulle nie genooi was om deel te hê in die stryd teen Wilgenhof nie. Vreugdevolle jare!"[217]

---

214. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 168 brief, G/TRG/6/2, LSH – KG, 5 April 1957; vergelyk ook A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.77.

215. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957; N.M. Lemmer - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 1 Maart 1994; vergelyk ook A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.

216. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957.

217. J.A.C. Weideman: Herinneringe. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.24.

Volgens Du Toit het dr. Craven met sy aankoms by Wilgenhof daardie aand "vir die Kolonel [De Vos] vertel wie baas is in Wilgenhof en wat hy met sy bek kan maak,"[218] wat miskien tekenend is van die gesindheid van die Wilgenhoffers enersyds, maar andersyds ook die verhaal van hul misnoeë met De Vos se inmenging in die koshuissake vertel. Ná hierdie skermutseling het Wilgenhof se Huiskomitee al die inwoners individueel voor die keuse gestel om hulle óf in die toekoms aan 'n boetestelsel, óf aan die "Nagligte" as tugmaatreël te onderwerp. Alle militêre studente het die boetestelsel verkies, terwyl al die burgerlike studente besluit het om by die "Nagligte" te hou.[219] Die stof het volgens kol De Vos daarop geleidelik gaan lê en 'n beter verhouding het gaandeweg tussen die twee groepe studente ontwikkel; die militêre studente het die koshuisreëls getrou nagekom en gedwee die sleurwerkies waarmee alle eerstejaars opgesaal is, soos om die pos te gaan haal, die telefoon te beantwoord en saans teen 21:30 die seniors met tee in hul kamers te bedien, nagekom; hulle is ook in die koshuissport opgeneem en 'n hele paar het onder meer vir Wilgenhof se rugbyspan uitgedraf.[220] Du Toit weerspreek egter De Vos se weergawe van die verloop van gebeure ná die "Slag van Wilgenhof". Hy som dit (waarskynlik akkuraat ook) soos volg op:

> Vir die res van die jaar, is die groep vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer. Hul is gestraf deur boeteoplegging wat natuurlik maar taamlik kwaai toegepas was. Boetes was hoog en baie en die geringste oortreding is nie oorgesien nie. Hulle het ook aan geen Wilgenhof- of studente-aangeleenthede deelgeneem nie, behalwe vir 'n paar wat rugby gespeel het ... ons was bly om hulle (aan die einde van die jaar) te sien gaan, en hulle het ook nie juis jammer gelyk om ons te verlaat nie."[221]

Die Wilgenhoffers het met die vertrek van die militêre studente as 't ware daardie onaangename hoofstuk uit hul geskiedenis uitgevee, deur al die name van die militêre studente in hul sogenaamde "Groot Boek" (naamlys van Wilgenhoffers) dood te trek "omdat hulle nooit Wilgenhoffers was of wou wees nie."[222] Die jonger Wilgenhoffers het egter later een van hulle, Hannes Botha, se naam in die "groot Boek" teruggeplaas toe hy Springbokkleure in rugby verwerf het![223]

---

218. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.
219. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957; vergelyk ook A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.
220. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 107, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 16 Mei 1957.
221. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.
222. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.79.
223. A. du Toit: Moeilikheid met die "Army", p.76.

Die konflik met Wilgenhof weerspieël waarskynlik nie die algemene verhouding tussen die militêre en burgerlike studente op Stellenbosch nie; dit skyn asof die verhouding met die res van die studentegemeenskap heelwat beter was. Wilgenhof se vooroordele, "vreemdelingehaat" en besondere tradisies wat hulle met wrewel op die effens meer volwasse militêre studente toegepas het, moet waarskynlik die meeste blaam vir die konflik dra. Die verhouding met Wilgenhof sou sekerlik beter gevlot het, as die militêre owerhede, veral kol. De Vos (weliswaar op aandrang van Verdedigingshoofkwartier), nie so oorbeskermend was en hul ore vir elke klein klagtetjie uitgeleen en daarmee op loop gesit het nie. Dit het die militêre studente in hul wederstrewigheid gesterk, die twee groepe toenemend gepolariseer en verhoed dat die militêre owerheid se doelwit om hulle volkome by die studentelewe in te skakel, verwesenlik word. Daarmee is die militêre eerstejaars van 1957 'n aangename studentelewe op die kampus en die geleentheid om hulle ongestoord op hul studie toe te lê, ontsê en is die beeld van die Weermag by minstens 'n deel van die studentegemeenskap geskaad.

Volgens kol. De Vos het die inisiatief om die militêre studente van 1958 af afsonderlik in Crozierhuis te huisves van die Universiteit af uitgegaan.[224] Dit kan moontlik daarop dui dat die universiteitsowerhede op grond van die Wilgenhof-konflik besluit het dat die militêre en koshuiskulture te uiteenlopend was om in harmonie onder een dak gehuisves te word. Die militêre owerhede het egter gewilliglik tot dié reëling ingestem,[225] enersyds waarskynlik omdat dit die administrasie en militêre roetine van die studente sou vergemaklik en andersyds moontlik omdat Verdedigingshoofkwartier sekerlik ter wille van die beeld van die Weermag ewe angstig was om verdere konflik te voorkom. Hoe dit ook al sy, was die afsonderlike huisvesting van die militêre studente in Crozierhuis van 1958 af klaarblyklik 'n baie bevredigende reëling en het daar skynbaar nie weer noemenswaardige botsings tussen die militêre en burgerlike studente plaasgevind nie.

### 3.9 SLOTSOM

Die ontvoogding van die Militêre Akademie van die SA Militêre Kollege was 'n positiewe stap in die ontwikkeling van dié inrigting en 'n groot verbetering op sy situasie in Pretoria; in

224. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/2 vol. 1, inlae 2, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – Registrateur US, 15 Augustus 1957.
225. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/2 vol. 1, inlae 2, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – Registrateur US, 15 Augustus 1957.

baie opsigte 'n triomf vir sy miskende baanbreker, maj. Melt van Niekerk. Die bevel-en-beheer van die Akademie was in een persoon, die Dekaan en Bevelvoerder, gesetel, wat dit moontlik gemaak het om 'n vaste koers met die Akademie in te slaan na die rondvallery in Pretoria. As 'n selfstandige eenheid met sy eie diensstaat en gebouekompleks (wanneer dit voltooi was) sou die Akademie ongehinderd op die militêr-akademiese opvoeding van die studente kon fokus en mettertyd 'n eie atmosfeer, kultuur en tradisies soos 'n West Point kon ontwikkel. Solank die Akademie as "loseerder" op Stellenbocsh verspreid oor die kampus gehuisves was, was dié ideaal egter nie haalbaar nie. Verder het die feit dat die Akademie nie 'n eie, onderskeidende uniform en/of gemeenskaplike kentekens gehad het nie, groepvorming in weermagsdeelverband in die hand gewerk en die kweek van 'n gemeenskaplike kultuur en *esprit de corps* in die wiele gery.

Beide die militêre en akademiese status van die Dekaan en Bevelvoerder (kolonel en professor) was, in teenstelling met die Pretoria-era, sodanig dat hy hom met gemak in altwee omgewings kon handhaaf. Die hoofklem by die aanstelling van die Dekaan het op akademiese statuur geval, wat geloofwaardigheid aan die Akademie as universitêre inrigting verleen het. Kol. De Vos was vanweë sy indrukwekkende akademiese agtergrond, sy ervaring as Burgermagbevelvoerder en sy toewyding aan sport en liggaamlike fiksheid 'n besonder goeie keuse om die tweeledige aanstelling as Dekaan en Bevelvoerder vol te staan. Sy sterk Afrikaneragtergrond het egter ook reg in die kraam van minister F.C. Erasmus se politieke ideale en waardesisteem gepas en kan, soos in die geval van sy voorganger, maj. Van Niekerk, gesien word as 'n aanduiding van die politieke hand in die koersgewing van die Unieverdedigingsmag deur middel van die vorming sy toekomstige leiers. Die Militêre Akademie se verbintenis met Stellenbosch as die "ware volksuniversiteit" van Suid-Afrika het uiteraard ook meegehelp om Erasmus se strewes te verwesenlik, ofskoon die invloed van dié kultuurbron noodwendig sou afneem wanneer die Akademie op Saldanha gevestig was.

Kol. De Vos se besoek aan buitelandse akademies was uiters noodsaaklik om hom insig in sy taak te gee en hy sou ongetwyfeld vorentoe met vrug daaruit kon put om die verlangde atmosfeer en kultuur op Saldanha te probeer skep. Die militêre owerhede het sy aanbevelings op grond van sy waarnemings in die buiteland tot die nadeel van die Akademie in die wind geslaan of op die langebaan geskuif. Kol. De Vos het 'n tradisionele militêre akademie met die klem op 'n breë, algemene akademiese opvoeding en die ontwikkeling van leierskap nagestreef, maar Verdedigingshoofkwartier het weermagsdeelsentimente en -prioriteite te hoog aangeslaan om reg aan 'n gesamentlike

akademie volgens die tradisionele model te laat geskied. Die feit dat sy aanbeveling om al vier opleidingsjare by die Akademie te sentreer nie aanvaar is nie, het dit moeilik gemaak om die ideaal van 'n "Suid-Afrikaanse West Point" te verwesenlik. Solank as wat die militêre vorming by die gimnasiums in stede van die Akademie self geskied het en solank as die eerstejaar op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch deurgebring is, sou daardie ideaal nooit bereik kon word nie; daardie twee belangrike vormingsjare was onontbeerlik vir die skep van 'n militêr-akademiese inrigting op die West Point-model. Die eie kentekens en uniform wat hy vir die Akademie bepleit het, kon insgelyks 'n belangrike rol gespeel het in die ontwikkeling van die Akademie in daardie rigting. Sy aanbevelings met betrekking tot die vergroting van die werwingspoel van die Akademie, wat ook nie implementering gevind het nie, was eweneens van besondere belang. Die ontoereikende werwingspoel van die Akademie het steeds gelei tot die keuring van kandidate, veral in die natuurwetenskaplike rigting, wat nie werklik oor die potensiaal vir universiteitstudie beskik het nie. Saam met aanpassingsprobleme en die bykomende verpligtinge van hul militêre roetine en opleiding (wat heelwat ligter as in Pretoria was) kon die kandidate met beperkte akademiese potensiaal eenvoudig nie die mas opkom nie, wat tot 'n hoë uitvalsyfer onder die eerstejaars gelei het. Alhoewel daar in 1957 'n sterk verbetering in die prestasie van die eerstejaars was, was die werwings- en keuringsprobleem kennelik nog nie uitgestryk nie en sou dit beslis vorentoe aandag moes geniet.

Ten spyte daarvan dat die akademiese onderrig van die studente (veral ná die eerstejaar) bevredigend verloop het en so ook die beperkte militêre opleiding wat wel gedurende die akademiese semesters plaasgevind het, kon die Akademie as militêr-akademiese instelling nie op Stellenbosch tot sy reg kom nie. Versprei oor die kampus en vermeng met die burgerlike staf en studente, was daar nie werklik sprake van 'n militêre milieu nie. Die militêre studiekursusse onder die Universiteit van Stellenbosch het nie 'n veel sterker krygskundige inslag in terme van vakkeuses as onder die Pretoria-bedeling gehad nie. 'n Belangrike verskil was egter dat die tweede- en derdejaarkursusse (in plaas van die paar eerstejaarsvakke in Pretoria) nou deur die militêre dosente by die Akademie self aangebied is. Groter militêre kontekstualisering van die leerplanne kon dus bewerkstellig word, sodat die graadkursusse dus nouer op die behoeftes van die UVM afgestem was. Daarby het die feit dat die laaste twee studiejare by die Akademie self aangebied is (presies die teenoorgestelde as wat in Pretoria die geval was), meegebring dat die studente, wanneer die Akademie op Saldanha gevestig sou wees, nie die UVM in 'n "staat van verburgerliking" sou betree en weer van vooraf by die militêre lewe moes aanpas nie. Die jong offisier sou

dus by graduering meer waarde vir die weermag hê as wat onder die vorige bedeling die geval was.

Die plasing van die militêre studente tussen hul burgerlike eweknieë in die universiteitskoshuise was vanweë die verskil in die militêre en studentekulture nie besonder suksesvol nie. Die inwoning van die Akademie-studente in die koshuise het die normale militêre roetine bemoeilik en die militêre studente aan die gespot en viktimisasie van die senior burgerlike studente uitgelewer. Tog was die verhouding tussen die militêre en burgerlike studente oor die algemeen goed. Die keuse van Wilgenhof vir die huisvesting van die eerstejaars in 1957 was egter 'n besondere swak besluit aan die kant van die Universiteitsowerhede. Wilgenhof se eksentrieke gees en tradisies was sekerlik welbekend op die kampus, sodat die konflik met die militêre studente redelik voorspelbaar was, veral in die lig daarvan dat die persepsie reeds onder die Wilgenhoffers bestaan het dat die universiteitsowerhede daarop uit was om die gees van dié koshuis te breek deur telkens "ongewenste" elemente daar te plaas. Die militêre studente se geneigdheid tot groepvorming, hul meerderwaardige houding en die militêre owerhede se gedurige inmenging in koshuissake het egter ook baie tot die konflik bygedra. Dit sou waarskynlik die beste gewees het as die militêre studente van die begin af, soos van 1958 af die geval was, in 'n aparte koshuis geplaas is. Alhoewel dit groepvorming sou bevorder het, sou dit sou die normale militêre roetine en die skep van 'n militêre milieu vergemaklik en die studente uit mekaar se hare gehou het. Daar was oorgenoeg ruimte vir inskakeling by die studentelewe buite die koshuis; die gedwonge integrasie was teenproduktief en het die beeld van die weermag onnodig skade berokken (selfs al was dit net by 'n deel van die studentegemeenskap) op 'n tydstip toe Erasmus juis beoog het om dit uit te bou en die militêr en die (Afrikaner-) gemeenskap nader aan mekaar te bring.

# HOOFSTUK 4

# DIE MILITêRE AKADEMIE SE EERSTE DEKADE OP SALDANHA ONDER DIE BEVEL VAN KOLONEL P.J.G. DE VOS, 1958 - 1967

## 4.1 DIE OPRIGTING VAN DIE AKADEMIE SE GEBOUEKOMPLEKS OP SALDANHA

Op 26 September 1952, nog voordat daar amptelik enige sprake van die stigting van 'n gesamentlike akademie was, het minister Erasmus by monde van sy privaatsekretaris, C.W.C. van Heerden, die Hoof van die Generale Staf gelas om "met die oog op die uiteindelike konsentrasie van die Akademie-opleiding vir al drie Magte" vir mnr. A.E. Gerhardt, 'n argitek van die Kwartiermeester-generaal se Bouseksie,[1] opdrag te gee om "in sy spaartyd noual (sic.) 'n proefplan ...[te] begin opstel vir 'n Opleidingsgebou (logiesplekke (sic.) uitgesluit) vir sê ongeveer 150 seuns; o.a. 'n dosyn of meer klaskamers, 'n dosyn of meer kantore groot en klein, 'n biblioteek-leeskamer, 'n vergadersaal, stoorkamers, ens. ... met ['n] rowwe koste-beraming."[2] Hierdie vroeë begin ten spyt, moes die planne soveel keer oorgeteken word om by 'n immer krimpende begroting aan te pas,[3] dat, soos vroeër aangedui, die Akademie-kompleks nie naastenby betyds gereed was nie; ook die optimistiese "ongeveer 150 seuns" en die "dosyn of meer klaskamers" het saam met die begroting gekrimp.

Volgens kol. De Vos het die militêre owerhede, klaarblyklik vanweë die skraps begroting, in 'n stadium besluit dat die Akademie-kompleks uit "rooibaksteen-kasernes sou bestaan, op die heuwelnek op pad na die huidige Weshek" en het die Kwartiermeester-generaal se terreinspan "dadelik daar ingevaar en die terrein begin gelykmaak"; die letsels van dié grondverskuiwing is na al die jare steeds 'n stille getuienis van hierdie vroeë mistasting . Na heroorweging het die owerhede egter meer fondse beskikbaar gestel en besluit om 'n

1. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, bouplanne vir Akademie-kompleks vasgesteek aan binnekant van lêeromslag, 7 Desember 1953; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 17, naamlys m.b.t. uitnodigings na hoeksteenlegging van Mil. Akad.-gebouekompleks.
2. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 45, brief MV130, Privaatsekr. – HGS, 26 September 1952.
3. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 60, ongenommerde brief, M. van Niekerk – F.C. Erasmus, 1 April 1954.

waardige gebouekompleks aan die voet van Malgaskop op te rig.[4] Tydens 'n vergadering van die weermagsdeelhoofde, die Kwartiermeester-generaal en senior dosente van die Akademie op 4 Augustus 1954, is daar onder meer oor die Akademie-kompleks, wat vir 60 studente per jaar voorsiening moes maak, die volgende besluite geneem:

> "Alle geboue moet in die moderne styl wees ... Die eetlokaal en onthaalkamers moet in een gebou saam met die slaapkamers wees ... Daar moet 70 slaapkamers wees, een vir elke offisier op die kursus, en daar moet voorsiening gemaak word vir paslike akkommodasie vir baie belangrike besoekers ... Die administratiewe kantore en akademiese lesingkamers, ens, moet in een dubbelverdiepinggebou wees ... In albei geboue (Administrasiegebou en Menasie) ... moet voorsiening gemaak word vir moontlike uitbreiding in die toekoms ... 27 woonhuise sal nodig wees; 17 vir offisiere en 10 vir manskappe."[5]

Die administrasiegebou sou voorsiening maak vir 25 kantore (9 vir die administratiewe en 16 vir die akademiese personeel), 'n saal (ouditorium) wat 300 mense kon akkommodeer, drie laboratoriums (Aardrykskunde, Fisika en Toegepaste Wiskunde, en Chemie), vyf lesingkamers, 'n biblioteek, 'n personeelkamer, 'n argieflokaal, 'n afrolkamer en twee pakkamers.[6] Die argiteksfirma Gerhard Moerdyk en Watson van Pretoria is aangestel om die statige gebouekompleks, wat na berekening nie voor die middel van 1957 of die begin van 1958 betrek sou kon word nie, te ontwerp.[7] Die boukontrak is aan meesterbouer B.J. Lans van Bloemfontein toegeken,[8] wat só laag getender het om die kontrak te kry, dat hy op die randjie van bankrotskap gaan draai het, maar nogtans baie deeglike werk gelewer het.[9]

Die bouery op Saldanha het klaarblyklik in die loop van 1956[10] onder die wakende oog van maj. Jan Buys en sers. Mossie Viljoen van KMG se Bouseksie, wat alles afgekeur het wat

---

4. P.J.G. de Vos: Herinneringe. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.55.
5. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, opsomming van besluite van vergadering in KMG se kantoor, 4 Augustus 1954.
6. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, opsomming van besluite van vergadering in KMG se kantoor, 4 Augustus 1954.
7. SANWA, AG(3) 223, AG(3)1906/9 vol. 2, inlae 50, brief C(Q)420/13/11, KMG – HGS, 18 Desember 1954; P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.55.
8. P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.55; J.P.P. Rabe - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995; Vergelyk ook SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 37, brief AG(3)1906/9, AG – VSH, 20 September 1957.
9. P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.55; J.P.P. Rabe - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995.
10. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 10, brief Q/ACCN/1/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. – AG, 20 Julie 1956.

nie presies volgens spesifikasie gedoen is nie, 'n aanvang geneem.[11] Soos gebruiklik, is daar met die hoeksteenlegging gewag totdat die hele gebou minstens vensterbankhoogte of hoër was, sodat die publiek 'n beter begrip van die aard en ontwerp van die gebou kon vorm.[12] Minister F.C. Erasmus het op Saterdag 28 September 1957 persoonlik die hoeksteen tydens 'n swierige militêre seremonie, wat deur sowat 170 genooide militêre en burgerlike gaste bygewoon is, gelê. Onder die aanwesiges was kmdt.genl. H.B. Klopper en die hele topstruktuur van die Suid-Afrikaanse Weermag,[13] die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. H.B. Thom, en sy dekane, die Bevelvoerder en Dekaan van die Militêre Akademie, kol. P.J.G. de Vos, asook plaaslike sakelui en ander hoogwaardigheidsbekleërs. Minister Erasmus het met sy aankoms om 15:00 daardie middag eers die erewag, bestaande uit die studente (en dosente) van die Militêre Akademie, asook kwekelinge van die Vlootgimnasium, saam met kmdt.genl. H.B. Klopper en die Vlootstafhoof, v.adm. H.H. Bierman, onder die gewapper van die Unievlag geïnspekteer en toe sy geleentheidsrede gelewer. Daarna het hy die hoeksteen seremonieel met 'n silwer troffeltjie by die halfvoltooide hoofingang van die Akademie gelê, waarop die verrigtinge plegtig met die sing van die Stem van Suid-Afrika afgesluit is.[14]

Erasmus het in sy toespraak die hoeksteenlegging as een van die "grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Weermag" geloof en verklaar dat die Militêre Akademie net so 'n trotse tradisie sou opbou soos die militêre akademies van die VSA, Brittanje en Frankryk. Hy het ook gesê dat die Akademie bestem was om "een van die vernaamste hoekstene van ons Verdedigingsmag te vorm" en dat "die eerste inwoners van dié inrigting ... die grondleggers (sal) wees van 'n deel van ons militêre tradisie wat deur oorlewering die besit sal word van die geslagte wat nog moet kom."[15] Ironies genoeg het hierdie "grondleggers" byna die hoeksteenlegging misgeloop. Ofskoon die Kommandant-generaal beloof het dat kol. De Vos op die reëlingskomitee vir die hoeksteenlegging sou dien en dat die Akademie-studente aan die seremonie sou deelneem, het hy al die reëlings aan die Vlootowerhede oorgelaat, wat die Akademie heeltemal uit die verrigtinge gelaat het.

---

11. P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.55; J.P.P. Rabe - G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995.
12. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 70, brief W7/S3/1, KMG – KG, 8 Februarie 1957.
13. Die Unieverdedigingsmag is ooreenkomstig die Verdedigingswet, Wet No. 44 van 1957, herbenaam tot die Suid-Afrikaanse Weermag.
14. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 10, brief KG/AOS/7/2, KG – AG, etc., 31 Julie 1957; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 33, seinberig, VSH - KG, 19 September 1957; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 37, brief AG(3)1906/9, AG – VSH, 20 September 1957; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 39, seinberig A1009, AG – LSH, g.d. (21/22 September 1957); **Die Burger**, 30 September 1957.
15. **Die Burger**, 30 September 1957.

Eers nadat kol. De Vos op 11 September die Adjudant-generaal so half beskuldigend op dié toedrag van sake gewys en toestemming gevra het vir die Akademie-staf en –studente om dan maar die geleentheid as toeskouers by te woon, is hy as eregas uitgenooi en is reëlings getref dat die dosente en studente aan die parade deelneem![16]

Terwyl B.J. Lans met die Akademie-kompleks besig was, het twee ander firmas onderskeidelik die konstruksie van die woonhuise en die kerk behartig. Die kerk was eerste klaar, "nogal 'n betekenisvolle feit dat die kerk reeds gestaan het toe die ander geboue nog ver van klaar was",[17] aldus kol. De Vos. Die "vaders" van die Akademie het dus die ou Boeretradisie om by die uitleg van 'n nuwe dorp altyd eers die kerk te bou, gestand gedoen; die Boere het in die vorige eeu aljimmers gekla dat die Britte altyd eerste 'n kroeg gebou het en daarna 'n tronk om die besopenes in toe te sluit![18]

Die woonbuurte in die onmiddellike omgewing van die Akademie is amptelik benaam tot Die Brug (noordoos van die Akademie, waar die vlootoffisiere gewoon het – vandaar ook die benaming), Milnavair (noordwes van die Akademie, waar die Akademie-offisiere gewoon het – afgelei van "military", "navy" en "airforce") en Môreson (noord van die Akademie waar die onderoffisiere gewoon het). Die hoofpad na die Akademie is tot Erasmusrylaan en die pad wat noord-suid deur die Akademie-gebied loop tot Thys Boonzaaierrylaan gedoop. Veldkornet Thys Boonzaaier was die aanvoerder van die Boerepatrollie wat tydens die Anglo-Boereoorlog van 1899 – 1902 tot by Saldanha deurgedring en op die Britse oorlogskip H.M.S. PARTRIDGE in die baai gevuur het. Die strate in Die Brug ( De Ruyter- en Drakestraat) is na beroemde vlootfigure en dié in Milnavair (Louis Botha-, Jan Smuts-, Hertzog-, Malan-, Strydom- en Verwoerdstraat) na Suid-Afrikaanse eersteministers vernoem. Die strate in Môreson (Drommedaris-, Voorschoten-, Chapman-, Alabama- en Robbejachtstraat) is na bekende skepe vernoem. Die ROBBEJACHT was die eerste skip wat in Suid-Afrika van Suid-Afrikaanse hout gebou is (1654) en het gereeld tussen Tafelbaai, Robbeneiland en Saldanha gevaar.[19]

---

16. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 32, brief A/PERS/5/2, Bev. Mil. Akad. – AG en KMG, 11 September 1957; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 34, seinberig A995, AG- VSH, 20 September 1957.
17. P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.56.
18. G.E. Visser: Die Eerste Vryheidsoorlog: Enkele aspekte mbt die Britse siening van die Boere en die veskille tussen Boer en Brit. **Militaria**, vol. 11, no. 1, 1981, p.70.
19. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/11 vol. 1, inlae 66, brief Q/ACCN/1/11, Bev. Mil. Akad. – KG en Kampkommandant SAS SALDANHA, 12 September 1958; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/11 vol. 1, inlae 68, brief OCT5/13, Kampkommandant SAS SALDANHA – Bev. Mil. Akad., etc., 26 September 1958; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/11 vol. 1, inlae 79, ongenommerde brief, KG – VSH en Bev. Mil. Akad., 24 Februarie 1959; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32,

'n Luisterryke amptelike inwyding is vir die Akademie beplan, sodra die staf en studente behoorlik gevestig en die tuine en grasperke mooi uitgelê was. Saterdag 18 April 1959 is as datum vir die geleentheid gekies. Minister F.C. Erasmus sou self die inwydingseremonie waarneem, terwyl die Rektor, prof. H.B. Thom, die geleentheidsrede sou lewer. Erasmus het egter in Maart 1959 'n ernstige hartaanval[20] gehad, sodat die plegtigheid na 30 April 1960 uitgestel is, teen welke datum die leisels van die Departement van Verdediging alreeds etlike maande in die hande van sy opvolger, J.J. Fouché, was. Erasmus se hartaanval het hom "tam en kragteloos gelaat"[21], wat waarskynlik daarvoor verantwoordelik was dat hy reeds vroeg in 1959 vir prof. Thom versoek om die inwyding van die Akademie in April 1960 waar te neem. Prof. Thom het ingewillig en die gaste was reeds uitgenooi, toe die kmdt.genl. S.A. Melville op 7 April 1960 aankondig dat die inwydingsplegtigheid finaal gekanselleer is en dat geen inwydingsgeleentheid in die vooruitsig gestel word nie.[22] Alhoewel geen rede vir dié stap verstrek is nie, het dit waarskynlik gekanselleer verband gehou met die politieke onrus wat Suid-Afrika veral sedert Maart 1960 geteister het. (Die Sharpeville-opstand het skaars twee weke vroeër plaasgevind en twee dae later het David Pratt sy aanslag op die lewe van die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, geloods.) Verder was die Akademie op Saldanha toe inderwaarheid alreeds ou nuus, sodat 'n amptelike inwyding later nie veel sin sou maak nie.

## 4.2 DIE VESTIGING VAN DIE MILITêRE AKADEMIE OP SALDANHA, 1958 - 1960

Met die tweede jaar op Stellenbosch besig om ten einde te snel en die bouprogram steeds ver van voltooiing, het kol. De Vos hom in Oktober 1957 na Saldanha begewe om ter

---

Q/ACCN/1/11 vol. 1, inlae 101, brief KG/KE/2/2, KG – KMG, 11 Desember 1959; J. Burman and S. Levin: **The Saldanha Bay Story**, p.116.

20. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.211.
21. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.211.
22. SANWA MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 81, brief KG/AOS/7/2, KG – Min. van Verd., 9 September 1958; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 148, seinberig CT/259, Mil. Sekr. - KMG, 15 September 1958; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 82, brief MV130, F.C. Erasmus – H.B. Thom, 6 Februarie 1959; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 83, brief S/19, H.B. Thom - F.C. Erasmus, 20 Februarie 1959; SANWA KG K33 L38, KG/AOS/7/2/1 vol. 1, ongenommerde inlae, seinberig CT/383, KG – VSH en Bev. Mil. Akad., 16 Maart 1959; SANWA KG K33 L38, KG/AOS/7/2/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief KG/AOS/7/2, KG – IG, etc., 3 Oktober 1959; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 115, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG- IG, 20 Oktober 1959; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 5, ongenommerde brief, F.C. Erasmus – J.J. Fouché, 13 Januarie 1960; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 7, brief MV130, J.J. Fouché – H.B. Thom, 24 Maart 1960; SANWA KG K33 L38, KG/AOS/7/2/1 vol. 1, ongenommerde inlae, brief seinberig CT637, KG – Adj. KG en KMG, 7 April 1960.

plaatse ondersoek in te stel na tydelike huisvesting vir die Akademie totdat die bouwerk afgehandel is. Trek moes die Akademie trek, want die Universiteitsowerhede het dit duidelik gestel dat hulle die eenheid nie nog 'n jaar op Stellenbosch kon huisves nie. Die Akademie-personeel kon aan die anderkant ook nie meer wag om die "beloofde land" te betree en uiteindelik op eie bene te staan nie. Kol. De Vos het bevind dat die tydelike houtgeboutjies op Malgaskop, wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog die tuiste van 8 Swaar Battery, Suid-Afrikaanse Kusartillerie was, voldoende ruimte vir klaskamers, kantore en woonkwartiere vir die studente gebied het. Daar sou reeds genoeg woonhuise vir die personeel teen Desember 1957 voltooi wees. Niemand het gevolglik daardie vakansieseisoen verlof geneem nie en die "groot trek" per militêre vragmotor het op 5 Desember 1957 'n aanvang geneem.[23]

Op Saldanha het die Akademie-personeel naarstigtelik gewerk om alles vir die aanvang van die Akademiese jaar 1958 gereed te maak. Meer hande het bygekom toe die Akademie se volle diensstaat met ingang van Januarie 1958 in werking getree het en 'n Tweede-in-bevel/Adjudant, maj. (later brig.) H.J. Greyvenstein, drie opleidingsoffisiere (een vir elke weermagsdeel), 'n Akademie-sersant-majoor, die legendariese A.O.1 O.O. (Okkert) Snyman, en genoeg onderoffisiere om al die take van 'n selfstandige eenheid te verrig, aangestel is. Die werk was baie en die omstandighede moeilik, maar aan geesdrif het dit, aldus kol. De Vos, nie ontbreek nie. Toe die 47 tweede- en derdejaars in Februarie 1958 sak en pak met drietonvragmotors van Stellenbosch af aangeland het, was die kantore, klaskamers en leerkragte gereed vir hulle.[24] Die Akademie was uiteindelik gereed om op sy eie te funksioneer en die atmosfeer en kultuur te kweek wat hom so lank ontsê is. Ofskoon die bevelvoerder van SAS SALDANHA, in daardie stadium lt.kdr. S.C. Biermann, as Kampkommandant van die Militêre Gebied Saldanha administratiewe beheer uitgeoefen het oor die terrein waarop die Akademie gevestig was, kon dit op geen wyse die outonomie en onafhanklikheid van die Akademie aantas nie. Sy administratiewe beheer het bloot die

---

23. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 24, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 10 Desember 1955, pp.290 – 292; SANWA, AG(3) 224, AG(3)1906/9 vol. 6, inlae 137, brief S19, Registrateur US - AG, 23 Augustus 1956; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 28, brief Q/ACCN/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 28 Oktober 1957; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 64, brief A/ADM/7/1, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 12 November 1957; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, pp.17, 21; P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.56; B.J. Vorster: Herinneringe. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.24.
24. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 138, brief AG(1)401/94, AG – LSH, etc., 23 Oktober 1957; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, pp.17, 21; P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.56; B.J. Vorster: Herinneringe, p.24.

koördinering van dienste soos die toekenning van woonhuise, vullisverwydering, die instandhouding van die paaie en geboue en dies meer behels.[25]

Die Akademie-staf en -studente se kennismaking met hul nuwe omgewing, en in die besonder die idilliese Malgaskop met sy wye uitsig oor die Baai en omliggende diepsee, was glad nie altyd louter plesier nie. Naas die "skoon lug, die pragtige sonsopkoms oor die baai ... [en] die koel seeluggie wat altyd teenwoordig is",[26] was daar ook die stormsterk suidooster, wat die Unievlag op die Kop binne tien dae tot 'n miserabele bondeltjie toiings kon aftakel en wolke stof opgeskop en orals laat indring het.[27] Daar was ook die mengelmoes van reuke wat die nuwelinge uit byna elke windrigting geteister het. Brig. B.J. Vorster, die Akademie se eresabelwenner van 1959, onthou dit so:

> "Die winderigheid op die Kop was 'n belewenis. Nie net is die houthutte nie volkome winddig nie, maar die verskeidenheid van reuke en geure was letterlik asemrowend. Die suidwestewind het die guanoreuk [van Malgaseiland af] gebring, die suidooster het verby die walvisstasie op Donkergat gekom op sy pad na die Kop, terwyl die noordoostewind die visfabriek se reuk saamgebring het. Die enigste windlose [reuklose?] rigting was die noordwester, wat natuurlik mis en reën beteken het!"[28]

Vir die studente was die verskuiwing van Stellenbosch na Saldanha, van 'n gerieflike universiteitskoshuis na Malgaskop, sekerlik 'n taamlike skok. Saldanha was onontwikkeld en primitief, daar was min winkels, geen teerstrate en geen vermaaklikhede nie. Daarby het A.O.1 Snyman, wat pas van die Leërgimnasium na die Akademie verplaas was en geweet het hoe om militêre dissipline te handhaaf en met die gal van manne onder opleiding te werk, hulle ingewag. Hy het hulle by die eerste kennismaking summier met besems en skropborsels bewapen om self hul houthutte, wat jare lank onbenut staan en stof vergaar het, leefbaar te maak. Hul sorgvrye studentedae op Stellenbosch het dus met hul verskuiwing na Saldanha soos die spreekwoordelike mis voor die môreson son verdamp![29]

---

25. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 134, brief W7, KMG – KG, 26 Augustus 1957; SANWA, KG K39 L68, KG/GM/5/4 vol. 3, inlae 99, brief AG(3)1906/9/3, AG – KG en Bev. Kmdmt. Kaap, 28 Oktober 1957; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 162, brief AG(1)184/81/3, Wnd. AG – LSH, etc., 11 Januarie 1958.
26. O.O. Snyman: Herinneringe, p.27.
27. O.O. Snyman: Herinneringe, p.27.
28. B.J. Vorster: Herinneringe, p.24.
29. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, pp.17, 21; P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.56; O.O. Snyman: Herinneringe. In E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.27; B.J. Vorster: Herinneringe, p.24.

Aan die voet van Malgaskop was daar net soveel te doene. Ná werk moes man en muis inspring om 'n rugbyveld met 'n atletiekbaan rondom uit lê en die rugbyveld met gras te beplant. Die staflede moes bontstaan om die boupuin rondom hul pas voltooide staatshuise in tuine en grasperke te omskep en die los grondwalle met klippe en sement uit te straat. Gelukkig was daar berge los grond beskikbaar en was A.O.1 Snyman en sy span arbeiders altyd gewillig om ronde klippe van die see af aan te karwei; die manne moes net sê of die klippe "so groot soos spanspekke of waatlemoene moes wees!"[30] Tussendeur het die bouwerk aan die Akademie sodanig gevorder, dat kol. De Vos en sy studente teen Junie 1958 die Fisika-laboratorium kon begin gebruik. Ses maande later, met die Akademie se heel eerste voorstellingsparade op Saldanha op 8 Desember 1958, kon ook die nuwe sit- en eetkamers in gebruik geneem word. Voor die aanvang van die akademiese jaar in 1959 was al die bouwerk afgehandel en kon die staf en studente hul primitiewe geriewe op Malgaskop vir die luukse akkommodasie aan die voet van die Kop verruil.[31] Al wat toe oorgebly het, was om die terrein te verfraai. Vyftig persent van die tuine was wel by die boukontrak ingesluit, maar die bome, plante en struike wat die deskundiges voorgeskryf het, wou glad nie aard nie. A.O.1 Snyman moes gevolglik inspring en die tuine feitlik van meet af aan herbeplan en –beplant. Soos hy dit self gestel het, moes hy hare op sy tande hê om die tuin gevestig te kry en in stand te hou, "want jy moet veg teen die slakke, insekte, muise, [wilds-]bokke, ystervarke, die suidooster en die noordwester."[32] Dat hy inderdaad die stryd gewen het, sou die bome en struike by die Akademie vir dekades daarna nog getuig.

Ná werk moes almal, staf en studente, ook met die organisering van sport help. Dit was egter nie so maklik nie, want die studente was min en sportfasiliteite het feitlik totaal ontbreek. SAS SALDANHA het wel oor twee tennisbane, twee rugbyvelde en 'n (sement) krieketkolfblad (tussen die twee rugbyvelde) beskik, maar dié fasiliteite was nie eers genoeg om aan hul eie behoeftes te voldoen nie; fondse vir uitbreiding was daar ook nie. Alhoewel die beleid was dat die sportfasiliteite só beplan en ontwikkel moes word dat dit altwee eenhede kon bedien, moes die Akademie dus vir eers maar self die mas opkom. Die Akademie-lede het nietemin hul bes gedoen om die beoefening van sport op dreef te kry en het onder meer in 1958, danksy die aktiewe deelname van die jong staflede, twee rugbyspanne in die Boland se tweede en derde ligas ingeskryf en heel goed gevaar.

30. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p. 21.
31. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p. 21.
32. O.O. Snyman: Herinneringe, p.27.

Intussen het die manne deur middel van kermisse, danspartye en konserte geld ingesamel om die nodigste sportuitrusting aan te koop en darem besoekende spanne te kon onthaal.[33]

Die Akademie was op Saldanha nie aan die Universiteit van Stellenbosch se rooster gebonde nie en kon dus die Akademiese jaar indeel om sy behoeftes ten opsigte van akademiese onderrig en militêre opleiding ten beste te pas. Deur die Universiteit se twee kort vakansies (April en September), wat te kort vir sinvolle militêre opleiding was, tot langnaweke te verkort, het kol. De Vos die wintervakansie met 'n week verleng. Dit het beteken dat die studente drie weke onafgebroke militêre opleiding kon ondergaan en dan twee weke vakansieverlof voor die tweede semester kon geniet.[34] Ofskoon die presiese indeling van die akademiese jaar daarna in 'n mate gewissel het, onder andere deur dit vroeër as op Stellenbosch te laat begin, het die beginsel voortaan dieselfde gebly, naamlik om tussen die semesters langer tyd vir onafgebroke militêre opleiding (d.w.s vir die bywoning van militêre kursusse) by die opleidingsinrigtings van die onderskeie weermagsdele te skep.[35]

Die Tweede-in-Bevel van die Akademie, 'n beroepsoffisier wat om die beurt deur die weermagsdele verskaf is, was verantwoordelik vir die militêre opleiding van die studente gedurende die akademiese semesters.[36] Dié opleiding het inhoudsgewys maar dieselfde patroon as op Stellenbosch gevolg, behalwe dat die week só ingerig kon word daar meer tyd vir militêre opleiding ingeruim kon word en die studente hulle nou in 'n militêre milieu bevind het, met voltydse militêre instrukteurs en die wakende oog van Akademie-sersant-majoor, A.O.1 Snyman, wat gesorg het dat militêre dissipline gehandhaaf word en hulle voortdurend op hul tone bly. Die weeklikse akademiese rooster vir die tweede- en derdejaars is so ingedeel dat alle klasse teen Donderdag afgehandel was, sodat die opleidingsoffisiere die hele Vrydag, asook Saterdagoggend vir militêre en liggaamlike

33. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 129, brief VSH1/12/11, VSH – KG, 2 Julie 1957; SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 4, inlae 127, brief IG/K47, IG – KG, 4 Julie 1957; SANWA, KG K39 L68, KG/GM/5/4 vol. 5, inlae 82GG, memorandum G/TRG/18/0, Bev. Mil. Akad. – AG en KMG, 31 Oktober 1961; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p. 21.

34. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 22, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 19 Augustus 1957; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 58, brief AG(3)1906/9, AG - Bev. Mil. Akad., 11 November 1957.

35. Vergelyk SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 56, brief AG599/2/2/4, AG – KG, 7 Junie 1962; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 59, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG - AG, 29 Junie 1962; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 35, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 7 Augustus 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 45, brief AG599/2/2/4, AG – Bev. Mil. Akad., 29 Oktober 1964.

36. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965, p.7."

opleiding kon benut. Dit het ook die lugmagstudente in staat gestel om Vrydae per Dakota na Ysterplaat en Youngsfield vir vlieg- en navigasieopleiding te vertrek.[37] Die studente van al drie weermagsdele het die meeste van hul Saterdagoggende op die paradegrond deurgebring, waar hulle onder A.O.1 Snyman se bekwame hand gesamentlik hul dril- en paradewerk opgeknap het. Vrydae is aan weermagsdeelspesifieke opleiding bestee en Woensdagmiddae aan verpligte sport en liggaamlike opleiding.[38]

'n Nuwigheid wat in 1958 in die opleidingsprogram van die derdejaarlugmagstudente ingevoer is, was 'n praktiese navigasieopleidingsessie deur middel van 'n vliegtoer deur die Unie net ná die November-eksamen. Die idee was enersyds om die studente oefening in navigasie in onbekende gebiede te gee en andersyds om hulle met die belangrikste vliegvelde en industriële sentrums in die Unie vertroud te maak. Die toer het só suksesvol uit die oogpunt van navigasieopleiding geblyk, dat dit 'n jaarlikse instelling geword het. Die nutswaarde van die toer is daarby van 1960 af uitgebrei, deurdat die leër- en-vlootderdejaarstudente en die dosente ook (as passasiers) daarby betrek is. Afgesien van die oriëntasiewaarde wat die toer vir laasgenoemde twee studentegroepe ingehou het, is die toer só gereël dat die derdejaars, spesifiek die leërstudente, verskeie historiese slagvelde kon besoek om die terrein eerstehands te evalueer. Sodanige slagveldtoer was by die leërstudente se leerplan ingesluit en dit was dus sinvol om die twee toere te kombineer om koste te bespaar. Daarby het dit terselfdertyd die derdejaars van die Lugmag en die Vloot die geleentheid gebied om kennis oor historiese Suid-Afrikaanse veldslae en slagvelde in te win.[39]

Die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie wat kol. De Vos in 1957, na aanleiding van sy waarnemings in die buiteland, op 'n eksperimentele basis ingestel het om die ontwikkeling

---

37. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 22, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – LSH, etc., 19 Augustus 1957; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 58, brief AG(3)1906/9, AG - Bev. Mil. Akad., 11 November 1957; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 18, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1960, 31 Maart 1961; O.O. Snyman: Herinneringe, pp.26 - 27.

38. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 138, brief G/TRG/2/3, Bev. Mil. Akad. – AG, 11 November 1959.

39. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 147, brief G/TRG/6/2/VT, Bev. Mil. Akad. – AG, etc., 22 Februarie 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 26, brief AG(3)1906/9, AG – KG, 14 Augustus 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 28, brief AG(3)1906/9, AG – Bev. Mil. Akad., 22 September 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 43, brief G/TRG/6/2/VT, Bev. Mil. Akad. – VSH, etc., 21 Oktober 1960; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 1, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad.- LSH, 11 Januarie 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 109a, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1964, 14 Desember 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 17, G/TRG/6/2/VT vol. 3, inlae 1, brief G/TRG/6/2/VT, Bev. Mil. Akad.- HWA, 3 Augustus 1966.

van leierskap by kandidaatoffisiere te bevorder, het goed gewerk. 'n Komitee onder voorsitterskap van die Inspekteur-generaal wat dié stelsel in Oktober 1957 bespreek het, het gevolglik aanbeveel dat daarmee voortgegaan word. Kol. De Vos het daarop in opdrag van die Adjudant-generaal 'n uiteensetting van die beoogde bevelstruktuur en die funksionering daarvan voorgelê,[40] maar nooit 'n antwoord ter goed- of afkeuring daarvan gekry nie. Hy dit gevolglik op eie houtjie van 1958 af geïmplementeer.[41] Die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie het bestaan uit 'n Vaandrig, met 'n Tweede Vaandrig en drie Groep-offisiere onder hom, almal deur die Bevelvoerder uit die geledere van die derdejaars aangestel. Die Vaandrig het vir 'n volle semester gedien, terwyl die res almal vir drie maande aangestel is. Die Vaandrig was direk aan die Tweede-in-bevel van die Akademie verantwoordelik vir die interne administrasie en dissipline van alle kandidaatoffisiere. Hy moes toesien dat die studente alle Akademie-orders en –instruksies uitvoer en was in beheer van alle parades by die Akademie wanneer daar nie 'n offisier teenwoordig was nie. Hy was verder verantwoordelik vir die byhou van 'n diensrooster vir "Diensoffisiere" en "Dienssersante," die aanstelling van klasleiers en die verdeling van die kandidaatoffisiere in drie groepe, oor wie die Groep-offisiere dan onder sy toesig beheer uitgeoefen het. Hy het ook as skakel tussen die studente en die Bevelvoerder opgetree en alle versoeke, voorstelle en dies meer van die studente as 'n groep deur die Tweede-in-Bevel aan die Bevelvoerder oorgedra. Die Tweede Vaandrig het hom bygestaan en het in sy afwesigheid namens hom opgetree. Die Groep-offisiere se hooftaak was om toe te sien dat die studente se uniforms te alle tye netjies was, dat hulle flink en militêr in hul optrede was en dat hul slaapkwartiere aan die kant was. Die klasleiers het die klasse op aandag geroep met die aankoms van die dosente, die sterkte van die klas gerapporteer en die redes vir afwesigheid, indien enige, verstrek. Hulle het weer die klas op aandag geroep wanneer die dosent aan die einde van die lesing die lokaal verlaat het. Hulle was ook verantwoordelik vir die dissipline van die verskillende klasse en het die studente van een gebou na 'n ander, of van een parade na 'n ander, laat marsjeer. Die diensoffisiere is uit die geledere van die derdejaars aangestel en die dienssersante uit dié van die tweedejaars.[42] Kol. De Vos het aanvanklik beplan dat die lede van die

---

40. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 6, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG - Bev. Mil. Akad., 22 Januarie 1958; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 98, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 8 Februarie 1958.

41. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 149, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 26 Februarie 1960; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 35, brief G/TRG/1/1 oor G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 19 Maart 1962.

42. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 98, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 8 Februarie 1958.

Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie onderskeidende rangkentekens (armbande) sou dra, maar het dit nooit geïmplementeer nie, omdat dit pertinent van owerheidsweë afgekeur is.[43]

Kol. De Vos het in Februarie 1960 goedkeuring van owerheidsweë versoek om onderskeidende kentekens in te stel om die drie studentejaargroepe, wat almal kandidaatoffisiere was, van mekaar te onderskei na aanleiding van die gebruik oorsee, waar "such distinguishing insignia are common practise in the long established ... academies."[44] Sy motivering was dat dit vordering na 'n senior status geïmpliseer het en dus as 'n aansporing vir die studente kon dien. Dit sou na sy mening ook voortdurend die senior studente daaraan herinner dat hul senior status van hulle vereis het om 'n voorbeeld vir die junior groep(e) te wees. Verder sou die jaargroepkentekens tydens resesbesoeke aan ander opleidingsinrigtings die derdejaarkandidaatoffisiere, wat reeds in hul vierde opleidingsjaar was, van die meer junior kortdienskandidaatoffisiere onderskei. Die bedoeling was voorts dat die jaarlikse statusverhoging sou help om die derdejaars voor te berei vir hul kommissie-aanstellings, aangesien hulle met die verwerwing van hul grade direk as luitenante aangestel is, sonder die gebruiklike voorbereidende tussenninstap van tweede-luitenant.[45] Die beoogde onderskeid tussen die verskillende jaargroepe was dus inderwaarheid 'n uitbreiding van kol. De Vos se idee van die progressiewe ontwikkeling van leierskap by die studente oor hul drie studiejare. Dit sou naamlik in 'n sekere sin die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie aanvul, deurdat dit al die tweede- en derdejaars in leierskapposisies teenoor hul onderskeie junior jaargroepe sou plaas en hulle die geleentheid sou bied om hul leierskapvaardighede te ontwikkel.

Die Kommandant-generaal het na 'n lang gesloer uiteindelik in Mei 1961 kol. De Vos se versoek goedgekeur, waarop daar vanweë die Weermag se uitgerekte verkrygingsproses bykans nog 'n jaar verloop het, voordat die kentekens uiteindelik in Maart 1962 beskikbaar was.[46] Die kentekens was in die vorm van een, twee of drie horisontale balkies[47] van vergulde metaal wat die studente op hul voorarms, tussen die mouboordjie en die elmboog,

43. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 149, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 26 Februarie 1960.
44. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 3, brief G/SD/13/4 oor A/ADM/5/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 26 Februarie 1960.
45. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 3, brief G/SD/13/4 oor A/ADM/5/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 26 Februarie 1960.
46. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 18, brief ORD151/308/4, KMG - Bev. Mil. Akad., 4 Mei 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 34, brief ORD151/308/4, KMG - Bev. Mil. Akad., 12 Maart 1962.
47. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 169B, brief G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 7 April 1960.

gedra het.[48] Die derdejaarbalkies het egter verval toe Verdedigingshoofkwartier teen Januarie 1963 besluit het om die studente na suksesvolle aflegging van hul tweedejaar tot assistent-veldkornette[49] te bevorder. Die balkies was oorbodig, aangesien die derdejaars se rangkentekens hulle van die twee junior groepe onderskei het.[50] Verder was dit klaarblyklik slegs die leërstudente wat die balkies gedra het. Die jaargroepbalkies is uiteindelik in 1983 afgeskaf "as gevolg van onkonsekwente toepassing en aangesien daar geen behoefte bestaan [het] vir die dra van die balke onder die studente nie."[51] Dit is egter teen die einde van 1990 op versoek van beide die studente en die Akademie-personeel opnuut ingestel en wel vir al drie jaargroepe van al die weermagsdele, met dien verstande dat dit net op die Akademie-terrein gedra word. Afhangende van die tipe uniform, is dit óf soos voorheen op die voorarm, óf op die regterbors gedra.[52]

Die Akademiese onderrig van die tweede- en derdejaars het ook sy normale verloop op Saldanha geneem, eers in die primitiewe fasiliteite op Malgaskop en van 1959 af in die nuwe gebouekompleks aan die voet van die kop. Die enigste vroeë haakplek was dat die Akademie-biblioteek vanweë 'n gebrek aan geskikte ruimte op Malgaskop aanvanklik op Stellenbosch agtergelaat moes word. Dit het uiteraard baie gou geblyk dat akademiese studie sonder 'n biblioteek haas onmoontlik was en daar moes vinnig geïmproviseer word om 'n tydelike tuiste vir die biblioteek in 'n ongebruikte eetkamer op Malgaskop te skep.[53]

'n Geringe uitbreiding in die administratiewe taak van die Akademie het in 1960 plaasgevind, toe hy met die administrasie van die opleiding van militêre ingenieurstudente op Stellenbosch belas is. Die Vloot het teen 1958 'n behoefte aan die opleiding van

---

48. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 18, brief ORD151/308/4, KMG - Bev. Mil. Akad., 4 Mei 1961.

49. Die range tweede-luitenant en luitenant in die Leër is in Maart 1960 na onderskeidelik assistent-veldkornet en veldkornet verander. Dié verandering was 'n uitvloeisel van F.C. Erasmus se beleid om historiese Suid-Afrikaanse (d.i. Afrikaner-) range in die UVM te laat herleef. (L. Jooste: **FC Erasmus as Minister van Verdediging**, 1948 – 1959, pp.30 – 35.)

50. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 68, brief G/SD/13/5, kmdt. A. Barnard – maj. R.F. Holtzhauzen, 21 Julie 1967.

51. Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/11 vol. 2, inlae 44, brief MA/406/11, Bev. Mil. Akad. - HSP, 30 Januarie 1984.

52. Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/11 vol. 3, inlae 8, brief MA/R/406/11, Bev. Mil. Akad. - HSP, 19 Junie 1990; Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/11 vol. 3, inlae 15, brief HSP/DBO/B/406/11, HSAW (HSP) - HSL, 7 September 1990; Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/11 vol. 3, inlae 15, memorandum HSL/DLB/B/406/11, HSL - HSP, 11 Oktober 1990; Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/11 vol. 3, inlae 22, memorandum HSP/DBO/B/406/11, HSP (DPO) – Bev. Mil. Akad., 30 Oktober 1990.

53. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1, inlae 34, seinberig MA131, Bev. Mil. Akad. – KMG, 25 Maart 1958.

ingenieur- en elektrotegniese offisiere ondervind wat onder meer gespruit het uit Suid-Afrika se oorname van die vlootbasis en skeepswerf op Simonstad by Brittanje in 1957 en die take wat die SA Vloot met die onttrekking van die Britse militêre en burgerlike ingenieurs daar moes oorneem. Waar die SA Vloot vroeër gekeurde adelborste na vlootinrigtings in Brittanje gestuur het vir opleiding as ingenieur- en elektrotegniese offisiere, is daar van owerheidsweë besluit dat dit tyd geword het dat Suid-Afrika ook in dié opsig in sy eie behoeftes voorsien.[54] Die Departement van Verdediging het gevolglik met ingang van 1960 'n ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch aangegaan waarvolgens 'n aantal adelborste jaarliks vir die vyfjarige B.Sc.-graad in ingenieurswese op Stellenbosch ingeskryf het. Hulle sou al vyf studiejare op die moederkampus deurbring, maar sou deur die Militêre Akademie op dieselfde wyse as die militêre eerstejaars op Stellenbosch geadministreer word. Twaalf kandidate sou in 1960 tot dié kursusse toegelaat word, waarna die getal jaarliks volgens behoefte en Tesouriegoedkeuring bepaal sou word. Twee van hulle is in 1960 saam met die ander militêre eerstejaars in Crozierhuis gehuisves, terwyl die ander tien in 'n ander privaatkoshuis, Westhof, geakkommodeer is.[55] In Oktober 1961 het die Minister van Verdediging goedkeuring verleen dat die Leër en Lugmag ook elk 'n paar kandidate vir die B.Sc.(Ing.)-kursus kon inskryf.[56]

Die Akademie se beheer oor die B.Sc.(Ing.)-studente op Stellenbosch, sowat 200 km van Saldanha af, was, soos die geval met die eerstejaars voor hul verskuiwing na Saldanha, problematies. Volgens kol. De Vos het die stelsel van "slegs periodieke weeklikse besoeke" aan hulle nie hul behoefte aan "militêre gebondenheid en –leierskap (sic.)" bevredig nie, wat moontlik daartoe bygedra het dat hul motivering laag was en baie van hulle voor of ná voltooiing van hul studie uit die Weermag bedank het.[57] Die Akademie se

54. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 22, brief VSH/3/15, VSH –KG, 30 Augustus 1958; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 9, inlae 2, brief AG(1)184/43, Wnd. AG – Sekr. van Verd., 17 Oktober 1959; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 9, inlae 6, brief DC26/3/1, Sekr. van Verd. – Sekr. van die Tesourie, 26 November 1959.

55. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 9, inlae 7, brief DC26/3/5(S), Sekr. van Verd. - AG, g.d.; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 9, inlae 19, brief Losies/1960, Registrateur US - AG, 5 Januarie 1960; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 9, inlae 34, brief AG(3)1906/9/1, AG – Bev. Mil. Akad., 29 Februarie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 108, brief AG(1)184/143(Vol 2), Wnd. AG - VSH en Bev. Mil. Akad., 4 Desember 1959.

56. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 37, brief AG599/2/2, Wnd. AG – KG, 18 September 1961; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 40, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG - AG, 31 Oktober 1961.

57. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 160, Q/ACCN/1/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – H. Personeel en H Vloot, 19 November 1968.

beheer oor dié studente het in Mei 1969 ten einde geloop, toe die SA Vlootkollege op Gordonsbaai verantwoordelikheid vir hul administrasie aanvaar het.[58]

Die eerste tradisies van die Akademie het ook reeds in hierdie beginjare gevestig geraak. Een van die vroegstes was die jaarlikse amptelike opening van dié akademiese jaar op die eerste dag van die eerste semester. Dit het in die ouditorium plaasgevind en die vorm van 'n kort kerkdiens en 'n openingsrede deur 'n hoogwaardigheidsbekleër van die Weermag of die Universiteit aangeneem.[59] Dit was klaarblyklik ook reeds in die sestigerjare dat 'n erekode vir die Akademie beslag gekry het wat die eerstejaars (en nuwe staflede) jaarliks met hul toelating tot die Akademie as 'n plegtige belofte moes aflê.[60] Kmdt. J.F.J. Kirsten (dosent in Publieke Administrasie (Mil.)) het in 1980 dié erekode in opdrag van brig. Mulder herskryf en verkort. Die herskryfde erekode (waarvan ook 'n Engelse vertaling beskikbaar was), het die hoofgedagtes van die oorspronklike weergawe behou en het (na enkele latere wysigings[61]) soos volg gelui:

> "Ek verklaar my bewustheid van die waardige tradisie van die Suid-afrikaanse Weermag en die groot eer en geleentheid my gebied met toelating tot die Militêre Akademie.
>
> "Ek onderneem om as lid van die Militêre Akademie hierdie bewustheid met die hoogste standaard van integriteit, lojaliteit, gehoorsaamheid en trou uit te leef.
>
> "Ek gee aan God die hoogste eer en aanvaar Hom as die hoogste gesag oor my lewe en Sy Woord as my finale lewenskode.
>
> "Ek beloof om nooit my eie voordeel te soek nie, maar [my taak en plig met ywer, toewyding en verantwoordelikheid uit te voer en] my altyd te beywer vir die hoogste heil van my land, die Republiek van Suid-Afrika.

---

58. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1/2 vol. 3, inlae 90, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – mev. A.S. Bornman, 20 Mei 1969.
59. Vergelyk SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 78, brief A/CER/5/2, Bev. Mil. Akad. - AG, 12 Desember 1960.
60. Mil. Akad. Argief, "Erekode Militêre Akademie", g.d.; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-5.
61. Die gedeelte in tekshakies is later bygevoeg, terwyl die sin waarin dit voorkom aanvanklik die een wat begin met "Ek gee aan God..." voorafgegaan het – vergelyk bewoording soos afgedruk aan die binnekant van die voorblad van die **Militêre Akademie Jaarblad 1980**.

> "My leuse sal steeds wees: Ek glo in God! Ek glo in my Land! Ek glo in my Volk! En ek glo in Myself!"[62]

Die Militêre Akademie het in 1964 met die medewerking van lt.kdr. (later k.door) C.J. de Villiers, destyds dosent in Seenavigasie[63] aan die Akademie, ook 'n eie eenheidslied ryker geword.[64] Sy vader, die alombekende komponis van die Stem van Suid-Afrika, ds. M.L. de Villiers, het naamlik deur sy bemiddeling ingewillig om die woorde (Afrikaans en Engels) en musiek vir 'n Akademie-lied te skryf.[65] Dié Akademie-lied egter nooit inslag gevind nie, klaarblyklik omdat dit moeilik singbaar was. Dit het mettertyd heeltemal in onbruik verval. Brig. (later genl.maj.) F.S. Mulder, 'n latere Bevelvoerder van die Militêre Akademie, het in 1980 die halfvergete Akademie-lied weer opgediep en opnuut probeer om dit te populariseer. Hy het in dié proses vir mnr. D.J. de Villiers, 'n seun van ds. M.L. de Villiers, genader om dit te herskryf en "met vrolike marsritme"[66] meer singbaar te maak. Mnr. De Villiers het daarop die bewoording van die lied ingrypend herskryf en dit opnuut getoonset. Die destydse kapelaansvrou van die Akademie, mev. Pamela Ulyate het die Engelse vertaling dienooreenkomstig aangepas.[67] Die nuwe bewoording het soos volg gelui:[68]

**AKADEMIE-LIED**

Deur seë half omsluit
Aan land en grond geheg,
Niks sal ons stuit,
Ons ken geen perk,
Ons vir jou Suid-Afrika.

"Akademie" spel ontsag;
Mooi Disa op ons vlag
Wek dadekrag,
En slagspreuk sterk.
Spoor aan tot edel werk.

Ons Leër, Vloot, ons Lugmag
Dis drievoud reusekrag.

**ACADEMY SONG**

Overlooking our fair sea
We stand on land so free;
Steadfast to God and those we serve -
O, South Africa, dear land.

Fair Disa on our flag
Spur us on to nobler deeds;
Armed with knowledge true and will to do -
The Academy, our pride.

We're Army, Navy, Air Force
United in one cause;

---

62. Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-6.
63. E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, pp.83, 84.
64. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 5, ongenommerde brief, D. de Villiers – brig. F.S. Mulder, 11 Februarie 1980.
65. Mil. Akad. Argief, Akademie-lied, M.L. de Villiers, 1964.
66. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 4, ongenommerde brief, Bev. Mil. Akad. – D. de Villiers, 2 Februarie 1980.
67. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 5, ongenommerde brief, D. de Villiers – brig. F.S. Mulder, 11 Februarie 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 6, ongenommerde brief, Bev. Mil. Akad. - D. de Villiers, 27 Maart 1981; Mil. Akad. Argief, Akademie-lied, D.J. de Villiers, 1980; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-7.
68. Mil. Akad. Argief, Akademie-lied, D.J. de Villiers, 1980; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-7.

Kom vorentoe, bly staan jou man!
Laat almal weet – jy kan!

Come, onward then;
Stand to a man!
The world shall know - you can!

Alhoewel die nuwe Akademie-lied meer singbaar was, was die informele "Studentelied", wat ook sy oorsprong in die sestigerjare gehad het, veel gewilder. Dié lied, waarvan die bewoording deur die jare geringe wysigings ondergaan het, was op die meesleurende *US Marines' Song*, gebaseer. Dit is teen 1985 ook in Afrikaans[69] vertaal, maar die Afrikaanse vertaling het nooit juis byval gevind nie.[70] Die bewoording van die Studentelied het soos volg geklink:[71]

**STUDENTS' SONG**

From the shores of Cape Agulhas
to the Northern Bushveld trees
We will fight our countries battles -
in the air on land or sea.

<u>Chorus</u> - (twice)

We will fight for right and freedom
We will keep our honour free
We are proud to claim the title
of the Mil Academy.

**STUDENTELIED**

Van die kus van Kaap Agulhas
Tot die Noord-Transvaalse sand
Sal ons onverskrokke opereer
In die lug, op see of land.

<u>Refrein</u> - (2 maal)

Ons sal veg vir volk en vryheid
Waar ons met die vyand bots
Militêre Akademie
is die eenheid van ons trots.

'n Tradisie wat uit die dae van die SA Militêre Kollege na Stellenbosch en Saldanha oorgedra is, was die jaarlikse voorstellingsparade, waartydens die derdejaars seremonieel hul rangkentekens ontvang het en van die Militêre Akademie afskeid geneem het. Dit was 'n swierige parade met orkesbegeleiding, waarheen naas militêre gaste en die familielede van die kandidate ook burgerlike hoogwaardigheidsbekleërs, insluitende buitelandse militêre attachés, uitgenooi is. Die geleentheidsrede is gewoonlik deur die Minister van Verdediging, die Kommandant-generaal of 'n ander opperoffisier gelewer.[72] Die beste

---

69. Mil. Akad. (lopende argief), MA/B/522/1/9102 vol. 4, inlae 12, notule van Bevelvoerderskonferensie, 3 Oktober 1984; Mil. Akad. (lopende argief), MA/B/522/1/9102 vol. 4, inlae 25, notule van Bevelvoerderskonferensie, 13 Maart 1985.
70. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/1 vol. 1, inlae 44, afdruk van liedere by Mil. Akad. gesing, 21 April 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 4, ongenommerde brief, Bev. Mil. Akad. – D. de Villiers, 2 Februarie 1980; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-8.
71. Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-8.
72. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 19, brief A/CER/5/2 oor A/PERS/1/1 en A/MED/1/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 28 Augustus 1958; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 36, seinberig

derdejaarstudent (akademies en militêr) het ook by hierdie geleentheid die Militêre Akademie-eresabel ontvang,[73] nog 'n tradisie wat sy oorsprong aan die SA Militêre Kollege gehad het. Dié tradisie is in 1958 verder uitgebrei, toe die Kommandant-generaal op versoek van kol. De Vos toestemming verleen het dat die weermagsdeelhoofde elk 'n trofee aan die Akademie kon skenk om jaarliks aan die beste student van hul onderskeie weermagsdele toe te ken.[74] Sedertdien word die C.F. Beyers-, Ad Astra- en SA Vloot-wisseltrofee jaarliks tydens die voorstellingsparade onderskeidelik aan die beste Leër-, Lugmag- en Vlootstudent oorhandig.[75] Met die totstandkoming van die SA Geneeskundige Diens (SAG.D.) as afsonderlike weermagsdeel, word die Geneesheer-generaal wisseltrofee sedert 1983 jaarliks aan die beste SAG.D.-student toegeken.

'n Ander tradisie wat reeds in hierdie tyd posgevat het, was om gereeld vooraanstaande akademici, asook leiersfigure uit die sakewêreld, op kultuurgebied en vele ander terreine as besoekende sprekers na die Akademie uit te nooi om lesings oor sake van opvoedkundige of aktuele belang te gee. Langs dié weg is gepoog om Saldanha se geografiese isolasie te verbreek en die studente oor 'n breër boeg as bloot hul graadstudie en militêre opleiding op te voed. Dit het ook die gebruik geword om die Kommandant-generaal en ander senior offisiere uit die verskillende vertakkinge van die Weermag uit te nooi om die studente oor nuwe ontwikkelinge in die Weermag in te lig en hulle oor die algemeen in voeling met hul

---

A1270, AG - Bev. Mil. Akad., 16 Oktober 1958; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 49, voorgestelde seremonie tydens voorstellingsparade by Militêre Akademie op 11 Desember 1958, met KG se handgeskrewe goedkeuring daarop, 11 November 1958; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 2, A/CER/5/2/15(1966/1967) vol. 2, inlaes 63 – 65, briewe van VSA leërattaché, Britse Verdedigingskakeloffisier en Franse militêre attaché - Bev. Mil. Akad., 12, 8, en 9 Desember 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 2, A/CER/5/2/15(1966/1967) vol. 2, inlae 69, brief A/CER/5/0 oor A/CER/5/2/15, kmdt. A. Barnard – maj. H.J. de Wet, 11 Augustus 1967.

73. SANWA, KG K39 L67, HGS/GM/5/3(1957), notule van Generale Staf-konferensie, 19 November 1957; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 97, brief KG/GPT/1/3/1 oor KG/GPT/1/3/1/1, KG – LSH, etc., 31 Januarie 1958; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 80, brief A/PERS/42, Bev. Mil. Akad. – AG, 6 Januarie 1961; Lys van eresabelwenners, hoofingang, Militêre Akademie. (Die eresabel is onder die Stellenbosch-bedeling toegeken inderwaarheid vir die eerste keer in 1958, maar is later ook aan die beste student van 1957 – die jaar wat die eerste groep Akademie-studente onder die Universiteit van Stellenbosch gegradueer het – toegeken.

74. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 4, ongenommerde memorandum, kol. P.J.G. de Vos – KG, 17 Januarie 1958; SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 97, brief KG/GPT/1/3/1 oor KG/GPT/1/3/1/1, KG – LSH, etc., 31 Januarie 1958; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 80, brief A/PERS/42, Bev. Mil. Akad. – AG, 6 Januarie 1961.

75. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 84, brief A/PERS/42, Bev. Mil. Akad. – AG, 6 Januarie 1961; Lys van trofeewenners, hoofingang, Militêre Akademie. (Die C.F. Beyers-trofee is in 1960 vir die eerste keer toegeken, by welke geleentheid daar nog nie trofeë vir die Lugmag en die Vloot beskikbaar was nie. Te oordeel aan die name op die ererol is al drie trofeë uiteindelik terugwerkend tot 1957 toegeken, toe die eerste groep Akademie-studente onder die Universiteit van Stellenbosch gegradueer het.)

beroep te hou.[76] Sekerlik die bekendste besoeker aan die Militêre Akademie in hierdie tyd was die beroemde veldmaarskalk die burggraaf Montgomery van Alamein, KG, GCB, DSO, wat op 12 Februarie 1963 'n besoek aan die Akademie gebring het.[77]

Naas sy eerste paar tradisies, het die Akademie gedurende sy vestigingsjare op Saldanha ook 'n eie eenheidsvlag ryker geword. Kol. De Vos het reeds in Maart 1958 'n voorgestelde ontwerp vir 'n Akademie-vlag aan die Kommandant-generaal voorgelê, maar het eers in April 1960 verneem dat dit deur die Minister van Verdediging goedgekeur is. Die vlag het bestaan uit drie ewe groot horisontale bane in die kleure van die drie weermagsdele, met die rooi van die Leër bo, die ligte blou van die Lugmag in die middel en die Vloot se donker blou aan die onderkant. In die middel van vlag het die Akademie-wapen (Disa), met die wapenspreuk (*Discendo Armemus*) daaronder, in wit verskyn. Die Kwartiermeester-generaal het die vlag in Brittanje laat maak en die eerste eksemplare daarvan het eers in Oktober 1962 aan boord van die CLAN SUTHERLAND in Tafelbaai aangekom.[78] Synde 'n belangrike seremoniële eenheidsimbool, het die verkryging van 'n eie vlag saam met die vestiging van sy eerste vaste gebruike en tradisies meegehelp om stadig maar seker 'n eie identiteit aan die Akademie as selfstandige eenheid te verleen. Die groot leemte was egter steeds die gebrek aan 'n eie uniform en kentekens.

---

76. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 32, Q/ACCN/1/2 vol. 1, inlae 105, brief Q/ACCN/1/2, Bev. Mil. Akad. – KMG, 15 September 1959; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 34, brief G/TRG/14, Bev. Mil. Akad. – KG, 8 Maart 1961; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 18, brief G/TRG/14, Bev. Mil. Akad. – KG, 13 Maart 1961; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 28, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG – Adj.-KG, etc., 28 Maart 1961; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 30, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG – Bev. Mil. Akad., 22 Junie 1961; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 30A, ongedateerde, ononderteкende memorandum.

77. Brief B.L. Montgomery – P.J.G. de Vos, 13 Februarie 1963, afgedruk in P.J.G. de Vos: Herinneringe, p.58.

78. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1, inlae 5, brief A/CER/4, Bev. Mil. Akad. – KG, 19 Maart 1958; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1, inlae 11, brief ORD151/308/6 oor ORD181/21, KMG - Bev. Mil. Akad., 6 April 1960 ('n kopie van dié brief met 'n skets van die vlag daarby aangeheg is te vinde in Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/402/2/38/4 vol. 1, inlae 32); SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1, inlae 21, brief ORD95/349/12 , KMG - Bev. Mil. Akad., 23 September 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1, inlae 23a, brief Notn A1/23659, Administration Counsellor, Londen, Sekr. van Verd., g.d. (1962); SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1, inlae 25, seinberig KRY/ORD/391/62, KMG - Bev. Mil. Akad., 3 Oktober 1962.

## 4.3 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE FAKULTEIT KRYGSKUNDE, 1961

Soos in hoofstuk 3 vermeld, was kol. De Vos se heel eerste aanbeveling na afloop van sy besoek aan die buitelandse militêre akademies dat kandidate vir die Militêre Akademie direk van die skoolbanke af gewerf en die volle vierjarige kandidaatoffisierskursus by die Akademie aangebied moes word. Hy het egter "toentertyd ... besef dat die tyd vir soiets (sic.) nog NIE ryp is NIE en ... [hom] toe veral ingespan om die mindere doelwit naamlik al drie Akademiejare op SALDANHA goedgekeur te kry."[79] Hy het gevolglik in Mei 1957 opnuut vertoë tot die Kommandant-generaal gerig om stappe te doen om die eerstejaaropleiding van die militêre studente ook van Stellenbosch na die Akademie te verskuif. Sy hoofargument was dat die opleiding van die kandidaatoffisiere vanweë die verspreiding daarvan by die gimnasiums, die Universiteit van Stellenbosch en die Akademie, só gebroke van aard was dat dit nie met doelgerigte offisiersopleiding en -vorming in die idioom van 'n tradisionele militêre akademie gestrook het nie:

> "Die gevolg van hierdie beleid is dat die opleiding van die toekomstige beroepsoffisier baie gebroke van aard is: een jaar aan 'n gimnasium waar basiese militêre kennis opgedoen word, een jaar aan die Universiteit van STELLENBOSCH (sic.) waar die kandidaatoffisier heeltemal uit die militêre atmosfeer is en aan min militêre pligte en dissipline onderworpe is, en dan twee jaar aan die Militêre Akademie waar militêre opleiding en pligte weer 'n integrale deel van die bedrywighede sal wees ... Die gebroke aard van hierdie kursus werk doelgerigte offisiersopleiding en leierskapvorming teen. Die ideaal sou wees om seuns direk van die skool 'n vierjarige offisierskursus aan een inrigting te laat deurloop. Waar dit ... onbetaalbaar duur sal wees, is die tweede beste oplossing dát kandidaatoffisiere vir die drie jaar na die Gimnasiumopleiding aan een inrigting kan studeer ... Die Militêre Akademie se roeping is NIE alleen om die nodige militêraangepaste (sic.) basiese kennis te verskaf nie, maar ook om leierskap te bevorder en na vore te bring. Hierdie tweede doel kan verwesenlik word deur die student oor 'n aantal jare progressief te bearbei. Aan die begin moet hy net leer om te gehoorsaam en om opdragte stiptelik uit te voer. Daar moet vir hom baie pligte, min

79. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 24, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Januarie 1964.

> verantwoordelikhede, behalwe teenoor homself en sy studie, en min voorregte wees. Gaandeweg moet daar ... meer gevorderde pligte van leierskap teenoor die eerstejaargroep aan die student oorgedra word, totdat hy in sy finale jaar baie verantwoordelikhede dra ... Gepaard met hierdie verantwoordelikhede sal ook 'n sekere mate van welverdiende voorregte verleen word ... deur die eerstejaarstudente op Stellenbosch te laat resideer ... (gaan) daar 'n wonderlike geleentheid van leierskapopleiding in al drie jare verlore ... Eerstens word die eerstejaar dan te min aan militêre dissipline en pligte onderwerp en tweedens ontneem dit die seniorjare (sic.) die geleentheid om [d.m.v. die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie wat in 1957 op 'n eksperimentele basis ingestel is] leierskap t.o.v. die eerstejaarsgroep te beoefen."[80]

Benewens hierdie filosofies-opvoedkundige rede, wat baie duidelik die stempel van sy waarnemings by West Point gedra het, het kol. De Vos ook 'n paar baie praktiese redes aangestip waarom dit gewens sou wees om die eerstejaaropleiding ook by die Akademie te laat plaasvind: tweedejaarstudente sou nie eerstejaarsvakke wat hulle op Stellenbosch gedruip het op Saldanha kon herhaal nie; sport en ander buitemuurse aktiwiteite, belangrike hulpmiddels by leierskapopleiding, sou ernstig deur 'n gebrek aan getalle gekortwiek word; "spontane goeie verhoudings" tussen die burgerlike studente en die militêre eerstejaars het ontbreek; die eerstejaars het baie werk en min vrye tyd gehad, sodat hulle nie werklik "vryelik uit die beskikbare bronne van kuns en kultuur" kon drink of die volle waarde van die "karaktervormende prosesse" op die kampus kon smaak nie; en, die klompie tweede- en derdejaarstudente alleen het kwalik die koste van die oprigting van duur fasiliteite op Saldanha geregverdig.[81]

Kol. De Vos was terdeë daarvan bewus dat die Minister van Onderwys vanweë "die baie universiteite in ons land" glad nie geneë sou wees om die Akademie deur wetgewing as 'n outonome, graadgewende inrigting tot stand te bring nie en dat die grade van só 'n inrigting "min aansien in die oë van die publiek" sou hê. Hy het gevolglik voorgestel dat, ten einde die probleem van een jaar verpligte residensie op Stellenbosch te oorkom, die Akademie op Saldanha deur middel van 'n private wetsontwerp tot 'n "geaffilieerde kollege" van die

80. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
81. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 5, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG

Universiteit van Stellenbosch geproklameer word.[82] "Almal in die Weermag" was dit volgens kol. De vos eens dat die eerstejaaropleiding ook na Saldanha moes verskuif, terwyl prof. Thom, sowel as die Visekanselier, dr. J.S. Gericke, aan hom laat blyk het dat hulle ook daarvoor te vinde was, mits aan sekere voorwaardes met betrekking tot vakkeuse en dies meer voldoen is.[83] Die militêre owerhede was egter nie in daardie stadium geneë om die verstandhouding met die Universiteit van Stellenbosch te verander nie en het kol. De Vos gelas om die Rektor so in te lig.[84] Wat dié besluit ten grondslag gelê het, is nie duidelik nie; miskien was dit bloot 'n geval dat die militêre owerhede eers die Akademie die geleentheid wou gee om behoorlik op sy voete te kom, voordat daar tot só 'n stap oorgegaan sou word.

Dit wil voorkom of kol. De Vos die yster by die Rektor gesmee het solank hy warm was en moontlik probeer het om Verdedigingshoofkwartier te omseil om sy doelwit om die volle graadkursus by die Akademie aan te bied, te bereik. Die Rektor het naamlik in September 1959 'n skrywe aan minister F.C. Erasmus gerig, waarin hy hom meegedeel het dat die universiteitsopleiding van die militêre studente mooi op dreef was, maar dat daar sekere aspekte daarvan was wat hy graag met hom persoonlik wou bespreek. Hy het genoem dat hy die saak reeds met kol. De Vos bespreek het en versoek dat laasgenoemde ook die voorgenome samesprekings in Pretoria op 29 Oktober bywoon. Die Minister het tot albei versoeke ingestem.[85] Of hy na dié samesprekings of 'n opvolg daarvan verwys het, is nie duidelik nie, maar kol. De Vos het in Desember 1959 in 'n skrywe aan die Kommandant-generaal melding gemaak van "die suksesvolle onderhoud wat u, die Sekretaris, die Rektor en ek met die Minister gehad het toe in beginsel saamgestem is dat die eerstejaarstudie van 1961 af ook op Saldanha moet plaasvind"[86] en versoek dat daar met reëlings in dié verband voortgegaan word.

Die Kommandant-generaal het daarop in Januarie 1960 sy adjunk, genl.maj. P.H. Grobbelaar, per seinberig gelas om 'n "voorlegging ... (op te stel) waarin gemotiveer word

82. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, 28 Mei 1957.
83. SANWA, AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vol. 8, inlae 87a, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KG, etc., 10 Januarie 1958.
84. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 23, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG – Dekaan Mil. Akad., 14 Junie 1958.
85. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 95, brief S/19, H.B. Thom – F.C. Erasmus, 9 September 1959; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 96, brief MV130, Privaatsekr. – H.B. Thom, 14 September 1959.
86. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 23a, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – KG, 4 Desember 1959.

waarom Akademie nodig is."[87] Uit die voorlegging wat die Adjunk-Kommandant-generaal ná beraadslaging met die drie weermagsdeelhoofde en die Adjudant-generaal[88] voorberei het, wil dit voorkom asof daar 'n verband tussen dié opdrag en kol. De Vos se vertoë insake die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha was. Die drie kernvrae wat Grobbelaar in sy voorlegging hanteer het, was naamlik of dit vir toekomstige offisiere nodig sou wees om oor 'n hoër akademiese opvoeding te beskik; indien wel, of sodanige opvoeding nie deur gevestigde instellings soos universiteite verskaf kon word nie; en, of die hoë koste van 'n onafhanklike militêre akademie deur die behoefte geregverdig en deur die eindproduk bevredig is.[89]

Grobbelaar het bevind dat al drie weermagsdele en die Adjudant-generaal dit eens was dat hoër akademiese opvoeding 'n vereiste vir toekomstige offisiere was. Aangesien sodanige opvoeding militêr toegepas moes wees en in 'n militêre atmosfeer aangebied moes word, kon dit nie deur burgerlike universiteite behartig word nie; die behoefte en die eindproduk het derhalwe wel die koste regverdig. Sy argumente oor die kwessie van die opvoeding van kandidaatoffisiere aan 'n burgerlike universiteit het kol. De Vos se pleidooi om die verskuiwing van die eerstejaars na Stellenbosch sterk ondersteun:

> "From a military point of view, university students are notoriously undisciplined, untidy, individualistic and liberal in their hair, thought and dress. For the civilian this is as it should be: this freedom of thought and expression stimulates new ideas and research on which depends the vitality of the nation. Nonetheless, it militates against the very tenets of the military structure. The military code, inherent in the structure, is international; it is rigid and dogmatic; it is intransigent and history proves that it can only be ignored at a nation's peril. Therefore it is NOT in the best interests of the military and of the country that candidate officers should receive their advanced academic training at an established university; and therefore it is intended that, in the very near future, the Military Academy will cater for the complete curriculum of the candidate officer."[90]

---

87. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 24, seinberig CT/32, KG – Adj.-KG, 19 Januarie 1960.
88. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 26, brief AG950/1, AG – Adj.-KG, 22 Januarie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 27, brief VSH3/15, Vloothoof – Adj.-KG, 23 Januarie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 29, brief G/SD/2, Leërhoof – Adj.-KG, 23 Januarie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 29, brief DGAF/SOA/818/202/Org, Lughoof – Adj.-KG, 23 Januarie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 30, brief KG/GPT/1/3/1, Adj.-KG – KG, 8 Februarie 1960.
89. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 30, brief KG/GPT/1/3/1, Adj.-KG – KG, 8 Februarie 1960.
90. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 30, brief KG/GPT/1/3/1, Adj.-KG – KG, 8 Februarie 1960.

Wat die koste van 'n onafhanklike Militêre Akademie betref, het Grobbelaar 'n belangrike filosofiese uitspraak gemaak, naamlik dat die regverdiging van 'n instelling soos die Akademie nie op finansiële gronde berus nie, maar wel op filosofiese gronde:

> "It would be an error to evaluate the services rendered by an institution in terms of cost per capita. One does NOT buy a particular type of commodity for the sole reason that it is cheaper than other types; one must consider whether it is suitable for the function envisaged ... The very existence of the Military Academy fulfils a dire national need; although the visible results would appear to be small relative to the cost, this disparity will decrease and eventually disappear as the Academy develops into full employment and as the young graduates effectively take their places in the military structure. It has the practical value explained above [i.e. to prepare officers for their complex role and functions], and, in addition, it is a symbol that we do not intend to lag behind the rest of the world in military science ..."[91]

Dit is duidelik uit sowel Grobbelaar se voorlegging, as die insette van die weermagsdeelhoofde, dat die filosofiese grondslae van 'n militêre akademie wat maj. Melt van Niekerk vroeër te midde van soveel teenkanting bepleit het, en waarop kol. De Vos wou voortbou na aanleiding van sy waarnemings in die buiteland, nou redelik wyd in die denke van die SA Weermag se opperbevel gevestig was. Die Leërhoof, veggeneraal[92] S.A. Engelbrecht, het egter in sy inset daarop gewys dat "an ancient and outmoded school of thought, which is still prevalent in uninformed quarters, maintain that the training of the officer ... is commensurate with and stretches only as far as the actual waging of war is concerned."[93] Daar was dus steeds 'n faksie in die offisierskorps wat afkerig teenoor graadstudie en dus ook teen die Akademie in sy onderhawige formaat gestaan het.

Kol. De Vos het aan die einde van Januarie 1960 op versoek van die Adjudant-generaal opnuut verduidelik waarom dit gewens was om die eerstejaars na Saldanha te verskuif. Hy het al sy vorige argumente herhaal en 'n paar nuwes bygevoeg. Hy het daarop gewys dat daar vroeër op "'n arbitrêre wyse" op 'n studente-inname van dertig per jaar besluit is en dat die Universiteit nie geneë was om losiesplek vir hoogstens een of twee meer as dié getal af te staan nie; daar was dus nie vir die Weermag ruimte om sy inname volgens behoefte op

---

91. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 30, brief KG/GPT/1/3/1, Adj.-KG – KG, 8 Februarie 1960.
92. Die rang generaal-majoor in beide die Leër en die Lugmag het in Desember 1959 (kort daarna herroep en in Maart 1960 weer ingestel) na veggeneraal verander. Dié verandering was 'n uitvloeisel van F.C. Erasmus se beleid om historiese Suid-Afrikaanse (d.i. Afrikaner-) range in die UVM te laat herleef. (L. Jooste: **FC Erasmus as Minister van Verdediging**, 1948 – 1959, pp.30 – 35.)
93. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 29, brief G/SD/2, Leërhoof – Adj.-KG, 23 Januarie 1960.

te skuif nie. Verder moes die tweede- en derdejaarlugmagstudente elke Vrydag per vliegtuig (Dakota) na Ysterplaat vir hul vliegopleiding geneem word, aangesien die Harvard-opleidingsvliegtuie ter wille van die eerstejaars daar gestasioneer is. Met die eerstejaars ook op Saldanha, kon al die opleiding na Langebaanweg verskuif, wat baie tyd en koste sou bespaar. Baie tyd en koste sou ook met die opleiding van die vlootstudente bespaar kon word, deurdat hulle hul opleiding op Saterdagoggende te SAS SALDANHA kon ondergaan en die geryery na Simonstad dus uitgeskakel kon word. Die eerstejaarsklasse sou natuurlik op Saldanha baie kleiner as op Stellenbosch wees, wat meer individuele aandag aan studente en dus hopelik 'n laer druipsyfer sou beteken. Baie tyd, geld en ongerief wat gepaard gegaan het met die heen-en-weer-ryery tussen Saldanha en Stellenbosch om die eerstejaars te administreer, sou ook bespaar kon word.[94] Die eerstejaars kon op Malgaskop gehuisves word, sodat daar geen addisionele boukoste sou wees nie. Laasgenoemde sou ook die stelsel van die "bevoorregting" van senior studente in die hand werk, deurdat hulle as tweedejaars na die beter akkommodasie aan die voet van die Kop kon trek. Ofskoon die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha die aanstelling van enkele addisionele personeellede (een hulpdosent en twee arbeiders) sou vereis, sou bogenoemde besparings, tesame met 'n aansienlike besparing op die universiteitsrekening (klasgelde, losies, ens.), aldus kol. De Vos, beteken dat die besparing inderdaad groter as die bykomende uitgawes sou wees.[95] Latere berekenings deur Verdedigingshoofkwartier het egter aan die lig gebring dat dit inderwaarheid die Staat £33.15.0 per jaar ekstra uit die sak sou jaag om die eerstejaars na Saldanha te verskuif.[96]

Die SA Weermag en die Universiteit van Stellenbosch het teen Augustus 1960 ooreengekom op 'n aantal voorwaardes waaronder die Universiteit bereid was om tot die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha in te stem. Dit het daarop neergekom dat die Militêre Akademie deur middel van 'n wysiging van die statuut van die Universiteit van Stellenbosch met ingang van 1 Januarie 1961 as 'n selfstandige fakulteit van dié Universiteit, naamlik die Fakulteit van Krygskunde, op Saldanha gevestig sou word.[97]

---

94. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 120A, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 30 Januarie 1960.
95. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 120A, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 30 Januarie 1960.
96. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 10, brief AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 22 Julie 1960.
97. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 125, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Sekr. van Verd., 8 Julie 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 130, brief DC46/9, Sekr. van Verd. - AG, 8 Augustus 1960; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 131, brief AG(3)1906/9, AG - Sekr. van Verd., 22 Augustus 1960; US Argief, Notule van die Raad van die

Ofskoon die statuutverandering 'n wetswysiging vereis het, was dit 'n blote formaliteit wat afgehandel kon word sodra die Parlement in 1961 in sitting gegaan het; die partye het dus nie nodig gehad om te wag totdat die wetswysiging deur die Parlement geloods is nie.[98] Nadat die nodige finansiële magtiging vir die verskuiwing van die eerstejaaropleiding na Saldanha verkry is,[99] het die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch gevolglik gedurende Januarie/Februarie 1961 'n amptelike ooreenkoms onderteken, ingevolge waarvan die Militêre Akademie met ingang van 1 Januarie 1961 amptelik as die volwaardige Fakulteit van Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch tot stand gekom het.[100] Die statuutwysiging wat volgens plan gedurende die Parlementsitting in 1961 deurgevoer[101] en in die Staatskoerant[102] gepubliseer is, het voorsiening gemaak vir die toekenning van die grade B.Mil., M.Mil. en D.Mil. in die Krygskunde.[103] Die Wet op die Universiteit van Stellenbosch is terselfdertyd sodanig gewysig dat Saldanha (oftewel die distrik Vredenburg) ook as setel van die Universiteit van Stellenbosch erken is.[104]

Die ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch het, soos maj. Van Niekerk destyds in Pretoria gepleit het, die verhouding tussen die twee partye behoorlik omskryf. Dit het woordeliks soos volg gelees:

> "Aangesien dit nodig geword het dat die betrekking tussen die Departement van Verdediging (hierna genoem die Departement) en die Universiteit van Stellenbosch (hierna genoem die Universiteit) in verband met die opleiding van studente in die Krygskunde, in belang van albei partye, duidelik gestel en behoorlik gereël word, kom die Departement en die Universiteit ooreen soos volg:

---

Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, p.201.

98. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 125, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Sekr. van Verd., 8 Julie 1960.

99. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 31, brief DC46/9(S), Sekr. van Verd. - AG, 27 September 1960.

100. Mil. Akad. Argief, Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960.

101. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 31, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 April 1961, p.114.

102. Republiek van Suid-Afrika: **Buitengewone Staatskoerant (Regulasiekoerant No. 16)**, Goewermentskennisgewing No. R.387, 11 Augustus 1961.

103. Statuut van die Universiteit van Stellenbosch. In Republiek van Suid-Afrika: **Buitengewone Staatskoerant (Regulasiekoerant No. 16)**, Goewermentskennisgewing No. R.387, 11 Augustus 1961.

104. P.S. du Toit: Die Groei van die Universiteit, 1954 - 1969. In D.J. Kotzé, *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**, p. 36.

1. Die Universiteit gaan akkoord dat studente in die Krygskunde vir die volle duur van hulle kursusse op Saldanha kan resideer en studeer.

2. Die Universiteit gaan akkoord dat, indien doenlik, die nodige reëlings getref sal word om dit vir sekere studente, wie se studies na die oordeel van die Departement meebring dat hulle vir die hele duur van hulle studies of slegs vir 'n gedeelte daarvan op Stellenbosch self sal wees, moontlik te maak om vir die betrokke tydsduur op Stellenbosch te vertoef.

3. Die Universiteit en die Departement gaan akkoord dat die Militêre Akademie die Universiteit se Fakulteit van Krygskunde sal uitmaak, en dat die naam Militêre Akademie, waaronder dié inrigting reeds algemeen bekend geword het, behoue sal bly.

4. Die dosente van die verskillende vakke in die Militêre Akademie sal volwaardige lede van die Fakulteitsraad van Krygskunde van die Universiteit wees, en die Fakulteitsraad van Krygskunde sal op die gewone wyse, as 'n komitee van die Senaat van die Universiteit, aanbevelinge rakende die akademiese aangeleenthede van die Fakulteit aan die Senaat maak.

5. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie sal deur die Universiteit as Dekaan van die Fakulteit Krygskunde aanvaar word; hy sal die status van 'n Professor van die Universiteit hê, en sal 'n volwaardige lid van die Senaat wees. [Dié bepaling het natuurlik van die veronderstelling uitgegaan dat die ampte van Dekaan en Bevelvoerder in een pos saamgesnoer was, soos destyds die geval was.]

6. Die studente van die Militêre Akademie sal studente van die Universiteit wees; hulle sal, as studente van die Universiteit, die gewone registrasiegeld van studente en promosiegeld by die ontvangs van grade of ander sertifikate betaal, en hulle sal ook - ooreenkomstig die geldende bepalings van die Universiteit - geregtig wees om gebruik te maak van fasiliteite wat die Universiteit vir sy studente beskikbaar stel.

7. Die Departement van Verdediging sal ten volle vir die finansiële behoeftes van die Militêre Akademie, bv. vir betaling van dosente, voorsiening van biblioteek en laboratoria, en die voorsiening van geboue vir inwoning en vir akademiese doeleindes, verantwoordelik wees. Gelde wat die studente van die Militêre Akademie betaal, of wat ten behoewe van hulle betaal word, bv. klas- of laboratoriumgelde, sal die Departement ten goede kom, uitgesonderd registrasie- en promosiegeld, of ander spesiale gelde waaroor die Departement en die Universiteit mag ooreenkom, wat aan die Universiteit betaal sal word.

8. Die Universiteit sal op die gewone wyse beheer hê oor die akademiese werk van die dosente van sy Fakulteit van Krygskunde: die Universiteit sal bv. die inhoud van studiekursusse, die opstel van eksamenvraestelle en die afneem van eksamens beheer, en sal ook die betrokke grade of sertifikate aan suksesvolle studente verleen.

9. Die aanstellings van alle dosente aan die Militêre Akademie, insluitende die Bevelvoerder, sal vir goedkeuring aan die Universiteit voorgelê word.

10. Hierdie ooreenkoms kan deur enigeen van die partye met kennisgewing van drie kalenderjare opgesê word, en sodanige opsegging sal vir albei partye bindend wees."[105]

Met die totstandkoming van die Fakulteit van Krygskunde (hierna Fakulteit Krygskunde) het die Dekaan van die Akademie vir die eerste keer daardie titel waardig geword, deurdat hy nou, soos ander dekane, aan die hoof van 'n volwaardige fakulteit van 'n universiteit gestaan het. Die Universiteit van Stellenbosch het dus kragtens bogenoemde ooreenkoms op dieselfde wyse as oor al sy ander fakulteite beheer oor die Fakulteit Krygskunde uitgeoefen. Dit het beteken dat die Akademie voortaan groter outonomie en direkte verteenwoordiging in die hoogste besluitnemende liggame van die Universiteit sou geniet. Die Dekaan en Bevelvoerder het naamlik as 'n professor van die Universiteit sitting op die Senaat verkry en kon dus nou self Akademie-sake (oftewel die aanbevelings van die Fakulteitsraad, Krygskunde) aan die Senaat voordra. Voorheen moes die aanbevelings van die Akademie eers deur die Komitee vir Militêre Studies (agt US-dosente en ses offisiere van die SA Weermag) oorweeg word, wat dit dan aan die fakulteitsrade van die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde voorgelê het, wat dit op hul beurt aan die Senaat voorgelê het.[106]

Gelyktydig met die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde het die Universiteit, op versoek van die Weermag , ook 'n derde militêre studierigting met ingang van 1961 ingestel, naamlik 'n B.Mil. in die handelswetenskappe, om vir die opleiding van tegniese en administratiewe offisiere (naas gevegsdiensoffisiere) voorsiening te maak. Die hoofvakke wat in dié studierigting gevolg sou word, was Ekonomie (Mil.) III en Bedryfsekonomie III (Mil.), ondersteun deur Rekeningkunde II (Mil.), Handelsreg I (Mil.), Militêre Reg I, Geografie I (Mil.) en Romeins-Hollandse Reg I.[107] Die inisiatief vir die.instelling van die 'n studiekursus in die handelswetenskappe het oorspronklik van minister F.C. Erasmus self

---

105. Mil. Akad. Argief, Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960; Vergelyk ook US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, pp.158, 166, 174 – 175.

106. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 125, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Sekr. van Verd., 8 Julie 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 196, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 Augustus 1960.

107. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, pp.200, 204; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 64, brief AG599/2/2/3, AG – LSH, etc., 30 Augustus 1962.

uitgegaan.[108] Vanweë die beperkte jaarlikse inname van die Akademie is daar tot in daardie stadium slegs gevegsdiensoffisiere tot dié instelling toegelaat. Kandidate vir tegniese en administratiewe offisiersposte is uit die geledere van die staandemagmanskappe gewerf en na voltooiing van kort offisierskursusse met kommissierang aangestel. Die gevoel was egter dat "modern military logistical, technical and administrative demands ... require officers with high educational qualifications, in order to suitably equip them to deal with any of the day-to-day problems which they encounter in their different technical and administrative tasks."[109] Die uitgangspunt was waarskynlik dat vermelde handelsvakke die tegniese en administratiewe offisiere die beste vir die administratiewe/bestuurs-, bevoorradings- en verrekeningsprosedures van 'n moderne, geïndustrialiseerde weermag in die era van totale oorlogvoering sou toerus. Die afwesigheid van vakke uit die sosiale en politieke wetenskappe in die leerplanne vir die nuwe graadrigting het egter lynreg gebots met die idee van 'n breë, algemene akademiese opvoeding vir offisiere en kol. De Vos se vroeëre aanbevelings in dié verband op grond van sy waarnemings in die buiteland.

Die Fakulteitsraad Krygskunde, bestaande uit die "die dosente wat akademiese vakke aan die Militêre Akademie doseer",[110] het op 17 Maart 1961 vir die heel eerste keer vergader. Een van die besluite wat op hierdie historiese eerste vergadering geneem is, was dat die Dekaan ondersoek sou instel na 'n onderskeidende kleur vir die Fakulteit,[111] soos wat elke ander fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch gehad het. Kol. De Vos het die saak onverwyld met die Kwartiermeester-generaal opgeneem, waarop oranje (nasturtium, d.w.s kappertjie) as die amptelike kleur van die Fakulteit aanvaar is.[112] 'n Eie fakulteitswapen, bestaande uit 'n kombinasie van die wapens van die Militêre Akademie en die Universiteit van Stellenbosch, is eers in 1983 ontwerp en goedgekeur.[113]

Die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde het die Akademie baie naby aan sy oorspronklike stigters (Erasmus en die Kriegler-komitee) se ideaal van 'n onafhanklike

---

108. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 99, brief MV130, Privaatsekr. – KG, 15 Oktober 1959.
109. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 26, brief AG950/1, AG – Adj.-KG, 22 Januarie 1960.
110. US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 31, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 April 1961, pp.131, 141.
111. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van Fakulteitsraadvergadering, 17 Maart 1961.
112. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 20, brief G/SD/13/4/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 19 Mei 1961; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van Fakulteitsraadvergadering, 5 Junie Maart 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1, inlae 32, brief AG549/1, AG - Bev. Mil. Akad., 20 September 1961.
113. Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 10, brief MA/B/406/3/B, Bev. Mil. Akad. – Voors. Kleurekomitee, US Studenteraad, 4 Mei 1983; Mil. Akad. (Lopende argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 12, ongenommerde brief, SR-lid Kleure- en Erekleurekomitee - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1983.

universitêre instelling gebring. Ofskoon die Akademie nie sy eie grade kon toeken nie, kon die militêre graadkursusse nou vir die eerste keer sedert sy stigting in 1950 volledig by dié instelling deur militêre dosente in 'n militêre milieu aangebied word. Dit het beteken dat alle vakke binne die akademiese vereistes van die Universiteit maksimaal militêr aangepas kon word om die behoeftes van die Weermag ten beste te dien. Volgens kol. De Vos het die "sillabusse van al die vakke aan die Akademie ... in 'n mindere of meerdere mate (afgewyk) van die van Stellenbosch ... deur die militêre aanpassing van die vakke: daardie dele wat moontlike betrekking op die krygskunde het en wat van spesiale toepassingswaarde vir die toekomstige offisier sal wees, ...[is] veral beklemtoon."[114] As 'n Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch het die Akademie dus die beste van twee wêrelde geniet: geografiese isolasie (soos West Point) en genoeg outonomie om 'n eie kultuur te skep en sy militêr-akademiese opleidingsbehoeftes te bevredig en terselfdertyd die akademiese geloofwaardigheid van sy verbondenheid aan 'n bekende universiteit te geniet.

## 4.4 DIE UITBREIDING EN ONTWIKKELING VAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1961 - 1967

Kol. De Vos het sedert sy aanstelling as Dekaan en Bevelvoerder van die Militêre Akademie in 1956 klaarblyklik geen uiteensetting van sy pligte of 'n duidelik geartikuleerde doel- en missiestelling met betrekking tot die Akademie ontvang nie.[115] Hy het die doel van die Akademie vertolk as synde "die vorming van bruikbare, toegewyde jong beroepsoffisiere vir die Staande Mag"[116] wat soos volg bereik moes word:

> "Verskaffing van 'n breë agtergrond van akademiese kennis op universiteitstandaard wat sal dien as hegte basis waarop die offisier al sy nodige verdere studie dwarsdeur sy loopbaan sal kan bou.

114. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.2; vergelyk ook SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 9A, memorandum "Opleiding van Offisiere vir die Staande Mag" deur Bev. Mil. Akad., g.d. [Augustus 1965].

115. Vergelyk SANWA, MVB 164, Verslag oor die Militêre Akademie Deel I (hierna: Malan-verslag), 28 Februarie 1969, pp.14 – 15, asook SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 vol. 1 (Vertroulik), inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.

116. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.1.

"Ontwikkeling van die student se oordeelsvermoë, aankweek van die studiegewoonte en aanleer van die regte studiemetodes sodat hy in sy verdere loopbaan in staat sal wees om 'n probleem wetenskaplik te analiseer en op te los.

"Uitbouing van die basiese militêre kennis waarmee die student hier aanland tot die essensiële nodig vir die jong offisier.

"Aankweek van inisiatief, leierseienskappe en verantwoordelikheidsin.

"Uitbouing van integriteit en eerbaarheid en van 'n Christelike en nasionale lewensbeskouing.

"Aankweek van die gewoonte van sportbeoefening en liggaamlike aktiwiteit om 'n lang gesonde loopbaan te verseker."[117]

Teen hierdie agtergrond, sprekend van wat hy by West Point en ander buitelandse akademies waargeneem het en in pas met die eise van militêre professionalisme soos in hoofstuk 1 bespreek, het kol. De Vos die Militêre Akademie op Saldanha probeer bedryf. Die akademiese opvoeding van die studente het hy ooreenkomstig die Jaarboek van die Universiteit van Stellenbosh gereël en die aard en omvang van hul militêre opleiding gedurende die akademiese semesters volgens eie inisiatief neergelê.[118] Volgens sy getuienis was daar tot lank ná sy aanstelling as Bevelvoerder en Dekaan van die Akademie steeds "taamlik weerstand teen die hele gedagte dat offisiere nou so 'n akademiese kursus moet volg"[119] Van Verdedigingshoofkwartier het hy gevolglik gedurende die dienstermyne van die eerste drie weermagshoofde onder wie hy gedien het, naamlik lt.genl. C.L. de W. du Toit, kmdt.genl. H.B. Klopper en kmdt.genl. S.A. Melville min leiding en haas geen ondersteuning ontvang nie. Dit was eers met die aanstelling van kmdt.genl. P.H. Grobbelaar as Kommandant-generaal (31 Desember 1960), wat met die stigting van die Fakulteit Krygskunde op 1 Januarie 1961 saamgeval het, dat die Akademie volgens hom

---

117. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.1.

118. Vergelyk SANWA, MVB 164, Verslag oor die Militêre Akademie Deel I (hierna: Malan-verslag), 28 Februarie 1969, pp.14 – 15, asook SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 vol. 1 (Vertroulik), inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.

119. P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993; Vergelyk ook Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.16.

begin "floreer" het, omdat Grobbelaar die eerste weermagshoof was wat dié instelling as 'n noodsaaklike deel van die Weermag beskou het.[120]

Die eerste teken van groei wat die Akademie van 1961 af getoon het, was 'n merkwaardige uitbreiding in sy studentetal. Dit het gepaard gegaan met die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha en 'n verhoging van die jaarlikse eerstejaarinname, wat die studentetal by die Akademie van 34 in 1960 na 82 in 1961, 107 in 1962, 132 in 1963 en 145 in 1964 laat opskiet het.[121] Dit het naamlik teen 1960 geblyk dat die Akademie vanweë die uitbreiding van die Staande Mag (om die vermeende kommunistiese bedreiging uit Afrika die hoof te bied[122]) nie in staat was om al die vakante offisiersposte te vul nie. Daar was só 'n tekort aan junior offisiere, dat die Leër en die Vloot dit nodig gevind het om spesiale kort opleidingskursusse vir offisiersaanstelling in te stel. Kol. De Vos het hom derhalwe sterk daarvoor beywer om die jaarlikse inname van die Akademie op te stoot. Die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha het die moontlikheid geskep om die eerstejaarinname te vergroot deur die vakatures wat deur ontslag gelaat, is te benut. Dit kon nie op Stellenbosch geskied nie, aangesien die Universiteit, soos vroeër vermeld, nie geneë was om meer as 32 militêre studente per jaar te akkommodeer nie. Kol. De Vos het gevolglik herhaalde vertoë tot Verdedigingshoofkwartier gerig om dié vakatures deur middel van 'n groter eerstejaarinname te vul. Dit sou nie onmiddellik koste aan geboue meebring nie, aangesien Malgaskop die ekstra getalle sou kon absorbeer. Teen 1963 sou daar volgens kol. De Vos wel vir ekstra woonkwartiere voorsiening gemaak moes word, aangesien hy die eenvoudige akkommodasie op Malgaskop nie geskik vir senior studente geag het nie.[123]

Die instelling van die 'n militêre graadkursus in die handelswetenskappe in 1961 het ook tot 'n getalsuitbreiding by die Akademie gelei. Die instelling van dié studierigting het naamlik beteken dat daar 'n addisionele lektorspos geskep moes word om die nuwe vakke Bedryfsekonomie en Rekeningkunde te doseer.[124] Verder kon nie een van die drie

120. P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

121. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 25, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. – AG, 17 Maart 1964; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23.

122. Republiek van Suid-Afrika: Oorsig oor Vedediging en Krygstuigproduksie: Tydperk 1960 tot 1970, pp.5 – 6.

123. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 26, brief AG950/1, AG – Adj.-KG, 22 Januarie 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 1, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 30 Julie 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 18, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 8 September 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 40, ongenommerde seinberig, Bev. Mil. Akad. - AG, 21 Oktober 1960.

124. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 34, brief AG213/14/113 oor AG950/3 en AG(3)1906/9, AG – Sekr. van Verd., 30 September 1960.

weermagsdele dit bekostig om hul kwota van tien kandidate per jaar te verklein om ruimte vir kandidate vir die tegniese en administratiewe vertakkings te skep nie, sodat die jaarlikse inname van die Akademie noodwendig verhoog moes word om hulle te akkommodeer. 'n Versoek is derhalwe aan die Sekretaris van Verdediging gerig om finansiële goedkeuring vir die toelating van ses kandidate (twee per weermagsdeel) uit die tegniese en administratiewe takke tot die Akademie, addisioneel tot die jaarlikse inname van 30.[125]

Die militêre owerhede was huiwerig om 'n verdere uitbreiding van getalle, bo en behalwe bovermelde ses kandidate uit die tegniese en administratiewe vertakkinge, te versoek vanweë die alomteenwoordige gebrek aan fondse.[126] Soos vroeër vermeld, is daar teenoor die bedrag van £335 977[127] wat oorspronklik vir die oprigting van die Akademie-kompleks op Saldanha begroot is, uiteindelik 'n karige £82 000 deur die finansiële owerhede bewillig.[128] Daar was dus van die begin af nie genoeg fondse beskikbaar om die Akademie te bedryf op die skaal wat die militêre owerhede dit graag sou wou doen nie. Verdedigingshoofkwartier het sedert die vyftigerjare ook herhaaldelik die vergroting van die Akademie se jaarlikse inname by hoër gesag geopper, maar sonder sukses, "mainly due to insufficient funds."[129] Hulle het hulle nietemin die sprong gewaag op sterkte daarvan dat daar 'n baie groot behoefte aan akademies opgeleide offisiere was in die lig van "the impending change in future warfare in which science will play the more important role. It is encumbent (sic.) on South Africa to follow the world trend in this respect and it is essential that we produce as many academically trained young officers as our resourses and facilities will allow."[130] Dié pleidooi het daartoe gelei dat Tesourie magtiging verleen het dat die Akademie se die inname van 1961 af van 30 na 45 kandidate verhoog kon word - 39 gevegsdienskandidate en ses tegniese en administratiewe kandidate. Daarná het die reëling klaarblyklik gegeld dat die volle getal vakatures elke jaar gevul kon word, met dien

125. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 26, brief AG950/1, AG – Adj.-KG, 22 Januarie 1960; SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 1, inlae 100, brief KG/GPT/1/3/1/1, KG - Privaatsekr., 27 November 1959; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 3, brief AG(3)1906/9, AG - Bev. Mil. Akad., 31 Augustus 1960.

126. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 3, brief AG(3)1906/9, AG - Bev. Mil. Akad., 31 Augustus 1960;

127. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.

128. SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 3, ongenommerde inlae, brief Q(Q)420/13/11,KMG – HGS, 27 April 1954.

129. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 3, brief AG(3)1906/9, AG - Bev. Mil. Akad., 31 Augustus 1960;

130. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 42, brief AG213/14/113(PF) oor AG(3)1906/9, Wnd. AG – Sekr. van Verd., 31 Oktober 1960.

verstande dat as 'n bepaalde weermagsdeel nie sy kwota kon vul nie, die ander weermagsdele die oorblywend vakatures kon vul.[131]

Soos reeds vermeld, het kmdt.genl. Grobbelaar die Akademie as "'n noodsaaklike deel van die Weermag"[132] beskou en was hy gevolglik begerig om die jaarlikse inname van die Akademie te verhoog. Verdedigingshoofkwartier het onder sy bewind soveel waarde aan die akademiese opleiding van offisiere geheg dat daar selfs aan verdere uitbreiding begin dink is. Die moontlikheid is genoem dat alle kandidaatoffisiere 'n jaar akademiese opleiding moes ondergaan en dat die bestes onder hulle dan gekeur moes word om die graadkursus te voltooi. Die moontlikheid is selfs geopper dat alle toekomstige staandemagoffisiere oor 'n universiteitsgraad moes beskik.[133] Dit was egter nie in daardie stadium moontlik om aan dié ideaal uitvoering te gee nie, aangesien die uitbreiding van die Weermag so 'n groot behoefte aan offisiere geskep het, dat daar nie met kort offisierskursusse weggedoen kon word nie.[134] Daar was teen 15 Junie 1962 'n tekort van 229 (13,5%) offisiere in die SA Weermag teenoor sy goedgekeurde sterkte van 1695 nadat diegene wat in die proses van aanstelling of sekondering (vanuit staatsdiens) was, afgetrek is. Slegs 96 (21,8%) van die 440 offisiere tussen die range veldkornet en majoor was graduandi van die Akademie; geen afgestudeerde van die Akademie het in daardie stadium 'n rang hoër as majoor beklee nie.[135] Teen 'n inname van selfs die verhoogde getal van 45 kandidate per jaar, sou die Akademie dus kwalik getalsgewys 'n betekenisvolle verskil aan die vakatures kon maak. Fondse vir 'n groter inname, met al die addisionele koste aan geboue, personeel, ens., was eenvoudig nie beskikbaar nie.

Die planne wat Verdedigingshoofkwartier gemaak het om die tekort aan offisiere te bowe te kom, soos kort offisierskursusse en kortdienskommissies (met beduidende kontantgratifikasies), het die werwing van kandidate vir die Akademie in die wiele gery. Dié opsies het nie alleen 'n makliker en vinniger pad as graadstudie na offisiersaanstelling

131. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 41 brief AG213/14/113 oor AG(3)1906/9, Wnd. AG – LSH, etc., 29 Oktober 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 69 brief DC46/9(S), Sekr. van Verd. – AG, 26 November 1960; SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1961), ongenommerde inlae, notule van Generale Staf-vergadering, 19 September 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 9, A/FIN/2/0 vol. 1, inlae 17, brief A/FIN/2/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 1 Junie 1965.
132. P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.
133. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1961), ongenommerde inlae, notule van Generale Staf-vergadering, 21 en 22 Junie 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 1, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 13 Julie 1961.
134. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 1, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 13 Julie 1961.
135. SANWA, KG K39 L67, KG/GM/5/3(1962), ongenommerde inlae, notule van Generale Staf-vergadering, 28 Junie 1962.

gebied nie, maar het ook oor die kort termyn beter finansiële voordele ingehou. Kol. De Vos het dus vertoë tot die militêre owerhede gerig om die beleid met betrekking tot die bevordering van studente weereens te wysig, ten einde graadstudie meer aantreklik te maak. Deur die studente ná suksesvolle aflegging van hul tweede studiejaar tot assistent-veldkornette (of gelykwaardige range in die Lugmag en Vloot) te bevorder en die kortkursuskandidate langer in die rang van assistent-veldkornette te laat dien, sou die Akademie-kandidate se agterstand teenoor hul tydgenote; wat die korter en meer winsgewende opsies uitgeoefen het, na sy mening grootliks uitgewis en werwing vir die Akademie derhalwe bevorder word.[136] Kol De Vos se pleidooi het hierdie keer geslaag en Verdedigingshoofkwartier het in Januarie 1963 goedkeuring verleen dat die Akademie-studente ná suksesvolle voltooiing van hul tweedejaar tot tydelike (later gewysig na substantiewe[137]) assistent-veldkornette, en na verwerwing van hul grade tot tydelike veldkornette, bevorder kon word.[138]

Ofskoon die vooruitsig van bevordering klaarblyklik die studente aangemoedig het om harder te werk en die slaagsyfer tydens die hereksamens in Februarie hoër as ooit tevore was,[139] het dit nie die werwingsprobleem opgelos nie. Kol. De Vos het Verdedigingshoofkwartier daarop gewys dat "met die Lugmag uitgesonderd sover die opleiding van vlieëniers en navigators betref, ... die opleiding by die gimnasiums ... NIE op doelgerigte offisiersvorming ingestel is NIE" en dat potensiële Akademie-kandidate derhalwe "geen belangstelling in 'n offisiersloopbaan (verkry) NIE want daar is NIE genoeg om hul intelligensie te prikkel nie."[140] Kol. De Vos het gevolglik aan die begin van 1964 opnuut sy pleidooi vir 'n vierjarige offisierskursus en die werwing van studente van die skoolbanke af voor Verdedigingshoofkwartier se deur gelê:

> "Ek stel ... vir ernstige oorweging voor dat daar vierjarige kursusse vir die opleiding van Leër-, Lugmag- en Vlootoffisiere ingestel word en dat dat die kandidate vir die kursusse deur middel van 'n aktiewe werwingsveldtog uit die skole gewerf word. Die eerste jaar van die kursusse moet saamgestel wees om naas die verskaffing van die

136. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 1, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 13 Julie 1961.
137. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 26, AG/101/6/6 vol. 1, inlae 20, seinberig AG701, AG – LSH, etc., 28 Oktober 1964.
138. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 12, brief AG599/2/2/4, AG – LSH, etc., 7 Januarie 1963.
139. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 20, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – A.g., 22 Augustus 1963.
140. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 24, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Januarie 1964.

nodige basiese militêre kennis die geestelike en liggaamlike gesonde van die swakkeling en die goed gemotiveerde van die wat NIE werklik belangstel NIE te onderskei. Dit moet baie liggaamlike aktiwiteite insluit soos boks, skiet, perdry, atletiek en swem. Daar moet veral baie klem val op spanbedrywighede. Dit moet avontuurlik, uitdagend en prikkelend wees. 'n Bietjie aandag moet aan daardie skoolvakke met begripsmoeilikheid, wiskunde en natuur- en skeikunde, gegee word. Daar moet nooit plek of tyd vir verveling wees NIE ...

"Die inname sal so groot moet wees dat 'n redelike verlies in die eerste jaar aanvaar kan word. Gedurende hierdie jaar moet die ongeskiktes uitgeskakel word. Wanneer die B.Mil.-studie dan in die tweede jaar begin, sal ons met 'n doelgerigte span jong manne te doen hê, en sal verdere verliese klein wees.

"Wat die plek waar die opleiding van die eerste jaar moet plaasvind betref, voel ek dat die Akademie die beste sou wees. Die Lugmagstudente sal egter altyd hul eerste jaar by SVS [Sentrale Vliegskool, Langebaanweg] moet deurbring.[141]

Kol. De Vos se vertoë het nogeens op dowe ore geval, vermoedelik omdat die voorgestelde kursusse noodwendig tot "groot bou-uitbreiding en heelwat personeelvermeerdering"[142] by die Akademie, en dus aansienlike uitgawes, aanleiding sou gee. Die aansoeke vir die Akademie (met uitsondering van die Lugmag) het teen 1965 só drasties gedaal, dat kol. De Vos 'n persoonlike brief aan die Leërhoof, veggenl. P.J. Jacobs, "as 'n vriend van die Militêre Akademie" gerig het om sy besorgdheid oor dié toedrag van sake uit te spreek. Hy het weer die "kortdienskanaal" as sondebok uitgesonder en gepleit dat dit gestaak word. Hy het ook weer as langtermynoplossing sy pleidooi van vroeër herhaal dat kandidate van die skoolbanke af vir 'n vierjaarkursus by die Akademie gewerf moes word, soos by "alle Militêre Akademies in ander lande wat ek van weet."[143] Die pleidooi het weer op dowe ore geval en teen September 1965 was daar uit die Leër slegs 25 aansoeké vir 1966, sodat dit onmoontlik was om die leërkwota vir daardie jaar te vul.[144]

---

141. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 24, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Januarie 1964.
142. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 24, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Januarie 1964.
143. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 63, ongenommerde brief, kol. P.J.G. de Vos – veggenl. P.J. Jacobs, 7 September 1965.
144. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 12, G/PLANS/1/3/2 vol. 1, inlae 25, brief G/PLANS/1/3/1, Bev. Mil. Akad. – Bev. Kmdmt. W.P., 16 September 1965.

In 'n poging om genoeg kandidate vir die Akademie te voorsien, het die Generale Staf intussen besluit om ook lede van die voltydse mag en lotelinge wat nege maande opleiding ondergaan het, te werf. Die lotelinge kon ná hul nege maande opleiding direk by die Akademie inskryf, sonder om eers na die gimnasiums te gaan. Reëlings is ook in 1963 getref, toe die klem veral op die werwing van kandidate vir die natuurwetenskaplike rigting geval het, dat kol. De Vos en dosente van die Akademie soveel as moontlik opleidingseenhede, tot so ver as Walvisbaai, besoek om werwing te doen.[145]

Kol. De Vos was intussen steeds besorg oor die ontoereikende keuringsproses ten opsigte van die Akademie-studente. Die Weermag het die toetse van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN), wat voorheen by die keuring van studente gebruik is, laat vaar, klaarblyklik op grond van die koste wat daaraan verbonde was. Dit het beteken dat kandidate slegs op grond van hul skooluitslae, gimnasiumverslae, drie kort vraestelle wat deur die Akademie opgestel is en die indruk wat hulle op die keurraad gemaak het, gekeur is. Daarby is dit aan die Akademie self oorgelaat om te besluit watter kandidate (met inagneming van belangstelling) die geesteswetenskaplike en watter kandidate die natuurwetenskaplike studierigting sou volg. Skoolprestasie was, aldus kol De Vos, nie 'n betroubare maatstaf nie, omdat die standaarde van skole baie verskil het; die gimnasiumverslae het vermoedelik swaar op evaluasie deur onderoffisiere (instrukteurs) gesteun; die toetse wat die Akademie afgeneem het, het hoofsaaklik die kandidate se belangstelling in sake van die dag getoets en bepaal hoeveel hy van sy matriekwiskunde kon onthou; 'n kandidaat se optrede voor die keurraad kon baie misleidend ten opsigte van sy akademiese potensiaal wees. Kol. De Vos het sy bes probeer om die NIPN-toetse heringestel te kry, dog sonder sukses.[146] Vloothoofkwartier het uiteindelik wel in 1964 reëlings getref dat alle kandidate vir offisiersopleiding in die Vloot as proefneming aan NIPN-toetsing onderwerp word as deel van 'n navorsingsprojek van dié Instituut – klaarblyklik om koste te bespaar en terselfdertyd te sien of dit die keuringsproses noemenswaardig verbeter. Geen sodanige reëlings is skynbaar in daardie stadium vir die Leër en Lugmag getref nie.[147]

145. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 51, seinberig CT/871, 9 Mei 1962; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 84, seinberig AG294(C), AG – KG, 18 Junie 1963.

146. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 1, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – Leërhoof, etc., 29 Januarie 1960; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 5, brief AG(1)933/19/1, Wnd. AG - Bev. Mil. Akad., 12 Oktober 1960; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 6, brief A/PERS/3/41 (sic.), Bev. Mil. Akad. – AG, 17 Mei 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 6, brief AG608/2, AG - Bev. Mil. Akad., 23 Februarie 1962.

147. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 11, brief VSH1/95/2, VSH – Dir. NIPN, 8 Februarie 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 12, notule van

Die tabel op p.255 skyn aan te toon dat kol. De Vos se kommer oor die keuring van die Akademie-studente nie heeltemal ongegrond was nie. Met die verskuiwing van die Akademie na Saldanha, het die getal eerstejaars wat uiteindelik grade verwerf het van 75% vir die 1957-inname na 59% vir die 1958-inname en 'n skrale 44% vir die 1959-inname geval. Kol. De Vos was van mening dat die feit dat die eerstejaars "herderloos" op Stellenbosch agtergebly het, ook 'n rol in die swak prestasie van die studente gespeel het. Van die 1960-inname, die laaste groep militêre studente wat hul eerstejaar op Stellenbosch voltooi het, het 'n volle 78% grade verwerf. In welke mate die rede vir dié sukses aan 'n akademies sterker inname toegeskryf kon word, is nie duidelik nie. Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat kol. De Vos ná die skokkende syfers van die vorige jaar alle moontlike maatreëls sou getref het om die prestasie van die eerstejaars op Stellenbosch te verbeter. Met die eerste twee Saldanha-innames het die slaagsyfer na 76% vir die 1961-inname en 85% vir die 1962-inname gestyg. Vir die volgende vyf innames tot 1967 het die slaagsyfer tussen 75% en 67% gewissel, met 'n gemiddeide slaagkoers van sowat 70%. In alle gevalle het die studente hoofsaaklik in hul eerstejaar uitgeval.[148] Die verliese was die hoogste onder die Lugmag- en Vlootstudente, op wie "meer druk ... uitgeoefen (is) om die moeiliker BSc-rigting ... te volg."[149] Diegene wat die eerstejaar "oorleef" het het oor die algemeen verder goed gevaar. Dit was dus skynbaar steeds die keuringsproses (spesifiek ten opsigte van kandidate vir die natuurwetenskaplike rigting) enersyds en aanpassingsprobleme andersyds was wat tot swak prestasie gelei het.

---

samesprekings van Vlootverteenwoordigers met dr. D. Gouws (NIPN), 18 Maart 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 13, brief A/PERS/3/4/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 20 Junie 1964.

148. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames en naamlys van Mil. Akad.-graduandi, asook P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.21.

149. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.6.

| SLAAGSYFERS VAN MILITêRE AKADEMIE-STUDENTE, 1955 – 1967 | | |
|---|---|---|
| JAAR | GETAL EERSTEJAARS | PERSENTASIE WAT GRADE VERWERF HET |
| 1955 | 31 | 58% |
| 1956 | 42 | 57% |
| 1957 | 24 | 75% |
| 1958 | 29 | 59% |
| 1959 | 27 | 44% |
| 1960 | 27 | 78% |
| 1961 | 49 | 76% |
| 1962 | 47 | 85% |
| 1963 | 49 | 71% |
| 1964 | 58 | 67% |
| 1965 | 60 | 75% |
| 1966 | 38 | 68% |
| 1967 | 53 | 68% |

Die Universiteit het luidens die ooreenkoms met die Weermag "op die gewone wyse beheer ... [gehad] oor die ... opstel van eksamenvraestelle en die afneem van eksamens",[150] wat onder meer beteken het dat daar, met die uitsondering van die vakke Lugvaartkunde en Seenavigasie, vir alle militêre vakke steeds moderatore uit die dosentekorps van die Universiteit van Stellenbosch aangewys is.[151] Die vraestelle van die militêre eerstejaars was dus op dieselfde standaard as dié van hul eweknieë op Stellenbosch. Kol. De Vos het aan die begin van 1969 verklaar dat "die druipsyfer aan die Akademie [klaarblyklik nie net wat eerstejaars betref het nie] ... baie laer (is) as by die burgerlike universiteit (sic.)" en dit aan die volgende faktore toegeskryf:

150. Mil. Akad. Argief, Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960; Vergelyk ook US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, pp.158, 166, 174 – 175.

151. Vergelyk Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notules van Fakulteitsraadvergadering, 5 Augustus 1963 en 14 Maart 1966.

"(a) Keuring van die student op grond matrikulasie-uitslae, sielkundige aanlegtoetse, en 'n persoonlike onderhoud deur 'n Keurrraad.

"(b) Klein klasse en persoonlike aandag aan elke individu.

"(c) Neergelegde studietye, gereelde toetse en algemene toesig oor die student se vordering."[152]

Daar was natuurlik ook nie op Saldanha soveel vermaaklikhede soos op Stellenbosch om die studente se aandag van hul studie af te trek nie, terwyl daar op Saldanha ook beter beheer oor hul werksaamhede uitgeoefen kon word.

Die toename in die studentetal van 1961 af het veroorsaak dat, soos lt.genl. R.C. Hiemstra, SSA dit tydens die voorstellingsparade in Desember 1962 gestel het, "die Akademie ... uit sy nate [ge-]bars het."[153] Hy het by dié geleentheid aangekondig dat 'n Geografie-laboratorium in 1963 en 'n ekstra blok woonkwartiere vir studente in 1964 aangebou sou word. Van die woonkwartiere het egter niks gekom nie en die beloofde Geografie-vleuel was teen Maart 1964 nog maar in die plantekenfase. Die Akademie het slegs oor vyf klaskamers beskik waarin 31 vakkursusse in die drie studierigtings aangebied moes word. Elke "hoekie en gaatjie", van die Geografie-laboratorium, teekamer en een van die kantore in die hoofgebou, tot die sitkamer in die menasiekompleks moes gevolglik vir klaskamers ingespan word. Kol. De Vos was ook verplig om offisiere twee-twee in kantore te begin plaas, terwyl die druk op die kombuis- en eetkamergeriewe ook besig was om onhanteerbaar te raak. Daarby was die beskikbare staatshuise op Saldanha alreeds te min om in die behoeftes van die Akademie en SAS SALDANHA te voorsien, terwyl huurhuise op Saldanha haas onverkrygbaar (en derhalwe peperduur) was.[154] Te midde van die tekort aan akkommodasie is daar ondertussen ook besluit om 'n ekstra vak, Staatsleer en Publieke Administrasie, by die Akademie in te voer, wat nog groter druk op die fasiliteite sou plaas.[155]

---

152. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 95, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – H Pers, 14 Februarie 1969.

153. Soos aangehaal in brief van kol. P.J.G. de Vos – kmdt.genl. R.C. Hiemstra, 1 November 1965. (SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 14.)

154. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 25, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. – AG, 17 Maart 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 33, Q/ACCN/1/11 vol. 2, inlae 202d, Bev. SAS SALDANHA – VSH, 30 April 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 14, kol. P.J.G. de Vos – kmdt.genl. R.C. Hiemstra, 1 November 1965.

155. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 25, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. – AG, 17 Maart 1964.

In Maart 1965, toe die planne vir die nuwe Geografie-vleuel byna in die tenderstadium was, is daar van owerheidsweë besluit om alle militêre uitbreiding op Saldanha te staak omdat die terrein waarop die Akademie en die Vlootgimnasium gevestig was, vir nywerheidsontwikkeling (Viskor) en die aanlê van 'n nuwe kleurlingwoonbuurt benodig is. Die plan, soos in beginsel deur die Minister van Verdediging goedgekeur, was om mettertyd die Akademie na Pretoria (of selfs Simonstad) en die Vlootgimnasium na Simonstad te verskuif. Beide eenhede het egter vertoë teen hul verskuiwing gerig, waarop 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van alle partye wat by die toekomstige ontwikkeling van Saldanha betrokke sou wees, onder voorsitterskap van die Minister van Verdediging, J.J. Fouché, saamgestel is om die saak te ondersoek. Minister Fouché het na 'n besoek aan Saldanha in Augustus 1965 die besluit om die Akademie en die Vlootgimnasium te verskuif, herroep toe dit geblyk het dat daar genoeg ruimte op Saldanha vir die Akademie, die Vlootgimnasium én die nuwe nywerheidsontwikkeling was. Die hele proses het egter die Akademie se bouprojek sodanig vertraag dat daar eers teen November 1967 met die aanbouings begin is.[156]

Ook op Akademiese gebied het daar gedurende 1961 tot 1967 ontwikkeling plaasgevind. In die eerste plek het die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha beteken dat die eerstejaarsvakke ook van 1961 af militêr aangepas kon word; dit was nie op Stellenbosch moontlik nie, aangesien die militêre eerstejaars daar die gewone "burgerlike" vakke gevolg het. Soos reeds vermeld, het die handelswetenskappe in 1961 as 'n derde studierigting in die B.Mil.-graad bygekom, wat tot die instelling van twee nuwe vakke, naamlik Bedryfsekonomie en Rekeningkunde aanleiding gegee het. Aangesien die Akademie geen taalvakke aangebied het nie, het die keuse van 'n Taal I met die verskuiwing van die eerstejaars na Saldanha weggeval. 'n Ekstra vak, Staatsleer (Mil.) is egter ingestel om vir dié verlies te vergoed.[157] Dit het egter nie dadelik in die praktyk gerealiseer nie, want die

---

156. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 2, seinberig WKS389/65 vasgesteek aan binnekant van lêeromslag, KMG – Bev. Mil. Akad., 7 April 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 5, brief Q/WKS/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 15 April 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 11, brief Q/WKS/1, Bev. Mil. Akad. – KMG, 17 September 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 14, kol. P.J.G. de Vos – kmdt.genl. R.C. Hiemstra, 1 November 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 32, Wnd. Hoof Logistiekdiens – Bev. Mil. Akad., 12 Januarie 1968; P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23.

157. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 195, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 12 Augustus 1960; SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 9, inlae 32, brief AG(1)1906/9, AG - KG, 29 September 1960; Vergelyk ook **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1962**, p.498.

vak Staatsleer en Publieke Administrasie (Mil.)[158] is eers in 1965 fisies by die Akademie ingevoer.[159]

In Augustus 1962 die Adjudant-generaal, brig. C.H. Hartzenberg, die weermagsdeel- en afdelingshoofde versoek om die leerplanne vir die militêre graadkursusse onder die loep te neem en te bepaal of hulle aan die Weermag se behoeftes voldoen het. Hulle moes hul kommentaar en voorstelle direk aan die Bevelvoerder van die Militêre Akademie voorlê, wat dit sou oorweeg en met sy kommentaar na die Adjudant-generaal sou deurgee. Brig. Hartzenberg het sy versoek soos volg toegelig:

> "I am of the opinion that the time has now arrived where the syllabi for the three courses should be reviewed to ensure that they conform more closely to what is required in the Force instead of training candidates in subjects which are either of NO use or very little value to the Force or which can be studied by officers through the press and other publications instead of it being part and parcel of a University degree. Such a course is most uneconomical, a waste of valuable time and tends to give a false impression that officers holding B. Mil (sic) degrees are really trained in subjects which have great military value ...
>
> "When ... (the course in the B.A. direction) was first instituted for GD candidate officers the B.Sc (sic.) and B. Comm (sic) courses for T & A candidate officers were NOT yet in existence and consideration should perhaps be given to the idea of doing away altogether with the course in the B.A. direction and, if necessary, offering a larger choice of alternate subjects in the ... B.Sc (sic.) direction ... for GD candidate officers.[160]

Brig. Hartzenberg het duidelik meer taakgerigte graadkursusse vir die Akademie in gedagte gehad en het dus in denke afgewyk van die idee van 'n breë, algemene akademiese opvoeding vir kandidaatoffisiere. Die weermagsdeelhoofde en die Bevelvoerder van die Militêre Akademie het egter geoordeel dat die B.Mil. in die Geesteswetenskappe wel vir die Weermag van nut was en dus behoue moes bly. Die enigste noemenswaardige

---

158. Die vak is egter tot 1967 slegs as Staatsleer (Mil.) in die Universiteit van Stellenbosch se jaarboek gelys; van 1968 af is dit as aparte vakke gelys, te wete Staatsleer (Mil.) en Openbare Administrasie (Mil.). Vergelyk **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek**, 1962 - 1968.

159. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 25, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. – AG, 17 Maart 1964; Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.11.

160. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 64, brief AG599/2/2/3, AG – LSH, etc., 30 Augustus 1962.

verandering wat uiteindelik uit die hele oefening voortgevloei het, was dat Staatsleer en Publieke Administrasie onderskeidelik op eerste- en tweedejaarsvlak in die handelswetenskaplike rigting as verpligte vakke ingevoer is.[161] Geen kursus uit die sosiale en politieke wetenskappe, soos byvoorbeeld Staatsleer, is egter by die natuurwetenskaplike studierigting ingesluit om die kandidaatoffisiere/adelborste wat daardie rigting gevolg het, insig in aktuele wêreldgebeure te gee, soos kol. De Vos na afloop van sy besoek aan die buitelandse militêre akademies in 1956 aanbeveel het[162] nie.

Met al drie jaargroepe op Saldanha, moes die Weermag se tweetaligheidsbeleid nou van die eerstejaar af gevolg word. Ofskoon Engels vermoedelik te midde van oorwegend Afrikaanssprekende studente en dosente, nie sy regmatige plek in die klassituasie ingeneem het nie, het die taalbeleid darem by geleentheid vir 'n bietjie humor gesorg. Genl.maj. F.E. (Fred) du Toit vertel;

> "[In] die Geografieklas ... het ons by sulke hoë tafels gesit in die klas, op hoë stoele, ... en dit was hierso so, seker maar hier oor middag se kant, die vaaktydperk, en ou Swanie [maj. C.J. Swanevelder, later professor in Geografie, Universiteit van Stellenbosch] is daar besig met sy klas en hy praat Afrikaans en nou skakel hy ook maar so tussenin oor na Engels, jy weet, die 50-50-beleid ... maar, Hans Steynberg is besig om in te sluimer en net toe ou Swanie nou oorskakel na die Engels toe, toe raak Hans Steynberg aan die slaap en hy val van die stoel af ... en hier is hierdie geweldige lawaai toe hy nou neerslaan, daar van bo-af, op die grond en hy staan op, so baie verdwaas en verleë en hy gaan sit weer op sy stoel. En ou Swanie, toe het hy nou 'n baie goeie humorsin gehad, hy sê: 'K.O. Steynberg, in die vervolg, as ek nou weer begin Engels praat, moet jy maar vashou aan jou tafel, hoor!'"[163]

'n Belangrike ontwikkeling op akademiese gebied het in 1961 plaasgevind, toe die eerste student (kapt. P.H. Groenewald, SALM – Hons. B.Mil. in Ekonomie, deeltyds) vir nagraadse studie aan die Fakulteit Krygskunde ingeskryf het. Kmdt.genl. P.H. Grobbelaar, onbewus van dié ontwikkeling, het juis in Julie 1962 by kol. De Vos navraag gedoen oor die

---

161. SANWA, KG K39 L68, KG/GM/5/4 vol. 6, inlae 45, memorandum AG599/2/2/3, 22 Augustus 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 12, brief AG599/2/2/3, AG - Bev. Mil. Akad., 13 September 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 21, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. - AG, 19 November 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2, inlae 25, brief G/TRG/5/2/2, Bev. Mil. Akad. - AG, 117 Maart 1964.

162. SANWA, AG(3) 227, AG(3)1906/9 vol. 7, inlae 2, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. – HGS, 26 Oktober 1956.

163. F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.

moontlikheid van nagraadse studie aan die Akademie. Hy het naamlik gevoel het dat, om tred te hou met ontwikkelings op wetenskaplike gebied, dit belangrik was dat uitgesoekte jong offisiere die geleentheid tot sodanige studie moes kry en dat die Akademie op daardie gebied tekortgeskiet het. Dit was dus met genoegdoening dat kol. De Vos hom kon inlig dat nagraadse studie reeds 'n werklikheid was en dat dit, naas in Ekonomie, ook moontlik was om honneursstudie in Geografie (Mil.) en Krygsgeskiedenis aan te bied sonder dat addisionele personeel of fasiliteite benodig sou word.[164]

Die Adjunk-kommandant-generaal, lt.genl. R.C. Hiemstra, het kol. De Vos daarop versoek om onder meer aan te dui in welke vakke nagraadse studie na sy mening onderneem moes word, wat by die Akademie self gedoen kon word en by watter ander universiteite militêre studente moes inskryf. Kol. De Vos het aanbeveel dat nagraadse studie in Chemie, Fisika, Wiskunde, Aardrykskunde, Bedryfsekonomie, Ekonomie en (Krygs-) Geskiedenis aangemoedig moes word. Nagraadse studie in Chemie, Wiskunde en Bedryfsekonomie sou egter nie sonder addisionele personeel en fasiliteite by die Akademie aangebied kon word nie. Hy het, ironies genoeg, gevoel dat alhoewel Krygsgeskiedenis – eens die kernvak wat alle ander vakke by die Akademie moes saambind[165] - een van die vakke was waarin honneursstudie by die Akademie aangemoedig moes word, 'n M.-studie in dié vak nie vir die Weermag van veel waarde sou wees nie:

> "Wat nagraadse Geskiedenisstudie betref word besef dat die doel van die studie in die eerste plek is om nog bekwamer militêre leiers te kweek en nie militêre historici nie. Wat die honneurstudie betref word gevoel dat dit tog aan hierdie primêre doel beantwoord veral as dit aan die Akademie plaasvind. Dit is egter te betwyfel of die M-Mil (sic) verhandeling in Militêre Geskiedenis op hierdie tydstip 'n ekonomiese besteding van die tyd van 'n offisier sal wees. So 'n offisier wat in Geskiedenisnavorsing onderleg is, sal moontlik by aftrede waardevolle werk kan doen in die nasionale taak van Militêre Geskiedskrywing waaraan in Suid-Afrika nog baie min gedoen is."[166]

164. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 41A, brief G/TRG/6/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Julie 1962; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 41A, nota II deur kmdt.genl. P.H. Grobbelaar gedateer 24 Mei 1963 op brief G/TRG/6/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 31 Julie 1962.

165. Vergelyk doel van Militêre Geskiedenis soos omskryf in SANWA, SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/9/1, inlae 16, brief MK/F/9/1, Kmdt. SA Mil. Kol. - A.L. Kotzee, Buro van Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 4 Desember 1953.

166. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 61, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 19 Augustus 1963.

Kol. De Vos het dus duidelik nie begryp dat die oorwig van die professionele militêre kennis in die krygsgeskiedenis opgesluit lê (soos in hoofstuk 1 bespreek) en die studie daarvan op M.-vlak inderdaad tot die professionele ontwikkeling van die beroepsoffisier bydra nie. Hy het darem bygevoeg dat offisiere wat M.-grade verwerf het, later met vrug as dosente by die Akademie aangestel kon word.[167] 'n Memorandum wat hy in 1965 vir 'n ministeriële komitee van ondersoek na toestande in die Weermag voorberei het, spreek van groter begrip vir die waarde van nagraadse studie in Krygsgeskiedenis en stel ook die potensiële waarde van afgestudeerde nagraadse Akademie-studente as dosente in perspektief:

> "So 'n offisier sal later uitstekende diens kan verrig in sekere weermagseenhede bv (sic.) Militêre Inligting (na nagraadse studie in Aardrykskunde, Ekonomie of Geskiedenis) of in die militêre navorsingseenheid verbonde aan die WNNR (na nagraadse studie in die Fisika).
>
> "'n Offisier met 'n honneurs- of 'n M-graad (sic.) kan as hulpdosent of as plaasvervanger vir 'n toer van 'n jaar of wat aan die Akademie aangestel word ... dit ... (sal) vir die permanente dosente die moontlikheid skep om self studieverlof (soos alle ander universiteitsdosente geniet) te bekom.
>
> "'n Student wat die B. Mil (sic.) en M.Mil-graad (sic.) aan die Akademie behaal het, kan mettertyd as permanente dosent aan die Akademie aangestel word. So 'n dosent sal uitstekende diens kan lewer in die militêre aanpassing van sy vak ..."[168]

Die aanstelling van oudstudente was by 'n instelling soos West Point 'n lang gevestigte praktyk. Daar was "slegs 'n paar permanente dosente in elke vak maar naas hulle 'n groot getal instrukteurs: oudstudente wat goed presteer het en wat na 'n aantal jare regimentsdiens na 'n burgerlike universiteit gestuur is vir M-graadstudie (sic.) en daarna vir 'n toer van gemiddeld vier jaar na West Point as intrukteur geplaas (sic.) word."[169] Die aanstelling van Akademie-graduandi as dosente sou uiteraard hier te lande veral in Krygsgeskiedenis 'n goeie proposisie wees, aangesien 'n beroepsoffisier met sodanige kwalifikasie in dié vak by uitstek beter vir sy taak toegerus sou wees as 'n dosent sonder 'n

167. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 61, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. - AG., 19 Augustus 1963.

168. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.10.

169. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.10.

parate militêre agtergrond wat van buite af aangestel is – soos wat sonder uitsondering die geval tot in daardie stadium was.

Kol. De Vos was die mening toegedaan dat dit voordeliger vir beide die Weermag en die Militêre Akademie sou wees as offisiere hul nagraadse studie aan die Akademie self eerder as aan siviele universiteite sou onderneem. Dit sou beteken dat nagraadse studie beter militêr aangepas en in militêr belangrike rigtings gestuur sou kon word, terwyl dit ook op 'n deeltydse basis aangepak sou kon word, sodat die betrokke offisier byvoorbeeld terselfdertyd 'n dienstaak, soos opleidingsoffisier, by die Akademie kon verrig. Daarby sou sodanige studie ook stimulerend op die betrokke departement en sy dosente inwerk.[170] Kol. De Vos het egter daarop gewys dat, alhoewel nagraadse studente vir die Weermag van besondere belang was, daar ook aandag aan die ontwikkeling van dosente gegee moes word, ten einde te verseker dat hulle behoorlik toegerus sou wees vir die militêre aanpassing van die nagraadse kursusse:

> "Hoe meer die nagraadse leergange militêr aangepas is, hoe beter uit die oogpunt van die Weermag. Die enigste inrigting waar militêre aanpassing doeltreffend deurgevoer kan word is die Militêre Akademie. Op die terrein van die militêre aanpassing van hul vakke is die dosente verbonde aan die Militêre Akademie egter outodidakte en behoort hulle eie pogings nou aangevul te word deur studie van ongeveer een jaar in die buiteland. Hierdie studie behoort plaas te vind by militêre wetenskap- en stafkolleges waar daar in die dosent se vakgebied ook doseer- en navorsingswerk gedoen word. Deur al die aandag te wy aan die nagraadse <u>student</u> wat moontlik aan die Akademie kan kom studeer en NIE aan die vorming van die <u>dosent</u> wat hom moet lei NIE, span ons die kar voor die perde. Studie in die militêre aanpassing van hul vakke en kontak met kollegas oorsee is natuurlik ook besonder gewens sover dit die dosering vir die B-graad betref. Offisiere wat die B Mil-graad met uitstaande sukses afgelê het en wat in nagraadse studie geïnteresseerd is, kan (soos by militêre akademies in die VSA) as plaasvervangers vir dosente wat oorsee gaan aangestel word."[171]

Van dié droom het egter niks gekom nie. Dit sou waarskynlik te veel geld kos en daar was geen belangstelling van owerheidsweë om in die ontwikkeling van die Akademie-dosente te

170. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 61, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 19 Augustus 1963.

171. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 61, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 19 Augustus 1963.

belê nie. . Kol. De Vos het gedurende die tydperk 1961 – 1967 by herhaling vrugteloos probeer om Verdedigingshoofkwartier sover te kry om Akademie-dosente vir navorsingstake, wat dan in sommige gevalle ook tot die verwerwing van akademiese kwalifikasies kon lei, in te span. Daar was ook geen finansiële ondersteuning (reis- en verblyfkoste) vir dosente wat gedurende resestye navorsing wég van die Akademie wou onderneem nie – hulle kon darem daarvoor van die SALM se skedulevlugte gebruik maak.[172] Dié toedrag van sake was in skrille kontras met beroepsoffisiere wat op staatskoste alle kursusse bygewoon het wat hulle vir hul taak moes bekwaam. Daar was dus van owerheidsweë geen poging om dosente te motiveer om hul kwalifikasies te verbeter of navorsing vir publikasiedoeleindes te onderneem en hul sodoende beter vir hul taak toe te rus nie.

Die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch het teen die einde van 1963 goedkeuring verleen dat studente van die Militêre Akademie na verwerwing van die B. Mil.-graad tot nagraadse studie aan dié Universiteit toegelaat kon word in enige (driejarige) hoofvak wat hulle aan die Akademie geloop het, hetsy in die Geestes-, Natuur- of Handelswetenskappe. Dit het beteken dat ander Suid-Afrikaanse universiteite ook graduandi van die Akademie vir nagraadse studie sou aanvaar, aangesien die verskillende universiteite in Suid-Afrika onderling mekaar se grade erken het. Aangesien die sillabusse van die universiteite verskil het, kon 'n universiteit egter vereis dat 'n voornemende nagraadse student eers sekere aanvullende studie moes doen, alvorens hy toegelaat sou word om vir die betrokke kursus te registreer. Hierdie besluit van die Universiteit van Stellenbosch was 'n geweldige belangrike ontwikkeling vir die Militêre Akademie, deurdat dit vir die militêre studente die weg tot die verwerwing van meestersgrade gebaan het. Vóór dié besluit was 'n Hons.B.Mil. en 'n M.Mil. aan die Militêre Akademie die enigste geleentheid tot nagraadse studie wat vir B.Mil.-graduandi beskikbaar was.[173]

Gedurende Desember 1963 het die militêre owerhede besluit dat nagraadse studie (op staatskoste) in vakke soos Chemie, Aardrykskunde, Bedryfsekonomie, Geskiedenis, Fisika en Ekonomie vir die Weermag van waarde sou wees, maar dat studente na verwerwing van

---

172. Vergelyk onder meer SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 18, brief AG105/1, AG - Bev. Mil. Akad., 5 Mei 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1, inlae 19, seinberig AG483, AG - Bev. Mil. Akad., 22 November 1962; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 14, G/TRG/1/1 vol. 2, inlae 4, ongenommerde memorandum deur Bev. Mil. Akad. (klaarblyklik aan die dosente van die Fakulteit Krygskunde), 15 Oktober 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 14, G/TRG/1/1 vol. 2, inlae 6, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 8 Januarie 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 69, brief G/TRG/1/0, kol. P.J.G. de Vos – brig. F. van Niekerk, 12 April 1967.

173. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1, inlae 22, brief G/TRG/1/0, Bev. Mil. Akad. – AG, 20 November 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 162, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – Bev. Vlootkollege, 9 September 69.

hul B.Mil.-grade minstens drie jaar in die praktyk moes staan, alvorens hulle tot nagraadse studie toegelaat sou word. Sodanige studie moes aan die Universiteite van Bloemfontein, Pretoria, Potchefstroom en Stellenbosch onderneem word, aangesien "... dit onprakties en onekonomies sal wees om na-graadse (sic.) studie by die Militêre Akademie te laat plaasvind vernaamlik as dit op 'n deeltydse basis moet geskied. Hons B.Mil (sic.) nagraadse studie kan moontlik by (die) Militêre Akademie plaasvind mits dit voltyds is, en die Akademie oor al die nodige fasiliteite beskik, maar ... die Militêre Akademie (is) ingestel vir B Mil-graadkursusse (sic.) en NIE vir na-graadse studie NIE en as dit daar toegelaat word, sal dit, indien NIE nou NIE dan wel mettertyd, die daarstelling van sekere fasiliteite vereis wat in vergelyking met die klein getalle na-graadse studente, baie onekonomies sal wees."[174]

Die Hoof van Weermagadministrasie, veggenl. C.H. Hartzenberg, het op 18 Januarie 1966 bekendgemaak dat ministeriële goedkeuring verleen is vir deeltydse of voltydse nagraadse studie op staatskoste in bovermelde ses vakke, asook in ingenieurswese, by die Militêre Akademie en die vier Afrikaanse universiteite soos in Desember 1963 in die vooruitsig gestel. Kandidate kon onmiddellik of te enige ander tyd na verwerwing van hul B.Mil.-grade tot sodanige nagraadse studie toegelaat word.[175] Geen redes is aangevoer waarom slegs Afrikaanse universiteite as standplase vir nagraadse studie geoormerk is nie; dit was egter duidelik 'n verdere manifestasie van die Nasionale Party se poging om die Staatsdiens, insluitende die SA Weermag, te verafrikaans, wat nie die beeld en geloofwaardigheid van die Weermag óf Akademie by die Engelssprekende deel van die gemeenskap sou bevorder nie.

Die invoering van nagraadse studie by die Akademie was in beginsel 'n besonder positiewe stap ter uitbouing van akademiese kundigheid in die Weermag; die probleem was net dat bitter min[176] studente in die praktyk daarvoor ingeskryf het. Dié toedrag van sake het klaarblyklik daaruit gespruit dat die Weermag dikwels nie 'n lid vir voltydse nagraadse studie kon vrystel nie,[177] terwyl offisiere waarskynlik soms vanweë werksverpligtinge nie genoeg vryetyd gehad het om deeltyds te studeer nie. 'n Ander praktiese beletsel was

---

174. SANWA, KG K56 L134, KG/OPL/11 vol. 1, inlae 10A, notule van vergadering gehou in Wnd. KG se kantoor, 5 Desember 1963.
175. SANWA, KG K56 L134, KG/OPL/11 vol. 1, inlae 55, brief HWA/607/5, HWA – LSH, et al, 18 Januarie 1966.
176. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.–graduandi – tot Desember 1990 is daar in totaal maar 29 Hons.B.Mil.-grade, twee M.Mil.- en een D. Mil.-graad toegeken teenoor die 1 207 B.Mil.-grade wat in dieselfde tydperk toegeken is.
177. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 169, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 7 Desember 1972.

natuurlik dat offisiere dikwels in afgeleë gebiede ontplooi is, waar hulle nie altyd geredelik toegang tot biblioteekfasiliteite gehad het nie. Daar was moontlik ook die opvatting dat 'n nagraadse kwalifikasie by 'n ander instelling 'n beter markwaarde met die oog op 'n alternatiewe loopbaan sou hê. Nagraadse kwalifikasies by ander instellings was natuurlik vir die Weermag in beginsel 'n goeie idee vanweë die breër akademiese blootstelling wat dit gebied het. Lt.genl. P.D. Steyn, oudstudent van die Akademie (1961 – 1963) en latere Sekretaris van Verdediging, sien die saak só:

> "... as ek terugkyk oor die jare, en kyk hoe min studente hulleself nagraads verder bekwaam het, en veral in die doktorale omgewing, dan is dit vir my regtig 'n groot teleurstelling. Die rede daarvoor moet waarskynlik nie gelê word aan die gebrek aan belangstelling en motivering by studente self nie, want ek dink as 'n man nagraads gaan studeer en jy kan dit nie voltyds doen nie, dan moet jy die simpatie van beide jou familie en jou werkgewer nodig hê. Nou, die jare laat sestigs en sewentig, was gekenmerk deur 'n toenemende deelname van die Weermag aan operasies ter beskerming van ons grense en later aan Suidwes, ensovoorts, so met die gevolg is, ek dink die deursnee jong offisier het voor die keuse gekom of hy voorkeur aan sy akademiese ... opvoeding moet gee, en of hy maar sy merk moet maak wat sy loopbaan betref. En ek dink in die meeste gevalle het die manne maar gereken wel, ek het nou die ... B.Mil., ek moet nou maar hard werk om my normale verpligtings rondom die vereistes vir bevordering, ensovoorts, na te kom en om aan (operasies) deel te neem, wat toe lekker was ... Vir dié studente, soos myself, wat graag wou verder studeer, was daar letterlik niks simpatie nie ... daar (was) nie voorsiening gemaak ... om studente voltyds terug te stuur vir honneurs-, meesters- of doktorsgrade nie. En ek dink dit was toe, en is dalk vandag nog, die rede waarom die Militêre Akademie nie in dieselfde lig gesien word as die ander opvoedkundige inrigtings in die land nie."[178]

Daar het nie noemenswaardige ontwikkeling ten opsigte van die basiese patroon van militêre opleiding in die tydperk 1961 tot 1967 plaasgevind nie. Kol. De Vos het die doel van militêre opleiding gesien as synde "om 'n jong offisier te lewer wat prakties en teoreties vir sy beroep gekwalifiseerd is sodat hy na sy opleiding operasioneel bruikbaar is."[179] Bereken oor die vier jaar van die kandidaat met sy gimnasiumopleiding begin het, totdat hy

178. P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.
179. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.17.

sy graad verwerf het, het hy ongeveer ewe veel tyd aan militêre opleiding en akademiese studie bestee.[180] Die belangrikste militêre opleiding het soos gebruiklik gedurende resestye by die onderskeie weermagsdeelopleidingsinrigtings geskied, maar al drie weermagsdele het probleme ondervind om genoemde doelwit te bereik. Volgens kol. De Vos was "die algemene klagte dat die onafgebroke opleidingsperiode [gedurende resestye] NIE intensief en progressief genoeg benut word NIE."[181] Die probleem was klaarblyklik dat kursusse nie altyd geskeduleer kon word om presies met resestye saam te val nie en dat waar studente nie op "spesifieke kursusse [ge]gaan [het] nie ... die aanwending van hierdie studente redelik los en onsamehangend [was]."[182] Die aard en omvang van militêre opleiding gedurende die akademiese semesters was nêrens omskryf nie en het op kol. De Vos se eie inisiatief geskied.[183] Hy het een dag per week, sowel as die meeste Saterdagoggende daarvoor opsy gesit. Die derdejaars het deurgaans met die opleiding van die eerste- en tweedejaars gehelp, nie alleen om die taak van die opleidingsoffisiere te vergemaklik nie, maar ook om hulle soveel moontlik oefening in instruksie te gee en hul organisatoriese vermoëns en leierskap te ontwikkel.[184] 'n Gebrek aan tyd, kontinuïteit en opleidingsfasiliteite (uitrusting, opleidingshulpmiddels en dies meer) het egter veroorsaak dat die opleiding van die studente gedurende die akademiese semesters nie werklik doelgerig was nie en derhalwe nie die verlangde bydrae tot die militêre bekwaming van die studente gelewer het nie.[185]

Die vlootstudente, vergesel van 'n paar kollegas van die Leër en die Lugmag, het soms die geleentheid gekry om met een van SAS SALDANHA se seilskepe na Tafelbaai te vaar om hul seemanskap te oefen. Lt.kdr. J.A.C. Weideman, 'n oudstudent van die Akademie (B.Mil., 1957), het ná so 'n vaart onder sy aanvoering gedurende 22 – 27 Oktober 1966 gerapporteer dat "die vaart ... 'n sonderlinge ondervinding (was) waardeur kosbare lesse in seemanskap, seevernuf, die weer en die seilkuns geleer, en kameraadskap bevorder is."[186]

180. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 9A, brief A/LEG/18, Bev. Kmdmt. W.P. – LSH, 3 September 1965.

181. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.17.

182. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.17.

183. Malan-verslag, pp.14 - 15.

184. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 91a, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1963, Desember 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 109a, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1964, 14 Desember 1964.

185. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", pp.18 - 20.

186. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAN vol. 5, inlae 33, verslag deur lt.kdr. J.A.C. Weideman insake seilvaart van Saldanha na Kaapstad en terug, 29 November 1966.

Vlootopleiding by die Akademie het in 1966 'n hupstoot gekry, toe die Vloot besluit het om 'n seeweerboot aan SAS SALDANHA toe te ken met "die primêre doel ... om aan SAS SALDANHA 'n opleidingsfasiliteit te verskaf vir basiese seemanskap, en om aan die Vlootafdeling van die Militêre Akademie die geleentheid te gee vir opleiding in navigasie, seemanskap en skeepshantering."[187]

Die lugmagstudente se militêre opleiding gedurende die akademiese semesters het tot aan die einde van 1966 uit een dag per week vliegopleiding met Harvards vir die vlieëniers en navigasievlugte met Dakotas vir die navigators op Langebaanweg bestaan. Hoof van die Lugmag het egter met ingang van 1967 die lugmagstudente se vliegopleiding deur 'n grondopleidingsprogram vervang, toe dit vir Lugmagstasie Langebaanweg vanweë 'n oorvol program en 'n personeeltekort onmoontlik geword het om die vliegopleiding van die Akademie-studente te behartig. Hy het ook beslis dat dit te veel tyd, onkoste en administrasie sou verg om die lugmagstudente weekliks na Ysterplaat of Youngsfield vir vliegopleiding te stuur.[188] Vir die lugmagstudente, wat uitsluitlik by die Staande Mag aangesluit het om te kon vlieg, was dit 'n moraalbreker; veral die eerstejaars was baie ontevrede, aangesien dit in hulle oë feitlik op kontrakbreuk neergekom het: hulle het Akademie toe gekom met die verstandhouding dat hulle steeds een dag per week kon vlieg en dié ooreenkoms is nie nagekom nie. Vertoë van die lugmagstudente en die lugmagopleidingsoffisier aan kol. De Vos en herhaalde vertoë van kol. De Vos aan Hoof van die Lugmag om weer die vliegopleiding in te stel om die lae moraal van die lugmagstudente op te hef, kon egter nie die saak omkeer nie; die vlieëniers moes vir eers maar met hul aardgebondenheid verlief neem.[189]

187. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAN(SDB), inlae 1A, instruksies m.b.t. operasie en administrasie van die seeweerboot toegeken aan SAS SALDANHA, 26 Mei 1966.

188. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 24, brief LMH/DGB/818/202, HLM – HWA, 15 Februarie 1967.

189. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 1a, brief LMH/DGD/818/202, HLM – HWA, 31 Oktober 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 2, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HWA, 22 November 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 5, brief LMH/DGD/818/202, Wnd. HLM – HWA, 19 Desember 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 65a, verklaring deur KO D.W.K. Lynch nms. eerstejaarlugmagstudente, 8 September 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 24, brief LMH/DGB/818/202, HLM – HWA, 15 Februarie 1967; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 65, ongenommerde brief, Lugmagopleidingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 11 September 1967; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 66, brief G/TRG/6/2SAAF, Bev. Mil. Akad. – HLM en HWA, 20 September 1967; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF, inlae 80, ongenommerde brief Lugmagopleidingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 7 Februarie 1968.

Die militêre ingenieurstudente op Stellenbosch het na hul eindeksamen ook by die Akademie aangemeld vir opleiding in regimentsdienste, dril en seremonieel en om vir die jaarlikse voorstellingsparade te oefen.[190]

Die Weermag het, soos ook die geval in die buiteland was, sport en liggaamlike opvoeding as 'n noodsaaklike en integrale deel van die kandidaatoffisier se opleiding beskou; sportdeelname was dus verpligtend by die Akademie met die oog op die bevordering van die gesondheid, liggaamskrag, uithouvermoë, deursettingsvermoë, volharding, *esprit de corps* en veggees van die studente.[191] Die klein studentetal het sportbeoefening egter aanvanklik ernstig aan bande gelê. Dit was eers met die koms van die eerstejaars na Saldanha in 1961 en die gelyktydige vergroting van die jaarlikse studente-inname dat effektiewe sportbeoefening moontlik geraak het en die Akademie in verskillende sportsoorte, hoewel nie in almal nie, op klubvlak kon meeding.[192] Afstand was die belangrikste knelpunt, want die Akademie-spanne het so ver as Wellington, Worcester, Stellenbosch en Ceres deelgeneem en moes dus dikwels meer as 400 km heen-en-terug op 'n Saterdag in stamperige drietonvragmotors aflê om hul sport te beoefen.[193] Die sportsoorte wat by die Akademie beoefen is, was rugby, tennis, atletiek, landloop, hokkie, roei, seil, skyfskiet, muurbal, tafeltennis, krieket, vlugbal, sagtebal, sokker, gholf, gimnastiek, judo, boks, stoei en gewigoptel. Waar nodig, het Akademie aanvanklik soms met sy buureenhede, die Vlootgimnasium (krieket) en Lugmagstasie Langebaanweg (rugby) saamgespan om in die plaaslike ligas te kon meeding. 'n Opwindende intereenheidkompetisie in verskeie sportsoorte het mettertyd tussen die Akademie en sy twee buureenhede beslag gekry, wat baie daartoe bygedra het om die eenheidsgees te versterk en uit te bou. Die sportfasiliteite was aan die begin maar karig, maar het geleidelik verbeter, met die toevoeging van 'n atletiekbaan (gedeel met die vlootbasis), twee tennisbane, twee muurbalbane en 'n gholfbaan in die loop van die sestigerjare. Waar geriewe ontbreek het, moes geïmproviseer word, sodat die paradegrond dikwels ook as krieket- en hokkieveld diens gedoen het. 'n Belangrike sporttradisie het in 1960 ontstaan,

---

190. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/13/1 vol. 1, inlae 7, ongenommerde memorandum deur 2IB Mil. Akad., 11 November 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 109a, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1964, 14 Desember 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 3, inlae 1a, jaarverslag insake militêre opleiding gedurende 1965, 7 Januarie 1966.

191. SANWA, KG K39 L68, KG/GM/5/4 vol. 5, inlae 82GG, brief G/TRG/18/0, Bev. Mil. Akad. – AG en KMG, 31 Oktober 1961.

192. E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.59.

193. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.16.

toe die E'Silva-sportkompetisie tussen die staf en die drie studentejaargroepe ingestel is. Die groepe het jaarliks in tien verskillende sportsoorte om die E'Silva-trofee, geskenk deur die Portugese generaal Carlos Alberto Nascimento E'Silva toe hy die Akademie in 1960 besoek het, teen mekaar meegeding. Die grootste hoogtepunt in Akademie-sport gedurende die sestigerjare was sekerlik toe die eersterugbyspán in 1965, die eerste jaar wat hulle in daardie liga gespeel het, die Bolandse senior liga gewen en daarmee die Grootuitdaagbeker verower het.[194]

Op die gebied van sport en liggaamlike fiksheid het kol. De Vos 'n goeie voorbeeld aan die studente gestel. Die eerstejaars het dan ook binne die eerste week na hul aankoms op Saldanha (as die weer en gety saamgespeel het) met sy talente en toewyding op dié gebied kennis gemaak by wyse van 'n landloop van Langebaan na Saldanha wat 'n instelling by die verwelkoming van die eerstejaars geword het. Die eerstejaars is met 'n barkas van die Vlootbasis oor die baai na Langebaan geneem, waarvandaan hulle dan strandlangs na die Akademie teruggehardloop het.[195] Vir kol. De Vos, 'n kranige atleet en toonbeeld van liggaamlike fiksheid, was hierdie landloop 'n hoogtepunt wat hy elke jaar terdeë geniet het en moes die studente uithaal om te probeer byhou. Hy het dikwels sand in die oë van die jong studente geskop, soos in 1963, toe hy volgens eie getuienis vier minute voor die eerste student by die Akademie terug was![196] In Februarie 1966, net voor sy vyftigste verjaarsdag, het hy in 'n brief aan sy digtersvriend, Ernst van Heerden, met trots van sy fiksheid en prestasie tydens hierdie tradisionele landloop melding gemaak:

> "Die jare snel verby en ek is a.s. maand 'n halwe eeu in die land. Ek weeg nog dieselfde as toe ek Senior Sertifikaat geslaag het maar dit beteken dat ek nie die rimpels in my vel van binne kan uitstryk nie! Word ook al goed grys om die slape. Op 'n lang genoeg afstand hardloop ek darem nog omtrent 80% van my studente

---

194. SANWA, KG K39 L68, KG/GM/5/4 vol. 5, inlae 82GG, brief G/TRG/18/0, Bev. Mil. Akad. – AG en KMG, 31 Oktober 1961; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 3, Militêre Akademie-sportklub jaarverslag, 1963; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 4, Militêre Akademie-sportklub jaarverslag, 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 5, Militêre Akademie-sportklub jaarverslag, 1965; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 6, Militêre Akademie-sportklub jaarverslag, 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 7, Militêre Akademie-sportklub jaarverslag, 1967; E.M. Müller, et al. (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, pp.59 - 60.

195. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

196. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963.

uit. 'n Week gelede het ek en al die eerstejaars van Langebaan langs die see teruggehardloop – 12, 13 myl – en net een was voor my tuis."[197]

Met die groter studentetal by die Akademie het die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie, herdoop tot die Studentebevelsorganisasie toe die derdejaars van 1963 af offisiersaanstellings ontvang het, 'n meer betekenisvolle rol begin speel. Die doel van dié organisasie was "om pligte en verantwoordelikhede te desentraliseer en daardeur meer studente, veral offisierstudente in hul finale jaar, 'n geleentheid te bied om leiding en verantwoordelikheid op 'n bepaalde gebied te neem en sodoende leierskap te bevorder."[198] Ná 'n effense herstrukturering het dit nou bestaan uit 'n Studentekaptein, met 'n Tweede Studentekaptein, en drie groepleiers ('n Kompaniebevelvoerder vir die leërstudente, 'n Eskaderbevelvoerder vir die lugmagstudente en 'n Divisiebevelvoerder vir die vlootstudente), 'n Adjudant en 'n Studente-Sersant-majoor onder hom. Onder die groepleiers was subgroepleiers, oftetewel peloton- vlug- of divisiebevelvoerders, na gelang van die weermagsdeel. Voorts het daar 'n aantal studentekomitees onder die Tweede Studentekaptein gestaan wat met die organisasie van die studente se sport-, sosiale en ander bedrywighede belas was. Die Adjudant is bygestaan deur 'n finansiële komitee en 'n administratiewe seksie wat roetinesake in daardie verband behartig het. Die ampsdraers was oorwegend derdejaars en is deur die Bevelvoerder of die militêre instrukteurs aangestel.. Die Studentekaptein ('n derdejaar) en die Studente-Sersant-majoor ('n tweedejaar en ook bekend as die Junior Studentekaptein) het vir 'n volle jaar gedien, terwyl die res van die ampsdraers periodiek gewissel het om soveel as moontlik studente die geleentheid te gee om ervaring in 'n leiersposisie op te doen.. Die Studentebevelsorganisasie was, soos voorheen, deur die Studentekaptein aan die Tweede-in-bevel van die Akademie verantwoordelik vir die interne administrasie en dissipline van alle studente. In die geval van huishoudelike misdrywe, byvoorbeeld versuim om erkende praktyke of tradisies na te kom of optrede wat die eer van die studeţekorps geskaad het, het die Studentebevelsorganisasie 'n tugkomitee gevorm om die oortreder te verhoor. Die Tugkomitee kon strawwe van tot drie ekstra dril-parades (40 minute elk), sewe ekstra dienste oplê, of andersins korrektiewe opleiding voorskryf of beperkings op 'n lid se vry

197. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 22, G/TRG/14 vol. 2, inlae 11, ongenommerde brief, P.J.G. de Vos – E. van Heerden, 9 Februarie 1966.

198. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", p.7.

naweke lê. Die oortreder het egter die opsie gehad om hom op hoër gesag te beroep en alle strawwe moes deur die Bevelvoerder of Tweede-in-bevel bekragtig word.[199]

Die eerste klompie jare ná 1960 het vir die Akademie en sy dosente ook 'n effens wyer rol as die onderrig van die graadstudente gebring. So is 'n gedeelte van die navigasiekursus vir adelborste wat regstreekse offisiersopleiding ondergaan het, asook 'n navigasiekursus vir burgermagoffisiere van die SA Vloot, byvoorbeeld gedurende die winterreses deur Akademie-dosente by die akademie aangebied. Voorts het die Akademie-dosente ook Krygsgeskiedenis en Militêre Geografie vir die Leër se stafdienskursusse by die SA Militêre Kollege in Voortrekkerhoogte aangebied en met die saamstel van leerplanne in daardie verband gehelp; die Akademie-dosente het insgelyks ook by die SA Lugmagkollege in Pretoria lesings aangebied.[200] Die betrokkenheid van die Akademie by ander kursusse en opleidingsinrigtings het nie net die waarde van dié instelling vir die SA Weermag verhoog nie, maar het sekerlik ook meegehelp om die insig van die Akademie-dosente in die werksaamhede van die Weermag te verbreed en hulle sodoende beter vir hul doseertaak aan die Akademie ingestel.

Ofskoon die Akademie gedurende sy vormingsjare op Saldanha deur Verdedigingshoofkwartier ook kontak met offisiersopleidingsinrigtings in lande soos Australië[201] en Brittanje[202] gehad het, wil dit uit die geraadpleegde bronne voorkom asof die meeste kontak in daardie tydperk met die VSA was en of die koers van die Akademie hoofsaaklik aan dié van West Point gemeet is: in 1958 het Verdedigingshoofkwartier 'n

199. Mil. Akad. Argief, "Memorandum oor die Militêre Akademie en die Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965", pp. 7 – 10, asook Aanhangsels E en F daarby.

200. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 39, kursusverslag deur lt.kdr. C.J. de Villiers, 31 Julie 1962; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 2, inlae 114a, kursusverslag deur lt.kdr. C.J. de Villiers, 18 Julie 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 16, G/TRG/6/2/SAV(BM) 1967 en G/TRG/6/2/SAV(BM) 1968, verskeie inlaes; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/6, inlae 5, brief G/TRG/6 oor G/TRG/6/19, Kmdt. SA Mil. Kol. – Bev. Mil. Akad., 26 Oktober 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/6, inlae 6, brief G/TRG/6 oor G/TRG/6/19, LSH - Kmdt. SA Mil. Kol. en Bev. Mil. Akad., 15 November 1964; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 22, G/TRG/14 vol. 2, inlae 34, brief SALMK/206/5/8/2, Kmdt. SA L.M. Kollege - Bev. Mil. Akad., 25 April 1966; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 22, G/TRG/14 vol. 2, inlae 37, brief G/TRG/14, Bev. Mil. Akad. - Kmdt. SA L.M. Kollege, 3 Mei 1966.

201. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 140, A/PERS/1/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 5, brief 303/2/18, Australiese Leërverteenwoordiger – SA Militêre Adviseur, Londen, 25 Julie 1958; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 140, A/PERS/1/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 5, brief AG(1)(A)984, Australiese Leërverteenwoordiger – SA Militêre Adviseur, Londen, 25 Julie 1958.

202. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 6, inlae 58, brief MAN/206/1/U/TRG, Militêre, Lug- en Vlootattaché, Londen – KG, 20 Junie 1962.

artikel uit die tydskrif **Sperryscope**[203] onder kol. De Vos se aandag gebring waarin die superintendent van West Point, lt.genl. H. Davidson, sy opvattings oor die opleidingsvereistes (spesifiek m.b.t. West Point) vir die offisiere van die toekoms uiteengesit het; in 1959 het die Akademie en West Point inligting oor opleidingsprogramme uitgeruil;[204] in 1961 het die Kommandant-generaal die Weermagsattaché in Washington, D.C. getaak om vas te stel wat die VSA se beskouing ten opsigte van die akademiese opleiding van beroepsoffisiere vir die verskillende weermagsdele was;[205] en, in 1962 is daar weer na die militêr-akademiese opleiding van lugmagoffisiere in die VSA,[206] sowel as veranderinge by West Point[207] en nagraadse studie deur offisiere in die VSA[208] gekyk.

Die vereistes wat met betrekking tot offisiersopleiding in die VSA gestel is – onder meer die vermoë tot analitiese, oorspronklike denke, 'n breë algemene akademiese agtergrond, die noodsaaklikheid van volgehoue studie, 'n hoë graad van liggaamlike fiksheid, sterk leierskap, ens. - het in breë trekke geklop met die denke in die SA Weermag en die praktyk by die Akademie. Daar was egter nie, soos Davidson onder andere in bovermelde artikel bepleit het, 'n behoorlike balans tussen die geestes- en die natuurwetenskappe in die leerplanne by die Akademie nie. Soos vroeër vermeld, is Staatsleer (Mil.) (of enige ander sosiaal-politiekwetenskaplike vak) byvoorbeeld nie in die natuurwetenskaplike studierigting ingestel nie; Spesiale Wiskunde is wel as keusevak in die geesteswetenskaplike studierigting aangebied.[209] 'n Ander aspek wat Davidson bepleit het wat by die Akademie agterweë gebly het, was die studie van tale en volkekunde met die oog op internasionale samewerking. Kol. De Vos het egter wel in 1960 die moontlike instelling van Volkekunde

---

203. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1/1 vol. 5, inlae 49, brief KG/GPT/1/3/1/1, H.J. Zinn – P.J.G. de Vos, 25 November 1958, waarby aangeheg 'n (oorgetikte) afskrif van 'n artikel "The Future of West Point" deur lt.genl. H. Davidson uit die tydskrif **Sperryscope**.
204. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/2/3 vol. 1, inlae 1, brief AG(3)1906/9, Wnd. AG – Bev. Mil. Akad., 11 November 1959.
205. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/1, inlae 35, brief KG/EXT/1/1/2, KG - Weermagsattaché, Washington, D.C., 24 Februarie 1961.
206. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 44, oorgetikte afskrif van artikel "Educational Requirements of the USAF Officer Corps" deur kol. John P. Lisack wat in die Air University Quarterly Review, vol. XIII, no. 2 verskyn het.
207. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/2/3 vol. 1, inlae 6, brief AA/40, Weermagsattaché, Washington, D.C. – LSH, etc., 17 April 1962, waarby aangeheg afskrif van artikel "Changes Ahead at West Point but Mission Remains Constant" wat in die **Journal and Register**, 14 April 1962 verskyn het; .
208. SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 31, brief AA/C/30/2, Weermagsattaché, Washington, D.C. - KG, 10 Mei 1962; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 33, brief AA/C/30/2, Weermagsattaché, Washington, D.C. - KG, 22 Mei 1962; SANWA, KG K43 L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1, inlae 34, brief AA/C/30/2, Weermagsattaché, Washington, D.C. - KG, 25 Mei 1962.
209. Vergelyk **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek**, 1961 - 1968.

(Etnologie) as vak by die militêre owerhede geopper.[210] Die klem op nagraadse studie deur SAW-offisiere aan die Militêre Akademie en by burgerlike universiteite (wat vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is) het duidelik ook uit die ondersoek na die situasie in die VSA-weermag in daardie verband gespruit. Die praktyk in die VSA was dus gedurende die vroeë sestigerjare onmiskenbaar die rigsnoer waarvolgens ontwikkeling by die Militêre Akademie plaasgevind het, hetsy as gevolg van die VSA se status as toonaangewende militêre moondheid, of as gevolg van die Nasionale Party-beleid om sterker bande[211] met die VSA na te streef. Die groot verskil in skaal en beskikbaarheid van fondse het egter 'n noue nastrewing van die West Point-model uiteraard onmoontlik gemaak. Die getal offisiere wat graadopvoeding ontvang het, was naamlik te klein om die koste van afsonderlike akademies vir al drie weermagsdele te regverdig, terwyl die weermagsdele 'n ononderhandelbare behoefte daaraan gehad het om hul kandidaatoffisiere in hul onderskeie weermagsdeelkulture te vorm, alvorens hulle tot 'n gesamentlike akademie toegelaat word. Dit het daartoe gelei dat kandidate nie soos by West Point van die skoolbanke af gewerf kon word om hul totale vorming as jong offisiere aan die Akademie te ontvang nie.

## 4.5 DIE STUDENTELEWE OP SALDANHA, 1961 - 1967

Die studentelewe op Saldanha het, soos op Stellenbosch, elke jaar vir die eerstejaars met 'n administrasie- en oriënteringsproses begin. Hulle het 'n week voor die amptelike aanvang van die akademiese jaar op Saldanha aangemeld, waar kol. De Vos hulle op die Maandagoggend amptelik verwelkom het (en sekerlik ook op die belangrikheid van hul studie vir hulle self en die Weermag gewys en tot harde werk gemaan het!). Daarna het hulle die gewone administratiewe prosesse deurloop, van die aanhoor van die moets en moenies by die Akademie, tot die verpligte inspuitings by die siekeboeg, die aflê van taaltoetse en die voorbereiding vir hul eerste kaserne-inspeksie.[212] Verder het dit tradisie geword om die eerstejaars met hul aankoms op 'n unieke wyse by die twee senior jaargroepe in te skakel. Elke tweedejaar het naamlik vir hom 'n "seun (s)" onder die eerstejaars gekies, sodat daar uiteindelik hegte "families" onder die studente opgebou is,

210. SANWA, AG(3) 225, AG(3)1906/9 vol. 8, inlae 195, brief G/TRG/1/1, Bev. Mil. Akad. - AG, 12 Augustus 1960.
211. L. Jooste: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 – 1959, p.20.
212. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963.

bestaande uit "seuns", "pa's" en "oupas". Die gedagte was dat die "pa's" hulle "seuns" volgens hul eie studierigtings sou kies, sodat hulle hulle deur die loop van die jaar in hul studie kon bystaan. Dit het mettertyd gebruik geword om 'n stamboek van al die families by te hou, waarin die nuwe eerstejaars jaarliks hul name moes teken.[213]

Ironies genoeg het die Akademie-studente ook die ontgroeningstradisie wat hulle op Stellenbosch met soveel weerstand en argwaan begroet het, saam met hulle na Saldanha gedra en met die medewete van kol. De Vos van 1961 af die eerstejaars daaraan onderwerp;[214] hulle het dit trouens in sekere opsigte selfs tot groter uiterstes gevoer as wat hulle op Stellenbosch te beurt geval het. 'n Anonieme eerstejaar wat in 1963 deur dié meule is, het sy belewing van die ontgroeningsprosedure soos volg aan 'n ewe anonieme toehoorder oorgedra:

> "Wel. ... die ontgroening is verby en ek kan weer begin lewe. Dit was 'grim! Ek was kapoet en besig om mal te word (het minstens 15 lb verloor). Ek praat liewer nie daarvan nie.
>
> "Van Woensdagmôre 5 uur tot Sondagmôre 1 uur het ek 2 uur slaap gehad en minstens 12 uur P.T. gedoen (van die soort wat bedoel is om dood te maak).
>
> "In elk geval, na ons gisteraand goed uitgeput is (my hemp het gedrup van die sweet toe ek dit uittrek), is ons in die yskoue Danger Bay gedoop en nakend ingesweer en moes die heildronk drink ('n punt goed geskep uit 'n kan wat bevat: 3 gell. goedkoop wyn, 1½ gell. Gin, 1 gell. brandewyn en 1 gell. seewater). Almal was na 2 min. dronk en party het uitge-'pass' terwyl hulle drink. Toe is almal skielik vriende – al 140 van ons. Hier heers 'n wonderlike gees.
>
> "Het ek jou al vertel hoe ons van Langebaan af moes hardloop (13 myl) op sand? Ek's nie bedoel om jonk dood te gaan nie."[215]

---

213. J.C. Kotzé – G.E. Visser, onderhoud, 12 Julie 2000; **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, pp.32 – 33; Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-4.

214. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963; F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.

215. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 2, oorgetikte brief van 'n anonieme student (die naam is opsetlik deur die owerhede met die oortikslag weggelaat) aan 'n ewe anonieme ontvanger (ook dié naam is doelbewus weggelaat), 23 Februarie 1963.

Bovermelde student het, te oordeel aan die trant van sy brief ("Hier heers 'n wonderlike gees"), nie negatief teenoor die ontgroening gestaan nie. Tog het sy ontgroeningsverhaal die ore van die Adjudant-generaal bereik (vandaar die oorgetikte, anonieme kopie van sy brief op 'n amptelike lêer). Die Adjudant-generaal het kol. De Vos klaarblyklik daarmee gekonfronteer, want hy het "na aanleiding van 'n gesprek ... met [die] Adjudant-generaal in sy kantoor op 23 Maart [1963] ... 'n grondige ondersoek na die verloop van die ontgroening deurgevoer ..."[216]

Uit die verslag wat kol. De Vos daarna aan die Adjudant-generaal voorgelê het, het dit geblyk dat die kandidaatoffisiersbevelsorganisasie daardie jaar met sy goedkeuring (soos vermoedelik die gebruik sedert 1961 was) die ontgroening van die eerstejaars aan die "Waaksaamheidskomitee", bestaande uit vier tweedejaarstudente, opgedra het. Kol. De Vos het dit vooraf aan die Waaksaamheidskomitee duidelik gemaak dat dit heeltemal verbode was om die eerstejaars op enige wyse aan te rand, allerlei middels in te gee of op enige wyse onbehoorlik teenoor hulle op te tree. Die ontgroening het daaruit bestaan dat die Waaksaamheidskomitee die eerstejaars gedurende die week voor die aanvang van die klasse ná werksure (soms ook middernagtelik of tussen 03:00 en 05:00 in die oggend!) aan liggaamsoefeninge onderwerp en oor die algemeen min laat slaap het. Die eerstejaar het ook in opdrag allerlei sleurwerkies vir die seniors verrig, soos om hul uniforms te stryk, knope blink te vryf en skoene te poets. Gedurende die eerste week van klasse is die tempo afgeskaal, sodat die eerstejaars genoeg tyd vir slaap en studie sou kry. Ná werk het hulle allereers hul eie uniforms en dié van hul "pa's" (elkeen het 'n spesifieke senior student as "pa" gehad na wie se belange hy moes omsien) vir die volgende dag in orde gekry. Ná aandete het hulle in die koffiekamer byeengekom, waar die seniors met hulle gekgeskeer het totdat hulle om 19:30 na Malgaskop vertrek het om te studeer. Van 20:00 tot 05:00 die volgende oggend, wanneer hulle vir 'n sarsie "P.T." of 'n vinnige swem in die baai uit die bed geboender is, is hulle met rus gelaat, behalwe die Donderdagnag, toe hulle ook (teen kol. De Vos se opdrag in) tot 02:00 met liggaamsoefening en dies meer besig gehou is. Laasgenoemde was as straf vir die eerstejaars se weiering om die Woensdagoggend om 05:00 vir liggaamsoefening op te staan; dié optrede het inderwaarheid uit 'n tradisie gespruit waarvolgens die seniors aan die eerstejaars gesuggereer het om by geleentheid

216. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963.

as 'n groep nie die Waaksaamheidskomitee se bevele te gehoorsaam nie, ten einde 'n gevoel van samehorigheid by hulle te kweek.[217]

Die Vrydagaand het die eerstejaars (in opdrag) 'n verskeidenheidskonsert gehou wat ook deur van die dosente bygewoon is. Daardie nag, synde die laaste nag van hul ontgroening, is hulle glad nie toegelaat om te slaap nie. Ná die normale oggendroetine en middagete op die Saterdag het die eerstejaars in hul drie weermagsdeelgroepe verdeel om aan 'n drilsessie van ongeveer 'n uur en 'n kwart – in hul winteruniforms – onderwerp te word. Ná aandete is hul met allerlei takies besiggehou terwyl die seniors vir die "ontheffingsparty" daardie aand voorberei het. Dié party het by Danger Bay, sowat 5 km van die Akademie af, plaasgevind, waar al die tweedejaars, die meeste van die derdejaars en selfs 'n paar van die vorige jaar se derdejaars, om 'n groot kampvuur versamel het. Die eerstejaars het opdrag gekry om hulle in groepe van ses kaal uit te trek, kniediep in die water in te loop en hulle behoorlik nat te maak. Daarna het hulle hulle na die kampvuur begewe, waar elkeen 'n belofte van trou en lojaliteit aan die Akademie moes aflê en met 'n heildronk moes bevestig. Die heildronk was, in opdrag van kol. De Vos, veronderstel om ongeveer 'n wynglas vol ligte, droë wyn te wees wat hulle uit 'n droë bamboes moes drink; diegene wat 'n beswaar teen alkohol gehad het, kon slegs 'n mondvol wyn neem, of andersins 'n maat seewater drink om die tradisie voort te sit![218] (Genl.maj. Fred du Toit, 'n lid van die eerste eerstejaargroep op Saldanha (1961) herinner hom dat die voggies waarmee hulle die heildronk moes drink uit "'n mengsel van vaaljapie en kreefpote" bestaan het![219]) Volgens die voorsitter van die Waaksaamheidskomitee het die komitee vir dié okkasie twee gelling *Lieberstein*, "n ligte [wit] droë tafelwyn" (wederregtelik!) met 'n "halfjack" brandewyn vir die 47 eerstejaars opgekikker.[220] Ná die heildronk het die eerstejaars met die Vaandrig en ander lede van die Kandidaatoffisiersbevelsorganisasie bladgeskud, asook met al die senior studente, wat hulle toe op hul voorname aan die eerstejaars voorgestel het. Daarná het almal gesellig om die kampvuur verkeer. Die bittereinders het die partytjie teen 23:30

---

217. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963.
218. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963.
219. F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.
220. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963.

verlaat en teen middernag was almal veilig in die bed – sonder enige beserings of enige olikheid agterna![221]

Die waarheid oor die ontgroening het waarskynlik iewers tussen die anonieme student se brief en kol. De Vos se verslag gelê; die eerstejaar het waarskýnlik 'n bietjie aangedik om sy leser te beïndruk (daar was geen eerstejaars teenwoordig om te sien wat alles in die mengsel ingegaan het nie![222]) en die studente op wie se getuienis kol. De Vos se verslag gebaseer was, het dalk die waarheid effens oordeelkundig gebruik. Hoe dit ook al sy, Verdedigingshoofkwartier het in Oktober 1963 'n Weermagsorder uitgevaardig waarin verklaar is dat "ontgroeningspraktyke waarby lede van die SA Weermag betrokke is ... nie aangemoedig (word) nie, maar waar die gebruik 'n gewoonte geraak het moet die betrokke Bevelvoerder verseker dat die verrigtinge in geen opsig die SA Weermag of enige van sy eenhede of lede in 'n ongunstige lig stel nie."[223] Die order het voorts uitdruklik gestipuleer dat bevelvoerders persoonlik verantwoordelik sou wees om toe te sien hulle op hoogte was van alle ontgroeningsverrigtinge, geen vorm van "liggaamlike ontgroening toegepas word nie" en dat "geen alkoholiese drank as deel van die verrigtings gebruik word nie."[224]

Kol. De Vos het hom klaarblyklik nie aan die verbod op alkohol gesteur nie, want in die reëls wat hy vir die ontgroening van die 1964-eerstejaars neergelê het, het hy steeds gesê dat "'n heildronk bestaande uit ligte wyn ... [maar] nie meer as 'n halfpint ... nie" by die finale inlywingseremonie gedrink kon word.[225] Net ná die ontgroening van die 1964-eerstejaars (17 – 22 Februarie 1964[226]) het Leërhoofkwartier egter op 3 Maart 1964 aangekondig dat nieteenstaande die Weermagorder van Oktober 1963, enige vorm van ontgroening voortaan ten strengste verbied was.[227] Alhoewel dié verbod deur 'n verdere Weermagorder bevestig[228] en ook in die Militêre Akademie se Staande Orders opgeneem is, het die

221. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963.
222. SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1, brief A/PERS/37, Bev. Mil. Akad. – AG, 16 April 1963; SANWA, AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2 vol. 2, inlae 1 (Aanhangsel B) beëdigde verklaring deur KO A.C. Fuchs, 29 Maart 1963.
223. SANWA, Suid-Afrikaanse Weermagorder (SAWO) 125/63, 4 Oktober 1963.
224. SANWA, SAWO 125/63, 4 Oktober 1963.
225. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 20, A/CER/5/2 vol. 2, inlae 33, reëls i.v.m. ontgroening, geteken P.J.G. de Vos, g.d.
226. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 20, A/CER/5/2 vol. 2, inlae 33, reëls i.v.m. ontgroening, geteken P.J.G. de Vos, g.d.
227. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 20, A/CER/5/2 vol. 2, inlae 32, seinberig A661, LSH – Bev. Kmdmt. W.P., etc., 3 Maart 1964.
228. SANWA, SAWO 26/64, soos aangehaal in SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 13, brief HVS/207/5/1, HVS – Bev. Mil. Akad., 27 April 1972.

ontgroeningstradisie bly voortleef en is elke nuwe groep studente, met of sonder die medewete van die Akademiepersoneel, aan een of ander vorm van ontgroening onderwerp.[229]

In vergelyking met Pretoria en Stellenbosch het Saldanha maar min afleiding aan 'n klompie jong, energieke studente gebied. Luidens kol. De Vos was die studente egter volgens hul eie getuienis en "honderde briewe" wat van hul ouers ontvang is, doodgelukkig op Saldanha. Daar was so af en toe 'n dans in die omgewing, hetsy op Saldanha, Vredenburg of Velddrif, waar die manne kon gaan uithang en verder het hulle minstens een naweek per maand vry gehad om, as hulle 'n behoefte daaraan gehad het, weg te breek en elders afleiding te gaan soek. Baie van die senior studente het motors gehad en kon dus betreklik maklik op Stellenbosch of by ander plesierplekke uitkom.[230] Kol. De Vos en sy personeel het egter uit die staanspoor besef dat hulle "spesiale pogings moet aanwend om sosiale kontak vir die studente te gee."[231] Dit het gelei tot die instelling van "sosiale naweke" (later bekend as "Akademie-naweke"), waartydens die studente meisies van Stellenbosch of elders na die Akademie kon oornooi. Vrydagaand is daar dan 'n dansparty gereël, waarna die studente vir die res van die naweek sosiaal met die meisies verkeer het; daar is onder meer ook filmvertonings vir hulle gereël. Die meisies het aanvanklik gedurende sulke naweke by die Akademie-offisiere tuisgegaan, maar namate die studentetal ( en dus die getal dames op besoek!) by die Akademie gegroei het, moes daar 'n ander plan gemaak word. Die studente het gevolglik van 1964 af op voorstel van die Studentekaptein (voorheen bekend as die Vaandrig) en met die instemming van kol. De Vos, gedurende sosiale naweke die enkelkwartiere vir die dames ontruim en op Malgaskop ingetrek. Die dameskwartiere was natuurlik streng buite perke vir die mansstudente en kol. De Vos het streng reëls in verband met die sosiale verkeer tussen die twee geslagte neergelê. Hy en sy vrou het vir die naweek hul intrek in die B.B.P.-woonstel in die menasie geneem om as huisvader en -moeder op te tree.[232] Soos later bespreek sal word, het hierdie sosiale naweke, wat só goed bedoel was en sekerlik 'n belangrike bydrae tot die sosiale vorming en aanpassing van die militêre studente gelewer het, uiteindelik skeefgeloop en daartoe bygedra dat kol. De Vos die bevelvoerderskap van die Akademie neergelê het.

---

229. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad.- HVS, 22 Mei 1972.

230. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 5, brief Q/WKS/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 15 April 1965; P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.

231. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, notule van Raad van Ondersoek, getuienis deur kol. P.J.G. de Vos, 13 September 1967.

232. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, notule van Raad van Ondersoek, getuienis deur kol. P.J.G. de Vos, 13 September 1967.

Die gees onder die studente was volgens v.adm. R.C. Simpson-Anderson, Hoof van die Vloot en voormalige bevelvoerder van die Akademie, wat gedurende 1962 – 1964 aan dié instelling studeer het, baie goed:

> "Dit was 'n gees van harde werk en harde speel en daar was groot verskille ook gewees in die groepe ... jy het baie ontsag gehad vir jou senior, ten spyte van die feit dat hulle dieselfde rang gehad het. Ons was twee jaar ... adelborste, in ons derdejaar was ons vaandrigte, of dan die Leër- en die Lugmagekwivalente, en daar was daardie, die "aura" gewees om 'n derdejaar, want ... as jy eers 'n derdejaar is, dan is jy iets baie spesiaals. As jy tweedejaar is, dan is jy 'n hengse ent verder as hierdie klomp eerstejaartjies. So, binne hierdie groepverbande het jy fantastiese gees gehad ... daar was baie lekker tye gewees van grappies maak en plesier en dan die harde werk wat daarmee gepaard gegaan het. En dan ook die druk van die militêre opleiding, en dit was redelik kwaai gewees, jy weet, die een en 'n halwe dag militêre opleiding uit 'n sewedagweek, met inspeksies elke Saterdagoggend."[233]

Die studentelewe op Saldanha het, in die woorde van lt.genl. P.D. Steyn "rondom sport en die sosiaal gewentel" en die manne het oor naweke hul "karre vodde gery [op] daai vrot pad verby ... Hopefield" om vir hul meisies op Stellenbosch te gaan kuier.[234] Soos verwag kon word, het die rugbyspelery ook heelwat afleiding verskaf en tot allerhande onnutsighede aanleiding gegee. Genl.maj. Fred du Toit onthou van 'n geleentheid toe een van sy lugmagmakkers 'n ongewone aandenking ná 'n rugbywedstryd op Wellington wou huis toe bring. Hy vertel:

> "... die rugbyspan het goed gedoen, en ons eindig toe in die tweede liga op in die eindwedstryd op Wellington. En die manne speel toe die dag daar en hulle wen toe die tweede liga en na die tyd toe is dit nou daar in die plaaslike hotel [Masonic Hotel[235]] 'n groot feesviering. En [M.J.] Fuchshuber, dis nou alles nog almal om die Lugmagmanne, hy het in elk geval niks met rugby te doen gehad nie, maar hy is die dag daar. Almal was daar, jy weet, van die Akademie. En hulle het 'n mak jagluiperd [genaamd Piet[236]] daar agter in 'n hok gehad en ons is daar in die kroeg en toe was daar skielik groot konsternasie, iemand roep ons, ons moet nou kom

233. R.C. Simpson-Anderson – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 30 November 1994.
234. P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.
235. Inligting verskaf deur mevrou G.M. Hanekom, Hoofstraat 74, Wellington, 4 Junie 1999.
236. Inligting verskaf deur mevrou G.M. Hanekom, Hoofstraat 74, Wellington, 4 Junie 1999.

> kyk, toe is Fuchshuber besig om die luiperd aan te keer, hy wil hom toe in sy kar se kattebak laai!"[237]

Wanneer die studente nie kon wegkom om elders vermaak te vind nie, het hulle geïmproviseer. Een van die gewildste plaaslike tydverdrywe onder hulle was om met hul "tjorre" op die glyerige soutpanne in die militêre gebied naby Danger Bay te gaan resies jaag of allerhande manewales uit te haal. Alhoewel van die manne by geleentheid hul tjorre "gerol" het, was daar darem nooit ernstige ongelukke of beserings nie.[238] Wanneer dit nie meer interessant en avontuurlik genoeg was nie, moes die buitengewoon talryke slangbevolking in die militêre gebied agter Malgaskop dit ontgeld. Volgens lt.genl. J.P.B. (Jan) van Loggerenberg, oudstudent van die Militêre Akademie en in die sestigerjare die lugmagopleidingsoffisier by sy alma mater, het die studente "met hulle ou karre daar in die gebied agter die Akademie ingegaan en dan het hulle letterlik hierdie koperkapelle, wat nogal kwaai slange was, gaan terg tot hulle nou uitgekom het, dan skiet hulle hulle met rekke dood."[239] Dié praktyk het die Akademie-personeel ter ore gekom en 'n staflid het een oggend in die teekamer sy kommer uitgespreek oor die gevare wat dit ingehou het. Een van sy kollegas het hom egter verseker dat slange altyd vir mense vlug en dat daar dus nie werklik rede tot kommer was nie. Die hoof-militêre instrukteur, maj. Greyvenstein, 'n man met 'n fyn humorsin, het na aanleiding van dié wysheid ewe droog opgemerk: 'Ja, ek is darem nou nie heeltemal seker of al die slange bewus is van daardie reëling nie!'"[240]

Akademie-sersant-majoor Okkie Snyman was baie gesteld op sy "werksplaas", die Akademie se goedversorgde, pragtig gerolde paradegrond en daarom het dié heiligdom soms ook die teiken van die studente se kattekwaad geword, soos lt.genl. P.D. Steyn vertel:

> "... ek onthou dat ons van tyd tot tyd in die jaar ... die sogenaamde Akademie-naweek gehou het en dan is die "girls" ingevoer daar van Stellenbosch en Kaapstad en dan het hulle die hele naweek daar spandeer en ons het op [lt.kdr. Henry] Wicht se plaas gedans en oor die algemeen het die ouens taamlik drooggemaak ... dié besondere Vrydagaand, waar die dans op Wicht se plaas was, het die ouens toe laat teruggekom en 'n paar moedswillige studente, waarvan ek een was, het besluit om in ons Volkswagen te kyk of ons patrone op sy paradegrond kon ry. Dit het ons

237. F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.
238. O.O. Snyman: Herinneringe, p.27; F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.
239. J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.
240. J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

> toe gedoen en daai nag het 'n wonderlike sagte reën uitgesak, die paradegrond was seker maklik so 'n duim diep sopnat. Toe ry ons nou met die bleddie kar 'n paar S-draaie op sy paradegrond. Nou moet jy onthou, dis modderig en nat en niemand het daarvan notisie geneem nie, behalwe toe die son die volgende oggend opkom en met sy vinnige dreinering droog word, toe lê daar nou letterlik 'n pragtig gevormde 'figuur-agt' op die paradegrond. En ek sal vir jou sê, die verontwaardiging en skok wat ons gesien het op sammajoor Snyman se gesig, want hy het ons ingewag by die eetsaal ... daai Saterdagoggend ... hy kon eenvoudig net nie tot daai Maandag wag om te probeer uitvind wie die varke is wat sy paradegrond so opgefoeter het nie![241]

Met die studentelewe op die moederkampus het die Akademie-studente in die sestigerjare baie min kontak gehad. Hulle het as eerstejaars eenmalig as 'n groep daar besoek afgelê om te registreer en die suksesvolles onder hulle het aan die einde van hul derdejaar daarheen teruggekeer om hul grade te ontvang. Verder was daar eintlik geen formele kontak met die hoofkampus soos met die jaarlikse karnaval in later jare nie; die interaksie wat daar was, was deur middel van een of twee Akademie-naweke per jaar en op individuele vlak, waar studente hul vriende of meisies gaan besoek het of op eie inisiatief sekere verrigtinge bygewoon het.[242] Die "Slag van Wilgenhof" was teen die begin van die sestigerjare nog vars in die geheue van beide die burgerlike en die militêre studente en het volgens genl.maj. F.E. du Toit moontlik aanvanklik 'n skaduwee oor spontane kommunikasie tussen die militêre en burgerlike studente gewerp.[243] Teen die laat sestigerjare was daar, ofskoon daar steeds geen formele kontak tussen die Akademie-studente en hul burgerlike kollegas was nie, volgens brig. P.O. Verbeek (Akademie-student gedurende 1966 – 1968) geen sweem van wrywing tussen die twee groepe nie en het die interaksie op informele vlak gedy.[244] Die informele kontak met die moederkampus was oor die algemeen besonder vrugbaar en sommige van die Akademie-manne het dan ook hul latere lewensmaats op die Matiekampus ontmoet![245]

---

241. P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.
242. F.E. du Toit – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 15 Junie 1999; P.O. Verbeek – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 20 Desember 1996.
243. F.E. du Toit – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 15 Junie 1999.
244. P.O. Verbeek – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 20 Desember 1996.
245. F.E. du Toit – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 15 Junie 1999; P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.

## 4.6 DIE MILITêRE AKADEMIE EN DIE GEMEENSKAP, 1958 - 1967

Mnr. J.P.P. Rabe, bekende afgetrede sakeman van Saldanha en sedert 1948 'n inwoner van dié dorp, vertel dat die plaaslike gemeenskap met groot opgewondenheid van die voorgenome vestiging van die Akademie op Saldanha verneem het vanweë die belofte van ekonomiese groei wat dit ingehou het:

> "... toe die nuus deurkom dat daar ... 'n Militêre Akademie op Saldanha geplaas sou word, was ons maar almal verskriklik opgewonde, omdat hierdie dorpie eintlik net bestaan het uit een straat uit, 'n gewone gruispad, vol gate, en wil ek amper vir jou sê dat die aantal kafeetjies was meer as vandag se winkels. Hier was seker sewe van hulle en elkeen moes 'n bestaan maak ... Saldanha was 'n besondere doodloopplek, met sy vissersgemeenskap, waar jy nog alles kon kry wat die see aan te bied het, want alles was volop, behalwe werk en geld! So, die nuus van die Akademie was vir ons 'n baie groot en 'n aangename aanmelding."[246]

Mnr. Rabe, of Oom Koos, soos hy alom bekend staan, het hom in 1948 as spoorwegklerk op Saldanha gevestig, maar het teen die einde van daardie jaar besluit om sy eie potjie te krap. Hy het £1 000 geleen en 'n klein winkeltjie by mnr. Willem Tolken, bekende slagter op Saldanha, gekoop. Hy het hom saam met sy vrou, Esther, met hart en siel in die besigheid gewerp en hard gewerk om 'n bestaan in die klein gemeenskap te maak. Toe die bouwerk aan die Akademie in 1956 begin het, het hy die geleentheid aangegryp om saans sy vragmotor te pak en met steenkool, kruideniersware en dies meer by die konstruksiewerkers te gaan smous. Hulle het hom maar taamlik besteel so in die donkerte, maar die besigheid was welkom! Die koms van die personeel en studente het natuurlik baie vir die plaaslike sakeondernemings, maar veral vir "Jac. P.P. Rabe Algemene Handelaar" (Oom Koos se nuwe winkel op die hoek van Hoof- en Bergstraat sedert 1956[247]) beteken. Oom Koos het sy bes gedoen om na al die handelsbehoeftes van die Akademie om te sien en daardeur natuurlik ook sy onderneming uit te bou. By sy winkel het die Akademie-personeel en studente feitlik alles gekoop wat hulle nodig gehad het, van kruideniersware en die wit plastiek bandjies (rangkentekens) wat die studente op hul skouers gedra het, tot Akademie-rugbytruie en –kleurbaadjies. Dit was ook by Oom Koos dat die studente "op die boek" gekoop het as die fondse begin skraps raak het. Verskeie personeellede het dikwels by hom aan huis gekuier en hy en sy vrou het jaarliks vir die

---

246. J.P.P. Rabe – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995.
247. Anon. Toeka se dae. **Die Weslander**, jg. 23, nr. 13, 24 November 1995, p. 15.

derdejaarstudente 'n afskeidsete by hul huis aangebied. Langs dié weg het daar 'n besondere band tussen hom en die personeel en studente van die Akademie ontstaan en hy onder meer in 1971 as die Akademie se "Man van die Jaar"[248] aangewys. Oom Koos koester vandag steeds die blywende vriendskappe wat in daardie wordingsjare van die Akademie gekweek is en is altyd op die gastelys wanneer daar reünies en dergelike byeenkomste gereël word.[249]

Op kulturele gebied was die Militêre Akademie 'n ware inspuiting vir Saldanha en die Weskus. Ofskoon hulle in die militêre gebied in 'n mate in afsondering van die burgerlike gemeenskap gewoon en gewerk het, het die personeel van die Akademie uit die staanspoor heelhartig by die gemeenskapslewe betrokke geraak. Die Akademie het ook sy fasiliteite, in besonder die ouditorium, die enigste dergelike fasiliteit in die hele distrik, tot die beskikking van die gemeenskap gestel.[250] Volgens kol. De Vos is die Akademie en die Vlootgimnasium "van heinde en ver, so ver soos veertig myl en verder ... as kultuursentrum van die hele gebied beskou", waar "toneelopvoerings, musiekuitvoerings, opera, ballet, kooruitvoerings en kunsuitstallings" gereeld deur plaaslike of besoekende kunstenaars aangebied is en vanwaar "volksfeeste ... gereël en gereeld gevier (word)."[251] Die Akademie se betrokkenheid by kultuurbedrywighede was bewustelik daarop gemik om die studente as die toekomstige militêre leiers van die Suid-Afrika in die Afrikanerkultuur en –tradisies op te voed en die politieke agenda van die regerende Nasionale Party te dien; dit blyk onder meer uit kol. De Vos se verweer teen die dreigende verskuiwing van die Akademie in 1965, toe hy die saak soos volg gestel het:

> "Saldanha is die bastion van die Christen-Afrikaner-invloed in die weermag. Indien die Akademie en die Gimnasium van Saldanha verskuif word, sal dit 'n ernstige bedreiging vir die positiewe Afrikaner-invloed in die weermag meebring."[252]

Dat die plaaslike gemeenskapsleiers ook baie bewus was van die politieke doelwitte wat met kultuurbedrywighede in die Weermag nagestreef is, blyk uit 'n bedankingsbrief wat J.

248. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, p.3, g.d. [April 1972].

249. J.P.P. Rabe – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995.

250. J.P.P. Rabe – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995; **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, pp.48 - 49; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 5, brief Q/WKS/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 15 April 1965.

251. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2, inlae 5, brief Q/WKS/1, Bev. Mil. Akad. – AG, 15 April 1965.

252. Mil. Akad. Argief, Verslae, "Ondersoek na die Werwing en Opleiding van SM Offisiere met spesiale verwysing na die Ligging van die Militêre Akademie", 23 November 1967, p. 54.

van S. Schreüder, destyds hoof van die Hoërskool Vredenburg, aan die Minister van Verdediging, J.J. Fouché, gerig het toe hy die besluit om die Akademie en die Vlootgimnasium te verskuif, herroep het:

> "Ek oordryf dit nie as ek sê dat u besluit groot vreugde besorg het aan almal in hierdie omgewing nie ... u besluit gaan veel bydra tot die verstewiging van die Afrikaner-gedagte, veral in die vlootgeledere, en die opbouing van 'n sterk kultuurlewe in 'n omgewing wat sonder die teenwoordigheid van die militêre instansies brandarm sou bly wat hierdie aspek van ons volkslewe aangaan."[253]

Die koms van die Akademie het voorts die beperkte voedingsbron van die plaaslike laerskool uitgebrei en selfs op kerklike terrein 'n bydrae in die gemeenskap gemaak. Die Akademie se N.G.-gemeente, met ds. A.W. Malan as eerste leraar, was inderdaad die eerste N.G.-gemeente op Saldanha. Saldanha was in daardie stadium 'n buitewyk van die N.G.-gemeente op Vredenburg en die leraar het net elke tweede Sondag in die kerksaaltjie op Saldanha gaan preek. Die burgerlike N.G.-gemeenskap het op 23 Februarie 1958 saam met die Akademie vir ds. Malan op Saldanha ontvang en sy bevestiging, wat ook deur Minister F.C. Erasmus bygewoon is, meegemaak. Ofskoon die burgerlike gemeenskap nie as lidmate by die Akademie-gemeente ingeskakel het nie, was hulle te alle tye welkom om die dienste by te woon en het hulle ook dikwels van ds. Malan se eggenote, 'n wonderlike sangeres, se talente gebruik gemaak. Toe Saldanha gedurende die middel van die sestigerjare van die moedergemeente op Vredenburg afgestig en gesukkel het om 'n predikant in die hande te kry, het hulle vir meer as 'n jaar op die dienste van die Akademie-leraar, ds. F.D.J. Brand, gesteun.[254]

## 4.7 DIE EINDE VAN 'N ERA: KOLONEL DE VOS SE NEERLEGGING VAN DIE BEVELVOERDERSKAP VAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1967

Teen die tyd dat die Militêre Akademie in die laat sestigerjare behoorlik aan die voet van Malgaskop nesgeskop en onder kol. De Vos se leiding vir die eerste keer sedert sy stigting 'n vaste koers ingeslaan het, het die onweerswolke alreeds weer in Pretoria rondom sy kop

---

253. SANWA, MV/EF 135, MV130 vol. 2, inlae 62, ongenommerde brief, J. van S. Schreüder – J.J. Fouché, 31 Augustus 1965.

254. J.P.P. Rabe – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995; J.P.P. Rabe – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, Saldanha, 8 Junie 1999.

begin saampak. Volgens genl. Magnus Malan was daar steeds in die Weermag "'n klomp senior offisiere wat met skeptisisme gekyk het na die Militêre Akademie ... streng gesproke persone wat nooit geleentheid gehad het ... om verder te gaan studeer nie ...[wat] die Militêre Akademie eintlik gevisualiseer, gesien (het) as deel van die Universiteit ...[en] dit nie beskou (het) as hulle eie eenheid nie."[255] Wat hom betref het die militêre owerhede "'n hengse fout gemaak ... om die bevelvoerder van die Akademie 'n dekaan van die Universiteit te maak, omdat hy ... sinoniem (was) met die Universiteit" en daar derhalwe "min steun gewees (het) van die Weermagsdele ten opsigte van die Militêre Akademie ... die militêr het eintlik die Akademie verdra op Saldanha, maar nie ... beskou as 'n essensiële deel van offisiersopleiding nie; eintlik is die Akademie afgeskryf."[256] Kmdt. (dr.) C.M. Bakkes verklaar dat veggenl. P.J. Jacobs (Leërstafhoof 1963 – 1965) hom by geleentheid meegedeel het dat hy "verslae en verstom" was toe hy destyds verneem het dat kol. De Vos as bevelvoerder én dekaan aangestel is; hy het daaruit afgelei dat Jacobs 'n skeiding van die poste, met 'n beroepsoffisier as bevelvoerder, voorgestaan het. Bakkes reken voorts dat "daardie iets van die militêr ... by Piet de Vos afwesig (was) en ... jy wat self weet hoe dit is, by ou beroepsmilitêre ten opsig van burgerlikes wat dan nou skielik met offisiersrange hieronder hulle verskyn, dit gaan nooit lekker af nie; Piet de Vos het gevolglik ook daardie las moes verduur van die ou beroepsmilitêre."[257] Kol. de Vos was klaarblyklik ondanks sy burgermagagtergrond nie militêr genoeg na Verdedigingshoofkwartier se sin om die Akademie soos 'n ware militêre eenheid te bedryf nie. Die opvatting wat met die stigting van die Akademie bestaan en klaarblyklik steeds onder die oppervlak latent aanwesig was, naamlik dat daar 'n beroepsoffisier aan die hoof van die Akademie moes staan, het derhalwe opnuut na vore gekom.

Volgens kdoor. H.F. Nel, ouddekaan van die Akademie, wou genl.[258] R.C. Hiemstra, wat kmdt.genl. P.H. Grobbelaar op 1 Oktober 1965 as Kommandant-generaal opgevolg het, 'n sterker militêre koers met die Akademie inslaan:

> "Hiemstra ... [wou] uit hoofde van sy persoonlike ervaring, veral in die Skandinawiese lande[259] ... [hê dat] daar meer nadruk gelê moet word op die militêre

---

255. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
256. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
257. C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993.
258. Die rang "kmdt.genl." is in 1965 na "genl." verander. Die pos "Kommandant-generaal, Suid-Afrikaanse Weermag" het egter tot in 1973 voortbestaan, toe dit na "Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag" verander is.
259. Hiemstra het ná 1948 as Lug- en Militêre Attaché in Swede gedien. (C.J. Nöthling en E.M. Meyers: Leiers deur die jare (1912 – 1982). **Militaria**, vol. 12, no. 2, 1982, p.93.)

aspekte in hierdie akademiese opleiding wat op Saldanha plaasgevind het, as wat dusver die geval onder kolonel De Vos was. Hy het gevoel dat dit 'n sterk militêre bevelvoerder moet wees wie se hand duideliker in die militêre opleiding van die studente gesien sou kon word; dat die akademiese opleiding nie primêr, maar sekondêr is; dat die militêre opleiding primêr was en derhalwe die grootste aandag moes geniet en die persoon wat in bevel was hoofsaaklik vir die militêre vorming van die studente verantwoordelik moes wees; en dat kol De Vos nie genoegsame militêre agtergrond gehad het nie en ook nie miskien heeltemal die militêre houding en ook nie miskien heeltemal militêr was in sy optredes en reaksies teenoor die publiek, ... die Weermag in sy totaliteit en teenoor die studente."[260]

Terwyl hierdie gedagtes reeds in Verdedigingshoofkwartier aan die broei was, het daar ten tye van 'n "Akademie-naweek" gedurende 4 – 6 Augustus 1967 'n insident plaasgevind wat aan genl. Hiemstra die geleentheid gegee het om van kol. De Vos as bevelvoerder ontslae te raak. Van die studente het naamlik by dié geleentheid die perke van welvoeglikheid oorskry, deur hul meisies wat, soos die gebruik tydens Akademie-naweke was, in die enkelkwartiere gehuisves is, in hul kamers te gaan besoek. Daar was ook aantuigings van oormatige drankgebruik en onwelvoeglike taal deur individuele studente. Ofskoon kol. en mev. De Vos oudergewoonte die naweek hul intrek in die B.B.P.-woonstel geneem het om oor die verrigtinge toesig te hou, was hy volgens eie getuienis onbewus van dié gebeure. Van die studente het die saak by die kapelaan, ds. F.D.J. Brand, aanhangig gemaak, maar hulle het saam besluit om kol. De Vos nie daarby in te sleep nie en self in die toekoms toe te sien dat sodanige wangedrag nie weer tydens Akademie-naweke plaasvind nie. Kol. De Vos het wel in die vroeë Sondagoggendure wakker geword en gehoor dat dit ietwat lawaaierig daaraan toe gegaan het, waarvoor hy die studente die Maandagoggend voor stok gekry het.[261] Die eerste wat hy egter van bovermelde wangedrag verneem het, was toe genl. Hiemstra hom vroeg in September 1967 per brief verwittig het dat hy 'n Raad van Ondersoek belê het om ondersoek in te stel na beweerde onwelvoeglikhede wat gedurende die Akademie-naweek van 4 – 6 Augustus plaasgevind het.[262]

260. H.F. Nel – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 28 Julie 1993.

261. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, notule van Raad van Ondersoek, getuienis deur kol. P.J.G. de Vos, 13 September 1967; SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, bevindinge van Raad van Ondersoek, aangeheg by ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

262. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 2, brief HWA403/67/72, KG – kol. P.J.G. de Vos, 7 September 1967.

Kol. De Vos het aan die Raad verduidelik dat ofskoon hy nie 'n bepaalde eenheidsorder uitgevaardig het om die verrigtinge gedurende die betrokke naweek te reël nie, die studente wel op hoogte was van die reëls wat hy in verband met sodanige naweke neergelê het. Hy het voorts daarop gewys dat die stelsel al 'n dekade lank goed gewerk het en dat hy besef het dat "werklik doeltreffende beheer haas onmoontlik sou wees maar ... altyd vertrou (het) op die volkome eerbaarheid en welvoeglikheid van die studente. Ons het al die jare getrag om hierdie goeie gedrag, eerbaarheid, welvoeglikheid van die studente op te bou deur middel van toesprake daaroor, oor sedelikheid, oor drankmisbruik ...Hierdie vertroue ... was ... nie misplaas nie en dit het al die jare ook baie goed gewerk."[263] Die Raad van Ondersoek het nietemin bevind dat kol. De Vos en sy Tweede-in-bevel, kmdt. A. Barnard, nie behoorlike militêre dissipline en toesig oor die studente gehandhaaf het nie,[264] op grond waarvan die Waarnemende Hoof van Weermagadministrasie by die Kommandant-generaal aanbeveel het dat beide offisiere "by die Akademie vervang moet word." In die geval van kol. De Vos het die Raad se bevinding woordeliks gelui dat "getuienis gelewer is waaruit dit duidelik blyk dat die studente GEEN vertroue het in die Bevelvoerder as dissiplinêre instansie NIE ... [en] vir sovér (sic.) dit die bevordering van dissipline by die Akademie betref ... dit die wenslikheid van sy vervanging as sodanig in gedrang bring."[265]

Praat 'n mens met sy oudstudente en -kollegas, is hulle dit eens dat alhoewel hy nie 'n militaris was nie, die studente deurgaans groot respek vir hom gehad en hom as 'n soort "vaderfiguur" gesien het. Hoewel hy miskien te "sag" was om op 'n militêre wyse gesag in te boesem, was hy 'n man van integriteit wat deur voorbeeld gelei het en na wie die studente opgesien het.[266] Lt.genl. P.D. Steyn reken selfs dat kol. De Vos "in daai vroeë stadium, toe hy beide pette moes dra, daarin geslaag om die militêre karakter uit te bou en 'n militêre atmosfeer te skep, waarbinne die student kon funksioneer."[267] Genl. Magnus Malan "bewonder hom dat hy vir so 'n lang tyd ... so onafhanklik moes optree as eintlik 'n stiefkind van die militêr, omdat hulle hom nie die erkenning gegee het nie ... [en] dat hy deur al daardie moeilike periodes die akademiese standaard en die Militêre Akademie as 'n

263. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, notule van Raad van Ondersoek, getuienis deur kol. P.J.G. de Vos, 13 September 1967.

264. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, bevindinge van Raad van Ondersoek, aangeheg by ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

265. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

266. R.C. Simpson-Anderson – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 30 November 1994; P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994; J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; H.F. Nel – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 28 Julie 1993; F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994.

267. P.D. Steyn – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.

eenheid op daai peil kon gehou het."[268] Die ongedissiplineerde optrede van die studente kon dus kwalik uit minagting van sy persoon gespruit het. Soos v.adm. R.C. Simpson-Anderson dit stel:

> "Ek dink wat daar gebeur het, kon met enigiemand gebeur het, selfs met die sterkste leier. As 'n klomp studente hulleself wil te buite gaan, dan gebeur dit. En dit gebeur by alle akademies. By die militêre akademies van Amerika, elke nou en dan, is daar een of ander skandaal of 'n groot kwessie wat jy in die koerante lees en dan waai die hare."[269]

Dit het dus om meer as net die regstelling van dissipline gegaan; die owerhede het net 'n stok gesoek om De Vos mee te slaan en dit in die gebeure tydens die Akademie-naweek gevind. Kmdt. (dr.) C.M. Bakkes, 'n fyn waarnemer, laat hom soos volg daaroor uit:

> "De Vos het ook uiteindelik genoeg vyande om hom in die Weermag bymekaar gemaak. En sy vyande het gekom uit die aanvanklike vriendekring, manne soos Hiemstra en Hartzenberg. Hulle het, en selfs sy predikant, Frikkie [F.D.J.] Brand, het daartoe bygedra. Daar was skinderveldtogte en na 'n naweek wat misluk het ... is dit toegeskryf aan De Vos se onvermoë om as militêr leiding te gee ... en sterk op te tree. Dit is gesien as 'n geleentheid om hom te verwyder vanuit sy pos en om dan nou die oudsoldate terug te kry, oudsoldate-idee terug te bring. Goed, ek gee toe ... De Vos maak geen militêre indruk nie, maar De Vos se beurt het aangebreek om geslag te word, soos dit maar in die militêr gebeur. Hulle wou sy kop hê en hulle het dit gekry en dit was die manier."[270]

Terwyl hierdie drama besig was om rondom kol. De Vos te ontvou, het daar nog 'n proses van stapel geloop wat daartoe sou bydra om hom sy bevelvoerderskap van die Militêre Akademie te ontneem; of dit op enige wyse uit die gebeure tydens die Akademie-naweek voortgevloei het, is nie uit die beskikbare bronne duidelik nie. Hoe dit ook al sy, genl. Hiemstra het op 19 September 1967 'n komitee onder voorsitterskap van veggenl. Hartzenberg saamgestel om ondersoek in te stel na die werwing, keuring, aanstelling en opleiding van Staandemagoffisiere, insluitende die rol van die Militêre Akademie in daardie verband. Kol. De Vos was ook 'n lid van dié komitee, maar sou slegs betrek word by sake

---

268. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
269. R.C. Simpson-Anderson – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 30 November 1994.
270. C.M. Bakkes – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993.

wat op die Akademie betrekking gehad het.[271] Genl. Hiemstra het dit in sy opdrag aan die Hartzenberg-komitee gestel dat "daar ... 'n gevoel is dat die klem [by die Akademie] te veel op akademiese vorming gelê word as gevolg waarvan die Akademie-produk aan die einde van vier jaar opleiding nog nie prakties vir sy taak as jong offisier opgewasse is nie" en dat daar spesifiek ondersoek ingestel moes word na maniere om "'n meer gebalanseerde verhouding tussen akademiese en praktiese opleiding tot stand te bring".[272]

Kol. De Vos het op 28 September tydens 'n onderhoud met die Hoof van Weermagadministrasie, veggenl. C.H. Hartzenberg, "versoek ... dat indien hy nie geskik is as bevelvoerder van die Militêre Akademie nie, hy hom gewilliglik beskikbaar stel as fakulteitshoof [d.w.s. as Dekaan] en dosent in Fisika onder 'n ander bevelvoerder."[273] Veggenl. Hartzenberg was egter die mening toegedaan dat dit "nadelig [sou] wees vir die goeie dissipline aan die Militêre Akademie omdat die huidige 1ste en 2de jaar studente (sic.) onder Kol de Vos (sic.) in sy hoedanigheid as bevelvoerder gedien het [en] dit die nuwe bevelvoerder se taak sal bemoeilik en hy dit nie suksesvol sal kan deurvoer in die teenwoordigheid van die persoon wat nou juis vervang moet word omrede hy nie altyd goeie beheer en kontrole uitgeoefen het nie."[274] Hartzenberg het dus ooreenkomstig 'n vroeëre opdrag van genl. Hiemstra (d.w.s. van voor die amptelike bekendmaking van die bevindinge van die Raad van Ondersoek) voortgegaan "om te probeer om Kol de Vos in 'n burgerlike pos elders geplaas te kry."[275] Hiemstra het egter De Vos se posisie met die Minister van Verdediging bespreek, waarop hy Hartzenberg meegedeel het De Vos by die Akademie sou aanbly, maar dat 'n verandering in die "beheerpos" oorweeg is;[276] Minister Fouché was dus waarskynlik nie ten gunste daarvan om kol. De Vos ook van sy pos as Dekaan te onthef nie.

Alhoewel die Hartzenberg-komitee eers in Februarie 1968 sy verslag uitgebring het, was dit volgens kol. De Vos spoedig duidelik dat die komitee – ooreenkomstig hul opdrag- 'n groter

---

271. Mil. Akad. Argief, Verslae, HWA/599/2/12/3, Verslag van Komitee van Ondersoek insake Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staandemagoffisiere (hierna Hartzenberg-verslag), 13 Februarie 1968, pp.1 – 7.

272. Hartzenberg-verslag, pp.4 – 5.

273. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

274. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

275. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967, waarop nota deur genl. R.C. Hiemstra aan HWA, 17 Oktober 1967.

276. SANWA, AG (Gp. 1, geklas.) 12, HWA(C)403/67/72, inlae 4, ongenommerde brief, Wnd. HWA – KG, 13 Oktober 1967.

rol vir militêre opleiding aan die Akademie voorsien het; dit sou dus syns insiens enersyds moeilik vir een persoon wees om die groter wordende taak van Dekaan en Bevelvoerder te behartig, terwyl die groter klem op militêre opleiding die hand van 'n beroepsoffisier as bevelvoerder vereis het.[277] Kol. De Vos het derhalwe, volgens sy eie getuienis, self "versoek dat die twee poste [Dekaan en Bevelvoerder] geskei moes word en 'n militêre bevelvoerder aangestel moes word"[278]; of hy dié versoek reeds tydens sy onderhoud met veggenl. C.H. Hartzenberg op 28 September gerig het en of dit later geskied het, is nie duidelik nie. Hoe dit ook al sy, dit het daarop uitgeloop dat die poste van Dekaan en Bevelvoerder met ingang van 1 Desember 1967[279] geskei en brig. M.A. de M. Malan op dieselfde dag as Bevelvoerder van die Militêre Akademie aangestel is, met, volgens sy eie getuienis, "'n opdrag dat ek die plek moet regmaak ... om die Militêre Akademie ... 'n aanvaarbare deel van die militêre strukture [te maak]."[280] Kol. De Vos het as Dekaan aangebly en kon hom voortaan ten volle op die sake van die Fakulteit toelê.[281]

Gesien in die lig daarvan dat die Akademie in die eerste plek 'n militêre eenheid was waar kandidaatoffisiere/junior offisiere binne 'n militêre atmosfeer akademies opgevoed en terselfdertyd militêr afgerond moes word, was dit waarskynlik noodsaaklik dat die Akademie 'n beroepsoffisier as bevelvoerder moes hê om as rolmodel vir die studente te dien. Brig. Malan was in daardie opsig miskien 'n goeie keuse, synde 'n oudstudent van die Akademie wat reeds 'n hoë rang bereik het en dus die studente van die waarde van die B.Mil.-graad vir hul loopbane kon oortuig en derhalwe sou aanspoor om sy voorbeeld te volg. V.adm. Simpson-Anderson voer ook aan dat:

> "... dit 'n goeie ding is, dat jy nou mense uit die militêr kry wat elke drie, vier jaar aangestel word as die Bevelvoerder. Hulle kom in met nuwe idees; dit is altyd goed om aan die hoof van 'n organisasie nuwe bloed te kry, anders gaan jy die situasie kry dat jy dalk 'n dekaan kan kry vir 15 jaar, wat ook die Bevelvoerder is vir 15 jaar en dan kry jy nie daai nuwe bloed, nuwe idees, nuwe energíe, want 'n mens raak ook maar later 'n bietjie afgeplat en afgemat as jy dieselfde doen jaar na jaar. Dit

277. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23; P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

278. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23; vergelyk ook P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

279. Malan is op 1 Desember 1967 tot brigadier bevorder en het klaarblyklik van daardie datum af die bevel by die Akademie oorgeneem, ofskoon sy permanente verplasing na die Akademie op 15 Januarie 1968 in werking getree het. (SANWA, Personeelrekords, 01218700PE, M.A. de M. Malan.)

280. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

281. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23; P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

gee dan ook vir die Dekaan die geleentheid om hom toe te spits op die akademiese sy van sake; dis die man wat die ekspert word op die gebied van die akademie ...wat die kontakte opbou en handhaaf met die Universiteit van Stellenbosch en wat hom kan absoluut toespits op die akademiese opvoeding van die studente. Aan die anderkant kry jy die Bevelvoerder dan wat kyk na die bedryf van die Akademie as 'n instelling, die gebouekompleks, die sport en dan die militêre opleiding en die vorming van die offisiere, wat 'n baie belangrike aspek is."[282]

Alhoewel v.adm. Simpson-Anderson se argument water hou, en ander voormalige bevelvoerders in breë trekke sy standpunt onderskryf,[283] sou 'n mens daarteenoor kon aanvoer dat gereelde bevelswisseling kontinuïteit sou verbreek en daarby die Akademie-personeel, meer bepaald die dekaan en die dosente, telkens aan die nukke en giere van 'n nuwe bevelvoerder sou blootstel, voordat hulle behoorlik by dié van sy voorganger aangepas het. Dit impliseer ook dat die Dekaan maar in sy pos kon stagneer, wat nie sin maak nie, aangesien akademiese opvoeding onbetwisbaar die hooffunksie van die Akademie was. As 'n gebrek aan "nuwe bloed" die probleem was, moes daar ook vir 'n gereelde dekaanswisseling voorsiening gemaak gewees het; die betreklik stabiele dosentekorps, anders as die roterende "militêre" personeel, sou die nodige kontinuïteit in die Fakulteit kon verseker.

Kol. de Vos het waarskynlik die Hartzenberg-komitee se die toekomsvisie vir die Akademie gebruik as 'n geleentheid om uit 'n lastige situasie te ontsnap. Sy argument ter skeiding van die poste op grond van die verhoogde werkslading is heeltemal geldig; hy sou egter teoreties steeds albei hoede kon dra as die militêre opleidingsfunksie totaal aan sy Tweede-in-bevel en die militêre instrukteurs oorgelaat is – wat in elk geval ook voorheen die *de facto*-situasie was. Die akademie en sy vak, Fisika, was egter sy eerste liefde en hy het waarskynlik verkies om hom daarop toe te lê, eerder as om te veg om 'n bevelvoerderskap waar hy 'n steen des aanstoots was en waaraan hy waarskynlik in elk geval min erg gehad het. Hy het hom dus nie deur die ontneming van sy bevelvoerderskap van stryk laat bring nie en voortgegaan om sy taak as Dekaan van die Fakulteit Krygskunde en dosent in Fisika met toewyding te verrig.[284] Dit was inderdaad, in sy eie woorde, vir hom "'n groot verligting

282. R.C. Simpson-Anderson – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 30 November 1994.
283. J.P.B. van Loggerenberg – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994; F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994; M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
284. H.F. Nel – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 28 Julie 1993; F.E. du Toit – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 Desember 1994; M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

... om onthef te wees van die talle groot en klein probleme waarmee 'n bevelvoerder daagliks te kampe het" en "n vreugde om weer tyd vir Fisika te hê."[285] Miskien vertel die karakterskets wat in die herinnering van Jacqueline Leuvennink (néé Malan), 'n vriendin van een van sy dogters, opgesluit lê die beste van watter stoffasie kol. De Vos gemaak was en waarom hy kon uitstyg bokant wat iemand anders miskien as 'n erg vernederende situasie sou kon sien:

> "Hy het naby die garagedeur gelê, net gereed vir oplaai en ry. X-zalli-zinkie. 'n Tenger seiljaggie met waarskynlik geen groter aspirasie as om in Saldanha se baai rond te vaar nie. Maar jy moes hom, nes sy baas, nie op sy baadjie takseer nie. Oom Pieter se werk het van hom vereis om 'n uniform te dra. Maar iets in sy effens verstrooide voorkoms het jou vertel dat hy en sy militêre mondering mekaar met 'n soort gelatenheid net verdra.
>
> "Synde 'n vriendin van sy dogter het ek weinig geken van die fisika-professor wat jong soldate kon moeg hardloop. Vir my was hy die oom wat soggens vir almal in die huis koffie in die bed bring en krom en skeef koekies bak waarvan jy soggens voor ontbyt al een kon kry.
>
> "My eerste seilondervinding saam met hom op X-zalli-zinkie was alles behalwe dit waarop ek gehoop het. Ons het in 'n windstilte gaan lê.
>
> "Oom Pieter, wat sy jong passasiers se teleurstelling aangevoel het, was gelukkig ook nie van die sommer-sink-soort nie. Hy het begin vuur maak onder ons Weskus-Engels met ritse onverstaanbare Shakespeare, ons moes wolkformasies identifiseer en beurte maak om in die snak-na-asem-koue water te duik. Teen die tyd dat die wind weer opgesteek het, het ons dit skaars agtergekom. Die windstilte het 'n avontuur geword."[286]

## 4.8 SLOTSOM

Met die vestiging van die Akademie op Saldanha en die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde het 'n belangrike ideaal van sy stigters, Minister F.C. Erasmus en die Kriegler-

---

285. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 - 1967, p.23; P.J.G. de Vos – G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.
286. J. Leuvennink: Ek sallie sinkie. **Sarie**, 27 Januarie 1999, p.120.

komitee, en voormalige Dekaan, maj. Melt van Niekerk, in vervulling gegaan: die Akademie het uiteindelik sy eie standplaas en 'n waardige gebouekompleks gehad, waar die volle graadkursus, met alle leerplanne militêr aangepas, deur sy eie dosente volgens sy eie rooster in 'n militêre milieu en atmosfeer aangebied kon word. Laasgenoemde was uiteindelik moontlik met die aanstelling van voltydse militêre instrukteurs en in die besonder 'n Akademie-sersant-majoor om te sorg dat militêre dissipline en flinkheid gehandhaaf en die eenheidsroetine nagekom word. Die Akademie het egter nog nie werklik by die West Point-model uitgekom nie, deurdat die basiese vormingsopleiding van die kandidaatoffisiere steeds by die weermagsdeelgimnasiums aangebied is. Die feit dat die studente reeds in 'n mate militêr gevorm was wanneer hulle by die Akademie aangekom het, het verhoed dat die atmosfeer, kultuur en tradisie wat met 'n instelling soos West Point geassosieer word, by die Akademie geskep kon word. Daarby was die Akademie steeds nie die enigste pad na offisierskap nie; trouens, met die uitbreiding van die Weermag in die sestigerjare en die gepaardgaande groter vraag na offisiere, het 'n baie klein persentasie van die offisierskorps se pad deur die Akademie geloop, ongeag die uitbreiding van die jaarlikse inname van 30 na 45 studente. Die Akademie het dus nie genoeg graduandi in die Weermag ingestoot om hom as instelling soos 'n West Point in die boesem van die offisierskorps te vestig nie. Kol. De Vos was baie bewus van hierdie tekortkominge en het, soos onmiddellik na sy terugkeer van sy besoek aan die buitelandse akademies in 1956, dwarsdeur die wordingsjare van die Akademie op Saldanha by Verdedigingshoofkwartier daarop aangedring dat studente vir die Akademie van die skoolbanke af gewerf moes word en dat al vier hul opleidingsjare by die Akademie moes plaasvind. Die uiteenlopende opleidingsbehoeftes van die weermagsdele vir hul rekrute en die vrees dat dit hulle die geleentheid sou ontneem om hul weermagsdeelkultuur op hul offisierskandidate af te druk, het die weermagsdeelhoofde egter hardnekkig laat weier om die gimnasiumjaar prys te gee. Die feit dat daar in die geledere van die offisierskorps klaarblyklik nog heelwat offisiere was wat geweier het om eienaarskap van die Akademie te aanvaar, omdat hulle dit as 'n universiteit eerder as 'n militêre eenheid gesien het (en in elk geval nie oortuig was van die noodsaaklikheid van graadstudie vir offisiere nie) het waarskynlik tot die verkleefdheid aan die gimnasiumjaar bygedra.

Ten spyte van die mate van vooroordeel wat daar klaarblyklik nog in die Weermagopperbevel teenoor die Akademie bestaan het, het die instelling definitiewe groei en ontwikkeling gedurende die tydperk 1958 – 1967 getoon. Die belangrikste aspek daarvan was ongetwyfeld die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde, wat die Akademie die geleentheid gebied het om binne die riglyne van die Universiteit van

Stellenbosch betreklik outonoom te funksioneer en hom sover moontlik na die behoeftes van die Weermag te skik. In dié proses het die idee van 'n breë, algemene opvoeding egter in die slag gebly, deurdat studente in die natuurwetenskaplike rigting nie in enige sosiaal-politieke vakke geskool is om hulle perspektief op hul werksomgewing te gee nie. Die toelating van nagraadse studente was insgelyks 'n belangrike ontwikkeling in die uitbouing van 'n professionele offisierskorps, selfs al was dit getalsgewys nog maar 'n druppel in die emmer. 'n Belangrike neweproduk van die nagraadse studente was dat dit die dosente gedwing het om op 'n hoër vlak met hul vakgebiede in voeling te bly en dus tot hul akademiese ontwikkeling bygedra het; nagraadse studie is die lewensbloed van enige universitêre instelling en lewer 'n belangrike bydrae tot die geloofwaardigheid van sodanige instelling.

Die aanbied van nie-akademiese kursusse soos die navigasiekursus vir adelborste wat regstreekse offisiersopleiding ondergaan het, asook vir burgermagoffisiere van die SA Vloot en die dosering van Krygsgeskiedenis en Militêre Geografie vir die Leër se stafdienskursusse, ensovoorts, het die Akademie oor 'n wyer front vir die Weermag diensbaar gemaak, soos sy stigters beoog het. Verdedigingshoofkwartier het egter ten spyte van 'n direkte aanbod van kol. De Vos in dié verband, in gebreke gebly om die navorsingspotensiaal van die Akademie-dosente te benut soos deur die Kriegler-komitee in die vooruitsig gestel. Dit het nie alleen die dosente die geleentheid tot militêr-akademiese ontwikkeling ontsê nie, maar het ook die vestiging van 'n hegte band tussen Verdedigingshoofkwartier en die Akademie in die wiele gery. Die feit dat die Weermag nie bereid was om navorsings- en studiebesoeke deur die Akademie-dosente aan buitelandse militêr-akademiese instellings te ondersteun nie, het insgelyks beide die dosente en die Akademie as instelling 'n belangrike geleentheid tot groei en ontwikkeling ontsê. Kontak van daardie aard sou nie alleen die dosente groter insig in hul taak gegee het nie, maar kon baie daartoe bygedra het om hul entoesiasme aan te wakker en hul moreel te verhoog.

Die geografiese isolasie van Saldanha en die gebrek aan vermaaklikhede en fasiliteite vir vryetydsbesteding het moontlik daartoe bygedra om die studente se aandag by hul studie te hou. Dit het hulle egter in 'n groot mate die sosiaal-kulturele skoling ontneem wat sinoniem met die studentelewe aan 'n universiteit is. Naweekbesoeke aan die moederkampus deur individuele studente en die sporadiese sosiale verkeer met die skone geslag gedurende die Akademie-naweke kon nie daarvoor vergoed nie, aangesien dit hulle nie werklik in kontak met die polsslag van die studentelewe gebring het nie. Dit was egter 'n noodsaaklike offer om op die altaar te lê vir die daarstelling van die Akademie as 'n instelling waar die

akademiese opvoeding van offisiere binne 'n militêre milieu kon geskied en waar hulle terselfdertyd voortgesette militêre opleiding kon ontvang.

Dit is nie maklik om die sosiaal-ekonomiese impak van die vestiging van die Akademie op Saldanha op die plaaslike gemeenskap te bepaal nie. Alhoewel die Akademie-personeel en –studente relatief klein in getal was, het dit tog die koopkrag in die ewe klein Saldanha-gemeenskap beduidend verhoog en dus 'n mate van ekonomiese vooruitgang gebring. Die akademiese kennis en vaardighede van die Akademie-dosente en die beskikbaarheid van fasiliteite soos die ouditorium, het insgelyks 'n positiewe bydrae op kultuurgebied gelewer en groter aktiwiteit in daardie verband na die Weskus gebring. Die versterking van leerlingtal van die plaaslike laerskool en bydrae op sportgebied was ook nie in die klein gemeenskap te versmaai nie.

Behalwe vir die hersiening van die leerplanne vir die militêre graadkursusse op inisiatief van die Adjudant-generaal in 1962/63, het kol. De Vos bitter min leiding van Verdedigingshoofkwartier ontvang. Verdedigingshoofkwartier het geen duidelik geartikuleerde doel of missiestelling vir die Akademie aan hom uitgereik nie. So is die aard en omvang van militêre opleiding gedurende die akademiese semesters te midde van 'n gebrek aan voldoende opleidingsfasiliteite byvoorbeeld totaal aan sy inisiatief oorgelaat. Hy het nietemin ten spyte van die gebrek aan leiding van Verdedigingshoofkwartier, ontoereikende fasiliteite en sy relatief beperkte militêre ervaring en kennis van die militêr-akademiese opleiding van jong offisiere, daarin geslaag om die Akademie binne die eerste dekade op Saldanha tot 'n lewensvatbare instelling uit te bou. Die feit dat hy primêr 'n akademikus was en nie 'n beroepsoffisier nie, het egter verhoed dat hy die vertroue van die militêre owerhede volkome kon wen en die Akademie in hul oë as 'n geloofwaardige militêre instelling kon vestig. Daar was boonop nog te veel senior offisiere wat skepties teenoor die noodsaaklikheid van graadstudie vir offisiere gestaan het. Daarby het die persoonlike opvattings en oortuigings van die opperbevel in die Weermag 'n belangrike rol in die aanvaarding van die Akademie gespeel. Kmdt.genl. P.H. Grobbelaar het het as hoof van die Weermag klaarblyklik besonder positief teenoor die ontwikkeling en uitbreiding van die Akademie onder kol. De Vos gestaan, terwyl sy opvolger, genl. R.C. Hiemstra, 'n meer militêre weg wou inslaan. Dit het daartoe gelei dat kol. De Vos in 1967 deur 'n beroepsoffisier as bevelvoerder vervang is; die ongedissiplineerde optrede van individuele studente tydens die Akademie-naweek van 4 – 6 Augustus 1967 het slegs 'n handige hefboom gebied om De Vos uit sy stoel te lig. Die aanvaarding van die Akademie binne die Weermag was nietemin van deurslaggewende belang vir die voortbestaan en

betekenisvolle ontwikkeling van dié instelling. Uit daardie oogpunt gesien, was die skeiding van die poste van Dekaan en Bevelvoerder van die Akademie en die aanstelling van 'n beroepsoffisier as bevelvoerder dus 'n positiewe stap. Die idee van gereelde bevelswisseling was ook 'n stap in die regte rigting om stagnasie teen te werk en die Akademie in voeling met nuwe ontwikkelinge en die heersende denke in die Weermag te hou. Dit sou egter uit 'n akademiese oogpunt wys gewees het om ook vir 'n gereelde dekaanswisseling voorsiening te maak om stagnasie op daardie vlak te voorkom.

# HOOFSTUK 5

# DIE MILITÊRE AKADEMIE AS ALMA MATER VIR ALLE STAANDEMAGOFFISIERE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG, 1968 - 1975

## 5.1 BRIG. M.A. DE M. MALAN SE BEVELSOORNAME EN DIE AANBEVELINGS VAN DIE HARTZENBERG-KOMITEE, 1968

Brig. M.A. de M. Malan se aanstelling as Bevelvoerder van die Militêre Akademie was in drie opsigte 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van die Akademie. Dit het eerstens met 'n blywende skeiding van die ampte van Dekaan en Bevelvoerder gepaard gegaan. Tweedens was hy die eerste oudstudent van die Akademie wat as bevelvoerder van dié eenheid aangestel is. Daarna het die aanstelling van oudstudente as bevelvoerder van die Akademie 'n blywende patroon geword. Met die uitsondering van brig. F.S. Mulder (1980 – 1983) en brig. S.W.J. Kotzé (1983 – 1987) was alle bevelvoerders sedertdien graduandi van die Akademie. Die derde betekenisvolle ontwikkeling wat uit brig. Malan se aanstelling as Bevelvoerder voortgespruit het, was dat die Akademie onder sy leiding tot die alma mater van alle Staandemagoffisiere ontwikkel het. Dié ontwikkeling het egter, soos aanstons aangetoon sal word, baie kortstondig geblyk te wees.

Brig. Malan was, soos reeds vermeld, onder die eerste 30 studente wat in 1950 by die Akademie ingeskryf het en het April 1954 die graad B.Sc.(Mil.) aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Soos baie van sy tydgenote in daardie moeilike beginjare van die Akademie, kon hy dus nie daarin slaag om sy graad binne drie jaar te verwerf nie. Ná sy kommissie-aanstelling in 1954 het hy verskeie poste in die Leër beklee en ook as aide de camp vir die destydse Goewerneur-generaal, dr. E.G. Jansen, gedien voordat hy in 1959 as Tweede-in-bevel van sy alma mater aangestel is. Hy het dié pos tot in 1961 beklee.[1] Sy ervaring as student en staflid aan die Akademie het hom sekerlik insig in die werksaamhede van dié instelling gegee en hom dus in 'n mate vir sy taak as Bevelvoerder voorberei. Daarby het hy gedurende 1962 – 1963 die Amerikaanse leër se "Regular

1. SANWA, Personeelrekords, 01218700PE, M.A. de M. Malan.

Command and General Staff Officers Course" te Fort Leavenworth, Kansas bygewoon,[2] wat hom, aldus kdoor. H.F. Nel, voormalige Dekaan van van die Akademie, 'n goeie agtergrondkennis van die Amerikaanse offisiersopleidingstelsel verskaf het.[3] Soos in 'n volgende afdeling aangetoon sal word, het hy, soos sy voorganger, ook kort na sy aanstelling as Bevelvoerder die geleentheid gekry om buitelandse offisiersopleidingsinrigtings te besoek om sy insig te verbreed en hom in voeling met die benadering aan buitelandse militêre akademies te bring.

Brig. Malan se riglyne vir die "regmaak" van die Militêre Akademie om dit "'n aanvaarbare deel van die militêre strukture" te maak, was die Hartzenberg-verslag wat op 13 Februarie 1968 ter tafel gelê is.[4] Die aanbevelings van dié Komitee word dus vervolgens onder die loep geneem om brig. Malan se hervorming van die opleidingstelsel aan die Akademie in perspektief te plaas.

Soos in hoofstuk 4 vermeld, het die Kommandant-generaal, genl. R.C. Hiemstra, dit in September 1967 aan die Hartzenberg-komitee gestel dat daar 'n "gevoel is" dat daar by die Akademie te veel klem op akademiese opvoeding en te min op militêre opleiding gelê is. Dit het meegebring dat die Akademie-student by die voltooiing van sy opleiding "nog nie prakties vir sy taak as jong offisier opgewasse is nie, veral tov die praktiese eise van leierskap en werkverrigting op die laagste offisiersvlak ... en die gebruik van die twee landstale in beide die gesproke en geskrewe woord lg veral in die skrywe van opdragte, briewe en memoranda."[5] Die opvatting by Verdedigingshoofkwartier was dus steeds dat Akademie-graduandi by die verwerwing van hul grade op militêre vlak volledig voorbereid moes wees om die taak van 'n junior offisier te kon verrig en dat die Akademie, soos onder die Pretoria-bedeling, nie daardie toets geslaag het nie. Hiemstra se opdrag aan die Hartzenberg-komitee het gevolglik gelui dat daar spesifiek ondersoek ingestel moes word na:

"i. die wenslikheid en moontlikheid van veranderinge om 'n meer gebalanseerde verhouding tussen akademiese en praktiese opleiding tot stand te bring, met inagneming van die minimum vereistes van die Universiteit van Stellenbosch vir die toekenning van 'n graad;

---

2. SANWA, Personeelrekords, 01218700PE, M.A. de M. Malan.
3. H.F. Nel – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 28 Julie 1993.
4. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.
5. Hartzenberg-verslag, p.4.

"ii. die mate waarin die huidige opleidingsproses en leerplanne voldoen aan die vereistes van die vorming van doelgerigte, bekwame, praktiese en geïnspireerde jong offisiere met besondere verwysing na;

(a) die opleidingsproses en leerplanne in die eerste pre-akademiese jaar;

(b) die verloop van die opleiding in die drie ... jare aan die Mil Akad (sic.);

(c) die vorming van geïnspireerde jong offisiere wat die vermoë behoort te hê om later in hul loopbaan ook hul ondergeskiktes te kan inspireer tot onbaatsugtige vaderlandsdiens;

(d) opleiding in taalbedrewenheid in die twee landstale en moontlik een of meer vreemde tale (bv Frans en Portugees);

"iii. wat gedoen kan word om studente sowel as dosente aan die Mil Akad 'n intelligente insig te gee in die volle omvang van die Weermag se wydvertakte bedrywighede en spesialisrigtings;

"iv. die voor- en nadele van die Akademie se huidige ligging."[6]

Die Hartzenberg-komitee het in sy ondersoek eerstens literatuur oor die werwing, keuring, aanstelling en opleiding van offisiere vir die onderskeie weermagsdele in die VSA, Brittanje, Nederland, Kanada en Australië bestudeer, ofskoon die oorwig van die literatuur op opleidingsinrigtings in die VSA betrekking gehad het. In hoeverre laasgenoemde op die beskikbaarheid van literatuur of voorkeur aan die Amerikaanse opleidingsmodel toe te skryf was, is nie duidelik nie. Verder het die Komitee mondelinge getuienis van onder meer die weermagsdeelhoofde en die dosente, militêre personeel, studente en oudstudente van die Militêre Akademie ingewin en onderhoude met die Rektore van die Universiteite van Stellenbosch, die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika (raadpleging met enige van die Engelse Universiteite het opsigtelik ontbreek), asook die Direkteur van Personeelopleiding van die Staatsdienskommissie, die lugmagverteenwoordiger van die plaaslike Amerikaanse skakelstaf en verskeie stafoffisiere van die SA Leër, Lugmag en Vloot, waaronder waarskynlik ook graduandi van die Akademie, gevoer. Laastens het die Komitee die leerplanne van verskeie opleidingsinrigtings van die SA Weermag bestudeer en korrespondensie met verskeie

6. Hartzenberg-verslag, pp.4 – 5.

Weermaginstansies gevoer.[7] Die Komitee het dus in die beperkte tyd wat vir sy ondersoek toegelaat is (begin Oktober tot einde November 1967[8]) besonder wyd gekonsulteer in 'n poging om 'n pad vir die werwing, keuring, aanstelling en opleiding van Staandemagoffisiere in Suid-Afrika uit te stippel wat aan die behoeftes van die SA Weermag sou voldoen en met die praktyk in vooraanstaande buitelandse weermagte tred sou hou.

Ten einde te bepaal watter weg die Weermag met die werwing, keuring, aanstelling en opleiding van Staandemagoffisiere moes inslaan, het die Hartzenberg-komitee op grond van hul ondersoek getrag om, soos aanbeveel deur die Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit, prof. G. van N. Viljoen, allereers te bepaal hoe 'n Staandemagoffisier moes lyk en wat met sy opleiding bereik moes word.[9] Die Komitee het die volgende profiel van 'n Staandemagoffisier geskets:

> "Die SM-offisier moet 'n goed gebalanseerde, beskaafde, opgevoede en Godsdienstige (sic.) mens wees wat militêr onderleg is en oor die nodige hoedanighede beskik om geïnspireerde leiding aan sy ondergeskiktes te verskaf ter verdediging van die Vaderland.
>
> "Sy opleiding moet so ingestel wees dat dit hom die insig, kennis en opvoeding gee wat hy nodig het om sy taak as militêre leier doeltreffend te kan uitvoer. Dit moet daarop gemik wees om 'n hegte grondslag te verskaf vir sy ontplooiing as mens en leier sodat die bevel van een of meer dele van die militêre organisasie aan hom toevertrou kan word. Hy moet geskool word in die uitkenning, ontleding en oplossing van probleme veral op die gebied van organisasie, strategie en taktiek. Verder moet dit hom insig gee in die grondslae van die natuur- en geesteswetenskappe veral waar dit van toepassing is op die krygstuig en die mense wat hy moet beheer en hanteer. Om sy taak in die Weermag te kan uitvoer, is dit noodsaaklik dat hy 'n hoë peil van liggaamlike en geestelike fiksheid handhaaf om hom in staat te stel om vermoeiende take met welslae af te handel en hom onder oorlogsomstandighede te kan handhaaf. As offisier is dit 'n vereiste dat hy ten (sic.) alle tye binne en buite die Weermag as 'n heer optree wat betref sy voorkoms,

7. Hartzenberg-verslag, pp.7 – 8, 116 - 118.
8. Hartzenberg-verslag, p. i.
9. SANWA, HSP (Geklas.) 10, HWA599/2/12/3 vol. 1, inlae 29, ongenommerde brief, Rektor RAU – veggenl. C.H. Hartzenberg, 15 Desember 1967.

gedrag en sosiale omgang sodat hy uitgeken kan word as 'n persoon wat leiding kan neem.

"Hy moet 'n persoon wees wat as gevolg van sy gesonde oordeel, regverdigheidsin, inisiatief, deursettingsvermoë, persoonlikheid, dryfkrag, selfvertroue, vindingrykheid, ondernemingsgees, kennis, integriteit en vaderlandsliefde die nodige vertroue kan inboesem om as leier aanvaar te word – burgerlik sowel as militêr."[10]

Bostaande profiel van offisierskap het veel meer as net effektiewe militêre opleiding geïmpliseer. Daar was ook 'n begeerte om die jong offisier met patriotisme te besiel en die sosiale verpligting wat militêre professionalisme hom opgelê het, by hom tuis te bring. Dit het sterk klem op geïntegreerde militêr-akademiese opleiding gelê en dus in breë trekke ooreengekom met die eise van militêre professionalisme soos in hoofstuk 1 bespreek en in die vroeg vyftigerjare deur maj. Melt van Niekerk verwoord.

Wat werwing betref, het die Hartzenberg-komitee bevind dat daar voortgegaan moes word om al die bestaande werwingsbronne – skole, nasionale dienspligtiges, die algemene publiek en die manskapsgeledere van die Weermag – te ontgin. Die Komitee het egter aanbeveel dat die skoolgaande jeug beter as werwingsbron benut moes word. Aangesien die Komitee van Onderwyshoofde nie bereid was om skoolhoofde te verplig om die Weermag toe te laat om werwingspraatjies gedurende skoolure aan te bied nie, het die Komitee aanbeveel dat moeite gedoen word om reklame by skole deur middel van op-datum werwingsbrosjures en die skoolkadetorganisasie te maak. Die Hartzenberg-komitee het die wenslikheid van die geldende toetredingsvereistes vir offisierskandidate in breë trekke herbevestig, maar aanbeveel dat die maksimum toetredingsouderdom van 21 na 22 jaar verhoog en matrikulasievrystelling as toetredingsvereiste vir alle offisierskandidate aanvaar word. Die aanpassing van die ouderdomskerf was daarop gemik om kandidate wie se ouers toestemming om by die Staande Mag aan te sluit, geweier het, die geleentheid te gee om ná hul mondigwording aan te sluit. Die instelling van matrikulasievrystelling as toetredingsvereiste het gespruit uit ervaring van die verlede wat getoon het dat diegene daarsonder feitlik sonder uitsondering in een of ander stadium tydens hul offisiersopleiding uitgesak het. Keuringsgewys het die Komitee aanbeveel dat die kandidate aan streng mediese en fiksheidstoetse, asook geestes-, persoonlikheids- en aanlegtoetse onderwerp word. Laasgenoemde was slegs om te bepaal vir watter weermagsdeel of vertakking binne 'n weermagsdeel die kandidate aangelê was. Verder het die komitee aanbeveel dat waar

10. Hartzenberg-verslag, pp. 9 - 10.

die keuringsproses voorheen na die weermagsdele (en sommige afdelings) gedesentraliseer was, 'n sentrale keurraad onder beheer van die Hoof van Weermagadministrasie geskep word om alle offisierskandidate te keur, ten einde eenvormige standaarde te verseker.[11] Ofskoon die groter klem op die werwing van kandidate van die skoolbanke af vermoedelik aan kol. De Vos se herhaalde pleidooie in daardie verband te danke was, het sy aandrang op die meer wetenskaplike keuring van Akademie-kandidate klaarblyklik nie inslag gevind nie. Daar is nêrens melding gemaak van toetse om die akademiese potensiaal van die offisierskandidate te meet nie.

Die Hartzenberg-komitee het van die standpunt uitgegaan dat die "leiersopleiding" van die offisier "die inskerping van sy morele moed, selfvertroue, kameraadskap, onbaatsugtigheid en lojaliteit, dissipline, vasberadenheid en deursettingsvermoë, geestelike wakkerheid, verstandelike begrip en ondernemingsgees, asook die uitbouing van sy oordeelsvermoë, visie en entoesiasme" ten doel moes hê. Die Komitee het voorts die "noodsaaklikheid daarvan (erken) dat die opleiding daarop ingestel moet wees om die jong offisier se insig en vertroue in die nasionale saak in te skerp" en dat "algemene onderrig in volksgeskiedenis en aktiewe deelname aan kulturele bedrywighede ... 'n belangrike deel hiervan (vorm) ... [en] wil dus die belangrikheid beklemtoon van 'n stimulerende milieu waarin die opleiding moet plaasvind."[12] Die "nasionale saak" en "volksgeskiedenis" wat hier aangeroer word, dui onmiskenbaar op die inskerping van patriotisme vanuit die perspektief van die Afrikaner en die regerende Nasionale Party. Die "aktiewe deelname aan kulturele bedrywighede" en die "belangrikheid van 'n stimulerende milieu" het, soos later aangedui sal word, die geskiktheid van Saldanha as standplaas vir die Akademie onder skoot gebring.

Die doel van alle offisiersopleiding, wat, aldus die Hartzenberg-komitee, "ten nouste verband hou" met bovermelde profiel van die Staandemagoffisier, was "om die hoogste stand van gereedheid vir en bekwaamheid in moderne oorlogvoering te handhaaf ... [wat] 'n toenemende hoër peil van intellektuele begaafdheid (verg) en ... 'n veld (behels) wat wissel van basiese wapenleer tot interdepartementele skakeling, koördinasie, bestuur en direksie van die nasionale oorlogspoging."[13] Die Komitee het voorts aangevoer dat die jong offisier "'n mate van akademiese onderrig moet ontvang in dié vakke wat hom instaat (sic.) sal stel om alle aspekte van sy taak doeltreffend te kan uitvoer ... [maar dat] die aard van hierdie

11. Hartzenberg-verslag, pp. 11- 22, 103.
12. Hartzenberg-verslag, p.26.
13. Hartzenberg-verslag, p.26.

take ... nie noodwendig uitgebreide graadstudie (vereis) nie maar slegs studie tot dié peil wat deur die besondere taak bepaal word."[14]

Die Komitee het die "bekamping van terroristebedrywighede en ondermyningsoorlog ... [as] een van die belangrikste fasette van moderne oorlogsvoering (sic.)" beskou en daarom moes die jong offisier (ongeag sy weermagsdeel) se opleiding hom ook "geestelik daarop ... (instel) om die subtiele ondermyningsaanslae op die gees van die mens te kan weerstaan en dit te kan beveg."[15] Ideologies moes die opleiding van jong offisiere dus teen die (internasionale) agtergrond van die Koue Oorlog en die vermeende wêreldwye kommunistiese aanslag en die nasionale manifestasie daarvan in die vorm van die swart bevrydingsbewegings, geskied.

'n Belangrike beginsel van offisiersontwikkeling wat die Hartzenberg-komitee opnuut onderstreep het, was dat die "dinamiese aard van oorlogvoering" vereis het dat "die opleiding van die SM-offisier 'n voortdurende proses behoort te wees" en dat die offisier bo en behalwe die formele opleiding wat hy ontvang het deur selfstudie "'n student van sy vak ... [moes] bly ... [om] hom op hoogte te hou van nasionale en internasionale ontwikkeling op ekonomiese, militêre en politieke gebied."[16] Dié beginsel was uiteraard ook 'n onverbiddelike eis van ware militêre professionalisme.

Die Hartzenberg-komitee het bevind dat die verskeidenheid van kursusse vir pre-kommissieopleiding (d.w.s. opleiding wat kandidaatoffisiere vir offisiersaanstelling kwalifiseer) wat in die Weermag bestaan het, geweldig uiteenlopend ten opsigte van aard, tydsduur en standaard was. Dit het tot allerlei teenstrydighede ten opsigte van bevordering, ansiënniteit en vergoeding binne en tussen die verskillende weermagsdele gelei, wat ontevredenheid by jong offisiere geskep en die verhouding tussen hulle vertroebel het.[17] Die Komitee was gevolglik van mening dat die instelling van "gestandaardiseerde kwalifiserende offisiersopleiding binne elke weermagsdeel en ten opsigte van gemeenskaplike vakke vir die SAW as geheel,"[18] waarby "ongedifferensieerde basiese opleiding [vir] kandidaat-offisiere (sic.) van aldrie (sic.) weermagsdele"[19] inbegrepe was, noodsaaklik was om eenvormigheid te bewerkstellig en die nastrewing van die offisiersprofiel wat hulle as uitgangspunt geskets het, te bevorder.

14. Hartzenberg-verslag, p.26.
15. Hartzenberg-verslag, p.27.
16. Hartzenberg-verslag, p.27.
17. Hartzenberg-verslag, pp.30 - 42.
18. Hartzenberg-verslag, p.42.
19. Hartzenberg-verslag, p.46.

Wat die vierjaaropleidingsprogram van die Akademie-studente betref, het die Hartzenberg-komitee heelwat kritiek uitgespreek. Eerstens het die studente hul eerste opleidingsjaar weg van die Akademie by drie verskillende inrigtings (die drie weermagsdeelgimnasiums) voltooi, waar verskillende opleidingsmetodes toegepas is. Tweedens het die leerplanne vir die graadkursus, hoewel hulle in 'n mate militêr aangepas was, nie aan die vereistes van die opleidingsdoelwitte, soos deur die Komitee voorgehou, voldoen nie. Daar is naamlik, met die uitsondering van Geografie, geen geesteswetenskaplike vakke in die natuurwetenskaplike graadrigting aangebied nie, sodat daar in daardie rigting dus "geen doelgerigte sosiologiese en psigologiese geestesvorming" plaasgevind het nie; in die geestes- en bestuurswetenskaplike rigtings het daar "insgelyks nie genoegsame doelbewuste geestesvorming" plaasgevind nie.[20] Graduandi van die Militêre Akademie met die rang van majoor en hoër het voorts ook voor die Komitee getuig dat 'n diepgaande studie van Wiskunde, Fisika en Ekonomie weinig praktiese toepassingswaarde in hul loopbane gevind het en dat die krygsgeskiedenis wat aan die Akademie gedoseer is, eers waarde en perspektief gekry het wanneer hulle 'n stafdienskursus voltooi het. Hulle het ook aangedui dat daar 'n groot behoefte aan vakke soos tale, volkekunde, sielkunde, "personeelleiding" en bestuurstegnieke bestaan het.[21]

'n Derde punt van kritiek teen die vierjaaropleidingsprogram van die Akademie-studente was dat daar gedurende die drie jaar van graadstudie nie genoegsame militêre opleiding plaasgevind het nie. Tydens die semesters was daar nie genoeg tyd vir doelgerigte militêre opleiding nie, terwyl daar ook nie by die Akademie fasiliteite was om opleiding in die wapens van die onderskeie weermagsdele aan te bied nie. Verder het "praktiese onoorkomelike probleme ... doelgerigte militêre opleiding by die onderskeie weermagsdele tydens resestye verydel" en het die verskil in benadering tussen die Akademie-dosente en die instrukteurs by die weermagsdeelopleidingsinrigtings ook nadelig op die vorming van die kandidaatoffisiere ingewerk. Daarby het die atmosfeer by die Akademie veroorsaak dat die studente hul dosente "as burgerlikes en nie as militêre dosente nie" beskou het, terwyl die "oorwig van suiwer akademiese opleiding ... geneig [was] om van die kandidaat-offisier (sic.) eerder 'n universiteitstudent as 'n offisier te maak."[22] Verder het die Akademie-studente reeds na die suksesvolle aflegging van hul tweedejaar kommissie-aanstellings

20. Hartzenberg-verslag, pp. 42 – 43, 125.
21. Hartzenberg-verslag, pp. 125 - 126.
22. Hartzenberg-verslag, p.43.

ontvang, wat beteken het dat hulle offisiere geword het voordat hulle nog hul kwalifiserende opleiding voltooi het.[23]

Die Hartzenberg-komitee het, wat die duur van die graadkursus betref, aangevoer dat "ons in die toekoms nie drie jaar kan wag om opgeleide junioroffisiere (sic.) te kry nie"[24] en daarop gewys dat die gemiddelde AD-offisier [van die Leër] wat opleiding aan die Militêre Akademie ondergaan... gedurende die eerste 10 jaar van sy loopbaan... ongeveer 6 jaar onproduktief is tydens die bywoning van kwalifiserende en bekwamingskursusse, waarby gespesialiseerde kursusse nie eers ingesluit is nie."[25] Die Weermag kon, aldus die Komitee, eenvoudig nie soveel onproduktiewe tyd te midde van 'n nypende tekort aan fondse en opgeleide mannekrag bekostig nie.[26]

In soverre dit die ligging van die Akademie aangaan, het die Hartzenberg-komitee, wat onder meer die hulp van 'n psigoloog (kol. G. Wassenaar) en 'n sosioloog (kol. J.E. Louw) in dié verband ingeroep het, bevind dat Saldanha om verskeie redes nie 'n geskikte standplaas vir die opleiding van jong offisiere was nie. Die geografiese isolasie van Saldanha het volgens die Komitee uit 'n sosialiseringsoogpunt baie negatief op die vorming van jong offisiere ingewerk. Dit het baie studente verhinder om hul ouerhuise gereeld te besoek en hulle dus die "sosialiseringswaarde van hierdie noodsaaklike verbintenis" ter voorbereiding vir die volwasse lewe ontsê. Verder het daar vanweë die "maatskaplike geïsoleerdheid van Saldanha .. oor 'n relatief lang periode [drie jaar] ... op 'n leeftyd wat van groot belang is vir die vorming van die student ... baie min interaksie ... tussen die studente en militêre, burgerlike, politieke, kulturele, opvoedkundige, godsdienstige en vermaaklikheidsorganisasies wat as verwysingsgroep deur die studente gebruik kan word" plaasgevind. Dit het die studente die geleentheid tot "doeltreffende sosialisering ... tov die verskeidenheid rolverpligtinge wat hy moet nakom as Suid-Afrikaanse burger" ontneem. Verder het "geleenthede vir die sosialisering van die student in betekenisvolle interseksverhoudinge" grootliks op Saldanha ontbreek, wat aanleiding kon gee tot "seksuele perversiteit en afwykende gedrag soos wat alreeds [vermoedelik verwysende na die Akademie naweek van 4 – 6 Augustus 1967] voorgekom het." Die Komitee het die sogenaamde Akademie-naweke in hierdie verband skerp veroordeel, omdat die "sporadiese 'invoer' van dames – wat miskien nie almal 'n hoë morele en sedelike peil handhaaf nie – ... ideale geleenthede vir die sosialisering van die student in ongewensde

23. Hartzenberg-verslag, p.41.
24. Hartzenberg-verslag, p.46.
25. Hartzenberg-verslag, p.34.
26. Hartzenberg-verslag, pp.34, 42.

(sic.) morele norme, waardes, sedes en gewoonte" geskep het. Verder is die studente op Saldanha in "'n landelike bestaanswyse ... (gesosialiseer) terwyl hy eintlik aangewese is op 'n stedelike bestaanswyse met al die komplekse verhoudingspatrone en roloriëntasies daaraan verbonde." Saldanha het dus nie aan die studente 'n stimulerende omgewing gebied wat "bevorderlik is vir die ontwikkeling van die totale persoonlikheid" en die kweek van die karaktereienskappe wat die Komitee as uitgangspunt vir offisierskap neergelê het nie.[27]

Onder die reeks ander (soms ietwat beuselagtige) besware wat die Hartzenberg-komitee teen Saldanha as standplaas vir die Militêre Akademie opgelewer het, was dat die hoë humiditeit tot 'asemhalingstreekaandoenings' gelei het, dat die lang afstande wat vir sport en vryetydsbesteding afgelê moes word, onnodige uitgawes meegebring en die risiko van motorongelukke verhoog het en dat daar nie voldoende akkommodasie vir die staf en studente beskikbaar was nie.[28] Die komitee het voorts aangevoer dat daar 'n gebrek aan fasiliteite vir basiese leëropleiding (en in 'n mate ook lugmagopleiding) in die Saldanha-omgewing bestaan het. Verder het die Akademie "mank (gegaan) aan 'n militêre milieu waarin die opleiding van toekomstige SM-offisiere kan plaasvind ... hoofsaaklik [as gevolg van] die afwesigheid van nabygeleë groter militêre installasies en komplekse." Die Komitee het verder die vrees uitgespreek dat die bestaande "ontoereikende fasiliteite tov basiese Leëropleiding" boonop moontlik in die afsienbare toekoms prysgegee sou moes word ten gunste van die "Saldanhahawe-, visnywerheid- en Wes-Kaaplandse industriële ontwikkeling."[29]

Hoewel Saldanha se afgeleënheid vanselfsprekend sekere nadele ingehou het, wek die Komitee se besware die indruk van kunsmatigheid en oordrywing. Daar word glad nie ingegaan op enige voordele van Saldanha as standplaas nie en geen melding word gemaak van die redes waarom die Akademie oorspronklik daarheen verskuif is (bv. die fasilitering van vlootopleiding) nie. Waar West Point so dikwels as model voorgehou is, het die Hartzenberg-komitee die relatiewe afsondering van diè rolmodel vir die doel van hul argumente totaal oor die hoof gesien. Die trant van die verslag laat onwillekeurig die indruk dat die Komitee hom dienstig gemaak het aan 'n begeerte van Verdedigingshoofkwartier, spesifiek van genl. Hiemstra, om ten alle koste die Akademie na Pretoria te verskuif. Die skool wat vóór die verskuiwing van die Akademie na Saldanha al teen die vestiging van die

27. Hartzenberg-verslag, pp.52 - 57.
28. Hartzenberg-verslag, pp.57 - 59.
29. Hartzenberg-verslag, p.59.

instelling aldaar gekant was en geglo het dat dit in Pretoria, naby die hartklop van die Weermag, gesetel moes wees[30], het dus duidelik nog lank nie gaan lê nie. Trouens, die verskuiwing van die Akademie na Pretoria sou vir die volgende twee dekades feitlik konstant soos 'n swaard oor die hoof van die Akademie bly hang.

Ten einde 'n eenvormige (en tydsgewys meer ekonomiese) kwalifiserende opleidingstelsel vir alle kandidaatoffisiere in die Weermag daar te stel en voorsiening te maak vir die militêr-akademiese ontwikkeling van jong offisiere ooreenkomstig die profiel wat hulle as uitgangspunt gestel het, het die Hartzenberg-komitee onder meer aanbeveel dat:

a. die Militêre Akademie ontbind word en 'n nuwe, gesamentlike opleidingsinrigting in die Pretoria-gebied in die omstreke van Pelindaba opgerig word;

b. die kandidaatoffisiere van al drie weermagsdele vir 12 maande basiese opleiding aan genoemde opleidingsinrigting ontvang, waarna die vlootkandidate 'n verdere ses maande vlootopleiding elders ondergaan, terwyl die leër- en lugmagkandidate agterbly en hul opleiding aan vermelde inrigting voortsit;

c. die opleiding tydens hierdie agtienmaandetydperk ook graadstudie tot op eerstejaarsvlak onder die vleuels van 'n erkende universiteit insluit;

d. die kandidaatoffisiere aan die einde van bogenoemde 18 maande hul kommissierang ontvang en na hul onderskeie weermagsdele gestuur word, waar

    i. die leëroffisiere vir 12 maande korpsopleiding ontvang en diens lewer;

    ii. die Lugmag se algemene diens-offisiere 18 maande vlieg- en navigasieopleiding ondergaan en die tegniese en administratiewe offisiere in hul onderskeie vakrigtings diens doen en indiensopleiding ontvang;

---

30. Vergelyk SANWA, KG K43 L81, CGS/GPT/1/3/1/1 vol. 2, inlae 9, Voorlopige Verslag van die Raad van Offisiere insake Kadetopleiding in die S. A. Staande Mag, g.d.

iii. die vlootoffisiere vir 12 maande verdere eiesoortige opleiding ontvang en diens lewer;

e. die jong offisiere van al drie weermagsdele tot aan die einde van hul vyfde jaar diens lewer en (in die geval van die algemene diens-offisiere van die Lugmag en die Vloot) verdere opleiding ontvang; en

f. dat geskikte kandidate aan die einde van hul vyfde jaar ooreenkomstig die behoeftes van die Weermag gekeur word om 'n verdere twee jaar akademiese onderrig ter verwerwing van hul B.-grade aan die gesamentlike militêr-akademiese opleidingsinrigting te ontvang.[31]

Die Hartzenberg-komitee kon vanweë 'n gebrek aan tyd nie leerplanne vir die beoogde graadkursus saamstel nie en het voorgestel dat 'n ad hoc-komitee, verteenwoordigend van al drie weermagsdele, saamgestel word om dié aspek onder die loep te neem.[32] Hulle het egter die volgende filosofiese uitgangspunt, wat feitlik woordeliks uit 'n voorstel van prof. G. van N. Viljoen,[33] Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit, aan veggenl. Hartzenberg oorgeneem is, vir die "akademiese opleiding tydens die kwalifiserende opleidingstydperk" (d.w.s. eerstejaargraadstudie) voorgestel:

> "Die leerplan moet ... rekening hou met die doelstelling van die tipe offisier wat daarmee gevorm moet word en van die soort kennis, bekwaamheid en ontwikkeling wat hierdie opleiding by kandidaat-offisiere moet tuisbring. Dit moet ook so gerig wees om kandidaat-offisiere daartoe te bring om selfstandig en krities te dink oor die feite waarvan hulle kennis neem en om in staat te wees om deur oorspronklike denke en navorsing 'n eie, nuwe bydrae tot ons kennis te maak. Die blote saamgroepering van daardie 'burgerlike' vakke wat vir die kandidaat-offisier van die meeste direkte betekenis is, is 'n onvoldoende oplossing vir die probleem. Die leerplan behoort gebou te word op die militêre wetenskap of krygskunde as sentrale pilaar. Krygskunde moet egter nie 'n allegaartjie van los, onsamehangende praktiese aspekte van allerlei spesialisgebiede gemaak word nie. Dit moet 'n deurlopende, wetenskaplik gefundeerde en goed gekoördineerde studie van die totale militêre situasie wees."[34]

---

31. Hartzenberg-verslag, pp.46 – 48, 62 – 63, 108 - 109.
32. Hartzenberg-verslag, pp.i, 48, 108.
33. SANWA, HSP (Geklas.) 10, HWA599/2/12/3 vol. 1, inlae 29, ongenommerde brief, Rektor RAU – veggenl. C.H. Hartzenberg, 15 Desember 1967.
34. Hartzenberg-verslag, p.44.

Teen bogenoemde agtergrond moes die leerplan daarop gemik wees om die kandidaatoffisier:

"a. geestelik te vorm deur hom sosiologies en psigologies te fundeer vir sy beroep, asook deur die bekendstelling van die kulturele milieu waarin die beoefening van offisierskap en krygsleiding moet plaasvind;

"b. se kennis te verryk deur hom 'n dieper insig te gee in die faktore wat die koers en ontwikkelingsgang van die militêre professie en die krygstegnologie in die besonder bepaal. Dit kan bereik word deur studies wat in die algemeen toegespits is op die geestes-, politieke, staatsadministratiewe en natuurwetenskaplike terreine."[35]

Die probleem met hierdie filosofiese onderbou was dat die Komitee in werklikheid prof. Viljoen se voorstel uit verband geruk het: wat hy vir 'n volle B.Mil.-graadkursus as uitgangspunt voorgehou het, het die Komitee net so op die eerste jaar van die graadkursus gaan oordra. Die diepte wat beoog is – onder meer vir die studente om "selfstandig en krities te dink oor die feite waarvan hulle kennis neem en om in staat te wees om deur oorspronklike denke en navorsing 'n eie, nuwe bydrae tot ons kennis te maak" was gewoon net nie op eerstejaarsvlak haalbaar nie. Daar het ook niks van die "militêre wetenskap of krygskunde as sentrale pilaar" waarop die leerplan gebou moes word, tereggekom nie - 'n blywende tekortkoming in die Akademie se filosofiese onderbou.

Die Komitee het besef dat die voorgestelde opleidingstelsel vanweë "die ingrypende veranderings en finansiële implikasies" daarvan nie "onmiddellik of selfs binne die bestek van 'n jaar of twee ingestel kon word nie,"[36] maar het tog enkele aspekte aangestip wat dadelik geïmplementeer kon word. Daaronder was die onmiddellike hersiening van die Krygsgeskiedenisleerplanne by die Akademie om "vaderlandsliefde en trots in 'n eie Suid-Afrikaanse weermag te bevorder" deur meer tyd aan Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Krygsgeskiedenis te bestee.[37] Dié stap, asook die feit dat die Komitee die skoling van jong offisiere in die perdrykuns en die beoefening daarvan op "alle vlakke van die offisierskorps" aanbeveel het, onder meer vanweë die "karaktervormende waarde" daarvan en om te voorkom dat die rykuns as "nasionale tradisie" uitsterf, asook sodat "groter deelname aan openbare Boeresport" bevorder kon word om "beter betrekkinge tussen die publiek en die

35. Hartzenberg-verslag, pp.44 - 45.
36. Hartzenberg-verslag, p.49.
37. Hartzenberg-verslag, pp.50 – 51, 107.

Weermag" te bou,[38] het weer die politieke hand agter die opleiding van offisiere sigbaar gemaak. Ofskoon die Komitee onder meer ook klem op Suid-Afrika se deelname aan die twee Wêreldoorloë en die Koreaanse Oorlog[39] aanbeveel het, was die popularisering van Afrikanergeskiedenis en -tradisies duidelik op die voorgrond.

Alhoewel die aanbevelings van die Hartzenberg-komitee enkele van kol. De Vos se jarelange pleidooie met die oog op 'n gesamentlike kultuur en *esprit de corps* bevredig het, soos dat die basiese opleiding van die studente ook by die Akademie (of dan die instelling wat in sy plek voorsien is) moes plaasvind, dat alle kandidaatoffisiere se pad deur dié instelling moes loop (ofskoon almal nie die volle graadkursus sou loop nie) en dat alle kandidaatoffisiere 'n eenvormige uniform[40] moes dra, was daar sekerlik ook elemente wat nie sy goedkeuring sou wegdra nie. Die belangrikste daarvan was waarskynlik 'n té 'n lang onderbreking (3½ tot 4 jaar) tussen die eerste- en tweedejaar van die graadkursus, wat sou beteken dat die studente haas alles wat hulle in hul eerstejaar geleer het, vergeet het wanneer hulle vir hul tweedejaar aangemeld het. Daarmee saam sou hy hom sonder twyfel ook nie kon vereenselwig met die hoë akademiese doelwitte wat die Komitee, soos hierbo bespreek, vir die eerstejaargraadopleiding op grond van hul verminking van prof. Viljoen se gedagtes gestel het nie.

Genl. Hiemstra het ná bestudering van die Hartzenberg-verslag tot die gevolgtrekking gekom dat te min tyd vir die ondersoek toegelaat is en dat alhoewel dié Komitee die probleme met betrekking tot die akademiese opleiding van offisiere duidelik omlyn het, "oplossings vir al die probleme nie gevind is nie." Hy het derhalwe die nuwe bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. M.A. Malan, aangestel "om as 'n eenman-komitee 'n reis na die buiteland te onderneem om 'n verdere ondersoek in te stel na akademiese opleiding van militêre offisiere."[41]

---

38. Hartzenberg-verslag, p.132.
39. Hartzenberg-verslag, p.132.
40. Hartzenberg-verslag, pp.45, 108.
41. SANWA, MVB 35B, ongenommerde lêer "Supreme Command Meetings", notule van Opperbevelvergadering, 20 - 21 Junie 1968, p. 11.

## 5.2 VOORLOPIGE VERANDERINGS NA AANLEIDING VAN DIE HARTZENBERG-VERSLAG

Brig. Malan het met sy aankoms by die Akademie bevind dat dié eenheid "geen doel van hoërgesag (sic.) ontvang (het) waarvolgens opgetree moet word nie ... [en dat] daar ook geen verantwoordelikheid, anders as die aanstelling 'Bevelvoerder' aan die Militêre Akademie Bevelvoerder opgedra (is) nie."[42] Een van sy eerste stappe was dus om dié basiese tekortkoming te probeer regstel. Hy het die doel van die Akademie in die lig van die aanbevelings van die Hartzenberg-komitee (wat nog nie goedgekeur was nie) omskryf as synde "om gekeurde offisiere en kandidaatoffisiere, vir 'n SM [Staande Mag] offisiersloopbaan, in die SA Weermag op te lei."[43] Naas die normale administrasie van die eenheid, het hy die verantwoordelikheid van die Bevelvoerder soos volg omskryf:

> "Hy is verantwoordelik dat elke indiwiduele kursusganger voorsien word van die vereiste (akademiese en militêre) kennis wat met die aanvang van 'n SM offisiersloopbaan (sic.) benodig word ... [en] dat elke indiwiduele kursusganger se morele en geestelike kwaliteite, waarop leierskap berus, ontwikkel word om aan die vereiste offisierstandaard te beantwoord".[44]

Die Bevelvoerder moes dus, aldus brig. Malan, in die lig van bogenoemde omskrywing van sy verantwoordelikheid toesien dat die Akademie-student aan drie vereistes voldoen om sy kursus te kon slaag, te wete "militêre", "akademiese" en "karakter"-kwalifikasies. Daarom moes die kursus aan die Akademie ontwerp wees om:

"a. 'n Gevoel van eer en lojaliteit, diens en verantwoordelikheid te bevorder. Gedissiplineerde gewoontes en militêre gedrag te ontwikkel.

"b. 'n Gebalanseerde akademiese opvoeding te verskaf, met inagneming van spesiale behoeftes by Weermagsdele en die aanleg van kursusgangers.

"c. Die vermoë te ontwikkel om helder en logies te dink, te oordeel en uit te druk.

---

42. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.
43. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.
44. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.

"d. 'n Deeglike militêre opvoeding in krygskunde en die beginsels van oorlogvoering te verskaf.

"e. Die kursusganger onderrig te gee in militêre vaardigheid en die tegnieke van moderne oorlogvoering soos van junior offisiere verlang word.

"f. 'n Hoë standaard van fisiese fiksheid te bereik."[45]

Ofskoon brig. Malan in afwagting van die goedkeuring van die aanbevelings van die Hartzenberg-verslag, en uiteindelik ook sy eie verslag, uiteraard nie dadelik die opleidingsprogram ingrypend kon wysig nie, het hy sekerlik probeer om die opleiding by die Akademie in bogenoemde rigting te stuur, spesifiek wat die militêre komponent en die karaktervormende aspekte van die opleiding betref.[46] In laasgenoemde verband is daar byvoorbeeld tydens die 1969-eerstejaars se verwelkoming aanhalings uit die Akte van Kommissie-aanstelling, wat elke offisier by aanstelling ontvang het, en die Aanhef tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika voorgehou as synde "die gees ... [waarin] kursusgangers by hierdie inrigting ... opgelei word."[47] Die aanhaling uit eersgenoemde bron het gelui "... dra ek dit in die naam van die Republiek van SA (sic.) aan u op om, as 'n offisier, u land met trou, moed, waardigheid en eer te dien, u pligte en verantwoordelikhede met nougesetheid en ywer na te kom en om diegene, wat onder u gestel is, met goeie voorbeeld voor te gaan." Die aanhaling uit die Aanhef tot die Grondwet het gelui "... Verklaar(sic.) ons, ... dat ... ons oortuig is van die noodsaaklikheid om saam te staan, om die onskendbaarheid en vryheid van ons land te beveilig, om die wet en orde daarin te handhaaf, die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder ..."[48] Dié aanhalings was duidelik daarop gemik om die beginsels van diens, eer, lojaliteit en ridderlikheid wat met militêre professionalisme geassosieer word, by die studente tuis te bring.

---

45. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief A/LEG/2, brig. M.A. Malan – veggenl. C.H. Hartzenberg, 12 Maart 1968.
46. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 13, inlae 93, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – H Leër, 29 Julie 1968; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 13, memorandum G/TRG/6/2, Leëropleidingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 16 Oktober 1968; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 58, memorandum G/TRG/6/2, Leëropleidingsoffisier Mil. Akad. – 2IB Mil. Akad., 9 Desember 1968.
47. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 126, memorandum G/TRG/6/2 deur 2IB Mil. Akad., g.d.
48. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 126, memorandum G/TRG/6/2 deur 2IB Mil. Akad., g.d.

Nuwe elemente wat brig. Malan by die studente se militêre opleidingsprogram gevoeg het, was 'n eksperimentele leierskapkursus vir die derdejaarstudente,[49] asook avontuuropleiding wat hoofsaaklik op die derdejaars ingestel was. Laasgenoemde het in hoofsaak bestaan uit 'n staptoer in onherbergsame gebiede en was daarop gemik om die derdejaarstudente se inisiatief, leierskap en fisiese uithouvermoë onder moeilike omstandighede op die proef te stel en hulle in veral kaartlees, navigasie en oorlewingstegnieke te oefen. Dit het terselfdertyd die studente die geleentheid gebied om behoorlik van die boeke weg te breek en spangees te bou. Die eerste van hierdie avontuuroefeninge, Oefening Rotskasteel, wat deur alle derdejaars, asook vrywilligers uit die geledere van die eerste- en tweedejaars, meegemaak is, het gedurende Maart 1968 in die skilderagtige Visriviervallei in die suide van Suidwes-Afrika (Namibië) plaasgevind.[50] Die staptog het van die bekende Visrivierafgronde tot by Ai Ais gestrek. Die rivier was in vloed en die manne moes dikwels moeisaam oor steil rotsneuse klim om omweë te vind op die plekke waar die rivier tot teen die steil rotswande van die nou vallei gevloei het. Die versengende hitte van die halfwoestynson, die steil kranse, lang afstand en die gedwonge oortog oor die snelvloeiende rivier met sy kolkende geel modderwater het inderdaad die beoogde omstandighede geskep waar die "individu onder spanning verkeer [en waar] enige geveinsdheid en front wat hy mag voorhou, blootgelê word (die skille van verfyndheid wat beskawing meebring ... afskilfer) en sy natuurlike wese te voorskyn kom", sodat die "karaktereienskappe" van die derdejaars "waargeneem" kon word.[51]

Brig. Malan was van mening dat die funksionering van Studentebevelsorganisasie en gepaardgaande afwenteling van 'n gedeelte van die eenheidsadministrasie na die studente nie "militêre bevel en beheer ... bevorder [het] nie."[52] Die feit dat die Studentebevelsorganisasie direk aan die Tweede-in-bevel vir "die militêre gedrag van studente" verantwoordelik was, het syns insiens "die gesag van die 'opleidingsoffisiere' ... ondermyn."[53] Hy het gevolglik in 1968 dié organisasie ontbind en die Militêre Opleidingsvleuel verantwoordelik gemaak vir die "algehele opleiding en beheer van alle

49. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 14, brief G/TRG/6, kol. R.F. Holtzhausen – kmdt. D.B. Harmse, 27 Maart 1969.

50. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 7, G/TRG/8/1/1 vol. 1, inlae 18, brief G/TRG/8/1/1, H Leër – HVS, 22 Maart 1968; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 160, G/TRG/8 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, oefeningverslag G/TRG/8/1/1, Oefeningleier (kmdt. R.F. Holtzhausen) – Bev. Mil. Akad., 10 Mei 1968.

51. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 160, G/TRG/8 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, oefeningverslag G/TRG/8/1/1, Oefeningleier (kmdt. R.F. Holtzhausen) – Bev. Mil. Akad., 10 Mei 1968.

52. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 40, Mil. Akad. Spes. Eenheidsorder (Deel 1) No. 23/68, 26 November 1968.

53. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 72, memorandum G/SD/3/1/20 oor A/ADM/1/2, kol. R.F. Holtzhausen – Bev. Mil. Akad., 7 September 1971.

studente." Die Studentebevelsorganisasie het hy omskep in 'n liggaam wat deur die studente self daargestel is volgens 'n grondwet wat hulle self opgestel het om "suiwer studente aangeleenthede (sic.) te behartig ... hul esprit-de-corps (sic.) ... [te] bevorder en eie sosiale aktiwiteite ... [te] reël.[54] Die studenteorganisasie het voortaan as die Militêre Akademie Studentekomitee (MASK) bekend gestaan en het uit ses lede bestaan, te wete, 'n Studentekaptein, 'n Onderkaptein, 'n verteenwoordiger elk vir die senior en junior studente, 'n Menasieverteenwoordiger en 'n Sport-/Regimentsfondsverteenwoordiger. Die doel van MASK was om die formele eenheidsorganisasie in studentesake by te staan en om skakeling met die studente te vergemaklik. Dit was voorts vir die algemene handhawing van dissipline en die bevordering van 'n gesonde *esprit de corps* onder die studente verantwoordelik, asook vir die hantering van die studente se sosiale sake en die handhawing van 'n "gesonde onderlinge gedragskode" onder die studente.[55]

Die Militêre Akademie Studentekomitee het "geen amptelike erkenning"[56] geniet nie. Die verkose Studentekaptein het slegs in nieamptelike sake (bv. die reël van funksies deur die studente) direkte toegang tot die Tweede-in-bevel geniet. Verkose studenteverteenwoordigers het steeds op die komitees van die verskillende eenheidsinrigtings gedien om hul belange daar te verteenwoordig. Die opleidingsoffisiere, wat aan die Tweede-in-bevel verantwoordelik was, het voortaan direk beheer oor die studente uitgeoefen, ofskoon hulle wel (op 'n roterende basis) derdejaars aangestel het om hulle met die beheer oor die verskillende jaargroepe behulpsaam te wees. Die Adjudant het die dienspersoneel (diensoffisiere, klasleiers, ens.) in oorleg met die opleidingsoffisiere en die Akademie-sersant-majoor uit die geledere van die studente aangestel.[57] Die nuwe stelsel het dus die poging wat kol. De Vos na aanleiding van die West Point-model aangewend het om die studente eienaarskap vir die onderlinge afdwing van bepaalde gedragskodes, norme en standaarde te laat aanvaar, grootliks vernietig.

---

54. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 40, Mil. Akad. Spes. Eenheidsorder (Deel 1) No. 23/68, 26 November 1968.
55. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, g.d. [April 1971].
56. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 40, Mil. Akad. Spes. Eenheidsorder (Deel 1) No. 23/68, 26 November 1968.
57. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 18, notule van konferensie oor opleiding by Mil. Akad. gedurende 1969, 29 Oktober 1968; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 40, Mil. Akad. Spes. Eenheidsorder (Deel 1) No. 23/68, 26 November 1968.

## 5.3 DIE AANBEVELINGS EN IMPLEMENTERING VAN DIE MALAN-VERSLAG, 1969

Genl. Hiemstra het intussen reeds op 7 Junie 1968[58], nog voordat die Weermagopperbevel die Hartzenberg-verslag amptelik bespreek het,[59] met die goedkeuring van die Minister van Verdediging, P.W. Botha,[60] mondeling vir brig. Malan opdrag gegee om 'n toer na buitelandse militêre opleidingsinrigtings te onderneem, ten einde aanbevelings te maak oor die aard en omvang van toekomstige offisiersopleiding by die Militêre Akademie, die ligging van die Militêre Akademie en die saamgroepering van alle gemeenskaplike opleiding van Weermagoffisiere by een opleidingsinrigting.[61] Die riglyne wat brig. Malan vir die ondersoek na offisiersopleiding by die Militêre Akademie ontvang het, was dieselfde as dié wat in die opdrag van die Hartzenberg-komitee vervat was, behalwe dat genl. Hiemstra (klaarblyklik na aanleiding van die Hartzenberg-verslag) spesifiek opdrag gegee het dat die "kwalifiserende opleidingstydperk ... sover moontlik ook van die huidige bekwamingskursusse (moet) insluit om sodoende die latere bywoning van lang reekse bekwamingskursusse uit te skakel of tot 'n minimum te beperk."[62] Genl. Hiemstra was nie gediend daarmee dat die Akademie-graduandi ses van hul eerste tien diensjare "onproduktief" aan opleiding bestee het nie. Daarom moes brig. Malan bepaal of "basiese opleiding by die Akademie na 4 jaar nie so volledig moet wees dat jy 'n offisier dwarsdeur tot by Kapteinsrang (sic.) kan aanwend voordat hy 'n verdere kursus moet kry (sic.) nie."[63]

Die Weermagopperbevel, insluitende minister P.W. Botha, het die Hartzenberg-komitee se bevinding dat Saldanha nie 'n geskikte standplaas vir die Akademie was nie, duidelik net so aanvaar. P.W. Botha het onder meer gereken dat indien "die beginsel aanvaar word dat 'n offisier ook 'n heer moet wees, dan is die atmosfeer om die huidige ligging nie geskik daarvoor nie."[64] Genl. Hiemstra se riglyn aan brig. Malan was dus dat "isolasie, afwesigheid van opleidingsgeriewe, gebrek aan 'n stimulerende milieu en baie ander faktore ... op die

58. Malan-verslag, p.i.
59. SANWA, MVB 35B, ongenommerde lêer "Supreme Command Meetings", notule van Opperbevelvergadering, 20 - 21 Junie 1968, p. 11.
60. SANWA, DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29, inlae 10, brief A/VIS/8/0, Bev. Mil. Akad. – HWA, 25 Junie 1968.
61. Malan-verslag, pp.i, 2 - 4.
62. Malan-verslag, pp.i, 2 - 4.
63. SANWA, MVB 35B, ongenommerde lêer "Supreme Command Meetings", notule van Opperbevelvergadering, 20 - 21 Junie 1968, p. 11.
64. SANWA, MVB 35B, ongenommerde lêer "Supreme Command Meetings", notule van Opperbevelvergadering, 20 - 21 Junie 1968, p. 13.

ongeskiktheid van die huidige ligging van die Militêre Akademie (dui)" en dat hy "'n geskikte toekomstige setel" vir dié instelling moes aanbeveel.[65]

Brig. Malan het min of meer kol. De Vos se voetspore van 1956 gevolg om hom eerstehands van offisiersopleiding in Europa en die VSA te vergewis. Ongunstige politieke betrekkinge met Indië en die rassevooroordeel in Suid-Afrika het hom waarskynlik verhinder om 'n instelling soos die Indiese *National Defence Academy*, waar maj. Melt van Niekerk destyds die idee van 'n gesamentlike akademie vir al drie weermagsdele gaan haal het, te besoek. Sy toer gedurende September tot November 1968 het hom na 15 buitelandse militêre opleidingsinrigtings (min of meer vergelykbaar met die Militêre Akademie) in sewe verskillende lande geneem, waaronder Wes-Duitsland (Opleidingsentrum vir Leëroffisiere), die Nederlande (*Koninklijke Militaire Academie*, Breda, *Instituut voor de Marine* en die *Luchmachtschool*, Den Haag), Frankryk (*École Militaire de St. Cyr*, *L'Air de Salon*, en die *École Naval de Brest*), Brittanje (*Royal Military Academy*, Sandhurst en die *Royal Defence College*, Shrivenham), Kanada (*Royal Military College*, Kingston) en die VSA (*US Military Academy*, West Point, *US Naval Academy*, Annapolis, en die *US Air Force Academy*, Colorado Springs) gevoer.[66] (Alhoewel die sewende land nie in sy reisplanne vermeld word nie, was dit klaarblyklik Australië,[67] waar hy vermoedelik onder meer die *Royal Military College*, Duntroon besoek het.) Sy doel was "om 'n studie te maak en waar moontlik, die effektiewe funksionering van die Militêre Akademies (sic.) van die verskillende lande se weermagsdele persoonlik waar te neem", met spesifieke verwysing na die organisasie, bevel- en beheerstruktuur, toelatingsvereistes, keuringstelsels, militêr-akademiese leerplanne, onderrighulpmiddels, middele wat aangewend is om leierskapeienskappe te ontwikkel en die loopbaanbeplanning van suksesvolle kandidate van dié instellings.[68]

Brig. Malan het bevind dat kwalifiseringskursusse aan buitelandse instellings vergelykbaar met die Militêre Akademie gemiddeld 3.9 jaar geduur het, asook dat almal op 'n drieledige konsep van algemene, wetenskaplike en militêr-professionele vorming gebaseer was en, met enkele uitsonderings, met akademiese opleiding gelykwaardig aan 'n B.-graad of hoër gepaard gegaan het. Die buitelandse instellings het voorts gemiddeld 60% van hul

65. Malan-verslag, p.3.

66. Malan-verslag, p.28; SANWA, DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29, inlae 10, brief A/VIS/8/0, Bev. Mil. Akad. – HWA, 25 Junie 1968; SANWA, DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29, inlae 13, brief HVS/305/3/1, HVS – Komptr. SAW, 26 Augustus 1968; SANWA, DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29, inlae 14, brief DC17850/422/29(B), Wnd. Komptr. SAW – HWA, 26 Augustus 1968.

67. Vergelyk Malan-verslag, Aanhangsels B en C.

68. SANWA, DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29, inlae 5, brief HWA535/14, Wnd. HWA - Komptr. SAW, 19 Julie 1968.

opleidingstyd aan akademiese opleiding (d.w.s. wetenskaplike vorming) en 40% aan militêre opleiding (algemene vorming ingesluit) bestee. Kontinuïteit in beide die militêre en die akademiese opleidingsprogramme is verkry deur van planmatige bloktoekenning in stede van 'n semesterstelsel gebruik te maak. Om te verseker dat die militêre en akademiese opleiding mekaar optimaal aangevul het en die gewenste eindproduk verkry is, was die opleidingsprogramme oor die algemeen só ingedeel, dat die swaartepunt van die akademiese opleiding redelik aan die begin van die kursus gelê het, terwyl die militêr-vakkundige opleiding gedurende die laaste deel van die kursus oorheers het. Dit het onder meer ook die voordeel ingehou dat diegene wat nie oor die nodige potensiaal beskik het nie, op 'n vroeë stadium uitgeskakel is, terwyl studente vroeg reeds hul verskerpte assimilasievermoë en kritiese denke op hul militêr-vakkundige opleiding kon toepas. Daarby het dit verseker dat die studente by die voltooiing van die kwalifiseringskursus oorwegend militêr georiënteerd was en derhalwe dadelik aanwendbaar was.[69]

Op organisatoriese vlak het brig. Malan gevind dat daar by buitelandse instellings voorsiening gemaak is vir "die uitbouing en handhawing van 'n hoë prestige"[70] en dat daar voortdurende evaluasie van die opleidingsprogramme plaasgevind het. 'n Nasionaal erkende beheerraad bestaande uit senior offisiere en vooraanstaande akademici het status en aansien aan sodanige instellings verleen, terwyl elke instelling oor 'n navorsingsafdeling beskik het wat met nuwe ontwikkelings, ook wat opvoedkunde en metodiek betref, moes tred hou en sorg dat leerplanne en opleidingsmetodes gereeld dienooreenkomstig aangepas word. Inrigtings in die buiteland het voorts met vrug van gegradueerde nasionale dienspligtiges gebruik gemaak om as "studiebegeleiers" vir die kandidaatoffisiere op te tree, as laboratorium-/navorsingsassistente en hulpdosente/-instrukteurs (op hul spesialisgebiede) te dien, die administratiewe las van die dosente te verlig en oor die algemeen 'n gunstiger getalsverhouding tussen die staf en die studente te skep.[71]

Soos uit bostaande blyk, het brig. Malan waardevolle lesse in die buiteland geleer, maar hy het, volgens sy eie getuienis, geen enkele stelsel gevind wat hy net so in Suid-Afrika kon kom toepas nie. Die kultuur en omstandighede verskil te veel van land tot land en hy moes dus wat hy geleer het by die omstandighede hier te lande aanpas.[72] Volgens hom was die *Koninklijke Militaire Academie* in Breda een van die "beste" akademies wat hy besoek het en hy het hulle opleidingstelsel besonder effektief gevind. Dié stelsel het daarop

---

69. Malan-verslag, pp.28 –33.
70. Malan-verslag, p.33.
71. Malan-verslag, pp.33 –35.
72. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

neergekom dat alle kandidaatoffisiere eers op die vereiste vlak van militêre opleiding vir offisiersaanstelling gebring is, waarna hulle volgens persoonlike aanleg óf akademiese, óf verdere militêre opleiding ontvang het.[73] Dié beginsel sou dan ook na vore kom in die opleidingsmodel wat hy vir die Militêre Akademie ter tafel gelê het.

Brig. Malan het in die lig van die kennis wat hy in die buiteland opgedoen het 'n volledige evaluasie van die opleidingstelsel by die Militêre Akademie gedoen en gevind dat dit aan baie gebreke mank gegaan het. Die Akademie het in die eerste plek oor geen formele opdrag beskik ten opsigte van die aard en omvang van die opleiding waarvoor hy verantwoordelik was of die eindproduk wat hy moes lewer nie. Daar was gevolglik haas geen sprake van die algemene vorming van offisiere by die Militêre Akademie soos hierbo omskryf nie. Die akademiese opleiding (oftewel wetenskaplike vorming) het planmatig, doelgerig en deurlopend geskied, maar met die uitsondering van Vlootnavigasie en Lugvaartkunde, het geen weermagsdeel ooit enige aanduiding van sy behoeftes ten aansien van die militêre aanpassing van die akademiese vakke gegee nie. Ofskoon daar oor die vier opleidingsjare ongeveer ewe veel tyd aan militêre en akademiese opleiding bestee is, was die militêre opleiding, met die uitsondering van die gimnasiumjaar, fragmentaries en versnipperd, sonder enige kontinuïteit of planmatigheid. Elke weermagsdeel het sy eie kop gevolg ten opsigte van die militêre vorming van die kandidate tydens die gimnasiumjaar en gedurende resesopleiding. Die aard en omvang van militêre opleiding gedurende die akademiese semesters was nêrens omskryf nie en het op inisiatief van die Bevelvoerder op 'n een-dag-per-week-basis geskied. Dié opleiding het feitlik geen bydrae tot die militêre vorming van die studente gelewer nie. Die gevolg van dit alles was dat, lynreg teenoor die situasie by buitelandse instellings, die graduandi van die Militêre Akademie by die voltooiing van hul kursus oorwegend akademies georiënteer was en dus nie onmiddellik militêr aanwendbaar was nie.[74] Die Akademie het dus in daardie verband hoegenaamd nie aan die opleidingsbehoeftes van die Weermag ten opsigte van sy kandidaatoffisiere voldoen nie.

Hierdie ongewenste toedrag van sake by die Akademie het klaarblyklik daaruit voortgespruit dat die Weermag hom sedert die middel van die vyftigerjare en die begin van die sestigerjare, toe die ooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch uitgetrap is en die weermagsdele hul insette met betrekking tot die leerplanne vir die graadkursusse gelewer het, vir alle praktiese doeleindes feitlik heeltemal van riglyne met betrekking tot die

73. M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
74. Malan-verslag, pp.14 – 22, 24 – 27, 31.

opleidingsprogram by die Akademie weerhou het. Daar was dus geen deurlopende evaluasie van die opleidingstelsel soos by buitelandse instellings nie. Dié onbetrokkenheid het waarskynlik enersyds verband gehou met die voortdurende verwisseling van posbekleërs op die hoogste bevelsvlakke in die Weermag (en die persoonlike houdings en opvattings van die posbekleërs), en andersyds met die ontkenning[75] van die rol en funksie (waarde) van die Militêre Akademie wat daar nog in die hoogste militêre kringe bestaan het. Die aanstelling van die Hartzenberg-komitee in 1967 was dus inderwaarheid die eerste poging van die militêre owerhede om die gang van sake by die Akademie in oënskou te neem sedert sy herstigting as 'n onafhanklike militêre eenheid in 1956 en die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde in 1961.

Brig. Malan het in sy verslag, wat hy op 28 Februarie 1969 voltooi en aan genl. Hiemstra voorgelê het, die Hartzenberg-komitee se profiel van offisierskap en breë opleidingsdoel net so aanvaar, synde in ooreenstemming met wat hy in die buiteland aangetref het. Hy het op grond daarvan 'n nuwe, breër stelsel van offisiersopleiding bepleit, geskoei op die drieledige konsep van algemene vorming, wetenskaplike vorming en militêre vorming soos by die buitelandse instellings. Algemene vorming moes daarop ingestel wees om die kandidaatoffisier "as mens te ontplooi en af te rond, ... genoegsame insig, kennis en opvoeding te gee sodat hy as leier van mede-volksgenote kan optree ... [en] die nodige persoonlikheidskoling te verleen sodat hy hom óók op sosiale vlak, binne sowel as buite weermagsverband, as afgeronde mens en leier sal onderskei." Wetenskaplike vorming het akademiese onderrig behels wat daarop gemik was "om die toekomstige offisier in staat te stel om die velerlei en veelsoortige probleme waarmee hy as offisier van 'n moderne krygsmag gekonfronteer sal word, wetenskaplik te benader en op te los." Daarom was die basiese doelwitte van wetenskaplike vorming om "kennis oor te dra en 'n gesonde oordeelsvermoë, oorspronklike denke sowel as logies gefundeerde visie te ontwikkel." Brig. Malan het duidelik by prof. G. v. N. Viljoen se vroeër vermelde inset[76] aan die Hartzenberg-komitee gaan kers opsteek en daarop gewys dat, ofskoon die akademiese studie sover moontlik militêr aangepas moes wees, daar "soos die geval met enige professioneel gerigte leerplan is" ook voorsiening gemaak moes word vir kennis wat "min praktiese toepassingswaarde het, maar tog noodsaaklik is om die nodige fondament en agtergrond vir die praktiese toepassing te vorm." Militêre vorming het neergekom op die oordrag van "dié militêre vakkennis en vakbekwaamheid ... wat ... (die aspirant-offisier) in die beoefening

---

75. Vergelyk M.A. de M. Malan – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.
76. SANWA, HSP (Geklas.) 10, HWA599/2/12/3 vol. 1, inlae 29, ongenommerde brief, Rektor RAU – veggenl. C.H. Hartzenberg, 15 Desember 1967.

van sy pligte en verantwoordelikhede sal benodig ... [en] 'n voortdurende proses van bekwaming in krygsleer en krygstegnieke" was. Die drie tipes vormingsopleiding het dus behels dat kandidaatoffisiere van al drie weermagsdele voor hul kommissie-aanstelling gesamentlik "aan 'n wetenskaplik bepaalde proses van sosiologiese, psigologiese en vakkundige vorming onderwerp moet word.[77]

Die Malan-model was op vier baie belangrike beginsels gebou. Die eerste daarvan was dat die pad van alle aspirantoffisiere van die drie weermagsdele deur die Militêre Akademie moes loop, waar hulle aan dieselfde basiese vormingsopleiding onderwerp sou word om aan hulle 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk te verskaf. Tweedens moes jongoffisiersopleiding, wat daarop gemik was om kandidate tot op kapteinsvlak te kwalifiseer, binne vier jaar afgehandel word. In die derde plek moes die drieledige offisiersvorming vóór taakoriëntering plaasvind, sodat die jong offisier dadelik aanwendbaar sou wees wanneer hy sy opleiding voltooi het. Jongoffisiersopleiding moes derhalwe, in die vierde plek, deur militêre opleiding afgerond word.[78] Verder was die gedagte dat alhoewel alle offisiere 'n draai by die Akademie moes maak, slegs 'n persentasie van hulle vir die graadkursus gekeur sou word. Die model het gevolglik vir twee groepe kandidate voorsiening gemaak, naamlik diegene wat net 'n basiese kwalifiseringskursus (direkte offisiersopleiding, insluitende jongoffisiersopleiding sonder graadstudie) sou volg en diegene wat 'n volledige, gevorderde kandidaatoffisierskursus (jongoffisiersopleiding wat graadstudie ingesluit het) sou volg. Die volle kandidaatoffisierskursus sou vier jaar duur en uit vier fases bestaan. Fase 1 het drie maande basiese opleiding behels om die kandidaat in sy weermagsdeel te oriënteer en sou deur die weermagsdele self behartig word. Daarna sou die kandidate van al drie weermagsdele vir Fase 2 by die Militêre Akademie aanmeld, waar hulle vir agt (uiteindelik ses) maande lank gesamentlik basiese vormingsopleiding sou ondergaan. Ná voltooiing daarvan kon diegene wat oor die nodige potensiaal beskik het, die keuse uitoefen om met Fase 3, wat 22 maande gevorderde wetenskaplike vormingsopleiding (graadstudie) by die Akademie behels het, voort te gaan. Daarna sou hulle vir Fase 4, bestaande uit 15 maande eiesoortige militêre vormingsopleiding by die weermagsdele, aanmeld. Diegene wat nie vir graadstudie gekwalifiseer het nie of nie daarin belanggestel het nie, sou ná Fase 2 direk met Fase 4 voortgaan en dus hul kursus in 26 maande voltooi. Sommige van die kandidate wat uit die Staandemagmanskappe gewerf is, sou die kandidaatoffisierskursus in 30 maande kon voltooi, deurdat hulle op grond van

77. Malan-verslag, pp.8 – 11, 29.
78. Mil. Akad. Argief, Verslag deur Komitee van ondersoek met betrekking tot Jongoffisiersopleiding te Militêre Akademie Saldanha (hierna: Van der Westhuizen-verslag), 31 Januarie 1975, pp.5 – 6.

hul vorige militêre ondervinding van beide Fase 1 en Fase 4 vrygestel kon word. Kandidate uit dié groep wat nie graadstudie onderneem het nie, kon dus net Fase 2 deurloop en hul offisiersopleiding binne agt (uiteindelik ses) maande afhandel. (Fase 2 was dus vir alle aspirantoffisiere verpligtend en sou sorg dat die pad van alle offisiere deur die Akademie loop.) Die kandidate wat al vier fases deurloop het, sou as luitenante (of gelykwaardige vlootrang) aangestel word, terwyl diegene wat nie graadstudie onderneem het nie, na voltooiing van Fase 4 as tweede luitenante aangestel sou word.[79]

Ten einde die doelwitte van bogenoemde konsep van drieledige gesamentlike vormingsopleiding te bereik, het brig. Malan bevind dat die vakke soos aangedui in die tabel op p.322 (wat grootliks ooreengestem het met die aanbevelings van die Hartzenberg-komitee in daardie verband[80]) by die Akademie aangebied moes word:[81] Dié vakke (waarvan Volkekunde, Sielkunde, Sosiologie en Toegepaste Wiskunde tot in daardie stadium nie by die Akademie aangebied is nie) moes natuurlik inhoudsgewys sover moontlik aangepas word om in die behoeftes van die Weermag te voorsien. Brig. Malan het Krygsgeskiedenis en Staatsleer as "grondliggende" vakke vir die wetenskaplike vorming van offisiere beskou en hulle moes dus verpligtend vir alle studente wees. Die insluiting van ander akademiese vakke in die studente se studiekursusse sou van hul studierigtings (Geestes-, Handels- of Natuurwetenskappe), weermagsdeel, korpsindeling, individuele keuse en aanleg, ens., afhang.[82]

Die doel van die Malan-model was om "gekeurde kandidate eers te oriënteer en daarna sosiaal en kultureel af te rond, asook wetenskaplik en militêr te bekwaam, om aan die vereiste standaard van die SAW-offisierskorps te voldoen, en sodoende te kwalifiseer vir kommissie-aanstelling in die SM [Staande Mag]."[83] Die voordele van dié model, aldus brig. Malan, was onder meer dat dit tydsgewys meer ekonomies sou wees, deur kandidate binne vier jaar (ooreenkomstig genl. Hiemstra se opdrag) volledig as junior offisiere te bekwaam, dit die versnippering van kandidaatoffisiersopleiding sou hokslaan, 'n beter balans tussen militêre opleiding en akademiese opvoeding sou bewerkstellig en 'n beter onderlinge verstandhouding en uiteindelike samewerking tussen offisiere van die drie weermagsdele sou bevorder. Die konsentrasie van militêr-vakkundige opleiding gedurende die finale fase van die kursus sou ook verseker dat die kandidaatoffisiere onmiddellik produktief

79. Malan-verslag, pp.i, 6, 44 – 56.
80. Vergelyk Hartzenberg-verslag, Aanhangsel A.
81. Malan-verslag, pp.36 - 43.
82. Malan-verslag, p.39 - 42.
83. Malan-verslag, p.46.

aangewend kon word wanneer hulle na vier jaar vir kommissie-aanstelling gekwalifiseer het.[84]

**VAKKE BENODIG VIR DIE DRIELEDIGE VORMING VAN KANDIDAATOFFISIERE BY DIE MILITêRE AKADEMIE OOREENKOMSTIG DIE MALAN-VERSLAG**

| Algemene Vorming | Militêre Vorming | Wetenskaplike Vorming |
|---|---|---|
| Afrikaans<br>Engels<br>Sosiale en Kulturele Opvoeding<br>Militêre Bestuur<br>a. Leierskapopleiding<br>b. Organisasieleer<br><br>Nota. Onderrig in 'n bruik=bare vreemde taal is ook as gewens vir die algemene vorming van offisiere geag, maar sou in 'n latere stadium geskied en nie deel van die vormings=opleiding wees nie. | Militêre Administrasie<br>Militêre Skryfwyse<br>Stigting, Beheer en Bestuur van Eenheidsfondse en –Inrigtings<br>Liggaamlike Opleiding en Sport<br>Militêre Reg | Krygsgeskiedenis<br>Staatsleer<br>Sosiologie<br>Volkekunde<br>Sielkunde<br>Militêre Aardrykskunde<br>Openbare Administrasie<br>Ekonomie<br>Bedryfsekonomie<br>Rekeningkunde<br>Handelsreg<br>Wiskunde<br>Toegepaste Wiskunde<br>Fisika<br>Chemie<br>Lugvaartkunde<br>Vlootnavigasie |

84. Malan-verslag, p.44 – 46, 52 - 53.

Brig. Malan het bereken dat om aan die Weermag se jaarlikse behoefte aan offisiere te voldoen, die Akademie 546 aspirantoffisiere per jaar sou moes hanteer, waarvan 404 kandidate Fase 2-opleiding sou ondergaan, terwyl 142 met Fase 3 opleiding besig sou wees. Van die 546 aspirantoffisiere sou 471 gelyktydig by die Akademie aanwesig wees, naamlik 329 wat met Fase 2- en 142 wat met Fase 3-opleiding besig sou wees. Dit het op 'n drievoudige vermeerdering van die studentetal neergekom en brig. Malan het dan ook in sy verslag vir 'n betekenisvolle uitbreiding van die Akademie se diensstaat voorsiening gemaak om die verhoogde getalle te akkommodeer. Saam daarmee het hy ook 'n herstrukturering van die Akademie se organisasiestruktuur aanbeveel om die nuwe opleidingsmodel te fasiliteer.[85] (Beide dié aspekte sal in 'n volgende onderafdeling bespreek word.)

Brig. Malan het voorts aanbeveel dat daar, soos by die buitelandse akademies, 'n Beheerraad vir die Akademie ingestel word, saamgestel uit "lede wat die hoogste militêre poste beklee" en "toonaangewende burgerlikes, wat ... hoë persoonlike en akademiese aansien geniet."[86] Dié Raad moes voortdurend die opleiding aan die Akademie evalueer en verseker dat dit met die veranderende behoeftes van die Weermag, asook nuwe ontwikkelings op militêr-akademiese gebied tred hou. In aansluiting daarby moes daar 'n navorsingselement by die Akademie gestig word wat op hoogte van nuwe ontwikkelings "op die gebied van die opvoedkunde en metodiek" sou bly en moes toesien dat die leerplanne en opvoedkundige tegnieke van die Akademie gereeld in die lig daarvan aangepas word. 'n Tweede oogmerk met die Beheerraad was dat die statuur van die Raadslede die aansien van die Akademie binne en buite die Weermag sou laat styg, wat die werwing van top kandidate beide as studente en dosente sou bevorder.[87]

Brig. Malan het die bevindings van die Hartzenberg-komitee met betrekking tot Saldanha as standplaas vir die Militêre Akademie onderskryf en in die lig daarvan bevind dat daar slegs drie stedelike liggings was wat vir die toekomstige ligging van die Akademie oorweeg kon word, naamlik Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad. Hy het egter aanbeveel dat gewag word totdat uitsluitsel oor die kwessie van die saamgroepering van gesamentlike en gemeenskaplike offisiersopleiding (anders as dié aan die Militêre Akademie), alvorens daar besluit sou word na welke een van dié drie setels die Akademie verskuif moes word. Die saamgroepering van sodanige opleiding sou ook die ander deurslaggewende vraagstuk in

85. Malan-verslag, pp.68 - 69, asook Aanhangsel J en pp.57 – 66, 82 -84.
86. Malan-verslag, Aanhangsel D, p.2.
87. Malan-verslag, pp.33 – 34, 81.

verband met die verskuiwing van die Akademie, naamlik die koste verbonde aan die oprigting van die verlangde fasiliteite by die nuwe standplaas, beïnvloed.[88]

Genl. Hiemstra het inmiddels na mondelinge voorligtings in dié verband die Malan-model in beginsel aanvaar nog voordat brig. Malan in Februarie 1969 sy verslag ter tafel gelê het. Hy het klaarblyklik reeds tydens die Akademie se voorstellingsparade op 11 Desember 1968 aangekondig dat "offisiersopleiding (by die Militêre Akademie) in die afsienbare toekoms een van twee patrone sal volg ... een waar 'n Baccalaureus-graad (sic.) in Krygskunde toegeken sal word en die ander kursus, wat van korter duur sal wees, en waar graadtoekenning nie sal plaasvind nie."[89] Die Opperbevel van die Weermag het die aanbevelings van die Malan-verslag tydens 'n vergadering in Kaapstad op 20 Mei 1969, waarby die Minister van Verdediging, P.W. Botha ook teenwoordig was, in breë trekke aanvaar. Daar is voorlopig, hangende verdere ondersoek na die herindeling van bestaande akkommodasie, besluit dat die Akademie na die SA Leërkollege in Pretoria sou verskuif en dat die SA Vlootkollege Gordonsbaai sou ontruim om die fasiliteite van die Akademie op Saldanha oor te neem.[90] Minister P.W. Botha het nog "heelwat onbeantwoorde vrae in [sy] gemoed oor die toekomstige standplaas van die akademie (sic.)" gehad en wou nie 'n beslissing daaroor maak "totdat die vrae behoorlik oorweeg en beantwoord is ... nie."[91] Dié vrae het hoofsaaklik gegaan oor die saamgroepering van opleiding, die benutting van die bestaande akkommodasie van die Leër-, Lugmag- en Vlootkolleges en die koste wat die verskuiwing van die Akademie sou meebring. In laasgenoemde verband het die voorgenome oprigting van 'n nuwe Verdedigingshoofkwartierkompleks in Pretoria die hoogste prioriteit geniet en wou hy geen ander bouwerk aanvra wat die beskikbaarheid van fondse vir dié projek in die gedrang kon bring nie.[92] Genl. Hiemstra het nietemin die moontlike verskuiwing van die Akademie en die inskakeling daarvan onder die Universiteit van Suid-Afrika by prof. Thom geopper.[93] Brig. Malan het egter ondertussen behoorlik die kat in die duiwehok gegooi deur totaal voortydig op 29 Mei 1969 die personeel van die

88. Malan-verslag, pp.67, 76 - 78.
89. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/CER/5 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief A/CER/5/2, Bev. Mil. Akad. – H Pers, 27 November 1968.
90. SANWA, MVB 5, MV41/4, ongenommerde inlae, notule van Opperbevelvergadering, 20 Mei 1969.
91. SANWA, MVB 5, MV41/4, ongenommerde inlae, brief MV24/4, Min. van Verd. – KG, 2 Julie 1969.
92. SANWA, MVB 5, MV41/4, ongenommerde inlae, brief MV24/4, Min. van Verd. – KG, 2 Julie 1969; vergelyk ook SANWA, MVB 5, MV41/4, ongenommerde inlae, notule van Opperbevelvergadering, 20 Mei 1969.
93. SANWA, SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 1, brief HVS/207/5, KG – Rektor US, 18 Augustus 1969.

Akademie byeen te roep en in te lig dat "beslissings (van die Opperbevel) verkry is" wat die verskuiwing van die Akademie na Pretoria, "waarskynlik in 1971", goedgekeur het.[94]

Genl. Hiemstra het brig. Malan op 20 Augustus 1969 amptelik in kennis gestel dat sy aanbevelings aanvaar is vir implementering aan die begin van 1970. Fase 1 (weermagsdeeloriëntering) van die vierjaaropleidingsprogram sou ooreenkomstig sy aanbevelings drie maande duur, met twee innames per jaar, naamlik een in Januarie en een in Julie. Die Fase 2-opleiding (gesamentlike vormingsopleiding by die Militêre Akademie) sou egter in plaas van die agt maande wat hy in sy verslag voorgestel het, slegs ses maande duur. Verder het die Vloot bevind dat die drie maande wat vir Fase 1 toegelaat is, te kort was om voornemende vlootoffisiere behoorlik in hul weermagsdeel te oriënteer. Die gevolg was dat die Vloot se Fase 1-opleiding na 15 maande verleng is om onder meer basiese offisiersvorming en opleiding ter see daarby te kon insluit. Gedeeltes van die Fase 4-opleiding (weermagsdeelspesifieke opleiding) is op dié wyse by Fase 1 ingesluit, sodat Fase 4 na drie maande verkort kon word.[95]

Genl. Hiemstra het brig. Malan voorts meegedeel dat die Akademie "vir die afsienbare toekoms ... op Saldanha (sal) bly" en dat "die toekomstige situs van die Akademie ... later oorweging sal geniet in samehang met ander projekte."[96] Geen bykomende fasiliteite sou gevolglik op Saldanha geskep word nie, wat Verdedigingshoofkwartier genoop het om die 471 kandidate wat brig. Malan voorsien het gelyktydig by die Akademie opleiding sou ondergaan, na ongeveer 250 te verminder. Dit was die maksimum wat gehuisves kon word deur van die bestaande geboue op Malgaskop op te knap.[97] Die oogmerk was nietemin steeds dat "alle toekomstige beroepsoffisiere 'n gedeelte van hul opleiding ... by die Militêre Akademie sal ontvang" en dat die Akademie dus "die Alma Mater (sic.) van alle beroepsoffisiere in ons Weermag [sal] word."[98]

Die sosiale afsondering van die Akademie-studente op Saldanha het klaarblyklik swaar op genl. Hiemstra se gemoed gelê, want hy het brig. Malan uitdruklik opdrag gegee om "alles

94. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, notule van vergadering insake uitbreiding van Militêre Akademie (aan lêeromslag vasgesteek), 22 Mei 1969.
95. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 4, brief HVS/207/5/1, KG - Bev. Mil. Akad., 20 Augustus 1969; Van der Westhuizen-verslag, p.8.
96. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 4, brief HVS/207/5/1, KG - Bev. Mil. Akad., 20 Augustus 1969.
97. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 4, brief HVS/207/5/1, KG - Bev. Mil. Akad., 20 Augustus 1969.
98. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/CER/5 (Vertroulik) vol. 1, ongenommerde inlae, konseptoespraak van KG vir Mil. Akad.-voorstellingsparade, 10 Desember 1969.

in u vermoë te doen om die gebrek aan beskaafde damesgeselskap te oorbrug deur so dikwels as moontlik gepaste gesellige aande aan die Akademie te reël, benewens, alternatiewelik, gesellige geleenthede op omliggende dorpe soos Moorreesburg, Malmesbury e.a."[99] Ironies genoeg het die sogenaamde Akademie-naweke by minstens sommige van die studente juis die teenoorgestelde idee as die voorsiening van "beskaafde damesgeselskap" gewek, soos een van hulle voor die Hartzenberg-komitee getuig het: "Die aanry van die dames [na gesellighede by die Akademie] lyk... goedkoop en verwek dan ook die idee by die studente."[100]

Die skedulering van die vier opleidingsfases het spoedig ook vir die Lugmag en die Leër praktiese probleme opgelewer, sodat dit in 1972 op 'n soortgelyke wyse as vir die Vloot geherskeduleer moes word. Die probleem, in die geval van die Leër, was dat kandidate wat Fase 1 en 2 voltooi het "oor die algemeen ... weens gebrek aan militêre agtergrondkennis in korps/eenheidsverband nie in Fase 4 tot kapteinsvlak kan vorder nie en dat hulle, na voltooiing van opleiding tot luitenantsvlak eers 'n tydperk van konsolidasie en praktiese toepassing van die teorie moet meemaak voordat hulle taktiek, opleiding en stafwerk geleer kan word."[101] Geen kandidate wat reeds Fase 3 afgehandel het, het nog in daardie stadium die Fase 4-kursus gedoen nie, maar die verwagting was dat dieselfde probleme met hulle ondervind sou word.

In die geval van die Lugmag het die skedulering van die opleiding onder meer tot 'n onaanvaarbaar hoë verlies aan potensiële vlieëniers gelei vanweë die feit dat werklike vliegopleiding eers ná Fase 2 (basiese vormingsopleiding by die Akademie) of selfs eers ná Fase 3 (graadstudie, 24 maande) geskied het.) Die Fase 4-opleiding is derhalwe in 1972 in twee verdeel en geherskeduleer, sodat Fase 4, Deel 1 (ses maande vir die Leër en die Lugmag en 12 maande vir die Vloot) direk op Fase 1 gevolg het, terwyl Fase 4, Deel 2 (nege maande vir die Leër en die Lugmag en drie maande vir die Vloot) direk ná Fase 2 aangebied is. Aangesien daar egter jaarliks twee Fase 2-kursusse (wat onderskeidelik in April en Oktober begin het) en slegs een Fase 3-kursus (wat in Oktober begin het) aangebied is, het Fase 3-studente wat Fase 2 in September voltooi het, onmiddellik met Fase 3 voortgegaan. Diegene wat Fase 2 in Maart voltooi het, het egter eers ses maande van Fase 4, Deel 2 afgehandel en dan by die volgende Fase 3-inname aangesluit.

---

99. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 4, brief HVS/207/5/1, KG - Bev. Mil. Akad., 20 Augustus 1969.
100. Hartzenberg-verslag, Bylaag 2, p.41.
101. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 20, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 22 Junie 1972.

Kandidate wat direk na Fase 2 met hul graadkursus begin het, het Fase 4, Deel 2 direk ná Fase 3 afgehandel, terwyl diegene wat reeds ses maande van Fase 4, Deel 2 voor die aanvang van Fase 3 voltooi het, die oorblywende drie maande van Fase 4, Deel 2 ook direk ná hul graadstudie afgehandel het.[102] 'n Nypende tekort aan vlieëniers en die gebrek aan kontinuïteit as gevolg van die onderbreking van die vliegopleiding deur Fase 2, het tot gevolg gehad dat die Lugmag hul Fase 4 Deel 1 en Deel 2 in Maart 1974 weer saamgevoeg het, sodat die Lugmagkandidate hul volledige Fase 4 (volle vliegopleiding) direk ná Fase 1 voltooi het. Daarna het Fases 2 en 3 gevolg.[103]

Met die aanvaarding van die Malan-model is die doel (oftewel "funksie") van die Militêre Akademie vir die eerste keer sedert 1950 formeel op skrif gestel, toe dit in April 1970 soos volg in Weermagsorders gepubliseer is:

> "Die funksie van die Militêre Akademie is die vormende en Akademiese (sic.) opleiding van kandidaatoffisiere en adelborste van die Staande Mag (en offisiere, soos van tyd tot tyd besluit kan word) in ooreenstemming met die opleidingsbeleid en leerplanne wat deur Hoof van Verdedigingstaf[104] voorgeskryf kan word."[105]

Ofskoon die amptelike diensweë van die Akademie en die administratiewe pligte van die Bevelvoerder haarfyn in dieselfde Weermagsorder uiteengesit is, is daar geen verdere omskrywing of uiteensetting van bostaande vae, lomp geformuleerde funksie gegee nie. In 1973 het Hoof van Weermagadministrasie die funksie van die Akademie effens nader in 'n administratiewe instruksie omskryf:

> "Die Militêre Akademie het 'n tweeledige funksie met betrekking tot die opleiding van toekomstige Staandemagoffisiere naamlik:
>
> a. Militêre Opleidingstak. Die funksie van die Militêre Opleidingstak is om gesamentlike offisiersvorming in Fase 2 van die opleidings- en ontwikkelingsprogram vir Staandemagoffisiere te voorsien.

---

102. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 42, brief G/TRG/6/19, H Leër – HVS en DGP, 25 Mei 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 20, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 22 Junie 1972; Van der Westhuizen-verslag, p.7.
103. Van der Westhuizen-verslag, pp.7 – 8.
104. Soos in 'n volgende afdeling aangetoon word, het die Militêre Akademie na 'n reorganisasie van die Weermag in die sestigerjare via die Hoof van Verdedigingstaf (steeds) regstreeks onder die Kommandant-generaal geressorteer.
105. SANWA, SAWO 29/70, 17 April 1970.

b. Fakulteit van Krygskunde. Die funksie van die Fakulteit van Krygskunde is om graadopleiding vir die Baccalaureusgraad in Krygskunde (B Mil (sic.)) in Fase 3 van die opleidings- en ontwikkelingsprogram vir Staandemagoffisiere te voorsien.

"'n Verdere Funksie van die Militêre Akademie is om fasiliteite by die Fakulteit van Krygskunde vir nagraadse studies (sic.) (Hons B Mil (sic.), M Mil (sic.) en D Mil (sic.)) te voorsien."[106]

Daar was steeds geen verwysing na die aard van die offisiersvorming nie, terwyl die beoogde wedersyds aanvullende aard van militêr-akademiese opleiding (en opvoeding) nie in die funksieformulering na vore kom nie. Daar was ook geen aanduiding van wat met die "offisiersvorming" en "graadopleiding" bereik moes word nie, sodat daar dus steeds geen behoorlike doel- en missiestelling was om die opleiding van kandidaatoffisiere aan die Akademie te rig nie.

Brig. J.D. Potgieter (oudstudent van die Akademie, 1956 – 1958), wat brig. Malan op 11 Desember 1971[107] as Bevelvoerder opgevolg het, het teen November 1973 bevind dat die Akademie vanweë 'n gebrek aan kommunikasie en koördinasie tussen homself, die Fakulteit en die Tak Militêre Opleiding nie sy hoofdoelwit bereik het nie en dit trouens grootliks uit die oog verloor het. (Dié bewuswording het waarskynlik gespruit uit 'n ondersoek na die funksionering van die Akademie waarmee die Direktoraat Sielkundige Dienste in daardie stadium besig was en wat in 'n latere afdeling bespreek sal word.) Brig. Potgieter het gevolglik die taak van die Akademie opnuut onder die aandag van die verskillende vertakkings van die Akademie gebring as synde om "aspirant-offisiere vir 'n Offisiersloopbaan (sic.) in die SM [Staande Mag] voor te berei." Die "eindresultaat" waarna gestreef moes word, het hy opnuut in die Hartzenberg-verslag gaan haal:

"Die SM-offisier moet 'n gebalanseerde, gekultiveerde, opgevoede en godsdienstige mens wees wat militêr onderleg is en oor die nodige hoedanighede beskik om geïnspireerde leiding aan sy ondergeskiktes te verskaf.

"Hy moet 'n persoon wees wat agv sy gesonde oordeel, regverdigheidsin, inisiatief, deursettingsvermoë, persoonlikheid, dryfkrag, selfvertroue, vindingrykheid,

106. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 3, HWA Admin. Instruksie no. 2/73, 23 Mei 1973.

107. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/1 vol. 8, inlae 93, seinberig A/220/DES 71, Bev. Mil. Akad. – HVS, 10 Desember 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/1 vol. 8, inlae 98, seinberig A(PF)/105/DES 71, H Leër – BGGGM en Bev. Mil. Akad., 14 Desember 1971.

ondernemingsgees, kennis, integriteit en vaderlandsliefde die nodige vertroue kan inboesem om as leier aanvaar te word – burgerlik sowel as militêr."[108]

Om die eindproduk van die Akademie verder te omskryf, het brig. Potgieter die volgende aanhaling uit West Point se doelstellings by die Hartzenberg-verslag se definisie daarvan gevoeg:

> 'The Academy does not pretend to turn out finished officers. Its function in the main is to develop the character of the fledgling officer, to instill (sic.) in him the ideals and sense of duty, honour and patriotism that will sustain him throughout his career.
>
> 'Among the primary necessities of the future officer is the ability to think, intellectual curiosity and critical original thought.'[109]

Brig. Potgieter het aan die hand van bogenoemde aanhalings verklaar dat "dit .. duidelik (is) [dat] wat by die Akademie gedoen behoort te word, hoofsaaklik die karaktervorming van die aspirant-offisier behoort te wees ter voorbereiding van sy taak as leier van 'n operasionele organisasie."[110] Ofskoon hy oënskynlik die eerste was om die doel en funksie van die Akademie so helder te verwoord, was dit inderwaarheid die gees wat beide die Hartzenberg- en die Malan-verslae ten grondslag gelê het. Dit is dus duidelik dat brig. Potgieter die Hartzenberg-verslag opnuut deeglik bestudeer het en getrag het om die vormings- en voorbereidingstaak van die Akademie ten nouste in ooreenstemming daarmee, asook met Verdedigingshoofkwartier se vertolking van die aanslag teen die RSA en die rol van die Weermag in daardie verband te bring. Hy het dan ook die taak van die Akademie soos volg direk aan die vermeende bedreiging (die interne "terroristiese" aanslag as uitvloeisel van die sogenaamde totale kommunistiese aanslag) teen die RSA gekoppel:

> "Ons vyande word deur gedugte vegters opgelei wat reeds hul vermoë in Korea en Vietnam (sic.) bewys het. Om suksesvol teen so 'n vyand te kan optree moet ons produk dus geestelik sowel as fisiek taaier wees terwyl sy breinvermoë tot die maksimum ontwikkel is. Ons produk moet ook 'n dialektiese mensekennis ontwikkel

108. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1, notule van konferensie in Bev. Mil. Akad. se kantoor, 9 November 1973; vergelyk ook Hartzenberg-verslag, pp. 9, 10.
109. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1, notule van konferensie in Bev. Mil. Akad. se kantoor, 9 November 1973.
110. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1, notule van konferensie in Bev. Mil. Akad. se kantoor, 9 November 1973.

> om die bes moontlike leiers te kan wees ten einde die passiewe materiaal (in vorm van NDPs) wat hulle aanvanklik ontvang te besiel."[111]

Die opleidingsfilosofie wat hy in ooreenstemming met Weermagsbeleid vir die Akademie neergelê het, is klaarblyklik grootliks deur die nuwe Hoof Militêre Instrukteur, kmdt. G.P.H. Kruys, geformuleer. Dié filosofie, wat sekerlik reeds met die implementering van die Malan-model in 1970 in 'n mindere of meerdere mate nagestreef is, was duidelik daarop gemik om die studente aan die Akademie met nasionalisme te besiel en, teen die agtergrond van die heersende regeringsbeleid, gekoppel aan die internasionale kommunistiese aanslag, veral op sielkundige vlak vir teenrewolusionêre oorlogvoering voor te berei. Dit het onder meer soos volg gelui:

> "Die SAW is 'n oorlogsmasjien en die doel daarvan is om enige vyand van die RSA te vernietig .... Om ons troepe hiervoor te motiveer, moet hulle glo in ons nasionale doelstellings, lewensbeskouing en bestaansreg ...Dit is gebaseer op ... ons voorouers se stryd om vryheid en bestaansreg en die reg om hulself te regeer ... die ontwikkeling van ons demokratiese leefwyse in SA en Europa ... die waardes van ons Westerse kultuur, met ... 'n besondere Suid-Afrikaanse uitkyk en die vryheid en trots van die individu wat dit toelaat ... ons Christelike waardes en die feit dat ons wette, kultuur en leefwyse gebaseer is op hierdie waardes ...
>
> "Die filosofie van ons kommunistiese vyand ... hulle doelstellings en ideale en die leegheid van hulle filosofie ... hulle oogmerke [van] die vernietiging van ons leefwyse en vryheid ... (moet duidelik gemaak word) ...
>
> "Ons moet ons KOe [kandidaatoffisiere] sover kry dat hulle besef ... dat daar 'n oorlog aan die gang is ... [waarvan] ongeveer 90% ... in die burgerlike lewe geveg word ...
>
> "Ons moet ... tuisbring [dat die] ...skuldkompleks van die Blanke ... veroorsaak (word) deurdat 'n doelgerigte aanslag tot ons gerig word deur die massa media (sic.) ... [wat] in vyandige hande (is) of in die hande van persone wat deur die vyand beïnvloed word ... dat ons in die RSA geen rede het om 'n skuldgevoel teenoor die nie-blanke te hê nie, ons geskiedenis toon die redelikheid van ons voorvaders ... ons

---

111. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1, notule van konferensie in Bev. Mil. Akad. se kantoor, 9 November 1973.

meer onlangse geskiedenis plaas eintlik die nie-blanke by ons in die skuld, tw sy onderwysgeriewe, behuising, vryheid van spraak en eie tuislandregering ...

"Moreel berus op karakter wat op sy beurt sterk beïnvloed word deur die aansporing van 'n nasionale saak. Karakter ontstaan uit oorerflike trekke, vorige swaarkry, kennis van die ideale en geskiedenis van jou volk en die belangrikste 'n sterk geloof in jou afhanklikheid van en teenoor jou Skepper."[112]

Met hierdie opleidingsfilosofie is daar gehoop om offisiere te lewer wat "fanaties taakgeoriënteerd [is] ... om oorlog teen enige vyand van sy land te kan wen", by wie eiebelang niks sou tel nie, wat duidelik tussen reg en verkeerd kon onderskei, hoë morele standaarde sou handhaaf en deur voorbeeld sou lei.[113] Dié opleidingsfilosofie het bekend gestaan as ISOPLAN[114] - "a system of spartanism based largely on self discipline."[115]

## 5.4 DIE HERSTRUKTURERING EN UITBREIDING VAN DIE MILITêRE AKADEMIE SE DIENSSTAAT EN ORGANISASIESTRUKTUUR

Die modernisering en uitbreiding van die SA Weermag gedurende die sestigerjare het met 'n reorganisasie van die topstruktuur van die Weermag gepaard gegaan, wat ook tot 'n wysiging in die bevelstruktuur van die Militêre Akademie gelei het. Die Generale Staf het in 1966 plek gemaak vir 'n Opperbevel bestaande uit die Kommandant-generaal, 'n Bevelvoerende Generaal Gesamentlike Gevegsmagte, 'n Hoof van Leërstaf, 'n Lugstafhoof en 'n Bevelvoerder Maritieme Verdediging en Hoof van die Vloot. Die burgerlike pos van Sekretaris van Verdediging is terselfdertyd afgeskaf en sy verantwoordelikhede na die Kommandant-generaal oorgedra, onder wie se bevel die pos van Komptroleur geskep is om sy funksies te behartig. In 1968 is die pos Hoof van Verdedigingstaf by die Opperbevel gevoeg, terwyl 'n Hoof van Weermagadministrasie die Adjudant-generaal vervang het en die weermagsdeelhoofde onderskeidelik tot Hoof van die Leër, Lugmag en Vloot

112. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973].
113. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973].
114. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973].
115. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 16, dokument "Backgound to Objectives Branch".

herbenaam is.[116] Die Militêre Akademie het volgens die nuwe bedeling via die Hoof van Verdedigingstaf steeds regstreeks onder die Kommandant-generaal geressorteer.[117] Toe die Hoof van Weermagadministrasie teen 1970 by die raadgewende liggaam van die Opperbevel gevoeg is,[118] het die Bevelvoerder van die Militêre Akademie funksioneel en administratief onderskeidelik deur die Hoof van Verdedigingstaf en die Hoof van Weermagadministrasie aan die Kommandant-generaal gerapporteer.[119]

Die aanvaarding van die Malan-model het 'n aansienlike verandering in die doel en funksie van die Militêre Akademie, asook sy studentetal teweeggebring. Daarom het die militêre owerhede ook brig. Malan se aanbevelings met betrekking tot die herstrukturering en uitbreiding van die Akademie se diensstaat,[120] die noodsaaklikheid waarvan in Desember 1969 deur 'n diensstaatondersoek deur die Weermaginspektoraat bevestig is,[121] in breë trekke aanvaar en oor die volgende paar jaar geïmplementeer. Die Akademie is ooreenkomstig die Malan-model organisatories in drie onderafdelings verdeel, te wete 'n Hoofkwartier, 'n Tak Militêre Opleiding en die Fakulteit Krygskunde. Onder die Tak Militêre Opleiding het ook 'n Berede Sentrum en 'n vertakking vir liggaamlike opleiding tot stand gekom. Die Fakulteit Krygskunde is met ingang van 1 April 1970[122] volgens die graadrigtings in drie afdelings verdeel, te wete 'n Afdeling Geesteswetenskappe, 'n Afdeling Handelswetenskappe en 'n Afdeling Natuurwetenskappe, en 'n afdelingshoof is oor elkeen aangestel.[123]

Sterktegewys het die Akademie geleidelik uitgebrei sodat hy teen April 1974 'n totaal van 80 poste op sy diensstaat gehad het. Die Fakulteit het uit 'n Dekaan en 20 dosente bestaan, terwyl die Tak Militêre Opleiding oor die dienste van 14 militêre instrukteurs (nege

---

116. W.A. Dorning: A concise history of the South African Defence Force (1912 – 1987). **Militaria**, vol. 17, no. 2, 1987, pp.19 - 20.
117. SANWA, SAWO 37/69, 9 Mei 1969.
118. W.A. Dorning: A concise history of the South African Defence Force (1912 – 1987), pp.19 - 20.
119. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 3, HWA Admin. Instruksie no. 2/73, 23 Mei 1973.
120. Malan-verslag, pp.57 – 66, 82 -84.
121. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1(a), verslag deur Weermaginspektoraat insake diensstaatuitbreiding van Mil.Akad, 23 Desember 1969.
122. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 29, naamlys van Mil. Akad.-personeel, g.d.
123. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief G/SD/2/0, Bev. Mil. Akad. – H Pers, 5 Junie 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief G/SD/2/0, Bev. Mil. Akad. – DGAA, 20 Julie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – DGAA, 1 Oktober 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 139, brief G/TRG/6/2 Bev. Mil. Akad. – Bev. MMI, 29 Junie 1973.

offisiere en vyf onderoffisiere), asook twee taaldosente (Afrikaans en Engels) beskik het.[124] 'n Besondere nuwe toevoeging tot die diensstaat was twee kapelaansposte, een vir die N.G. Kerk (1970) en een vir die Vrye Kerke (1972). Die N.G.-kapelaan het terselfdertyd as medeleraar van die N.G. Gemeente Saldanha Militêr gedien.[125] Verder het die behoefte aan 'n opgeleide bibliotekaris om die aanwinste van die Akademie se groeiende biblioteek (dit het teen Januarie 1975 oor 12 233 boeke, 155 tydskrifte en 150 pamflette beskik[126]) behoorlik te orden en te ontsluit daartoe gelei dat 'n pos vir 'n gekwalifiseerde bibliotekaris in Mei 1975 op die diensstaat van die Komptroleur se Direktoraat Dokumentasiediens vir die Akademie beskikbaar gestel is.[127] Ooreenkomstig die aanbevelings van die Malan-verslag, het die Akademie ook van 1971 af van Nasionale Dienspligtiges as hulpdosente begin gebruik maak om die doseertaak van die dosente, aanvanklik spesifiek diegene wat met die onderrig van Afrikaans en Engels belas was, te verlig.[128]

Wat die gesagstruktuur van die Akademie betref, het daar aanvanklik, op dieselfde vlak as die Dekaan, 'n kolonel as Hoof Militêre Instrukteur aan die hoof van die Tak Militêre Opleiding gestaan. Op dieselfde vlak was die Senior Administratiewe Offisier, wat in beheer van die Hoofkwartierelement was en die rang van kommandant beklee het. Die Hoof Militêre Instrukteur se kolonelspos is egter in 1972 op versoek van brig. Malan hiërargies uitgelig en in 'n Tweede-in-bevelspos vir die Akademie omgeskep. Die kommandantspos (militêre instrukteur) wat op die diensstaat van die Tak Militêre Opleiding bestaan het, is terselfdertyd tot dié van Hoof Militêre Instrukteur herbenaam en op dieselfde vlak as dié van die Dekaan en die Senior Administratiewe Offisier geplaas.[129] Aan die Tweede-in-bevel is onder meer die verantwoordelikheid gedelegeer om die "Bevelvoerder te verteenwoordig wanneer gemagtig en beslissings te vel oor interne aangeleenthede." Verder was hy vir "die doeltreffende funksionering van die eenheid miv (sic.) die stiptelike,

---

124. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 90, brief G/SD/3/1/20 Bev. Mil. Akad. – HSP, 23 April 1974.
125. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 52, A/PERS/55/0 vol. 1, inlae 94, brief HP101/9/3/2, DGP - Bev. Mil. Akad., 29 Junie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 145, posteskedule van Mil. Akad., g.d. [1972].
126. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 56, A/PUBS/14/0 vol. 6, inlae 81(a), verslag insake Militêre Akademie Biblioteekdiens, UVM Biblioteekdiens – D Dok D, 28 Januarie 1976.
127. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 3, inlae 47, brief HSP560/15, HSP – Bev. Mil. Akad., 19 Mei 1975.
128. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 8, brief HVS/207/5/2, HVS - DGAA, 18 Oktober 1972.
129. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – DGAA, 1 Oktober 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 12, ongenommerde memorandum, DBD – DGP, 24 Februarie 1972; Vergelyk ook SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 139, brief G/TRG/6/2 Bev. Mil. Akad. – Bev. MMI, 29 Junie 1973.

doeltreffende uitvoering van beleid, opdragte, take en instruksies" verantwoordelik. Hy was ook in bevel van die Berede Sentrum.[130] Hoewel die Dekaan dieselfde rang as die Tweede-in-bevel beklee het, het hy organisatories onder hom gestaan en kan dit as 'n verlaging van die statuur van die Dekaanspos binne die eenheid gesien word.

Die verdeling van die Fakulteit Krygskunde in drie afdelings het gespruit uit 'n opvatting van brig. Malan dat die drie graadrigtings so uiteenlopend van aard was dat 'n enkele persoon, die Dekaan, moeilik genoegsame agtergrondkennis van al die vakke kon hê om na behore oor die onderrig daarvan toesig te hou.[131] Dit was, aldus brig. Malan, "dan ook seker die hoofrede waarom die huidige graadstudie nie so militêr georiënteerd en aanpasbaar is nie as wat in die praktyk wenslik geag word."[132] Die saamgroepering van verwante vakke onder afdelingshoofde het die spanwydte van toesighouding verklein en effektiewe toesig bevorder, deurdat die afdelingshoofde voortaan verantwoordelik was vir die toesig oor die beplanning, ontwikkeling, militêre aanpassing en onderrig van die verskillende vakke in hul onderskeie afdelings. Die gedagte was voorts dat die drie afdelingshoofde, wat soos die Dekaan, die rang van kolonel (of kaptein in die geval van 'n vlootoffisier) beklee het, om die beurt gelyktydig as Dekaan en Afdelingshoof sou waarneem.[133] Daarom is slegs twee addisionele afdelingshoofposte, waaraan die Universiteit van Stellenbosch professorale status verleen het, geskep.[134]

Die beplande dekaanswisseling het egter nie in die praktyk gerealiseer nie, aangesien die Dekaan van Weermagkant 'n vaste aanstelling was, onderworpe aan die persoonlike goedkeuring van die Minister van Verdediging. Vóór 1970 is die Dekaan wel jaarliks ooreenkomstig die gebruik by die Universiteit van Stellenbosch "verkies", maar dit was 'n blote formaliteit, enersyds omdat dit 'n vaste aanstelling was, maar andersyds ook omdat kol. De Vos in elk geval die enigste professor in die Fakulteit Krygskunde was. Om amptelike gestalte aan die de facto-situasie te gee, het brig. Malan in Augustus 1972 die Universiteit genader om die Dekaan ook van Universiteitskant af 'n vaste aanstelling te

---

130. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – DGAA, 1 Oktober 1971.
131. Malan-verslag, pp.59 – 60; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HVS, 20 Oktober 1969.
132. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HVS, 20 Oktober 1969.
133. Malan-verslag, pp.59 – 60; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HVS, 20 Oktober 1969.
134. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 21, A/PERS/1/1 vol. 7, inlae 114, brief A/PERS/1/1, Bev. Mil. Akad. – Registrateur US, 25 Mei 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 7, brief U/11, Registrateur (Akademies) US - Bev. Mil. Akad., 2 November 1970.

maak.[135] Die Registrateur (Akademies) het hom meegedeel dat permanente dekaanskappe "nie vreemd" aan die Universiteit was nie en dat die Universiteit derhalwe sodanige praktyk vir die Fakulteit Krygskunde sou oorweeg, mits 'n aanbeveling tot dien effekte deur die Fakulteitsraad gemaak word. Die Dekaan sou dan op dieselfde wyse as ander lede van die Fakulteit Krygskunde deur die Universiteit benoem kon word, met dien verstande dat hy "met die oog op verteenwoordiging in die Uitvoerende Komitee en die Senaat ... altyd uit die geledere van die professore van die Fakulteit gekies moet word."[136] Dit het klaarblyklik daartoe gelei dat kol. De Vos met ingang van 1 November 1972 tot die rang van brigadier bevorder is, vermoedelik met die doel om hom in status bokant die Afdelingshoofde uit te lig.[137] Die bedoeling was egter nie dat die rang van brigadier aan die dekaanspos gekoppel word nie. Dit is gesien as "bevordering van 'n spesifieke persoon vir voortreflike diens gelewer."[138]

Die gedagte was om deur die skepping van die afdelingshoofposte ook "vir die gewenste 'piramid'-loopbaanbeplanningsvooruitsigte" vir die militêre dosente voorsiening te maak, ten einde enersyds die dienste van bekwame dosente te behou en andersyds goeie applikante te trek wanneer vakante poste gevul moes word.[139] Om dié beginsel te ondersteun, is daarvoor voorsiening gemaak dat dosente, soos die praktyk was, geleidelik tot die rang van kommandant/kommandeur, met die status en salaris van 'n senior lektor, kon vorder, maar na agt jaar hoogstaande diens in dié rang op aanbeveling van die Bevelvoerder na 'n salarisvlak tussen dié van 'n kommandant en 'n kolonel bevorder kon word.[140] Die feit dat daar teen 1970, dit wil sê 20 jaar ná die stigting van die Akademie, nog geen dosent was wat vir laasgenoemde bevordering gekwalifiseer het nie,[141] dui inderdaad op 'n hoë omset onder die Akademie-dosente was, vermoedelik as gevolg van gebrekkige loopbaanvooruitsigte.

---

135. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1, inlae 14, brief A/PERS/1/0, Bev. Mil. Akad. – Registrateur (Akademies) US, 11 Augustus 1972.
136. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1, inlae 15, ongenommerde brief, Registrateur (Akademies) US - Bev. Mil. Akad., 29 Augustus 1972.
137. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 29, naamlys van Mil. Akad.-personeel, g.d.
138. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
139. Malan-verslag, pp.61 - 62; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HVS, 20 Oktober 1969.
140. Malan-verslag, pp.61 - 62; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 1, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HVS, 20 Oktober 1969.
141. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 24, brief A/PERS/2/1 oor G/TRG/14, Bev. Mil. Akad. – HVS, 14 Januarie 1970.

Die aanvaarding van die Malan-verslag het benewens bogenoemde ook 'n ander betekenisvolle verandering in die diensbedeling van die Akademie-dosente meegebring, naamlik die aanstelling van dosente in burgerlike drag. Brig. Malan het aangevoer dat "die voorbeeld van dosente ... groot invloed (kan) uitoefen op die ontvanklike gemoedere van die jong aspirant-offisiere en ... direk die handhawing van dissipline in sy breë aspek raak", sodat dosente wat "tegelykertyd (sic.) weermagoffisiere is, ...dus self goed gemotiveerd (moet) wees en boonop vertroud (moet) wees met die drag, gedrag en algemene gebruike van die SAW-offisierskorps."[142] Volgens Malan was die meeste dienende Akademie-dosente se "eerste lojaliteit by US [Universiteit Stellenbosch] en nie die SA Weermag ... nie"[143] en het hulle klaarblyklik na sy mening nie aan bovermelde vereistes voldoen nie. Sy opvattings in dié verband is moontlik onder meer beïnvloed deur sy ervaring van die afkeur waarmee die beroepsoffisiere die militêr-onbeholpe Akademie-dosente bejeën het toe hy self in die vyftigerjare 'n student aan dié instelling was. Hoe dit ook al sy, Malan het in sy verslag aanbeveel dat Akademie-dosente by aanstelling "die keuse moes kry tussen burgerlike en militêre status, laasgenoemde met behoud van alle toepaslike weermagsvoordele soos mediese sorg, behuising, ens."[144] Diegene wat tot die offisierskorps wou toetree, moes "eers die geleentheid gebied word om 'n mate van weermagoriëntasie op te doen deur die bywoning van gepaste kursusse." Dienende dosente moes voorts die geleentheid kry om te kies of hulle wou voortgaan om in uniform te dien en of hulle burgerlike status wou aanvaar.[145]

Genl. Hiemstra het in oorleg met die Minister van Verdediging beslis dat Akademie-dosente voortaan steeds as offisiere aangestel sou word, maar "deurgaans in burgerdrag gekleed sal gaan."[146] Hul offisiersaanstelling was bloot 'n administratiewe reëling om hulle die diensvoordele van Staandemagoffisiere (uitgesonderd 'n uniformtoelaag), waarop hulle nie geregtig sou wees as hulle gewoon as burgerlikes aangestel is nie, te laat toekom.[147] Die dienende dosente het die geleentheid gekry om te kies of hulle verder in uniform of in burgerdrag wou dien. Sou hulle burgerdrag kies, sou hulle nie toegelaat word om later

---

142. Malan-verslag, p.64.
143. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief A/PERS/1/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 28 Januarie 1970.
144. Malan-verslag, p.65.
145. Malan-verslag, p.65.
146. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, handgeskrewe nota deur genl. R.C. Hiemstra gedateer 29 Januarie 1970 op brief HP/599/2/12/3, H Pers – HVS, 1 Desember 1969; Vergelyk ook SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief HP/572/1, H Pers – Bev. Mil. Akad., etc., 27 April 1970.
147. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief HP/599/2/12/3, H Pers – HVS, 1 Desember 1969, asook handgeskrewe nota deur genl. R.C. Hiemstra gedateer 29 Januarie 1970 op dié brief.

weer na die uniform-opsie terug te keer nie.[148] Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie het ook die bevoegdheid gehad om "uniform dosente (sic.) wat nie die gewenste standaard handhaaf nie ... (aan te sê) om burgerlike klere te dra."[149]

Die burgerdragbedeling het op 28 April 1970 in werking getree. Slegs een van die dienende dosente het verkies om sy uniform op te hang, terwyl daar drie jaar later, teen die einde van April 1973, ses dienende dosente was wat van meet af aan in burgerdrag gedien het. Teen daardie tyd was dit vir die Bevelvoerder, brig. J.D. Potgieter, duidelik dat die burgerdragbedeling "die teenoorgestelde uitwerking"[150] gehad het as wat van owerheidsweë gehoop is. Dit het die handhawing van dissipline ondermyn en die moreel van die dosente aangetas. Die studente, Nasionale Dienspligtiges en onderoffisiere het opdragte wat deur dosente in burgerdrag (wat as "meneer" aangespreek is) uitgereik is, ondergeskik geag aan dié van offisiere in uniform, ongeag hul onderskeie militêre range, wat die dosente se gesag ondermyn en hul werksaamhede in die wiele gery het. Dit het ook dikwels gebeur dat studente, terwyl hulle met 'n dosent met 'n hoër rang in gesprek was, die groep op aandag geroep en gesalueer het wanneer daar byvoorbeeld 'n luitenant van die Tak Militêre Opleiding verbygeloop het. Te midde van 'n bedeling waar ander professionele persone ("selfs dames") in die Weermag in uniform aangestel is, het die dosente se status verwarring veroorsaak en is hulle soms in die verleentheid gestel wanneer hulle met ander militêre instansies geskakel het. Daarby het burgerlike instansies, soos die Universiteit van Stellenbosch, volgens brig. Potgieter, die aanstelling van dosente in burgerdrag gesien "as 'n soort diskriminasie teen persone in wie die SAW nie genoegsame vertroue het om hulle as volwaardige offisiere aan te stel nie."[151] Brig. Potgieter se opvolger, brig. J.P.B. van Loggerenberg, het later dié opvatting onderskryf:

> "Die reëling dat offisiere hul pligte in burgerdrag uitvoer is vir ons 'n vreemde begrip ... ek (het) al self ondervind dat daar by persone wat nie van hierdie reëling bewus is nie, die vermoede ontstaan dat die betrokke offisiere nie uniform mag dra nie omdat daar iets met hulle skort. Die vermoede word veral versterk waar daar, soos by hierdie eenheid tans die geval is, wel offisiere van dieselfde kategorie in uniform

148. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief HP/572/1, H Pers – Bev. Mil. Akad., etc., 27 April 1970.

149. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 2, notule van Mil. Akad. Beplanningskonferensie 2/1970, 30 April 1970.

150. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief A/ADM/5/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 26 April 1973.

151. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief A/ADM/5/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 26 April 1973.

> gekleed gaan. Hierdie houding van buitestanders maak beslis 'n negatiewe indruk op die betrokke offisier, en uiteindelik begin hy glo dat hy in werklikheid as 'tweedeklas' offisier aanvaar word. Dit is voor die hand liggend dat offisiere met so 'n benadering wel die letter, maar selde die gees, van hul verpligtinge teenoor die SAW sal nakom."[152]

Brig. Potgieter het Verdedigingshoofkwartier in die lig van bogenoemde probleme versoek om die aanstelling van dosente in burgerdrag te herroep en voortaan alle dosente in uniform aan te stel, met dien verstande dat hulle die geleentheid gebied word om 'n verkorte Fase 2-kursus (spesiaal ingestel vir die oriëntering van die sogenaamde professionele offisiere, soos in 'n volgende afdeling bespreek) mee te maak om hulle van die nodige militêre agtergrond te voorsien.[153] Die Hoof van Weermagadministrasie het brig. Malan, toe reeds 'n genl.maj. en aangestel as Hoof van Leërstaf, oor die saak geraadpleeg. Hy het brig. Potgieter se beskrywing van die probleme wat die aanstelling van offisiere in burgerdrag meegebring het as oordrewe afgemaak en hom sterk teen die aanstelling van dosente in uniform uitgespreek. Hy het hom onder meer soos volg oor die saak uitgelaat:

> "Uit eie ondervind (sic.) kan ek meld dat ek tydens my bevelvoerderskap dosente aan 'n militêre orientasiekursus (sic.) onderwerp het ... hierdie opleiding het geen merkbare verbetering tov (sic.) die dosente se houding, drag en gedrag teenoor die militêre (sic.) Akademie, maar in die besonder tov (sic.) hulle positiewe beïnvloeding van die aspirant-offisiere meegebring nie. In teendeel het die uitslag van hierdie ondervinding my weereens laat besef dat die dosent wat graag in uniform wil verskyn dit slegs vir eie gesags- en statusbevoordeling doen. In uitsonderlike gevalle het hierdie onderneming positiewe resultate openbaar, maar dit was slegs by uitsondering."[154]

Die Hoof van Weermagadministrasie het genl.maj. Malan se standpunt vurig ondersteun en bygevoeg dat daar na sy mening by die instelling van die burgerdragbedeling "algemene konsensus van die 'Opperbevel' was dat ons hul liewers almal in burgerdrag sou wou sien, maar dat ons dit nie kon, of wou afdwing nie. Daarom is daar op die huidige bedeling besluit – amper net soos in die geval van die Kapelane, wat geen rang het nie maar tog 'n

---

152. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/ADM/5 (Vertroulik), inlae 4, brief A/ADM/5/0 oor G/SD/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 5 Desember 1975.
153. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief A/ADM/5/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 26 April 1973.
154. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 7, ongenommerde memorandum, H Leërstaf – HWA, 25 Junie 1973.

hoë offisierstatus het, volgens offisierssalarisskale bevorder word, en alle ander toepaslike diensvoorwaardes geniet."[155] Met sulke sterk teenkanting van bo, het daar begryplikerwys niks van brig. Potgieter se pleidooi gekom nie.

Die aanstelling van dosente in burgerdrag het bygedra tot 'n ongesonde organisasiekultuur wat sedert die skeiding van die poste van Dekaan en Bevelvoerder, maar veral ná die implementering van die Malan-model, besig was om by die Akademie pos te vat. Luidens 'n verslag deur lt. L.J. Du Toit van die Weermag se Direktoraat Sielkundige Dienste[156] het daar met kol. De Vos as Dekaan en Bevelvoerder sedert 1956 by die Akademie "'n eie kultuur gevorm vanuit die tradisies, gebruike gewoontes, doelstellings ensovoorts wat aan die Akademie 'n eie unieke aard en kenmerkende wyse van funksionering besorg het."[157] Die aanstelling van 'n beroepsoffisier as Bevelvoerder, asook die totstandkoming van die Tak Militêre Opleiding op dieselfde hiërargiese vlak as die Fakulteit Krygskunde het, aldus lt. Du Toit, dié kultuur ingrypend laat verander. Daar het na bewering "'n nuwe kultuur gevorm ... wat bestaan uit twee sub-kulture wat eie is aan die twee subsisteme binne die nuwe opset naamlik die Tak Militêre Opleiding en die Fakulteit van Krygskunde".[158] Dit het volgens Du Toit tot 'n polarisasie ("'n 'ons' en 'julle' tipe verhouding") tussen die Fakulteit en die Tak Militêre Opleiding gelei en die verhouding tussen dié twee vertakkings van die Akademie gaandeweg laat versleg.[159] Die negatiewe effek wat die wrywing tussen die Tak Militêre Opleiding en die Fakulteit na bewering op die bereiking van die oorkoepelende opleidingsdoelwit van die Akademie gehad het, sal in 'n volgende afdeling bespreek word.

Die reorganisasie van die Militêre Akademie en die Fakulteit Krygskunde het daartoe gelei dat die ooreenkoms tussen die Weermag en die Universiteit van Stellenbosch na 'n reeks onderhandelinge tussen brig. Malan, kol. De Vos en die Universiteitsowerhede, asook samesprekings tussen die Universiteitsowerhede en verteenwoordigers van Verdedigingshoofkwartier, hersien is om by die nuwe bedeling aan te pas.[160] Die nuwe ooreenkoms het onder meer vir die verdeling van die Fakulteit in drie afdelings en die

155. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief HWA/84/5/1, HWA – HVS, 28 Junie 1973.
156. Mil. Akad. Argief, verslag deur lt. L.J. du Toit, Direktoraat Sielkundige Dienste, Geneesheer-generaal, S.A.W: "Die Sisteem van Kwalifiseringsopleiding in die SAW met besondere verwysing na die rol van die Militêre Akademie", Maart 1974 (hierna: Sielkundige Dienste-verslag).
157. Mil. Akad. Argief, Sielkundige Dienste-verslag, p.148.
158. Sielkundige Dienste-verslag, p.150.
159. Sielkundige Dienste-verslag, pp.149 - 150.
160. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:3, brief S/19, Registrateur (Akademies) US – KG, 4 Junie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:2, brief S/19, Registrateur (Akademies) US – KG, 12 Augustus 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:2, brief DGP534/1, KG - Registrateur (Akademies) US, 24 Augustus 1971.

aanstelling van professore aan die hoof van dié afdelings voorsiening gemaak en die prosedure vir die aanstelling van dosente aan die Fakulteit Krygskunde in meer besonderhede as voorheen uiteengesit. Laasgenoemde is gemotiveer deur "die feit dat die Universiteit verantwoordelik is vir die standaard van die akademiese werk ... op grond waarvan hy [die B.Mil.-] grade ... toeken ... [en dus moes] verseker dat die dosente akademies onderleg en toegerus is vir hulle taak."[161] Die volledige, gewysigde ooreenkoms het soos volg gelees:

"Aangesien dit nodig geword het dat die verhouding tussen die Departement van Verdediging (hierna genoem die Departement) en die Universiteit van Stellenbosch (hierna genoem die Universiteit) in verband met die opleiding van studente in die Krygskunde opnuut duidelik gestel en behoorlik gereël word, kom die Departement en die Universiteit ooreen soos volg:

1. Die Universiteit verklaar dat die Fakulteit van Krygskunde 'n behoorlik goedgekeurde fakulteit van die Universiteit is en dat, behoudens enigiets tot die teendeel hierin vervat, studente in die Krygskunde in alle opsigte volwaardige studente van die Universiteit is.

2. Die Universiteit gaan akkoord dat studente in die Krygskunde vir die volle duur van hulle kursusse of enige deel daarvan op Saldanha woon en studeer.

3. Die Universiteit gaan akkoord dat indien doenlik, die nodige reëlings getref sal word om dit vir sekere studente, wie se studies na die oordeel van die Departement meebring dat hulle vir die hele duur van hulle studies of vir 'n gedeelte daarvan op Stellenbosch sal wees, moontlik te maak om vir die betrokke tydsduur op Stellenbosch te woon.

4. Die Fakulteit van Krygskunde sal drie afdelings behels, te wete een in die rigting Geesteswetenskappe, een in die rigting Natuurwetenskappe en een in die rigting Ekonomiese wetenskappe (sic.), en daar sal 'n professoraat wees vir die hoof van elk van die afdelings.

5. Die Departement van Verdediging sal ten volle vir die finansiële behoeftes van die Fakulteit van Krygskunde verantwoordelik wees, met dien verstande dat alle gelde wat die studente van die Fakulteit van Krygskunde betaal, of wat ten behoewe van hulle betaal word, die Departement ten goede sal kom, uitgesonderd registrasie- en promosiegeld, of ander spesiale gelde waarvoor (sic.) die Departement en die Universiteit mag ooreenkom, wat aan die Universiteit betaal sal word.

6. Die volgende prosedure sal by die aanstelling van personeellede van die Fakulteit van Krygskunde gevolg word:

---

161. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:3, brief S/19, Registrateur (Akademies) US – KG, 4 Junie 1971.

(a) Vakante poste sal deur die Departement geadverteer word of aansoeke sal op ander gepaste wyse bekom word.

(b) Aansoeke sal deur 'n militêre keurraad oorweeg word.

(c) 'n Lys van al die kandidate vir 'n besondere pos wat vir die Keurraad aanvaarbaar is, sal vergesel van curricula vitae, aan die Universiteit voorgelê word.

(d) Die Departement sal geen persoon vir finale aanstelling aanbeveel tensy hy ook vir die Universiteit aanvaarbaar is nie."[162]

Ofskoon nie pertinent so in die ooreenkoms omskryf nie, het die twee partye ooreengekom dat die name van die kandidate wat die militêre keurraad (waarop die Dekaan en die betrokke afdelingshoof onder meer gedien het) onaanvaarbaar bevind het, ook, met verstrekking van hul akademiese kwalifikasies en die redes waarom hulle onaanvaarbaar bevind is, aan die Universiteit voorgelê sou word. In die geval van die aanstelling van professore, sou die name van applikante en dienende dosente wat aanvaarbaar geag is, insgelyks vir finale uitsluitsel aan die Aanstellingskomitee voorgelê word.[163]

Daar was 'n aantal betekenisvolle afwykings van die oorspronklike ooreenkoms[164] wat met die stigting van die Fakulteit Krygskunde aangegaan is. Eerstens het die bepaling dat "die naam Militêre Akademie, waaronder dié inrigting (die Fakulteit van Krygskunde) reeds algemeen bekend geword het, behoue sal bly" weggeval, klaarblyklik omdat die Militêre Akademie meer as bloot die Fakulteit Krygskunde behels het. 'n Ander bepaling wat weggelaat is, was dat die Bevelvoerder van die Militêre Akademie "as Dekaan van die Fakulteit Krygskunde aanvaar word ... die status van 'n Professor van die Universiteit hê, en sal 'n volwaardige lid van die Senaat wees. Dié bepaling het natuurlik verval aangesien die ampte van Dekaan en Bevelvoerder in 1967 van mekaar geskei is. Dit het ook geïmpliseer dat die Bevelvoerder voortaan ook nie 'n lid van die Fakulteitsraad sou wees nie en dus nie

---

162. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:2, brief S/19, Registrateur (Akademies) US – KG, 12 Augustus 1971. (Soos bekragtig deur; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:2, brief DGP534/1, KG - Registrateur (Akademies) US, 24 Augustus 1971.)

163. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 6, notule van samesprekings i.s. prosedure by aanstelling van personeellede in Fakulteit Krygskunde, 17 September 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:8, notule van samesprekings i.s. seleksie en aanstelling van dosente, 17 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 1:3, brief S/19, Registrateur (Akademies) US – KG, 4 Junie 1971.

164. Mil. Akad. Argief, Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960; Vergelyk ook US Argief, Notule van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 30, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 29 Oktober 1960, pp.158, 166, 174 – 175.

sitting op daardie liggaam sou hê nie. 'n Laaste belangrike bepaling wat weggeval het, was dat die ooreenkoms deur enigeen van die partye met kennisgewing van drie kalenderjare opgesê kon word en dat sodanige opsegging vir albei partye bindend sou wees.

Die oorskakeling na die Malan-model het mettertyd ook 'n herstrukturering van die studenteorganisasie by die Militêre Akademie tot gevolg gehad. Die Militêre Akademie Studentekomitee het aanvanklik oor sowel die Fase 2- as die Fase 3-studente beheer uitgeoefen. Die Voorsitter van die Fase 2-kursuskomitee was 'n lid van die Studentekomitee om na die belange van die Fase 2-kursusgangers in dié liggaam om te sien.[165] Kol. R.F. Holtzhausen, Tweede-in-bevel van die Militêre Akademie, het bevind dat "MASK ... as informele studente-organisasie met die doel om studente korpsgees (sic.) onder ander (sic.) uit bou (nie) slaag ... nie omdat dit as 'n demokraties verkose organisasie met geen formele gesag meer splintergroepe veroorsaak as wat hy in sy doel slaag."[166] Hy het gevolglik in September 1971 voorgestel dat MASK deur 'n Studentebeheerorganisasie (SBO) vervang word wat gemik was op "die optimale aanwending van Fase 3 studente (sic.) in die personeelbeheerstruktuur aan die Militêre Akademie." Sy oogmerk was om die Tak Militêre Opleiding se administratiewe las ten opsigte van die studente sodanig te verlig, dat "TMO ... suiwer 'n ontwikkelings- en opleidingsvertakking van die eenheid soos die fakulteit (sic.) (sal) wees." Terselfdertyd wou hy die Fase 3-studente, wie se "potensiaal as aspirant-offisiere ... nie doeltreffend genoeg aangewend [is] nie", op 'n "formele vlak" in die Akademie se organisasiestruktuur betrek, sodat:

> "i. hulle gesag geniet wat hulle sal verplig om die simbool van die organisasie te wees, die voorgeskrewe norms (sic.) na te kom en die bevelvoerder te steun;
>
> "ii. hulle die teorie geleer tydens fase 2 (sic.) kan toepas in die praktyk en hulle offisiersverpligtinge in die algemeen meer doeltreffend kan nakom. Hierdeur sal hulle beter produkte na Fase 3 wees ipv om terug hoef te staan vir die Fase2/4 man (sic.) wat alreeds een jaar praktiese ervaring in mense hantering opgedoen het..."[167]

---

165. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, g.d. [April 1971].
166. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 72, memorandum G/SD/3/1/20 oor A/ADM/1/2, kol. R.F. Holtzhausen – Bev. Mil. Akad., 7 September 1971.
167. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 72, memorandum G/SD/3/1/20 oor A/ADM/1/2, kol. R.F. Holtzhausen – Bev. Mil. Akad., 7 September 1971.

Dit wil voorkom asof kol. Holtzhausen se voorgestelde studenteorganisasie eers in Februarie 1974 geïmplementeer is.[168] (Sy voorstel was naamlik inderwaarheid 'n terugkeer na die stelsel wat in die De Vos-era in swang was en waarmee brig. Malan in 1968 (met kol. Holtzhausen se ondersteuning[169]) weggedoen het. Brig. Malan sou dus waarskynlik nie daartoe ingestem het nie, sodat dit dus eers onder sy opvolger, brig. J.D. Potgieter, se bewind ingevoer is.) Die Studentebeheerorganisasie het 'n staflid as Bevelvoerder van Studente (oftewel Studentebevelvoerder) aan die hoof gehad, met 'n (Studente)stafoffisier, Kursusklerk en Kursus-Adjudant-offisier (almal staflede) onder hom. Die res van die organisasie, te wete, 'n Studente-Adjudant-offisier, 'n Groepbevelvoerder vir elk van die twee kursusse (Fase 2 en 3), met 'n Fase- Adjudant-offisier en subgroepbevelvoerders onder hulle, het uit studente bestaan. Slegs die subgroepbevelvoerders van die Fase 2-kursus het uit die geledere van die Fase 2-studente gekom. Die res was almal Fase 3-studente. Die pligte van die voorgestelde SBO was in breë trekke dieselfde as dié van sy voorganger uit die De Vos-era en die posbekleërs sou ook telkens wissel om soveel moontlik van die studente die geleentheid te gee om ervaring in gesagsposisies op te doen.[170]

## 5.5 DIE WERWING, KEURING EN DIENSVOORWAARDES VAN DIE STUDENTE

Met die implementering van die Malan-model, het Verdedigingshoofkwartier vir 1970 'n inname van 322 kandidate (180 in April en 142 in Oktober) vir Fase 2 (gesamentlike vormingsopleiding by die Akademie) en 50 vir Fase 3 (graadstudie by die Akademie) goedgekeur. Die kwotas vir die onderskeie weermagsdele was 132 vir die Leër, 160 vir die Lugmag en 30 vir die Vloot ten opsigte van die Fase 2-kursus en 20 vir die Leër, 20 vir die Lugmag en 10 vir die Vloot ten opsigte van die Fase 3- kursus.[171] Van 1971 af het die Weermag sy jaarlikse behoefte aan Fase 2-studente op 502 gestel, naamlik 208 vir die

---

168. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1, notule van konferensie in Bev. Mil. Akad. se kantoor, 9 November 1973, saamgelees met SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973] en SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 79, brief HVS/84/5/2, HVS – Bev. Mil. Akad., 14 Februarie 1974.
169. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 72, memorandum G/SD/3/1/20 oor A/ADM/1/2, kol. R.F. Holtzhausen – Bev. Mil. Akad., 7 September 1971.
170. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 1, inlae 72, memorandum G/SD/3/1/20 oor A/ADM/1/2, kol. R.F. Holtzhausen – Bev. Mil. Akad., 7 September 1971.
171. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 22, A/PERS/3/6 vol. 9, inlae 101, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 22 Oktober 1969.

Leër, 264 vir die Lugmag en 30 vir die Vloot. Die verwagting was egter dat die Lugmag se behoefte binne tien jaar van 264 na 135 per jaar sou afneem, namate sy tekort aan offisiere (hoofsaaklik vlieëniers) uitgewis is, wat die totale jaarlikse behoefte aan Fase 2-studente na 373 sou laat daal.[172] Die Akademie kon egter nie naasteby dié studentegetalle akkommodeer alvorens die addisionele woonkwartiere, klaskamers, kantore en ander fasiliteite wat deur die Malan-verslag in die vooruitsig gestel en inderdaad in 'n nuwe bouprogram vervat is,[173] opgerig was nie. Nadat elke hoekie en gaatjie op Malgaskop opgeknap en as slaapplek ingerig en 'n paar voorafvervaardigde geboue daarby gevoeg is, kon die Akademie (naas sowat tien inwonende offisiere, vyf onderoffisiere en 30 Nasionale Dienspligtiges[174]) maar 'n totaal van 276 studente gelyktydig huisves.[175] In afwagting van die voltooiing van die bouprogram moes dié getal gevolglik noodgedwonge jaarliks as maatstaf gebruik word om te bepaal hoeveel Fase 2-studente telkens ingeneem kon word, nadat daar vir die akkommodasie van die graadstudente (Fase 3) voorsiening gemaak is. Om te midde van dié beperking 'n billike toewysing aan elk van die weermagsdele te maak, is 'n kwota gebaseer op die betrokke weermagsdeel se behoefte as persentasie van die totale behoefte van die Weermag aan elkeen toegeken.[176]

Met die oog op "intensiewer samewerking" het die Weermag van 1970 af jaarliks twee plekke (een vir 'n leër- en een vir 'n lugmagstudent) op sy kandidaatoffisierskursus (klaarblyklik net vir Fases 2 en 4[177]) aan kandidate van die Rhodesiese weermag beskikbaar gestel, sodat hulle met "ons metodes vertroud ... [kon] raak."[178] Daar was geen koste vir die Rhodesiese weermag aan die kandidate se toelating tot die kursus verbonde nie, maar die kandidate moes uit hul eie sak vir hul losies betaal.[179] Hoeveel Rhodesiese kandidate inderdaad die kursus meegemaak het, is nie duidelik nie. Die Rhodesiese leër het wel in

---

172. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 23, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 11 November 1970.

173. Malan-verslag, Aanhangsel M; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/2 vol. 3, inlae 186, brief Q/WKS/2, Bev. Mil. Akad. – KMG, 1 Augustus 1971.

174. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 137, Q/WKS/2/0 vol. 4, inlae 39, brief Q/WKS/2, Bev. Mil. Akad. – KMG, 27 Januarie 1972.

175. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/2 vol. 3, inlae 112, brief Q/WKS/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 25 September 1970; E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.76.

176. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 1, inlae 4, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 12 November 1971.

177. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 3, inlae 81, ongenommerde brief, Rhodesiese HGS – H.K. (Rhodesiese) 2 Bde., etc., 24 Maart 1970.

178. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 43, brief HP599/2/2/1, KG – Sekr. van die Tesourie, 15 Januarie 1970.

179. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 43, brief HP599/2/2/1, KG – Sekr. van die Tesourie, 15 Januarie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 43, brief HP599/2/2/1, H Pers – HVS, etc., 26 Januarie 1970.

Maart 1970 'n kandidaat, kavalleris A.M. Lindner, vir die Fase 2-kursus genomineer,[180] terwyl daar in Oktober 1973 vermeld is dat 'n lid van die Rhodesiese weermag van kursus G732 onttrek het.[181].

Brig. Malan het terdeë besef dat 'n dinamiese werwingsveldtog van stapel gestuur sou moes word om jaarliks die groot getal aspirantoffisiere wat vir die uitbreidende Suid-Afrikaanse Weermag benodig is, te vind. Hy het, soos die Hartzenberg-komitee, in sy verslag beklemtoon dat die werwingspoging veral op hoërskoolleerlinge toegespits moes word en dat daar derhalwe gesorg moes word dat beroepsvoorligters en kadetbevelvoerders by hoërskole behoorlik ingelig is oor beroepsvooruitsigte in die SA Weermag en die voordelige graadstudieskema wat die Militêre Akademie gebied het. Hy het derhalwe aanbeveel dat 'n besoek aan die Akademie vir alle skoolberoepsvoorligters gereël word en dat die Bevelvoerder van die Militêre Akademie in die geleentheid gestel word om kadetbevelvoerders tydens hul jaarlikse kadetadviesvergaderings toe te spreek. Verder moes bevelvoerders van eenhede waar Nasionale Dienspligtiges opgelei is, spesifiek opdrag kry om dié belangrike werwingsbron te ontgin, terwyl 'n aantreklike brosjure oor die Akademie saamgestel en aan beroepsvoorligters, kadetbevelvoerders en bevelvoerders van eenhede waar Nasionale Dienspligtiges opgelei is, versprei moes word.[182]

Verdedigingshoofkwartier het in gebreke gebly om sy projeksies ten opsigte van die Weermag se behoefte aan die opleiding van offisiere aan 'n doelgerigte werwingsprogram te koppel. Die Direkteur-generaal Personeel, wat amptelik vir die voorsiening van personeel aan die Weermag verantwoordelik was, het luidens 'n latere verslag van die Geneesheer-generaal se Direktoraat Sielkundige Dienste[183] geen reklamepoging geloods of advertensies in die pers geplaas wat spesifiek op die werwing van kandidate vir opleiding aan die Militêre Akademie (Fase 2 en 3) gemik was nie. Verder was daar slegs 'n enkele werwingsoffisier op die Direkteur-generaal Personeel se diensstaat wat die werwing van alle offisierskandidate binne en buite die Weermag moes behartig. Hy het 'n stalletjie by verskillende skoue en tentoonstellings beman, waar hy werwingsbrosjures aan

---

180. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 3, inlae 79, ongenommerde brief, genl.maj. K.R. Coster, Rhodesiese leër. – HVS, 2 Maart 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 3, inlae 81, ongenommerde brief, Rhodesiese HGS – H.K. (Rhodesiese) 2 Bde., etc., 24 Maart 1970.

181. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 155, G/TRG/6/2-G732 (Vertroulik) vol. 1, inlae 21, Kursusverslag: Kursus G732, 4 Oktober 1973.

182. Malan-verslag, Aanhangsel N.

183. Die Sielkundige Dienste-verslag van Maart 1974 waarna reeds vroeër verwys is.

belangstellendes uitgedeel en vrae oor offisiersopleiding beantwoord het. Verder het hy praatjies en uitstallings oor offisiersopleiding by skole aangebied en Nasionale Dienspligtiges by opleidingseenhede oor dié onderwerp toegespreek. Hy het egter slegs skole besoek wat 'n uitnodiging aan die Weermag gerig het en dan hoofsaaklik in die Pretoria-Witwatersrand-gebied. Hy het wel enkele besoeke aan die Wes-Kaap gebring, maar het geen werwing in die Oranje-Vrystaat of Natal gedoen nie, sodat 'n groot persentasie van die matrikulante glad nie bereik is nie.[184]

Offisierswerwing is in die praktyk hoofsaaklik as 'n selfopgelegde taak deur die weermagsdele uitgevoer, met bitter min koördinasie tussen hulle, die Direkteur-generaal Personeel en die Militêre Akademie. Die gebrek aan koördinasie met betrekking tot die werwingspoging het, aldus bovermelde verslag van die Direktoraat Sielkundige Dienste, hoofsaaklik daaruit voortgespruit dat die weermagsdele nie hul behoeftes behoorlik aan die Direkteur-generaal Personeel gekommunikeer het nie. Die weermagsdele het bloot werwingsbrosjures aan die verskillende hoofkwartiere, kommandemente en eenhede beskikbaar gestel, met die versoek om offisierskandidate uit die Staande Mag en die Nasionale dienspligtiges te werf. Alhoewel dit nie die taak van die Militêre akademie was om self kandidate te werf nie, het dié eenheid weens 'n voortdurende tekort aan kandidate, veral ten opsigte van graadstudie, ook aan die werwingspoging meegedoen. Ironies genoeg het Direkteur-generaal Personeel heftig op die Akademie se werwingspogings gereageer, omdat die Akademie op sy terrein oortree het.[185]

Die Hoof van die Leër het reeds in September 1968, bykans 'n jaar voor die amptelike aanvaarding van die Malan-verslag, 'n werwingsdokument in beide amptelike tale onder lede van die Staande Mag en Nasionale Dienspligtiges versprei, waarin die nuwe opleidingstelsel verduidelik is en kandidate (blank, manlik en ongetroud) genooi is om aansoek te doen om toelating tot die Akademie in 1970, wanneer die nuwe opleidingstelsel van stapel sou loop. Soos die Hartzenberg-verslag aanbeveel het, is die maksimum toetredingsouderdom van 21 na 22 jaar verhoog, terwyl matrikulasievrystelling as toetredingsvereiste vir alle aspirantoffisiere gestel is.[186] (In die geval van diegene wat vir regstreekse offisiersopleiding uit die Staandemagmanskappe gewerf is, was die maksimum

184. Sielkundige Dienste-verslag, pp.29, 31 – 32, 41 - 47.
185. Sielkundige Dienste-verslag, pp.36 – 38, 46, 48, 174.
186. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 22, A/PERS/3/6 vol. 9, inlae 15, brief A/PERS/3/6, H Leër – KG, etc., 13 September 1968.

ouderdom heelwat hoër (35 jaar in die geval van die Leër[187]) en het die huweliksbeperking weggeval.[188] Daar word egter vir die doel van hierdie bespreking op die 17-23 jaar-groep gekonsentreer.)

Plaaslik het brig. Malan sy bes gedoen om die Akademie deur die media onder die algemene publiek te bemark by wyse van radio-onderhoude (hyself en ook van die studente) en persverklarings oor die doen en late van die Akademie en sy studente. Verder het hy die loopbaangeleenthede in die Staande Mag by wyse van samesprekings met die Huiskomitees van die verskillende manskoshuise onder die aandag van die studente op Stellenbosch gebring. (Die Akademie se werwingspoging was dus nie tot potensiële studente beperk nie, maar was ook daarop gemik om gegradueerdes vir offisiersaanstelling te werf.) Brig. Malan het voorts, soos gebruiklik, ook werwingsadvertensies in die koerante laat plaas. Daarby het hy vroeg in 1970 'n Akademie-staflid, kapt. (later genl.maj.) C.R.J. Thirion, na Leëropleidingseenhede dwarsoor die land gestuur om werwing onder die Nasionale Dienspligtiges te doen. Die ervaring was orals dat die algemene publiek, sowel as die Nasionale Dienspligtiges en lede van die Burgermag, salig onbewus was van die bestaan van die Akademie, of bitter min kennis daarvan of van beroepsmoontlikhede in die SA Weermag gedra het.[189]

Dit het uit die 1969-werwingspoging geblyk dat die ou metode van werwing deur advertensies in koerante duur en oneffektief was. Die koerantadvertensies aan die einde van 1969 het R33 000 gekos, op grond waarvan uiteindelik slegs 17 leërkandidate by die Akademie aangemeld het. Die werwingstoer by die Leëropleidingseenhede, aan die ander kant, het minder as R200 gekos en 25 kandidate opgelewer. Persoonlike kontak (werwingspraatjies) het dus die grootste trefkrag geblyk te hê.[190] Werwing deur bevelvoerders van opleidingseenhede het klaarblyklik ook nie noemenswaardige resultate opgelewer nie. Kapt. Thirion het tot die gevolgtrekking gekom dat eenheidsbevelvoerders

187. SANWA, HWA/DGAA 110, DGAA/84/5/2 vol. 1, inlae 37, brief A/PERS/22/1/1 oor A/PERS/38/1, H Leër – IG, etc., 31 Oktober 1973.

188. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/1 vol. 8, inlae 102, brief Kmdmt. W.P. Eenheidsorder (Deel 1) no. 88/71, 14 Desember 1971.

189. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 144, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. - H Leër, 30 April 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 157, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. - H Leër, 30 Junie 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 189, ongenommerde memorandum, Werwingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 24 Februarie 1970; Sielkundige Dienste-verslag, pp.48 – 49.

190. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 189, ongenommerde memorandum, Werwingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 24 Februarie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 163, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. - HVS, 23 Junie 1971.

die werwingstaak wat aan hulle opgedra is, gesien het "as 'n lastige, afskeeptaak waarmee hulle belas word."[191] 'n Latere werwingstoer het aan die lig gebring dat sommige eenheidsbevelvoerders nie behoorlik op hoogte van die offisiersopleidingstelsel was nie en glad nie tyd vir werwingsaksies in hul opleidingsprogramme ingeruim het nie.[192] Die Weermag kon uiteindelik net daarin slaag om 283 kandidate (177 in April en 106 in Oktober) vir die Fase 2-kursusse van 1970 te werf[193] teenoor die 322 kandidate wat beoog is.[194]

Beide Verdedigingshoofkwartier en die Militêre Akademie het van 1970 af hul werwingspogings verskerp. Die maksimum ouderdomskerf is na 23 jaar opgeskuif, terwyl matrikulasievrystelling voortaan slegs van diegene vereis is wat graadstudie wou onderneem.[195] In 'n poging om hoërskoolleerlinge as werwingsbron maksimaal te ontgin, het Verdedigingshoofkwartier gedurende die tweede helfte van 1970 sowat 18 000 eksemplare van 'n brosjure getiteld "Opleiding van Beroepsoffisiere in die SAW" onder dekking van 'n persoonlike brief aan matriekleerlinge in die Republiek en Suidwes-Afrika (Namibië) uitgestuur. Die gedagte was om "elke [blanke] matrikulant ... wat in Des 70 (sic.) die skool sou verlaat" te bereik en uit te nooi om 'n loopbaan as offisier in die Staande Mag te volg.[196] Ofskoon die Direkteur van Onderwys skoolhoofde verbied het om Weermagoffisiere toe te laat om werwingspraatjies by skole te hou,[197] het die Akademie tog toegang tot skole verkry. So het 'n offisier van die Akademie byvoorbeeld in Oktober 1970 'n werwingspraatjie by die Hoërskool Paul Sauer op Kareedouw gehou.[198] Gedurende die eerste helfte van 1971 het die Akademie se berede span by skoue in Bloemfontein, Johannesburg (Randse Paasskou), Kimberley en Port Elizabeth opgetree om die Akademie te bemark. Lede van die Akademie het by daardie geleenthede die "vernaamste skole" in

191. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 189, ongenommerde memorandum, Werwingsoffisier Mil. Akad. – Bev. Mil. Akad., 24 Februarie 1970.
192. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 7, inlae 67, werwingsverslag deur kapt. P.O. Verbeek, 18 Februarie 1974.
193. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971.
194. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 22, A/PERS/3/6 vol. 9, inlae 101, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 22 Oktober 1969.
195. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 148, brief A/PERS/38/1, H Leër – BGGGM, 27 April 1971.
196. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 162, brief DGP117/7 (Vol I), DGP – HVS, 28 Mei 1971.
197. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 4, inlae 144, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. - H Leër, 30 April 1969.
198. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 98, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – DGP, 2 November 1970.

die betrokke gebiede besoek om werwing te doen, wat "ongeveer 400 belangstellende skoliere opgelewer (het)."[199] In Augustus 1971 het die Akademie weer sy gebruiklike werwingstog na die verskillende leëropleidingseenhede geloods, waartydens onder meer van 'n werwingsfilm gebruik gemaak is.[200] Die werwingsfilm wat gebruik is, was waarskynlik "Offisiersopleiding in die SAW", 'n SAUK-rolprent oor die Militêre Akademie. Ander films soos "Vesting van die Suide" (vervaardig deur die Departement Inligting) en "Die Offisier – 'n egte heer", is egter ook tydens werwingsveldtogte vertoon.[201]

Die werwingspoging onder die diensplgtiges was nie so suksesvol as wat die militêre owerhede gehoop het nie. Baie van hulle het veral hul basiese opleiding negatief ervaar, waardeur hulle 'n gevoel van antagonisme teenoor die Weermag ontwikkel het. Baie was ook reeds kontraktueel aan werkgewers verbind wanneer hulle met hul diensplig begin het. Dit het dus in alle opsigte geblyk beter te wees om met belangstellendes kontak te maak terwyl hulle nog op die skoolbanke gesit het, eerder as om te wag totdat hulle reeds met diensplig begin het.[202] Die werwing onder matrikulante het klaarblyklik ten spyte daarvan sodanig verflou, dat die destydse Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.P.B. van Loggerenberg, in 1975 in 'n skrywe aan Hoof van Staf Personeel opgemerk het dat dit wou voorkom "asof die bestaande pogings [van Verdedigingshoofkwartier] tov die werwing van kandidaat-offisiere hoofsaaklik op dienspligtiges toegespits word."[203] Gesprekke met besoekende skoolgroepe het naamlik aan die lig gebring dat die geleenthede wat die Akademie gebied het, "tot 'n baie groot mate onbekend is by die deursnee matrikulant." Brig. Van Loggerenberg het derhalwe 'n pleidooi tot Verdedigingshoofkwartier gerig om die Akademie toe te laat om met die beroepsvoorligtingsonderwysers in die Westelike Provinsie kontak te maak om die Akademie te bemark.[204] Verdedigingshoofkwartier het die saak met die onderwysowerhede opgeneem en inderdaad toestemming verkry om met die beroepsvoorligters by skole te skakel en skoliere oor loopbane in die SA Weermag voor te

199. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 163, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – HVS, 23 Junie 1971.
200. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 6, inlae 34, memorandum A/PERS/38/1, kapt. W.A. de Villiers - Bev. Mil. Akad., etc., 3 September 1971.
201. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 7, inlae 67, werwingsverslag deur kapt. P.O. Verbeek, 18 Februarie 1974.
202. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 163, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – HVS, 23 Junie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 6, inlae 34, memorandum A/PERS/38/1, kapt. W.A. de Villiers - Bev. Mil. Akad., etc., 3 September 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 7, inlae 67, werwingsverslag deur kapt. P.O. Verbeek, 18 Februarie 1974.
203. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 50, A/PERS/38/1 vol. 8, inlae 11, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – HSP, 4 Februarie 1975.
204. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 50, A/PERS/38/1 vol. 8, inlae 11, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – HSP, 4 Februarie 1975.

lig.[205] Die saak het egter te lank na brig. Van Loggerenberg se sin gesloer, sodat hy op eie houtjie met skole kontak gemaak en staflede gestuur het om werwingspraatjies te gaan lewer.[206]

Intussen het die Akademie ook die viering van sy kwarteeufees in 1975 benut om dié instelling vir werwingsdoeleindes in die kalklig te plaas, deur 'n reeks formele funksies waarheen vooraanstaande Suid-Afrikaanse persoonlikhede uitgenooi is. Onder diegene wat langs dié weg aan die voet van Malgaskop besoek afgelê het, was die bekende Suid-Afrikaanse skoonheid, Anneline Kriel, wat destyds die Mej. Wêreld-kroon gedra het.[207] Haar foto het jare lank die offisierskroeg by die Akademie versier ter herdenking aan dié besoek.

Ten spyte van die verskillende werwingspogings het die Weermag ná 1970 ook nie daarin geslaag om jaarliks die verlangde getal Fase 2-studente te werf nie. Teenoor die 502 kandidate wat hy per jaar wou inneem (wat binne tien jaar na 322 sou daal) het hy maar gemiddeld sowat 253 per jaar oor die tydperk 1971 tot 1974 ingeneem. Die Fase 3-innames (graadstudie) het ook nie aan die verwagtings voldoen nie. Die Akademie het jaarliks gemiddeld slegs 48 kandidate ingeneem in plaas van die 71 per jaar wat die Malan-verslag[208] in die vooruitsig gestel het.[209] Dié toedrag van sake was volgens die Direktoraat Sielkundige Dienste te wyte daaraan dat die algemene publiek weens 'n ontoereikende reklamepoging (soos hierbo beskryf) nie die Weermag as "'n hoogsontwikkelde (sic.) organisasie wat 'n verskeidenheid van uitdagende beroepe bied"[210] gesien het nie.

Wat die aanvanklike keuring van kandidate betref, het alle applikante voor 'n offisierskeurraad verskyn, waar hulle op grond van hul skoolprestasie en

205. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 50, A/PERS/38/1 vol. 8, inlae 67, brief HSP/MV117/1, brig. J.E. Louw - Bev. Mil. Akad., 12 Junie 1975.

206. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 50, A/PERS/38/1 vol. 8, inlae 74, brief A/PERS/38/1, Bev. Mil. Akad. – HSP, 26 Augustus 1975.

207. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 59, A/VIS/1 vol. 5, inlae 33, brief A/VIS/1/MA, Bev. Mil. Akad. – Mev. Kriel, 12 Mei 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 59, A/VIS/1 vol. 5, inlae 39, brief A/VIS/1/MA, Bev. Mil. Akad. – maj. H. Kriel, 2 Julie 1975.

208. Malan-verslag, Aanhangsel J.

209. Bereken uit SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G712 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10A, Kursusverslag: Kursus G712, 12 Oktober 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G721 (Vertroulik) vol. 1, inlae 11A, Kursusverslag: Kursus G721, 27 April 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 153, G/TRG/6/2-G722 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10A, Kursusverslag: Kursus G722, 12 Oktober 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 155, G/TRG/6/2-G732 (Vertroulik) vol. 1, inlae 21, Kursusverslag: Kursus G732, 4 Oktober 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 156, G/TRG/6/2-G741 (Vertroulik) vol. 1, inlae 39, Kursusverslag: Kursus G741, 29 Maart 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-G742 (Vertroulik) vol. 1, inlae 25, Kursusverslag: Kursus G742, 30 September 1974.

210. Sielkundige Dienste-verslag, p.42.

leierskappotensiaal gekeur is. Ten opsigte van laasgenoemde aspek het die keurraad, afgesien van die fisiese optrede van die kandidate voor die keurraad, ook staatgemaak op die uitslae van sielkundige toetse[211] wat deur die Militêre Mediese Instituut afgeneem is. In die geval van Staandemagmanskappe het hul bevelvoerders vooraf hul merieteaanslae en gedragstate deeglik oorweeg, alvorens hulle vir offisiersopleiding aanbeveel is. Soos in 'n volgende afdeling bespreek word, het die finale keuring vir graadstudie of direkte offisiersopleiding na afloop van Fase 2 (ses maande vormingsopleiding by die Akademie) plaasgevind.[212]

Afgesien van hul soldy en die normale Staande Mag-voordele wat hulle geniet het, het die Akademie-studente, soos in die verlede, geen registrasie-, klas- of eksamenfooie betaal nie. Hulle moes wel vir hul eie losies, wat teen 1971 maar sowat R25,00 per maand beloop het, betaal. Hulle was verplig om in te woon en is nie toegelaat om gedurende hul opleiding te trou nie. Hulle is by voltooiing van die vierjarige kursus as luitenante (of onderluitenante in die geval van vlootstudente) aangestel. (Diegene wat een of meer vakke in hul finale jaar gedruip het, het met Fase 4 voortgegaan, by voltooiing waarvan hulle as tweede luitenante/vaandrigte aangestel is. Hulle is dan na 'n verdere twee jaar bevredigende diens of by die verwerwing van hul grade (as dit voor die verstryking van die twee jaar geskied het) tot luitenante/onderluitenante bevorder.[213]) As teenprestasie het die studente 'n ooreenkoms met die Staat aangegaan ingevolge waarvan hulle na voltooiing van hul opleiding vir 'n tydperk gelykstaande aan die duur van hul akademiese studie in die Staande Mag sou dien. Soos in die verlede, moes die studente 'n bepaalde bedrag aan die Staat terugbetaal, indien hulle weens omstandighede binne hul beheer nie hul studie voltooi het nie, of voor die verstryking van hul ooreenkoms die Staande Mag deur ontslag of bedanking verlaat het.[214]

---

211. Sielkundige Dienste-verslag, pp.114- 121.

212. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 148, brief A/PERS/38/1, H Leër – BGGGM, 27 April 1971; SANWA, HWA/DGAA 110, DGAA/84/5/2 vol. 1, inlae 37, brief A/PERS/22/1/1 oor A/PERS/38/1, H Leër – IG, etc., 31 Oktober 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 6, inlae 34, memorandum A/PERS/38/1, kapt. W.A. de Villiers - Bev. Mil. Akad., etc., 3 September 1971.

213. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 91, brief DGP599/2/2/1, DGP – H Vloot en Bev. Mil. Akad., 8 September 1972.

214. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 148, brief A/PERS/38/1, H Leër – BGGGM, 27 April 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 48, A/PERS/34/0 vol. 1, inlae 66, brief HWA115, H Pers – H Leër, 14 Augustus 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 22, A/PERS/3/6 vol. 10, inlae 27, brief A/PERS/3/6, H Leër – Bev. Mil. Akad., 3 Augustus 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 140, A/PERS/1/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 57, brief HVS/207/5/1, HVS – DGP, 16 September 1971.

Geen vakansieverlof is gedurende die Fase 2-opleiding aan studente toegestaan nie, behalwe om menslikheidsredes en oor die Kerstyd. Die studente het darem een langnaweek per maand gekry, wat, waar moontlik, aan openbare vakansiedae gekoppel is om dit 'n bietjie te rek. 'n Gewone "langnaweek" het naamlik net van Vrydagmiddag tot Sondagaand gestrek. Gewone naweke het van Saterdagoggend om 10:30 tot Sondagaand gestrek. Gedurende die Fase 3-opleiding het die eerstejaars drie weke vakansieverlof in Desember en een in April gekry. Die tweedejaars het twee weke vakansieverlof in Julie, 'n week in September en drie weke in Desember gekry, terwyl die derdejaars slegs twee weke in Julie gekry het. Dit het beteken dat die studente gedurende hul graadstudie verplig was om nagenoeg 70 dae vakansieverlof te neem, terwyl hul verlof oor dieselfde tydperk (twee kalenderjare) slegs met 60 dae aangewas het. Die verlofdebiet wat so ontstaan het, moes na voltooiing van hul studie afgewerk word.[215]

Diegene wat nie die graadkursus meegemaak het nie, se offisierskursus het net twee jaar geduur, waarna hulle as tweede luitenante (of vaandrigte in die geval van vlootstudente) aangestel is. Na 'n verdere twee jaar bevredigende diens is hulle tot luitenante (of onderluitenante in die geval van vlootstudente) bevorder.[216] Hulle was dus na vier jaar op presies dieselfde vlak as diegene wat grade verwerf het, wat, soos in die verlede, die aansporing van kandidate om die graadkursus te volg, in die wiele gery het.

## 5.6 FASE 2-OPLEIDING BY DIE MILITêRE AKADEMIE, 1970 - 1975

Ten einde die Malan-model van stapel te stuur, het die Akademie nie aan die begin van 1970 'n nuwe groep eerstejaars ingeneem nie. Diegene wat teen die begin van 1970 reeds twee of meer jaar lank opleiding volgens die ou stelsel ondergaan het, het hul opleiding volgens daardie stelsel voortgesit. Diegene wat in 1969 met hul opleiding aan die weermagsdeelgimnasiums ontvang het om in 1970 tot die Akademie toegelaat te word, is voor die keuse gestel om hul ontslag te neem of by die nuwe stelsel in te skakel. Die meerderheid het besluit om by die nuwe stelsel in te skakel en het gevolglik tot aan die

215. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.8; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 20, brief HVS/207/5/1, HVS - H Leër. etc., 22 Junie 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 45, A/PERS/17/0 vol. 1, inlae 1a, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. - H Vloot, 31 Januarie 1974.

216. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vol. 5, inlae 148, brief A/PERS/38/1, H Leër – BGGGM, 27 April 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 140, A/PERS/1/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 57, brief HVS/207/5/1, HVS – DGP, 16 September 1971.

einde van Maart 1970 met militêre opleiding voortgegaan, waarna hulle aan die begin van April 1970 as deel van die eerste Fase 2-inname by die Akademie aangemeld het. Hulle het egter op grond van die opleiding wat hulle gedurende 1969 ondergaan het, vrystelling van die Malan-model se Fase 4-opleiding ontvang.[217]

Daar het jaarliks twee groepe kandidaatoffisiere/adelborste vir Fase 2-opleiding by die Akademie aangemeld, een in April en een in Oktober. Om die verskillende Fase 2-kursusse te identifiseer, is kursusnommers aan hulle toegeken. Dié nommers het bestaan uit die voorvoegsel "G", gevolg deur die laaste twee syfers van die jaartal waarin die kursus sou eindig en die syfer "1" of "2" om aan te dui of dit die eerste of tweede kursus van die betrokke jaar was.[218] Die heel eerste Fase 2-kursus, wat in 1970 begin en geëindig het, se nommer was dus G702, terwyl die tweede kursus wat in (Oktober) 1970 begin en in 1971 geëindig het, se nommer G711 was. Die graadkursusse (Fase 3) se nommers het voortaan bestaan uit die voorvoegsel "G", gevolg deur die laaste twee syfers van die jaartal waarin die kursus sou eindig, byvoorbeeld G71 in die geval van die kandidate wat in 1971 gegradueer het.[219]

Die Fase 2-studente het naas voornemende graadstudente van die Akademie en diegene wat regstreekse offisiersopleiding ondergaan het, ook die kandidate ingesluit wat die B. Ing.-kursus op Stellenbosch wou volg.[220] Almal was verplig om in te woon, ook die ouer, getroude kursusgangers. (Laasgenoemdes kon egter toestemming kry om naweke uit te bly, mits hul gesinne op Saldanha gewoon het en hulle al hul verpligtinge as studente nagekom het.)[221] Die huisvesting van hierdie Fase 2-studente het geweldige druk op die akkommodasie van die Akademie geplaas. Oorspronklik ontwerp om slegs sowat 60 studente per jaar te hanteer, moes dit in 1970 aan 'n totaal van 242 studente, naamlik 177

217. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 17, inlae 22, brief A/PERS/12/3, Bev. Mil. Akad. – DGP, 23 Februarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1, inlae 11, brief DGP599/2/2/1, DGP – Bev. Mil. Akad., 11 Maart 1971.

218. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.2; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.2.

219. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 1, notule van Mil. Akad.-beplanningskonferensie, 19 Januarie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 1, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 3-kursusse, g.d., p.1.

220. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/1 vol. 8, inlae 102, brief Kmdmt. W.P. Eenheidsorder (Deel 1) no. 88/71, 14 Desember 1971.

221. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.3; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.1.

Fase 2-studente[222] en 65 tweede- en derdejaargraadstudente,[223] akkommodeer. Klasroosters moes gevolglik sorgvuldig uitgewerk word om seker te maak dat elke dosent en instrukteur 'n klaskamer tot sy beskikking sou hê.[224]

Die Tak Militêre Opleiding was vir die opleiding van die Fase 2-studente verantwoordelik en die taak om die grondslag vir dié kursus te lê, het op die bekwame skouers van die destydse Hoof Militêre Instrukteur en Tweede-in-bevel van die Militêre Akademie, kol. R.F. Holtzhausen (later lt. genl. en Hoof van Staf Personeel, 1980 – 1989), geval. Ofskoon nie 'n produk van die Militêre Akademie nie, was hy 'n ervare infanterie-offisier wat reeds in 1951 as kadet by die Staande Mag aangesluit en verskeie poste tot op hoofkwartiervlak in die Leër beklee het.[225] Hy het hom met groot toewyding op sy taak toegelê en binne die riglyne van die Malan-verslag 'n kursus daargestel wat tot die staking van dié kursus by die Akademie in 1975 in wese onveranderd gebly het.[226] Soos die gevestigde gebruik by weermagkursusse was, het die Fase 2–opleiding aan die hand van "opleidingsprécis" geskied en het daar sowat 2 500 bladsye uit die pen van kol. Holtzhausen en sy staf voortgevloei om die verlangde studiemateriaal uit 'n verskeidenheid van bronne, onder meer die opleidingshandleidings van West Point,[227] byeen te bring.[228] Kol. Holtzhausen se "rigsnoer vir die kursus ... [was] die strewe dat elke Staandemag offisier (sic.) die Militêre Akademie as sy ware militêre Alma Mater (sic.) moet beskou" en dat hy "die voorbeelde wat hy hier [by die Akademie] vind as sy verwysingspunte en standaarde in sy verdere loopbaan" sou aanneem.[229] Daarom het hy in sy opleidingsinstruksies ook besondere klem gelê op die belangrike funksie van staflede as rolmodelle,[230] sodat hulle deur hul voorbeeld die studente sou inspireer om te alle tye die hoogste etiese en professionele standaarde na

222. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970.
223. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 10, brief G/PLANS/3/6, Dekaan Mil. Akad. – Registrateur US, 4 Maart 1971.
224. E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.76.
225. **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, p.21.
226. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971 en SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d.
227. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 162, brief kol R.F. Holtzhausen – kol. Kern P. Pitts, VSA-leërattaché, 13 Junie 1969.
228. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970.
229. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp.1 - 2.
230. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp.5, 8; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., pp.3, 7.

te streef. Die offisiere wat as militêre instrukteurs diens gedoen het, was dan ook feitlik sonder uitsondering graduandi van die Militêre Akademie.

Die Akademie-bevelskader het probeer om die kursusgangers met die intrapslag te laat tuis voel en terselfdertyd die belangrikheid en erns van die kursus by hulle in te skerp. Hulle is met hul aankoms op 'n verwelkomingsfunksie by die offisiersklub getrakteer, waar hulle die geleentheid gekry het om in 'n gesellige atmosfeer met die personeel van die Akademie kennis te maak. Binne die eerste week het sowel die Bevelvoerder as die Hoof Militêre instrukteur openingsredes gelewer om die doel van die kursus by hulle in te skerp en hulle op hul taak in te stem. 'n Besondere poging is ook aangewend om die kursusgangers se naasbestaandes te betrek om hul morele ondersteuning te monster. Daarom het die Bevelvoerder hulle met die aanvang van die kursus deur middel van 'n persoonlike brief ingelig waaroor die kursus gaan en hoe belangrik hul onderskraging vir die student se sukses was. Wanneer studente swak presteer het of nie hulle kant gebring het nie, is dit ook per brief onder die aandag van hul naasbestaandes gebring om druk op hulle uit te oefen om die skouer aan die wiel te sit.[231]

Die studente is met hul aankoms in klasse van hoogstens 35, maar verkieslik nie meer as 18 nie (afhangende van die getal instrukteurs beskikbaar), ingedeel, op só 'n wyse dat die verskillende taal-, ouderdoms- en weermagsdeelgroepe so eweredig moontlik oor die klasse versprei is. 'n Klasinstrukteur is vir elke klas uit die geledere van die offisierinstrukteurs wat die militêre leierskapopleiding aangebied het, aangestel. Die klasinstrukteurs het een maal gedurende die kursus gewissel. Die kandidate het om die beurt weekliks as klasleiers waargeneem en het ook na-ure as dienspersoneel opgetree om sleuteltake te verrig. Die klasleiers was te alle tye verantwoordelik vir die dissipline en beheer van die klasse. Die studente het te voet tussen Malgaskop, die Akademie-kompleks, sportvelde en dies meer beweeg en het sover moontlik in groepe van punt tot punt gemarsjeer.[232] Hulle moes in alles en te alle tye die beeld van ware offisierskap uitstraal, ook in soverre dat hulle verbied is om "lendelam voertuie ... waardeur hulle die status van die offisierskorps en die Militêre Akademie in die skande steek"[233] aan te hou.

231. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp.6, 8 - 9; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., pp.5 – 6, 8.

232. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp.1 - 3; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., pp.1- 2.

233. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.5.

Die Fase 2-studente se daaglikse program was volgepak. Die oggendsinjaal het op weeksdae om 06:00 geblaas, waarna die manne vanaf 06:45 – 07:35 in twee sessies (weens onvoldoende fasiliteite) ontbyt geniet het. Om 07:40 het hulle vir appèlparade aangetree en om 08:00 het die daaglikse vlaghysingsparade plaasgevind. Die hele voormiddag is aan voorlesings bestee. Die klasse het om 08:15 'n aanvang geneem en tot 12:55 geduur, met 'n verposing van vyf minute tussen periodes en 'n teepouse van 20 minute (10:25 – 10:45). Middagete was tussen 12:55 en 13:45 en het weereens in twee sessies geskied. Die namiddag, van 13:45 tot 16:40, is aan praktiese werk bestee, waarna aandete tussen 18:00 en 19:15 bedien is. Ná aandete het die manne 'n kwartier gekry om hulle reg te maak vir 'n verpligte studiesessie (in hul kamers) wat om 1930 begin en tot 22:30 geduur het. Hulle het darem tussen 21:00 en 21:20 kans gekry om 'n koffie te sluk en 'n paar woorde met hul kollegas te wissel.[234]

Die Malan-model het vier basiese opleidingsdoelwitte met die Fase 2-kursus nagestreef, soos in die tabel op p.357 uiteengesit word. Die vakke wat aangebied is om dié doelwitte te bereik, word insgelyks in dié tabel aangedui.[235]

'n Handleiding wat in Oktober 1971 aan die Fase 2-studente uitgereik is, het die "doel van vormingsopleiding" teen die agtergrond van bogenoemde opleidingsdoelwitte saamgevat as synde om:

"a. 'n gevoel van eer en lojaliteit, diens en verantwoordelikheid te bevorder – om gedissiplineerde gewoontes en militêre gedrag te ontwikkel.

"b. die vermoë te ontwikkel om helder en logies te dink, te oordeel en uit te druk.

"c. 'n deeglike militêre opleiding in Krygskunde en die beginsels van oorlogvoering te verskaf.

"d. 'n hoë standaard van fisiese fiksheid te bereik.[236]

234. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 78, G/TRG/6/2(G712) vol. 1, inlae 20, Kursusverslag: Kursus G712, g.d. [1971].

235. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 78, G/TRG/6/2(G712) vol. 1, inlae 20, Opleidingsdoelwitte: Kursus G712, 13 April – 2 Oktober 1971; Van der Westhuizen-verslag, p.7; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 20, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 22 Junie 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Opleidingsdoelwitte en leerplan: Fase 2-opleiding, g.d.

236. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, g.d. [April 1971].

| OPLEIDINGSDOELWITTE VIR FASE 2-KURSUS BY DIE MILITêRE AKADEMIE, 1970 - 1975 | | |
|---|---|---|
| **Reeksno.** | **Doelwitte** | **Vakke** |
| 1. | Ontwikkeling van basiese leierskap= vermoë | i. Militêre Leierskap<br>ii. Kommunikasie<br>iii. Militêre Personeel- en Voorraad= administrasie<br>iv. Administrasie van Eenheidsfondse en –inrigtings<br>v. Afrikaans en Engels |
| 2. | Kweking van basiese Staandemag= offisiersgedrag | i. Militêre Sosiale Opvoeding<br>ii. Godsdiensopvoeding<br>iii. Militêre Reg |
| 3. | Verbreding van algemene insig noodsaaklik vir Staandemagoffisiere | i. Krygsgeskiedenis<br>ii. Staatsleer<br>iii. Sake van die Dag<br>iv. Spesialisvakke (Wiskunde, Fisika, Rekeningkunde, Ekonomie) |
| 4. | Ontwikkeling en behoud van Fisiese Fiksheid | Liggaamlike Opleiding |

Aangesien die Fase 2-opleiding op basiese gemeenskaplike vormingsopleiding ingestel was, kon daar uiteraard nie in die nastrewing van bogenoemde doelwitte sprake van die oordrag van weermagsdeelgeoriënteerde prosedures wees nie. Die kursus was slegs op die oordrag van algemene beginsels en tegnieke gemik. Weermagsdeelspesifieke kennis en vaardighede moes tydens Fases 1 en 4 by die kandidaatoffisiere tuisgebring word.[237]

---

237. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970.

Brig. Malan het die ontwikkeling van basiese leierskap as die belangrikste doelwit van die Fase 2-kursus uitgesonder[238] en het derhalwe dwarsdeur die kursus besondere aandag daaraan geskenk. Benewens onderrig in die teorie van militêre leierskap, het die studente die geleentheid gekry om hul leierskapvaardighede deur middel van rolspel en praktiese oefeninge op die sogenaamde LETRA-baan (leierskapopleidingsbaan) uit te toets en te ontwikkel. Dié baan, wat brig. Malan persoonlik ontwikkel het na die voorbeeld (en spesifikasies) daarvan wat hy by die Koninklijke *Militaire Academie* te Breda in Nederland gesien het,[239] was in wese 'n aangepaste hindernisbaan wat aangewend is om die studente se vindingrykheid en leierskap te beproef. Dit het uit 22 verskillende houtkonstruksies (teerpale) bestaan wat ontwerp was om realistiese probleemsituasies wat die offisier te velde sou teëkom, na te boots. Die studente is vir dié leierskapoefeninge in klein groepies verdeel, waar dit dan telkens die taak van die aangewese leier was om 'n plan te beraam om die hindernis te oorkom en sy plan met die manne onder sy bevel ten uitvoer te bring.[240]

Avontuuropleiding het 'n verdere geleentheid vir die inskerping en evaluering van leierskap gebied. Elke Fase 2-kursus het by twee geleenthede vir vyf dae avontuuropleiding ondergaan[241] by wyse van strawwe staptogte van tot meer as 'n honderd kilometer in onherbergsame gebiede, onder meer die Sederberge, die Gamkariviervallei ("Die Hel") en die Knysnabosse. Die keuse van die opleidingsgebied het berus op dié tyd van die jaar wat die swakste weerstoestande in die betrokke gebied verkry kon word. Daarom het die avontuuropleidingsoefeninge hoë eise aan die fisiese en geestelike uithouvermoë van die studente gestel en aan sowel die instrukteurs as hul makkers die geleentheid gebied om te oordeel van watter stoffasie hulle gemaak was. Dit het ook die student van aangesig tot aangesig met sy eie vermoëns en tekortkominge gebring. Beide die instrukteursevaluasie en die makkerbeoordeling het uiteindelik 'n rol in die taksering van die studente gespeel.[242]

---

238. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 127, brief G/TRG/6/2 oor A/FIN/2/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 17 Desember 1969.

239. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 124, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – *Gouverneur Koninklijke Militaire Academie*, Breda, 30 November 1969.

240. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 127, brief G/TRG/6/2 oor A/FIN/2/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 17 Desember 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 171, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – KMG, 11 Februarie 1970.

241. Besonderhede i.v.m. die verskillende avontuuropleidingsoefeninge is te vinde in SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87 -89, G/TRG/8/1/1 vols. 2 - 7.

242. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.14; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.13; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/8/1/1 vol. 2, inlae 23, instruksies aan kontrolestaf: Oefening Gamkavallei, 14 – 19 Junie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/38/1 vol. 6, inlae 86,

Tog was die avontuuropleiding ook 'n belangrike ontvlugting aan die eenheidsroetine en 'n geleentheid om 'n gesonde *esprit de corps* onder die studente te bou[243] – laasgenoemde sekerlik veral in die aande wanneer die kampvure hoog gebrand en die vleis op die kole gesis het ná 'n dag se moordende stap!

Die ontwikkeling van effektiewe kommunikasie is ook van besondere belang by die ontwikkeling van leierskap geag. Daarom het die studente onderrig in die gebruik van beide Afrikaans en Engels ontvang, om hul skriftelike en mondelinge kommunikasievermoë te bevorder. Openbare redevoering het vanselfsprekend 'n belangrike rol in die ontwikkeling van mondelinge kommunikasie gespeel. Onderrig in militêre skryfwyse, spesifiek die toepassing van die "Reëls vir Militêre Skryfwyse", het ook deel van die vak Kommunikasie uitgemaak. Verder is onderrig in opleidingstegnieke en die beginsels van effektiewe onderrig ook by Kommunikasie ingesluit, aangesien opleiding een van die belangrike kommunikasiefunksies van die jong offisier is. Militêre personeel- en voorraadadministrasie, sowel as die administrasie van eenheidsfondse en –inrigtings (regimentsfondse, sportklubs, offisierskroeë, ens.) het 'n belangrike deel van die dagtaak van elke offisier uitgemaak en het daarom ook onder die ontwikkeling van basiese leierskapvaardighede tereggekom. Aan die praktiese kant het die studente om die beurt as kroegmanne by die offisiersklub diens gedoen om hulle insig in die praktiese implikasies van die beheer van kroeë te gee.[244]

Gegewe die feit dat die Fase 2–kursus bo alles daarop gemik was om offisierskap by die studente tuis te bring, was die kweek van basiese offisiersgedrag, oftewel 'n "sosio-militêre gedragskode", 'n belangrike opleidingsdoelwit. Militêre Sosiale Opvoeding as vak was in die eerste plek ingestel op die opvoeding van "die offisier as heer," onder meer aan die hand van 'n handleiding getiteld "Lewenskuns vir Jong Offisiere". Van staflede is verwag om in daardie verband in alle opsigte en te alle tye deur voorbeeld te lei. Baie klem is op dissipline, korrekte optrede en toewyding aan die taak gelê. Swak werk, halwe pogings en gebrekkige dissipline was nie met offisierskap versoenbaar nie en is dadelik gestraf en

---

ongenommerde brief, Dekaan Mil. Akad. – L. Wessels, US, 28 April 1972; ; Sielkundige Dienste-verslag, pp.56 - 57.

243. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 2, G/TRG/8/1/1 vol. 2, inlae 29, Aanhangsel A by memorandum, G/TRG/8/1/1, kapt. W.E. Bond - H.M.I., 19 Julie 1971; ; Sielkundige Dienste-verslag, p.56.

244. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.11; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.10; Sielkundige Dienste-verslag, pp.52 - 53.

reggestel. Die Fase 2-studente het as juniors die gebruiklike militêre eerbewys aan die Fase 3-studente betoon. Wanneer hulle 'n Fase 3-student teëgekom het, het hulle behoorlik gestrek en hulle met 'n vriendelike "goeiemôre/-middag/-naand KO/Adelbors" gegroet. In gesprekke met Fase 3-studente moes hulle flink op aandag staan. In die eetsaal is van hulle verwag om in streng militêre styl regop op hul stoele sit, sonder dat hul rûe aan die leunings geraak het en is hul tafelmaniere met arendsoë dopgehou. In ligter luim is hulle, om hul junior status behoorlik te benadruk, aanvanklik nie toegelaat om enigiets anders as "Sprite"-koeldrank oor die toonbank in die offisierskroeg te koop nie![245]

Die Akademie het voorts, soos die gebruik onder meer ook by die verskillende weermagsdeelakademies in die VSA was, mildelik van besoekende sprekers van binne en buite die Weermag gebruik gemaak om die Fase 2-studente (saam met die Fase 3-studente[246]) oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe met die oog op hul sosiaal-kulturele vorming toe te spreek. Die onderwerpe het gewissel van Afrikaanse en Engelse letterkunde, tot musiek, drama, die beeldende kunste en wynproe.[247] Musiek- en toneelopvoerings, debatsaande en ander "kultuurvormende" geleenthede, waartoe die plaaslike publiek dikwels ook uitgenooi is, is ook gereeld gereël om tot die studente se sosiaal-kulturele vorming by te dra. 'n Militêre Akademie Vermaaklikheidsklub is reeds teen 1968 in die lewe geroep[248] om dié aktiwiteite te reël. Die studente het ook die geleentheid gekry om tydens formele etes en ander formele sosiale funksies as kelners op te tree en self 'n formele funksie te reël om hulle in etiket en gasheerskap te oefen. Onderrig in Militêre Reg het die studente as voornemende offisiere onder meer voorberei vir die dag dat hulle self as verhooroffisiere, presidente van krygsrade en dies meer sou moes optree.[249]

---

245. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973]; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, p.5, g.d. [April 1972]; Sielkundige Dienste-verslag, p.53.

246. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 62, notule van konferensie te Mil. Akad. insake evaluasie van kursusse, 31 Julie 1970.

247. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p. 10; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 176, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 25 Januarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 17, inlae 1, brief HVS/207/5/1, HVS - Bev. Mil. Akad., 1 Februarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 64, brief G/TRG/14, Bev. Mil. Akad. – HVS, 24 Februarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 67, brief G/TRG/14/0, HVS - Bev. Mil. Akad., 29 April 1971.

248. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 17, A/ADM/9/8 vol. 1, inlae 16, Grondwet van Militêre Akademie Vermaaklikheidsklub, g.d. [1968].

249. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp. 10, 11; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA,

Godsdiensonderrig het met die oog op die kweek van hoë morele standaarde en geestelike weerbaarheid teen die sielkundige aanslag van die kommunisme 'n belangrike deel van die karaktervormende prosesse uitgemaak. 'n Vaste kapelaansperiode het deel van die studente se weeklikse rooster uitgemaak om die geleentheid vir studente te skep om in hul onderskeie kerkverbande saam te kom, asook om hul kapelane te ontmoet en met hulle gesprek te voer. Die kapelane het voorts gereeld lesings oor onderwerpe soos Christelike lewenswaardes, die humanisme, liberalisme, bevolkingsverhoudings in Suid-Afrika en vele meer, aangebied. Verder was daar een maal per maand 'n kerkparade wat om die beurt deur die twee kapelane waargeneem is. Studente is ook sterk aangemoedig om eredienste op Sondae by te woon en busse is selfs beskikbaar gestel om hulle van Malgaskop af na die kerke in die militêre gebied te vervoer, toe dit geblyk het dat hul kerkbywoning nie na wense was nie. Van staflede is verwag om soos op alle ander terreine ook op godsdienstige gebied 'n navolgingswaardige voorbeeld vir die studente te stel.[250]

Soos reeds vermeld, het brig. Malan Krygsgeskiedenis en Staatsleer as "grondliggende" vakke vir die aspirantoffisier se intellektuele ontwikkeling en die verbreding van sy insig in sy taak, die ewolusie van oorlogvoering en die nasionale en internasionale milieu waarin hy opereer, beskou. Daarom is dit nie alleen op die Fase 2-kursus aangebied sodat alle voornemende offisiere daaraan blootgestel sou word nie, maar was dit ook op eerstejaarsvlak 'n verpligte vak vir al drie graadrigtings. Dié vakke is tydens die Fase 2-kursus deur dosente van die Fakulteit Krygskunde op graadstandaard aangebied, sodat diegene wat met graadstudie voortgegaan het, dit met geringe aanvulling in die eerstejaar as eerstejaarsvakke kon aanbied. Ter aanvulling van hierdie grondliggende vakke is daar sover moontlik ook tyd vir "sake van die dag" ingeruim, waartydens studente die geleentheid gekry het om nuusberigte en dies meer te bespreek, ten einde met wêreldgebeure en ander aktuele sake tred te hou. Daardeur is ook gepoog om by die

---

Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 90, Kulturele Program Militêre Akademie, Maart – Oktober 1973.

250. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.8; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.7; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 2, notule van Mil. Akad. Beplanningskonferensie, 30 April 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 1, A/ADM/1/MA vol. 1, inlae 5, notule van samesprekings tussen Kpln.genl. en Bev. Mil. Akad., 1 Februarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 78, G/TRG/6/2(G712) vol. 1, inlae 9, brief A/ADM/1/MA, Bev. Mil. Akad.- H.M.I., etc., 16 Maart 1971.

studente die gewoonte aan te kweek om gereeld koerante en ander relevante nuusblaaie te lees en voortdurend die invloed van gebeure te probeer vertolk.[251]

In aansluiting by bogenoemde het die studente ook motiveringsopleiding ontvang. Dit het onder meer bestaan uit lesings (ook deur besoekende sprekers) en besprekingsessies oor die strategiese ligging van die RSA, Suid-Afrika se buitelandse beleid en die beleid van afsonderlike ontwikkeling, asook voorligtings deur verteenwoordigers van Militêre Inligting oor die interne en eksterne bedreiging teen die RSA.[252] Die lesings en voorligtings is aangevul met uitstallings van voorbeelde van "buitelandse propagandistiese pers aanslae (sic.) teen die Republiek" en 'n hoorbeeld van "buitelandse vyandiggesinde radio-uitsendings gemik teen die RSA en afkomstig uit Accra, Kairo (sic.), Peking, ens."[253] Hierdie motiveringsopleiding het al hoe dringender geword namate die teeninsurgensiestryd op die grense van Suid-Afrika in felheid toegeneem het. Die uitgangspunt was dat die slagspreuk "'I am, I want to, I must, I shall' ... should become a way of life and an image to be perpetually formed in the mind of the candidate officer."[254]

Die sogenaamde spesialisvakke, Wiskunde, Fisika, Ekonomie en Rekeningkunde, waarvan die studente net twee geneem het, het gedien as keuringshulpmiddel om die studierigting van voornemende graadstudente te bepaal. Die onderrig van Wiskunde en Fisika was egter ook daarop gemik om die voornemende gevegsoffisiere van die Lugmag en die Vloot se wetenskaplike kennis vir hul Fase 4-opleiding op te skerp. Onderrig in Ekonomie en Rekeningkunde het ook ten doel gehad om diegene wat nie die graadkursus gevolg het nie, in daardie verband vir hul taak as offisiere voor te berei.[255]

---

251. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 11, brief G/TRG/6/2(G702), Bev. Mil. Akad.- HVS, 6 Mei 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971; Sielkundige Dienste-verslag, p.54.
252. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 11, brief G/TRG/6/2(G702), Bev. Mil. Akad.- HVS, 6 Mei 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 25, brief G/TRG/6/2(G702), Bev. Mil. Akad.- DGAA, 2 Julie 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971; Sielkundige Dienste-verslag, p.54.
253. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 11, brief G/TRG/6/2(G702), Bev. Mil. Akad.- HVS, 6 Mei 1970.
254. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 45, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 24 Junie 1974.
255. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.12; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.11, 13; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971.

'n Besondere hoë premie is op die laaste van die vier opleidingsdoelwitte, naamlik die ontwikkeling en behoud van fisiese fiksheid, geplaas in die lig van die feit dat die offisier (veral met die oog op die teeninsurgensiestryd op die grense van die RSA) te alle tye gereed moes wees om sy taak te velde onder vermoeiende omstandighede uit te voer.[256] Dié doelwit is bereik deur liggaamlike opleiding en sportdeelname, terwyl 'n aktiwiteit soos avontuuropleiding natuurlik ook daartoe bygedra het. Die L.O.-instrukteurs het dwarsdeur die kursus tussenklaskompetisies, wat fisiese inspanning en spanwerk vereis het, georganiseer om die fikswordingsproses te veraangenaam en terselfdertyd 'n gesonde *esprit de corps* onder die studente te kweek. Laasgenoemde is as 'n belangrike hulpmiddel beskou om die algemene vordering van die studente te stimuleer.[257] Die Vlootstudente was klaarblyklik aan 'n gemakliker lewenstyl as hul kollegas in die Leër gewoond en was nie juis besonder ingenome met die klem wat op liggaamlike fiksheid geplaas is nie, aldus die Vlootopleidingsoffisier by die Akademie in die vroeë sewentigerjare, lt.kdr. I.D. Chown: "A large percentage (15,2%) of the available training time is devoted to this (physical fitness). The Navy's need is not as great [as the Army's] and training time which could be better spent is lost in this way."[258]

Die tweetaligheidsbeleid van die Weermag is dwarsdeur die kursus gevolg. Alle onderrigmateriaal is in beide landstale gedruk, terwyl die onderrigtaal daagliks gewissel het om gelyke tydstoewysing te geniet.[259] Van die studente is verwag om toetsvraestelle "in 'n gebalanseerde hoeveelheid van beide tale"[260] te beantwoord, klaarblyklik met die doel om daardeur hul skriftelike kommunikasie ook in hul tweede taal te bevorder.

Die studente het deur die loop van die kursus skriftelike vorderingstoetse in die verskillende vakke afgelê, maar daar was geen eksamen aan die einde van die kursus nie. Alle vraestelle het uit meervoudige keusevrae bestaan, behalwe in die geval van Krygsgeskiedenis en Staatsleer, waar die studente ook die gebruiklike opstelvrae moes

256. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 1(a), ISOPLAN: Militêre Akademie, g.d. [9 November 1973].
257. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, pp.7 - 8; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.7.
258. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 3, ongenommerde brief lt.kdr. I.D. Chown - Bev. Mil. Akad., 13 Desember 1972.
259. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.6; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.5.
260. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1, inlae 62, notule van konferensie te Mil. Akad. insake evaluasie van kursusse, 31 Julie 1970.

beantwoord. Die studente is ook deurgaans op grond van hul militêre leierskap geëvalueer, beide deur middel van instrukteurs- en makkerbeoordeling. Soos reeds vermeld, het die studente se prestasie op die LETRA-baan en tydens die avontuuropleidingsoefeninge 'n belangrike rol in die evaluasie van hul militêre leierskappotensiaal gespeel.[261] Studente wat nie genoegsame motivering en vordering getoon het nie, of 'n gebrek aan stabiliteit, integriteit en ander offisierskwaliteite openbaar het, is in die loop van die kursus ontslaan.[262]

Gedurende die laaste week van die Fase 2-kursus het daar 'n finale keurraad plaasgevind om te bepaal watter studente die kursus druip, watter van hulle met direkte offisiersopleiding voortgaan en watter van hulle tot die graadkursus toegelaat sou word. Die studente het nie fisies voor die keurraad, wat uit verteenwoordigers van die weermagsdeelhoofkwartiere, asook die Bevelvoerder en Hoof Militêre Instrukteur van die Militêre Akademie bestaan het, verskyn nie. Dit was 'n blote papierkeuring op grond van die studente se prestasie gedurende die kursus, gemeet aan die resultate van hul vorderingstoetse en die evaluasie van hul militêre leierskap. Die aanbeveling van die Bevelvoerder van die Militêre Akademie is telkens ook in ag geneem wanneer daar oor die lot van 'n kandidaat beslis is. Verskillende gewigte is aan die onderskeie vakke toegeken wanneer die studente se gemiddelde prestasie bereken is. Om die kursus te slaag, moes diegene wat reeds vyf jaar militêre diens voltooi het en vir direkte offisiersaanstelling in aanmerking gekom het, 'n gemiddelde persentasie van minstens 55% verwerf en 'n prestasie van minstens ses (aanvanklik sewe) op 'n negepuntskaal vir militêre leierskap behaal. Om met Fase 3 (graadstudie) te kon voortgaan, moes kandidate insgelyks 'n gemiddelde persentasie van minstens 55% verwerf, maar was 'n prestasiepunt van meer as vier (aanvanklik meer as drie) vir militêre leierskap voldoende. Diegene wat nie vir die graadkursus gekwalifiseer het nie, of nie daarin belanggestel het nie, kon met Fase 4 voortgaan, mits hulle ten minste 'n gemiddelde van 50% en 'n prestasiepunt van meer as vier (aanvanklik slegs drie) vir militêre leierskap behaal het. Studente wat die B.Sc.(Ing.)-kursus op Stellenbosch wou volg, moes 'n gemiddelde persentasie van minstens 60% verwerf, terwyl van hulle ook slegs 'n prestasiepunt van meer as vier (aanvanklik meer as drie) vir militêre leierskap vereis is.[263] Die rasionaal vir die aanvaarding van 'n laer punt vir

261. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., Aanhangsels D en E; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971.

262. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970.

263. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.7; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 18, inlae 24, brief G/TRG/6/2, HVS – H Leër, etc., 24 Januarie 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3,

militêre leierskap vir toelating tot Fases 3 en 4, asook vir die ingenieurskursus, as vir direkte offisiersaanstelling ná Fase 2, was waarskynlik dat kandidate wat wel potensiaal getoon het die geleentheid sou hê om dit verder gedurende Fase 3 en/of 4 te ontwikkel. Die tekort aan offisiere het sekerlik ook daartoe bygedra dat die standaard verlaag is, ten einde die verlangde kwotas te bereik.

Diegene wat die kursus geslaag en reeds vyf jaar militêre diens agter die rug gehad het, het daarop hul kommissie-aanstellings tydens 'n spesiale seremonie ontvang, waarheen die Hoof van Verdedigingstaf persoonlik uitgenooi is om die afsluitingsrede van die kursus te lewer. In die geval van die Fase 2-kursus wat teen die einde van September ten einde geloop het, is 'n gesamentlike voorstellingsparade vir die Fase 2 en 3-kursusse gehou.[264] Daarna het die studente by wyse van 'n kursusfunksie van die Akademie afskeid geneem.[265]

Die kursusstatistiek in die tabel op p.366 toon dat altesaam 1 428 kandidate gedurende 1970 – 1975 die Fase 2-kursus by die Akademie deurloop het, waarvan 977 (68%) geslaag het.[266] Die hoë standaard ten opsigte van Krygsgeskiedenis en Staatsleer, wat op universiteitsvlak aangebied en waaraan ook 'n veel groter gewig as die individuele militêre vakke toegeken is, het, aldus brig. J.D. Potgieter "talle belowende aspirant-offisiere

---

G/TRG/6/2 vol. 18, inlae 65, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 10 Februarie 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., Aanhangsels C, D en E.

264. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 153, G/TRG/6/2-G722 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, Kursusverslag: Kursus G722, 12 Oktober 1972.

265. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 6A, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, 19 Maart 1971, p.7; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse, g.d., p.6; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971.

266. Saamgestel uit SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1, inlae 18, Kursusverslag: Kursus G702, 20 Oktober 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, Kursusverslag: Kursus G711, 26 April 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G712 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10A, Kursusverslag: Kursus G712, 12 Oktober 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G721 (Vertroulik) vol. 1, inlae 11A, Kursusverslag: Kursus G721, 27 April 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 153, G/TRG/6/2-G722 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10A, Kursusverslag: Kursus G722, 12 Oktober 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 155, G/TRG/6/2-G732 (Vertroulik) vol. 1, inlae 21, Kursusverslag: Kursus G732, 4 Oktober 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 156, G/TRG/6/2-G741 (Vertroulik) vol. 1, inlae 39, Kursusverslag: Kursus G741, 29 Maart 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-G742 (Vertroulik) vol. 1, inlae 25, Kursusverslag: Kursus G742, 30 September 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-G751 (Vertroulik) vol. 1, inlae 32, Kursusverslag: Kursus G751, 8 April 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 153, G/TRG/6/2-G752 (Vertroulik) vol. 1, inlae 22, Kursusverslag: Kursus G752, 1 Oktober 1975.

uitgeskakel" omdat hulle as gevolg van swak punte in dié twee vakke nie die Fase 2-kursus kon slaag nie.[267]

| STATISTIEK TOV FASE 2-KURSUSSE, 1970 – 1975 | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kursus** | **Inname** | **Onttrek** | **Druip** | **Slaag** | **Kommissie-aanstelling** | **Toegelaat Fase 3** | **Toegelaat B.Ing.** | **Toegelaat Fase 4** |
| G702 | 177* | 14 | 38 | 125 | - | 52 | - | 73 |
| G711 | 106* | 5 | 23 | 78 | 37 | 5 | - | 73 |
| G712 | 195 | 9 | 50 | 136 | 10 | 46 | 4 | 86 |
| G721 | 93 | 9 | 26 | 58 | 24 | 5 | - | 53 |
| G722 | 172 | 19 | 28 | 125 | 5 | 37 | 5 | 83 |
| G731** | - | - | - | - | - | - | - | - |
| G732 | 124 | 4 | 29 | 91 | 34 | 11 | 7 | 73 |
| G741 | 183 | 21 | 34 | 128 | 26 | 50 | 1 | 77 |
| G742 | 117 | 31 | 18 | 68 | 12 | 26 | 3 | 39 |
| G751 | 89 | 20 | 11 | 58 | 39*** | 8 | 1 | 49 |
| G752 | 172 | 29 | 34 | 109 | 3 | 37 | 5 | 67 |
| **TOTAAL** | 1 428 | 161 | 291 | 976 | 190 | 277 | 26 | 673 |

**Notas:**

* Kursusse G702 en G711 het onderskeidelik 20 en 43 getroude lede ingesluit. Geen statistiek is vir die ander kursusse beskikbaar nie.

** Kursus G731 is gekanselleer.

*** Ofskoon die Vloot in hierdie stadium reeds weer sy eie vormingsopleiding behartig het, het een Vlootstudent die kursus voltooi en 'n kommissie-aanstelling ontvang. Dit is nie duidelik of daar aanvanklik ook ander vlootstudente op die kursus was nie.

Benewens die normale Fase 2-kursusse vir kandidaatoffisiere, het die Akademie gedurende 1971 – 1975 jaarliks ook 'n verkorte Fase 2-kursus vir sogenaamde professionele offisiere en sommige (party het die normale Fase 2-kursus gevolg) van die militêre ingenieurstudente wat aan die Universiteit van Stellenbosch opgelei is, aangebied.[268] Die sogenaamde professionele offisiere was persone wat van buite die weermag op grond van "spesiale akademiese of ander kwalifikasies of ander eienskappe" direk as offisiere

267. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 92, brief G/TRG/6/2 Bev. Mil. Akad. – HVS, 17 April 1973.

268. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P71 vol. 1, inlae 2, brief HVS/207/5/1, HVS - H Leër, etc., 28 Mei 1970.

aangestel is om poste te beklee wat sodanige kwalifikasies vereis het. Dié persone het met enkele uitsonderings, onder andere kriptograwe en heraldici, oor 'n "beroepsakademiese-kwalifikasie" beskik, soos byvoorbeeld 'n B.A.LL.B. of dergelike professionele kwalifikasie.[269] Die dosente aan die Akademie wat nie uit die beroepsgeledere van die Weermag afkomstig was nie, het natuurlik ook in hierdie kategorie geval.[270]

Professionele offisiere moes tradisioneel maar "op 'n lukraak grondslag ... agterkom wat hulle offisiersverpligtinge sou wees",[271] totdat die Kommandant-generaal in Mei 1970 opdrag gegee het dat 'n verkorte Fase 2-kursus in 1971 ingestel moes word om hulle touwys te maak as offisiere. Die basiese opleidingsdoelwitte van dié kursus, wat jaarliks in Oktober begin en agt weke (later net vier weke) geduur het,[272] was dieselfde as vir die gewone Fase 2-kursus, ofskoon dit baie meer oorsigtelik behandel is.[273] Die kandidate is slegs in breë trekke in aspekte soos die organisasie van die Weermag, dril en seremonieel, militêre leierskap, militêr-sosiale gedragskodes, militêre reg, militêre personeelbestuur, militêre bestuurswese en administrasie, asook militêre skryfwyse onderrig. Verder is hulle ook aan Staatsleer en Krygsgeskiedenis blootgestel om die taak van die offisier binne die staatsbestel in perspektief te stel en hulle 'n basiese idee van die ontwikkeling van oorlogvoering te gee. Daarby het hulle natuurlik ook liggaamlike opleiding ondergaan om "n mate van fisiese fiksheid wat van elke Staande Mag offisier (sic.) verlang word te handhaaf." Om die militêre begrip van netheid en dissipline by hulle in te skerp, het die kandidate op werksdae daagliks vir inspeksie deur 'n offisierinstrukteur, vergesel van die klasleier, aangetree, terwyl hul kamers ook gedurende die week geïnspekteer is. Hulle het die daaglikse vlaghysingsparades op weeksdae saam met die Fase 2- en 3-studente bygewoon. Wat die algemene organisasie en administrasie van die kursus betref, is hulle min of meer oor dieselfde kam as die gewone Fase 2-studente geskeer. Dit was egter 'n

269. Hartzenberg-verslag, p.66.
270. Vergelyk SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 6, brief A/ADM/5/0, Bev. Mil. Akad. – HVS, 26 April 1973.
271. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 10, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse vir professionele aanstellings, g.d.
272. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P71 vol. 1, inlae 2, brief HVS/207/5/1, HVS - H Leër, etc., 28 Mei 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P72 (MED) (Vertroulik) vol. 1, inlae 1A, Kursusverslag: Kursus P72 (MED), 20 Desember 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P73 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2A, Kursusverslag: Kursus P73, 19 Desember 1973.
273. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P72 vol. 1, inlae 17, Kursusverslag: Kursus P72, g.d. en SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 78, G/TRG/6/2(G712) vol. 1, inlae 20, Opleidingsdoelwitte: Kursus G712, 13 April – 2 Oktober 1971, asook SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 2, Opleidingsdoelwitte en Leerplan: Fase 2-opleiding, g.d.

blote bywoningskursus (geen slaag- of druipstandaard is dus neergelê nie), alhoewel die kandidate wel toetse geskryf het om hulle te motiveer om te presteer.[274]

In 1972 het die Akademie in opdrag van Verdedigingshoofkwartier, na aanleiding van 'n versoek van die Geneesheer-generaal, ook 'n verkorte (vier weke) Fase 2-kursus, soortgelyk aan bogenoemde, vir militêre mediese en tandheelkundige studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer het, ingestel.[275] Hierdie kursus is in 1973 saam met dié vir die professionele offisiere en ingenieurstudente in 'n enkele kursus (vier weke) saamgevoeg.[276] Nadat Verdedigingshoofkwartier in 1971 in die lig van die tekort aan offisiere besluit het om voortaan ook dames vir aanstelling in sekere offisiersposte te werf,[277] het die Akademie in opdrag van Verdedigingshoofkwartier aan die begin van 1973 ook 'n kort (ongeveer drie weke) Fase 2-kursus vir aspirantdamesoffisiere ingestel.[278] Toe Verdedigingshoofkwartier in die vroeg sewentigerjare ook aan die opleiding van Kleurlingoffisiere oorweging begin skenk het, het Leërhoofkwartier in Mei 1973 klaarblyklik die Akademie genader om ook 'n Fase 2-kursus vir aspirantoffisiere van die SA Kleurlingkorps aan te bied. Die Bevelvoerder van die Akademie, brig. J.D. Potgieter het egter op grond van 'n gebrek aan geskikte akkommodasie nie sy weg oop gesien om dié taak op sy skouers te neem nie.[279]

---

274. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 10, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 2-kursusse vir professionele aanstellings, g.d.; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P71 vol. 1, inlae 42, seinberig TRG/851/AUG 71, Bev. Mil. Akad. – DGBS, 24 Augustus 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2 P71 (Vertroulik) vol. 1, inlae 14, Kursusverslag: Kursus P71, 9 Desember 1971.

275. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 68, G/TRG/1/0 vol. 2, inlae 9, brief G/TRG/1/0,'G.G. – HVS, 13 April 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 68, G/TRG/1/0 vol. 2, inlae 10, brief HVS/207/5/1, HVS – G.G. en Bev. Mil. Akad., 27 April 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P72 (MED) (Vertroulik) vol. 1, inlae 1A, Kursusverslag: Kursus P72 (MED), 20 Desember 1972.

276. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P72 (MED) (Vertroulik) vol. 1, inlae 1A, Kursusverslag: Kursus P72 (MED), 20 Desember 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P73 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2A, Kursusverslag: Kursus P73, 19 Desember 1973.

277. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 7A, brief DGP502/4, DGP – BGGGM, etc., 27 Julie 1971.

278. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 79, G/TRG/6/2 G731 vol. 1, inlae 9, brief HVS/207/5/1 oor HVS/208/3/1, HVS – H Leër, etc., 26 Januarie 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 154, G/TRG/6/2-G731V (Vertroulik) vol. 1, inlae 2A, Kursusverslag: Kursus G731V, 27 Februarie 1973.

279. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 113, brief G/TRG/6/2, brig. J.D. Potgieter – genl.maj. H.A. Kotzé, 18 Mei 1973.

## 5.7 FASE 3-OPLEIDING BY DIE MILITêRE AKADEMIE, 1970 - 1975

Met die implementering van die Malan-model in 1970 het die tweede- en derdejaars hul graadstudie volgens die ou stelsel voortgesit, behalwe dat die een dag per week militêre opleiding weggeval het. Die Akademie het nie 'n nuwe groep eerstejaars aan die begin van 1970 ingeneem nie, sodat die eerste Fase 3-kursus in Oktober van daardie jaar direk met die eerste Fase 2-kandidate wat vir graadstudie gekeur is, kon afskop.[280] Aangesien alle Fase 2-studente Krygsgeskiedenis en Staatsleer op universiteitsvlak moes volg, het alle studente wat vir universiteitstoelating gekwalifiseer het, telkens met die aanvang van die Fase 2-kursus as eerstejaars aan die Universiteit van Stellenbosch geregistreer. Langs dié weg kon diegene wat uiteindelik vir graadstudie gekeur is, direk na Fase 2 daarmee voortgaan.

Die nuwe vierfase-opleidingstelsel het 'n drastiese ommekeer in graadstudie by die Militêre Akademie tot gevolg gehad. Dit het naamlik beteken dat die normale (universiteits-) resestye uitgeskakel moes word, sodat die graadkursus in 24 maande (teenoor die normale 36 maande by burgerlike universiteite) ingepas kon word, ten einde genoeg tyd vir militêre opleiding in te ruim om kandidaatoffisiere ooreenkomstig genl. Hiemstra se opdrag[281] binne vier jaar tot op kapteinsvlak vir hul taak te bekwaam. Ten einde die Fase 2- en 3-kursusse met mekaar te versoen, is die eerste akademiese jaar in twee fases verdeel. Die eerste fase het van begin April tot einde September gestrek, waartydens die studente, naas die militêre opleiding en onderrig in algemeen vormende vakke soos Afrikaans, Engels en Militêre Leierskap wat hulle ontvang het, Krygsgeskiedenis en Staatsleer op eerstejaarsvlak afgehandel het. Gedurende die laaste sewe weke van dié fase het die studente ook inleidende kursusse in twee van die belangrikste vakke (Ekonomie (Mil.) I, Spesiale Wiskunde (Mil.)/Wiskunde (Mil.) I, Fisika (Mil.) I en Rekeningkunde (Mil.) I) wat die graadstudente in die onderskeie studierigtings tydens die tweede fase van die eerstejaar sou voortsit, ontvang. Diegene wat (vroeg in September) vir graadstudie gekeur is, het dan van begin Oktober tot einde April die volgende jaar die tweede fase van die eerstejaar afgehandel. Vyf weke vakansieverlof is gedurende die eerstejaar aan die studente toegestaan. Die tweedejaar (ongeveer 29 weke van onderrig) het aan die begin van 1 Mei

---

280. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 82, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – H Vloot, 6 November 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1, inlae 1, notule van Mil. Akad.-beplanningskonferensie, 19 Januarie 1970.

281. SANWA, MVB 35B, ongenommerde lêer "Supreme Command Meetings", notule van Opperbevelvergadering, 20 - 21 Junie 1968, p. 11.

'n aanvang geneem en tot einde Desember geduur. Die studente het gedurende hul tweedejaar vier weke vakansieverlof ontvang. Die derdejaar het van begin Januarie tot einde September die volgende jaar gestrek, in welke periode drie weke aan verlof afgestaan is.[282] Die verkorte B.Mil.-program was dus geweldig volgepak, wat groot tydsdruk op beide student en dosent geplaas het. Die negatiewe uitwerking van daarvan word in 'n volgende afdeling bespreek.

Die dosente was nie almal tevrede met die verkorte graadkursus nie en baie het klaarblyklik gevoel dat dit deur die militêre owerhede, meer spesifiek brig. Malan, synde beide Bevelvoerder van die Akademie en vader van die nuwe opleidingsmodel, op hulle afgedwing is. Dit blyk uit 'n betoog wat kmdt. C.M. Bakkes, Hoof van die Departement Krygsgeskiedenis (later Direkteur, SA Instituut vir Geskiedenisnavorsing by die RGN), op 10 September 1969 voor die Fakulteitsraad Krygskunde gelewer het toe dié Raad die nuwe B.Mil.-graadkursusse vir voorlegging aan die Universiteit van Stellenbosch goedgekeur het. Hy het hom onder meer soos volg daaroor uitgelaat:

> "Ons is vanmiddag hier saam om 'n kursus voor te stel as iets komende van die Fakulteitsraad. Eintlik heers by baie van ons die gevoel dat die kursus nie deur die Fakulteitsraad tot stand gebring is nie en dat die Fakulteitsraad eintlik maar voor voldonge feite gestel word. Van ons word verwag om die taal te spreek van wiens brood men eet.
>
> "Ek voel dat dit nodig is dat iemand beswaar sal maak teen hierdie tendens dat vir die Fakulteitsraad wesenlik gesê word hoe hy moet besluit.
>
> "Om voor te skrywe eindig nie by die leergange nie. Dit neig om verder te strek en die inhoud van die onderskeie vakke aan te dui en selfs verder te wil gaan en ook te bepaal wat belangrik is en hoe dit oorgedra moet word.
>
> "Elke departement moet dus vir homself duidelik uitstippel wat sy vak behels en daar moet daarteen gewaak word dat indiwidue en instansies buite sy vakgebied voorskryf wat sy vak moet behels ....

282. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Rapport van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 10 September 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 119, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – Registrateur US, 30 September 1970.

"Die dosente binne 'n Departement moet t.o.v. sy vak, die inhoud en die aanbieding daarvan as outonoom erken word en ons moet daarteen waak dat ander dele van ons vakgebiede die werklike kern van die vak vervang ...

"As 'n onderdeel as gevolg van inmenging van buite die kern word sal nuwe inmenging op 'n latere tydstip weer iets anders in die plek van wat teenswoordig as hoofsaak beskou word beland en op die wyse sal 'n betrokke vak geen vaste gestalte kry nie en op die ou end geen werklike peil hê nie ...

"Verder moet ons kursusse daarop ingestel wees om 'n klein minderheid na 'n B.Mil.-graad deur te neem. Ons moet nie toelaat dat die massa wat Fase II moet deurloop die standaard bepaal nie.

"Ons moet dus die wese van ons vakke bepaal en dit Akademies (sic.) aanbied. As ons twyfel of voel dat ons gestuur word in rigtings waarvan ons onseker is, dan moet ons die aangeleentheid liewer verwys na 'n komitee wat saamgestel is uit ons Dekaan, departementshoofde en die departementshoofde van die Universiteit waarmee ons saamwerk."[283]

Dit is nie vreemd dat kmdt. Bakkes hier die voortou geneem het nie, siende dat Krygsgeskiedenis een van die (verpligte) vakke was wat vir die Fase 2-kursus aangebied moes word. Hy het nietemin skynbaar die gevoel van die meerderheid van die dosente vertolk, want die vergadering het "besluit dat elke lid 'n afskrif van "hierdie woorde van kmdt. Bakkes sal kry."[284] Hierdie gevoel dat die Fakulteit tot 'n blote rubberstempel afgetakel is en die vrees dat die integriteit van die akademiese vakke uiteindelik aangetas kon word, was sekerlik 'n belangrike bydraende faktor tot die ontwikkeling van die twee konflikterende subkulture by die Akademie waarna vroeër verwys is.

Die studente het van die aanvang van die tweede fase van die eerstejaar tot en met die voltooiing van die graadkursus, afgesien van die avontuuropleiding, geen militêre opleiding ondergaan nie, ook nie gedurende vakansietye nie. Gedurende die eerste jaar het die studente aanvanklik geen avontuuropleiding ondergaan nie, terwyl daar in die tweedejaar

---

283. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van gewone vergadering van die Fakulteitsraad, 10 September 1969.

284. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van gewone vergadering van die Fakulteitsraad, 10 September 1969.

twee weke en in die derdejaar vyf weke, daarvoor opsygesit is.[285] Dié skedulering is later gewysig, sodat die eerstejaars gedurende die eerste week in Januarie, onmiddellik na hul terugkeer van die Kersvakansie, 'n week lank avontuuropleiding ondergaan het, terwyl daar geen avontuuropleiding gedurende die tweedejaar plaasgevind het nie. Eerstejaars wat studieprobleme ondervind het, het egter gedurende die week wat vir avontuuropleiding opsygesit is, die geleentheid gekry om hul probleme met die dosente te bespreek en ekstra tyd by hul boeke deur te bring. Die belangrikste avontuuropleiding van die Fase 3-studente het in hul derdejaar plaasgevind, waartydens die eerste drie weke van Januarie, asook twee weke in April vir dié doel afgesonder is. Gedurende Januarie het die leër- en lugmagstudente 'n perdrykursus by die Akademie se Berede Sentrum gevolg, terwyl die vlootstudente seemansopleiding ontvang het. (Die Akademie het in 1971 sy eie skip, bekend as HDML 1204, van die SA Vloot ontvang om aan die vlootstudente praktiese opleiding ter see te verskaf.[286]) In beide gevalle is daar ook tyd vir liggaamlike opleiding en selfstudie ingeruim. Die twee weke in April is aan avontuuropleiding op die patroon soos onder die Fase 2-opleiding in die vorige afdeling bespreek, bestee en het gewoonlik 'n staptog in die Namibwoestyn of die Visrivierafgronde behels. Die Bevelvoerder, Dekaan, kapelaan, dosente en ander staflede het dikwels aan hierdie uitputtende oefeninge meegedoen.[287]

Die bestuur en administrasie van die Fase 3-kursus het in breë trekke dieselfde patroon as dié van die Fase 2-kursus gevolg en die studente was oor die algemeen aan dieselfde roetine, eenheidsdienste en dissipline as hul makkers op die Fase 2-kursus onderworpe. Hulle het dus ook die daaglikse vlaghysingsparade op werksdae "ter bevoordeling van esprit de corps (sic.) en vereenselwiging met landsimbole (Vlag en Volkslied)", asook die weeklikse kapelaansperiodes en die maandelikse kerkparades bygewoon. Synde die senior groep teenoor die Fase 2-studente, het hulle egter meer voorregte geniet. Hulle het slegs een maal per maand (op 'n Saterdag) inspeksie gestaan en alhoewel daar ook vir

---

285. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Rapport van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 10 September 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 119, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – Registrateur US, 30 September 1970.

286. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 3, inlae 20, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – HSP, 10 Maart 1975.

287. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 1, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 3-kursusse, g.d., p.4; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 88, G/TRG/8/1/1 vol. 3, inlae 153, permit I.M.S.W.A. 59/5/2/2/1, 5 April 1973.

hulle daagliks vaste studietye neergelê is, kon die Hoof Militêre Instrukteur individuele studente op grond van hul prestasie daarvan vrystel.[288]

Die hoofdoel van die Fakulteit Krygskunde (en dus die Fase 3-opleiding), wat sover vasgestel kon word vir die eerste keer teen die begin van 1974 bewustelik volledig geformuleer is,[289] was "om 'n offisier op te lei wat, benewens die vereiste fisieke en Karaktereienskappe (sic.), oor die nodige intellektuele vermoëns sal beskik om aan die hoë eise wat moderne oorlogvoering stel te voldoen en in staat is om as voortreflike krygsleier op te tree."[290] Die strewe was voorts om "akademiese standaarde gelykstaande aan en hoër as dié van enige ander krygsakademie ter wêreld"[291] daar te stel. Die Fakulteit het ter bereiking van sy hoofdoel in ooreenstemming met die aanbevelings van die Hartzenberg- en Malan-verslae onder meer die volgende doelwitte nagestreef:

> "Die kweek van 'n gedissiplineerde, wetenskaplike denke: nie alleen krities-analities nie, maar ook kreatief ...
>
> "Onderrig in die jongste ontwikkelinge en tendensies op elke vakgebied ...
>
> "Prikkeling tot die voortdurende verbreding van die KO se algemene en professioneel toepaslike kennis, selfs nadat hy die Militêre Akademie verlaat het ...
>
> "[die ontwikkeling van] die vermoë tot selfstandige wetenskaplike navorsing (by die KO) ...
>
> "[die koppeling van] akademiese kennis met die praktiese vereistes van die KO se beroep ...
>
> "Die KO tot 'n positiewe gesteldheid tov die beroep, waartoe sy graad hom bekwaam, te kondisioneer ...

---

288. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 1, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 3-kursusse, g.d.
289. Dit was moontlik na aanleiding van die ondersoek na die funksionering van die Akademie waarmee die Direktoraat Sielkundige Dienste in daardie stadium besig was en wat in 'n latere afdeling bespreek sal word.
290. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 22, Doelwitte: Fakulteit Krygskunde, g.d. [± Februarie 1974] ; Vergelyk ook Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van vergadering van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 5 Februarie 1974.
291. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 22, Doelwitte: Fakulteit Krygskunde, g.d. [Februarie 1974] ; Vergelyk ook Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van vergadering van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 5 Februarie 1974.

"[Die kweek van] 'n waardering vir en jaloerse waaksaamheid oor ons geestes-, kulturele en militêre erfenisse (by die KO) ...

"[Die kweek van] 'n navorsings- en studiegesteldheid by dosente ... sodat hulle ... referate en publikasies op vakkundige gebied sal lewer, wat groter akademiese erkenning aan die Militêre Akademie besorg [en] kennis ... [sal] versamel wat tot voordeel van die weermag (sic.) in die breë aangewend kan word.

"[Die besorging van] die nodige militêre agtergrond (aan elke fakulteitslid (sic.)) ... wat hom in staat sal stel om sy dissipline krygskundig so ruim moontlik aan te pas."[292]

Die akademiese opvoeding van die militêre studente was dus daarop gemik om, naas die ontwikkeling van die student se akademiese kennis en vaardighede ooreenkomstig die kontemporêre eise van militêre professionalisme, ook die kulturele en sosiaal-politiese fondamente wat tydens die Fase 2-opleiding gelê is, te verstewig. Soos by die bespreking van die Fase 2-opleiding vermeld, is daar ruimskoots van kultuurvormende aktiwiteite en besoekende sprekers gebruik gemaak om laasgenoemde doelwit te bereik.

Soos wat die Malan-verslag aanbeveel het[293] en ook deur bogenoemde doelstelling gesuggereer word, het die militêre owerhede probeer om die B.Mil.-graadkursusse nouer in ooreenstemming met die opleidingsbehoeftes van die Weermag te bring en te hou. Eerstens is daar 'n poging aangewend om die vakinhoude opnuut volgens die behoeftes van die Weermag aan te pas. Verdedigingshoofkwartier het gevolglik in 1969 gedurende die winterreses vir die Akademie-dosente die geleentheid geskep om 'n toer na verskeie Weermaginrigtings en –eenhede te onderneem om hulle insig in die Weermag se behoeftes in dié verband te gee. Die gedagte was voorts dat die dosente voortaan gereeld sodanige toere sou onderneem, na militêre oefeninge uitgenooi sou word en gereeld met Weermaginstellings sou skakel om met veranderende behoeftes tred te hou en 'n beter verstandhouding tussen die dosente en die res van die Weermag te skep.[294] Daar het inderdaad gedurende die tydperk 1970 – 1975 'n redelike mate van skakeling en wedersydse raadpleging, hetsy by wyse van briefwisseling of vergaderings, tussen die

292. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 22, Doelwitte: Fakulteit Krygskunde, g.d. [± Februarie 1974].
293. Malan-verslag, pp.65 - 66.
294. Malan-verslag, pp.36 - 37, 40 – 42, 65-66; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/1/0 (Vertroulik), inlae 14, brief HVS/207/5/1, HVS – H Leër, etc., 6 Junie 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 16, inlae 60, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 15 Mei 1970.

Akademie en die weermagsdele plaasgevind om leerplanontwikkeling in ooreenstemming met Weermagbehoeftes te laat geskied.[295] Die vier nuwe vakke (Toegepaste Wiskunde, Volkekunde, Sielkunde en Sosiologie) wat die Malan-verslag op grond van die geartikuleerde behoeftes van die Weermag in die vooruitsig gestel het, is egter nooit ingestel nie,[296] waarskynlik vanweë die koste wat die aanstelling van addisionele dosente sou meebring. Met die toenemende behoefte aan rekenaargeletterdheid in die Weermag, is daar egter met ingang van 1 Oktober 1972 'n pos vir 'n dosent in Rekenaarwetenskap op die Akademie se diensstaat geskep.[297] Die pos is egter eers teen Oktober 1974 gevul. Hoewel die gedagte was dat Rekenaarwetenskap by die B.Mil.-kursus ingesluit sou word, is dit aanvanklik as 'n nie-graadvak ingestel bloot om alle kandidaatoffisiere met die gebruik van die rekenaar vertroud te maak.[298]

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.D. Potgieter was van oordeel dat daar in die Weermag 'n behoefte aan 'n vak was wat op die bestudering van militêre strategie ingestel was en dat "die rede waarom Strategie as studierigting by UNISA aangebied word en nie deur die Militêre Akademie nie, is omdat die inisiatief nooit deur die Militêre Akademie geneem is nie."[299] Hy het hom gevolglik vir die instelling van 'n vak genaamd "Eietydse Militêre Studies" (aanvanklik Militêre Filosofie) beywer, eers ter voorbereiding net vir die Fase 2-kursus en dan later ook as 'n graadvak. Dié vak sou in die lig van die Weermag se veiligheidswaardering op die kommunisties-geïnspireerde rewolusionêre bedreiging teen die RSA fokus en derhalwe, naas bepaalde aspekte van rewolusionêre en teenrewolusionêre oorlogvoering, onder meer ook die swartman as vyand bestudeer.[300]

---

295. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 3, G/TRG/6/2 vol. 18, inlae 29, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 24 Januarie 1972; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 25, brief A/PERS/22/0, H Leër – HVS, 30 April 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 26, brief G/TRG/5/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 16 Mei 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 70, G/TRG/5/0 vol. 1, inlae 11, brief G/TRG/5/0, Bev. Mil. Akad. - H Leër, etc., 21 Maart 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 37, brief G/TRG/5/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 10 Junie 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 15b, notule van vergadering gehou te HSP insake opleiding van jong offisiere, 30 September 1975.
296. Van der Westhuizen-verslag, p.23.
297. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/3/1/20 vol. 2, inlae 10, brief HVS/207/5/1, DGAA – Bev. Mil. Akad., 8 November 1972.
298. SANWA, HWA/DGAA 110, DGAA/84/5/2 vol. 1, inlae 31, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. - DGAA, 8 November 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 143, brief G/TRG/14, Dekaan Mil. Akad. – Registrateur (Akademies) US, 17 September 1974.
299. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 40, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 13 Mei 1974.
300. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2 (ISOPLAN) vol. 1, inlae 40, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 13 Mei 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2 vol. 22, inlae 33, Bev. Mil. Akad. – HSP, 27 Mei 1974.

Brig. Potgieter het hom egter met die inisiatief-kwessie vergis, want die Fakulteit het inderdaad "alreeds in die verlede ... versoek dat Staatsleer II met toespitsing op Strategiese Studies ingevoer word", maar dit is weens "gebrek aan ruimte en geld" nie goedgekeur nie.[301] Ofskoon daar voortgegaan is met beplanning om Eietydse Militêre Studies teen April 1975 by die Fase 2- kursus (waar verskeie elemente van die beoogde vakinhoud in elk geval onder ander benamings aangebied is) te implementeer,[302] het dit nie as graadvak gerealiseer nie.

Ten spyte van bogenoemde pogings om die Akademie-leerplanne met die behoeftes van die Weermag te versoen, het die militêre owerhede nagelaat[303] om die belangrikste instrument wat die Malan-verslag vir dié doel in die vooruitsig gestel het, naamlik 'n Militêre Akademie Beheerraad, tot stand te bring. Brig. Malan se visie vir so 'n Raad (bestaande uit vooraanstaande akademici en hoë militêre offisiere) was naamlik onder meer dat wanneer "die take en behoeftes van die Weermag in sy geheel of [van] weermagsdele of onderafdelings verander ... die Raad ... dienooreenkomstige wysiging in die vakleerplanne of kursusrigtings (kan) aanbeveel" en dat die Raad "n ruime vooruitskatting van die behoeftes en ontwikkelingtendense (sic.) van die Weermag kan maak en wysigings in die akademiese opleidingstelsel gevolglik betyds aangebring kan word."[304] Waarom so 'n Raad nie in die lewe geroep is nie, is nie duidelik nie, want twee latere verslae in die middel van die sewentigerjare[305] het die behoefte daaraan herbevestig. Van die navorsingsinrigting wat op aanbeveling van die Malan-verslag by die Akademie gestig sou word om op hoogte van nuwe ontwikkelings "op die gebied van die opvoedkunde en metodiek" te bly en moes toesien dat die leerplanne en opvoedkundige tegnieke van die Akademie gereeld in die lig daarvan aangepas word, het insgelyks niks gekom nie.[306]

Soos met die Fase 2-kursus, het die Akademie ook wat die Fase 3-kursus betref in die buiteland gaan kers opsteek en probeer om met internasionale ontwikkelinge in militêr-akademiese opleiding tred hou. Inligting en studiegidse is byvoorbeeld gedurende 1969 tot 1975 onder meer van militêre akademies en ander offisiersopleidingsinrigtings in die VSA,

301. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Notule van vergadering van die Fakulteitsraad, 14 Mei 1974.
302. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2 vol. 22, inlae 33, Bev. Mil. Akad. – HSP, 27 Mei 1974.
303. Van der Westhuizen-verslag, pp.45.
304. Malan-verslag, Aanhangsel D.
305. Van der Westhuizen-verslag, pp.45, 47; Mil. Akad. Argief, Verslag deur Komitee van ondersoek na die doeltreffendheid van die Militêre Akademie te Saldanha (hierna: Biermann-verslag), 21 Junie 1976, pp.8, 10.
306. Malan-verslag, pp.34, 81.

Nederland, België, Oostenryk en Brittanje bekom en benut.[307] Die dosent in Seevaartkunde (vroeër bekend as Vlootnavigasie), kdr. I.C. Little, het voorts gedurende 1974 'n uitgebreide toer van vyf weke na die VSA, Brittanje en die Nederlande onderneem om die stand en onderrig van sy vak in vooraanstaande buitelandse vlootakademies en ander maritieme instellings te bestudeer en inligting met die oog op die saamstel van 'n Seevaartkundehandboek in te samel.[308] Alhoewel kernhandboeke vir die verskillende graadvakke voorgeskryf is, het die onderrig tydens die Fase 3-kursus hoofsaaklik geskied aan die hand van précis wat die dosente uit verskillende bronne (waaronder die handleidings van buitelandse akademies) saamgestel het.[309] Hoe goed dié précis ook al inhoudsgewys was, was dit uit 'n akademiese oogpunt grootliks teenproduktief. Die meeste studente het na bewering eenvoudig die inhoud van die précis uit hul koppe geleer en nooit werklik geleer om self die leerstof te assimileer, op te som en hul eie te maak nie.[310] Toetse en eksamens het gevolglik eerder die student se retensievermoë as sy insig getoets, aldus lt.kol. (dr.) C.J. Jacobs,[311] 'n oudstudent van die Akademie uit daardie era. Dié toedrag van sake was sekerlik nie bevorderlik vir die ontwikkeling van "krities-analitiese en kreatiewe denke" en die vermoë tot "selfstandige wetenskaplike navorsing", soos in die Fakulteit se doelstellings vervat nie.

Die militêre owerhede het nie daarin geslaag om 'n stelsel in werking te stel om die dosente se militêre agtergrond te verbreed nie,[312] terwyl daar ook nie veel tereggekom het van die Fakulteit se doelstelling om die dosente se akademiese ontwikkeling, asook die beeld van die Akademie, deur die publikasie van wetenskaplike artikels, die lewer van referate by

---

307. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 14, inlae 162, brief kol R.F. Holtzhausen – kol. Kern P. Pitts, VSA-leërattaché, 13 Junie 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 7, brief kdr. I.C. Little – Senior Opleidingsoffisier, H.M.S. *Dryad*, g.d.; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 12, brief kdr. I.C. Little – lt.kdr. G.C. Marshall, Hoof Navigasieseksie, H.M.S. *Dryad*, 5 Januarie 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 14, brief Bev. Mil. Akad. – Kaptein, H.M.S. *Dryad*, 25 Mei 1971; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 137, Bev. Mil. Akad. – HSP, 3 Maart 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 156A, SA Militêre en Lugattaché, Wenen – HSP, 24 Junie 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 158, verslag deur kol. C. Lombard insake besoek aan *Koninklijke Militaire School*, Brussel, 27 Junie 1975.

308. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 117, verslag deur kdr. I.C. Little insake oorsese studietoer, 4 November 1974.

309. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 1, Beleidsvoorskrif t.o.v. bestuur van Fase 3-kursusse, g.d.

310. Vergelyk Sielkundige Dienste-verslag, pp.89 – 90 en byvoegsels 7 - 9 by Aanhangsel C, asook C.J. Jacobs – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 10 Januarie 1995.

311. C.J. Jacobs – G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 10 Januarie 1995.

312. Vergelyk SANWA, MVB 184, MV53/2, inlae 15, notule van Verdedigingstafraadvergadering, 18 April 1975, p.3.

vakkongresse en die aanbied van akademiese konferensies te bevorder nie.[313] Kdr. Little het wel tydens sy bovermelde buitelandse toer op uitnodiging van die VSA se Institute of Navigation twee referate gelewer by 'n konferensie wat deur daardie instelling aangebied is. Beide referate is in die Amerikaanse maritieme vaktydskrif *Navigation* gepubliseer.[314] Die Regering en die Weermag was egter nie bereid om die Akademie vryelik aan die akademiese debat te laat deelneem nie. Kdr. Little het in Februarie 1975 die Departement van Inligting meegedeel dat die Akademie "for reasons connected with the SADF"[315] nie kon voortgaan om soos beplan 'n internasionale navigasiekonferensie aan te bied nie. Die Akademie het wel in April 1975 'n simposium oor strategie aangebied, maar dié poging tot vrye interaksie met die akademiese gemeenskap het skipbreuk gely, toe een van die sprekers, 'n universiteitsprofessor van buite die Weermag, in sy referaat die détentepogings van die Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, gekritiseer het. Die Eerste Minister en die Minister van Verdediging was "nie gelukkig daaroor dat sulke referate op Weermagsterrein gelewer word aan 'n ope gehoor insluitende die pers nie." Die Hoof van die Weermag, adm. H.H. Biermann, het daarop gewys dat die Akademie nie 'n "'ope' universiteit" was nie, maar "part en deel van die SA Weermag" en alhoewel hy begrip daarvoor gehad het dat "die Akademie sy beeld na buite wou uitbou", sou daar na sy mening "meer skade as goed kom" van simposiums waarop "die Regering gekritiseer word." Hy het derhalwe opdrag gegee dat "referate wat by simposiums en soortgelyke byeenkomste in Weermaginrigtings gehou word" vooraf aan hom vir "goedkeuring en klaring met die Minister" voorgelê moes word.[316] In Augustus 1975 het kdr. Little die Nederlandse Maritieme Instituut meegedeel dat die Akademie ver gevorderd was met reëlings vir 'n internasionale konferensie wat in Oktober van daardie jaar aangebied sou word, toe "for one or other reason there was a distinct change of attitude from 'on high' and the whole thing was squashed."[317] Politieke inmenging in die Weermag het dus duidelik akademiese vryheid by die Militêre Akademie aan bande gelê.

---

313. Sielkundige Dienste-verslag, pp.86, 178.
314. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 55, Bev. Mil. Akad. – H Vloot, 15 Augustus 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 117, verslag deur kdr. I.C. Little insake oorsese studietoer, 4 November 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 134, ongenommerde brief, Uitvoerende Direkteur, Institute of Navigation, Washington - kdr. I.C. Little, 13 Februarie 1975.
315. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 133, Bev. Mil. Akad. (kdr. I.C. Little nms.) – Sekretaris van Inligting, 17 Februarie 1975.
316. SANWA, MVB 184, MV53/2, inlae 15, notule van Verdedigingstafraadvergadering, 18 April 1975, pp.1 - 2.
317. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 158, Bev. Mil. Akad. (kdr. I.C. Little nms.) – Sekretaris van Inligting, 17 Februarie 1975.

## 5.8 POGINGS OM DIE BENUTTING VAN DIE AKADEMIE TE OPTIMALISEER

Die Akademie-dosente het gedurende die sestiger- en sewentigerjare, soos in die verlede, voortgegaan om lesings in vakke soos Krygsgeskiedenis, Militêre Geografie, Staatsleer, Lugvaartkunde en dies meer by die weermagsdeelkolleges en ander opleidingsinrigtings aan te bied.[318] Verder het die Akademie ook soms op aanvraag kort kursusse, onder meer 'n sternavigasiekursus vir junior offisiere wat direkte kommissie-aanstellings in die Vloot ontvang het, aangebied.[319] Ofskoon die Akademie daardeur tot effens groter nut vir die Weermag gemaak is, is die volle potensiaal van dié instelling hoegenaamd nie ontgin nie. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.D. Potgieter, het in Februarie 1973 die Hoof van Verdedigingstaf, lt.genl. W.R. van der Riet, se aandag daarop gevestig dat die Fakulteit Krygskunde "nie tot sy optimum benut (word) nie, juis in 'n tydvak waar daar 'n tekort aan leiers bestaan wat akademies goed onderleg is. Hy het dus versoek dat die geleentheid tot veral nagraadse studie aan die Akademie so wyd as moontlik in die Weermag bekend gemaak word. Hy het in dié verband daarop gewys dat gunstiger omstandighede in 1972 vir nagraadse studie aan die Militêre Akademie geskep is, deurdat die Universiteit van Stellenbosch toestemming verleen het[320] dat die Fakulteit Krygskunde studente op 'n deeltydse basis tot honneursstudie kon toelaat. Volgens dié stelsel het studente twee keer per jaar vir sowat twee maande voltydse onderrig by die Akademie ontvang, terwyl hulle die res van die honneurskursus deur middel van voorgeskrewe selfstudie by hul tuiseenhede kon voltooi. Om die studente verder tegemoet te kom, kon die honneursstudie ook oor twee jaar versprei word, met ongeveer twee maande voltydse onderrig by die Akademie per jaar. Brig. Potgieter het verder voorgestel dat enige jong offisier (d.w.s nie net kandidaatoffisiere nie) wat aan die universiteitsvereistes voldoen het en begerig was om die B.Mil.-kursus te volg, die geleentheid gegun moes word om dit te doen. Verder het hy versoek dat daar jaarliks aan ses kandidate die geleentheid gebied word om vir honneursstudie by die Akademie in te skryf. Vanweë die werkslas van die

---

318. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 2, brief G/TRG/6/1/1382G, kol. C.L. Viljoen – brig. M.A. de M. Malan, 18 Augustus 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 2) 2, G/TRG/6/2 vol. 15, inlae 6, brief HVS/208/2/1, HVS – Bev. Mil. Akad., 25 Augustus 1969; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/14/0 vol. 3, inlae 34, brief LNS/807/3, kmdt. D.K. Ferreira – brig. M.A. de M. Malan, 3 Maart 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 70, G/TRG/5/0 vol. 1, inlae 17, brief 9/2/2, Bev. SA Verdedigingskollege – Bev. Mil. Akad., 31 Oktober 1975.

319. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 56, brief VSH3/9/2, H Vloot – Bev. Mil. Akad., etc., 15 Februarie 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 21, inlae 1, brief VSH3/9/2/2, H Vloot – Bev. Mil. Akad., 29 Junie 1973; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 21, inlae 4, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. - H Vloot, 6 Julie 1973.

320. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 19, inlae 169, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – HVS, 7 Desember 1972.

dosente was die gedagte om nie elke jaar honneurskursusse in elke vak aan te bied nie, maar dat die verskillende vakke afwisselend aan die beurt sou kom, beginnende met 'n honneurskursus in Ekonomie en Bedryfsekonomie in 1974. Sy voorstel het voorts gelui dat offisiere wat die B.Mil.- of B.Mil.-honneurskursus wou volg, as instrukteurs by die Tak Militêre Opleiding aangestel kon word en hul kursusse op 'n deeltydse basis kon voltooi. Brig. Potgieter het ook aan die hand gedoen dat offisiere wat reeds oor nagraadse kwalifikasies beskik het en begerig was om verder te studeer, vir 'n paar jaar as dosente by die Akademie aangestel moes word om hulle die geleentheid te bied om 'n M.- of D.Mil.-graad te verwerf.[321]

Lt.genl. Van der Riet het brig. Potgieter se voorstelle aan die Kommandant-generaal, adm. H.H. Biermann, voorgelê,[322] wat dit in beginsel goedgekeur het.[323] Lt.genl. Van der Riet het daarop die geleentheid tot nagraadse studie onder die aandag van die weermagsdele gebring en hulle genooi om kandidate vir die ses vakatures in die honneurskursus in Ekonomie en Bedryfsekonomie in 1974 te nomineer.[324] (Alhoewel hy in daardie stadium geen melding van die toelating van offisiere (naas kandidaatoffisiere) tot voorgraadse studie gemaak het nie, is, soos later bespreek sal word, uiteindelik ook aan daardie voorstel uitvoering gegee.) Die moontlikhede ten opsigte van nagraadse studie aan die Akademie het in 1974 verder verbreed, toe die Fakulteit Ingenieurswese op Stellenbosch se hulp ingeroep is om die aanbied van 'n honneurskursus in Lugvaartkunde moontlik te maak. Die Akademie het naamlik toestemming van dié Fakulteit verkry dat 'n honneursstudent in Lugvaartkunde aan die Fakulteit Krygskunde bepaalde modules wat nie by die Akademie aangebied is nie, aan die Fakulteit Ingenieurswese kon bywoon.[325] Ander dissiplines het later dié voorbeeld gevolg, nie net in gevalle waar bepaalde modules nie op Saldanha aangebied is nie, maar ook om studente aan 'n wyer akademiese milieu bloot te stel en dus hul horisonne te verbreed.

---

321. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 66, brief G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. - HVS, 28 Februarie 1973.
322. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 4, memorandum HVS/84/5/2, HVS – KG, 24 April 1973.
323. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 4, aantekening deur KG op memorandum HVS/84/5/2, HVS – KG, 24 April 1973.
324. SANWA, KG K55 L129, KG/REG/6/4/9/6, inlae 13, brief HVS/84/5/1, HVS – H Leër, etc., 15 Oktober 1973.
325. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 78, brief G/TRG/6/2, Dekaan Mil. Akad. – Dekaan Fakulteit Ingenieurswese US, 14 Maart 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 1, inlae 97, ongenommerde brief, Wnd. Dekaan Fakulteit Ingenieurswese US - Dekaan Mil. Akad., 1 April 1974.

Die hele poging om nagraadse studie by die Akademie te vestig, het nie veel vrugte afgewerp nie. Slegs drie kandidate (twee in 1974 en een in 1976) het in die sewentigerjare Hons.B.Mil.-grade verwerf. Dit het die totaal sedert die eerste kandidaat dié kwalifikasie in 1965 verwerf het, op 'n skamele vier kandidate te staan gebring. Van M.Mil.- en D.Mil.-studies aan die Akademie het daar totaal niks gekom nie.[326] Die aanpassings wat gemaak is om nagraadse studie te fasiliteer, was duidelik nie voldoende om die struikelblokke in dié verband (soos in hoofstuk 4 bespreek) te oorkom nie. Die enigste oplossing sou waarskynlik gewees het om nagraadse studie, soos voorgraadse studie in die geval van jongoffisiersopleiding, 'n formele deel van die hoër opleiding (junior, senior en gesamentlike stafkursusse) van geselekteerde offisiere te maak.

## 5.9 DIE STUDENTELEWE AAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1968 - 1975

Die studentelewe aan die Akademie het onder die nuwe bedeling klaarblyklik maar die ou patroon volgens die gevestigde tradisies van die verlede gevolg, alhoewel tydsdruk vanweë die vol kursusprogramme vermoedelik beperkend op die studente se na-uurse bedrywighede ingewerk het. Ondanks die verbod wat van owerheidsweë daarop geplaas is, het die Fase 3-studente elke nuwe Fase 2-groep wat aangemeld het, ontgroen. Wetende dat dit baie moeilik sou wees om te verhoed dat een of ander vorm van ontgroening plaasvind, het die bevelskader van die Akademie die standpunt gehandhaaf dat dit "beter is om sekere aspekte amptelik toe te laat, rigting te gee en dit te beheer as om 'n algehele verbod op 'ontgroening' te plaas (wat prakties baie moeilik afdwingbaar is) en dit 'ondergrond' (sic.) te dryf met allerlei wanpraktyke tot gevolg."[327] Dié opvatting was nie uniek aan die Akademie nie, maar is onder andere ook deur die *Koninklijke Militaire School* in Brussel gehandhaaf, waar "ontgroening nie alleen toegelaat word nie maar ook aangemoedig [word] daar dit beskou word as deel van die karaktervorming van die jong kadet."[328] Die *Militaire School* het egter "beheer en toesig ... toegepas om te verseker dat dit nie buitensporig raak nie."

Die Akademie het verkies om nie die term "ontgroening" te gebruik nie en derhalwe aan die senior studente toestemming verleen om 'n "oriënteringstydperk" vir die nuwelinge in te stel.

326. Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.–graduandi.
327. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad.- HVS, 22 Mei 1972.
328. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1, inlae 158, verslag deur kol. C. Lombard insake besoek aan *Koninklijke Militaire School*, Brussel, 27 Junie 1975.

Die oriëntering is deur 'n oriënteringskomitee, wat uit die geledere van die Fase 3-studente aangestel is en direk aan die Hoof Militêre Instrukteur verantwoordelik was, gereël. Dit was daarop gemik om die junior en senior studente die geleentheid te gee om mekaar te leer ken, 'n gesonde eenheidsgees op te bou, die nuwelinge by die eenheidsroetine in te lyf en die "senioriteitsverhouding" tussen die Fase 2- en 3-studente te "stabiliseer." Die ontgroening het vermoedelik maar dieselfde patroon as vroeër gevolg, maar met die uitdruklike verstandhouding dat dit hoogstens twee weke sou duur, geen student "se persoon" fisies (insluitende deur liggaamlike oefeninge) of andersins aangetas sou word nie, dit nie met die nuwelinge se studietyd sou inmeng nie en oud-onderoffisiere (d.w.s. die ouer lede van die Fase 3-kursusse) slegs daaraan onderwerp sou word as hulle vrywillig daaraan meegedoen het. Soos te wagte kon wees, was daar gevalle waar seniors die reëls oortree en byvoorbeeld die nuwelinge liggaamsoefeninge laat doen het. Wanneer dit aan die lig gekom het, is dit egter dadelik stopgesit.[329]

Die Akademie-studente (fase 2-kursusgangers ingesluit) het onder die nuwe bedeling steeds op informele vlak aan die studentebedrywighede op Stellenbosch deelgeneem en onder meer jaarliks die "popfees" bekend as die "Akkerjol" daar bygewoon.[330] Studenteorganisasies op Stellenbosch het egter van die laat sestigerjare af probeer om die Akademie-studente formeel by die georganiseerde studentelewe op die moederkampus te betrek. Die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch het in Oktober 1969 die voortou geneem deur 'n uitnodiging aan die Akademie te rig om via dié vereniging by die Afrikaanse Studentebond in te skakel.[331] Brig. Malan het egter dié uitnodiging van die hand gewys, aangesien die militêre studente se program van 1970 af "dermate gekonsentreer [was] dat die instelling van enige verdere na-uurse studenteaktiwiteite, hoe belangrik dit ookal (sic.) is, ongewens sal wees", maar die wens uitgespreek dat daar tog "van tyd tot tyd op informele basis met sekere van ... [die Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch se] departemente geskakel kan word."[332] In Januarie 1974 het die Universiteit van Stellenbosch se Karnavalkomitee die Akademie uitgenooi om formeel by die

329. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad.- HVS, 22 Mei 1972.

330. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, p.3, g.d. [April 1972].

331. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/OPS/13 vol. 1, inlae 8, ongenommerde brief, J.A. Loubser – lt. G.N. Opperman, 18 Oktober 1969.

332. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/OPS/13 vol. 1, inlae 9, brief G/OPS/13, Bev. Mil. Akad. - J.A. Loubser, 31 Oktober 1969.

karnavalbedrywighede in te skakel.[333] Die destydse Bevelvoerder, brig. J.D. Potgieter, het dié geleentheid tot nouer bande met die moederkampus verwelkom en dadelik 'n verteenwoordiger uit die geledere van die Akademie-studente aangewys om die Akademie se deelname aan die Matie-karnaval te koördineer.[334] Soos in die volgende hoofstuk aangetoon sal word, het die Akademie-studente sedertdien jaarliks met groot welslae aan die Matie-karnaval deelgeneem.

Kdr. (later kdoor.) C.J. de Villiers, dosent in Vlootnavigasie en Voorsitter van die Militêre Akademie Sportklub, het in Mei 1970 geskryf "'n Offisier moet fiks wees; 'n student moet – te midde van sy akademiese bedrywighede – ontspan."[335] Benewens die rol wat sport saam met liggaamlike opleiding gespeel het om die doelwit van fisiese fiksheid, waarop so baie klem gelê is, te bereik, het sport dus ook 'n belangrike deel van die studentelewe op Saldanha uitgemaak. Die groot studentetal wat die Malan-model na die Akademie gebring het, het weliswaar groot druk op die eenheid se beperkte sportfasiliteite geplaas, maar dit het terselfdertyd gehelp om die beperkings wat die klein studentetal vroeër op die beoefening van spansport geplaas het, te bowe te kom. Die onderlinge kompetisie tussen die Fase 2- en 3-kursusse, die staf en studente, asook tussen die Weskuseenhede het 'n gesonde kompetisiegees aangewakker en vir veel opwinding gesorg. Waar getalle dit vereis het, het die Akademie, soos in die verlede, met welslae met die ander Weskuseenhede saamgespan om in die plaaslike ligas mee te ding. Omdat sport so 'n sleutelrol in die opbou van 'n gesonde *esprit de corps* kan speel, was die Fase 2-studente verplig om alle sportbyeenkomste en –wedstryde teen besoekende spanne by te woon en geesdriftige ondersteuning aan die Akademiespanne te gee.[336]

Die see het natuurlik 'n besondere geleentheid aan watersportgeesdriftiges gebied en die studentelewe aan die Akademie uniek gemaak. Kdr. De Villiers skryf:

---

333. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/37/2 vol. 1, inlae 93, ongenommerde brief, Voorsitter US Karnavalkomitee – Bev. Mil. Akad., 12 Januarie 1974.

334. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/37/2 vol. 1, inlae 95, brief A/PERS/37/2, Bev. Mil. Akad. - Voorsitter US Karnavalkomitee, 29 Januarie 1974.

335. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/2 vol. 1, inlae 16, manuskrip van artikel deur kdr. C.J. de Villiers oor sport by die Militêre Akademie, aangeheg by brief G/TRG/18/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 28 Mei 1970.

336. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 10, Militêre Akademie Sportklub: Jaarverslag 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/2 vol. 1, inlae 16, manuskrip van artikel deur kdr. C.J. de Villiers oor sport by die Militêre Akademie, aangeheg by brief G/TRG/18/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 28 Mei 1970; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 14A, inligtingsbrosjure ("Wie, Wat, Waar"): Kursus G722, g.d. [April 1971]; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/0 vol. 2, inlae 1, Militêre Akademie Sportklub: Jaarverslag Oktober 1973 – September 1974.

"Vir diegene wat die see liefhet, is die Militêre Akademie ideaal geleë. Die Seebries wat so gereeld oor die blou waters van Saldanhabaai swiep, is sonder weerga vir die beoefening van seilsport. En met die bote van SAS Saldanha (sic.) tot hul beskikking, is die Akademievaarders voorwaar bevoorreg. Die branderplankryers kan eweseer van geluk spreek. Vir hulle bied die Atlantiese deinings van die Weskus, juis in die onmiddellike omgewing van Saldanha, die geleentheid om na hartelus op die skuimtoppe langs strandwaarts te snel."[337]

'n Ander sportsoort wat die studentelewe op Saldanha uniek gemaak het, was die perdrykuns. Die Militêre Akademie Berede Sentrum het in 1970 sy eie gebouekompleks ryker geword,[338] terwyl die vaardigheid en entoesiasme van kpln. V.J. Borchers die beoefening van dié sportsoort tot nuwe hoogtes gevoer het. Synde 'n kranige ruiter en daarby 'n puik afrigter, het hy die studente in die skoukuns onderrig, sodat sy eerste klompie "geesdriftige leerlinge" reeds in Mei 1970 "hul eerste toetse as skouruiters met welslae afgelê het."[339] Vir menige student was die hoogtepunt van die perdrykuns egter sekerlik die onvermydelike ritte langs die strand en die uitritte in die natuurskone Weskusomgewing.

## 5.10 DIE UITFASERING VAN FASE 2-OPLEIDING BY DIE AKADEMIE

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.D. Potgieter, het teen die begin van 1973 Verdedigingshoofkwartier se aandag daarop gevestig dat daar duidelik 'n dalende tendens in die prestasie van die Akademie-studente te bespeur was namate hulle met die B.Mil.-kursus gevorder het.[340] Bekommerd dat "students may be experiencing study saturation because of the intensive nature of the course in comparison with [other] university courses",[341] het die Hoof van Verdedigingstaf, lt.genl. W.R. van der Riet, teen die

337. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/2 vol. 1, inlae 16, manuskrip van artikel deur kdr. C.J. de Villiers oor sport by die Militêre Akademie, aangeheg by brief G/TRG/18/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 28 Mei 1970.

338. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1, inlae 10, Militêre Akademie Sportklub: Jaarverslag 1970.

339. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/2 vol. 1, inlae 16, manuskrip van artikel deur kdr. C.J. de Villiers oor sport by die Militêre Akademie, aangeheg by brief G/TRG/18/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 28 Mei 1970.

340. Sielkundige Dienste-verslag, p.1.

341. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 vol. 20, inlae 118, brief HVS/84/5/1, HVS – G.G., 29 Mei 1973.

einde van Mei daardie jaar die Geneesheer-generaal se Direktoraat Sielkundige Dienste opdrag gegee om ondersoek na dié verskynsel in te stel. Die Direkteur Sielkundige Dienste het, gedagtig aan die vele faktore wat die prestasie van die studente kon beïnvloed, besluit om die hele stelsel van kwalifiseringsopleiding vir junior offisiere (met die uitsondering van Fase 4-opleiding) onder die loep te neem en probleemareas te identifiseer, eerder as om bloot die Fase 3-kursus (graadstudie) te ondersoek.[342] Vir die doel van hierdie hoofstuk sal daar egter slegs aandag geskenk word aan dié bevindings en aanbevelings van die Sielkundige Dienste-verslag wat direk met die kwaliteit en doeltreffendheid van die Fase 2- en 3-kursusse by die Akademie verband gehou het. Ander bevindings en aanbevelings van die verslag sal, waar toepaslik, in die volgende hoofstuk aangeroer word.

Die Direktoraat Sielkundige Dienste het die ondersoek na die stelsel van kwalifiseringsopleiding vir junior offisiere aan lt. L.J. du Toit opgedra. Hy het in Maart 1974 'n lywige verslag ter tafel gelê, waarin hy bevind het dat die Fase 2-kursus nie al drie weermagsdele se behoeftes bevredig het nie en ook nie die oogmerke van gesamentlike opleiding bereik het nie. Die keuring en evaluasie van die studente was na sy mening weens 'n "gebrek aan posontledings" en "onduidelikheid tov militêre leierskap" nie in ooreenstemming met die take wat hulle uiteindelik moes verrig nie. Verder het hy bevind dat die "verstandelike helderheid van die (Fase 2-) kandidate nie aan die verwagtings voldoen [het] nie" en dat hulle nie na wense presteer het nie. Die gemiddelde kursusverlies van 30,4% (8,3% onttrekkings en 22,1% druipelinge) was te hoog. Daarby het die heterogene samestelling van die Fase 2-kursus ten opsigte van ouderdom, ervaring en weermagsdeel tot formele en informele groepvorming gelei, wat die doel van gesamentlike opleiding verydel het. Die Leër was tevrede met die aard en inhoud van die Fase 2-kursus (dit was immers 'n leëroffisier wat die stelsel ontwerp het!), maar die Lugmag en die Vloot was van mening dat die spesifieke aanwending van die kandidaat nie by die opleiding van die Fase 2-studente in ag geneem is nie. Die opleiding was gevolglik nie vir hul doel relevant nie, terwyl die standaard in sommige gevalle te hoog was en daar te veel klem op evaluasie eerder as werklike vorming gelê is. In aansluiting daarby was hulle ontevrede met die "finale (offisiers-) keuring" wat die Fase 2-kursus verteenwoordig het, omdat hulle langs dié weg te midde van die tekort aan offisiere baie bruikbare kandidate op grond van ontoepaslike keurings- en evalueringskriteria verloor het.[343]

342. Sielkundige Dienste-verslag, pp.1 - 3.
343. Sielkundige Dienste-verslag, pp.51(a) – 77, 173 - 177.

Wat die Fase 3-opleiding betref, het lt. Du Toit bevind dat die samepersing van die graadstudie in 24 maande, sonder resestye, moontlik tot "óf ... tydsdrukte ... óf ... ['n] verlaging van standaard" gelei het. Hy het onder meer bevind dat die gebruik van die précis-stelsel (wat gespruit het uit die feit dat die tyd vanweë die verkorte graadkursus te min en die werk te veel was) tot oppervlakkige studie en papegaaiwerk gelei het. Die verkorte graadkursus en gebrek aan diepgaande studie het by die studente die persepsie geskep dat die B.Mil.-graad nie op dieselfde standaard as grade by burgerlike universiteite was nie. Verder het hy bevind dat die dosente 'n "vaderlike rol" teenoor die studente vervul het, wat moontlik daartoe gelei het dat dosente onbewustelik standaarde verlaag het om te verhoed dat hul "seuns" druip. Sy ontleding van die prestasie (slaag/druip) van studente in die verskillende vakke het getoon dat die prestasie in Krygsgeskiedenis, Staatsleer, Fisika en Wiskunde goed met die situasie aan die Universiteit van Stellenbosch vergelyk het, terwyl die prestasie in sommige ander vakke heelwat hoër as op die moederkampus was. Een vak, te wete Ekonomie (Mil.), het sedert 1970 met 'n 100%-slaagsyfer gespog in vergelyking met die Universiteit van Stellenbosch se 68,69%. Globaal gesien het 90,97% van die studente aan die Akademie "bevredigend presteer" teenoor 76,36 aan die Universiteit van Stellenbosch, wat beteken het dat die Akademie-studente oor 24 maande beter as hul Stellenbosch-kollegas oor 36 maande presteer het. Dit het, aldus lt. Du Toit, moontlik 'n vraagteken oor die standaard van die graadkursus geplaas. Verder het hy bevind dat die kompaktering van die graadkursus en die afwesigheid van resestye die dosente min tyd vir navorsing gelaat het, ofskoon die dosente se uitset ten opsigte van navorsing en publikasies in elk geval selfs onder die vorige bedeling gering was. Daarby het die geografiese isolasie van Saldanha negatief op die studente se akademiese, sosiaal-kulturele en militêre vorming ingewerk (laasgenoemde weens 'n gebrek aan interaksie met die res van die Weermag) en sommige dosente 'n gevoel van akademiese vereensaming laat ervaar.[344]

Lt. Du Toit het verder bevind dat organisasiekultuur by die Akademie, spesifiek die bestaan van die botsende subkulture van die Fakulteit Krygskunde en die Tak Militêre Opleiding waarna vroeër verwys is, nie bevorderlik vir "gesonde opleiding" was nie en verhoed het dat die Akademie sy oorkoepelende doelwitte ten opsigte van offisiersvorming bereik. Na sy mening het die "tweeledige bevelstruktuur nl (sic.) die Bevelvoerder van die Eenheid en die Dekaan van die Fakulteit [wat beide die rang van brigadier beklee het], asook ondermynende elemente onder die senior lede [van die Fakulteit] ... die bevelstruktuur ...

---

344. Sielkundige Dienste-verslag, pp.86 - 94, 103 - 107, 177 – 178, asook byvoegsels 7 - 9 by Aanhangsel C.

lamgelê." (Hy het egter daarop gewys dat brig. De Vos persoonlik nie die bevelstruktuur benadeel het nie, maar dat sommige lede van die Fakulteit die dualistiese bevelstruktuur uitgebuit en eenheid van bevel ondermyn het.) Hy het bevind dat die Bevelvoerder (wat hy nie in sy ondersoek geken het nie[345]) "vir alle praktiese doeleindes nie beheer oor die Akademiese tak (sic.) [gehad het] nie" en dat daar 'n "klimaat van konflik tussen die personeel van die Militêre tak (sic.) en die Fakulteit" geheers het. Die twee "subsisteme" van die Akademie het, aldus lt. Du Toit, in "waterdigte kompartemente" beweeg, wat "koördinasie, integrasie, kommunikasie en 'n gevoel van gemeenskaplikheid skipbreuk [laat] ly [het]." Die student het "tussen hierdie twee subsisteme beweeg", wat sy motivering en prestasie nadelig beïnvloed het.[346] Alles in ag genome, het lt. Du Toit derhalwe tot die gevolgtrekking gekom dat die Fase 2- en 3-opleiding aan baie gebreke mank gegaan het en dat "die huidige opset by die militêre akademie (sic.) en die toekoms van die instansie ... die aandag van hoër gesag (verdien)."[347]

Brig. Potgieter het na ontvangs van die Direktoraat Sielkundige Dienste se verslag teen die einde van Mei 1974 drie ad hoc-komitees aangestel om die knelpunte wat dié verslag ten opsigte van die Fase 2- en 3-opleiding geïdentifiseer het, verder te ondersoek en oplossings aan die hand te doen.[348] Hy het op 29 Julie 1974[349] op grond van die bevindings van die ad hoc-komitees 'n skrywe aan die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. P.A. le Grange, gerig waarin hy, ofskoon hy nie met alle bevindings van die Sielkundige Dienste-verslag saamgestem het nie, dié verslag se gevolgtrekkings ten opsigte van die vernaamste tekortkominge van die Fase 2 en 3-kursusse bevestig het. Hy het toegegee dat wat die Fase 2-kursus betref het, "gesamentlike opleiding ... groot probleme (skep) ... weens die groot verskil in Weermagsdeelbenadering en belange," onder meer omdat "in geval van die SA Lugmag en SA Vloot ... Fase 4 (Militêre Opleiding) feitlik afgehandel (word) voor Fase 2, terwyl dit in die geval van die SA Leër volg na afloop van Fase 1 (Basiese Opleiding), met gevolglike probleme mbt aanvangstandaard en motivering."[350] Die ad hoc-komitee wat

345. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
346. Sielkundige Dienste-verslag, pp.179, 148 - 150.
347. Sielkundige Dienste-verslag, p.179.
348. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2 vol. 22, inlae 35, memorandum G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – kmdt. [A.] de Vries, 28 Mei 1974; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2 vol. 22, inlae 36, memorandum G/TRG/6/2, Bev. Mil. Akad. – H.M.I., 28 Mei 1974; Van der Westhuizen-verslag, pp.1 –2.
349. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
350. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

onder voorsitterskap van kmdt. G.P.H. Kruys die Fase 2-opleiding onder die loep geneem het, het dié probleem soos volg verder toegelig:

> "Die grootste en deurslaggewende nadeel is dat elke mag tot 'n meer of mindere mate negatief is tov die kursus omdat die beheer daarvan nie in eie hande is nie. Die offisiere in die Weermagsdele voel dat offisiere van die ander twee Weermagsdele nie by magte is om hul ... kandidate op te lei nie. Die studente voel weer dat hulle net deur hul eie offisiere in 'n eie Weermagsdeelatmosfeer opgelei wil word ... In plaas daarvan dat die verhouding tussen Weermagsdele verbeter deur samewerking word die teenoorgestelde reaksie teweeggebring omdat elke mag kompromieë moet aangaan in die opleiding van sy eie kandidaatoffisiere of adelborste."[351]

Die ad hoc-komitee het egter ook tereg daarop gewys dat Fase 2-opleiding nooit bedoel was om Weermagsdeelspesifieke kennis en vaardighede oor te dra nie. Die verstandhouding was van die begin af dat sodanige kennis en vaardighede tydens Fases 1 en 4 deur die onderskeie weermagsdele oorgedra sou word.

Brig. Potgieter het voorts bevestig dat die heterogene samestelling van die Fase 2-kursusgangers ten opsigte van ouderdom probleme geskep het. Die ouer kandidate (bo 35) kon nie fisies by hul jonger kollegas byhou nie, terwyl daar in hulle geval min met "persoonlikheidsontwikkeling" bereik is vanweë hul wyer ervaring.[352] Hy het dit egter betwis dat die kursusstandaard en die druipsyfer te hoog was. Die hoë uitvalsyfer was na sy mening aan die "buigsaamheid" van die weermagsdeelkeurrade te wyte.[353]

Wat die Fase 3-kursus betref, het brig. Potgieter toegegee dat beide die studente en die dosente tydsdrukte beleef het as gevolg van die gekompakteerde graadkursus, met al die negatiewe gevolge wat die Sielkundige Dienste-verslag in daardie verband aangetoon het. Die volgepakte akademiese program het tot 'n mate van studieversadiging gelei, sodat die studente nie die studietempo vir 24 maande kon volhou nie. Brig. Potgieter het voorts

351. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, verslag insake ondersoek na probleemgebiede in Fase 2-opleiding, 26 Junie 1974, aangeheg as Aanhangsel A by brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

352. SANWA, Mil. Akad. (Groep 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974; Vergelyk ook verslae van die drie ad hoc-komitees aangeheg by dié skrywe.

353. SANWA, Mil. Akad. (Groep 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974; Vergelyk ook verslae van die drie ad hoc-komitees aangeheg by dié skrywe.

bevestig dat die verkorte graadkursus en oppervlakkige studie by die studente die persepsie laat ontstaan dat die B.Mil.-graadkursusse minderwaardig in vergelyking met die graadkursusse van burgerlike universiteite was.[354] Die dosente het bevestig dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om soveel moontlik studente te laat slaag, maar dit deur "deeglikheid van voorbereiding en aanbieding, persoonlike aandag, remediërende onderrig, volgehoue aanmoediging, ens" gedoen het en hoegenaamd nie deur "toegeeflikheid en 'n verlaging van standaarde" vanweë hul sogenaamde vaderlike verhouding tot die studente nie.[355] Die subkomitee (bestaande uit die Bevelvoerder, Tweede-in-bevel en die twee kapelane van die Akademie) wat na "probleemgebied in die organisasie van die Militêre Akademie" ondersoek ingestel het, het hom soos volg oor die kwessie van akademiese standaarde uitgelaat:

> "Die standaard binne die Fakulteit is nie omskrewe nie en is tans vloeibaar suiwer omdat hulle die burgerlike akademiese stelsel volg. Voor 1961 was die standaard van vakinhoud, vraestelle ens (sic.) gekontroleer deur US [Universiteit van Stellenbosch] omdat die Militêre Akademie nie 'n selfstandige Fakulteit was nie. Na 1961 is dit nie meer konsekwent gedoen nie. Lektore moet self met eweknieë (sic.) te US skakel om te verseker dat die standaard gehandhaaf word. Agv (sic.) die beroep op akademiese vryheid is elke vakhoof op homself aangewese en is daar geen oorkoepelende kontrole nie."[356]

Brig. Potgieter het voorts toegegee dat daar twee "subkulture" by die Akademie bestaan het, maar die bestaan van 'n "bevelsdilemma" ten sterkste betwis. Die mate van onenigheid wat daar tussen die "akademici en die militariste" was, was na sy mening reeds grootliks uit die weg geruim, hoewel hy daarop gewys het dat die feit dat sommige dosente in burgerdrag geplaas is hulle in 'n mate onbetrokke by die Akademie as militêre organisasie laat voel het.[357] Die subkomitee (almal dosente van die Akademie) wat hy

354. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974; Vergelyk ook verslae van die drie ad hoc-komitees aangeheg by dié skrywe.

355. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, verslag insake ondersoek na die akademiese opleiding van kandidaatoffisiere, 24 Julie 1974, aangeheg as Aanhangsel B by brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

356. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, verslag insake ondersoek na probleemgebiede in die organisasie van die Militêre Akademie, 24 Junie 1974, aangeheg as Aanhangsel C by brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

357. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974; Vergelyk ook verslae van die drie ad hoc-komitees aangeheg by dié skrywe.

aangestel het om probleme met betrekking tot die Fase 3-opleiding te ondersoek, het bevind dat die dosente hulle met 'n enkele uitsondering as 'n 'integrerende deel van die sisteem wat uiteindelik operasionele offisiere moet lewer', gesien het.[358]

Brig. Potgieter het op grond van die uiteenlopende behoeftes van die weermagsdele ten opsigte van die Fase 2-kursus en die probleme wat die verkorte graadkursus tot gevolg gehad het, aanbeveel dat die weermagsdele voortaan self die Fase 2-opleiding van hul kandidate by hul eie opleidingsinrigtings behartig en dat die graadkursus weer na drie jaar verleng word.[359] Adm. Hiemstra het daarop op 27 Augustus 1974 'n komitee onder voorsitterskap van kol. (later lt.genl.) P.W. van der Westhuizen (Tweede-in-bevel van die Militêre Akademie, 1972 – 1973) aangestel om aan die hand van die Sielkundige Dienste-verslag, asook die Akademie se ad hoc-verslae en enige ander beskikbare getuienis "te bepaal watter praktiese probleme of knelpunte daar met betrekking tot kwalifiserende opleiding van offisiere aan die Militêre Akademie bestaan, veral wat betref die Fase 2 Opleiding (sic.), Fase 3 Opleiding (sic.) en die organisasie van die Militêre Akademie [en] watter optrede nodig is om bedoelde probleme en knelpunte doeltreffend die hoof te bied."[360]

Die Van der Westhuizen-komitee het bevind dat "die huidige ligging van die Militêre Akademie 'n gemeenskaplike faktor is vir bykans al die geïdentifiseerde knelpunte" en op grond daarvan op 1 November 1974 'n tussentydse verslag voorgelê "om die implikasies van die huidige ligging van die Militêre Akademie uit te wys, sodat hoër gesag in beginsel kan besluit of die status quo mbt die ligging gehandhaaf moet word, al dan nie." Die Komitee het in sy tussentydse verslag weer eens die nadelige effek van die geografiese, militêre, akademiese en sosiale isolasie van Saldanha op offisiersopleiding uitgewys en aanbeveel dat die Akademie verskuif word na "'n omgewing wat militêr, akademies en sosiaal gesonder sal wees, om meer effektiwe (sic.) offisiersopleiding aan (sic.) die hand te werk."[361] Verdedigingshoofkwartier het egter beslis dat die ligging van die Akademie

---

358. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, verslag insake ondersoek na die akademiese opleiding van kandidaatoffisiere, 24 Julie 1974, aangeheg as Aanhangsel B by brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

359. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.

360. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 19, brief HSP599/2/2/1 oor HSP502/2, H SAW – HVS, etc., 27 Augustus 1974.

361. Van der Westhuizen-verslag, Aanhangsel B: Interimverslag: Komitee van Ondersoek na Offisiersopleiding by die Militêre Akademie, pp.B-1, B-2. B-6.

"onveranderd gelaat moet word"[362] en dat die komitee teen daardie agtergrond sy ondersoek moes voortsit.

Die Van der Westhuizen-komitee het in sy finale verslag, wat hy op 31 Januarie 1975 ter tafel gelê het, die uiteenlopende behoeftes van die weermagsdele ten opsigte van offisiersopleiding bevestig. Die vroeë herskedulering van die vier opleidingsfases het bewys dat die Malan-model uit die staanspoor nie aan die Vloot en die Lugmag se behoeftes voldoen het nie. Anders as die Leër, wou die Lugmag en die Vloot eers hul kandidaatoffisiere vir hul militêre taak (bv. as vlieëniers in eersgenoemde geval) bekwaam, alvorens hulle "doelbewuste offisiersvorming" ondergaan. Die Komitee het ook die tekortkominge van die Fase 2-kursus bevestig en derhalwe brig. Potgieter se aanbeveling dat die weermagsdele voortaan self daardie fase moes behartig, onderskryf. Die Komitee het op grond van die bevindings van die Sielkundige Dienste-verslag die standaard van die B.Mil.-graad betwyfel, maar toegegee dat daar geen "wetenskaplik bepaalde bewys" vir dié opvatting bestaan het nie. Die Komitee het die nadelige effek van die verkorte studietydperk vir beide student en dosent onderstreep. Resestye was volgens die Komitee noodsaaklik vir die dosente om navorsing te doen om op hoogte van ontwikkelings op hul vakgebiede te bly en vir die studente vir "die nodige insinking van kennis, waartydens 'n student volgens sy eie metode kennis in sy geheuebank proseseer (sic.) en rangskik." Daarom het die Komitee, soos brig. Potgieter, aanbeveel dat die graadkursus verleng en behoorlike resestye ingestel word.[363]

Die Verdedigingstafraad het op 18 April 1975 ooreenkomstig die aanbevelings van die Van der Westhuizen-verslag besluit dat die Fase 2-opleiding so spoedig moontlik deur die weermagsdele oorgeneem moes word.[364] Die Vloot het gevolglik reeds van Oktober 1975 af sy eie Fase 2-opleiding behartig, terwyl die Akademie nog gedurende Oktober tot Desember 1975 'n aangepaste Fase 2-kursus vir die Lugmag aangebied het, voordat dié weermagsdeel ook finaal die verantwoordelikheid vir die aanbied van sy eie Fase 2-opleiding aanvaar het. Die Leër se laaste Fase 2-kursus by die Akademie het van Oktober 1975 tot Maart 1976 plaasgevind.[365]

362. Van der Westhuizen-verslag, Aanhangsel B: Interimverslag: Komitee van Ondersoek na Offisiersopleiding by die Militêre Akademie, p.4.
363. Van der Westhuizen-verslag, pp.18 – 24, 32, 48, 55 - 56.
364. Vergelyk SANWA, MVB 184, MV53/2, inlae 15, notule van Verdedigingstafraadvergadering, 18 April 1975, p.7.
365. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2/0 vol. 1, inlae 5, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 13 Mei 1975; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1, inlae 25, brief

Te midde van die uitfasering van die Fase 2-opleiding by die Akademie en die hernude woelinge rondom die rol, funksie en voortbestaan van dié instelling, het Akademie intussen binne die bestek van 'n paar maande van beide Dekaan en Bevelvoerder verwissel. Met sy sestigste verjaarsdag op 15 Maart 1976 en sy beoogde aftrede aan die einde van daardie maand in sig, het brig. De Vos besluit om ter wille van kontinuïteit[366] in die Fakulteit, reeds aan die einde van 1974 as Dekaan "terug te staan"[367] en sy laaste skof slegs as dosent in Fisika en Hoof van die Afdeling Natuurwetenskappe te slyt.[368] Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.D. Potgieter het by Verdedigingshoofkwartier aanbeveel dat "'n nuwe dekaan met die nodige akademiese status en indien moontlik 'n sterk militêre agtergrond van buite aangestel word"[369], moontlik in 'n poging om die botsende militêre en akademiese subkulture hok te slaan. Dié aanbeveling het oënskynlik op dowe ore geval, want die Fakulteitsraad het in Augustus 1974 vir kapt. (SAV) H.F. Nel (Hons.B.A., B.Ed., M.A. (Geskiedenis)) tot Dekaan vir 1975 verkies.[370] Alhoewel kapt. (SAV) Nel slegs oor 'n M.A.-graad beskik het, terwyl kol. Breedt oor 'n D.Comm.-graad beskik het, is laasgenoemde oor die hoof gesien, omdat militêre kwalifikasies klaarblyklik in daardie stadium swaarder as akademiese kwalifikasies by die aanstelling van 'n Dekaan geweeg het. Kapt. (SAV) Nel het voor sy aanstelling by die Akademie as dosent in Krygsgeskiedenis in 1960 ses jaar onderwys gegee en vier jaar lank as offisierinstrukteur by die SA Vlootgimnasium op Saldanha gedien.[371] Kol. Breedt het tien jaar lank onderwys gegee en is in 1958, twee jaar voor kapt. (SAV) Nel, as dosent in Ekonomie by die Militêre Akademie aangestel.[372] Kapt. (SAV) Nel is in 1975 vir 'n verdere termyn verkies, met 'n aanbeveling aan die Senaat dat die Dekaan voortaan ter wille van kontinuïteit vir 'n termyn van drie jaar dien.[373] Ofskoon die Registrateur 'n paar jaar tevore, soos vroeër vermeld, verklaar het dat vaste dekaanskappe nie vreemd was nie, het die Rektor nou beslis dat die Fakulteit Krygskunde "ooreenkomstig die gebruik van die universiteit nie in aanmerking kom

G/SD/3/1/20 oor G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 8 September 1975; E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.76.

366. SANWA, Mil. Akad. (Groep 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
367. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.23.
368. SANWA, Mil. Akad. (Groep 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, verslag insake ondersoek na probleemgebiede in die organisasie van die Mil. Akad. n.a.v. dele 5 en 6 van die Sielkundige Dienste-verslag, 24 Julie 1974, aangeheg as Aanhangsel C by brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
369. SANWA, Mil. Akad. (Groep 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 18, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Julie 1974.
370. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 6 Augustus 1974.
371. **Militêre Akademie Jaarblad** 1979, p.15.
372. J.v.d.B. Breedt – G.E. Visser, onderhoud, 18 November 1984.
373. Mil. Akad. Argief, notule van Fakulteitsraadvergadering, Fakulteit Krygskunde, 29 Julie 1975.

vir die aanstelling van 'n vaste dekaan ... nie."[374] Kapt. (SAV) Nel het uiteindelik tot met sy verplasing na Verdedigingshoofkwartier met ingang van Januarie 1980 as Dekaan gedien.[375]

Brig. Potgieter is minder as 'n jaar na kapt. (SAV) Nel se verkiesing tot Dekaan deur brig. (later lt.genl. en Hoof van die SA Lugmag) J.P.B. van Loggerenberg as Bevelvoerder van die Militêre Akademie opgevolg. Brig. van Loggerenberg was, soos sy twee voorgangers, 'n oudstudent (1955 - 1957) van die Militêre Akademie. Hy was die eerste Lugmagoffisier om bevel oor die Akademie, met sy oorwig aan leërstudente, bevel te voer.

## 5.11 SLOTSOM

Die aanstelling van die Hartzenberg-komitee in 1967 was die eerste ernstige poging van Verdedigingshoofkwartier om die funksionering van die Akademie in oënskou te neem sedert sy herstigting as 'n onafhanklike militêre eenheid in 1956 en die totstandkoming van die Fakulteit Krygskunde in 1961. Die Hartzenberg-ondersoek was ook die eerste poging sedert maj. Van Niekerk se memorandum van 20 November 1952 (kyk hoofstuk 2) om die filosofiese basis van offisiersopvoeding te deurgrond en die opleidingstelsel aan die Militêre Akademie daarvolgens in te rig. Die Komitee se gevolgtrekkings oor offisiersontwikkeling was oor die algemeen in ooreenstemming met die eise van militêre professionalisme en 'n herbevestiging van maj. Van Niekerk se basiese uitgangspunte oor offisiersopvoeding en die rol van die Akademie in daardie verband. Ingevolge die riglyne van die Kommandant-generaal, genl. R.C. Hiemstra, het die Komitee egter 'n groter rol vir taakgerigte militêre opleiding as voorheen by die Akademie voorsien. Dit het onder meer meegebring dat die Komitee die taak van die Akademie op 'n meer direkte wyse as tevore aan die bedreiging teen die RSA, naamlik die sogenaamde kommunisties-geïnspireerde terroristeaanslag, gekoppel het. Daarom het die Komitee groter klem op die politieke dimensie van offisiersopvoeding gelê, spesifiek die bewusmaking van die jong offisier van die wêreldwye kommunistiese aanslag as agtergrond waarteen die terroristeaanslag in Suid-Afrika gesien moes word. Om die offisier teen die sielkundige dimensie van dié oorlog weerbaar te maak, moes die studente aan die Akademie met nasionalisme besiel en moreel sterk gemaak word. Al hierdie aspekte het in die Malan-model vergestalting gevind.

374. Mil. Akad. Argief ( lopend), MA/V/503/1/6 vol 1, Bev. Mil. Akad. – HSP, 13 Julie 1978.
375. Mil. Akad. Argief ( lopend), MA/V/503/1/6, Bev. Mil. Akad. – HSP, 28 November 1979.

Die groter taakgerigtheid en sterker klem op militêre opleiding wat die Hartzenberg-komitee by die opleidingstelsel aan die Akademie wou inbou, het onteenseglik 'n terugkeer na die idee van 'n tradisionele militêre akademie soos wat dit met die stigting van dié instelling aanwesig was, geïmpliseer. Daarom het genl. Hiemstra vir brig. Malan oorsee gestuur om hom opnuut op hoogte te bring van die opleidingstelsels aan gevestigde militêr-akademiese instellings in die buiteland. Die opleidingstelsel wat brig. Malan in die gees van die Hartzenberg-filosofie en aan die hand van sy waarnemings in die buiteland ontwerp het, het inderdaad die Akademie vir die eerste keer sedert sy stigting in 1950 min of meer in die gedaante van 'n tradisionele militêre akademie gevestig. Die Akademie was in sy nuwe gedaante 'n kombinasie van die West Point- en Sandhurst- modelle, in die sin dat dit beide graadgerigte en niegraadgerigte vormingskursusse vir offisiere en kandidaatoffisiere aangebied het. 'n Belangrike afwyking van die tradisionele model was dat die kandidate steeds hul basiese opleiding by die onderskeie weermagsdeelopleidingsinrigtings in plaas van by die Akademie ontvang het. Die weermagsdele het hardnekkig bly vasklou aan die begeerte om hul offisierskandidate allereers in hul weermagsdeelkulture te sosialiseer voordat hulle aan gesamentlike vorming onderwerp word. Dit het enersyds tot groepvorming by die Akademie gelei en andersyds 'n middelpuntvliedende krag veroorsaak wat die doelwitte van gesamentlike opleiding in die wiele gery het.

Die grootste waarde van die Malan-model het, wat die Militêre Akademie betref, daarin gelê dat dit vir die eerste keer sedert die vroeë vyftigerjare ook die militêre vorming van aspirantoffisiere aan dié instelling opgedra het. Dit het die Akademie in staat gestel om 'n volledige militêr-akademiese stempel op sy kandidate af te druk en in die ware sin van die woord offisiere vir die Weermag te lewer. Verder het die Malan-model vir die eerste keer alle Staandemagoffisiersvorming by die Akademie gesentraliseer. Dit het die lank gekoesterde ideaal om die Militêre Akademie die alma mater van alle Staandemagoffisiere te maak, ten einde aan hulle 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk te verskaf en 'n oorkoepelende weermagskultuur by hulle te kweek, verwesentlik. Die Malan-model het egter hoofsaaklik op drie grondslae misluk. Eerstens het Verdedigingshoofkwartier nie in samewerking met die weermagsdele 'n gekoördineerde werwingspoging geloods om genoeg kandidate te trek om behoorlike keuring moontlik te maak nie. Dit het daartoe gelei dat die weermagsdele te midde van 'n nypende tekort aan offisiere só buigsaam in hul keuringstandaarde was ten einde hul kwotas vol te maak, dat kandidate gekeur is wat nie werklik oor die vereiste intellektuele potensiaal beskik het nie. Dit het tot 'n té hoë uitvalsyfer by die Akademie gelei, spesifiek wat die Fase 2-kursus betref. Tweedens was die weermagsdele nie werklik verbind tot gesamentlike opleiding nie. Daarom het hulle

hulle blind bly staar teen weermagsdeelspesifieke opleidingsbehoeftes en die werklike doel van gesamentlike Fase 2-opleiding uit die oog verloor. Synde die grootste weermagsdeel en vir alle praktiese doeleindes ook die ontwerper van vierfaseopleidingstelsel, het die Leër se belange en opleidingskultuur egter die Fase 2-opleiding sodanig oorheers dat die Lugmag en Vloot hulle totaal ontuis daarin gevoel het. Derdens het die samepersing van die graadkursus in 24 maande van die begin af die Fase 3-kursus tot mislukking gedoem. Dit het soveel tydsdruk op beide dosent en student geplaas, dat dit die standaard van die B.Mil.-graad onder verdenking gebring het. Die grootste sondebok in laasgenoemde verband was die gebruik van die précis-stelsel en die gepaardgaande oppervlakkige bestudering van vakinhoude. Daarby het die feit dat die verkorte graadkursus van owerheidsweë op die Fakulteit afgedwing is die dosente geantagoniseer, omdat die gevoel by hulle ontstaan het dat akademiese standaarde aangetas en die Fakulteit tot 'n blote rubberstempel van die militêr, spesifiek die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, gedegradeer is. Dit het die botsende militêre en akademiese subkulture wat vanweë die skeiding van die ampte van Bevelvoerder en Dekaan en die vergrote rol van die Tak Militêre Opleiding by die Akademie ontwikkel het, aangeblaas. Die konflik tussen dié twee subkulture het die wedersydse ondersteuning van Fase 2- en 3-opleiding gekortwiek en die bereiking van die Akademie se oorkoepelende doelwitte ten opsigte van offisiersvorming ondermyn.

# HOOFSTUK 6

# GROTER KLEM OP AKADEMIESE ONDERRIG AAN DIE MILITêRE AKADEMIE, 1976 - 1989

## 6.1 DIE AARD, ROL EN FUNKSIE VAN DIE MILITêRE AKADEMIE SEDERT 1976

Die veiligheidsituasie van die RSA het gedurende die sewentigerjare algaande verswak, wat groter operasionele druk op die Weermag geplaas en uiteindelik ook die opleidingstelsel aan die Militêre Akademie beïnvloed het. Toenemende steun uit beide Westerse en kommunistiese lande het die toevloei van wapens na SWAPO versterk, terwyl dié organisasie se interne struktuur en die opleiding van sy militêre magte al hoe meer doeltreffend geword het. Waar SWAPO-krygers voorheen direkte militêre botsings vermy en hulle hoofsaaklik tot die plant van landmyne beperk het, het hulle begin om direkte aanvalle op die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte te loods. Dit het daartoe gelei dat die SA Weermag in 1973 die verantwoordelikheid vir die beskerming van Suidwes-Afrika/Namibië se grense met Angola en Zambië van die SA Polisie oorgeneem en daardeur in die sogenaamde "bosoorlog" gewikkel geraak het. Die daaropvolgende militêre staatsgreep in Portugal op 25 April 1974 en die gevolglike ineenstorting van die Portugese owerhede in Angola en Mosambiek het Suid-Afrika 'n belangrike bondgenoot ontneem en die kommunisties-gesteunde insurgentedruk op die grense van SWA/Namibië en Suid-Afrika aansienlik verhoog.[1]

Die Van der Westhuizen-komitee het dan ook in sy verslag van 31 Januarie 1975 daarop gewys dat die bedreiging teen die RSA sedert die implementering van die Malan-model in 1970 aansienlik toegeneem het. Die Suid-Afrikaanse Weermag het volgens die Komitee nie alleen 'n oorwig van getalle in die gesig gestaar nie, maar ook 'n vyand wat toenemend beter opgelei en toegerus was as in die verlede. Dit het vereis dat die SA Weermag 'n sterker taakgerigte benadering met betrekking tot sy offisiersopleidingstelsel moes volg. Gegewe die feit dat dienspligoffisiere, wat uiteindelik ook die offisierskorps van die Burgermag gevorm het, grootliks vir die bekamping van die bedreiging verantwoordelik

1. F.J. du T. Spies (in medewerking met S.J. du Preez): **Operasie Savanna: Angola: 1975 – 1976**, pp.28, 40, 43; Republiek van Suid-Afrika: **Witskrif oor Verdediging 1977**, pp.6 – 7.

was, moes hulle so deeglik moontlik opgelei word. Nasionale Dienspligtiges sou daarby in die toekoms die hoofbron vir die werwing van offisiere wees, aangesien die SA Weermag volgens die Komitee vanweë 'n tekort aan onderoffisiere nie kon bekostig om 'n groter persentasie uit hul geledere vir offisiersaanstelling te werf nie. Die Komitee het derhalwe betoog dat die aanvanklike twee jaar opleiding van dienspllig- en Staandemagoffisiere sover prakties moontlik dieselfde moes wees, sodat dienspligoffisiere maklik na die Staande Mag kon oorskakel.[2] Daarom het hy aanbeveel dat kandidaatoffisiere allereers binne weermagsdeel- of afdelingsverband "taakgekwalifiseer" word, waarna hulle 'n tydperk van indiensopleiding moes meemaak, alvorens hulle substantief as offisiere aangestel kon word of vir graadstudie by die Akademie in aanmerking kon kom.[3] Soos in hoofstuk 5 vermeld, het die Verdedigingstafraad die aanbevelings van die Van der Westhuizen-komitee in breë trekke aanvaar, waarop die Minister van Verdediging goedkeuring verleen het dat offisiere (en nie net kandidaatoffisiere nie) voortaan ook tot graadstudie aan die Akademie toegelaat kon word.[4] Dit het ook die deur oopgemaak vir getroude offisiere om aan die Akademie te studeer, met die praktiese probleme (akkommodasie, gesinsverpligtinge, ens.) wat daarmee gepaard gegaan het.

Met die implementering van die nuwe opleidingstelsel by die Akademie vanaf April 1976, was die nuwe generasie studente reeds junior offisiere wanneer hulle by die Akademie aangekom het. (Daar was teen die einde van 1977 nog net 'n enkele kandidaatoffisier by die Akademie oor.[5]) Die B.Mil.-graad was nie meer deel van die kwalifiseringsopleiding vir offisiersaanstelling nie, maar bloot "bykomstige bekwaming om geselekteerde, belowende offisiere beter vir hulle toekomstaak toe te rus",[6] aldus die Van der Westhuizen-komitee. Die Komitee was baie vaag oor die doel wat met graadstudie bereik moes word. Hy het bloot verklaar dat "die akademies-gekwalifiseerde jongoffisier (sic.)... beter toegerus (is)", maar dat "die onus (op hom) berus hoe hy hierdie toerusting gaan benut."[7] Met die B.Mil.-studie onttrek aan kwalifiseringsopleiding, het die rol van die Militêre Akademie dus in 'n mate in die lug gehang.

---

2. Van der Westhuizen-verslag, pp.9 – 10, 31, 55.
3. Van der Westhuizen-verslag, pp.34 – 35, 55.
4. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 73, G/TRG/6/2 vol. 23, inlae 33, brief HSP/DPO/599/2/2/1, HSP – HVS, etc., 13 November 1975.
5. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.
6. Van der Westhuizen-verslag, p.33.
7. Van der Westhuizen-verslag, p.33.

Daar was intussen ook steeds onsekerheid by Verdedigingshoofkwartier oor wat die aard en inhoud van die graadkursus moes wees, terwyl die ligging van die Akademie te Saldanha op daardie vlak steeds as "die kwellendste probleem" met betrekking tot dié instelling beskou is. Daarom het die Minister van Verdediging, P.W. Botha, opdrag gegee dat adm. Biermann 'n gesamentlike komitee van die SA Weermag en die Universiteit van Stellenbosch moes aanstel om "op die kwessie van die standplaas van die Akademie en die leerplanne in te gaan."[8] Die Verdedigingstafraad het nietemin in beginsel besluit dat die Akademie van Saldanha af verskuif moes word, maar dat die bande met die Universiteit van Stellenbosch behou moes word.[9] Die Universiteit self was inderdaad ook gretig om sy verbintenis met die Akademie te behou.[10] Adm. Biermann het gevolglik in Mei 1975 'n komitee onder voorsitterskap van sy naamgenoot, s.adm. S.C. Biermann, aangestel om "ondersoek in te stel, verslag te doen en aanbevelings te verstrek of die SA Weermag se bestaande reëlings, soos beliggaam in die Militêre Akademie, doeltreffend beantwoord aan die behoefte om bepaalde lede toepaslike akademiese opleiding te bied."[11] Dié komitee het, naas s.adm. Biermann, bestaan uit 'n viertal professore van die Universiteit van Stellenbosch, die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.P. B. van Loggerenberg, die Dekaan van die Fakulteit Krygskunde, kapt. (SAV) H.F. Nel, en kol. P.W. van der Westhuizen.

Die belangrikste vraag wat die Biermann-komitee moes beantwoord, was of die offisiere van die SA Weermag 'n militêr-aangepaste graad aan die Militêre Akademie, of 'n suiwer burgerlike graad aan 'n burgerlike universiteit moes loop. Die Komitee het bevind dat ofskoon dit meer ekonomies sou wees om militêre studente 'n suiwer burgerlike graad aan 'n burgerlike universiteit te laat loop, dit meer na- as voordele vir die Weermag sou inhou. Die graadkursusse sou nie spesiaal op die behoeftes van die Weermag ingestel wees nie, terwyl die militêre milieu, wat essensieel geag is vir die kweek van "militêre doelgerigtheid en 'n samehorigheidsgevoel", totaal afwesig sou wees. Dit sou, aldus die Komitee, "'n onmeetbare verlies vir die gegradueerde offisier meebring as hy nie 'n eie militêre alma mater het nie."[12] Militêre tradisie in die buiteland het volgens die Komitee dié feit onderstreep, terwyl oudstudente van die Akademie dit ook in vraelyste bevestig het. Verder

---

8. Vergelyk SANWA, MVB 184, MV53/2, inlae 15, notule van VSR, 18 April 1975, pp.2, 6.
9. Vergelyk SANWA, MVB 184, MV53/2, inlae 15, notule van VSR, 18 April 1975, p.2.
10. J.N. de Villiers – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000; M.J. de Vries – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000; R.P. Conradie – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.
11. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4, inlae 27, brief HSP/C/502/2 oor HSP/C/599/2/2/1, 9 Mei 1975.
12. Biermann-verslag, pp.3, 4.

was die Komitee van mening dat die opvoeding van offisiere aan 'n burgerlike universiteit te midde van die tekort aan mannekrag onnodige personeelverliese vir die Weermag sou meebring. Die minder persoonlike aandag wat die studente in die groter klasse sou geniet, kon naamlik die druipsyfer opstoot, terwyl 'n burgerlike graad aantrekliker as die B.Mil.-graad vir die privaatsektor sou wees, wat tot 'n uitvloei van offisiere na graduering kon lei. Die Komitee het ook daarop gewys dat die jaarprogram van 'n militêr-akademiese inrigting makliker as dié van 'n burgerlike universiteit met die Weermag se opleidingsprogram versoen kon word, terwyl die handhawing van die Weermag se tweetaligheidsbeleid, waarop hy "hom nog altyd sterk gestel... (het)", ook baie moeilik aan 'n burgerlike universiteit sou wees.[13]

Die Biermann-komitee het verder die noodsaaklikheid van 'n militêre akademie vir die polities-ideologiese opvoeding van offisiere beklemtoon:

> Net soos intellektuele en militêre oriëntering, is ideologiese oriëntering een van die essensiële vereistes in offisiersopleiding. Die dosent aan die burgerlike universiteit stel hom kragtig op die standpunt van akademiese vryheid, wat uiteraard noodsaaklik is vir 'n ongebonde meningswisseling. Waar die staat egter sterk afhanklik is van die swaardmag vir die handhawing van gesag, moet gewaak word dat daar voortdurend en in alle omstandighede gesonde gesindhede tov aktuele ideologiese sieninge by militêre studente gekweek en aangemoedig word. Hierdie taak sal by 'n militêr-akademiese inrigting makliker wees as by 'n gewone universiteit."[14]

Uit 'n meer praktiese oogpunt het die Komitee daarop gewys dat "die ontplooiing van die RSA se beleid van afsonderlike ontwikkeling... heel moontlik (sal) meebring dat hoër militêre opleiding aan offisiere van onafhanklike tuislande aangebied moet word. Indien sodanige opleiding ook akademiese opleiding sal insluit, kan dit heelwaarskynlik (sic.) maklik aan 'n militêr-akademiese inrigting geskied, terwyl dit komplekse probleme aan 'n burgerlike universiteit kan skep."[15]

Die Biermann-komitee het die ongewenstheid van die Akademie se isolasie op Saldanha beklemtoon en aanbeveel dat die Akademie "nader aan die universiteitskampus op Stellenbosch [na die Durbanville-kampus ingevolge 'n latere aanbeveling van die

---

13. Biermann-verslag, pp.4 - 5.
14. Biermann-verslag, p.5.
15. Biermann-verslag, p.5.

universiteitsowerhede[16]] geskuif moet word... [waardeur] die uitgebreide akademiese, kulturele en sosiale fasiliteite van die Universiteit van Stellenbosch binne gerieflike bereik van die Akademie geplaas [sou] word."[17] Die komitee het dit egter "as hoë prioriteit gevoel dat... die militêre inslag van die inrigting geensins mag verwater of aan die militêre milieu afbreek (sic.) gedoen mag word"[18] deur die verskuiwing van die eenheid na Stellenbosch nie. Die geografiese isolasie van die Akademie van die res van die Weermag wat "die Akademie buite die invloedsfeer van die Weermag" geplaas en veroorsaak het dat die Akademie "nie altyd as part en deel [daarvan] aanvaar is nie",[19] sou natuurlik nie deur die skuif na Stellenbosch opgelos word nie.

Die Biermann-komitee het ook probeer om 'n antwoord te verskaf op die vraag oor watter persentasie van die SA Weermag se offisiere die B.Mil.-graad moes verwerf. Sy voorganger, die Van der Westhuizen-komitee, kon nie vasstel wat die amptelike beleid van die Weermag in daardie verband was nie. Gegrond op die behoeftestelling van die weermagsdele soos vervat in die Malan-verslag, het die Leër na sowat 30% B.Mil.-graduandi in sy offisierskorps gestreef, terwyl die Lugmag en die Vloot 'n syfer van slegs 20% as teiken gestel het. Die Van der Westhuizen-komitee het 25% as die absolute minimum vir die totale offisierskorps gestel, maar gevoel dat daar eerder na 'n hoër persentasie gemik moes word.[20] Die Biermann-komitee het aanbeveel dat "die weermagsdele, veral die Lugmag en Vloot", opnuut besin oor die persentasie van hul offisiere wat gegradueerd behoort te wees. Daar moes "veral aandag gegee... word aan 'n stelsel van aanmoediging of verpligting wat jong offisiere na die Akademie sal lei", aangesien "'n sterk studentetal nie net essensieel is vir 'n lewenskragtige Militêre Akademie nie, maar ook absoluut noodsaaklik is vir 'n weermag wat moderne wapentuie verkry en aanwend."[21] Die Komitee het voorts aanbeveel dat die Akademie "tot die ware universiteit van die Weermag" ontwikkel moes word deur meer nagraadse kursusse aan te bied. Verder moes daar aandag gegee word aan die instelling van verdere kort, niegraad-kursusse by die Akademie (soos die bestaande navigasiekursus vir vlootoffisiere) om in die praktiese behoeftes van die Weermag te voorsien. Daarby kon die Akademie-studente gedurende resestye onder leiding van dosente by Weermagprojekte op hul onderskeie

16. Biermann-verslag, p.14.
17. Biermann-verslag, p.9.
18. Biermann-verslag, p.9.
19. Biermann-verslag, p.6.
20. Van der Westhuizen-verslag, p.44.
21. Biermann-verslag, p.10.

vakgebiede betrek word.[22] Die Komitee wou dus oor die algemeen die nut van die Akademie vir die Weermag vergroot en die instelling meer koste-effektief maak.

Die Biermann-komitee het tereg daarop gewys dat ses verskillende komitees alreeds sedert die vestiging van die Akademie op Saldanha in 1958 direk en indirek die aard, ligging en funksionering van dié instelling ondersoek het en dat "hierdie voortdurende ondersoeke... beslis nie 'n toestand van bestendigheid in die hand (werk) nie." Daarom het die Komitee "baie sterk" aanbeveel dat daar "finaal uitsluitsel" oor dié saak verkry word, aangesien die Akademie weens die gebrek aan bestendigheid "nie sy regmatige plek in die SAW inneem nie en... ook nooit die diens kan lewer wat die SAW met reg verwag nie."[23] Bestendigheid sou egter, soos aanstons aangetoon sal word, nie in die afsienbare toekoms 'n kenmerk van die militêre owerhede se beleid met betrekking tot die Militêre Akademie word nie.

Verdedigingshoofkwartier het nietemin die aanbevelings van die Biermann-komitee in beginsel aanvaar en die Minister van Verdediging het reeds teen Januarie 1977 goedkeuring vir die uiteindelike verskuiwing van die Akademie na Stellenbosch verleen. Die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch is ook dienooreenkomstig ingelig. Die omvattende beplanning wat dié skuif vereis het, tesame met die ongunstige ekonomiese klimaat van die tyd, het dit egter onmoontlik gemaak om 'n datum vir die verskuiwing neer te lê. Die Akademie moes dus maar geduldig verdere ontwikkelings afwag en intussen met sy normale roetine op Saldanha voortgaan.[24] Teen Junie 1977 het Verdedigingshoofkwartier besluit dat die Fakulteit Krygskunde moes ontbind en dat die militêre studente hul akademiese onderrig aan die Universiteit van Stellenbosch self sou ontvang. Die Militêre Akademie sou derhalwe op Stellenbosch slegs vakke soos Navigasie, wat nie aan die Universiteit gevolg kon word nie, aanbied.[25] 'n Aantal komitees en subkomitees is gevolglik aangestel om die gedeeltelike integrasie van die Akademie met die Universiteit van Stellenbosch te ondersoek. Die saak het egter bly voortsloer, sodat daar teen 1980 nog niks gebeur het nie.[26] Die Universiteit van Stellenbosch was, aldus

22. Biermann-verslag, pp.7, 9 - 10.
23. Biermann-verslag, p.10.
24. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 63, G/SD/2/5 vol. 1, inlae 1, brief HSP/DPO/599/2/2/1, HSP – Bev. Mil. Akad., 3 Januarie 1975.
25. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/502/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, memorandum MA/V/502/1/B, Bev. Mil. Akad. - DPO, 15 Junie 1977.
26. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 7, brief HSP(9)103/1/8/2/3, H SAW – H Leër, etc., 27 September 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 8A, brief, HSP – H Leër, etc., 31 Oktober 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 1, inlae 152, brief HSP(9)103/1/8/2/3, HSP – Bev. Mil. Akad., 20 Maart 1978; Mil.

prof. M.J. de Vries (Viserektor US, 1976 tot 1979 en Rektor US, 1979 tot 1993), ietwat ongemaklik oor die onsekerheid wat daar oor die toekoms van die Militêre Akademie gehang het.[27] Die Universiteit was trots op sy verbintenis met die Akademie en wou nie graag sien dat daardie verbintenis verbreek word nie.[28]

Te midde van die onsekere toekoms van die Militêre Akademie, het Verdedigingshoofkwartier gedurende die laat sewentigerjare in belang van optimale mannekragvoorsiening aan die SA Weermag besluit om ook (blanke) dames en sogenaamde anderskleurige (mans-) studente tot die Akademie toe te laat. Die eerste drie damestudente het aan die begin van 1978, net twee jaar nadat dames vir die eerste keer tot West Point toegelaat is,[29] by die Akademie aangemeld. Ofskoon hulle vanweë hul klein getal aanvanklik aanpassingsprobleme in die oorwegend "manswêreld" ondervind het, het al drie hul studie deurgesien en in Desember 1980 hul B.Mil.-grade verwerf. Een van die drie, lt. C.S. Human, het haar graad met onderskeiding verwerf. 'n Gebrek aan akkommodasie vir damestudente, asook die feit dat die opleiding van dames nie as 'n koste-effektiewe belegging beskou is nie omdat hulle in die huwelik kon tree en nie noodwendig langtermynloopbane in die Weermag sou volg nie, het daartoe gelei dat geen verdere damestudente (ná hierdie eerste drie) tot aan die einde van 1990 weer tot die Militêre Akademie toegelaat is nie.[30] Die eerste sogenaamde anderskleurige studente, naamlik drie kleurlingkandidaatoffisiere van die SA Leër, het in 1979 by die Militêre Akademie aangemeld.[31] Ofskoon andere in hul spore gevolg het, het die anderskleurige studente min in getal gebly en het daar tot aan die einde van 1990 geen enkele swart kandidaat by die Akademie ingeskryf nie. Tot in 1989 is daar in totaal slegs sewe anderskleuriges, ses kleurlinge en een Indiër, tot die Akademie toegelaat.[32]

---

Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 13, brief HSP/DPO/401/1/5/1 oor HSP/DPO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) – H Vloot, etc., 3 November 1980.

27. M.J. de Vries – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.
28. J.N. de Villiers – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000; M.J. de Vries – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000; R.P. Conradie – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.
29. J.P. Lovell: **Neither Athens nor Sparta?: The American Service Academies in Transition**, p.9.
30. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 5, seinberig HSP/DPO/218/SEP 77, HSP – H Leër, 13 September 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/105/4 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief LBW/104/12/1/1, Welsynsoffisier Vliegopleidingskool Langebaanweg - Bev. Mil. Akad., 11 September 1978; Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, 1980.
31. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/501/8/2 (Geheim) vol. 1, inlae 2, memorandum HSP/DAPA/501/8/2, HSP - H SAW, 31 Januarie 1979.
32. Mil. Akad. Argief, Verslag van Projek WIMPOLE oor die Militêre Akademie (hierna: WIMPOLE-verslag), 13 Oktober 1989, p.16.

Die idee van die Militêre Akademie as alma mater vir alle Staandemagoffisiere van die SA Weermag het intussen steeds in sommige kringe in die Weermag bly voortleef. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. F.S. Mulder het gevolglik in Junie 1980 aan die hand gedoen dat 'n eenjarige diplomakursus (ongeveer drie maande residensieel en die res op 'n afstandsonderrigbasis) by die Akademie ingestel word vir alle jong offisiere wat nie graadstudie onderneem het nie. Verder het hy aanbeveel dat oriënteringskursusse vir professionele offisiere weer deur die Akademie behartig word om ook hulle pad deur die Akademie te laat loop. Verdedigingshoofkwartier het eersgenoemde voorstel aanneemlik gevind en hom opdrag gegee om die saak verder te ondersoek en planne in daardie verband voor te lê.[33] Die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. G.J.J. Boshoff, het terselfdertyd in samewerking met die weermagsdele opnuut 'n ondersoek na die opleiding van aspirant- en junior offisiere geloods, sodat die rol van die Militêre Akademie in daardie verband "ondubbelsinnig gedefinieer" kon word. Sy uitgangspunt in dié verband was dat daar:

> "Geen duidelik gedefinieerde behoefte aan die akademiese kwalifikasies waaroor offisiere van die S Mag (sic.) moet beskik, bestaan nie, gevolglik is die plek van akademiese opleiding vir toekomstige en dienende offisiere nie duidelik uitgespel nie. Dit lei daartoe dat die rol van die Militêre Akademie in die opleiding van S Mag offisiere (sic.) nie skerp afgebaken is nie.
>
> "Die persentasie van S Mag offisiere (sic.) wat tans opleiding by die Militêre Akademie ondergaan, is te klein in verhouding met die belegging in personeel en infra-struktuur (sic.) wat in die eenheid gemaak word."[34]

Lt.genl. Boshoff het op grond van bovermelde ondersoek[35] geoordeel dat dit noodsaaklik was dat alle Staandemagoffisiere vroeg in hul loopbane "een of ander vorm van akademiese... opleiding" ondergaan, maar dat dit nie 'n "prakties uitvoerbare moontlikheid" was om almal die B.Mil.-graadkursus te laat volg nie. Hy het derhalwe onder meer by die Verdedigingsbevelsraad aanbeveel dat "alle jong S Mag offisiere (sic.) uitgesonderd die met korttermyndiens vooruitsigte (sic.) in die SAW [tien jaar of minder], die offisiere wat spesialis akademiese opleiding ondergaan [d.w.s. ingenieurs, medici, ens.] en die wat reeds oor

33. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 76, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., 10 Junie 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 136, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., 12 Augustus 1980.
34. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 11c, HSP/DPO/103/1/8/2, brief H SAW (HSP) – H Leër, etc., 17 Julie 1980.
35. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 11a, brief HSP/DPO/103/1/8/2, HSP – Voors. en lede VBR, 27 Oktober 1980.

tersiêre kwalifikasies beskik" akademiese opleiding by die Militêre Akademie ondergaan, hetsy by wyse van die driejarige B.Mil.-graadkursus of 'n "eenjarige diploma-kursus (sic.) met dieselfde tipe vakinhoud as die graadkursus."[36] Hy het ook aanbeveel dat die Akademie nie binne die volgende vyf jaar van Saldanha af verskuif word nie, maar dat 'n projekspan aangestel word om "die toekomstige infrastruktuur en behoeftes van die Militêre Akademie te beplan hetsy te Saldanha of elders indien lg (sic.) nie geskik op die langtermyn (sic.) bevind word nie."[37] Die Verdedigingsbevelsraad het dié aanbevelings in Mei 1981 met geringe wysigings goedgekeur,[38] met dien verstande dat "waar operasionele of ander omstandighede volgens die oordeel van weermagsdele nie die aanvanklike akademiese opleiding van sommige offisiere moontlik maak nie",[39] sodanige offisiere ook daarvan uitgesluit sou word.

Onder die aanbevelings wat die Verdedigingsbevelsraad in Mei 1981 goedgekeur het, was die instelling van 'n burgerlik-militêre Militêre Akademie Adviesraad om die Weermag met kundige advies oor die funksionering van die Akademie (opleidingstelsel, behoeftes van die weermagsdele, leerplanne e.d.m.) te bedien, soos oorspronklik deur die Malan-verslag aanbeveel en daarna deur sowel die Van der Westhuizen- en Biermann-komitees[40] herhaal is. Alhoewel die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. R.F. Holtzhausen, inderdaad in Junie 1981 die instelling van so 'n Adviesraad, bestaande uit opperoffisiere van die Weermag, die Bevelvoerder en Dekaan van die Militêre Akademie en die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch (of sy verteenwoordiger) aangekondig het,[41] het dié Raad nooit in die praktyk gerealiseer nie. Die Hoof van die Weermag het naamlik in 1984, toe daar uiteindelik meer duidelikheid oor die toekoms van die Akademie was, op aanbeveling van die Bevelvoerder van die Militêre Akademie en die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch[42] beslis dat daar nie 'n behoefte aan so 'n liggaam was nie. Die Weermag se Personeelstafraad het naamlik as adviesliggaam vir Hoof van Staf Personeel ten opsigte van die Militêre Akademie opgetree, terwyl daar langs die normale diensweë genoegsame geleentheid vir

36. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 11a, brief HSP/DPO/103/1/8/2, HSP – Voors. en lede VBR, 27 Oktober 1980.
37. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 11a, brief HSP/DPO/103/1/8/2, HSP – Voors. en lede VBR, 27 Oktober 1980.
38. SANWA, VBR/VBK 5, VBR 1981, notule van VBR-vergadering 4/81, 14 Mei 1981, pp.10 - 13.
39. SANWA, VBR/VBK 5, VBR 1981, notule van VBR-vergadering 4/81, 14 Mei 1981, p.13.
40. Malan-verslag, pp.33 – 34, 81, Aanhangsel D, p.2, Van der Westhuizen-verslag, pp.45 – 48, 55 en Biermann-verslag, pp.8, 10.
41. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/521 vol. 1, inlae 8, brief HSP/DBO/521/3/7/1/7, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 2 Junie 1981.
42. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/302/6 vol. 1, inlae 24, brief MA/302/6(B), Bev. Mil. Akad. - HSP, 5 November 1984.

skakeling tussen die weermagsdele onderling en tussen die Universiteit van Stellenbosch en die Weermag was.[43]

Die Hoof van die Weermag, genl. C.L. Viljoen, het die Verdedigingsbevelsraad se beginselbesluite van November 1980 en Mei 1981 in Maart 1982 aan die Minister van Verdediging, genl. M.A. de M. Malan, voorgelê. Dit het daartoe gelei dat Hoof van Staf Personeel opdrag gekry het om 'n volledige verslag op te stel "om die omstandighede, voorleggings en aanbevelings rondom die opleiding van aspirant (sic.) en junior offisiere van die Staande Mag, sedert Julie 1980, volledig saam te vat en sekere aanbevelings spesifiek met betrekking tot die Militêre Akademie te maak."[44] Die verslag wat daaruit voortgespruit het, het die bevinding bevestig dat die Akademie in suiwer finansiële terme nie koste-effektief was nie en beter benut moes word, onder andere deur meer studente toe te laat en die Akademie by die navorsings- en akademiese behoeftes (kort kursusse om spesifieke akademiese opleidingsbehoeftes te bevredig) van die weermagsdele en stafafdelings te betrek. Die verslag het, soos die Van der Westhuizen- en Biermann-verslae, bevind dat die basiese filosofie van offisiersopleiding (militêr en akademies) soos in die Hartzenberg-verslag vervat, sowel as die beginsel van drieledige (algemene, wetenskaplike en militêr-professionele) offisiersvorming soos deur die Malan-verslag omskryf, steeds geldig was. Daarom het die verslag die noodsaaklikheid daarvan dat alle Staandemagoffisiere, met bovermelde uitsonderings, vroeg in hul loopbane 'n mate van akademiese opleiding moes ontvang, onderskryf en die aanbevelings in verband met graad- en diplomastudie, asook die tydelike moratorium op die verskuiwing van die Akademie herhaal. Studente kon, luidens die verslag, op enige tydstip ná hul vormings- en militêre vakopleiding by die Akademie inskryf, maar nie later as die begin van hul sesde diensjaar nie. (Daar is egter ook voorsien dat daar in uitsonderlike gevalle, waar kandidate vanweë operasionele of ander omstandighede nie teen die begin van hul sesde diensjaar vir akademiese studie afgestaan kon word nie, hulle selfs tot op ouderdom 35 vir akademiese studie in aanmerking geneem sou kon word.) Die verslag het as mikpunt gestel dat alle Staandemagoffisiere met die rang van kommandant en hoër uiteindelik gegradueerd (of in besit van 'n gelykwaardige kwalifikasie) moes wees. Dié ranggroepe het sowat 18% van die Weermag se totale offisierskorps uitgemaak, op grond waarvan aangevoer is dat die gestelde mikpunt wel mettertyd bereik sou kon word as 25% van die

43. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/302/6 vol. 1, inlae 26, brief HSP/DBO/521/3/7/1/7 oor HSP/DBO/302/6K46, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 24 Desember 1984; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).

44. Mil. Akad. Argief, Verslag oor Aspirant- en Junioroffisiersopleiding in die Staande Mag met spesifieke verwysing na die Militêre Akademie (hierna: HSP (DBO)-verslag), September 1982, pp.5, 6.

Weermag se jong offisiere jaarliks die B.Mil.-graad (of 'n gelykwaardige kwalifikasie) verwerf. Dit het beteken dat die Akademie jaarliks ongeveer 175 graadstudente moes inneem teenoor die gemiddeld van 50 per jaar wat in daardie stadium jaarliks by die Akademie ingeskryf het. Die mikpunt vir diplomastudente is op 370 (70% van die getal wat nie graadstudie onderneem het nie) gestel. Die Akademie sou egter nie die totaal van 895 studente per jaar wat dit uiteindelik sou meebring, kon hanteer nie. Daarom het die verslag aanbeveel dat die Akademie se totale studentetal op 350 per jaar gestel word en dat daar vir die balans voorsiening vir onderrig aan burgerlike universiteite gemaak word.[45]

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. F.S. Mulder, het teen Augustus 1981, te midde van die pogings van die militêre owerhede om die rol van die Militêre Akademie in die opleiding van jong offisiere binne 'n taakgerigte opleidingstelsel "ondubbelsinnig gedefinieer" te kry, die doel van dié eenheid omskryf as synde "om taakgerigte akademiese en aanverwante militêre opleiding aan offisiere van die SAW te bied ten einde hulle vir 'n loopbaan in die SAW voor te berei."[46] Van die "aanverwante militêre opleiding" het, soos later aangetoon sal word, weinig tereggekom. Alles het in die praktyk om die graadstudie gewentel, waarvan die basiese doel, aldus brig. Mulder, was (soos met die Hartzenberg-benadering van weleer) "om offisiere op tersiêre vlak in die verskillende deelwetenskappe te skool om sodoende selfstandig kennis te kan benut om aan die eise van die militêre professie onder huidige en veranderende omstandighede te kan voldoen."[47]

Intussen het die alma mater-gedagte en die wyer benutting van die Akademie ook gaandeweg beslag begin kry. 'n Militêre Akademie Oudstudentevereniging is in 1982 in die lewe geroep om afgestudeerde offisiere in kontak met hul alma mater te hou en in 1984 is 'n begin gemaak met die aanbied van kort, gespesialiseerde akademiese kursusse om spesifieke opleidingsbehoeftes van die Weermag vir onder meer senior offisiere te bevredig. Gedurende 1982/83 het 'n ideaal wat reeds sedert die stigting van die Akademie in 1950 gekoester is, in vervulling gegaan, toe 'n navorsingsafdeling by die Akademie gestig is om navorsing oor krygskundige onderwerpe te onderneem. Honneursstudie aan die Akademie het terselfdertyd momentum begin kry en Akademie-dosente is by Weermagprojekte en –ondersoeke betrek om hul kundigheid oor 'n wyer front tot voordeel

---

45. HSP (DBO)-verslag, September 1982, pp.8 – 9, 22 – 43.
46. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 124, MA/518/7/1/B vol. 1, inlae 11, voorligtingsdokument: "Wat is die Militêre Akademie?, 28 Augustus 1981; Vergelyk ook SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 124, MA/518/7/1/B vol. 1, inlae 16, brief BEV/MA/522/4/6, Bev. Mil. Akad. – HSP (D. Taal), 25 November 1981.
47. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 122, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Desember 1982.

van die Weermag te ontgin.[48] Die Akademie was dus geleidelik besig om sy nutswaarde vir die Weermag uit te brei om die "ware universiteit van die Weermag" te word, soos deur die Biermann-verslag in die vooruitsig gestel. Al dié ontwikkelings sal egter in 'n latere afdeling onder die loep geneem word.

Na sowat vier jaar se wik en weeg het die Minister van Verdediging uiteindelik teen Maart 1984[49] tot 'n besluit oor die toekoms van die Akademie gekom: "Die Akademie bly in Saldanha en geen verdere beplanning tov 'n verskuiwing word beoog nie."[50] Verdedigingshoofkwartier het naamlik nadat "verskillende moontlikhede van verskuiwing na Stellenbosch van alle kante beskou is, besluit dat die Militêre Akademie sy rol en funksie die beste kan vervul deur voort te gaan soos tans, dws (sic.) met behoud van die huidige standplaas te Saldanha."[51] Hierdie besluit, wat duidelik deur die koste wat die oprigting van nuwe fasiliteite elders sou meebring, eerder as enigiets anders gemotiveer is,[52] het die belangrikste struikelblok met betrekking tot die ontwikkeling van die Akademie uit die weg geruim. Solank die ligging van die Akademie in die weegskaal was, kon geen blywende besluite immers oor die toekoms van dié instelling geneem word nie. Met Saldanha as standplaas bevestig, het beide die Hoof van die Weermag en die Minister van Verdediging "die ontwikkeling van die Militêre Akademie op 'n hoë prioriteit [ge]stel"[53] en kon daar uiteindelik vorentoe beweeg word. Sterk klem is van owerheidsweë daarop gelê dat daadwerklike stappe gedoen moes word om die isolasie wat die Akademie weens sy geografiese ligging op verskeie terreine ervaar het, teë te werk.[54] Die pogings wat in dié verband aangewend is, sal in 'n volgende afdeling aangeraak word.

---

48. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, verslag MA/B/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, ongenommerde brief, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 18 Mei 1984.
49. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985); Vergelyk ook Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.
50. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.
51. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, konsepbrief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) – prof. M.J. de Vries (Rektor US), Mei 1984.
52. HSP (DBO)-verslag, September 1982, p.33.
53. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 5, brief HSP/DBO/302/6/K46, HSP – KMG, 14 November 1984.
54. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985); Vergelyk ook Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, Aanhangsel A ("Finale Besluite tov Voortbestaan van Militêre Akademie") by brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.

Verdedigingshoofkwartier se beslissings van Mei 1984 het die breë beginsel van akademiese opleiding vir die meerderheid staandemagoffisiere van die SA Weermag aanvaar en soos volg verwoord:

> Akademiese opleiding word inbeginsel (sic.) vir alle jong S Mag offisiere (sic.) met 'n potensiaal van tien jaar of meer S Mag diens (sic.) voorgeskryf en kan enige tyd na vormings- en militêre vakopleiding begin, maar nie later nie as aan die begin van die sesde jaar van diens. Voorsiening moet gemaak word vir uitsonderings vanweë operasionele en ander vereistes, ook vir die feit dat sommige offisiere glad nie akademiese opleiding ondergaan nie.[55]

Kandidate sou steeds, soos die praktyk sedert 1976 was, beide as offisiere of kandidaatoffisiere by die Akademie kon aanmeld. Hulle is naamlik (behalwe in gevalle waar 'n minimum van drie jaar diens voor kommissie-aanstelling voorgeskryf is) reeds na hul aanvanklike twee jaar vormings- en militêre vakopleiding, dit wil sê voordat hulle by die Akademie ingeskryf het, tot luitenante (of onderluitenante in die geval van die Vloot) bevorder. In die geval van beroepsklasse (byvoorbeeld personeeloffisiere) waar RWK 13 vroeër of later vereis is, moes kandidate verkieslik reeds aan die begin van hul tweede diensjaar, met ander woorde terwyl hulle nog kandidaatoffisiere was, met hul graadstudie aan die Akademie begin. Voorkeur is ingevolge die nuwe beleidsrigting aan ongetroude studente gegee wat toelating tot die Akademie betref, aangesien daar slegs baie beperkte akkommodasie vir getroude studente beskikbaar was.[56] 'n Gebrek aan jonger kandidate het egter daartoe gelei dat die praktyk wat sedert 1976 ontstaan het om ouer, meer senior offisiere tot die Akademie toe te laat, voortgeduur het. Die gevolg daarvan was dat die studentekorps sodanig gediversifiseer het ten opsigte van huwelikstatus, ouderdom, rang en ervaring, dat sinvolle militêre opleiding haas onmoontlik geword het. Die aard en karakter van die Akademie het gevolglik sedert 1976 onteenseglik van dié van 'n .min of meer tradisionele militêre akademie waar kandidaatoffisiere gevorm is, na dié van 'n mil.ıêre universiteit, waar graadstudie die hoofrol gespeel het, verander.[57] Die probleme wat die

---

55. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, Aanhangsel A ("Finale Besluite tov Voortbestaan van Militêre Akademie") by brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.
56. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, Aanhangsel A ("Finale Besluite tov Voortbestaan van Militêre Akademie") by brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.
57. WIMPOLE-verslag), pp.13 – 15; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, pp.2 - 3.

heterogene studentekorps in terme van ouderdom, geslag en huwelikstatus ten opsigte van opleiding en akkommodasie geskep het, sal in latere afdelings aandag geniet.

Die beslissings van Mei 1984 het daarvoor voorsiening gemaak dat akademiese opleiding op een van twee wyses aan jong offisiere gebied kon word, naamlik:

> "i. 'n B Mil graad (sic.) by die Militêre Akademie te Saldanha... [wat] spesifiek gereserveer (word) vir kandidate wat op 'n streng basis gekeur word, sodat elke geval die belegging in die studie regverdig.
>
> "ii. 'n Graad- of diplomakursus (voltyds, deeltyds of dmv korrespondensie) by 'n universiteit of technikon op staatskoste... [wat] gevolg word deur jong offisiere wat nie op die eerste wyse kan studeer nie of wanneer daar 'n behoefte aan spesifieke spesialiskennis is wat nie by die Militêre Akademie aangebied word nie.[58]

Bogenoemde bepalings het in een belangrike opsig nie uitvoering gegee aan die planne wat sedert 1980 op die tafel was nie: dit het (n.a.v beletsels in die universiteitswette in dié verband) nie voorsiening gemaak het vir die instel van 'n diplomakursus by die Akademie nie. Die implikasie daarvan was dat daar nie gevolg gegee kon word aan die gedagte om die Akademie die alma mater van die oorgrote meerderheid van die jong offisiere van die SA Weermag te maak nie.

Die *de facto*–status wat die Akademie sedert 1976 aangeneem het, naamlik dié van 'n militêre universiteit, eerder as 'n militêre akademie, het ingevolge die beleidsbeslissings van Mei 1984 formeel in die doelformulering van die instelling neerslag gevind, deurdat daar (afgesien van die feit dat die Akademie nie meer net kandidaatoffisiere opgelei het nie) glad nie meer in die doelstelling na militêre opleiding verwys is nie. Die doel van die Akademie is naamlik bloot geformuleer as synde "om akademiese opleiding vir Staande Mag offisiere (sic.) aan te bied dmv... 'n voltydse, driejarige B Mil kursus (sic.) in Krygskunde... nagraadse studies (sic.) in Krygskunde... [en] ander verwante kursusse hetsy ter verfrissing of ter verryking."[59] Verdedigingshoofkwartier het desnieteenstaande die drie jaar wat die studente

58. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, Aanhangsel A ("Finale Besluite tov Voortbestaan van Militêre Akademie") by brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.

59. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985); Vergelyk ook Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, Aanhangsel A ("Finale Besluite tov Voortbestaan van Militêre Akademie") by brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.

by die Akademie deurgebring het "as 'n uiters belangrike fase van offisiersvormingsopleiding" gesien en opdrag gegee dat "studieprogramme... te midde van die akademiese program, voorsiening (moet) maak vir gereelde tydperke van militêre opleiding in ooreenstemming met die behoeftes soos deur 'n weermagsdeel gestel mag word."[60] Soos later bespreek sal word, het dié opleiding hoofsaaklik gedurende resestye by die weermagsdele plaasgevind en was die Akademie se bydrae in daardie verband eintlik net administratief van aard.

Die nuwe bestuursvoorskrifte ten opsigte van die Militêre Akademie het sterk klem daarop gelê dat die militêre karakter van die Akademie ten alle koste deur middel van militêre roetine, dissipline, gebruike en tradisies gehandhaaf moes word. Verder moes die geografiese isolasie van die Akademie aktief teengewerk word om die studente se gevoel van betrokkenheid by die Weermag en die Universiteit van Stellenbosch te stimuleer. Wat die Weermag betref, is daar gevolglik voorsiening gemaak vir die studente om gedurende resestye, naas hul normale resesopleiding en aanwending deur hul weermagsdele, besoeke aan militêre eenhede, installasies en operasionele gebiede te bring. Terselfdertyd is daar ook voorsiening gemaak vir senior militêre personeel om die Akademie gereeld te besoek en die staf en studente toe te spreek. Wat kontak met die moederkampus op Stellenbosch betref, het Verdedigingshoofkwartier benadruk dat akademiese, sowel as sosiale skakeling op alle terreine nagestreef moes word, hetsy by wyse van deelname aan seminare, simposiums en studentebedrywighede, of by wyse van gesamentlike studieprojekte of die benutting van akademici van die moederkampus as besoekende sprekers.[61]

In Maart 1985, skaars 'n jaar nadat daar uiteindelik uitsluitsel oor die toekoms van die Militêre Akademie verkry is, het die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. R.F. Holtzhausen, die Militêre Psigologiese Instituut (MPI) genader om ondersoek in te stel na die keuring van studente vir die Militêre Akademie. Eerder as om die keuringsproses in isolasie te ondersoek, het die ondersoekspan 'n sisteembenadering gevolg en ook die Weermag se beleid met betrekking tot offisiersopleiding aan die Militêre Akademie teen die agtergrond van offisiersopleiding aan buitelandse akademies en die historiese ontwikkeling van die

60. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).
61. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).

Militêre Akademie onder die loep geneem.[62] Aangesien die bevindings en aanbevelings van die MPI-verslag, saam met dié van twee verdere ondersoeke in verband met die Militêre Akademie, Projekte KINGSROW (1986/87)[63] en WIMPOLE (1988/89),[64] met die Akademie se posisionering vir die nuwe Suid-Afrika saamhang, sal dit in die hoofstuk 7 aan die orde gestel word.

Soos uit die voorafgaande blyk, is die eerste dekade ná 1975 gekenmerk deur 'n voortgesette soeke na die korrekte posisionering van die Militêre Akademie ten opsigte van offisiersopleiding in Suid-Afrika enersyds en vereistes waaraan die aard en inhoud van die opleiding aan dié instelling in die lig daarvan andersyds moes voldoen. Verdedigingshoofkwartier het in dié proses te midde van Suid-Afrika se toenemende internasionale isolasie, soos in die verlede, getrag om sover moontlik op hoogte van leerplanne en praktyke aan buitelandse akademies te bly. Feitlik elke komitee wat die werksaamhede van die Akademie sedert 1975 ondersoek het, het in 'n mindere of meerdere mate by wyse van 'n literatuurstudie by buitelandse akademies gaan kers opsteek.[65] Verder het die Hoof van Staf Inligting gedurende November 1979 'n besoek aan die leërakademie in die Republiek van China gebring,[66] terwyl literatuur in die tagtigerjare oor militêre akademies en ander verwante inrigtings in onder meer Brittanje, Wes-Duitsland en Kanada verkry is.[67] Die skakelwerk wat Hoof van Staf Inligting in die Republiek van China gedoen het, het daartoe gelei dat die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. F.S. Mulder, gedurende 1981 die geleentheid gekry het om die leër-, lugmag- en vlootakademies, asook ander militêre opleidingsinstellings, in daardie land te besoek.[68] Aan die ander kant van die muntstuk het die militêre verteenwoordiger van Iran in September

---

62. Mil. Akad. Argief, verslag deur Afdeling Organisasiegedrag en –ontwikkeling, Militêre Psigologiese Instituut: "Diagnostic Investigation: Selection of Candidates for Study at the Military Academy (Saldanha)", (hierna: MPI-verslag), Februarie 1986, pp.49 –50.
63. Mil. Akad. Argief, Projek KINGSROW: Verslag oor die Ondersoek na 'n Stelsel vir die Ontwikkeling van Staandemagoffisiere in die SAW (hierna: KINGSROW-verslag), 31 Maart 1987.
64. Mil. Akad. Argief, Verslag van Projek WIMPOLE oor die Militêre Akademie, 13 Oktober 1989.
65. Vergelyk Van der Westhuizen-verslag, p.3, Biermann-verslag, p.10, MPI-verslag, p.3, KINGSROW-verslag, p.7, WIMPOLE-verslag, p.C-1.
66. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/520/4 (Geheim) vol. 1, inlae 33A, verslag deur HSI insake besoek aan Republiek van China, 8 – 15 November 1979, gedateer 31 Januarie 1980.
67. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/502/8 vol. 1, inlae 9, brief HSP/DPO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 30 April 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3/B vol. 1, inlae 18, brief LON/203/2 oor LON/103/3/2, SA Weermagsattaché, Londen - Bev. Mil. Akad., 15 Oktober 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/7 (Vertroulik) vol. 1, memorandum oor militêre opleiding in Kanada vasgeheg aan lêeromslag, g.d.; ; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Notule van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 10 Junie 1980.
68. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/UG/503/1/7 (Uiters Geheim) vol. 2, inlae 5, brief MA/520/4/8, Bev. Mil. Akad. - HSP, 16 April 1981.

1977 die Akademie besoek met die oog op moontlike lesse vir die opleiding van offisiere in daardie land.[69] Die politieke isolasie van Suid-Afrika het egter enige betekenisvolle wisselwerking tussen die Militêre Akademie en soortgelyke instellings in die buiteland verhoed.

## 6.2 DIE ORGANISASIE, BEVEL EN BEHEER, DIENSSTAAT EN AKKOMMODASIE VAN DIE AKADEMIE

Met die onttrekking van die Fase 2-kursus is feitlik al die beroeps-militêre personeel van die Akademie tussen Januarie en Julie 1976 na poste elders in die weermag verplaas, sodat daar selfs nie eers 'n Adjudant by die Akademie oorgebly het nie.[70] Die Akademie is feitlik uitsluitlik met die oog op die aanbied van die B.Mil.-kursus georganiseer, sodat die dosente dus die belangrikste komponent van die Akademie-personeel uitgemaak het. In afwagting van 'n finale beslissing oor die toekomstige rol en standplaas van die Akademie, is die organisasiestruktuur en diensstaat van die Akademie nie dadelik by die nuwe omstandighede aangepas nie.[71] Die ontoereikende diensstaat waarmee die Akademie in die naweë van die onttrekking van die Fase 2-opleiding gelaat is, het volgens brig. A. Potgieter (oudstudent van die Militêre Akademie, 1957 – 1959, verwerf B.Mil. in 1962), wat brig. J.P.B. van Loggerenberg op 21 Januarie 1977[72] as Bevelvoerder opgevolg het, die dissipline van die studente ernstig ondermyn. Hy het die studente se gebrek aan dissipline en oënskynlik "onverskillige houding teenoor gesag" soos volg opgesom:

> "Gebrek aan stiptelikheid, trae reaksie op instruksies ivm netjiese hare, laksheid by siekrapportering, 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die mediese diens, prikkelpopfoto's teen kamermure in enkelkwartiere, agterstallige skulde by die

69. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/520/4 (Geheim) vol. 1, inlae 11, brief MA/520/4, Bev. Mil. Akad. - HSI, September 1977.
70. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.
71. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 vol. 3, inlae 72, brief HSP/103/2/2/5, HSP – H Leër, etc., 30 Oktober 1975; Mil. Akad. Argief, HSP/DOS/503/1/6(5/80): Verslag oor organisasieondersoek by Mil. Akad. deur Direktoraat Organisasiestudies (DOS), 31 Augustus 1981; HSP (DBO)-verslag, September 1982, p.31.
72. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief, HSP – brig. A. Potgieter, 21 Januarie 1977.

eenheidsfonds en klub, slenterdrag in die onthaalgedeelte van die offisiersklub, onvanpaste optrede as toeskouers by sportbyeenkomste, ens."[73]

Verder het gerugte later die rondte gedoen dat "studente onder verdagte omstandighede opgemerk is in die White City Kleurlingwoongebied van Saldanha... sekere studente by geleentheid sosiaal verkeer het met kleurlingdames... sekere studente hulle skuldig maak aan oormatige drankgebruik... studente by geleentheid dames in hul kamers gehad het... sekere ongetroude studente alleen saam met dames gebly het in die getroude kwartiere op Malgaskop... pornografiese materiaal die ronde (sic.) doen onder studente... [en dat] onwelvoeglike taalgebruik algemeen onder 'n groot deel van die studente voorkom."[74]

Ofskoon die gebrek aan dissipline en professionele standaarde onder jong offisiere in die SA Weermag klaarblyklik nie tot die Akademie beperk was nie,[75] het Brig. Potgieter die gebrekkige dissipline van die studente gewyt aan 'n ontoereikende organisasiestruktuur wat die studente se voortgesette vorming as offisiere totaal laat skipbreuk ly het. Hy het naamlik bevind dat die doel van die Akademie (vermoedelik deur die dosente) té eng as "bloot graadopleiding" gesien is en dat daar voorts na die Bevelvoerder as die "militêre hoof" en die Dekaan as die "akademiese hoof" van die Militêre Akademie verwys is – tekenend van die botsende militêre en akademiese subkulture soos in die vorige hoofstuk bespreek. Verder is die akademiese personeel in die afwesigheid van militêre instrukteurs ná die onttrekking van die Fase 2-opleiding by die Akademie nie by die "lynfunksie" van die Akademie, wat hy as "offisiersopleiding op akademiese vlak" omskryf het, betrek nie. Dié toedrag van sake het eenheid van bevel ondermyn, "geïntegreerde graad- en vormingsopleiding" onmoontlik gemaak, tot swak beheer oor die studente gelei, met die gevolglike verlies van militêre dissipline.[76]

In 'n poging om die eenheid van bevel by die Akademie te herstel, beheer oor die studente te verstewig en die "geïntegreerde bedryf van die Militêre Akademie as 'n

---

73. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.
74. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.
75. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, anonieme memorandum, "Leemtes, Oorsake en Norme – Offisierskorps), g.d. (kantaantekenig deur brig. A. Potgieter gedateer 2 Desember 1977).
76. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief MA/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - HSP, 4 Julie 1978; Vergelyk ook Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/105/6/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 7 Junie 1977 en SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2(ISOPLAN) vol. 1, inlae 119, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 28 April 1977.

opleidingsinrigting"[77] met die oog op die voortgesette vorming van die student as offisier moontlik te maak, het brig. Potgieter 'n aantal veranderinge in die interne organisasiestruktuur van die Akademie gemaak. Hy het met ingang van die tweede semester van daardie jaar die Dekaan as agerende Tweede-in-Bevel van die Akademie aangestel, met die drie Afdelingshoofde van die Fakulteit Krygskunde as kursusleiers vir die drie studentejaargroepe.[78] (Die Akademie-dosente is in 1977, ná vertoë deur sy voorganger, brig. J.P.B. van Loggerenberg, weer in uniform geplaas, soos later aangetoon sal word.) Die Dekaan se "hooffunksie" as Tweede-in-Bevel was "die koördinering van alle aktiwiteite wat regstreeks en onregstreeks met die primêre taak van die eenheid te doen het."[79] Die taak van die kursusleiers was om onder die wakende oog van die Tweede-in-Bevel (Dekaan), met die hulp van die res van die doserende personeel, bevel en beheer oor die studente uit te oefen. Brig. Potgieter het daarby die Studentebeheerorganisasie se tugfunksie weggeneem, aangesien dié liggaam traag was om teen hul medestudente op te tree.[80] Dié stappe het klaarblyklik wel tot 'n betekenisvolle verbetering in die dissipline van die studente gelei.[81]

Afgesien van die verlies van sy tugfunksie, het die Studentebeheerorganisasie sedert 1976 dieselfde basiese rol as voorheen vertolk, naamlik om as skakel tussen die studente en die Bevelvoerder (deur die kursusleiers en die Tweede-in-Bevel) te dien en die studentebedrywighede, insluitende sosiale funksies en deelname aan die jaarlikse studentekarnaval op die moederkampus, te reël. Waar dié organisasie onder die vorige bedeling ook staflede ingesluit het, het dit egter sedert 1976 slegs uit studentelede, wat demokraties deur die studentekorps verkies is, bestaan. Die naam van die organisasie het klaarblyklik gedurende die vroeë tagtigerjare na die Militêre Akademie Kursuskomitee en later na die Militêre Akademie Studentekomitee verander, maar uiteindelik teen die laat tagtigerjare weer na die benaming Studentebeheerorganisasie teruggekeer. Die titel van

77. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/105/6/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 7 Junie 1977.

78. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/105/6/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 7 Junie 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.

79. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.

80. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/105/6/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 7 Junie 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 127, MA/522/1/9102 vol. 1, inlae 8, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 21 Julie 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 127, MA/522/1/9102 vol. 1, inlae 14, notule van konferensie met Bev. Mil. Akad., 11 Augustus 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/19 (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/V/106/19, Bev. Mil. Akad. - HSP, 21 Oktober 1977.

81. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief MA/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - HSP, 4 Julie 1978.

die hoogste gesagsbekleër in die organisasie het insgelyks gewissel van onder meer Studentebevelvoerder tot Studenteleier, totdat hy/sy uiteindelik as die Studentekaptein bekend geraak het.[82] Benewens die Studentebeheerorganisasie is daar na die voorbeeld van die moederkampus ook in 1985 'n Oorlegkomitee, bestaande uit die Bevelvoerder, Dekaan, Afdelingshoofde, Studentekaptein en jaargroepverteenwoordigers, in die lewe geroep om "probleme wat deur die fakulteit (sic.) en die studente ondervind word (wat nie langs die normale diensweë uitgesorteer kan word nie), uit te lig en oplossings daarvoor te vind."[83] Die Studentekaptein (of sy verteenwoordiger) het op sowel die Studenteparlement as die Oorlegkomitee op die moederkampus sitting gehad om die Akademie-studente daar te verteenwoordig, wedersydse kontak te bevorder en oor die algemeen in voeling met studente-aangeleenthede op die kampus te bly.[84]

Die Hoof van Staf Personeel, v.adm. R.A. Edwards, het inmiddels teen die helfte van 1979 laat blyk dat 'n volgende bevelvoerder van die Militêre Akademie moontlik uit die geledere van die Fakulteit Krygskunde kon kom.[85] In hoeverre dit daarop gemik was om die wrywing tussen die akademiese en militêre subkulture uit die weg te ruim – gegewe die feit dat daar sedert 1976 in elk geval weinig sprake van militêre opleiding by die Akademie was - is nie duidelik nie. Hoe dit ook al sy, v.adm. Edwards het teen November 1979 aangekondig dat kandidate vir die Dekaanskap voortaan beide oor 'n doktorsgraad moes beskik om hulle vir aanstelling as professor ooreenkomstig die beleid van die Universiteit van Stellenbosch te kwalifiseer, en "'n stafgekwalifiseerde kolonel" (d.w.s. die Weermag se Senior Bevel- en Stafkursus geslaag het) moes wees.[86] Ofskoon die doel van die militêre stafkwalifikasie waarskynlik op die moontlike aanstelling van toekomstige dekane as bevelvoerders van die

82. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/SD/3/1/20 vol. 3, inlae 94, brief G/SD/3/1/20, Bev. Mil. Akad. – 2lt P.E. Lourens, 23 Augustus 1976; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/K vol. 1, inlae 66, memorandum MA/103/14 deur kapt. G.K. Barron insake SBO, 4 Augustus 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 85, MA/501 vol. 2, inlae 14, pligte en verantwoordelikhede van die Militêre Akademie Kursuskomitee, Maar 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/522/1/9102/STUDENTE vol. 1, inlae 4, brief MA/522/1/9102, Studentekaptein - Bev. Mil. Akad. - HSP, 28 Januarie 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 28, notule van Oorlegkomiteevergadering, 29 Januarie 1988.

83. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 22, notule van Oorlegkomiteevergadering, 19 April 1985.

84. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 85, MA/501 vol. 3, inlae 2, Studenteparlementslede, g.d.; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/522/1/9102 vol. 5, inlae 15, notule van Mil. Akad. Bevelvoerderskonferensie, 6 Augustus 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 14, inlae 93, ongenommerde brief, US SR-lid Akademiese Belange – Dekaan Fakulteit Krygskunde, 30 September 1986.

85. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 4, brief MA/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - HSP, 1 Augustus 1979.

86. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 7, memorandum MA/503/1/6 oor MA/105/6/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 28 November 1979.

Akademie gemik was, kon só 'n kwalifikasie natuurlik ook daartoe bydra om die gaping tussen die militêre en akademiese subkulture te oorbrug. Wat die denkrigting ook al was, het die Dekaan, kapt. (SAV.) H.F. Nel, nie vir brig. Potgieter opgevolg toe hy in Januarie 1980 verplaas is nie. Daar is ook nooit daarna 'n bevelvoerder vir die Akademie vanuit die Fakulteit Krygskunde aangestel nie; die Bevelvoerder was telkens 'n gegradueerde beroepsoffisier. Die nuwe Bevelvoerder met ingang van 24 Januarie 1980, was brig. F.S. Mulder,[87] 'n genieoffisier en die eerste kandidaat sedert brig. M.A. de M. Malan se aanstelling in 1967, wat nie 'n oudstudent van die Militêre Akademie was nie. Hy het wel oor 'n B.A.-graad beskik wat hy aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het.[88] Hy is op 25 Januarie 1983 deur 'n artilleris, brig. S.W.J. Kotzé, opgevolg, wat ook nie 'n oudstudent van die Akademie was nie, maar oor 'n B.A.-graad van die Universiteit van Pretoria beskik het.[89] K.door. (later v.adm. en Hoof van die SA Vloot) R.C. Simpson-Anderson, wat brig. Kotzé op 19 Januarie 1987 opgevolg het, was weer 'n oudstudent van die Akademie (1962 – 1964) en ook die eerste Vlootoffisier om oor die Akademie bevel te voer.[90] K.door. Simpson-Anderson se opvolger met ingang van 29 Januarie 1990, brig. (later genl.maj.) F.E. du Toit, 'n Lugmagoffisier, was insgelyks 'n oudstudent van die Militêre Akademie (1961 – 1963).[91]

Ofskoon daar nooit 'n bevelvoerder vir die Akademie uit die geledere van die Fakulteit Krygskunde aangestel is nie, het die Dekaan mettertyd die vaste Tweede-in-Bevel van die Militêre Akademie geword. Daar is naamlik aan die begin van 1980 'n derde, afsonderlike afdelingshoofpos in die Fakulteit geskep om die Dekaan van sy verpligtinge in daardie verband los te maak, sodat hy voortaan terselfdertyd ook die pos van Tweede-in-Bevel van die Militêre Akademie kon beklee.[92] Alhoewel 'n beroepsoffisier, kapt. (SAV) W.S.M. Steyn, aan die begin van 1981 as voltydse Tweede-in-Bevel aangestel is om die militêre

---

87. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/501/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 19, bevelsoorname- en -oorhandigingsertifikaat, 24 Januarie 1980.
88. F.S. Mulder – G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 12 Februarie 1997.
89. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/5 vol. 4, inlae 13, brief HSP/DBD/501/6, HDMO – brig. S.W.J. Kotzé, 10 Januarie 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/501/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 28, seinberig SAO/897/26 JAN 83, Bev. Mil. Akad. – H SAW 1, 26 Januarie 1983; **Militêre Akademie Jaarblad 1983**, pp.13, 14.
90. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/501/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 28, seinberig OC/030/20 JAN 87, Bev. Mil. Akad. – H SAW 1, 20 Januarie 1987; **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, pp.4, 6.
91. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/501/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 51, seinberig ODB/174/31 JAN 90, Bev. Mil. Akad. – H SAW 1, 31 Januarie 1990; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, pp.6, 14.
92. SANWA, Mil. Akad. (Groep 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 7, Bev. Mil. Akad. – HSP., 9 Maart 1982; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Notule van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 28 Januarie 1980.

opleidingsfunksie van die Akademie te bevorder,[93] het die mantel van Tweede-in-Bevel van Januarie 1983 af permanent op die skouers van die Dekaan teruggeval, toe kapt. Steyn sy dienstoer voltooi en na 'n pos elders verplaas is.[94]

Soos hierbo vermeld, was die afwesigheid van militêre instrukteurs op die diensstaat van die Akademie ná 1975 een van die grootste knelpunte by dié eenheid. Brig. F.S. Mulder het ná sy bevelsoorname by die Akademie alles in sy vermoë gedoen om dié tekortkoming te oorbrug. Daarom het hy in 1980 goedkeuring van owerheidsweë versoek dat die drie beste beskikbare derdejaarkandidate uit die leër-, lugmag- en vlootstudente jaarliks by die Akademie agterbly om die volgende jaar as opleidingsoffisiere diens te doen en om terselfdertyd met honneursstudie (deeltyds oor twee jaar) voort te gaan. Langs dié weg het hy gehoop om twee vlieë met een klap te slaan, deur naas militêre opleiding, ook nagraadse studie ('n verdere knelpunt) by die Akademie op dreef te kry. Sy vertoë het geslaag en dié stelsel is met ingang van 1981 in werking gestel.[95]

Nadat die Akademie te midde van sy onsekere toekoms vir vier jaar lank met 'n gebrekkige organisasiestruktuur en 'n ontoereikende diensstaat voortgesukkel het, het die Hoof van Staf Personeel uiteindelik in 1981 'n organisasieondersoek gelas om 'n gepaste, buigsame organisasie- en postestruktuur vir die Akademie daar te stel. Die voorgestelde organisasie- en postestruktuur wat daaruit voortgevloei het, het die Militêre Akademie op grond van die funksies wat dié eenheid moes vervul, in vier afdelings verdeel, te wete die Fakulteit Krygskunde, 'n Tak Militêre Opleiding, 'n Afdeling Navorsing en 'n Ondersteuningsdienste-afdeling.[96] Die voorgestelde stigting van 'n afsonderlike navorsingsafdeling, 'n behoefte wat inderwaarheid reeds met die stigting van die Akademie in 1950 uitgespreek is, was daarop gemik om die Akademie in staat te stel om "eie kundigheid tov...[sy] verantwoordelikheidsvelde uit te bou ten einde in staat te wees om deurgaans leidinggewend binne hul eie beroepsveld op te tree."[97] Die voorgestelde diensstaat het vir 'n totaal van 95 poste voorsiening gemaak, waaronder 26 dosente, drie navorsers, 'n Hoof

93. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.27, 28.

94. **Militêre Akademie Jaarblad 1983**, pp.11, 22; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur DBD, 16 Augustus 1985, pp3 – 5, 8 -12, asook Aanhangsels A - C.

95. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vol. 1, inlae 146, brief MA/101/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (DPO), 10 April 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.27, 28; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 101, brief MA /103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 27 September 1982.

96. Mil. Akad. Argief, HSP/DOS/503/1/6(5/80): Verslag HSP/DOS/503/1/6(5/80) oor organisasieondersoek by Mil. Akad. deur Direktoraat Organisasiestudies (DOS), 31 Augustus 1981, pp.1, 2.

97. Mil. Akad. Argief, HSP/DOS/503/1/6(5/80): Verslag HSP/DOS/503/1/6(5/80) oor organisasieondersoek by Mil. Akad. deur Direktoraat Organisasiestudies (DOS), 31 Augustus 1981, p.2.

Militêre Instrukteur en 'n vyftal militêre instrukteurs (drie offisiere en twee onderoffisiere). Die Hoof Militêre Instrukteur, wat die rang van kolonel sou beklee, sou ook die Tweede-in-Bevel van die Akademie wees. Die hoof van die navorsingsafdeling sou, soos die Afdelingshoofde, die rang van kolonel/professor dra.[98] Verdedigingshoofkwartier het die voorgestelde organisasie- en postestruktuur in Mei 1982 "tot en met die rang van kommandant" in beginsel goedgekeur, met dien verstande dat die ander poste oorweeg sou word wanneer daar klarigheid oor die toekoms van die Akademie was. Die Akademie kon dus voortgaan om die veranderings tot op kommandantsvlak aan te bring en poste te vul, mits fondse beskikbaar was.[99]

In afwagting van die finale uitsluitsel oor die toekoms van die Akademie is daar, na gelang behoeftes opgeduik en fondse beskikbaar was, addisioneel tot bovermelde poste ook 'n aantal poste, akademies en andersins, op 'n ad hoc-grondslag vir die Akademie goedgekeur.[100] Dit was waarskynlik juis as gevolg van die feit dat die voorgestelde organisasiestruktuur van die Akademie net tot op kommandantsvlak goedgekeur is, dat die mantel van Tweede-in-Bevel van Januarie 1983 af, soos reeds vermeld, weer op die skouers van die Dekaan geval het.

Nadat die Minister van Verdediging uiteindelik teen Mei 1984 beslis het dat die Akademie op Saldanha sou bly en daar duidelikheid oor die toekomstige rol van dié instelling verkry is,[101] is 'n verdere organisasieondersoek in 1985 by die Akademie geloods, op grond waarvan 'n nuwe organisasiestruktuur met ingang van 13 Januarie 1986 vir die Akademie goedgekeur is.[102] Die vier afdelings waarin die Akademie na aanleiding van die 1981-organisasieondersoek verdeel is (Fakulteit Krygskunde, Afdeling Navorsing, Tak Militêre Opleiding en Ondersteuningsdienste), is in die nuwe organisasiestruktuur behou. (Die

98. Mil. Akad. Argief, HSP/DOS/503/1/6(5/80): Verslag HSP/DOS/503/1/6(5/80) oor organisasieondersoek by Mil. Akad. deur Direktoraat Organisasiestudies (DOS), 31 Augustus 1981, Aanhangsel A.

99. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 6, brief HSP/DBD/503/1/6(5/80), HSP - Bev. Mil. Akad., 13 Mei 1982.

100. Vergelyk o.a. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vol. 2, inlae 125, brief HSP/DMS/106/1/6, Wnd. H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 9 Junie 1982; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vol. 2, inlae 132, brief HSP/DBD/106/1/6, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 28 Oktober 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 34, brief HSP/DBD/106/1/6, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 8 Augustus 1983.

101. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.

102. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur Direktoraat Bestuursdiens (DBD), 16 Augustus 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 10, brief HSP/DBD/503/1/6(2/85), H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., g.d.

Afdeling Navorsing is egter tot die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling herbenaam.) Die Bevelvoerder het, soos voorheen, die rang van brigadier beklee en die Dekaan dié van kolonel, maar laasgenoemde het voortaan ook amptelik die pos van Tweede-in-Bevel van die eenheid beklee.[103] Die organisasiestrukture van die Fakulteit Krygskunde en die Tak Militêre Opleiding sal elders in besonderhede uiteengesit word.

Die Akademie het, wat akkommodasie betref, ná 1975 nie beter gevaar as wat die geval met sy organisasiestruktuur en diensstaat was nie. Verdedigingshoofkwartier het met die onttrekking van die Fase 2-opleiding by die Akademie en die gevolglike vermindering in die studentetal, die beplande uitbreiding van die akkommodasie- en ander fasiliteite aldaar gekanselleer.[104] Onsekerheid oor sowel die standplaas as die toekomstige rol van die Akademie, het dit vir feitlik 'n dekade daarna onmoontlik gemaak om met definitiewe planne vir die uitbreiding van die infrastruktuur by die Akademie voort te gaan. Die gevolg was dat die Akademie hom teen 1980 in situasie bevind het waar hy sowat 150 studente per jaar moes akkommodeer in fasiliteite wat oorspronklik vir 60 studente opgerig is. (In terme van enkelkwartiere kon die Akademie teen 1978 wel aan 283 studente woonplek verskaf – 60 in die hoofgebou, 42 in die opslaangeboue by die hoofgebou en 181 op Malgaskop.[105]) Daar was dus geen sprake daarvan om die tydelike geboue op Malgaskop wat, met die uitsondering van 1959 en 1960,[106] sedert die verskuiwing van die Akademie konstant in gebruik was, te ontruim nie. Trouens, met die groot persentasie getroude studente aan die Akademie, moes daar, naas die benutting van kwartiere vir getroudes op Saldanha en Langebaanweg en die huur van private woonhuise op Saldanha en Vredenburg, boonop van die ou geboue op Malgaskop ook ingerig word om getroude studente met hul gesinne te huisves.[107] Die toelating van drie damestudente tot die Akademie in 1978 het die akkommodasieprobleem vererger. Die dames kon uiteraard nie die fasiliteite in die

103. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur DBD, 16 Augustus 1985, pp3 – 5, 8 - 12, asook Aanhangsels A - C.

104. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 77, G/TRG/6/2 vol. 22, inlae 114, brief HSP/599/2/2/1, HSP – H Leër, etc., 22 Mei 1975.

105. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 30a, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 20 Julie 1978.

106. P.J.G. de Vos: Die Militêre Akademie, 1956 – 1967, p.21.

107. HSP (DBO)-verslag, September 1982, p.30; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 101, Q/ACCN/1 vol. 2, inlae 35, brief Q/ACCN/1, Bev. Mil. Akad. – HSP, 4 Augustus 1976; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 101, Q/ACCN/1 vol. 2, inlae 52, konsepbrief Q/ACCN/1, Bev. Mil. Akad. – HSP, April 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 16, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 29 Maart 1978.

enkelkwartiere met die mans deel nie, met die gevolg dat hulle in een van die woonhuise vir getroude lede gehuisves moes word.[108]

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. A. Potgieter, het in 1978 bereken dat die Akademie sowat 250 inwonende (enkel-) studente per jaar kon hanteer.[109] Dit is egter te betwyfel of die kombuis- en eetkamerfasiliteite voldoende sou wees om dié getal studente saam met die inwonende dosente en Nasionale Dienspligtiges gerieflik te akkommodeer. Daarby het die uitbreiding van vakke aan die Fakulteit Krygskunde van 1985 af groot druk op die onderrigfasiliteite geplaas en 'n dringende behoefte aan addisionele klaskamerfasiliteite en veral kantoorakkommodasie geskep. Alles in ag genome, kon die Akademie na raming teen die middel van die tagtigerjare met sy bestaande fasiliteite in totaal net sowat 180 tot 190 studente per jaar akkommodeer, ofskoon nie onder ideale omstandighede nie. Funksionele dienskursusse (rekenaargeletterdheid, finansiële bestuur, ens.) wat jaarliks vir senior en ander offisiere by die Akademie aangebied is, moes weens die gebrek aan klaskamers en woonkwartiere hoofsaaklik tot resestye beperk word.[110] Teen Oktober 1990 het die destydse Bevelvoerder van die Militêre Akademie, kdoor. R.C. Simpson-Anderson, aan die Verdedigingsbevelsraad gerapporteer dat die Akademie slegs 150 enkelstudente kon huisves, naamlik 60 in die enkelkwartiere en 90 in die tydelike geboue op Malgaskop.

Niks kon uiteraard aan die Akademie se behoefte aan addisionele akkommodasie- en ander fasiliteite gedoen word alvorens finale uitsluitsel oor die toekoms van dié eenheid nie verkry is nie. Verdedigingshoofkwartier het nietemin met die beginselbesluit van die Minister van Verdediging in 1981 dat die Akademie moes bly voortbestaan, hetsy op Saldanha of elders, 'n projek, bekend as Projek KLANK, geloods om die Akademie se toekomstige behoeftes aan geboue en ander fasiliteite te bepaal.[111] Dié behoeftebepaling kon egter eers gefinaliseer word nadat daar in Mei 1984 finaal beslult is dat die Akademie

---

108. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/3 vol. 1, inlae 42, Mil. Akad. Spesiale Eenheidsorder No. 13/78, 28 Maart 1978.

109. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 30a, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 20 Julie 1978.

110. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 68, MA/401/1/5 vol. 1, inlae 74, brief MA/401/1/5, Bev. Mil. Akad. – HSP, 30 Maart 1979; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/401/1/5 vol. 2, inlae 7, brief MA/401/1/5, Bev. Mil. Akad. – KMG, 19 Junie 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 4, brief MA/302/6(V), Bev. Mil. Akad. – HSP, 9 Augustus 1984.

111. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 68, MA/401/1/5/1 vol. 1, inlae 22, brief HSP/DBO/401/1/5/1, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 30 April 1981; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 68, MA/401/1/5/1 vol. 1, inlae 25, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) - KMG, 15 September 1981; HSP (DBO)-verslag, September 1982, pp.2 - 4.

op Saldanha sou bly en wat die studentetal en die aard van die opleiding was waarvoor voorsiening gemaak moes word. Intussen het die Akademie maar self teen die begin van die tagtigerjare die nood probeer verlig deur onder meer die ou Chemie-laboratorium, wat met die afskaffing van dié vak in onbruik verval het, in 'n elftal kantore vir NDP-hulpdosente te omskep.[112]

Verdedigingshoofkwartier het uiteindelik teen Mei 1985 besluit dat die Akademie ontwikkel moes word om teen 1990 'n totaal van 250 studente (235 voltyds voorgraads en 15 deeltyds nagraads, 50% van die totaal getroud) en teen 1995 'n totaal van 350 studente (325 voltyds voorgraads en 25 deeltyds nagraads) te kon akkommodeer. Naas die aanpassing en verbouing van bestaande fasiliteite om onder andere vir 'n vergrote biblioteek en twee ekstra lesinglokale voorsiening te maak, is daar vir 'n aansienlike uitbreiding van die menasie- en ondersteuningsdiensfasiliteite, asook vier nuwe lesinglokale van wisselende grootte, 13 nuwe kantore, nuwe enkelkwartiere vir 75 offisiere (65 studente en 10 staflede) en 15 onderoffisiere (staflede), sowel as 125 wooneenhede vir getroude studente (woonstelblokke) vir die eerste fase van die uitbreidingsprojek (d.w.s. om teen 1990 beskikbaar te wees) in die vooruitsig gestel. Met dié uitbreidings sou die Akademie teen 1990 onder meer oor 12 lesinglokale, teenoor die bestaande agt, en 33 kantore, teenoor die bestaande 20, beskik. Die volledige beplanning vir die tweede fase (1995) van die projek is vir eers uitgestel met die oog op moontlike veranderde behoeftes, ofskoon sekere aspekte daarvan, soos die vergroting van die kombuisgeriewe om vir die uiteindelike totaal van 350 studente voorsiening te maak, ter wille van koste-effektiwiteit reeds saam met fase 1 afgehandel sou word.[113]

Die fisiese beplanning van die bouprojek, ander prioriteite op die Weermag se bouprogram, die nodige begrotingsaksies, die beskikbaarheid van fondse, asook hernude ondersoeke na offisiersopleiding in die weermag en die rol van die Militêre Akademie in daardie verband (Projekte KINGSROW en WIMPOLE, wat in 'n volgende hoofstuk bespreek sal word) het egter die bouprogram by die Akademie bly vertraag. Langs dié weg was daar teen 1990 nog nie 'n sooi gespit nie en het die Akademie steeds uit sy nate gebars. Die enigste verligting wat daar gekom het, was kleinere verstellings en verskuiwings wat die Akademie

112. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, brief MA/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982.

113. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, memorandum HSP/DBO/302/6/K46, HSP - HSL, 24 Mei 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 12, memorandum HSL/DBV/401/1/5/1 oor HSL/DBV/302/6/K46, HSL - HSP, 8 Augustus 1985.

op eie stoom kon deurvoer, soos die omskepping van die skrynwerkerswinkel in 'n lesinglokaal en die hervestiging van die skrynwerkerswinkel in die gimnasium. Die gimnasium moes op sy beurt na die opgegradeerde sportklub uitwyk.[114] Intussen het daar immer meer items op die Projek KLANK-behoeftelys verskyn, waaronder 'n verdere 16 kantore, 'n Bedryfsielkundelaboratorium, 'n nuwe rekenaarsentrum, 'n konferensiesaal, 'n nuwe mediasentrum, asook lees- en studeerlokale wat studente tussen lesings kon gebruik. Met die oog daarop om in die toekoms moontlik weer damestudente tot die Akademie toe te laat, is daar voorts in die beoogde nuwe enkelkwartiere voorsiening gemaak vir aparte badkamerfasiliteite vir mans en dames.[115]

## 6.3 DIE DIENSVOORWAARDES, WERWING EN KEURING VAN STUDENTE

Die studente se diensvoorwaardes het ná 1976 in beginsel dieselfde as voorheen gebly, behalwe in soverre ouer en getroude studente met senior range ook vir toelating tot die Akademie in aanmerking gekom het. Die studente het steeds die gebruiklike kontrak met die Staat aangegaan ingevolge waarvan hulle vier jaar in die Staande Mag moes dien nadat hulle hul B.Mil.-studie voltooi het.[116] Anders as hul ongetroude kollegas, kon getroude studente nie op staatsbehuising staat maak wanneer hulle tot die Akademie toegelaat is nie. Indien staatsbehuising beskikbaar was, is dit wel aan hulle toegeken, maar andersins moes hulle self huisvesting vir die duur van hul studie vind.[117]

Die Direktoraat Sielkundige Dienste het in sy verslag van Maart 1974 bevind dat die weermagsdele nie behoorlike mannekragbeplanning gedoen het nie en ook nie hul behoeftes behoorlik aan die Direkteur-generaal personeel gekommunikeer nie. Die gevolg was dat daar nie sprake van 'n doelgerigte, gekoördineerde werwingspoging was nie.[118] 'n Ontleding van die jaarlikse innames tussen 1970 en 1978 het voorts getoon dat die

---

114. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/522/1/9102 vol. 4, inlae 14, notule van Mil. Akad. Bevelvoerderskonferensie, 24 Oktober 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/401/1/5/2 vol. 2, inlae 26, brief MA/401/1/5/2(B), Bev. Mil. Akad. – Senior Inspekteur Dept. van Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidshulpdienste, 20 November 1984.

115. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 15, brief KMG(41)302/6/K46(A), KMG – H SAW (HSL), 30 Januarie 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 21, memorandum MA/V/302/6/K46, Projekoffisier – Bev. Mil. Akad., November 1988.

116. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1 vol. 4, inlae 10, brief MA/103/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 7 Mei 1984.

117. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 101, Q/ACCN/1 vol. 2, inlae 41, brief Q/ACCN/1/0, Bev. Mil. Akad. – lt. B. Roode, 14 Oktober 1976.

118. Sielkundige Dienste-verslag, pp.173 - 177.

innames van die weermagsdele in verhouding tot mekaar taamlik gewissel het, wat die indruk versterk het dat die getal kandidate wat die Akademie bereik het, nie op die weermagsdele se werklike behoeftes geskoei was nie.[119] Die werwing van studente vir die Akademie het ná 1975 desnieteenstaande maar dieselfde patroon as voorheen gevolg. Hoof van Staf Personeel se Direktoraat Mannekragvoorsiening het oor 'n breë boeg personeel vir die Weermag as geheel gewerf en nie spesifiek vir die Militêre Akademie nie.[120] Al wat wesentlik verander het, was dat die werwingspoel van die Akademie enigsins verbreed het, deurdat ouer en selfs getroude lede ooreenkomstig die nuwe offisiersopleidingsbeleid ook nou vir toelating tot die Akademie in aanmerking gekom het.

Die Direktoraat Mannekragvoorsiening se werwingspoging was daarop toegespits om veral by skoolverlaters, Nasionale Dienspligtiges, lede van die Burgermag en Kommando's en universiteitstudente 'n gunstige beeld van die Weermag te skep en loopbaangeleenthede in die Staande Mag onder hulle aandag te bring. In dié proses het hulle steeds advertensies in die pers geplaas, werwingspraatjies en skyfie-/filmvertonings by skole, veldskole en Weermageenhede gehou en werwingstalletjies by skoue en uitstallings, waaronder loopbaanuitstallings by universiteite en hoërskole, beman. Werwingsbrosjures en -pamflette is ook aan die onderwysdepartemente in die verkillende provinsies en Suidwes-Afrika verskaf vir verspreiding aan hoërskole. Die moontlikheid van graadstudie aan die Militêre Akademie is natuurlik tydens hierdie werwingsveldtogte saam met alle ander loopbaanmoontlikhede in die Weermag onder die aandag van potensiële studente gebring.[121]

Die weermagsdele het klaarblyklik nie veel moeite gedoen om in hul geledere studente vir die Akademie te werf nie. Daar was selfs berigte van offisiere wat voornemende studente afgeraai het om vir die B.Mil.-kursus in te skryf. Die Vloot het geen aktiewe werwing gedoen nie, maar gewoon aan nuwelinge die loopbaanvooruitsigte in hul weermagsdeel voorgehou en dit aan hulle oorgelaat om te besluit of hul op een of ander stadium aansoek om toelating tot die Akademie wou doen. Die Lugmag het hul kandidaatoffisiere tydens hul vormingskursusse oor die moontlikheid van graadstudie aan die Akademie ingelig, terwyl alle Lugmageenhede jaarliks versoeke om aansoeke vir toelating tot die Akademie in hul

119. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 30a, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 20 Julie 1978.
120. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 64, brief HSP/DMV/102/1/B, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 22 Mei 1978.
121. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 64, brief HSP/DMV/102/1/B, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 22 Mei 1978.

orders gepubliseer het. Die Lugmag het egter sy lede aangemoedig om deur Unisa te studeer, aangesien hulle langs dié weg tydens hul studie met hul normale dagtaak kon voortgaan. Personeel van Unisa het selfs Lugmageenhede besoek om voorligtingspraatjies oor studiegeleenthede aan daardie universiteit te lewer. Die Leër het waarskynlik die meeste moeite gedoen om studente vir die Akademie te werf. Leërhoofkwartier het jaarliks 'n spesiale order aan alle Leëreenhede gestuur waarin aansoeke om toelating tot die Akademie gevra is, terwyl alle eenheidsbevelvoerders getaak is om werwing vir die Akademie te doen.[122]

Soos alle ander militêre eenhede, kon die Militêre Akademie gedurende die laat sewentigerjare volgens Weermagsbeleid nie op eie houtjie werwingspogings van stapel stuur nie. Die Akademie is egter wel toegelaat om op uitnodiging verteenwoordigers na jeugleierskursusse te stuur en daar onder skoolkinders werwing vir die Weermag in die algemeen en vir die Akademie in die besonder te doen. Verder het die Akademie soms wel 'n skyfiereeks oor dié instelling aan besoekers vertoon en op uitnodiging van die betrokke bevelvoerders buureenhede besoek om werwing vir die Akademie te doen. Die Akademie het voorts met die oog op werwing sy Jaarblad via die onderwysowerhede na soveel moontlik skole versprei.[123] Die Akademie het mettertyd groter vryheid ten opsigte van werwing verkry en het onder meer in 1981 toestemming verkry om 'n dokumentêre program oor die eenheid deur die televisiediens van die SAUK te laat maak en uitsaai. Verder het die Dekaan en ander Fakulteitslede gedurende die tagtigerjare in resestye werwingsbesoeke aan militêre eenhede dwarsoor die land onderneem. Dié praktyk is egter in 1990 gestaak, met dien verstande dat die weermagsdele wel die Akademie kon versoek om werwingsvoorligtings by spesifieke eenhede te lewer. Teen 1982 het die Akademie selfs sy studente gebruik om gedurende die winterreses werwingspraatjies te lewer by die eenhede waar hulle opleiding ondergaan of diens verrig het. Verder het die Fakulteit Krygskunde jaarliks gedurende die oriënteringsweek vir eerstejaarstudente op Stellenbosch saam met die ander fakulteite aan 'n uitstalling deelgeneem wat die werksaamhede en

---

122. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 65, brief VSH102/1/1, H Vloot – Bev. Mil. Akad., 25 Mei 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 66, brief LMH/SSOPO/102/1/2, H Lugmag – Bev. Mil. Akad., 30 Mei 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 71, "Bloudruk vir werwing van kandidate vir die Militêre Akademie" deur maj. C.J. Visagie, 20 September 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 127, MA/522/1/9102 vol. 2, inlae 26, notule van Mil. Akad. Bevelvoerderskonferensie, 3 Mei 1979.

123. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 71, "Bloudruk vir werwing van kandidate vir die Militêre Akademie" deur maj. C.J. Visagie, 20 September 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 53, A/PUBS/1/3/1/1 vol. 1, inlaes 3, 5 – 7 en 10 – 14, briewe Bev. Mil. Akad. – onderskeie onderwysowerhede en hul antwoorde daarop, 10 Mei – 18 Junie 1976; **Militêre Akademie Jaarblad 1976**, p1.

kursusse van die verskillende fakulteite aan die studente en die algemene publiek bekend gestel het. Die Akademie het voorts ook die studiegeleenthede wat hy gebied het by wyse van artikels in amptelike Weermagtydskrifte onder die aandag van potensiële studente gebring.[124] Dié pogings ten spyt, het vraelyste wat in 1978 deur Akademie-studente voltooi is, aan die lig gebring dat die oorgrote meerderheid van studente op informele aanmoediging deur oudstudente hul weg na die Akademie gevind het.[125] Die verskillende werwingspogings het dus in die praktyk haas vrugteloos geblyk.

Met die verskuiwing van die Fase 2-opleiding na die weermagsdele in 1976, is die keuring van kandidate vir die Militêre Akademie na die onderskeie weermagsdele gedesentraliseer. Die keuringsproses wat die weermagsdele gevolg het, was maar min of meer dieselfde. Die voornemende studente is naamlik na ontvangs van hul aansoeke aan 'n reeks sielkundige en aanlegtoetse onderwerp, waarna diegene wat die nodige potensiaal getoon het individueel voor 'n keurraad van sy/haar weermagsdeel verskyn het, waar finaal oor sy/haar toelating tot die Akademie besluit is. 'n Verteenwoordiger van die Militêre Akademie, gewoonlik die Bevelvoerder, die Dekaan of een van die Afdelingshoofde, het ook op dié keurrade gesit. Die SA Leër, SA Vloot en SA Geneeskundige Diens (sedert 1 Julie 1979 'n aparte weermagsdeel) het die keuse om aansoek om toelating tot die Akademie te doen aan die kandidate self oorgelaat. Lugmaghoofkwartier het egter self die lugmagkandidate wat geskik geag is geïdentifiseer en by name uitgenooi om aansoek om toelating tot die Akademie te doen. Die SA Vloot het sy kandidate na die Universiteit van Stellenbosch gestuur om die sielkundige en aanlegtoetse af te lê, terwyl die ander weermagsdele van die Weermag se Militêre Psigologiese Instituut gebruik gemaak het om dié toetse af te neem. Alle kandidate moes uiteraard oor matrikulasievrystelling beskik, maar verder het die weermagsdele nie dieselfde kriteria neergelê nie. Die Lugmag het 'n gemiddelde D-simbool in matriek vereis, terwyl die Vloot 'n IK van minstens 105 vereis het en die SA Geneeskundige Diens nie kandidate aanvaar het wat voorheen onsuksesvol aan

124. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 1, inlae 32, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 1 Julie 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/5 vol. 4, inlae 3, brief MA/501/6, Wnd. Bev. Mil. Akad. – H SAW (HS OPS), 27 Januarie 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/5 vol. 4, inlae 4, brief HS OPS/511/3/2, H SAW (HS OPS) - Wnd. Bev. Mil. Akad., 11 Februarie 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1 vol. 1, inlae 34, brief MA/102/1, Mil. Akad. Opleidingsoffisier - Bev. Mil. Akad., 16 Augustus 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1 vol. 1, inlae 44, brief MA/102/1, Bev. Mil. Akad. - HSI, 1 Desember 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 11, inlae 3, brief HSP/DBO/V/520/4/8, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 25 Julie 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/511/2 vol. 1, inlae 3, brief MA/B/511/2, Wnd. Bev. Mil. Akad. – red. **Ad Astra**, 29 Maart 1988.

125. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 71, "Bloudruk vir werwing van kandidate vir die Militêre Akademie" deur maj. C.J. Visagie, 20 September 1978.

'n universiteit studeer het nie. Al die weermagsdele het die uitslae van die kandidate se militêre kursusse, asook hul meriete-aanslae in ag geneem. Die SA Geneeskundige Diens het voorts vereis dat kandidate reeds minstens die substantiewe rang van luitenant beklee en minstens 'n jaar in die "leierskader" gedien het. Die keurrade het benewens bogenoemde vereistes ook die kandidate se volwassenheid, deursettingsvermoë, lojaliteit, inisiatief en tweetaligheid in ag geneem.[126]

Bogenoemde keuringstelsel het nie na wense gewerk nie, deurdat dit kandidate deurgelaat het wat na die oordeel van die Fakulteit Krygskunde nie oor die potensiaal beskik het om 'n sukses van die B.Mil.-studie te maak nie. Verder het kandidate met goeie akademiese potensiaal nie by die Akademie uitgekom nie, aangesien die keuse by hulle gelaat is om aansoek om toelating tot die Akademie te doen, al dan nie. Verdedigingshoofkwartier het derhalwe op aanbeveling van die Militêre Akademie in 1983 'n meer eenvormige keuringsbeleid vir Akademie-studente neergelê. Die nuwe keuringsbeleid het eerstens daarvoor voorsiening gemaak dat die weermagsdele 'n lys opstel van alle kandidate wat moontlik vir toelating tot die Akademie kon kwalifiseer. Daarna het 'n "papierkeuring" gevolg op grond van IK (minstens 105), skooluitslae (matrikulasievrystelling en minstens 'n D-simbool gemiddeld), vorige onsuksesvolle universitêre studie (nie langer as een jaar nie), die kandidaat se prestasie gedurende die voorafgaande vormings- en ander militêre opleiding, asook die weermagsdele se behoeftes (hoeveel kandidate vir akademiese studie afgestaan kon word). Diegene wat die "papierkeuring" geslaag het, is aan 'n reeks sielkundige toetse (aanlegtoetse), hetsy met die hulp van burgerlike universiteite of die Militêre Psigologiese Instituut, onderwerp, waarna hulle voor keurrade van hul onderskeie weermagsdele verskyn het. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie of die Dekaan van die Fakulteit Krygskunde het as verteenwoordiger van Hoof van Staf Personeel op dié keurrade gesit. Die keurrade het, afgesien van die akademiese vermoëns van die kandidate, ook die volwassenheid, lojaliteit, inisiatief en tweetaligheid van die kandidate as keuringsmaatstaf gebruik. Die lys van kandidate wat die keurrade geslaag het, is dan vir finale goedkeuring aan Hoof van Staf Personeel, in oorleg met die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, voorgelê.[127]

126. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 9, inlae 50, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 10 Junie 1983.

127. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 9, inlae 50, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 10 Junie 1983; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 9, inlae 111, Beleidsdirektief H SAW 1/23/83, 14 Oktober 1983; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 11, inlae 99, H SAW Beleidsdirektief No. 1/70/84, 1 Januarie 1985; MPI-verslag, pp.33 - 35.

Die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. R.F. Holtzhausen, het in 1985 op grond van die relatief swak prestasie van die Akademie-studente gedurende die voorafgaande paar jaar, 'n gebrekkige konseptualiseringsvermoë by die studente (soos waargeneem in 1985), asook 'n gebrek aan deursettingsvermoë (studente het kort na hul aankoms by die Akademie aan die B.Mil.-studie onttrek) en toewyding by sommige studente, die Militêre Psigologiese Instituut by monde van sy Direktoraat Loopbaanontwikkeling genader om ondersoek in te stel na die keuring van studente vir die Militêre Akademie. Die MPI-ondersoek het bevind dat die Weermag se keuringsbeleid ten opsigte van Akademie-studente duidelik omskryf was, maar dat die weermagsdele dit op uiteenlopende wyses (bv. wisselende kriteria en sielkundige toetse) toegepas en ook soms kandidate gekeur het wat nie aan die minimum vereistes (onder meer t.o.v. van matrikulasievrystelling en vorige onsuksesvolle studie) voldoen het nie. Verder het die verslag bevind dat die eksterne (politieke, ekonomiese en maatskaplike situasie in die RSA, ens.) en interne (die SA Weermag) omgewing nie by die keuring van studente in berekening gebring is nie. Die politieke situasie in Suid-Afrika, wat veral sedert 1982 'n wedloop tussen grondwetlike hervorming en rewolusie geword het, tesame met die neerdrukkende ekonomiese klimaat in die aangesig van internasionale isolasie, sanksies en boikotte, het 'n sielkundige klimaat in die land geskep wat gekenmerk is deur onstabiliteit, onsekerheid, onveiligheid, wanhoop, verset en konflik. Hierdie sielkundige klimaat het 'n sterk invloed op die moreel en toekomsverwagting (bv. loopbaanvooruitsigte) van die Weermagpersoneel en dus ook die motivering en prestasie van Akademie-studente uitgeoefen. Dit moes derhalwe in beide die personeelvoorsiening van die Weermag en die keuring van studente vir die Akademie verreken word. Wat die interne omgewing betref, is die keuring van studente weens die afwesigheid van 'n duidelike doelstelling vir die Akademie nie in verband gebring met die bydrae wat Akademie-graduandi tot die bereiking van die Weermag se oorhoofse doelstellings moes lewer nie. Studente het ook nie met hul aankoms by die Akademie geweet presies waarvoor hulle hulle inlaat nie, wat daartoe gelei het dat sommige kort na hul aankoms by die Akademie aan die B.Mil.-kursus onttrek het.[128]

Die verslag het bevind dat ofskoon die Akademie-studente gedurende 1984 en 1985 gemiddeld beter as hul burgerlike eweknieë aan die Universiteit van Stellenbosch presteer het, hulle tog nie optimaal presteer het nie, onder meer vanweë bogenoemde

128. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/2/6/9102 (Vertroulik) vol. 3, inlae 6, brief HSP/DBO/C/103/2/6/9102, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 8 Maart 1985; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 59, notule van vergadering gehou in HSP-konferensiekamer, 28 Maart 1985; MPI-verslag, pp.1, 2, 17 – 25, 53 – 54.

tekortkominge in die keuringsproses. Die MPI-verslag het derhalwe in die lig van sy bevindings aanbeveel dat wat die inhoud van die keuringsproses betref, die minimum vereistes ten opsigte van kognitiewe vermoëns streng gehandhaaf moes word en baie klem op motivering (d.w.s. op die verrekening van die invloed van die eksterne omgewing, spesifiek die sielkundige klimaat) as keuringskriterium gelê moes word. Subjektiewe kriteria, soos leierskapvermoë en dies meer, moes baie duidelik omskryf word om dit so meetbaar moontlik te maak. Wat die keuringsproses as sodanig betref, het die MPI-verslag aanbeveel dat streng sentrale beheer oor alle fasette van die keuringsproses uitgeoefen word, ten einde 'n meer eenvormige keuringstandaard en die afdwing van die minimum vereistes te verseker. Verder het die verslag aanbeveel dat voornemende studente voor hul toelating tot die Akademie behoorlik ingelig word oor watter eise militêr-akademiese opleiding aan hulle sou stel en watter voordele die B.Mil.-studie vir hul loopbane sou inhou.[129] Op die keper beskou, het die aanbevelings van die MPI-verslag die bestaande keuringsprosedures bevestig en slegs die strenger toepassing daarvan in die praktyk bevestig. Dit het dus nie 'n wesentlike invloed op die keuring van studente vir die Akademie uitgeoefen nie.

Die Akademie het tussen 1976 en 1988 nie naasteby daarin geslaag om jaarliks die getal studente in te neem wat van owerheidsweë in die vooruitsig gestel is nie. Die Van der Westhuizen-verslag (1976) het die verlangde minimum getal studente wat per jaar gewerf moes word op 106 gestel,[130] terwyl die HSP (DBO)-verslag van 1982 die mikpunt op ongeveer 175 kandidate per jaar gestel het.[131] Met die oorgang na die nuwe opleidingstelsel het daar in 1976 slegs 22 eerstejaars aangemeld, waarna die jaarlikse inname oor die volgende ses jaar (1977 – 1982) gemiddeld maar sowat 57 per jaar beloop het. Oor die volgende vyf jaar (1983 – 1987) het die gemiddelde jaarlikse inname tot 68 gestyg.[132] Dié styging was waarskynlik 'n uitvloeisel van die hoër mikpunt wat die HSP (DBO)-verslag gestel het en bovermelde verbeterde keuringsprosedure (voorlê van lys van alle geskikte kandidate deur die weermagsdele) wat in 1983 op aanbeveling van die Akademie geïmplementeer is. Ofskoon 'n gebrek aan akkommodasie sekerlik ook 'n remmende faktor was, het 'n tekort aan geskikte aansoeke waarskynlik 'n belangriker rol gespeel. Verdedigingshoofkwartier het byvoorbeeld aangedui dat hoogstens 60 kandidate

129. MPI-verslag, pp.46 –48, 55, 64, 67 - 72.
130. Van der Westhuizen-verslag, p.11.
131. HSP (DBO)-verslag, September 1982, pp.23 – 25.
132. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames.

op grond van die beskikbare akkommodasie in 1984 ingeneem kon word,[133] terwyl daar uiteindelik maar aan die begin van daardie jaar 55 eerstejaars aangemeld het.[134]

Verdedigingshoofkwartier het teen Mei 1985 besluit dat die getal voorgraadse studente aan die Akademie verhoog moes word om teen 1990 'n totaal van 235 en teen 1995 'n totaal van 325 te bereik.[135] Dit het daartoe gelei dat die inname oor die volgende drie jaar (1987 – 1990) na gemiddeld 89 per jaar opgeskiet het.[136] 'n Ontleding van die keuringspoel vir die tydperk 1987 – 1989 het aan die lig gebring dat die Akademie oor daardie tydperk jaarliks gemiddeld 80 kandidate (66,6%) uit 'n poel van gemiddeld 120 aansoekers gekeur het. 'n Ontleding van die 695 kandidate (waarvan 225 reeds minstens oor RWK 13-kwalifikasie beskik het) wat gedurende 1988 tot die offisiersgeledere toegelaat is, toon dat daar inderdaad 334 kandidate was wat oor matrikulasievrystelling beskik het. As 66,6% van hulle gekeur is, sou meer as 200 tot die Akademie toegelaat kon word.[137] Dié syfers skyn ook die vermoede van die KINGSROW-komitee te versterk dat die Militêre Akademie nie noodwendig die "intellektueel sterker offisier" getrek het nie.[138] Die rede daarvoor was dat daar geen sigbare loopbaanbeloning aan die B.Mil.-graad gekoppel was nie, in die lig waarvan jong offisiere vermoedelik nie bereid was om waardevolle operasionele en ander loopbaangerigte ervaring ter wille van graadstudie mis te loop nie.[139]

Ofskoon die klem op die werwing en keuring van spesifiek Afrikaanssprekendes om die offisiersgeledere van die SA Weermag te vul met die loop van jare sekerlik heeltemal verdwyn het, het die Akademie wat sy studentekorps betref 'n oorwegend Afrikaanse instelling gebly. Teen 1989, veertig jaar ná die stigting van die Akademie, het Engelssprekendes nog maar sowat 23% van die studentekorps uitgemaak.[140] Die klein persentasie Engelssprekendes kan moontlik in 'n mate aan die Akademie se koppeling aan die Universiteit van Stellenbosch as 'n Afrikaanssprekende instelling gewyt word.[141] Frankel[142] voer egter aan dat baie Engelssprekendes selfs teen die tagtigerjare nie gretig

---

133. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 9, inlae 61, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 11 Julie 1983.
134. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames.
135. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, memorandum HSP/DBO/302/6/K46, HSP - HSL, 24 Mei 1985.
136. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlyste van studente-innames.
137. Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, pp.6 - 7.
138. KINGSROW-verslag, p.H-6.
139. KINGSROW-verslag, p.H-6; HSP (DBO)-verslag, p.27; MPI-verslag, p22.
140. WIMPOLE-verslag, p.32.
141. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 88, ongenommerde brief, R. Sive, LP – Min. van Verd., 13 Julie 1982.
142. P.H. Frankel: **Pretoria's Praetorians**, p.139.

was om 'n loopbaan as offisier in die Weermag te volg nie, omdat hulle dié instelling steeds as 'n Afrikanerbastion gesien het waarin daar vir hulle weinig geleentheid was om die hoogste sport te bereik. Die gebrek aan Engelssprekende studente aan die Akademie sou dus ook gedeeltelik as 'n uitvloeisel van dié persepsie gesien kon word.

## 6.4 DIE ONTWIKKELING EN WERKSAAMHEDE VAN DIE FAKULTEIT KRYGSKUNDE

Soos in 'n vorige afdeling aangetoon, was daar van 1977 af organisatories 'n nouer verbintenis tussen die Fakulteit Krygskunde en die res van die Militêre Akademie as in die tydperk ná die skeiding van die ampte van Dekaan en Bevelvoerder in 1967, deurdat die Dekaan (met die uitsondering van 1981 en 1982) sedertdien ook as Tweede-in-Bevel van die Akademie gedien het. Die pos van Dekaan is op sy beurt ná die uittrede van brig. De Vos in Desember 1974 telkens vanuit die dienende Afdelingshoofde van die Fakulteit Krygskunde gevul. Toe brig. De Vos se opvolger, kapt. (SAV.) H.F. Nel, met ingang van Januarie 1980 na Verdedigingshoofkwartier verplaas is, het kol. J. v.d. B. Breedt, Afdelingshoof Handelswetenskappe, hom as Dekaan opgevolg. Hy het egter net in 'n waarnemende hoedanigheid gedien, vermoedelik omdat hy nie oor die vereiste militêre stafkwalifikasie beskik het nie.[143]

Kmdt. J.C. Kotzé, Hoof van die Departement Militêre Geografie en waarnemende Afdelingshoof Geesteswetenskappe, is reeds met kol. Breedt se aanstelling as waarnemende Dekaan, geoormerk om hom in 1981 vir 'n tydperk van twee jaar in 'n waarnemende hoedanigheid op te volg, in afwagting van die verwerwing van die vereiste kwalifikasies. Kmdt. Kotzé was in daardie stadium ver gevorderd met sy doktorale studie en was ook reeds met die SA Lugmag se Senior Bevel- en Stafkursus besig.[144] Hy het dan ook inderdaad vir kol. Breedt met sy aftrede aan die einde van April 1981 opgevolg, nadat hy reeds in Januarie 1981 as Afdelingshoof Geesteswetenskappe tot die rang van kolonel bevorder is. Hy is met sy aanstelling as Dekaan deur die Universiteit van Stellenbosch as professor in die Fakulteit Krygskunde aangestel, waarna hy in die loop van die jaar sy stafkursus voltooi en in Maart 1983 sy doktorsgraad verwerf het. In 1983 het hy ook 'n Spesiale (verkorte) Gesamentlike Stafkursus en in 1990 die volledige Gesamentlike

143. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/V/503/1/6 (Vertroulik), Bev. Mil. Akad. – Registrateur (Akademies) US, 28 November 1979; J.C. Kotzé – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 2 Augustus 1999.

144. Mil. Akad. Argief (lopend), MA/V/503/1/6 (Vertroulik), Bev. Mil. Akad. – HSP., 28 November 1979.

Stafkursus van die SA Weermag voltooi. Kol. Kotzé, wat die arbeidsmark in 1959 as onderwyser betree het, was reeds sedert 1966 as dosent in Militêre Geografie aan die Fakulteit Krygskunde verbonde en het ook ervaring as Departements- en Afdelingshoof gehad toe hy as Dekaan aangestel is. Hy het as vaste Dekaan van die Fakulteit Krygskunde gedien totdat hy aan die einde van 1995 met pensioen uit diens van die Weermag getree het.[145] Ofskoon die Fakulteit Krygskunde dus teoreties aan die Universiteit van Stellenbosch se stelsel van dekaanswisseling onderhewig was, het dit in die praktyk van Weermagkant 'n vaste aanstelling gebly.

Die uitfasering van die Fase 2-opleiding by die Akademie het 'n verreikende invloed op die status van die Fakulteit Krygskunde en sy dosentekorps, waarvan sommige (hoofsaaklik die nuwe aanstellings) sedert 1970 hul pligte in burgerdrag verrig het, uitgeoefen. Die Van der Westhuizen-komitee het tereg daarop gewys dat die uitfasering van die Fase 2-opleiding die Akademie met "slegs een hoofdoelwit... [sou laat] te wete die akademiese vorming van studenteoffisiere",[146] wat sou meehelp om 'n gesonde organisasiekultuur tot stand te bring. Die Komitee het voorts betoog dat die ongesonde organisasiekultuur gedeeltelik gespruit het uit die feit dat die Weermag nie die Akademie-dosente, hoewel hulle Staandemagvoordele geniet het, in uniform wou plaas nie, wat by hulle die indruk geskep het dat hulle nie as volwaardige lede van die Weermag aanvaar is nie. Die Komitee het derhalwe aanbeveel dat alle dosente, soos ander sogenaamde professionele offisiere elders in die Weermag, in uniform dien.[147] Verdedigingshoofkwartier het egter nie uitvoering aan dié aanbeveling gegee nie, waarop die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. J.P.B. Van Loggerenberg opnuut probeer het om die saak te beredder. Hy het in sy vertoë die absurditeit van die situasie soos volg in baie praktiese terme onder die neuse van die militêre owerhede gevryf:

> "Sedert die beëindiging van die Fase 2-opleiding... is daar nie meer militêre instrukteurs op hierdie eenheid se sterkte nie. Die Hoofoffisier van Diens kan dus net uit die geledere van die fakulteit (sic.) aangestel word. Dié reëling benadruk weer eens die dubbele standaarde waarmee gemeet word, want alhoewel daar enersyds van die betrokke lid verwag word om eenheidsverpligtinge na te kom word daar andersins geïmpliseer dat hy nie goed genoeg is om sy eenheid se uniform te dra nie.

---

145. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.27; **Militêre Akademie Jaarblad 1983**, p.22; J.C. Kotzé – G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 2 Augustus 1999.
146. Van der Westhuizen-verslag, p.26.
147. Van der Westhuizen-verslag, pp.27 - 30.

"Die dubbele standaarde word nog verder geaksentueer deur die onlangse aanstelling by hierdie eenheid van 'n bibliotekaresse in uniform, terwyl dosente wat in die kommando's en kadetkorpse in uniform gekleed was, dit nie mag dra nie."[148]

Verdedigingshoofkwartier het brig. Van Loggerenberg gelyk gegee en nadat die dra van uniforms deur sogenaamde professionele offisiere globaal onder die loep geneem is,[149] besluit om die Akademie-dosente weer in uniform te plaas. 'n Tiental dosente van die Akademie het daarop van 28 Maart tot 1 April 1977 beknopte oriënteringskursusse by opleidingsinrigtings van hul onderskeie weermagsdele meegemaak.[150] 'n Nuwe direktoraat, die Direktoraat Korps van Professionele Offisiere, het kort daarna onder Hoof van Staf Personeel tot stand gekom, vanwaar die opleiding en administrasie van alle professionele offisiere, insluitende dié van die Akademie-dosente, voortaan behartig is.[151] Die militêre rang en salaris van alle sogenaamde professionele offisiere is met ingang van 1 April 1979 ontkoppel.[152] Daar is volgens dié nuwe bedeling steeds van dosente verwag om 'n aantal militêre ontwikkelingskursusse te voltooi om hulle in die militêre milieu te sosialiseer, hulle insig in hul taak te gee en rangsgewys te laat vorder.[153] Die voordeel van die stelsel was egter dat die militêre dosente voortaan op dieselfde grondslag as hul kollegas aan burgerlike universiteite besoldig kon word.[154]

In die praktyk het die nuwe vergoedingstelsel egter nie altyd glad verloop nie, deurdat die Kommissie van Administrasie bepaalde beperkings ten opsigte van aanstellings en bevorderings op die SA Weermag gelê het waaraan burgerlike universiteite nie onderhewig was nie. 'n Klassieke voorbeeld van die tekortkominge van die stelsel is te vinde in die geval van 'n persoon wat in 1983 vir 'n pos by die Militêre Akademie aansoek gedoen het, maar uiteindelik vir eie gewin deur die Universiteit van Stellenbosch aangestel is teen sowat R8 000 per jaar meer as wat die Kommissie van Administrasie bereid was om hom aan te

148. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/ADM/5 (Vertroulik), inlae 5, brief A/ADM/5/2, Bev. Mil. Akad. – HSP, 1 September 1976.
149. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/ADM/5 (Vertroulik), inlae 6, brief HSP/C/DPO/600, HSP - Bev. Mil. Akad., 2 November 1976.
150. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 74, G/TRG/6/15 vol. 1, inlae 155, memorandum, 2IB Mil. Akad. – kmdt. L.J. Erasmus, etc., 23 Maart 1977.
151. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 8, MA/103/1/B vol. 1, inlae 2, brief HSP/KVPO/101/6/B oor HSP/KVPO/103/1/B, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., etc., 28 Februarie 1979.
152. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 3, konsepverslag HSP/DOS/503/1/6(1/80) insake aanbevole personeelbeleid m.b.t. ontkoppelde vakindelings in die SAW, 17 Augustus 1981.
153. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/6 vol. 1, inlae 2, H SAW Beleidsdirektief 1/27/82, 4 Augustus 1982.
154. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 40(1), brief MA/104/3, Bev. Mil. Akad. – HSP (DDS), 27 Oktober 1983.

bied![155] Dié toedrag van sake was een van die belangrikste faktore wat daartoe gelei het dat die Fakulteit Krygskunde met 'n jaarlikse personeelomset van sowat 25% te kampe gehad het, teenoor 'n skrale 4% aan die Universiteit van Stellenbosch.[156] Die Akademie het voorts gesukkel om vakatures (veral in die handelswetenskappe) te vul, sodat daar byvoorbeeld teen Junie 1990 altesaam 13 vakatures (bykans 30% van die permanente akademiese diensstaat) in die Fakulteit Krygskunde bestaan het.[157]

Die diensvoorwaardes van die Akademie-dosente is teen 1984 'n stap verder gevoer, toe die militêre owerhede op grond van 'n beslissing deur die Minister van Verdediging aangekondig het dat "buigsaamheid nodig sal wees om voorsiening te maak vir die benutting van burgerlike akademiese personeel" en dat daar "afgesien moet word van lektore in uniform en... gekyk (moet) word na burgerlike lektore wat vir doeleindes van bevordering en promovering kan inskakel by die res van die akademiese wêreld."[158] Verdedigingshoofkwartier het inderdaad op 1 Junie 1985 'n beleidsdirektief uitgevaardig wat gestipuleer het dat "dosente... aangestel (word) as burgerlikes", maar dat doseerposte ook deur "uniformdraende personeel gevul (kan) word mits sulke lede... aan minimum militêre vereistes voldoen."[159] Laasgenoemde het onder meer beteken dat sodanige dosente "ten volle militêr kursusgekwalifiseerd is tot by die range wat hulle beklee of vroeër beklee het."[160] Voormelde beleidsdirektief het ook daarvoor voorsiening gemaak dat beroepsoffisiere wat oor die vereiste akademiese kwalifikasies beskik het, op 'n rotasiebasis vir periodes van minstens drie jaar as dosente by die Akademie aangewend kon word.[161]

---

155. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 66, voorligting, Bev. Mil. Akad. – s.adm. R. Eberlein en brig. J.C. van Deventer, 5 Junie 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/302/6, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 23 Mei 1984.
156. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1/4 vol. 3, inlae 47, brief HSP/DBO/B/103/1/8/2/3, HSP - Bev. Mil. Akad., 23 Junie 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 31, verslag deur Junior Werkskomitee oor die status van dosente verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, 13 September 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1/4 vol. 4, inlae 12, brief MA/R/102/1/4, Bev. Mil. Akad. - HSP, 25 September 1989.
157. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1/4 vol. 4, inlae 9, brief MA/B/102/1/4, Bev. Mil. Akad. – HSP (HDMO), 28 Augustus 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 5, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad. – H SAW (HSP), 28 September 1990.
158. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 3, brief HSP/DBO/302/6/K46, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1984.
159. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).
160. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).
161. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).

Die burgerlike opsie vir dosente, 'n praktyk wat ook by buitelandse akademies soos West Point en Sandhurst in swang was, was 'n besonder verreikende ontwikkeling in die geskiedenis van die Militêre Akademie. Dit het die werwingspoel vir, en potensiële kundigheidsvlak van, dosente verbreed, aangesien kundige akademici wat nie geneë of geskik was (bv. weens mediese redes, ens.) om in uniform te dien nie, ook nou gewerf kon word. Daarby het die aanwesigheid van burgerlike dosente, vry van militêre reglementering, sekerlik die potensiaal vir 'n meer vrydenkende kultuur in die Fakulteit Krygskunde geskep. In die praktyk het daar egter nie 'n grootskaalse verburgerliking van die Fakulteit Krygskunde plaasgevind nie. Die eerste burgerlike (en ook die eerste vroulike) dosent, te wete mev. I.M. Venter (Rekenaarinligtingstelsels), is reeds in 1986 aangestel,[162] maar teen 1990 was daar nog maar vier burgerlike lede (twee mans en twee dames) in die Fakulteit.[163] Die rede vir die onbeduidende persentasie verburgerliking in die Fakulteit Krygskunde het klaarblyklik eerder uit die finansiële voordele van die uniform (gratis mediese dienste, ens.) as 'n verknogtheid daaraan gespruit. Die meerderheid dosente het naamlik in 1989 aangedui hulle sou verkies om terug te keer "na die stelsel wat gedurende die sewentigerjare gegeld het, toe hulle as Staande Maglede (sic.) diens gedoen het, maar met die keuse om dit in burgerlike drag te doen."[164] Dié versugting het gespruit uit 'n opvatting onder die dosente dat die verpligting wat die uniform op hulle gelê het (bywoon van militêre kursusse en parades, ens.) tydsgewys inbreuk op hul lynfunksie gemaak het. Daarby het hulle gevoel dat hul status aangetas is deur die feit dat hulle weekliks saam met die studente op parade moes verskyn.[165] Die Akademie het dus veertig jaar ná sy stigting steeds te kampe gehad met 'n dosentekorps wat, synde hoofsaaklik uit die burgerlike sektor gewerf,[166] hulle nie volkome tuis in hul uniforms gevoel het nie.

Soos die burgerlike opsie, was die aanstelling van (roterende) beroepsoffisiere as dosente ook 'n potensieel betekenisvolle ontwikkeling by die Akademie, daar dit kon dien om die teorie en die praktyk tot voordeel van die Weermag nader aan mekaar te bring.

---

162. **Militêre Akademie Jaarblad 1986**, p.35, groepfoto van doserende personeel en staflede.
163. **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, p.26, groepfoto van doserende personeel en staflede.
164. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 30, verslag deur (Senior) Werkskomitee insake die status van dosente verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, 2 Augustus 1989; vergelyk ook inlae 31, verslag deur Junior Werkskomitee oor die status van dosente verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, 13 September 1989.
165. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 30, verslag deur (Senior) Werkskomitee insake die status van dosente verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, 2 Augustus 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 31, verslag deur Junior Werkskomitee oor die status van dosente verbonde aan die Fakulteit Krygskunde, 13 September 1989.
166. Vergelyk Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/104/13/9102 vol. 2, inlae 157, brief MA/B/104/13/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, 18 Februarie 1988.

Beroepsoffisiere sou naamlik enersyds vanweë hul ervaring die militêre aanpassing van leerplanne en vakdissiplines kon bevorder en, andersyds, akademies verfris na hul lynfunksies kon terugkeer.[167] In die praktyk was daar egter van rotasie weliswaar geen sprake nie. Die getal offisiere in die Weermag wat oor die vereiste akademiese kwalifikasies beskik het, was sekerlik nie onbeperk nie, terwyl geskikte kandidate nie noodwendig hul militêre loopbane wou onderbreek of vir 'n diensbeurt by die Akademie vrygestel kon word nie. Wat wel gebeur het, was dat 'n geringe getal beroepsoffisiere hulle (gewoonlik na afloop van nagraadse studie by die Akademie) op 'n permanente basis by die Fakulteit Krygskunde aangesluit het.[168] Daardeur het militêre kennis wel na die Akademie gevloei, maar daar was nie 'n wedersydse terugvloei van nagraadse akademiese kennis na die Weermag nie.

Nasionale Diensplgtiges het ná 1976 'n toenemend belangrike rol as hulpdosente by die Akademie gespeel. Só was daar byvoorbeeld teen 1980 onder die vyftigtal dienspligtiges wat by die Akademie ingedeel is sowat 27 wat oor ten minste 'n honneursgraad beskik het en as hulpdosente en –navorsers aangewend is. Die getal diensplighulpdosente het egter teen die laat tagtigerjare gemiddeld slegs sowat 12 per jaar beloop. Afgesien daarvan dat die diensplighulpdosente van verskillende universiteite dwarsoor die land getrek is en dus vir 'n mate van akademiese kruisbestuiwing gesorg het, het hulle gehelp om die gapings te oorbrug waar die Fakulteit gesukkel het om vakatures in bepaalde departemente te vul.[169] Teen die begin van die tagtigerjare is daar ook 'n Burgermagelement vir die Militêre Akademie gestig, sodat diegene wat tydens hul diensplig as hulpdosente gedien het, later weer opgeroep kon word om bepaalde leemtes in die dosentekorps op 'n tydelike basis te vul.[170]

167. Vergelyk SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 69, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 6 Junie 1980.

168. Vergelyk samestelling van Fakulteit Krygskunde (nuwe aanstellings, etc.) soos gereflekteer in die **Militêre Akademie Jaarblad**, 1985 – 1990.

169. **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, p.24; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/302/6/K46 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/302/6, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 23 Mei 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/5/1 vol. 3, inlae 15, brief MA/B/101/5/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (HDMO), 19 Januarie 1990.

170. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/1/1/2 vol. 1, inlae 45, memorandum MA/101/1/1/2 B1, Bev. Mil. Akad. – Senior Admin. Offisier Mil. Akad., 16 Februarie 1979; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II, notule van spesiale Fakulteitsraadvergadering, 11 April 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 21, brief MA/105/6/1/2 oor MA/106/1/B, Bev. Mil. Akad. – H SAW (HSP), 29 Junie 1982.

Die Fakulteit Krygskunde het volgens die nuwe organisasiestruktuur wat met ingang van 13 Januarie 1986 vir die Akademie goedgekeur is[171] steeds ooreenkomstig die B.Mil.-graadrigtings (Geesteswetenskappe, Handelswetenskappe en Natuurwetenskappe) uit drie afdelings (met 14 vakdepartemente) bestaan, met 'n kolonel/professor aan die hoof van elke Afdeling. 'n Belangrike verandering was dat daar nou naas die drie afdelingshoofposte 'n afsonderlike pos vir die Dekaan geskep is, sodat daar dus nou saam met die Hoof van Navorsing en Ontwikkeling in totaal vyf akademiese poste op die vlak van kolonel/professor was. Die totale aantal akademiese poste is op grond van vakuitbreidings in die Fakulteit Krygskunde (wat later bespreek word) na 45 (insluitende vyf lede van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling) vermeerder.[172]

Met die uitfasering van die Fase 2-kursus is die B.Mil.-kursus aanvanklik met ingang van 1976 oor twee en 'n half jaar versprei. Die akademiese jaar het naamlik eers aan die begin van April 'n aanvang geneem, ten einde aan die begin van die jaar tyd vir militêre opleiding in te ruim. Toe die Universiteit van Stellenbosch egter aan die begin van 1977 die gebruiklike jaarkursusse met semesterkursusse vervang het, het die Militêre Akademie ook na die semesterstelsel oorgeskakel. Die idee was klaarblyklik om, ingevolge die aanbevelings van die Biermann-komitee, die Militêre Akademie se jaarprogram sover moontlik in ooreenstemming met dié van die Universiteit van Stellenbosch te bring. Die militêre tweede- en derdejaars het dus van 1977 ook teen die helfte van Februarie met hul studie begin, terwyl die eerstejaars van 1978 af insgelyks by die nuwe jaarprogram ingeskakel het.[173]

Die belangrikste voordeel van die semesterstelsel was dat dit die studente se werkslading meer eweredig oor die akademiese jaar versprei het, wat hul werksdruk verlaag en dus beter prestasie moontlik gemaak het. Die nadeel van dié stelsel was egter dat dit slegs vir hereksamens in Desember (of Januarie in die geval van die moederkampus) voorsiening

171. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur Direktoraat Bestuursdiens (DBD), 16 Augustus 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 10, brief HSP/DBD/503/1/6(2/85), H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., g.d.

172. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur DBD, 16 Augustus 1985, pp3 – 5, 8 - 12, asook Aanhangsels A - C.

173. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Rapport van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 30 Augustus 1976; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 5 Augustus 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief MA/103/1/8/2/3, Wnd. Bev. Mil. Akad. - HSP, 6 Januarie 1978.

gemaak het. Eerstejaarstudente wat 'n paar vakke aan die einde van die eerste semester gedruip het, moes gevolglik ooreenkomstig die neergelegde beleid van die Fakulteit Krygskunde, die Akademie op grond van swak prestasie verlaat, aangesien hulle eers in Desember hereksamens in daardie vakke kon aflê. Dit het beteken dat diegene wat dan wel in Desember hul hereksamens geslaag het en die dáaropvolgende jaar met hul graadstudie kon voortgaan, ses maande vermors het. Dié probleem is in 1980 opgelos, toe die Fakulteit Krygskunde, na die voorbeeld van die Fakulteit Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch, van die hereksamenstelsel na herevalueringstelsel oorgeskakel het. Daarvolgens kon studente wat 'n vak gedruip het, maar 'n prestasiepunt van minstens 40% behaal het, aan die einde van die betrokke semester 'n kort, aanvullende eksamen aflê om 'n slaagpunt te probeer verwerf.[174]

Die Biermann-komitee het in 1976 bevind dat die standaard van die B.Mil.-graad nie laer as dié van grade aan burgerlike universiteite was nie. Die Universiteit van Stellenbosch het naamlik, aldus die komitee "dieselfde beheer" oor die Fakulteit Krygskunde "as oor al die ander fakulteite op die kampus" uitgeoefen, terwyl daar "voortdurend gewaak [is] oor die behoud van akademiese standaarde deur... moderering van vraestelle ens (sic.) deur kollegas op Stellenbosch, en ook deur voortdurende kontak met dié kollegas... Met sy geringer getalle en groter persoonlike aandag is dit onvermydelik dat die slaagsyfer hoër moet wees aan die Militêre Akademie."[175] Die Komitee het verder gevoel het dat die afgeleënheid van Saldanha, met die gevolglike afwesigheid van allerlei aandagaftrekkers, waarskynlik ook tot die hoër slaagsyfer bygedra het. Die druipsyfer van slegs 3% uit die 72 militêre eerstejaars van 1974 (die grootste eerstejaarinname by die Akademie tot in daardie stadium) teenoor die 31% op Stellenbosch dieselfde jaar,[176] het ten spyte van bogenoemde bevindings waarskynlik tog in sommige kringe 'n vraagteken oor die standaard van die verkorte B.Mil.-kursus geplaas.

Wat die inhoud van die B.Mil.-kursusse betref, het die Biermann-komitee aangevoer dat "'n studie van Volkekunde in die huidige omstandighede as van kardinale belang vir die

---

174. US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 100, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 15 Maart 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 5 Augustus 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief MA/103/1/8/2/3, Wnd. Bev. Mil. Akad. - HSP, 6 Januarie 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 3, inlae 117, voorlegging deur kol. J.v.d.B. Breedt insake 'n re-evaluasiestelsel i.p.v. hereksamens, g.d.; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Aanbevelings van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 28 Januarie 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.33.

175. Biermann-verslag, p.4.

176. Biermann-verslag, p.5.

toekomstige offisier beskou [moet] word" en dat die instelling van dié vak by die Akademie hoë prioriteit moes geniet. Met taakgerigte opleiding as rigsnoer, het die Komitee ook aanbeveel dat die Weermag se behoefte aan die studie van "meer professioneel-gerigte vakke, soos: Operasionele Navorsing, Logistiek, Strategie, Krygsteorie en Afrika-studies so spoedig moontlik bepaal word met die oog op die instelling van derglike onafhanklike dissiplines óf die akkommodering daarvan in bestaandes op inter-dissiplinêre vlak."[177] Elemente van dié vakke is wel in bestaande dissiplines opgeneem, maar nie een van hulle is as 'n selfstandige vak ingevoer nie.[178] Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. A. Potgieter, het in 1977 opnuut die instelling van Volkekunde bepleit, aangesien hy dié vak onmisbaar geag het in die lig van die komplekse bevolkingsamestelling van Suid-Afrika en sy buurlande, die gespanne rasseverhoudings in Suid-Afrika, die opname van swart soldate in die SA Weermag en die bepaling van strategie in die teeninsurgensiestryd waarin Suid-Afrika gewikkel was.[179] Verdedigingshoofkwartier het wel toestemming vir die instelling van dié vak verleen,[180] maar dit het nooit gerealiseer nie, vermoedelik omdat dié vak in elk geval deur die weermagsdele by verskeie militêre kursusse[181] aangebied is. Opsigtelik soos hierdie leemte in terme van die skoling van die offisier vir die omgewing waarin hy funksioneer was, was die permanente opheffing van Krygsgeskiedenis as verpligte vak sekerlik sedert 1976[182] die grootste enkele tekortkoming in die B.Mil.-kursusse uit die oogpunt van militêre professionalisme. Daarmee is die Akademie-studente 'n noodsaaklike stuk insig in hul professie en die waardes en norme wat dit reguleer, ontsê.

Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. A. Potgieter, het in September 1977 'n komitee by die Akademie in die lewe geroep om op hoogte te bly van die heersende beleid van die weermag in verband met "strategiese en bestuursaangeleenthede... sodat die verwante vakdissiplines se beroepsgerigtheid tred hou met ontwikkeling in die Weermag... sonder om af te breek aan die Akademiese (sic.) vereistes."[183] Hy het ook reëlings met Verdedigingshoofkwartier getref om die Akademie op die verspreidingslys vir

177. Biermann-verslag, p.9.
178. WIMPOLE-verslag, p.21.
179. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 2, inlae 1, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 24 Maart 1977.
180. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 65, brief HSP/DPO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 18 Mei 1977.
181. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 2, inlae 1, brief G/TRG/6/2/0, Bev. Mil. Akad. – HSP, 24 Maart 1977.
182. Vergelyk **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1977 Deel 13: Fakulteit Krygskunde** en **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1977 Deel 14: Fakulteit Krygskunde**, 1978 – 1990.
183. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 84, MA/501 vol. 1, inlae 1, memorandum 303 oor 305, Bev. Mil. Akad. – 2IB/Dekaan, 8 September 1977.

beleidsdokumente in daardie verband te hou, terwyl lede van die Fakulteit Krygskunde ook aangewys is om deur middel van sporadiese besoeke aan Pretoria op hoogte van Weermagsbeleid te bly.[184] Brig. Potgieter se opvolger, brig. F.S. Mulder, het later 'n reeks konferensies met die weermagsdele en stafafdelings belê om die dosente se insig in hul taak te verbreed en hulle in voeling met die opleidingsbehoeftes van die Weermag te hou. Hy het ook gereël dat dosente gedurende die winterreses van 1980 'n besoek aan die operasionele gebied op die grens van Suidwes-Afrika (Namibië) bring om hulle agtergrondkennis in daardie verband te verbreed.[185] Gereelde besoeke van verteenwoordigers van die verskillende weermagsdele, stafafdelings en korpse aan die Akademie[186] het ook daartoe bygedra om dié instelling op hoogte van sake te hou. Daarby het dit sedert die tagtigerjare die gebruik geword dat die Akademie-dosente gedurende die winterreses "resestoere" na verskillende weermageenhede en installasies, asook die operasionele gebied, onderneem om hul kontak met, en begrip van, die res van die Weermag uit te bou. Langs dié weg is gepoog om die Akademie se militêre isolasie te verbreek en kon die Fakulteit Krygskunde voortdurend die leerplanne van die verskillende studierigtings, vakke en modules aanpas om met sowel die behoeftes van die Weermag as nasionale en internasionale ontwikkelinge in die verskillende dissiplines, tred te hou.[187]

In 'n poging om die B.Mil.-graad so beroepsgerig as moontlik te maak, het die Fakulteit Krygskunde teen die einde van 1978 in oorleg met Verdedigingshoofkwartier besluit om die moontlikheid van 'n geïntegreerde B.Mil.-kursus te ondersoek. Dit het daarop neergekom dat "ipv (sic.) die tradisionele verdeling van vakke in 'n Handelsrigting, Natuurwetenskaprigting en Geesteswetenskaprigting, studente toegelaat word om binne perke vakkursusse (modules) uit al drie rigtings te kies."[188] Die idee was om vyf nuwe studierigtings in te stel ooreenkomstig die vyf stafafdelings (oftewel "basiese funksies") van

---

184. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 84, MA/501 vol. 1, inlae 1, memorandum 303 oor 305, Bev. Mil. Akad. – 2IB/Dekaan, 8 September 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/303/1 vol. 1, inlae 5, seinberig HSP/048/OKT 77, HSP – Bev. Mil. Akad., 24 Oktober 1977.

185. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 136, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., 12 Augustus 1980.

186. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/520/4/8 (Vertroulik) vol. 2, inlae 9, brief MA/V/520/4/8, Bev. Mil. Akad. – HSP, 14 September 1988.

187. Vergelyk Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10 vol. 1, inlae 4, brief H LEëR/D MAGS OPL/103/10/3/1, kol. G.P.H. Kruys – brig. A. Potgieter, 1 Mei 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 3, inlae 52, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad.- H SAW (HSP), 16 Augustus 1979.

188. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 44, notule van vergadering te Mil. Akad. insake akademiese opleiding, 23 Oktober 1978.

die Weermag, te wete Personeel, Militêre Inligting, Operasies, Logistiek en Finansies.[189] Ofskoon daar oor 'n tydperk van meer as twee jaar wyd met die weermagsdele en ander belanghebbende partye, insluitende die Universiteit van Stellenbosch, beraadslaag is en die voorgestelde studierigtings groot byval gevind het,[190] het die Fakulteit Krygskunde uiteindelik aanbeveel dat die drie bestaande graadrigtings behou word, met die byvoeging van enkele nuwe vakke en 'n uitbreiding van vakkeuses. Die belangrikste redes vir dié besluit was klaarblyklik dat, alhoewel die B.Mil.-kursusse so beroepsgerig moontlik moes wees, dit ook moes dien om aan die student 'n breë, algemene akademiese agtergrond te verskaf en die nodige akademiese diepgang moes hê om nagraadse studie moontlik te maak.[191] Die wyer vakkeuses, veral in die Handelswetenskappe, was, afgesien daarvan dat dit die student in staat gestel het om sy/haar vakke sover moontlik volgens persoonlike aanleg en belangstelling te kies, daarop gemik om vakkombinasies volgens die spesifieke behoeftes van die verskillende vertakkinge van die Weermag moontlik te maak. Die weermagsdele en stafafdelings het met die nuwe voorstel akkoord gegaan, waarop uitgebreide verdere onderhandeling en beraadslaging plaasgevind het om die vakinhoude, vakkeuses en vakkombinasies in die drie graadrigtings so nou as moontlik by die behoeftes van die onderskeie weermagsdele en stafafdelings aan te pas.[192] In dié proses is studente onder bepaalde omstandighede ook toegelaat om vakke buite hul studierigting (Geestes-, Handels- of Natuurwetenskappe) te neem.[193] Ofskoon vakkeuses en vakinhoude op taakgerigte akademiese opleiding ingestel was, het algemene wetenskaplike vorming, aldus brig. F.S. Mulder, steeds 'n belangrike doelwit gebly. Daarom is daar voortdurend gepoog

---

189. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 44, notule van vergadering te Mil. Akad. insake akademiese opleiding, 23 Oktober 1978.
190. Verskeie inlaes op Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vols. 1 - 6, Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3/B vol. 1, SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3/US vol. 2, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 5, SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 128, MA/522/1/9102 vol. 3, 8 Desember 1978 – 4 Mei 1981.
191. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 13 Maart 1981; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 6, inlae 49, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 4 Mei 1981.
192. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 7, inlae 41, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 14 Januarie 1982; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 7, inlae 79, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - H SAW (HSP), 11 Mei 1982; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 5, inlae 16, brief HSP/DBO/103/2/6/9102, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 26 Mei 1982; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 85, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - H SAW (HSP), 6 Augustus 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 15, inlae 75, brief HSP/DBO/103/1/2/8/3, Wnd. H SAW (HSP) – H Leër, etc., 12 Januarie 1987.
193. WIMPOLE-verslag, p.20.

om 'n "balans tussen akademiese standaarde... en taakgerigte opleiding" te handhaaf en is die student "nie blootgestel aan militêr georiënteerde akademiese indoktrinasie nie."[194]

Die aanpassing van die B.Mil.-graadkursusse by die behoeftes van die Weermag het, naas die voortdurende vernuwing van vakinhoude, ook tot die uitbreiding van bestaande vakke en, soos hierbo vermeld, die instelling van nuwe vakke gelei. So is Rekeningkunde (Mil.) teen 1981 tot op derdejaarsvlak uitgebrei,[195] terwyl 'n nuwe semesterkursus in Rekenaarinligtingstelsels (Mil.) met ingang van 1980 ingestel is.[196] Dié vak is binne die volgende paar jaar tot op derdejaarsvlak uitgebrei.[197] Nog 'n nuwe vak, Bedryfsielkunde (Mil.), is met ingang van 1985 ingestel om binne drie jaar tot hoofvakstatus uitgebrei te word.[198] In 1988 is die Departement Publieke Administrasie (Mil) en Staatsleer (Mil.) in twee selfstandige vakdepartemente verdeel en is Publieke Administrasie (Mil) ook tot hoofvakstatus uitgebrei.[199] Afgesien van Chemie, is geen enkele vak wat by die Akademie ingestel is, ooit gestaak nie.[200]

Met die aanpassing van die B.Mil.-kursusse het die Militêre Akademie in 1981 by monde van brig. F.S. Mulder opnuut die instelling van Etnologie (oftewel Volkekunde) as vak bepleit, op grond daarvan dat "Etnosentrisme... beskou (kan) word as een van die kernprobleme van wit-swartverhoudings", dat "die regte perspektief en insig in onderlinge

194. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 122, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 29 Desember 1982.

195. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 1, inlae 138, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 9 Maart 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 2, inlae 8, seinberig HSP/(9)/233/21 APR 78, HSP - Bev. Mil. Akad., 21 April 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 127, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW (HSP), 31 Julie 1980.

196. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 2, inlae 77, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 5 Desember 1978; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Aanbevelings van die Fakulteitsraad Krygskunde, 18 Junie 1979.

197. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 9, inlae 95, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 9 September 1983; US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 126, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 Junie 1984.

198. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 10, inlae 44, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) - Bev. Mil. Akad., 24 Februarie 1984; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 10, inlae 66, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – Sameroeper Akademiese Beplanningskomitee, US, 5 April 1984; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 10, inlae 74, brief AKu84, Registrateur (Akademies) US - Bev. Mil. Akad., 16 April 1984; US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 126, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 22 Junie 1984.

199. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 14, inlae 83, brief MA/B/103/1/2/8/3, Bev. Mil. Akad. – Voorsitter Akademiese Beplanningskomitee, US, September 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 15, inlae 101, brief MA/B/103/1/2/8/3, Bev. Mil. Akad. – Registrateur (Akademies) US, 5 Junie 1987.

200. WIMPOLE-verslag, p.21.

kulture... in veelvolkige situasies, bv (sic.) [die] inskakeling van anderskleuriges in die SAW... noodsaaklik (is)..." en dat die bestudering van dié vak voorts sou meehelp tot "die meer effektiewe bedryf van Sielkundige Oorlogvoering in die Afrika-konteks."[201] Daar het egter, soos in die geval van die ander belangrike vak in die Suid-Afrikaanse konteks, naamlik Afrikastudie, niks van die instelling van Etnologie as vak aan die Fakulteit Krygskunde gekom nie. Soos hierbo vermeld, was dit klaarblyklik daaraan toe te skryf dat elemente daarvan in bestaande dissiplines tereggekom het of by militêre kursusse aangebied is.

Ten spyte van die moeite wat gedoen is om die B.Mil.-kursusse by die Weermag se behoeftes aan te pas, het dit geblyk dat die weermagsdele in die praktyk haas geen beheer oor die studente se vakkeuses uitgeoefen het nie, maar dit feitlik totaal aan die individuele student oorgelaat het. Baie studente het onder meer die Handelsrigting gekies, terwyl hul weermagsdele se behoeftes in die Natuur- en Geesteswetenskappe gelê het. Ofskoon die studente aangevoer het dat die handelsvakke uit 'n bestuursoogpunt van groter belang vir hul latere loopbane in die Weermag was, het die bemarkbaarheid van hul kwalifikasies buite die Weermag waarskynlik ook 'n groot rol gespeel. Die gevolg was dat die Fakulteit Krygskunde in 1988 die vakkeuses gerasionaliseer en strenger beheer oor die keuse van studierigtings uitgeoefen het om te sorg dat daar aan die behoeftes van weermagsdele voldoen is.[202]

Die Biermann-komitee het voorts, soos vermeld, die uitbreiding van nagraadse studie aan die Akademie bepleit. Die instelling van die Fase 2-opleiding by die Akademie en die latere invoering van die semesterstelsel het inderwaarheid tot gevolg gehad dat honneursstudie by die Akademie opgeskort is en in effek dus opnuut beplan en ingestel moes word. Die Fakulteit Krygskunde was pynlik bewus van die feit dat 'n beduidende deurvloei van nagraadse studente nie alleen die geloofwaardigheid van 'n akademiese instelling ten grondslag lê nie, maar dat dit ook noodsaaklik was om dosente te stimuleer om met nuwe ontwikkelinge op hul onderskeie vakgebiede tred te hou. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. A. Potgieter, het derhalwe in Maart 1979 vertoë aan die Hoof van Staf

201. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Aanhangsel A by brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 4 Mei 1981, aangeheg by notule van 'n spesiale vergadering van die Fakulteitsraad Krygskunde, 11 April 1981.

202. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 8, inlae 58, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, HSP – H Leër, etc., 23 Maart 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 8, inlae 64, brief HSP/DBO/V/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 10 Mei 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 9, inlae 30, brief HSP/DBO/103/1/8/2/3, HSP – H Leër. etc., 30 Julie 1988.

Personeel gerig om van 1980 af voltydse nagraadse kursusse by die Akademie in te stel. Die klem sou op honneursstudie val, maar die gedagte was om ook enkele M.Mil.- en D.Mil.-kandidate te werf. Gegewe die beperkte dosentekorps van die Fakulteit Krygskunde enersyds en die voordele van akademiese kruisbestuiwing andersyds, was die beplanning dat nagraadse kandidate 'n beduidende deel van hul kursusse op Stellenbosch sou loop en slegs die werklik militêr-toegepaste dele daarvan aan die Fakulteit Krygskunde sou volg.[203] Verdedigingshoofkwartier was egter nie bereid om dienende offisiere vir nagraadse studie vry te stel as die Weermag nie 'n spesifieke behoefte aan offisiere met bepaalde kwalifikasies gehad het nie. In die lig van die bestaande tekort aan offisiere het Verdedigingshoofkwartier ook nie kans gesien dat kandidate wat pas die B.Mil.-graad verwerf het 'n verdere jaar aan militêre vorming en ervaring inboet om 'n honneursgraad te verwerf nie.[204]

Soos hierbo vermeld, het brig. Mulder later daarin geslaag om twee vlieë met een klap te slaan, toe hy in 1980 van Verdedigingshoofkwartier goedkeuring verkry het dat die drie beste beskikbare derdejaarkandidate van die Leër, Lugmag en Vloot van 1981 af jaarliks by die Akademie kon agterbly om as opleidingsoffisiere diens te doen en terselfdertyd met honneursstudie (deeltyds oor twee jaar) voort te gaan.[205] Dit het later ook praktyk geword om die Adjudantspos by die Akademie met 'n honneursstudent te vul.[206] Alhoewel dit die Akademie jaarliks aan 'n paar honneursstudente gehelp het, was die situasie in die praktyk steeds dat slegs kandidate wat staflede van die Akademie was, nagraads aan daardie instelling kon studeer. Ná verdere vertoë aan Verdedigingshoofkwartier gedurende 1988 en 1989 is daar van 1990 af ook jaarliks enkele studente toegelaat om een jaar voltyds honneursstudie aan die Akademie te onderneem.[207] Hierdie maatreëls het daartoe gelei dat

203. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 44, notule van opleidingsvergadering, 8 Februarie 1979; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 2, inlae 1, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 27 Maart 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 26, MA/103/10/4 vol. 1, inlae 50, brief MA/103/10/4, Bev. Mil. Akad. - HSP, 20 Junie 1979.

204. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 26, MA/103/10/4 vol. 1, inlae 57, brief HSP/DPO/103/1/8/2/3, HSP - Bev. Mil. Akad., 16 Augustus 1979.

205. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vol. 1, inlae 146, brief MA/101/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (DPO), 10 April 1980; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 25 Julie 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.28; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 101, brief MA /103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 27 September 1982.

206. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/4 vol. 2, inlae 64, brief MA/B/103/10/4, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 26 September 1988.

207. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/4 vol. 2, inlae 64, brief MA/B/103/10/4, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 26 September 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/4 vol. 2, inlae 78, brief MA/B/103/10/4, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 10 Augustus 1989; **Militêre Akademie Jaarblad 1991**, p.27.

daar van tussen 1982 (toe die eerste honneursgraad sedert 1976 toegeken is) en 1990 altesaam 26 Hons.B.Mil.-grade toegeken is in vergelyking met die skamele vier wat voor 1982 toegeken is. Op magistervlak het die Fakulteit Krygskunde maar min studente getrek. Slegs twee M.Mil.-grade is in die tydperk 1976 – 1990 toegeken. Ook op doktorale vlak was die oes maar skraal en het kmdt. P.J.L. Engelbrecht, senior lektor in Rekenaarinligtingstelsels (Mil.) en Statistiek (Mil.) aan die Fakulteit Krygskunde in Desember 1983 die enigste kandidaat geword wat ooit die D.Mil.-graad verwerf het. Daarnaas is twee eredoktorsgrade in die Krygskunde ook toegeken, te wete aan die voormalige Minister van Verdediging en Staatspresident van Suid-Afrika, mnr. P.W. Botha (1976) en die eertydse voorsitter van Krygkor, kmdt. P.G. Marais (1987).[208] Die gebrek aan nagraadse studente was na alle waarskynlikheid steeds te wyte aan die redes soos uiteengesit in hoofstuk 4.

Ondanks die gebrek aan doktorale studente aan die Fakulteit Krygskunde het die Minister van Onderwys en Kultuur in 1984 instelling van 'n verdere doktorsgraad aan dié Fakulteit goedgekeur, naamlik die graad Ph.D. in Krygskunde. Daarmee saam is die vereistes vir die graad D.Mil. gewysig, sodat dit voortaan as 'n senior doktorsgraad (d.w.s. as post-doktorale studie) in die Fakulteit Krygskunde aangebied kon word.[209] Dié ontwikkelings was egter in die praktyk betekenisloos, deurdat geen enkele kandidaat teen 1990 die Ph.D. in Krygskunde of die (gevorderde) D.Mil. verwerf het nie; trouens, sover vasgestel kon word, het geen enkele kandidaat ooit vir enigeen van dié twee kwalifikasies ingeskryf nie.

Beide die Fakulteit Krygskunde en die universiteitsowerhede het in die tydperk ná 1976 probeer om die Militêre Akademie se geografiese isolasie van die moederkampus te oorbrug en dié instelling werklik deel van die Universiteit te maak. Benewens die jaarlikse Matie-karnaval (wat in 'n volgende afdeling aangeraak sal word), is daar van beide kante geleentheid tot skakeling gebied. So het die Akademie-dosente ingeskakel by die kursusse (onder meer die jaarlikse oriënteringseminaar vir nuwe dosente[210]) wat die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys vir die Universiteit se dosentekorps aangebied het,

208. Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, 1965 – 1990; **Militêre Akademie Jaarblad 1984**, p.23.

209. US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 122, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 5 November 1983; US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 127, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 15 September 1984; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), brief U5/3, Hoofuitvoerende Direkteur Onderwys en Kultuur – Registrateur (Akademies) US, 11 November 1984, aangeheg by Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 23 November 1984.

210. Vergelyk Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/1/8/2/3/US vol. 4, inlae 122, ongenommerde brief, Direkteur Buro vir Universiteitsonderwys (Dir. Buvo) – alle departementshoofde US, 3 Oktober 1989.

terwyl nouer skakeling tussen gelyksoortige akademiese departemente op Saldanha en Stellenbosch plaasgevind het.[211] Dit het ook tradisie geword dat die topbestuur van die Universiteit jaarliks (soms met hul gesinne en vir 'n hele naweek) 'n spanbou saam met die Akademie-personeel op Saldanha gehou het. Afgesien van akademiese gesprekvoering, het die twee "kampe" tydens die spanbou gesellig op die sportveld kragte gemeet en is die kollegas van die moederkampus (onvermydelik!) op die tradisionele seekosgeregte van die Weskus getrakteer. Diegene wat bereid was om die koue Weskus-water aan te durf, kon ook die genot smaak om self 'n krefie vir die pot te duik.[212] Om die twee studentegemeenskappe met mekaar in voeling te hou, het die Akademie-eerstejaars, vergesel deur belangstellende dosente, jaarliks aan die begin van die akademiese jaar 'n oriënteringsbesoek aan die moederkampus gebring en is daar geleenthede vir studentegroepe van die moederkampus geskep om die Akademie te besoek. Daar is ook gepoog om gereelde bydraes oor die Akademie in studenteblaaie soos *Die Matie* en *Die Stellenbosse Student* te laat verskyn.[213] Al hierdie pogings ten spyt, het die fisiese afstand tussen Stellenbosch en Saldanha, tesame met die unieke aard van die Militêre Akademie, oftewel die Fakulteit Krygskunde, sekerlik steeds 'n struikelblok in die weg van volkome solidariteit tussen die twee kampusse gebly.

## 6.5 DIE STIGTING EN ROL VAN DIE AFDELING NAVORSING EN ONTWIKKELING EN DIE SENTRUM VIR DIE STUDIE VAN REWOLUSIONêRE OORLOG

Soos vroeër vermeld, het 'n ideaal wat reeds sedert die stigting van die Akademie in 1950 gekoester is gedurende 1982/83 in vervulling gegaan, toe 'n afsonderlike navorsingsafdeling by die Akademie gestig is. Die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling was klaarblyklik in die eerste plek op institusionele ontwikkeling gerig, deurdat dit die Akademie

211. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3/US vol. 1, inlae 108, ongenommerde brief, Adj. Dir. (Akademies) Buvo – Bev. Mil. Akad., 12 Julie 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3/US vol. 1, inlae 109, brief MA/103/1/8/2/3 US, Bev. Mil. Akad. - Buvo, 24 Julie 1979; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/1/8/2/3/US vol. 4, inlae 16, brief MA/103/1/8/2/3 US, Bev. Mil. Akad. – Vise-Rektor US, 22 Mei 1985.

212. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/3 vol. 2, inlae 34, brief MA/401/1/3/3, Bev. Mil. Akad. – Bev. SAS SALDANHA, 5 Desember 1979; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/401/1/3/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 33, brief MA/401/1/3/3(V), Bev. Mil. Akad. – Bev. SAS SALDANHA, 7 Februarie 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/401/1/3/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 49, brief MA/V/401/1/3/3, Bev. Mil. Akad. – Bev. Vlootbasis Saldanha, 3 Januarie 1990.

213. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/522/1/9102 vol. 4, inlae 21, notule van Mil. Akad. Bevelvoerderskonferensie, 13 Februarie 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/1/8/2/3/US vol. 4, inlae 16, brief MA/103/1/8/2/3 US, Bev. Mil. Akad. – Vise-Rektor US, 22 Mei 1985.

in staat moes stel om "eie kundigheid tov...[sy] verantwoordelikheidsvelde uit te bou ten einde in staat te wees om deurgaans leidinggewend binne... eie beroepsveld op te tree"[214] en dus as "waarborg teen akademiese stagnasie"[215] te dien. Die gedagte was egter dat die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling ook deur "weermagsprobleme na te vors... 'n bepaalde bydrae tot die optimalisering van organisasiedoeltreffendheid"[216] kon lewer. Uit die spesialisvelde wat vir die voorgenome personeel van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling in die vooruitsig gestel is (Internasionale Politiek, Ekonomie/Bedryfsekonomie en Operasionele Navorsing[217]) blyk dit dat hierdie tweede doelstelling, eerder as institusionele ontwikkeling, die botoon in die funksionering van die navorsingsafdeling sou voer.

'n Gebrek aan fondse en toepaslik gekwalifiseerde personeel het verhoed dat die poste van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling dadelik gevul kon word. Die Hoof van die Departement Krygsgeskiedenis, kmdt. (later kolonel/professor) J.S. Kotze, is gevolglik bo en behalwe sy normale verpligtinge as waarnemende hoof van dié afdeling aangestel, met die opdrag om dit te aktiveer.[218] Die res van die poste van die afdeling is insgelyks voorlopig beman deur dosente van die Fakulteit Krygskunde wat op 'n ad hoc-basis met bepaalde navorsingsprojekte getaak is. Die eerste twee voltydse navorsers is eers in 1986 by die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling aangestel.[219] Onder die eerste projekte wat die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling onder kmdt. Kotze se leiding aangepak het, was die daarstelling van 'n leesverbeteringskursus (1983) en 'n leierskapontwikkelingsprogram (1984) vir die Akademie-studente (derdejaars), asook 'n gevorderde finansiële bestuurskursus vir senior offisiere (1984). Die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling het op die sukses van die gevorderde finansiële bestuurskursus voortgebou en in 1987 ook 'n kommunikasiekursus vir senior offisiere die lig laat sien.[220] Laasgenoemde drie kursusse sal in 'n volgende afdeling weer aangeraak word.

---

214. Mil. Akad. Argief, HSP/DOS/503/1/6(5/80): Verslag HSP/DOS/503/1/6(5/80) oor organisasieondersoek by Mil. Akad. deur Direktoraat Organisasiestudies (DOS), 31 Augustus 1981, p.2.
215. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 8, brief MA/503/1/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP, 22 November 1982.
216. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 8, brief MA/503/1/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP, 22 November 1982.
217. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 8, brief MA/503/1/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP, 22 November 1982.
218. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/503/1/6/9102 vol. 1, inlae 8, brief MA/503/1/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP, 22 November 1982.
219. **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, p.16; **Militêre Akademie Jaarblad 1986**, p.50.
220. **Militêre Akademie Jaarblad 1983**, pp.29 – 36; **Militêre Akademie Jaarblad 1984**, pp.27 – 34; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, pp.52 - 53.

Die eskalasie van die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika het daartoe gelei dat verskillende aspekte met betrekking tot die studie van rewolusionêre oorlogvoering mettertyd in die leerplanne van vakke soos Krygsgeskiedenis, Politieke Wetenskap (Mil), Ekonomie (Mil), Militêre Geografie en Bedryfsielkunde (Mil) neerslag gevind het om jong offisiere in daardie verband voor te berei. Weens die verskerping van die rewolusionêre stryd teen die middel van die tagtigerjare het daar egter by die Akademie 'n behoefte ontstaan om 'n spesiale navorsingseenheid vir die studie van rewolusionêre oorlog in die lewe te roep om te verseker dat die Fakulteit Krygskunde, beide wat onderrig en navorsing betref, 'n leidende rol op daardie terrein sou speel. Dit het daartoe gelei dat 'n Sentrum vir die Studie van Rewolusionêre Oorlog (Senro) op 3 Desember 1986 as 'n inrigting van die Universiteit van Stellenbosch by die Militêre Akademie gestig is.[221] Senro het in samewerking met die Fakulteit Krygskunde gefunksioneer, maar was nie 'n deel van die Fakulteit nie. Die personeel van Senro het uit 'n Direkteur, drie navorsers en 'n tikster/klerklike assistent bestaan. Die Sentrum het onder toesig van 'n Beheerkomitee, bestaande uit die Bevelvoerder (Voorsitter), die Dekaan, een van die Afdelingshoofde van die Fakulteit, 'n addisionele verteenwoordiger van die Fakulteit en die Direkteur van Senro gefunksioneer en het jaarliks aan die Fakulteit verslag gedoen.[222]

Senro se hoofdoelwit was om "Rewolusionêre Oorlog op 'n objektiewe wyse te bestudeer ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel in al sy fasette daar te stel."[223] Die sentrum se doelstellings is in die lig daarvan soos volg in sy grondwet vervat:

> "om behulpsaam te wees by die onderrig van studente in die Fakulteit Krygskunde wat in die onderhawige studierigting [d.w.s. rewolusionêre oorlog] spesialiseer;
>
> "om 'n dokumentasiesentrum te vestig en uit te bou met die oog op dienslewering aan studente en bevordering van studie en navorsing, asook die ontwikkeling van onderrigprogramme;

---

221. US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 141, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 11 Desember 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 1, brief MA/B/103/10/3, Bev. Mil. Akad.- Rektor US, 28 Februarie 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 7, brief MA/B/103/10/3, Bev. Mil. Akad.- Registrateur (Akademies) US, 2 Mei 1986; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel III, notule van Fakulteitsraadvergadering, 20 Oktober 1986; **Militêre Akademie Jaarblad 1986**, p.48; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, pp.49 – 50.
222. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 48, grondwet van Senro aangeheg by ongenommerde memorandum, Hoof Navorsing en Ontwikkeling (CNO) - Bev. Mil. Akad., 17 Februarie 1987.
223. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 31, memorandum MA/B/103/10/3, HNO - Dekaan. Mil. Akad., etc., 4 November 1986.

"om studie en navorsing in al sy fasette te stimuleer, te inisieer en te onderneem met betrekking tot Rewolusionêre Oorlog, met besondere verwysing na die manifestasie daarvan in Suider-Afrika; [en]

"om kennis oor te dra deur middel van publikasies, seminare en kursusse."[224]

Die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling het ondertussen reeds voor die amptelike stigting van Senro begin met die daarstelling van 'n omvattende databasis oor rewolusionêre en teenrewolusionêre oorlogvoering, die ontsluiting van bronne in daardie verband en navorsing oor die rewolusionêre strategie in Suid-Afrika en verbandhoudende onderwerpe.[225] Die sentrum het ook alles in die werk gestel om kontak met ander navorsers en navorsingsinstellings op die terrein van rewolusionêre oorlog te maak, uit hul navorsingsresultate te put en hul samewerking in die uitbreiding van kennis op dié terrein te verkry. Die studiestukke oor rewolusionêre en teenrewolusionêre oorlogvoering wat uit die sentrum se navorsingsresultate voortgevloei het, is vir opleidingsdoeleindes aan die weermagsdeelkolleges beskikbaar gestel.[226]

Die stigting van 'n selfstandige navorsingsafdeling by die Militêre Akademie was inderdaad 'n belangrike mylpaal in die ontwikkeling van dié instelling, deurdat dit die belofte ingehou het om die Akademie die bakermat van militêr-akademiese kennis in die SA Weermag te maak. Die stigting van Senro het egter in 'n mate die potensiaal van die navorsingsafdeling aan bande gelê, deurdat die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling in die praktyk as Senro gefunksioneer het, wat sy navorsingsfokus vir alle praktiese doeleindes tot 'n enkele (ofskoon baie aktuele) onderwerp verskraal het. Soos in hoofstuk 7 aangetoon sal word, is dié tekortkoming in 1990 reggestel, toe Senro tot die Sentrum vir Militêre Studie (Semis) omskep en sy navorsingsveld aansienlik verbreed is.

---

224. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 48, grondwet van Senro aangeheg by ongenommerde memorandum, Hoof Navorsing en Ontwikkeling (HNO) - Bev. Mil. Akad., 17 Februarie 1987.

225. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 80, notule van Senro-Beheerkomiteevergadering, 10 April 1987; **Militêre Akademie Jaarblad 1986**, p.48; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, pp.49 - 52.

226. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/10/3 vol. 1, inlae 107, memorandum MA/B/103/10/3, Voorsitter Senro-beheerkomitee – Voorsitter Fakulteitsraad Krygskunde, 27 November 1987; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8 vol. 2, inlae 4, memorandum MA/B/101/8, kapt. K. Swart – kol. J.S. Kotze, 22 November 1988.

## 6.6 DIE AARD EN ROL VAN DIE TAK MILITêRE OPLEIDING

Die implementering van die nuwe opleidingstelsel aan die Militêre Akademie in 1976 het 'n geweldige diversifikasie van die studentekorps in die daaropvolgende dekade tot gevolg gehad. Afgesien daarvan dat studente uit 'n groter verskeidenheid van vertakkings binne die Weermag hul weg na die Akademie gevind het, is ook ouer offisiere, getroude offisiere, damesoffisiere en sogenaamde anderskleurige offisiere as studente tot die Akademie toegelaat. So was 56% van die studente byvoorbeeld teen 1987 getroude, uitwonende lede, terwyl meer as 50% van hulle reeds die rang van kaptein of majoor beklee het en die ouderdomme van die studentekorps tussen 19 en 39 jaar gewissel het. Die heterogeniteit van die studentekorps in terme van ouderdom, opleiding, ervaring, rang, geslag en huwelikstatus het heelwat probleme ten opsigte van militêre opleiding geskep. Dit was in die eerste plek kwalik moontlik om 'n eenvormige stel reëls en dissipline op jong kandidaatoffisiere en ouer offisiere, selfs tot die rang van majoor, en met heelwat operasionele ervaring agter die rug, af te dwing. Dit was uiteraard ook baie moeilik om sinvolle militêre opleiding by die Akademie te onderneem met 'n groep studente wat hemelsbreed in terme van opleidingspeil en ervaring verskil het. Daarby het die verskille in range en bevorderingsvereistes selfs die administrasie van resesopleiding 'n moeilike taak gemaak. Gedurende die winterreses van 1989 moes die Tak Militêre Opleiding byvoorbeeld vir die 177 Akademie-studente reëlings tref om 22 verskillende kursusse by te woon en afgedeelde diens by 42 verskillende eenhede te verrig.[227]

'n Verdere probleem in die weg van militêre opleiding was dat die Akademie, soos vroeër vermeld, ná die onttrekking van die Fase 2-opleiding oor geen enkele militêre instrukteur beskik het nie. Om dié probleem die hoof te bied, het brig. Potgieter, soos vroeër aangetoon, die drie Afdelingshoofde van die Fakulteit Krygskunde as kursusleiers vir die drie studentejaargroepe aangestel. In daardie hoedanigheid het hulle onder toesig van die Dekaan (Tweede-in-Bevel) en met die hulp van die res van die dosente onder meer kamerinspeksies uitgevoer en aan die einde van elke semester individuele kursusrapporte oor die studente voltooi, waarin benewens hul akademiese prestasie, ook oor hul militêre leierskap, karaktereienskappe, algemene gedrag, ens., verslag gedoen is.[228] Ofskoon die bekendstellingsbrosjure van die 1978-eerstejaars vermeld het dat die "vormingsopleiding

---

227. Mil. Akad. Argief, Verslag van Projek WIMPOLE oor die Militêre Akademie (hierna: WIMPOLE-verslag), 13 Oktober 1989, pp.13 – 15; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, pp.2 – 4, 6.

228. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, brief MA/503/1/6, Bev. Mil. Akad. - HSP, 4 Julie 1978.

[van die offisierstudente] aan die Akademie voortgesit (word)"[229], het daar, gegewe die diversiteit van die studentekorps en die gebrek aan militêre instrukteurs, maar weinig daarvan tereggekom. Dit het, benewens die normale militêre roetine wat by elke Weermageenheid gegeld het, in hoofsaak bestaan uit driloefeninge, parades, liggaamlike opleiding, leierskapopleiding (LETRA-baan), opleiding in die perdrykuns, skietoefeninge, seemanskapopleiding, voorlesings deur besoekende sprekers en formele etes. Die meeste van dié opleiding, insluitende 'n verpligte landloop vir beide staf en studente, het op Vrydagmiddae (later Donderdagmiddae) plaasgevind. Verder is van elke student verwag om op weeksdae ná werksure aan 'n erkende Weermagsportsoort deel te neem en "toe te sien dat hy die vereiste standaard van fiksheid, soos voorgeskryf, handhaaf."[230]

Brig. F.S. Mulder het hom ná sy bevelsoorname in 1980 daarop toegelê om deur die "byhou van kennis oor aktuele aangeleenthede", die "uitbouing van die lid se vaderlandsliefde" en die "verstewiging van die lid se geestelike, fisieke en godsdienstige weerbaarheid"[231] 'n daadwerklike bydrae tot die studente se voortgesette militêre vorming te lewer. Hy het onder meer afsonderlike "studiegroepe" vir die drie weermagsdele, asook substudiegroepe vir die verskillende korpse van die Leër, in die lewe geroep om die studente tydens hul verblyf by die Akademie in voeling met nuwe ontwikkelings en uitdagings in hul weermagsdele te hou en hul *esprit de corps* te bevorder. Dié doelwit is deur lesings, besoekende sprekers (onder meer senior SAW-offisiere), groepbesprekings en filmvertonings bereik.[232] Om die militêre atmosfeer van die Akademie te versterk, het hy alle staflede, dosente inkluis, by die driloefeninge, vlaghysingsparades, skietoefeninge, liggaamlike opleiding en dies meer betrek en oor die algemeen aan streng militêre dissipline onderwerp. Verder het hy orals militêre en ander gepaste slagspreuke laat aanbring en dwarsdeur die eenheid luidsprekers laat monteer wat op gesette tye onder meer die oggendsinjaal, die Stem van Suid-Afrika en die eerste en laaste taptoe laat

229. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 21, MA/103/2/6/9102 G80, inlae 60, Toetredingsinstruksies: Kursus G80, 20 Februarie 1978.

230. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 43, brief G/TRG/5/2, Bev. Mil. Akad. – I.E. Butler, 9 Januarie 1976; **Militêre Akademie Jaarblad 1977**, pp.54 - 57; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 21, MA/103/2/6/9102 G80, inlae 60, Toetredingsinstruksies: Kursus G80, 20 Februarie 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 36, notule van opleidingsvergadering, 21 September 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 35, notule van Bevelvoerderskonferensie, 30 Mei 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 128, MA/522/1/9102 vol. 3, inlae 5, notule van Bevelvoerderskonferensie, 20 Desember 1979.

231. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 124, MA/518/7/1/B vol. 1, inlae 16, brief BEV/MA/522/4/6, Bev. Mil. Akad. – HSP (D. Taal), 25 November 1981.

232. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 129, MA/522/1/3/9102 vol. 1, inlae 6, brief MA/522/1/3 SA ARMY, Bev. Mil. Akad. – H Leër (GS1) en HSP, 19 Augustus 1980.

weerklink het. Gedurende teetye, middagetes en in die namiddag ná werk het die luidsprekers die lug met marsmusiek gevul.[233]

Benewens bovermelde militêre opleiding gedurende die akademiese semesters, het die Akademie-program normaalweg vir 'n weeklange sportkursus, natuurbewaringskursus, militêre oefening, praktiese opleiding ter see of avontuuropleiding in elke semester voorsiening gemaak om die studente vir 'n wyle van hul studie te laat wegbreek. Die avontuuropleiding het, soos gebruiklik, hoofsaaklik die vorm van staptogte in die Sederberge en ander onherbergsame gebiede aangeneem.[234] Die natuurbewaringskursus was daarop gemik om die studente insig in natuurbewaring te gee, aangesien daar in die operasionele gebiede op die grense van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, wat dikwels aan wild- en natuurreservate gegrens het, 'n groot behoefte was om die wild en plantegroei teen uitroeiing te beskerm. Daar is dan ook dikwels van junior offisiere verwag om as natuurbewaringsoffisiere op te tree.[235]

In 1977 het die derdejaars van al drie weermagsdele gedurende die lang winterreses onder leiding van 'n aantal Akademie-dosente genl. Louis Botha se aanmarsroete tydens die SWA-veldtog van 1914/15 gevolg om 'n terreinstudie te doen. Ná 'n besoek aan Windhoek om hulle van die werking van die Turnhalle-beraad te vergewis, het die derdejaars in twee groepe verdeel. Die vlootstudente het na SAS SIMONSBERG vertrek om seevaartopleiding te ondergaan, onder meer aan boord van die seeweerboot SAS GELDERLAND. Die leër- en lugmagstudente het na die operasionele gebied op die SWA-Angola-grens vertrek om hulle op hoogte te bring van die aard en omvang van die militêre bedrywighede aldaar en hulle praktiese blootstelling aan operasionele diens te gee. Die gedagte was dat die derdejaars se blootstelling aan operasionele take gedurende die

---

233. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 1, brief MA/512/5, Bev. Mil. Akad. – Dir. Musiek, 11 April 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1, inlae 2, ongenommerde, Bev. Leërorkes - Bev. Mil. Akad., 2 Mei 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, brief MA/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982; Vergelyk ook **Militêre Akademie Jaarblad**, 1980 – 1982.

234. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3, inlae 43, brief G/TRG/5/2, Bev. Mil. Akad. – I.E. Butler, 9 Januarie 1976; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 2, inlae 32, brief MA/103/2/6/9102, Bev. Mil. Akad. - HSP, 9 Junie 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 2, inlae 35, seinberig HSP(9)/933/JUN 78, HSP - Mil. Akad., 27 Junie 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 74, brief MA/103/1/6/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 12 Junie 1979; **Militêre Akademie Jaarblad 1979**, p.66.

235. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 131, MA/103/1/8/2/1 vol. 1, inlae 12, brief MA/103/14, Bev. Mil. Akad. - HSP, 9 Mei 1978.

winterreses 'n instelling sou word.[236] 'n Herskikking van die akademiese jaar van 1978 af het egter die winterreses na slegs twee weke verkort, wat vir vakansieverlof opsygesit is. Die studente is voortaan gedurende die somerreses (November tot Februarie) na verskillende militêre eenhede vir diens of praktiese opleiding afgedeel.[237]

Dit het spoedig geblyk dat die nuwe jaarprogram nie produktiewe tydsbenutting ten opsigte van die studente in die hand gewerk het nie, omdat min bevorderings- en ander gepaste kursusse gedurende die lang somerreses aangebied is waarby die studente kon inskakel. Daar is gevolglik in 1980 teruggekeer na 'n winterreses van 5-6 weke, sodat beide studente en staflede by bevorderings- en ander tersaaklike kursusse kon inskakel. Om dit moontlik te maak en ook vir drie sogenaamde militêre weke voorsiening te maak, het die akademiese jaar voortaan reeds teen die helfte van Januarie 'n aanvang geneem. Die militêre weke (een in die eerste semester en twee in die tweede semester) is vir natuurbewaringskursusse, avontuuropleiding, skietopleiding, seevaardigheidsopleiding, vliegopleiding, rykunsopleiding, valskermspring, besoeke aan militêre eenhede en dies meer benut, terwyl tyd ook ingeruim is vir meer kultureel-sosiale opvoeding, soos wynproekursusse.[238] Die feit dat brig. Mulder, soos vroeër vermeld, goedkeuring verkry het dat die drie beste beskikbare derdejaarkandidate van die Leër, Lugmag en Vloot van 1981 af jaarliks by die Akademie kon agterbly om as opleidingsoffisiere diens te doen en terselfdertyd met honneursstudie voortgaan[239], het sekerlik gehelp om meer stukrag aan militêre opleiding by die Akademie te verleen. Voorheen moes die Adjudant en die Akademie-sersant-majoor alleen alle militêre opleiding behartig.[240]

---

236. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/2/9102/77 (Vertroulik) vol. 1, inlae 28, ongenommerde memorandum, Hoof Oefeningleier Oefening Reses 77 - Bev. Mil. Akad., Augustus 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 21, MA/103/2/6/9102 (77), inlae 7, Opleidingsorder: See-opleiding Akademie-studente deur Bev. Mynveegbasis, 23 Junie 1977; **Militêre Akademie Jaarblad 1977**, pp.42 - 43.

237. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 74, brief MA/103/1/6/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 12 Junie 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 3, inlae 28i, brief MA/105/7/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 26 Junie 1979.

238. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 3, inlae 28i, brief MA/105/7/1/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 26 Junie 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 9, MA/103/1/8/2/3 vol. 3, inlae 54, seinberig HSP/DPO/953/20 AUG 79, H SAW 1 – Mil. Akad., 20 Augustus 1979; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 51, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., 28 April 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 4, inlae 81, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – HSP, 15 Desember 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/13 vol. 4, inlae 30, memorandum MA/103/1/8/13, HMI - Bev. Mil. Akad., 9 Februarie 1987.

239. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vol. 1, inlae 146, brief MA/101/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (DPO), 10 April 1980; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde Deel II (1980 – 85), Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 25 Julie 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.28; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 8, inlae 101, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 27 September 1982.

240. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.39.

Brig. F.S. Mulder het in 1980 'n belangrike toevoeging tot die voortgesette vormingsopleiding van die Akademie-studente gemaak deur die instelling van 'n Junior Bevelvoerderseminaar vir finalejaarstudente. Die doel van dié seminaar, wat in oorleg met MPI ontwikkel en ook grootliks deur daardie instelling aangebied is, was om die jong offisier vir sy taak as leier by sy nuwe eenheid voor te berei. Dit het aanvanklik drie dae geduur, maar is in 1982 tot 'n week verleng. Die eggenotes, verloofdes en vriendinne van die studente is ook by die seminaar betrek, sodat hulle as egpaar (of voornemende egpaar) vir hul eenheidstaak voorberei kon word. Die mans het onder meer blootstelling aan bestuur, kommunikasie en probleemoplossing ontvang, terwyl onderwerpe soos die verenigingslewe, sjarme en die weerbare huwelik met die dames behandel is. Brig. Mulder se opvolger, brig. S.W.J. Kotzé, het besluit om op die welslae van die Junior Bevelvoerderseminaar voort te bou en aan die Hoof van Navorsing en Ontwikkeling, kmdt. J.S. Kotze, opdrag gegee om dit tot 'n meer omvattende Leierskapontwikkelingsprogram (LOP) uit te brei. Kmdt. Kotze het met die hulp van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys van die Universiteit van Stellenbosch (Buvo), asook kundiges in die SAW, 'n deurlopende leierskapontwikkelingsprogram ontwerp wat van 1984 af gedurende die militêre weke op 'n modulêre basis van die eerste- tot die derdejaar aangebied is.[241]

Die doel van die LOP was "om krygskundestudente... in staat te stel om hul kennis en vaardighede tov (sic.) leierskap in die algemeen en offisierskap in die besonder uit te bou, en om 'n positiewe ingesteldheid tot volgehoue studie in hierdie verband te ontwikkel."[242] Ofskoon modules soms op Malgaskop aangebied is, het kmdt. Kotze sover moontlik probeer om 'n "eilandsituasie" te skep en van fasiliteite soos die NG Kerkterrein by Mizpa naby Grabouw en die Hawekwa Jeugterrein buite Wellington gebruik gemaak. Diegene wat by die ontwerp van die program betrokke was, onder meer proff. C.A. Kapp en B.R. Slabbert van Buvo, is sover moontlik by die aanbied van die kursus betrek om die studente aan 'n wye spektrum van kennis en vaardigheid bloot te stel. Laasgenoemde twee here is dan ook as burgermagoffisiere by die Universiteit van Stellenbosch Militêre Eenheid aangestel om op 'n voortgesette basis met die aanbied van die LOP behulpsaam te wees.

241. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 10, MA/103/1/8/2/3 vol. 4, inlae 136, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., 12 Augustus 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 22, MA/103/2/6/9102 vol. 3, inlae 28, konsepbrief MA/103/2/6/9102, Bev. Mil. Akad. – H SAW, etc., g.d. ; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 22, memorandum MA/103/1/8/2, kmdt. J.S. Kotze - Bev. Mil. Akad., 7 Maart 1983; J.S. Kotze: Leierskapontwikkelingsprogram. **Militêre Akademie Jaarblad 1984**, pp.27 - 29.

242. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 6, inlae 33, dokument MA/103/2/6/9102, Leierskapontwikkelingsprogram (LOP) 1984, Desember 1983; Vergelyk ook J.S. Kotze: Leierskapontwikkelingsprogram, p.28.

Die onderwerpe wat aangeroer is, was onder meer militêre professionalisme, leierskap, bestuur, kommunikasie, besluitneming, verandering, probleemoplossing, groepsdinamika, menseverhoudings, asook konflik- en streshantering.[243] Die LOP is voorts aangevul deur 'n vierdaagse simposium waartydens daar met die derdejaars en hul gades informeel oor sake soos militêre tradisies, huishoudelike finansies, huweliksreg, testamente en dies meer gesels is.[244]

Die nuwe organisasiestruktuur wat met ingang van 1986 vir die Akademie goedgekeur is, het vir 'n volwaardige Tak Militêre Opleiding, bestaande uit vier seksies, met 'n Hoof Militêre Instrukteur met die rang van kommandant aan die spits, voorsiening gemaak. Eerstens was daar die Seksie Gevegsopleiding, wat militêre (gevegs-) opleiding behartig het. Daarnaas was daar die Seksie Liggaamlike Opleiding en Sport om na die studente se fisiese fiksheid om te sien en die Seksie Gesindheidsbeïnvloeding, wat die kweek van 'n gesindheid van welwillendheid teenoor die RSA en die SA Weermag by die studente ten doel gehad het. Laastens was daar die Seksie Rykunsopleiding wat vir die opleiding van die studente in die perdrykuns verantwoordelik was. Die Tak Militêre Opleiding het, saam met die Hoof Militêre Instrukteur, uit vyf offisiere (drie militêre instrukteurs, 'n Bevelsinformasie-offisier en 'n Liggaamlike Opleiding-/Sportoffisier), 'n adjudant-offisier (Stalmeester), drie onderoffisiere en drie burgerlikes bestaan.[245] Dié nuwe organisasiestruktuur het egter in die praktyk weinig veranderinge meegebring. Die militêre vleuel se taak het presies dieselfde gebly, naamlik die algemene administrasie van die studente, die beplanning en uitvoering van die militêre weke en die beplanning en koördinasie van die studente se resesaktiwiteite in oorleg met die weermagsdele. Die opleidingsprogram het insgelyks die gebaande weg gevolg en opleidingsposte, insluitende dié van Hoof Militêre Instrukteur, is steeds deur nagraadse studente gevul. Die Hoof Militêre Instrukteur het gevolglik nooit 'n hoër rang as dié van majoor beklee nie.[246]

---

243. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 6, inlae 33, dokument MA/103/2/6/9102, Leierskapontwikkelingsprogram (LOP) 1984, Desember 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/6/9102 vol. 7, inlae 5, brief MA/103/2/6/9102 (B), Bev. Mil. Akad. – Rektor, US, 14 Augustus 1984; J.S. Kotze: Leierskapontwikkelingsprogram, p. 29.

244. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 24, brief MA/103/1/8/2 (B), Bev. Mil. Akad. - HSP, 2 November 1984.

245. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/503/1/6 (Vertroulik) vol. 1, inlae 1, verslag HSP/DBD/503/1/6(2/85) oor ondersoek na organisasie en diensstaat van Mil. Akad. deur DBD, 16 Augustus 1985.

246. **Militêre Akademie Jaarblad 1986**, pp.9, 13 - 18; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/13 vol. 4, inlae 30, memorandum MA/103/1/8/13, HMI - Bev. Mil. Akad., 9 Februarie 1987; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, pp.9, 16 – 18; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/13 vol. 5, inlae 3, memorandum MA/103/1/8/13, HMI – Wnd. Bev. Mil. Akad., 29 Maart 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/13 vol. 5, inlae 10, memorandum MA/103/1/8/13, HMI – Bev. Mil. Akad., 27 September 1988; **Militêre Akademie Jaarblad 1988**, pp.10 – 11, 13 - 18; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**,

## 6.7 BREëR DIENSLEWERING AAN DIE SA WEERMAG

Die Akademie het ná 1976 vir 'n paar jaar voortgegaan om die vormings- of oriënteringskursus vir lede van die Korps van Professionele Offisiere,[247] die navigasiekursusse vir vlootoffisiere,[248] en 'n gedeelte van die vormingskursus vir jong offisiere van die SA Leërvrouekollege[249] aan te bied. Daar is verder ook by geleentheid gedurende resestye kursusse in Militêre Reg vir Akademie-studente en ander Weermagoffisiere by die Akademie aangebied, gewoonlik met die hulp van SAW-regsoffisiere en/of regsdosente van die Universiteit van Stellenbosch.[250] Daarnaas het die Akademie ook by geleentheid in samewerking met die SAW Kollege vir Opvoedkundige Tegnologie kursusse in basiese opvoedkundige tegnologie vir Akademie-dosente en -studente aangebied.[251] Die Akademie-dosente het ten slotte, soos in die verlede, dikwels lesings op hul vakgebiede by ander Weermagsopleidingsinrigtings (gewoonlik vir die verskillende stafkursusse), onder meer die SA Verdedigingskollege, SA Lugmagkollege en die SA Vlootstafkollege aangebied.[252] Die Weermag het egter steeds nie die Fakulteit Krygskunde se potensiaal in laasgenoemde verband ten volle benut nie en op 'n ongekoördineerde wyse, sonder om die Akademie te ken, op veel groter skaal van die dienste van akademici van burgerlike universiteite gebruik gemaak.[253] Die geografiese nabyheid van universiteite het vermoedelik die hoofrol in dié praktyk gespeel.

---

pp.10 – 11; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/1 vol. 3, inlae 55, brief MA/101/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 30 Augustus 1989.

247. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 47, brief MA/103/1/8/2/3, Wnd. Bev. Mil. Akad. - HSP, 27 November 1978.

248. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 22, MA/103/2/6/9102 vol. 2, inlae 30, kursusinligting: Navigasiekursus no. 7913, 4 Junie – 6 Julie 1979.

249. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 41, kursusverslag: Kursus SALV 78, 29 September 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/2/6/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 25, brief SALV KOL/103/2/B oor SALV KOL/103/2/1/0975/LVK 8003, Bev. SA Leërvrouekollege – H Leër, 20 Maart 1980.

250. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 22, MA/103/2/6/9102 vol. 2, inlae 1a, brief HSP/DPO/103/2/6/9102, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 3 Desember 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/2/6/9102 vol. 8, inlae 61, brief CSP/AG/103/1/25/2, H SAW (HSP) – Bev., 11 Augustus 1989.

251. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 22, MA/103/2/6/9102 vol. 2, inlae 7, brief MA/103/2/6/9102, Kursusomslag: Kursus MA/BOT/1/80, Februarie 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.38.

252. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 70, G/TRG/5/0 vol. 1, inlae 19, brief 12/2/2/2, Bev. SA Verdedigingskollege – Bev. Mil. Akad., 13 Januarie 1976; **Militêre Akademie Jaarblad 1977**, p.23; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief MA/103/1/8/2/3, Wnd. Bev. Mil. Akad. - HSP, 6 Januarie 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/6/9102 SAVK vol. 1, inlae 35, brief SAVK/103/2/6/9101 (GSK 16/85), Bev. SA Verdedigingskollege – Bev. Mil. Akad., 9 April 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/2 SA LUGMAG vol. 4, inlae 21, brief SALMK/103/2/2-POD/02/8601, Bev. SA Lugmagkollege – HSP, 31 Maart 1986.

253. WIMPOLE-verslag, p.H-10.

Ten spyte van bogenoemde was daar 'n behoefte by die militêre owerhede om die Militêre Akademie oor 'n immer wyer front aan die Weermag diensbaar te maak, ten einde dié instelling meer koste-effektief te bedryf. Daarom het die Biermann-verslag van 1976 aanbeveel dat die dosente van die Akademie by Weermagprojekte betrek word en dat daar meer kort, niegraadkursusse, soos bovermelde navigasiekursusse vir vlootoffisiere, by die Akademie ingestel moes word om in bepaalde praktiese behoeftes van die Weermag te voorsien.[254] Die Hoof van die Weermag het 'n paar jaar later, in 1984, in die praktyk uitvoering aan hierdie aanbeveling gegee, toe hy in 'n beleidsdirektief oor die bedryf van die Militêre Akademie gestipuleer het dat die Militêre Akademie "te enige tyd getaak kan word om kort verrykingskursusse, wat binne hul akademiese terrein val, vir stafoffisiere van die SA weermag aan te bied. Voorbeelde hiervan is kursusse van 1 – 6 weke in finansie (sic.) personeel- en logistieke-bestuur (sic.) asook rekenaargeletterdheid."[255]

Die Akademie het ondertussen reeds in 1977 begin met die instelling van niegraadkursusse wat op die praktiese behoeftes van die Weermag gerig was. Die eerste daarvan was 'n korrespondensiekursus (ongeveer nege maande) in Rekening- en Ouditkunde wat in 1977 ingestel is om in die Weermag se behoefte aan die opleiding van interne ouditeure te voldoen. Daar is egter nie goeie resultate met dié kursus behaal nie en dit is aan die einde van 1979 gestaak, met die doel om die inhoud daarvan gedeeltelik te ondervang in 'n Senior Finansiële Bestuurskursus wat in daardie stadium reeds onder beplanning was.[256] Dié kursus, wat ses weke geduur het, het uiteindelik eers in Mei 1984 van stapel geloop en is daarna jaarliks met groot sukses aangebied. Dit het senior finansiesoffisiere van die SAW, asook lede van die SA Polisie, Krygkor, die Ouditeur-generaal en 'n aantal staatsdepartemente bedien[257] en was daarop gemik om "die kursusgangers bewus te maak dat daar binne formele strukture oplossings vir probleme gevind kan word met die toepassing van skeppende denke geskoei op 'n gesonde akademiese grondslag."[258] Om

254. Biermann-verslag, pp. 7, 9.

255. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).

256. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 (AUDIT) vol. 1, inlae 20, brief HSBD/108/9/0/6, Hoof van Staf Bestuursdiens (HSBD) - Bev. Mil. Akad., 1 Desember 1976; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 (AUDIT) vol. 1, inlae 35, brief G/TRG/6/2 (OUDIT), Bev. Mil. Akad. – studente van Kursus G77K, 1 April 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 2, inlae 27, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 30 Januarie 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/501/8/2 (Geheim) vol. 1, inlae 5, memorandum HSP/PSO/S/501/8/2, HSP – H SAW, 21 April 1980.

257. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/4/1/8 vol. 1, inlae 3, brief GG (5)/103/4/1/8, GG – HSP, 4 April 1984; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, p.40; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/4/1/8 vol. 3, inlae 100, brief HSP/DBO/103/1/6, H SAW (HSP) – Sekretaris van die Tesourie, 10 Mei 1989.

258. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/4/1/8 vol. 1, inlae 40, notule van vergadering insake Finansiekursus MA 1/84, 2 Julie 1984.

dié doel te bereik, is naas Akademie-dosente, deskundiges van verskeie ander instellings by die aanbied van die kursus betrek, onder meer die Direkteur-generaal Finansies, dr. C. Stals, en die Sekretaris van die Tesourie, dr. R. Burton.[259]

Gedurende 1987 het die Akademie, in opvolging van die sukses wat met die Senior Finansiële Bestuurskursus behaal is, 'n Kommunikasiekursus vir Senior Offisiere (later bekend as die Gevorderde Strategiese Kommunikasiekursus[260]) van stapel laat loop. Dit was 'n hoëvlak akademiese verrykingskursus van sowat drie weke wat jaarliks gedurende die winterreses aangebied is en deur senior offisiere van die SA Weermag, asook lede van die SA Polisie, die Staatsveiligheidsraad, die Buro vir Inligting en die Departement van Buitelandse Sake bygewoon is. Ook in dié geval is daar, afgesien van die Akademie-dosente en ander SAW-personeel, kundiges van verskeie ander instellings, waaronder die RGN, die SAUK, Unisa en UOVS, betrek. Die inhoud van die kursus het onder meer die terreine van rewolusionêre en teenrewolusionêre oorlogvoering, die ANC as rewolusionêre beweging met sy ideologie en strategieë, asook kommunikasie, propaganda en sielkundige oorlogvoering bestryk.[261] Die kursus was dus baie duidelik daarop gemik om lede van die nasionale veiligheidsfamilie akademies te skool om die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika die hoof te bied.

Naas hierdie twee kursusse het die Akademie sedert 1977 op verskeie terreine akademiese steun aan die Weermag verleen. Na aanleiding van 'n wydgevoelde behoefte in die SA Weermag aan kennis van rekenaarstelsels as bestuurshulpmiddel, het die Akademie teen 1983 begin met die aanbied van rekenaargeletterdheidskursusse vir Weermagpersoneel, insluitende die topstruktuur van die SA Weermag. Daarby het kmdt. (dr.) P.J.L. Engelbrecht, hoof van die Departement Rekenaarstelsels by die Militêre Akademie, ook in opdrag van Hoof van Staf Personeel 'n konsepbeleid vir rekenaaropleiding in die Weermag opgestel.[262] In 1984 was Akademie-dosente die Universiteit van Stellenbosch se

---

259. **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, p.40.

260. Vergelyk Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/328/6/3 (Vertroulik) vol. 2, inlae 31a, MA/V/328/6/3/N150 (Vertroulik): Kursusverslag Gevorderde Strategiese Kommunikasiekursus, 6 Julie 1990.

261. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/328/6/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 4, brief MA/V/328/6/3/N150, Bev. Mil. Akad. – HSI, 28 Julie 1987; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/328/6/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 67, brief MA/V/328/6/3/N150, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 28 April 1989.

262. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 20, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 28 April 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/2/6/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 33, brief MA/103/2/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP (D Man P), 23 Augustus 1983; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 6, inlae 34, brief MA/103/2/6/9102, Bev. Mil. Akad. – HSP, 9 Desember 1983; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 23, MA/103/2/6/9102 vol. 6, inlae 52, memorandum HSP/DSD/103/2/6/9102, HSP – HSP (PSO), etc., 3 April 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/B vol. 2, inlae 11, notule van vergadering oor rekenaaropleiding, 31 Julie 1984; Mil. Akad.

Nagraadse Bestuurskool behulpsaam met die ontwikkeling van 'n Gevorderde Bestuursontwikkelingsprogram wat van 1985 af jaarliks vir senior offisiere van die SA Leër aangebied is. Van die Akademie-dosente het ook van 1985 af op 'n gereelde grondslag lesings vir dié program aangebied.[263] Gedurende 1985 het dosente van die Akademie aan die SA Leërgevegskool hulp verleen met die ontwikkeling van 'n model om die opleidingsdoeltreffendheid van dié instelling te meet[264] en in 1986 en 1989 het lede van die Fakulteit 'n tiental sogenaamde "Omgewingsleerboeke" (hoofsaaklik politieke en militêr-strategiese onderwerpe) vir die SA Lugmag se Senior Bevel- en Stafkursus grondig hersien en bygewerk.[265] Verder was lede van die Fakulteit die SA lugmag behulpsaam met die evaluering van navigasiestudente, vliegveldbeplanning en die opstel van leerplanne vir die SA Lugmag se offisiersvormingskursus.[266] Ten slotte het Akademie-dosente ook gedurende 1983 en 1984 advies aan onderskeidelik die Bophuthatswana Weermag en die Transkei Weermag verskaf in verband met die beoogde instelling van militêr-akademiese kursusse vir hul offisiere.[267]

Die instelling van bovermelde gevorderde kursusse vir senior offisiere en die akademiese hulpverlening aan die SA Weermag op verskeie ander terreine het die rol van die Akademie sinvol verbreed. Dit was 'n daadwerklike stap in die rigting van Verdedigingshoofkwartier se strewe om die Akademie die "ware universiteit van die Weermag" te maak.

---

(Lopende Argief), MA/B/103/1/B vol. 2, inlae 12, brief MA/103/1/B, Bev. Mil. Akad. – HSP, 23 Augustus 1984.

263. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/1 SA LEëR vol. 4, inlae 3, brief MA/103/2/1, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 8 Julie 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/1 SA LEëR vol. 4, inlae 45, ongenommerde brief, Dir. US Nagraadse Bestuurskool - Bev. Mil. Akad., 17 September 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/4/1/8 vol. 2, inlae 93, brief 1 VALSK BN/B/MA/103/4, Bev. 1 Valskermbataljon - Bev. Mil. Akad., 21 Oktober 1987.

264. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/6 vol. 1, inlae 12, brief L GEVEG SMA/103/2, Bev. Leërgevegskool - Bev. Mil. Akad., 6 Desember 1985.

265. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/2 SA LUGMAG vol. 4, inlae 20, brief SALMK/SOOV/103/2/2, Bev. SA Lugmagkollege - HSP, 27 Maart 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/2 SA LUGMAG vol. 4, inlae 26, brief MA/B/103/2/2, Bev. Mil. Akad. – Bev. SA Lugmagkollege, 19 Mei 1986; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2/2 SA LUGMAG vol. 4, inlae 84, brief MA/R/103/2/2 SAAF, Bev. Mil. Akad. – Bev. SA Lugmagkollege, 12 Julie 1989.

266. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1 vol. 4, inlae 34, seinberig HSP/DBO/345/24 SEP 87, H SAW 1 – SALM Opleidingskommandement, etc., 24 September 1987; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/307/1/2 vol. 1, inlae 2, seinberig HSP/DSD/819/MRT 88, H SAW 1 – H Lugmag en Bev., 10 Maart 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/2 vol. 8, inlae 78, brief MA/B/103/2, Bev. Mil. Akad. – kol. V.P. Roberts, SALM Opleidingskommandement, 22 Junie 1988.

267. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/311/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 6, brief MA/311/1/B, Bev. Mil. Akad. – HSP, 11 Januarie 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/311/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 16, brief MA/311/1/B, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 6 Mei 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/311/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 24, brief G/TRG/2 oor G/LIA/2/1, SO1 Operasies en Opleiding Transkei Weermag – Bev. Kmdmt. Oostelike Provinsie, 25 Junie 1984.

## 6.8 ONTWIKKELINGS OP DIE GEBIED VAN SIMBOLE, SEREMONIES EN TRADISIES

Dit is alombekend dat militêre eenhede dwarsoor die wêreld groot waarde aan sowel hul geskiedenis as hul histories gevestigde simbole, gebruike, seremonies en tradisies heg, omdat dit 'n eie, unieke karakter en *esprit de corps* aan 'n eenheid verleen. Só het daar ook by die Militêre Akademie, spesifiek ook by sy oudstudente,[268] 'n behoefte ontstaan om sy wordingsgeskiedenis deur tasbare simbole in herinnering te hou. Die destydse Hoof van Staf Personeel, lt.genl. P.A. le Grange, het by geleentheid van brig. De Vos se afskeidsgeselligheid op 25 Maart 1976 aangekondig dat die Akademie twee van sy mentors, wyle adv. F.C. Erasmus en brig. P.J.G. de Vos, blywend wou vereer. Die huldeblyk aan brig. De Vos het dieselfde jaar vergestalting gevind in die instelling van 'n P.J.G. de Vos-medalje, waardeur sy monumentale bydrae tot die vestiging en uitbouing van die Akademie blywend in herinnering geroep word. Die medalje, in nege karaat goud gemunt en ontwerp deur kapt. P. Mojet, dosent in Bedryfsekonomie (Mil.) aan die Akademie, word sedertdien jaarliks tydens die Militêre Akademie Prysaand aan die beste (voorgraadse) finalejaarstudent van die Fakulteit Krygskunde toegeken, met dien verstande dat die student 'n gemiddelde prestasie van minstens 70% vir die duur van sy studie in elk van sy hoofvakke behaal het. Op 17 Maart 1978 het ook die verewiging van adv. F.C. Erasmus se naam in die annale van die Militêre Akademie in vervulling gegaan, toe sy eggenote, mev. Cora Erasmus, 'n brons borsbeeld van hom, geskep deur die bekende beeldhouer, P. Minnaar, by die Akademie onthul het. Dié borsbeeld, wat 'n ereplek in die hoofingangsportaal van die Akademie gekry het, vereer adv. Erasmus vir sy visie wat tot die stigting van die Militêre Akademie gelei het.[269] Waardig soos adv. Erasmus en brig. De Vos hierdie eerbetoon was, is dit ironies dat daar geen woord gerep is van maj. Melt van Niekerk se besondere aandeel in die vestiging van die Akademie as selfstandige eenheid op Saldanha nie. Dié stukkie ereskuld het onbetaald gebly.

Met die herdenking van die Militêre Akademie se dertigste bestaansjaar in 1980 was daar heelwat roeringe op die seremoniële front, waaruit verskeie nuwe tradisies voortgespruit het. Die eerste hiervan was die jaarlikse inhuldigingsparade vir eerstejaars. Van 1980 af is

268. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2 vol. 1, inlae 32, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 10/78, 15 Maart 1978.

269. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 1, Rapport van die Fakulteitsraad van Krygskunde, 5 Mei 1976; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2 vol. 1, inlae 32, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 10/78, 15 Maart 1978; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 1, inlae 73, brief MA/517, Bev. Mil. Akad. – HS OPS, Junie 1979; **Militêre Akademie Jaarblad 1976**, pp.17, 77; **Militêre Akademie Jaarblad 1978**, p.16.

die oriëntering van die eerstejaars jaarliks afgesluit met 'n seremoniële inhuldigingsparade wat die amptelike opening van die akademiese jaar dieselfde aand voorafgegaan het.[270] Die eerstejaars het tydens die parade luidens 'n Akademie-belofte wat vir dié doel ingestel is, plegtig beloof om "as 'n lid van die Militêre Akademie en die Suid-Afrikaanse Weermag, doelgerig te leef, onverskrokke te veg en, indien nodig, selfopofferend te sterf: vir [my] God, vir my volk, en vir my land Suid-Afrika."[271] Die eerstejaars het ook tydens die inhuldigingsparade 'n afskrif van die Militêre Akademie Erekode ontvang.[272] Dit het sedert 1980 ook die gebruik geword om jaarliks alle nuwe staflede by 'n afsonderlike geleentheid seremonieel as lede van die Militêre Akademie in te huldig. Aangesien die bewoording van Akademie-belofte en dié van die Erekode in 'n mate ooreengestem het, is eersgenoemde teen 1987 afgeskaf en het die eerstejaars en nuwe staflede voortaan die Erekode tydens hul inhuldiging hardop agter die Bevelvoerder aan herhaal.[273]

Saam met die instelling van die inhuldigingsparade in 1980, het die jaarlikse amptelike opening van die akademiese jaar ook 'n gedaantewisseling ondergaan. In navolging van die gebruik op die moederkampus, het die amptelike opening voortaan met die aankoms van die akademiese prosessie (dosente in akademiese drag) in die Magnus Malan-gehoorsaal 'n aanvang geneem. Daarna het die Dekaan die gasspreker, gewoonlik die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch of 'n ander hoogwaardigheidsbekleër van die Universiteit, aan die woord gestel. Die verrigtinge is met 'n geselligheid in die Militêre Akademie Offisiersklub afgesluit.[274]

Brig. Mulder het 'n groot geleentheid van die viering van die Akademie se dertigste bestaansjaar gemaak. Die verjaarsdag van die Akademie is op 1 April 1980 met 'n swierige parade gevier, waarna elke geleentheid gedurende die res van die jaar benut is om die

---

270. Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-5; **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.72; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.29; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, verslag MA/B/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982.

271. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.29.

272. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, verslag MA/B/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, pp. 6-5 – 6-6.

273. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2/1 vol. 2, inlae 20, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 154/80, 31 Oktober 1980; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, verslag MA/B/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-5.

274. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.9; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/4/9102 vol. 1, inlae 21, verslag MA/B/501/4/9102, Bev. Mil. Akad. – lt.genl. R.F. Holtzhausen, etc., 15 September 1982; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-5.

Militêre Akademie in die kalklig te stel. Die hoogtepunt van die verjaarsdagvieringe het met die gradeplegtigheid en voorstellingsparade op onderskeidelik 9 en 10 Desember 1980 saamgeval. Op die oggend van 9 Desember het die Akademie tydens 'n luisterryke parade die Reg van Vrye toegang tot Vredenburg-Saldanha van die burgemeester namens die stadsraad van dié twee dorpe ontvang. Die Akademie het sedertdien sy reg van vrye toegang driejaarliks seremonieel by wyse van 'n defileermars deur die strate van Vredenburg en Saldanha uitgeoefen. Gedurende die aand van 9 Desember het 'n groot reünie van oudstudente en -staflede by wyse van 'n formele dinee by die Akademie plaasgevind. Die reüniegangers het elk 'n Militêre Akademie-gedenkpenning wat ter herdenking van die Akademie se dertigste bestaansjaar laat munt is, ontvang.[275] Vroegoggend op 10 Desember, voor die voorstellingsparade, het die destydse Hoof van die Weermag, genl. C.L. Viljoen, SSA, SM, 'n monument ter ere van lede en oudlede van die Akademie wat in die stryd teen terrorisme gesneuwel het (en nog sou sneuwel) voor die hoofgebou van die Akademie onthul. Dié monument, geskep deur maj. Clifford Pols, bestaan uit 'n bronsbeeld van 'n Suid-Afrikaanse soldaat, geklee in velddrag, met seiluitrusting. Die soldaat staan op die plek rus, met 'n geweer in sy regterhand en 'n geslote Bybel in sy linkerhand. Die name van die ses lede wat teen daardie tyd die hoogste tol betaal het, het op 'n bronsplaat op die voetstuk van die monument verskyn. Soos wat meer lede gesneuwel het, is hul name bygevoeg, sodat daar teen 1990 reeds 12 name op die bronsplaat verskyn het.[276]

Van 1981 af het die inhuldigingsparade van die eerstejaars jaarliks by die Soldatemonument plaasgevind, waarna kranse aan die voet van die monument gelê is. Die inhuldigingsparade en die kransleggingseremonie is egter van 1988 af van mekaar geskei,

---

275. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 1, inlae 73, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 137/80, 3 September 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 3, inlae 3, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 171/80, 29 November 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 3, inlae 4, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 170/80, 30 November 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/5 vol. 1, inlae 4, program: Vryheid van die Dorp Vredenburg-Saldanha, 9 Desember 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 3, inlae 14, bewegingsprogram: 30-jarige feesvierings, 9 - 10 Desember 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, pp.16 - 17; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.12, 13 – 16.

276. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 2, inlae 51, brief MA/512/2/1/6 Des 80, Bev. Mil. Akad. – mev. S. Potgieter, 12 November 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 1, inlae 72, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 174/80, 30 November 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vol. 3, inlae 7, program: onthulling van Militêre Akademie Soldatemonument, 10 Desember 1980; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.12, 16; P.L. Möller: Militêre Akademie Soldatemonument. **Militaria**, vol. 16, no. 4, 1986, pp.57 – 58; **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, p.14.

sodat die inhuldigingsparade voortaan, soos in 1980, weer op die paradegrond plaasgevind het. Die kransleggingseremonie het sedertdien jaarliks in Augustus tydens 'n afsonderlike parade geskied, by welke geleentheid die Bevelvoerder en die Studentekaptein elk 'n krans aan die voet van die monument gelê het.[277]

Die oorspronklike beplanning was dat die Militêre Akademie tydens die hoogtepunt van sy verjaarsdagvieringe op 10 Desember 1980 'n eenheidsvaandel sou ontvang. Vertragings met die vervaardiging van die vaandel het egter daartoe gelei dat die Akademie sy eenheidsvaandel eers tydens 'n spesiale vaandelparade op 25 Julie 1981 van die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen, ontvang het. Die vaandel is van goue baniersy vervaardig en vertoon 'n handgeborduurde rooidisa, gestingel, met twee groen blare, asook die wapenspreuk DISCENDO ARMEMUS.[278]

As deel van die Akademie se dertigjarige vieringe het brig. Mulder voorts gedurende sy bevelstyd (1980 – 1982) gepoog om die Akademie-kompleks te verfraai en 'n eie, oorwegend militêr-historiese karakter daaraan te gee. Hy het onder meer in 1981 'n sierlike ingangshek op die toegangspad na die Akademie laat aanbring en die Ouditorium, lesing- en ander lokale by die Akademie op gepaste wyse laat benaam. Só is die Ouditorium ter ere van genl. M.A. de M. Malan, Minister van Verdediging en oudstudent en –bevelvoerder van die Militêre Akademie, tot die Magnus Malan-gehoorsaal herdoop, terwyl verskeie lokale na bekende Suid-Afrikaanse militêre leiers en veldslae, soos C.R. de Wet, C.F. Beyers, Vegkop, Colenso en dies meer vernoem is. Afhangende van die vak wat in 'n spesifieke lokaal gedoseer is, het lokale egter ook name soos die Afrikasaal (Geografie), Pieter de Vos (Fisika) Vasco da Gama (Seevaartkunde), ensovoorts ontvang. Toepaslike portrette, skilderye en afdrukke is ook in die lokale aangebring om die assosiasie met die name te versterk. Daarnaas het brig. Mulder portrette van die vorige Ministers van Verdediging en Hoofde van die SA Weermag in die Ouditorium en die Offisiersklub laat aanbring, terwyl portrette van die Bevelvoerders, Dekane en Akademie-sersant-majoors,

277. **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, p.29; P.L. Möller: Militêre Akademie Soldatemonument, pp.57 – 58; **Militêre Akademie Jaarblad 1988**, p.22; Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 7-3.

278. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 75, MA/405/1/38/2 vol. 1, inlae 1, brief MA/405/1/38/2, Bev. Mil. Akad. – H Leër (D Log S – Heraldiek) en HSP, 28 April 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 75, MA/405/1/38/2 vol. 1, inlae 4, brief HSP/DPO/103/1/8/2/3, H SAW (HSP) – H Leër (Heraldiek), 12 November 1980; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/3 vol. 2, inlae 54, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 1/81, 17 Julie 1981; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/3 vol. 2, inlae 49, program: Militêre Akademie Vaandelparade, 25 Julie 1981; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.12, 16; Handves van die Militêre Akademie 1990, pp.6-1 – 6-2.

asook ander foto's wat met die geskiedenis van die Akademie verband hou, in die portale en gange van die hoofgebou opgehang is.[279]

Brig. Mulder het gedurende sy bevelstyd veel gedoen om die Akademie se verhouding met sowel die plaaslike gemeenskap as die Universiteit van Stellenbosch uit te bou. In die gees daarvan het hy op 3 Oktober 1981 saam met die bevelvoerders van SAS SALDANHA, 1 Mariniersbrigade en Weskus-kommando 'n gesamentlike oorkonde van welwillendheid aan die destydse burgemeester van Vredenburg-Saldanha, raadslid J.A. Hofmeyr, as verteenwoordiger van die plaaslike gemeenskap oorhandig. Sowat twee maande later, op 9 Desember 1981, het brig. Mulder namens die Militêre Akademie ook 'n oorkonde aan die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, prof. M.J. de Vries, oorhandig as blyk van waardering vir die goeie samewerking en ondersteuning wat die Akademie deur die jare van die Universiteit geniet het. Dié seremonie het tydens 'n seremoniële parade by die D.H. Craven-stadion op Stellenbosch plaasgevind.[280]

Op 27 November 1981 het nog 'n mooi tradisie by die Akademie tot stand gekom, toe die Akademie se toppresteerders vir die eerste keer tydens 'n prestige Militêre Akademie Prysaand in die Ouditorium vir hul akademiese prestasies bekroon is. Die doel met die Militêre Akademie Prysaand was enersyds om studente vir hul harde werk te beloon en andersyds om studente aan te moedig om te presteer. Die pryse wissel van trofeë, boekbewyse en kontantpryse, tot die gesogte P.J.G. de Vos-medalje, die hoogste akademiese toekenning wat 'n student kan verwerf. 'n Geleentheidspreker, normaalweg die dekaan van een van die ander fakulteite van die Universiteit van Stellenbosch, word genooi om 'n geleentheidsrede te lewer nadat al die pryse uitgedeel is. Daarna verdaag die ontvangers en hul naasbestaandes, asook staflede en ander genooide gaste, insluitende die borge van die verskillende pryse, na die Offisiersklub vir 'n formele dinee.[281]

Brig. Mulder het tydens sy bevelstydperk alle studente en staflede verplig om op Vrydagmiddae die "swart sirkel" (die teerpad wat die paradegrond en rugbyveld aan die voorkant van die Akademie-kompleks omsirkel) te hardloop om hul fiksheid op standaard te

---

279. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/4 vol. 1, inlae 1, brief MA/513/7 oor MA/401/1/3/4, Bev. Mil. Akad. – H SAW (HSL), 4 Maart 1981; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/4 vol. 1, inlae 3, seinberig ADM/718/JUL 81, H SAW 4 - H SAW 1 en Bev. Mil. Akad., 28 Julie 1981.

280. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/5 vol. 1, inlae 31, program: Oorkondeparade, 3 Oktober 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 29, brief MA/518/7/1, Wnd. Bev. Mil. Akad. – Redakteur, Paratus, 23 Desember 1981; **Militêre Akademie Jaarblad 1981**, pp.32, 33; **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, pp.27 - 28.

281. **Militêre Akademie Jaarblad 1982**, p.62; Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-3.

hou. Dié ritueel is in 1984 afgeskaf, maar die derdejaars se "laaste swart sirkel" wat daaruit ontstaan het, het 'n vaste tradisie geword. Dit bestaan daaruit dat die "seuns" (tweedejaars) en "kleinseuns" (eerstejaars) hul derdejaar-"oupas" op een of ander vindingryke wyse om die swart sirkel moet karwei, sonder dat laasgenoemde enige energie hoef te verspil. Enige denkbare vervoermiddel, van perde tot motors, vragmotors, motorfietse en selde syn wat nog, word vir dié petalje uitspattig versier om die ewe uitbundig versierde "oupas" om die swart sirkel te vervoer. Langs dié weg ontstaan daar 'n besonder kleurvolle en rumoerige optog wat tydsaam en met vele aapstreke om die swart sirkel toer. Ná afloop van die optog kom die derdejaars vir oulaas as 'n jaargroep feestelik op 'n plek van hul keuse byeen.[282]

'n Ewe gewilde tradisie rondom die laaste dae ("forty days") van die derdejaars, wat vermoedelik ook gedurende die tagtigerjare ontstaan het, is die derdejaars se "laaste parade". Dit behels dat wanneer die Akademie-sersant-majoor tydens die laaste vlaghysingsparade van die akademiese jaar die bevel "Kom op parade!" gee, die derdejaars uitbundig en onmilitêr terugskreeu "Ons kom, Sammajoor!", waarop hulle dan van die paradegrond af marsjeer om 'n sjampanje-ontbyt by die Offisiersklub te gaan geniet.[283]

Malgaskop met sy ietwat primitiewe geriewe was deur die jare 'n baie gewilde blyplek onder die studente vanweë sy idilliese ligging, afgesonderdheid van die hoofkompleks en "vakansieoord-atmosfeer" wat daar geheers het. Die Kopbewoners het in 1984 onder leiding van lt. J.J. (Mielie) Scheepers hul habitat tot die Vrye Republiek van Malgaskop uitgeroep, met 'n eie "President", bygestaan deur 'n "Kabinet" van vier lede. Mielie Scheepers, die vader van die "republikeinse" gedagte was vanselfsprekend die eerste President. Daarna word die President en lede van die Kabinet jaarliks demokraties deur die burgers van die Republiek verkies. Die Republiek beskik voorts oor 'n eie grondwet, vlag, kreet ("Uhuru Kop") T-hemp en dies meer. Verskeie sosiale byeenkomste word jaarliks op die Kop gereël, met die rumoerige, uitspattige "Kop-*formal*" as die hoogtepunt op die sosiale kalender.[284]

Godsdienstige tradisies wat, naas die gebruiklike godsdiensoefening in die Magnus Malan-gehoorsaal op Maandagoggende, sedert 1976 by die Akademie gevestig geraak het, was die Militêre Akademie Dank- en Toewydingsdiens en die Weskuseenhede se gesamentlike

282. **Militêre Akademie Jaarblad 1980**, p.45; **Militêre Akademie Jaarblad 1988**, p.69; Handves van die Militêre Akademie 1990, p.6-4 – 6-5.
283. Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 6-5; Persoonlike waarneming deur skrywer.
284. **Militêre Akademie Jaarblad 1988**, p.57; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, p.49.

gedenkdiens. Eersgenoemde diens het gewoonlik op die eerste Sondag ná die aanvang van die Akademiese jaar plaasgevind en was bedoel om God te loof vir die seëninge wat die Akademie ontvang en terselfdertyd toewyding aan Hom te beloof in die jaar wat voorlê. Elke jaar op die tweede Sondag in Augustus, die dag waarop SAW-gedenkdienste tradisioneel dwarsoor die land plaasgevind het, het die Militêre Akademie, Lugmagbasis Langebaanweg, SAS SALDANHA, 4 Verkenningsregiment en Weskus-kommando 'n gesamentlike gedenkdiens gehou om hulde te bring aan diegene wat die hoogste tol in diens van vryheid en vaderland betaal het. Tydens dié gedenkdiens, wat om die beurt by die Akademie en Lugmagbasis Langebaanweg plaasgevind het, het die Bevelvoerders van die Weskuseenhede, die burgemeesters van die omliggende dorpe, verteenwoordigers van verskeie liggame en organisasies, asook familielede van gesneuweldes, die geleentheid gekry om kranse ter herinnering aan die gesneuweldes te lê.[285]

'n Jarelange versugting van oudstudente en -staflede (ook dienende staflede) het op 9 Junie 1982 waar geword, toe 'n Militêre Akademie Oudstudentevereniging by die SA Leërkollege in Pretoria, die oorspronklike standplaas van die Akademie, in die lewe geroep is. Volgens die grondwet van dié vereniging kan almal wat sedert 1950 aan die Akademie studeer het lede van die Oudstudentevereniging word. Daar word ook vir ere- en medelidmaatskap voorsiening gemaak. Die Hoof van Staf Personeel het as beskermheer van die Vereniging opgetree, terwyl die Bevelvoerder van die Militêre Akademie uit hoofde van sy amp as voorsitter opgetree het. By die eerste jaarvergadering van die Vereniging in Pretoria in Julie 1983 is daar besluit om die Vereniging op 'n streeksbasis volgens die Leërkommandemente te herorganiseer. Slegs twee kommandemente, te wete Noord-Transvaal en Natal, het egter teen 1987 formeel takke gestig, terwyl daar oor die algemeen nie genoeg entoesiasme onder die oudstudente was om werklik lewensvatbaarheid aan die Vereniging te verleen nie.[286]

In 1983 is 'n seremoniële bevelsoorhandigingsparade in ooreenstemming met die algemene gebruik in die Weermag as nuwe tradisie by die Militêre Akademie ingevoer. Die uittredende bevelvoerder oorhandig derhalwe sedert brig. S.J.W. Kotzé se bevelsoorname op 25 Januarie 1983, telkens die bevel van die Akademie seremonieel aan sy opvolger tydens 'n spesiale bevelsoorhandigingsparade. Dié parade val normaalweg met die inhuldigingsparade van die eerstejaars en die amptelike opening van die akademiese jaar

---

285. Handves van die Militêre Akademie 1990, pp.7-2 – 7-3.

286. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 37, brief MA/518/7/1, Bev. Mil. Akad. – Redakteur, **Paratus**, 24 September 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/523/1/57 vol. 1, inlae 14, brief MA/B/523/1/57, Bev. Mil. Akad. – HSP (DBO), 14 April 1987.

saam, sodat die nuwe bevelvoerder ook die nuwe groep eerstejaars kan inhuldig.[287] Dit het ook tradisie geword dat die uittredende Studentekaptein jaarliks tydens die voorstellingsparade, nadat die verskillende weermagsdeeltrofeë aan die beste studente van die vier weermagsdele oorhandig is, sy seremoniële ampstaf as gesagsimbool aan sy opvolger oorhandig.[288]

'n Laaste vermeldingswaardige ontwikkeling op die seremoniële front was die daarstelling van 'n fakulteitswapen vir die Fakulteit Krygskunde. Die studente en dosente van die Militêre Akademie het sedert die inskakeling van die dié instelling onder die Universiteit van Stellenbosch die kleurbaadjie van die Universiteit gedra. Die Universiteit het egter teen die tagtigerjare begin om fakulteitskleure, bestaande uit 'n kombinasie van die wapen van die betrokke fakulteit en dié van die Universiteit van Stellenbosch, in te stel. In ooreenstemming daarmee het die Fakulteit Krygskunde in 1983 'n samevoeging van die wapens van die Militêre Akademie en die Universiteit van Stellenbosch as fakulteitswapen geregistreer. Soos in die geval van die ander fakulteite, word die fakulteitswapen op die pruimrooi baadjie van die Universiteit gedra.[289]

## 6.9 NOUER BANDE MET DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH EN PLAASLIKE GEMEENSKAPSDIENS DEUR DIE MATIE-KARNAVAL

Die studentelewe op Saldanha het sedert 1976 maar dieselfde patroon as voorheen gevolg. Die owerhede het die ontgroening van eerstejaars bly verbied, maar die senior studente het metodes bly vind om hulle te "verwelkom" en die owerhede bekommerd te maak oor die gebruik van alkohol by dié seremonies.[290] Die kreefduikekskursies en die besoeke van die skone geslag tydens Akademie-naweke het ewe gewild gebly. Sport het steeds 'n belangrike deel van die studente se buitemuurse bedrywighede uitgemaak. 'n

287. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2/1 vol. 2, inlae 85, program: bevelsoorhandigingsparade, 25 Januarie 1983; **Militêre Akademie Jaarblad 1987**, p.4; **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, pp.14 - 15.

288. Mil. Akad. Argief, Handves van die Militêre Akademie 1990, p. 7-2.

289. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 28, MA/103/13/1/1/4 vol. 1, inlae 42a, brief MA/103/13/1/1/4, Bev. Mil. Akad. – HSP, 15 November 1982; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 10, brief MA/B/406/3/B, Bev. Mil. Akad. – Voors. Kleurekomitee, US Studenteraad, 4 Mei 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/B vol. 1, inlae 12, ongenommerde brief, P. Meyer, US SR-lid Kleure en Erekleurekomitee – kol. J.C. Kotzé, 18 Mei 1983; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/406/3/38 vol. 1, inlae 7, brief MA/B/406/3/38/4, Dekaan Fakulteit Krygskunde – R. Slabbert, Majuba, 14 Maart 1984.

290. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 127, MA/522/1/9102 vol. 1, inlae 16, notule van Bevelvoerderskonferensie, 1 September 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/522/1/9102 (Vertroulik) vol. 2, inlae 28, notule van Oorlegkomiteevergadering, 29 Januarie 1988.

Betekenisvolle ontwikkeling in hierdie verband was dat die Weskuseenhede in Julie 1980 hul kragte saamgesnoer het deur 'n Weermagsportklub Boland in die lewe te roep om sinvol aan ligasportsoorte te kon deelneem en 'n goeie basis vir onderlinge kompetisie op die sportveld te skep.[291] Verder het die Akademie-studente se bande met die moederkampus gaandeweg versterk, deurdat die Akademie onder meer in 1977, op uitnodiging van die US Studenteraad, 'n verteenwoordiger op die pas saamgestelde US Studente-oorlegkomitee, wat daarop gemik was om kommunikasie tussen die studente en die Universiteitsowerhede te bevorder, te benoem. Dié benoeming het daarna jaarliks geskied.[292] Die Akademie het ook sover moontlik aan ander aktiwiteite op die kampus deelgeneem, waaronder die jaarlikse trapkarwedren.[293] Aan die anderkant van die muntstuk het die Studenteraad, die Karnavalkomitee en ander studentegroepe Saldanha dikwels op uitnodiging van die Akademie-studente besoek, by welke geleenthede hulle gul onthaal en 'n goeie onderlinge gees van kameraadskap gebou is.[294] Die belangrikste ontwikkeling wat sedert 1976 in die studentelewe by die Akademie plaasgevind het, was egter die militêre studente se groter betrokkenheid by die moederkampus by wyse van hul besonder suksesvolle deelname aan die Jaarlikse Matie-karnaval.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, het die Universiteit van Stellenbosch se Karnavalkomitee in 1974 die Akademie uitgenooi om formeel by die Karnaval-bedrywighede in te skakel en het die Akademie dié geleentheid tot nouer bande met die moederkampus aangegryp. Afgesien daarvan dat dit die Akademie-studente die geleentheid gebied het om iets van die studentelewe op die moederkampus te smaak, was dit ook 'n reklamegeleentheid vir die Weermag en die Akademie met die oog op die werwing van offisiere. Die Akademie het van 1977 af jaarliks volwaardig as 'n "koshuis" aan die Karnaval deelgeneem en soos die ander manskoshuise vir dié doel met een van

291. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/13/1/7 vol. 1, inlae 6, notule van stigtingsvergadering van Weermagsportklub Boland, 24 Julie 1980.

292. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 US vol. 2, inlae 165, ongenommerde brief, P. Nel, US Studenteraad – kapt. [G.J.J.] Basson, 1 September 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 US vol. 3, inlae 13, notule van US Studente-oorlegkomiteevergadering, 25 Maart 1977; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 1, inlae 10, brief MA/103/1/8/2/3, Wnd. Bev. Mil. Akad. – HSP, 6 Januarie 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 11, MA/103/1/8/2/3 vol. 11, inlae 36, ongenommerde brief, SR-lid Studente en Akademiese Belange – Dekaan Fakulteit Krygskunde, 2 Oktober 1984.

293. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/T vol. 1, inlae 1, brief MA/103/14/T, Studenteleier Mil. Akad. – brig. Wiggett, Atlas Vliegtuigkorporasie; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/T vol. 1, inlae 29, Militêre Akademie Sportorder no. 27/85, 15 Maart 1985.

294. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 85, MA/501 vol. 3, inlae 18, ongenommerde brief, Voors. US Studenteraad – Voors. Mil. Akad. Studentekomitee, 26 Oktober 1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 5, inlae 143, ongenommerde brief, S. van Niekerk – I. Donkersloot, 1 Februarie 1988.

die dameskoshuise op die kampus saamgespan en om die gesogte Smoeg-trofee meegeding. Dié trofee word jaarliks toegeken aan die koshuis wat die meeste punte verdien op grond van die vlotbou-aktiwiteite, fondsinsamelingsprojekte en dies meer. Die Akademie-studente het hul Karnaval-deelname soos 'n militêre operasie tot in die fynste detail beplan en in militêre orders uiteengesit. Sodoende het die Akademie-karnavalkomitee ook die geleentheid gekry om hul organisatoriese vermoëns te ontwikkel.[295]

Dit het deur die jare tradisie geword dat Akademie-studente die dameskoshuis saam met wie hulle Karnaval hou, die naweek voor Karnaval na die Akademie oornooi om hulle op Weskus-gasvryheid te trakteer en gees te bou vir die kompetisie wat voorlê. Daarna het die Akademie-studente tradisioneel vir die Karnaval-naweek sak en pak met militêre vervoer na Stellenbosch toe opgetrek, waar hulle soos vir 'n militêre bivak hul tente by die Coetzenburg-sportterrein of die Vergenoeg- of ander nabygeleë kampeerterrein gaan opslaan het. Die nodige rantsoene vir die naweek, asook kombuis- en ander ondersteuningsuitrusting is alles saamgeneem. Op die kampus het hulle dan saam met die dameskoshuis lustig aan die vlotbou- en ander bedrywighede deelgeneem en hulle oor die algemeen aan die studentepret oorgegee.[296] Dié aktiwiteite het waarskynlik meer as enigiets anders daartoe bygedra om veral die eerstejaars enigsins na volbloed Maties te laat voel en hulle by die hoofkampus in te skakel.

Die Akademie het van die begin af besonder goed in die Karnaval-kompetisie gevaar. Met die nuwe dameskoshuis Seruria as vennoot, het hulle reeds in 1977 die derde plek behaal. Oor die daaropvolgende dertien jaar het die Akademie en hul (immer wisselende) skone vennote die Smoeg-trofee 'n volle tien keer verower. Die uitsonderings was 1980 (2de plek), 1985 (3de plek) en 1986 (2de plek).[297] Die Akademie se welslae met die Smoeg het

---

295. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 MA, inlae 1, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 3/77, 17 Februarie 1977.

296. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 MA, inlae 1, Militêre Akademie Spesiale Eenheidsorder no. 3/77, 17 Februarie 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 30, MA/103/14/K vol. 3, inlae 1, brief MA/103/14/K, Wnd. Bev. Mil. Akad. – Sportsekretaris US, 27 Januarie 19781; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 4, inlae 98, brief MA/B/103/14/K, Sekr. Mil. Akad. Karnavalkomitee – Bev. Mil. Akad., 5 Februarie 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 4, inlae 135, brief MA/B/103/14/K, lt. H. Burger – Sportsekretaris US, 23 Januarie 1986; **Militêre Akademie Jaarblad,** 1977 - 1990.

297. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 3) 72, G/TRG/6/2 US vol. 3, inlae 1, brief G/TRG/8/1/1, Bev. Mil. Akad. – Bev. 10 Lugafweerregiment, 9 Maart 1977; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/K vol. 1, inlae 24, brief MA/103/14, Bev. Mil. Akad. – HSP, 31 Maart 1978; SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/K vol. 1, inlae 107, brief MA/103/14, Bev. Mil. Akad. – HSP, 7 Maart 1979; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/1/8/2/3 (Vertroulik) vol. 3, inlae 38, brief MA/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad. - HSP, 30 Junie

daartoe gelei dat gerugte teen 1984 op Stellenbosch die rondte gedoen het dat die Weermag jaarliks tussen R10 000 en R15 000 vir die Akademie se Karnaval-poging beskikbaar stel. Dié gerugte was natuurlik onwaar. Al wat die Akademie van die Weermag ontvang het, was logistieke steun (voertuie, tente, ens.) vir die Karnaval-naweek. Daarvoor moes hulle in elk geval soms ook die staat teen vasgestelde tariewe vergoed.[298] Daar was nietemin 'n voortslepende ontevredenheid onder die koshuise oor die Akademie se herhaaldelike seges, aangesien hulle gevoel het dat hulle "nie teen studente kan kompeteer wat die Smoeg 'koop' nie."[299] Laasgenoemde opvatting het waarskynlik daaruit gespruit dat die Akademie-studente salarisse verdien het en dus veel meer finansiële vryheid as die deursneestudent op Stellenbosch geniet het. Hoe dit ook al sy, die Karnaval-komitee het toe in 1990 die puntestelsel vir die Smoeg-kompetisie verander om die speelveld gelyk te maak.[300] Dit het egter nie 'n verskil gemaak nie, want, soos hierbo vermeld, het die Akademie desnieteenstaande in 1990 weer die Smoeg ingepalm. Aan die positiewe kant het die Akademie se Smoeg-sukses daarvoor gesorg dat hy teen 1988 letterlik oorval is deur oproepe van dameskoshuise wat die Akademie vir die Karnaval wou "skiet"! Die Akademie het dan ook dié gewildheid gebruik om die koshuise ter plaatse te gaan inspekteer, alvorens daar op een besluit is.[301]

Die Akademie se sukses met die Smoeg-kompetisie en die groot bedrae geld (bv. R24 600 vir 1983 en 1984 gesamentlik) wat hulle in dié proses vir die Universiteit van Stellenbosch Klinieke-organisasie (USKOR) ingesamel het, het op die duur waardevolle vrugte vir die minderbevoorregte sektor van die Weskus-gemeenskap afgewerp. USKOR het tradisioneel die fondse wat met die Karnaval ingesamel is vir gemeenskapsdiens, onder meer mediese, sosiale en opvoedingshulpprogramme, onder die agtergeblewe Kleurlinggemeenskap van die Kaapse Vlakte aangewend. Aangesien die geld wat die Akademie-studente ingesamel het, grootliks uit die gemeenskappe van Saldanha, Vredenburg, Velddrif en Moorreesburg afkomstig was, het hulle sterk gevoel dat dié geld vir welsynswerk in daardie gemeenskappe teruggeploeg moes word. Die Bevelvoerder van die Akademie, brig. S.W.J.

---

1981; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 4, inlae 74, ongenommerde brief, L.M. Swart (US Karnavalkomitee) – brig. S.W.J. Kotzé, 30 Mei 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 5, inlae 92, brief MA/B/103/14/K, Sekr. Mil. Akad. Karnavalkomitee – Bev. Mil. Akad., 5 Augustus 1987; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 5, inlae 163, ongenommerde brief, Voors. US Karnavalkomitee – Ian [Donkersloot], 22 Februarie 1988; **Militêre Akademie Jaarblad,** 1977 - 1990.

298. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/14/K vol. 4, inlae 54, brief MA/B/103/14/K, Bev. Mil. Akad. – prof. J.W.R. de Villiers, 24 Januarie 1984.

299. **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, p.45.

300. **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, p.45.

301. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 5, inlae 177, brief MA/103/14K, Voors. Mil. Akad. Karnavalkomitee – HMI Mil. Akad., 29 September 1988.

Kotzé, het gevolglik in 1984 'n versoek in dier voege aan die Direksie van USKOR gerig. Die Direksie het positief op dié versoek gereageer en ingestem dat die fondse wat die Akademie insamel in die plaaslike gemeenskappe teruggeploeg kon word, met dien verstande dat die Akademie 'n USKOR-komitee stig om sodanige werksaamhede te administreer en jaarliks aan die Direksie verslag te doen. Die Akademie het onverwyld die gevraagde komitee gestig, met 'n Fakulteitslid as voorsitter, bygestaan deur drie studentelede, een uit elke jaargroep.[302] Sedertdien het baie fondse al na die Weskus-gemeenskappe teruggevloei om 'n helpende hand na hulpbehoewende organisasies en inrigtings in beide die blanke en Kleurlinggemeenskappe uit te steek.[303] Die feit dat die Weskus-gemeenskappe sedert 1985 USKOR se helpende hand in die praktyk op eie bodem kon waarneem, het sekerlik hul harte en beursies groter vir die Akademie-studente se fondsinsamelingspogings oopgemaak. Dit het meer fondse vir USKOR en die plaaslike minderbevoorregte gemeenskappe beteken en het dus die gemeenskapsdiensdoelwitte van die Universiteit van Stellenbosch bevorder.

## 6.10 SLOTSOM

Die eskalasie van die SA Weermag se betrokkenheid in die teeninsurgensiestryd op die grens van Suidwes-Afrika-Namibië en Angola het daartoe gelei dat die Militêre Akademie van 1976 af migreer het van 'n tradisionele akademie wat kandidaatoffisiere vir offisiersaanstelling voorberei, na 'n militêre universiteit wat akademiese opvoeding aan dienende offisiere verskaf. Waar die Akademie voorheen elemente van beide Sandhurst en West Point vertoon het, het dit ná 1976 selfs nie eers oppervlakkige ooreenkomste met enigeen van dié twee instellings vertoon nie. Die sogenaamde "bosoorlog" het naamlik 'n toenemende behoefte aan junior offisiere in die Staande Mag geskep, wat hoofsaaklik uit die geledere van die dienspligoffisiere gewerf moes word. Die militêre owerhede het derhalwe die aanvanklike twee jaar opleiding van Staandemag- en dienspligoffisiere sover

302. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 4, inlae 67, brief MA/103/14/K, Bev. Mil. Akad. – Uitvoerende Dir. USKOR, 5 Maart 1984; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 4, inlae 100, ongenommerde brief, Uitvoerende Dir. USKOR - Bev. Mil. Akad., 5 Februarie 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 4, inlae 103, brief MA/103/14 K, Bev. Mil. Akad. – Uitvoerende Dir. USKOR, 4 Maart 1985.

303. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 4, inlae 120, brief MA/103/14K, Bev. Mil. Akad. – Uitvoerende Dir. USKOR, 13 November 1985; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/103/14/K vol. 5, inlae 200, ongenommerde brief, Dir. USKOR – kmdt. C.P. Jonker, 18 Oktober 1989; **Militêre Akademie Jaarblad 1985**, p.88; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, p.50.

prakties moontlik dieselfde gemaak, sodat dienspligoffisiere maklik na die Staande Mag kon oorskakel. Die gevolg was dat kandidaatoffisiere hulle voortaan binne weermagsdeel- of afdelingsverband op 'n "taakgekwalifiseerde" basis vir offisiersaanstelling bekwaam het en dus reeds offisiere was wanneer hulle by die Militêre Akademie aangekom het. Die feit dat offisiere wat vanweë operasionele behoeftes nie direk ná hul kommissie-aanstelling Akademie toe kon kom nie, toegelaat is om dit op 'n later stadium te doen, het die migrasie van die Militêre Akademie na 'n militêre universiteit aangehelp. Dié beleid het naamlik die studentekorps sodanig gediversifiseer ten opsigte van opleiding en ervaring, dat sinvolle gesamentlike opleiding haas onmoontlik geraak het.

Die feit dat die B.Mil.-studie volgens die nuwe offisiersopleidingstelsel nie meer deel van die kwalifiseringsopleiding van kandidaatoffisiere gevorm het nie, het die rol van die Militêre Akademie in offisiersopvoeding in die lug laat hang. Die militêre owerhede kon vir 'n volle dekade lank nie tot 'n besluit oor die toekomstige rol en ligging van die Akademie kom nie en het die een komitee na die ander getaak om 'n antwoord op daardie vraag te probeer vind. Dié besluiteloosheid het veroorsaak dat die diensstaat van die Akademie vir 'n dekade lank nie by sy nuwe omstandighede aangepas is nie. Die gepaardgaande oorwig van akademiese personeel, afwesigheid van militêre instrukteurs en die gebrek aan 'n duidelik omlynde beleid met betrekking tot militêre opleiding by die Akademie, was nog 'n faktor wat die Akademie in die rigting van 'n militêre universiteit laat voortstu het. Nadat klarigheid teen die middel van die tagtigerjare oor die rol en ligging van die Akademie verkry is, het die diversiteit van die studentekorps steeds doelgerigte militêre opleiding in die wiele gery en die Akademie sy karakter as militêre universiteit in die praktyk laat verstewig. Die strenge handhawing van militêre roetine en terugplasing van die dosente in uniform was onder die heersende omstandighede 'n noodsaaklike stap om die militêre milieu by die Akademie te probeer handhaaf. Aan die ander kant het die botsing tussen die militêre en akademiese subkulture wat teen die vroeg sewentigerjare so sterk na vore gekom het, altyd naby aan die oppervlak gebly, soos geblyk het uit die feit dat die meerderheid van dosente teen 1989 die wens uitgespreek het om soos vroeër as lede van die Staande Mag hul taak in burgerdrag te verrig. Dit dui daarop dat die militêre blootstelling wat die dosente, hoofsaaklik uit die burgerlike sektor afkomstig, deur kursusse ontvang het, nie genoeg was om hulle behoorlik in die militêre kultuur te sosialiseer nie.

Ten spyte van die vaagheid oor die presiese rol van die Akademie in offisiersopvoeding het die strewe by die militêre owerhede bly voortleef om die Akademie die alma mater van alle offisiere en die "ware universiteit" van die Weermag te maak, hetsy by wyse van

graadstudie of deur ander akademiese kursusse. Dié strewe het egter nie net oor 'n gemeenskaplike kultuur en verwysingsraamwerk gegaan nie, maar ook oor die optimale, koste-effektiewe, benutting van die Akademie. Die Akademie het deur die instelling van 'n aantal verrykingskursusse en akademiese hulpverlening aan verskeie Weermaginstansies gedurende die tagtigerjare nader aan hierdie doelwit beweeg. Met die kernelement daarvan, akademiese opvoeding vir alle jong offisiere van die Weermag, is daar egter weinig vordering gemaak. 'n Loopbaan as offisier in die Weermag was in die eerste plek nie finansieel en andersins aantreklik genoeg om jaarliks die beoogde getal studente vir die Akademie te lewer nie. Omdat daar loopbaangewys geen duidelike beloning vir graadstudie was nie, was daar tweedens nie 'n sterk aansporing vir dienende offisiere om by die Akademie in te skryf nie. Dit het saam met die immer ontoereikende werwingspoging van owerheidsweë daartoe gelei dat die Akademie jaarliks nie genoeg geskikte aansoeke ontvang het om sy volle kwota eerstejaars in te neem nie. Derdens het operasionele behoeftes sekerlik ook 'n persentasie jong offisiere verhinder om hulle na die Akademie te begewe. Laastens het die nalating om die beoogde diplomakursus (wat in elk geval weens die universiteitswette nie die stempel van die Universiteit van Stellenbosch sou kon dra nie) by die Akademie in te stel, verhoed dat jong offisiere wat nie vir graadstudie in aanmerking kon kom nie, geakkommodeer kon word.

Ontneem van 'n militêre rol en rondgeslinger deur besluiteloosheid van owerheidsweë, het die Militêre Akademie ná 1976 'n wesentlike gevaar geloop om ontbind te word. Die stabiliteit van die Fakulteit Krygskunde, wat jaarliks met eentonige reëlmaat 'n groep goed geskoolde militêre graduandi die Weermag ingestuur het, was waarskynlik die enigste faktor wat dit verhoed het. Die Fakulteit Krygskunde het hom goed in die militêr-akademiese behoeftes van die Weermag ingegrawe, danksy 'n bevredigende wedersydse kommunikasie in dié verband. Geen komitee het ná 1976 die kwaliteit en nut van die B.Mil.-graad in dispuut geplaas nie, wat sekerlik verhoed het dat die Akademie gesluit is op 'n tydstip toe daar geen duidelikheid oor sy fisiese plek in die offisiersontwikkelingstelsel was nie. Die verbintenis tussen die Militêre Akademie en die Universiteit van Stellenbosch het te midde van die onsekerheid oor die toekoms van die Akademie baie heg gebly. Die vertroue en steun wat die Akademie deurentyd van die Universiteit geniet het, het vermoedelik ook 'n beduidende rol in sy voortbestaan gespeel. As die Akademie sy geloofwaardigheid in die oë van die Universiteit verloor het, sou dit sy kanse op oorlewing sekerlik ernstig in die wiele gery het.

Die stigting van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling in die vroeg-tagtigerjare het aan 'n behoefte voldoen wat reeds met die stigting van die Akademie bestaan het en herhaaldelik daarna deur ondersoeke na die aard en rol van die Akademie bevestig is. Die feit dat Senro ná sy stigting in die praktyk as die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling gefunksioneer het, het egter die fundamentele oogmerk van dié Afdeling op twee maniere in die wiele gery. Dit het in die eerste plek institusionele ontwikkeling op die agtergrond geskuif en in die tweede plek te eng op 'n enkele navorsingsveld, rewolusionêre oorlog, gefokus.

Die Akademie-dosente se betrokkenheid by voorbereidingskursusse vir dosente op Stellenbosch, akademiese kontak met eweknie-departemente op die hoofkampus, die onthaal van die Universiteit se topbestuur en studentegroeperinge op Saldanha en die Akademie-studente se suksesvolle deelname aan die jaarlikse Matie-karnaval het die Fakulteit Krygskunde se isolasie van die moederkampus grootliks oorbrug, maar nie volkome uitgewis nie. Daarvoor was die fisiese afstand eenvoudig te groot. Die terugploeg van Karnaval-fondse in die Weskus-gemeenskappe was 'n logiese en baie verdienstelike ontwikkeling wat direk uit die Akademie se groot bydrae tot USKOR se fondsinsamelingspogings en gevolglike herhaaldelike verowering van die Smoeg-trofee voortgespruit het.

Die Akademie was teen die einde van die tagtigerjare akkommodasiegewys hoegenaamd nie voorbereid op die voorgenome drastiese verhoging van studentegetalle in die nuwe dekade nie. Die hoogste prioriteit sou dus aan die uitbreiding en opgradering van die Akademie-kompleks, Projek KLANK, verleen moes word om dié probleem die hoof te bied.

# HOOFSTUK 7

# DIE MILITêRE AKADEMIE OP PAD NA DIE "NUWE SUID-AFRIKA", 1990

## 7.1 DIE BEVINDINGS EN AANBEVELINGS VAN DIE MILITêRE PSIGOLOGIESE INSTITUUT, 1986

Soos in hoofstuk 6 aangetoon, het die ondersoekspan van die Militêre Psigologiese Instituut (MPI) wat die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. R.F. Holtzhausen, in Maart 1985 versoek het om die keuring van studente vir die Militêre Akademie te ondersoek, 'n sisteembenadering gevolg en die Weermag se totale beleid met betrekking tot offisiersopleiding aan die Militêre Akademie onder die loep geneem. In dié proses het hulle ook die historiese ontwikkeling van die Militêre Akademie in oënskou geneem en die opleidingstelsel aan die Akademie met offisiersopleiding aan buitelandse akademies vergelyk.

Die MPI-ondersoek, waarvan die verslag in Februarie 1986 ter tafel gelê is, het bevind dat die belangrikste militêre akademies in die VSA, Brittanje, Frankryk, Duitsland en die USSR bepaalde kerneienskappe in gemeen gehad het. Eerstens het die stigting van daardie instellings almal grootliks uit spesifieke militêre behoeftes voortgespruit, byvoorbeeld die opleiding van genie-, artillerie- of pantseroffisiere. Tweedens was opleiding die primêre doel van daardie akademies, met navorsing en ontwikkeling as 'n relatief onbeduidende, sekondêre funksie. Die oogmerk met die opleiding aan daardie instellings was om offisiere te lewer wat uiteindelik in senior bevels- en stafposte aangewend sou kon word. In die derde plek het die geloofwaardigheid van daardie instellings berus op die duidelikheid van die instelling se rol en funksie, asook die kundigheid wat die instelling in die uitvoering van daardie rol en funksie openbaar het. Laastens het finansiële oorwegings wel indirek 'n rol in die voortbestaan van buitelandse akademies gespeel. In laasgenoemde verband het die MPI-verslag aangevoer dat die Amerikaanse Departement van Verdediging nie algemene militêr-akademiese opleiding onderneem het nie, maar ingevolge die *Reserve Officer Training College*-stelsel kontrakte met burgerlike universiteite gesluit het om dié diens op staatskoste aan lede van die Reserwemag en die Nasionale Wag te lewer. Verder het die verslag daarop gewys dat in die geval van die USSR, offisiere wat nie vir topposte

geoormerk was nie, by wyse van korrespondensiekursusse aan die Russiese militêre akademie (Imeni Malinovsky) studeer het.[1] Die hoër koste van residensiële kursusse is dus in die geval van dié offisiere vermy.

Die MPI-verslag het daarop gewys dat daar sedert 1968 "seven[2] significant research projects" in verband met die Militêre Akademie geloods is, wat op "persistent and recurring problem areas .... [and] ineffectual problemsolving action or non-existent or insufficient correcting action"[3] gedui het. Die verslag het die "recurring problem areas" geïdentifiseer as "[the] recruitment and selection of student officers[,] training of student officers ... [and] the role and functioning of the Military Academy"[4] en dit teruggevoer na die feit dat die Militêre Akademie nie bogenoemde kerneienskappe wat die bestaan van buitelandse akademies ten grondslag gelê het, openbaar het nie. Die stigting van die Militêre Akademie het, luidens die verslag, nie uit 'n duidelike militêre behoefte voortgespruit nie, maar uit 'n behoefte aan prestige en die algemene opheffing van die offisierskorps. Dit het daartoe gelei dat die doel van militêr-akademiese opleiding nie behoorlik in Weermagsbeleid omskryf is nie en dat die doel van die Militêre Akademie, wat daaruit afgelei moes word, nie duidelik geformuleer is nie.[5]

Die doelformulering van die Akademie, naamlik "om akademiese opleiding vir Staande Mag offisiere (sic.) aan te bied dmv... 'n voltydse, driejarige B Mil kursus (sic.) in Krygskunde... nagraadse studies (sic.) in Krygskunde... [en] ander verwante kursusse hetsy ter verfrissing of ter verryking"[6], het volgens die MPI-verslag die "wat" en die "hoe" duidelik uitgespel, maar nie die "hoekom" of die "rede vir" nie. Die doel van die Akademie is dus nie met die taak en doel van die Weermag in verband gebring nie, wat tot 'n gebrek aan strategiese riglyne vir militêr-akademiese opleiding aan die Akademie gelei het. Daar was gevolglik ook geen geskrewe beleid oor hoe Akademie-graduandi aangewend moes word nie. Daar was derhalwe ook nie sprake van behoorlike strategiese bestuur van die Akademie nie. Die

1. Mil. Akad. Argief, verslag deur Afdeling Organisasiegedrag en –ontwikkeling, Militêre Psigologiese Instituut: "Diagnostic Investigation: Selection of Candidates for Study at the Military Academy (Saldanha)" (hierna: MPI-verslag), Februarie 1986, pp.3 – 6, 49 –50, A-1 – A-3.
2. Hartzenberg-verslag (1968), Sielkundige Dienste-verslag (1974), Van der Westhuizen-verslag (1975), Biermann-verslag (1976), MPI-verslag (1986) en KINGSROW-verslag (1987). (Die aanvoorwerk vir laasgenoemde verslag was klaarblyklik toe reeds aan die gang – vergelyk MPI-verslag, p.9, asook Lopende argief H Pers, notule van die Personeelstafraad (PSR) 1986, waarin brief HSP/DBO/103/1/8/2, 12 Mei 1986.)
3. MPI-verslag, p.9.
4. MPI-verslag, p.8.
5. MPI-verslag, pp.57, 21 - 31, 49 –50, 58, 59.
6. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3 vol. 12, inlae 82, H SAW Direktief no. 1/69/84, g.d. (aanvangsdatum: 1 Junie 1985).

Akademie het volgens die verslag wel soos buitelandse akademies opleiding (eerder as navorsing en ontwikkeling) as hoofdoelwit nagestreef. Die afwesigheid van 'n duidelik omlynde doel en funksie (voortspruitend uit 'n duidelik gedefinieerde militêre behoefte), asook twyfel oor die kundigheid waarmee die Akademie sy taak verrig het (d.w.s. 'n bydrae tot die bereiking van die Weermag se doelwitte gelewer het), het egter die geloofwaardigheid van die Akademie by Weermagpersoneel ondermyn.[7]

Die MPI-verslag het op grond van bogenoemde bevindings aanbeveel dat Verdedigingshoofkwartier deeglik oor die strategiese rol van militêr-akademiese opvoeding en, in die lig daarvan, dié van die Militêre Akademie, moes besin, ten einde tot 'n heldere formulering daarvan te geraak. Sou daar besluit word dat die Akademie 'n meer taakgerigte benadering tot militêr-akademiese opleiding moes volg, het die verslag aanbeveel dat 'n kritiese ontleding gemaak word van die bydrae van die Akademie-graduandi tot die globale effektiwiteit van die SA Weermag. Wanneer dit bepaal is, moes kritieke poste in die Weermag geïdentifiseer word waarin Akademie-graduandi uiteindelik aangewend sou word. Die eise van dié poste ten opsigte van kennis, houdings en vaardighede moes die grondslag van die militêr-akademiese opleiding (en dus leerplanne) aan die Militêre Akademie vorm. Die somtotaal van hierdie kritieke poste en die frekwensie waarteen hulle vakant geraak het, sou op sy beurt 'n duidelike aanduiding gee van die getal studente wat die Akademie jaarliks moes inneem. Luidens die verslag moes beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe vereistes van die voormelde kritieke poste terselfdertyd teen die heersende ekonomiese klimaat in Suid-Afrika en die SA Weermag se jaarlikse begroting, asook die beskikbare alternatiewe tersiêre opleidingsbronne (burgerlike universiteite, technikons, etc.) opgeweeg word. Die gedagte was dat dit meer koste-effektief sou wees om laasgenoemde instellings te benut vir die meer algemene akademiese opleiding, terwyl die Militêre Akademie daardie militêr-akademiese opleiding moes verskaf wat nie by ander, goedkoper instellings beskikbaar was nie. Met al dié inligting beskikbaar, kon Verdedigingshoofkwartier in samewerking met die weermagsdele aan die hand van die kritieke poste in die Weermag loopbaanroetes vir offisiere uitwerk.[8] Wat die Akademie betref, het dit dus daarop neergekom dat die Weermag presies moes bepaal wat die behoefte aan graduandi was, oor watter kennis, vaardighede en ingesteldheid hulle moes beskik en waar en hoe hulle aangewend sou word.

---

7. MPI-verslag, pp. 21 - 31, 49 –50, 57 - 59.
8. MPI-verslag, pp.63 – 72.

Die Militêre Psigologiese Instituut het in sy verslag voorts tereg daarop gewys dat daar sedert die vroeg-tagtigerjare verreikende veranderinge op politieke en sosiaal-maatskaplike gebied in Suid-Afrika plaasgevind het, wat belangrike implikasies vir die SA Weermag en die opleiding van sy offisiere ingehou het. Luidens dié verslag het die nieblanke bevolkingsgroepe van Suid-Afrika se politieke aspirasies en verset teen eksklusiewe blanke besluitneming 'n punt bereik waar politieke hervorming "die enigste alternatief vir óf die gewelddadige (sic.) handhawing van die status quo, óf die gewelddadige (sic.) omverwerping daarvan" geword het.. Daar was dus teen 1986 op politieke gebied 'n "wedloop tussen rewolusie en hervorming"[9] in Suid-Afrika aan die gang waarvan offisiersopleiding in die Weermag wel deeglik kennis moes neem.

Dit was sekerlik onder meer met hierdie veranderende politieke milieu in gedagte dat die Personeelstafraad op 27 Mei 1986 besluit het "to institute and register Project KINGSROW to make a detailed study of the system of development of officers in the SADF... to ensure that the SADF will be able to fulfill (sic.) ... the demands of the future...[10] Die aanvoorwerk vir dié projek was klaarblyklik alreeds aan die gang, want die MPI-verslag (Februarie 1986) vermeld dat "this [the MPI] study... was initiated simultaneously with another study concentrating on the larger perspective of differential training for different purposes at different institutions..."[11]

## 7.2 DIE AANBEVELINGS VAN PROJEK KINGSROW, 1987

Projek KINGSROW het onder voorsitterskap van kapt. (SAV) P.v.Z. Loedolff, destyds Bevelvoerder van die SA Weermag se Kollege vir Opvoedkundige Tegnologie en 'n oudstudent van die Militêre Akademie (B.Mil., Maart 1968) van stapel geloop. Sy opdrag was "[to] investigate the entire spectrum of officer development in the SADF and make recommendations aimed at creating a (sic.) officer development programme which will meet the requirements of the future."[12] Wat die Militêre Akademie betref, was die opdrag dat "the

9. MPI-verslag, p.B-3.
10. Verwys Mil. Akad. Argief, Projek KINGSROW: Verslag oor die Ondersoek na 'n Stelsel vir die Ontwikkeling van Staandemagoffisiere in die SAW (hierna: KINGSROW-verslag), 31 Maart 1987.
11. MPI-verslag, p.9.
12. KINGSROW-verslag), Aanhangsel A, brief HSP/DPD/103/1/8/2/K345, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 26 Junie 1986.

total requirement for academic training at the Military Academy ... must be studied",[13] wat later aangevul is met die opdrag dat "die korrektheid van die huidige stelsel van die Militêre Akademie se opleiding" en die moontlike "blootstelling van alle offisiere aan akademiese opleiding op eerstejaarsvlak en die voltooiing van akademiese opleiding op 'n later stadium indien nodig"[14] ook ondersoek moes word.

Projek KINGSROW was die eerste ondersoek na offisiersopleiding of –ontwikkeling in die SA Weermag (naas die MPI-verslag[15]) wat enigsins 'n ontleding probeer maak het van die eksterne en interne omgewings waarbinne die Weermag en sy offisiere moes opereer. Wat die eksterne omgewing (die nasionale en internasionale staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en veiligheidsterrein waarbinne die Weermag moes optree) betref, moes offisiersontwikkeling volgens die KINGSROW-verslag onder meer kennis neem van die internasionale politieke klimaat en die toenemende internasionale druk om konstitusionele verandering in Suid-Afrika te versnel, met die gepaardgaande implikasies vir die Suid-Afrikaanse ekonomie, die rewolusionêre klimaat in Suid-Afrika, die verkryging van wapentuig, en dies meer. Daar moes in die besonder ook kennis geneem word van die implikasies van die Weermag se voortgesette betrokkenheid in Suidwes-Afrika/Namibië en Angola. 'n Baie belangrike aspek van die eksterne omgewing, aldus die verslag, was die politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika en die bekamping van die interne rewolusionêre aanslag. Daaruit sou onder meer 'n immer toenemende indiensneming van sogenaamde anderskleuriges in die Weermag en sy offisierskorps voortvloei, met besondere implikasies vir offisiersopleiding voortspruitend uit taal-, kultuur- en ander verskille. Ten opsigte van die interne omgewing (d.w.s die SA Weermag as organisasie) moes offisiersopleiding volgens die verslag onder meer ag slaan op die rol van die SA Weermag, sy organisasie, bestuursfilosofie, mannekragsituasie, tegnologiese ontwikkeling, asook die verskil in die behoeftes van die individu en dié van die Weermag as organisasie. 'n Betekenisvolle verandering was byvoorbeeld, so lui die verslag, besig om in die tradisionele rol van die Weermag in te tree, naamlik 'n wegbeweeg van konvensionele oorlogvoering na die bekamping van rewolusionêre oorlogvoering, binnelandse onrus en stedelike terrorisme.[16]

Naas die ontleding van die interne en eksterne omgewing, het die KINGSROW-komitee ook die offisiersontwikkelingsprogramme van onder andere Brittanje, die VSA, Duitsland,

13. KINGSROW-verslag, Aanhangsel A – brief HSP/DPD/103/1/8/2/K345, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 26 Junie 1986.
14. KINGSROW-verslag, p.3.
15. Vergelyk MPI-verslag, pp.9 - 25.
16. KINGSROW-verslag, pp.9 - 31.

Australië, Frankryk, Spanje, Chili en Taiwan bestudeer om hulle van die kontemporêre eise van offisierskap te vergewis. Wat die filosofie van offisierskap betref, het die Komitee nogmaals die Hartzenberg-verslag as uitgangspunt aangehaal.[17]

Die KINGSROW-komitee het bevind dat daar nie 'n oorkoepelende, wetenskaplik bepaalde filosofie vir offisiersontwikkeling in die SAW bestaan het nie en dat daar ook nie toereikende sentrale beheer oor offisiersontwikkeling was nie. Daar was ook geen deurlopende navorsing om voortdurend die behoeftes van offisiersontwikkeling te bepaal nie. Die gevolg was dat daar groot verskille tussen die weermagsdele was wat die vlak en inhoud van offisiersontwikkelingskursusse betref het.[18] Verder het die Komitee tereg bevind, soos in hoofstuk 6 bespreek, dat die "Militêre Akademie ... nie meer die tradisionele rol van 'n militêre akademie in die opvoeding van die offisier (vervul) nie, maar dié van 'n militêre universiteit vir slegs 'n klein gedeelte van die SAW se offisierskader."[19] Dié migrasie van die aanvanklike posisie (1950), waar die doel van die Akademie was "om die offisier se militêre vorming en opleiding uit te brei en aan te vul met bepaalde akademiese insette" na die rol van 'n militêre universiteit was volgens die Komitee "doelbewus en bepland."[20] Dit het egter gelei tot 'n situasie waar, ofskoon die doel en funksies van die Akademie duidelik was, die rol van dié instelling binne die breër raamwerk van offisiersopvoeding nêrens duidelik omskryf was nie. Akademiese studie het gevolglik nie 'n integrale deel van die offisiersontwikkelingsproses gevorm nie, maar is "as 'n losstaande gebeurtenis gesien."[21] Verder het die Komitee bevind dat offisiersopvoeding op funksionele behoeftes eerder as die eise van offisierskap gebaseer was. Daarom was die deursnee offisier "nie noodwendig [in staat om] sy rol as leier in die groter gemeenskap [te] kan vervul nie."[22]

Die Komitee het daarop gewys dat die kursusse van buitelandse militêre akademies, onder andere West Point, die intellektuele basis gevorm het waarop "die beroepsoffisier kan ontwikkel" en dat dié kursusse 'n "kombinasie van akademiese kursusse, leierskaps- en militêre opleiding en liggaamlike opvoeding" behels het. Die "basiese verskil" tussen die Militêre Akademie en buitelandse militêr-akademiese instellings was dat die Militêre Akademie nie werklik ingestel was op "die ontwikkeling van die totale offisier" (d.w.s. militêr en akademies) nie, maar op "die aanbied van 'n kursus wat lei tot slegs 'n akademiese

17. KINGSROW-verslag, pp.33 - 35.
18. KINGSROW-verslag, pp.69 - 70.
19. KINGSROW-verslag, p.70.
20. KINGSROW-verslag, p.H-1.
21. KINGSROW-verslag, p.70.
22. KINGSROW-verslag, p.70.

graad-kwalifikasie (sic.)."[23] 'n Ander baie belangrike verskil was dat, soos hierbo vermeld, slegs 'n klein persentasie van die SAW se offisierskorps se pad deur die Militêre Akademie geloop het, terwyl die pad van "alle offisiere" in die buiteland deur die onderskeie militêre akademies geloop het, omdat dit juis die instellings was wat hulle vir offisiersaanstelling bekwaam het.[24] Volgens die komitee het 520 kandidate jaarliks basiese offisiersopleiding in die SAW ondergaan. Sedert 1975 het daar egter jaarliks gemiddeld slegs sowat 58[25] offisiere, dit wil sê net meer as 11% van die jaarlikse aanwas, by die Akademie aangemeld. Gedurende dieselfde tydperk het gemiddeld slegs ongeveer 44[26] kandidate per jaar B.Mil.-grade verwerf, dit wil sê net sowat 8,5% van die jaarlikse aanwas. Daarby het daar byvoorbeeld in 1987 slegs sowat 140 studente aan die Akademie studeer, sodat die SAW dus in daardie stadium slegs 70% van die Akademie se kapasiteit van nagenoeg 200 studente per jaar benut het. Daar het voorts teen 1987 sowat 444 SAW-offisiere (nagraads ingesluit) aan burgerlike tersiêre instellings studeer teenoor die ongeveer 140 wat by die Akademie ingeskryf was. Die meeste van die B.Mil.-graduandi wat met nagraadse studie voortgegaan het, het dit aan ander universiteite gedoen. Slegs enkeles het vir nagraadse studie by die Akademie ingeskryf.[27] Verder het die Akademie (soos in hoofstuk 6 aangetoon), 'n beperkte aantal sogenaamde verrykingskursusse vir SAW-offisiere aangebied, wat "in aard en getalle nie in die totale verrykingsbehoeftes van die SAW (voorsien) [het] nie."[28] Die Akademie was dus maar die alma mater van 'n baie klein persentasie van die SAW se offisiere.

Die onderbenutting van die Militêre Akademie het volgens die KINGSROW-verslag gespruit uit die kroniese onvermoë van die SAW om genoeg kandidate vir graadstudie te werf. Die redes daarvoor was uiteenlopend. Eerstens het die B.Mil.-studie nie formeel deel van die offisier se loopbaanontwikkeling gevorm nie, sodat baie potensiële kandidate nie bereid was om drie jaar operasionele en ander ervaring, wat wel 'n impak op hul loopbane gehad het, ter wille van graadstudie mis te loop nie – afgesien daarvan dat weermagsdele dikwels uit hoofde van operasionele verpligtinge nie bereid was om kandidate vir graadstudie af te staan nie. Voorts was daar 'n gebrek aan skakeling tussen die weermagsdele en die Akademie, en tewens ook "'n klaarblyklike gebrek aan belangstelling" by die weermagsdele om die Akademie ten volle te benut. Verder het die ligging van die Akademie, aldus die

---

23. KINGSROW-verslag, pp.H-3 – H-4.
24. KINGSROW-verslag, pp. H-4.
25. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van studente-innames, 1975 - 1987.
26. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, 1975 - 1987.
27. KINGSROW-verslag, pp. H-4 – H-6.
28. KINGSROW-verslag, p.H-6.

verslag, ook tot sy onderbenutting bygedra. Daar was naamlik 'n gebrek aan staatsbehuising vir getroude studente, asook 'n gebrek aan werksgeleenthede vir die eggenotes van getroude studente op Saldanha – naas die immer beklaagde gebrek aan "sosiale geleenthede" vir ongetroude studente. Laastens het die feit dat wetgewing die aanbied van afstandsonderrig en diplomakursusse by die Akademie onder die vaandel van die Universiteit van Stellenbosch aan bande gelê het, ook tot die onderbenutting van dié instelling bygedra.[29]

Die KINGSROW-komitee het tot die gevolgtrekking gekom dat akademiese opleiding 'n belangrike rol in offisiersontwikkeling speel, aangesien dit die fondament vir verdere ontwikkeling lê. Daarom moes die Akademie beter benut en die doel van die Akademie wyer omskryf word. Die B.Mil.-studie moes formeel by offisiersontwikkeling en – loopbaanbeplanning ingeskakel word. Die weermagsdele sou dus baie nouer by die Akademie betrokke moes raak. Indien die SAW egter die tradisionele rol van die Akademie wou herstel, sou daar ernstig oor die toelating van offisiere met senior range, sowel as van getroude studente (en die uitwoon van getroude studente) herbesin moes word. Die Komitee het voorts tot die gevolgtrekking gekom dat die feit dat soveel offisiere aan ander tersiêre instellings studeer het, bewys het dat daar 'n behoefte by offisiere bestaan het om hulleself akademies beter te bekwaam. Die Komitee het egter bevind dat, ofskoon die studierigtings en vakkeuses by die Akademie voldoende was om offisiere ooreenkomstig die algemene vereistes van offisierskap te ontwikkel, die Akademie nie aan al die vereistes kon voldoen wat deur beroepsdifferensiasie gestel word nie. Verder sou die Akademie, ondanks die beplande uitbreiding van sy fasiliteite, ook nie getalsgewys daartoe in staat wees om in al die akademiese opleidingsbehoeftes van die SAW te voorsien nie. Daar sou dus by implikasie altyd 'n behoefte wees om offisiere ook aan ander instellings te laat studeer. Dit was egter volgens die Komitee nodig dat die Weermag sodanige studie ooreenkomstig sy behoeftes koördineer en binne die offisiersontwikkelingstelsel erkenning daaraan verleen.[30]

Die aanbevelings wat die KINGSROW-komitee in die lig van bogenoemde bevindings en gevolgtrekkings gemaak het, het daarop neergekom dat die Weermag 'n doelgerigte, eenvormige, geïntegreerde offisiersontwikkelingstelsel, gekoppel aan 'n eenvormige, geïntegreerde loopbaanontwikkelingstelsel, moes implementeer. Dié stelsel moes op 'n "bepaalde onveranderbare filosofie" berus en sentraal bestuur word om, met inagneming

---

29. KINGSROW-verslag, pp.H-6 – H-8.
30. KINGSROW-verslag, pp.H-8 – H-10.

van hul eiesoortigheid, eenvormigheid in die verskillende weermagsdele te verseker. Offisiersontwikkeling moes progressief dwarsdeur die offisier se loopbaan plaasvind en alle leerervaringe, wat aanwending in bepaalde poste ingesluit het, moes deel daarvan vorm en duidelik op die bereiking van die Weermag se doelwitte ingestel wees.[31] Die kweek van offisierskap moes volgens die Komitee die basiese filosofiese uitgangspunt van alle offisiersontwikkeling wees. Hy het hom in dié verband onder meer soos volg uitgelaat:

> "Die offisier wat as leier bevel voer oor die magte van die staat moet, uit die aard van die vertroue wat in hom gestel word, 'n unieke status en posisie in die SAW en die groter samelewing geniet ...
>
> "Offisierskap moet voorrang bo alle funksionele vereistes geniet. Die offisier se lojaliteit en trots lê, ongeag sy weermagsdeel of gebruike in daardie weermagsdeel, onvervreembaar by sy offisierskap en sy mede-offisiere. Hierdie unieke aard van offisierskap moet bo alle ander verwagtinge deur die organisasie [d.w.s. die SAW] erken, gerespekteer en in stand gehou word.
>
> "Toetrede tot die offisiersgeledere moet afhang van die mate waarin die individu aan die toetredingsvereistes vir offisierskap voldoen. Slegs een stel norme bestaan vir offisierskap en funksionele of akademiese kwalifikasies dien nie as 'n paspoort tot outomatiese offisierskap nie.
>
> "Ongeag etniese of funksionele samestelling (weermagsdele), moet daar slegs een oorkoepelende militêre kultuur bestaan waarbinne alle offisiere hul offisierskap moet uitleef, tw dié van die SAW. Lojaliteit teenoor die gebruike en tradisies van etniese groeperings, weermagsdele of funksionele groeperings is ondergeskik aan die tradisionele militêre kultuur wat die SAW navolg.
>
> "Die vereistes van offisierskap moet dien as die primêre basis waarop alle offisiersaanstellings, -ontwikkeling, -keuring en –bevorderings geskied."[32]

Afgesien van die strewe na eenvormigheid binne die weermagsdele en 'n gemeenskaplike kultuur vir alle offisiere, spreek bostaande aanhaling vermoedelik van 'n besef aan Weermagskant dat daar vorentoe toenemende politieke druk sou wees om meer en meer

---

31. KINGSROW-verslag, pp.92 – 93.
32. KINGSROW-verslag, p. 93.

swart offisiere in die SAW aan te stel en 'n onderliggende vrees dat dit moontlik tot 'n verlaging in die standaarde van offisierskap kon lei.

Die KINGSROW-komitee het aanbeveel dat die ontwikkeling van alle jong en aspirantoffisiere van die Staande Mag gesamentlik by een instelling plaasvind, ten einde by almal dieselfde "intellektuele, beroepskundige, sosiale en kulturele ontwikkeling [dieselfde basiese verwysingsraamwerk] as basis vir die uitbouing van 'n loopbaan as beroepsoffisier ... [te] lê." Die Komitee het daarop gewys dat alhoewel dié taak tradisioneel by die Militêre Akademie berus het, "die begrip 'akademie' sinoniem met die Fakulteit Krygskunde" geword het, waar "voorgraadse en nagraadse studies (sic.) op akademiese gebied alleen onderneem word." Dié begrip ('akademie') het, aldus die Komitee, "geen erkenning (verleen) aan die rol wat die weermagsdeelkolleges, ander universiteite en technikons in die akademiese ontwikkeling van die offisier speel nie." Met die oog daarop om erkenning te verleen aan die rol van alle 'ontwikkelaars', het die Komitee aanbeveel "dat die begrip 'akademie' op die konseptuele vlak gekoppel word aan die oorkoepelende offisiersontwikkelingstelsel en dat daarna verwys word as die 'Offisiersakademie'. Die Offisiersakademie moes onder sentrale beheer staan en daarop gemik wees om Staandemagoffisiere van al vier weermagsdele gesamentlik op 'n geïntegreerde wyse "voortdurend volgens intydse behoeftes te ontwikkel."[33]

Die Komitee het voorts aanbeveel dat "sover moontlik gepoog word om die tradisionele konsep van 'n militêre akademie weer te laat herleef" en dat die "aanvanklike vormings- en die gepaardgaande akademiese opleiding ... [van offisiere] gesentraliseer word ... by een instelling soos die Militêre Akademie ..."[34] Die Komitee het dus ten spyte van die mislukking van die Malan-model in 'n mate 'n terugkeer na dié model bepleit, omdat hy geglo het dat "waar sodanige voorstelle in die verlede gemaak en geïmplementeer was, sodanige pogings nie skipbreuk gelei (sic.) het as gevolg van die beginsel van sentrale vormingsopleiding nie, maar as gevolg van fisiese implementeringsprobleme."[35] Die Komitee het onder meer tereg aangevoer dat 'n offisier slegs gevorm kan word mits hy nog "plooibaar" is en dat dit te betwyfel was of diegene wat reeds 'n "gevorderde ouderdom met gevestigde lewenspatroon bereik het ... vormbaar is as 'n offisier."[36] Daarom het die Komitee voorts aanbeveel dat daar baie ernstig aandag gegee moes word aan die

33. KINGSROW-verslag, pp.93 - 95.
34. KINGSROW-verslag, p.99.
35. KINGSROW-verslag, p.99.
36. KINGSROW-verslag, p.100.

toetredingsouderdom van die offisiersontwikkelingsprogram (en dus tot die Militêre Akademie) en dat 'n maksimum ouderdom in daardie verband neergelê moes word.

Die Komitee het op grond van hul ontleding van die interne en eksterne omgewing bevind dat 'n naskoolse akademiese kwalifikasie vir alle offisiere noodsaaklik was en aanbeveel dat 'n toepaslike graad of diploma (RWK 13) as 'n vereiste vir bevordering na die rang van kolonel en hoër gestel word. Daarom het die Komitee aanbeveel dat maksimum geleentheid tot tersiêre studie op staatskoste vir alle offisiere geskep word, hetsy deur middel van voltydse studie aan die Militêre Akademie of ander universiteite of technikons, of deur middel van deeltydse studie en afstandsonderrig. Om akademiese studie aan te moedig, het die komitee aanbeveel dat, benewens bogenoemde bevorderingsvereiste, groter erkenning, ook finansieel, aan die verwerwing van graad- en nagraadse kwalifikasies verleen word.[37]

Met die oog op die optimale benutting van die Militêre Akademie, het die Komitee aanbeveel dat intensiewe werwingsaksies (onder alle rasse en geslagte) geloods word om elke beskikbare sitplek by dié instelling te vul. Sou Verdedigingshoofkwartier besluit dat die aanbevole gemeenskaplike vormingsopleiding wel by die Akademie aangebied moes word, moes die fasiliteite van die Akademie dienooreenkomstig uitgebrei word. Voorts het die Komitee aanbeveel dat die geleentheid vir alle beroepsoffisiere geskep word om akademiese onderrig op eerstejaarsvlak te ontvang, nie alleen om by almal die gemeenskaplike akademiese basis vir verdere ontwikkeling te skep nie, maar ook om 'n basis vir latere formele akademiese studie te skep. Verder moes offisiere in die geleentheid gestel word om in enige stadium in hul loopbane nagraadse studie op staatskoste te onderneem, synde dit aan die Akademie of ander universitêre instellings.[38]

Verdedigingshoofkwartier het die aanbevelings van die KINGSROW-verslag in breë trekke aanvaar en dienooreenkomstig 'n offisiersontwikkelingsfilosofie vir die SA Weermag geformuleer wat reeds gedurende die eerste helfte van 1988 in werking getree het.[39] Daar is ook voortgegaan met die stigting van die aanbevole Offisiersakademie om oorhoofs beheer oor alle offisiersontwikkeling in die Weermag uit te oefen. Die Bevelvoerder van die Militêre Akademie het in beide die Advieskomitee van die Beheerraad van die

37. KINGSROW-verslag, pp.113 - 114.
38. KINGSROW-verslag, pp.114 – 115, 123.
39. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8 vol. 3, inlae 26, brief HSP/DPO/103/1/8/1, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 13 Mei 1988.

Offisiersakademie en die Beheerraad self gedien, maar in laasgenoemde geval net wanneer sake wat die Akademie geraak het, bespreek is.[40]

Die belangrikste implikasie van die aanvaarding van die KINGSROW-aanbevelings vir die Militêre Akademie was die terugkeer van dié eenheid na 'n meer tradisionele militêre akademie wat naas akademiese opleiding ook voortgesette vormingsopleiding aan jong offisiere verskaf het. Die onmiddellike gevolg daarvan was dat die samestelling van die studentekorps oornag drasties verander het, met die oog daarop om doelgerigte militêre opleiding moontlik te maak. Die persentasie getroude studente het van 56% in 1987 tot 35% in 1989 gedaal, met die verwagting dat dit in 1990 na 25% sou val. Ook die ouderdom en rang van die studente het dienooreenkomstig gedaal. Die range het byvoorbeeld van meer as 50% kapteins en majoors in 1987 na 'n verwagte 20% in daardie ranggroep in 1990 gedaal.[41] Die RSA se onttrekking uit SWA/Namibië en Angola na twee dekades van teenrewolusionêre oorlogvoering en die gepaardgaande afname in die operasionele behoefte aan junior offisiere het sekerlik daartoe bygedra om dié hervorming van die studentekorps aan te help. Die presiese aard en rol van die Militêre Akademie in die nuwe offisiersontwikkelingstelsel het intussen egter die onderwerp van 'n volgende ondersoek, Projek WIMPOLE, geword.

## 7.3 DIE AANBEVELINGS VAN PROJEK WIMPOLE, 1989

Die Hoof van Staf Personeel, lt.genl. R.F. Holtzhausen, het teen die einde van Oktober 1988 op aanbeveling van die Bevelvoerder van die Militêre Akademie, kdoor. R.C. Simpson-Anderson, opdrag gegee dat daar onder laasgenoemde se voorsitterskap ondersoek ingestel word na die Militêre Akademie se bydrae tot die akademiese ontwikkeling van offisiere in die SA Weermag.[42] 'n Paar maande later, in Maart 1989, het die Hoof van die Weermag, genl. J.J. Geldenhuys, tydens 'n Verdedigingsbevelsraadvergadering sy kommer uitgespreek oor die feit dat aard en karakter van die Militêre Akademie na dié van 'n militêre universiteit verander het. Die

40. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 41, brief HSP/DPO/103/1/8/2, H SAW (HSP) – kapt. (SAV) P.v.Z. Loedolff, 30 September 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 10, brief HSP/DBOS/521/3/7 oor HSP/DBOS/103/1/8/2, H SAW (HSP) – H Leër, etc., 2 Mei 1990.
41. WIMPOLE-verslag, pp.13 – 15; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, pp.2 - 3.
42. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3 vol. 17, inlae 92, brief HSP/DPO/103/1/8/2, H SAW (HSP) – H Leër, 28 Oktober 1988.

Verdedigingsbevelsraad het derhalwe besluit dat daar, ten spyte van die besluite wat in die lig van die KINGSROW-verslag geneem is, opnuut 'n deeglike ondersoek na die rol en funksie van die Militêre Akademie geloods moes word.[43] Dit het daartoe gelei dat lt.genl. L.A. Meyer, wat lt.genl. Holtzhausen pas as Hoof van Staf Personeel opgevolg het, in April 1989 'n nuwe opdrag vir Projek WIMPOLE, soos die ondersoek na die Akademie nou bekend gestaan het, geformuleer het. Projek WIMPOLE se opdrag was nou "To determine whether the contribution made by the Military Academy in respect of the academic development of SADF officers is valid in terms of the needs of the Defence Force and to make recommendations resulting from the findings."[44] Lt.genl. Meyer het ooreenkomstig die besluit van die Verdedigingsbevelsraad die volgende riglyne as uitgangspunt van die WIMPOLE-ondersoek neergelê:

"a. The SADF is perceived as a military leader in Southern Africa and this perception should be developed within the context of the Officers (sic.) Academy in general and in particular the Military Academy.

"b. The SADF wishes to utilize the Military Academy and the Colleges of the SADF to:

i. Produce greater members (sic. – should read numbers) of professional military officers of all population groups.

ii. Expand the influence of the SADF in Southern Africa.

"c. The ideal of greater efficiency in the utilisation of the Military Academy within the officers (sic.) academy concept must be a guiding principle.

"d. The so-called 'old' training pattern whereby junior officers are trained at the Military Academy is acceptable to the SADF and should consequently be pursued. The guiding principle is that the Military Academy should cater primarily for the junior officer.

"e. Environmental factors and influences which will effect the role of the B Mil (sic.) graduate officer in the SADF. In this regard the operational requirements of the future and the technological, social, economic, political

43. Lopende argief H SANW, VBR-notule 3/89 van 10 Maart 1989, par. 27.

44. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 50, brief HSP/DPD/103/1/8/2, H SAW (HSP) - H Leër, etc., 25 April 1989.

and cultural changes which face the RSA and the SADF in particular are most important.

"f. The qualities, qualifications and intellectual capabilities of the students of the future with particular reference to future B Mil (sic.) students.

"g. Rules and regulations governing academic matters as issued by the University of Stellenbosch.

"h. Developments and planning taking place at other universities.

"i. The training, education and development of students at overseas military academies.

"j. The findings and recommendations of the Project KINGSROW report."[45]

Naas bogenoemde riglyne het lt.genl. Meyer in sy opdrag ook 'n lang lys sake aangestip wat die projekspan spesifiek moes ondersoek. Die belangrikste daarvan was aspekte wat direk of indirek uit die KINGSROW-verslag voortgevloei het, naamlik die aard van die Akademie en die produk wat hy aangebied het, die studentetal en moontlike verjonging van die studentekorps, die bywoning van kursusse aan die Akademie deur sogenaamde anderskleuriges, die toelating van buitelandse studente tot die Akademie, die studierigtings en leerplanne aan die Fakulteit Krygskunde en die instelling van 'n eenjarige diplomakursus onder die vaandel van die Akademie self (d.w.s. nie onder dié van die Universiteit van Stellenbosch nie).[46]

Die WIMPOLE-projekspan, het, naas kdoor. Simpson-Anderson, uit die Dekaan van die Fakulteit Krygskunde, kol. J.C. Kotzé, en kapt. (SAV) P.v.Z. Loedolff, intussen aangestel as Senior Stafoffisier Gevorderde Opleiding by Hoof van Staf Personeel se Direktoraat Personeelontwikkeling, bestaan. Kdoor. Simpson-Anderson het die drie Afdelingshoofde (t.w. kol. (prof.) J.S. Kotze, kol. (prof.) R.A. O'Connell en kol. P.I.J. van Rensburg), twee ander senior Fakulteitslede (kmdt. (dr.) C. Nelson en kmdt. M.A. Pretorius), asook die Hoof van Navorsing en Ontwikkeling by die Akademie (kol. (dr.) L. du Plessis - Projekoffisier) en

45. WIMPOLE-verslag, Aanhangsel A - brief HSP/DPD/103/1/8/2, H SAW (HSP) - H Leër, etc., 25 April 1989.
46. WIMPOLE-verslag, Aanhangsel A - brief HSP/DPD/103/1/8/2, H SAW (HSP) - H Leër, etc., 25 April 1989.

die Adjudant van die Militêre Akademie (maj. L.P. Venter) op die Komitee gekoöpteer.[47] Ofskoon die hele projekspan, met die uitsondering van kapt. (SAV) Loedolff, van die Akademie self afkomstig was, het die span wyd gekonsulteer om tot bevindings en aanbevelings oor die opvoeding-/opleidingstelsel aan die Militêre Akademie te kom. Hulle het onder meer deur al die beskikbare verslae van vorige ondersoeke in verband met die Akademie gewerk en meer as negentig woordvoerders van die vier weermagsdele in hul ondersoek geraadpleeg.[48]

Die Komitee het, soos sy voorgangers, bevind dat dit beide weens die toenemende behoefte aan akademiese kundigheid in die Weermag en die koste-effektiwiteit van die Militêre Akademie noodsaaklik was dat aansienlik meer studente tot die Akademie toegelaat moes word. Beraadslaging met die Weermagsdele het aan die lig gebring dat 'n betekenisvolle getalsuitbreiding wel haalbaar was, deurdat die weermagsdele inderdaad in staat was om gesamentlik jaarliks meer as 300 kandidate vir militêr-akademies opleiding te nomineer teenoor die skamele gemiddelde van 80 eerstejaars wat die afgelope paar jaar jaarliks by die Akademie aangemeld het. Die Akademie se lesinglokale kon egter net 200 studente akkommodeer, terwyl daar slegs woonkwartiere vir 150 inwonende studente (waarvan 90 in die "tydelike" geboue op Malgaskop gehuisves is) beskikbaar was. Enige noemenswaardige getalsuitbreiding sou dus deur 'n betekenisvolle uitbreiding van fasiliteite voorafgegaan moes word.[49]

Die Komitee het opnuut die probleme wat die heterogene studentekorps geskep het, beklemtoon. Benewens die probleme wat voorheen aangetoon is, het die verskille in rang en ouderdom onder meer gelei tot 'n verbroedering tussen kandidaatoffisiere en meer senior offisiere, wat dissipline ondermyn het. Verder is die ontluikende leierskapvaardighede van junior studente onderdruk, deurdat die leiersposte in die gesagstrukture van die studente onwillekeurig die studente met hoër range toegeval het. 'n Studentekorps bestaande uit jong, ongetroude kandidaatoffisiere en/of offisiere met lae range sou dus na die Komitee se mening tot 'n beter studentegees en eenheidsdissipline, sinvoller militêre opleiding en effektiewer offisiersvorming lei. Daarby het die weermagsdele, met die uitsondering van die Lugmag, dit oor die algemeen makliker gevind om minder ervare (en dus minder aanwendbare) kandidaat- en junior offisiere, eerder as

47. WIMPOLE-verslag, Aanhangsel A - brief HSP/DPD/103/1/8/2, H SAW (HSP) - H Leër, etc., 25 April 1989 en Aanhangsel B – naamlys: Wimpole-projekspan.
48. WIMPOLE-verslag, p.9, asook Aanhangsel C.
49. WIMPOLE-verslag, pp.29 – 39, 41 – 42; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, p.6 - 7.

meer ervare senior offisiere, vir drie jaar af te staan om die B.Mil.-kursus te volg. Kandidate moes dus so vroeg as moontlik in hul loopbane, verkieslik een jaar nadat hulle met basiese opleiding begin het, tot die Akademie toegelaat word. Spesiale voorsiening sou egter vir sekere vertakkings van die Lugmag (bv. vlieëniers, navigators en lugverkeerbeheerders) gemaak moes word, daar hulle vanweë opleidingsvereistes eers na vier jaar vir B.Mil.-studie in aanmerking kon kom. Die Komitee het verder bevind dat daar sedert die toelating van die eerste anderskleurige student in 1979 slegs sewe sodanige kandidate (een Indiër en sewe Kleurlinge) by die Akademie ingeskryf het en dat die weermagsdele 'n behoefte aan die toelating van groter getalle anderskleurige studente gehad het. Die weermagsdele het terselfdertyd ook nadruklik 'n behoefte aan die hertoelating van damestudente uitgespreek. Daar sou egter vir geskikte afsonderlike akkommodasie vir damestudente voorsiening gemaak moes word, terwyl getroude anderskleurige studente vanweë 'n gebrek aan akkommodasie (onder meer as gevolg van die groepsgebiedewet) nie gewerf sou kon word nie. Die komitee het voorts bevind dat die toelating van studente uit ander Afrika-state geen probleme sou oplewer nie, mits hulle aan die normale toelatingsvereistes voldoen het. Die Komitee het dit uitdruklik gestel dat hulle dus onder meer ongetroud en tweetalig sou moes wees.[50] Die Komitee het in daardie verband genl. Geldenhuys se "siening dat die Militêre Akademie 'n groot rol kan speel in die opleiding van Suider-Afrikaanse militêre studente en dat dit inderdaad die Sandhurst van hierdie wêrelddeel kan word"[51] gedeel.

Wat die graadkursusse aan die Akademie betref, het die WIMPOLE-komitee bevind dat die drie graadrigtings en 16 beskikbare vakke in die Weermag se behoefte aan 'n breë, algemene akademiese opvoeding vir sy jong offisiere voorsien het en terselfdertyd genoegsaam beroepsgerig was. Die Komitee was van oordeel dat, met die uitsondering van Krygsgeskiedenis, Seevaartkunde en Lugvaartkunde "geen vak in so 'n mate gemilitariseer is dat dit 'n eiesoortige, uitsluitlik militêre karakter ontwikkel het nie." Die dosente het egter met die loop van jare die ander vakke sodanig met "militêre voorbeelde en verskynsels" gevul, dat die Komitee tot die slotsom gekom het dat dit nie noodsaaklik was om dié vakke verder te militariseer nie. Ofskoon sommige offisiere 'n hoë premie op beroepsgerigtheid van die akademiese vakke aan die Militêre Akademie geplaas het, was die algemene opvatting in die Weermag klaarblyklik dat 'n breë algemene militêr-akademiese opvoeding steeds die beste wyse was om die offisier te skool vir die komplekse omgewing waarbinne hy sy taak moes verrig. Die uitgangspunt was dat 'n

50. WIMPOLE-verslag, pp.13 - 18, 40; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, pp.3 – 4, 9.
51. Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, p.4.

offisier "die meer spesifieke loopbaanvaardighede" by sy weermagsdeelkollege en korpsskool leer.[52]

Daar het egter by die Lugmag 'n behoefte aan 'n aangepaste kursus in Lugvaartkunde, en by die Vloot aan basiese kursusse in Wiskunde en Fisika, in die Geesteswetenskapperigting bestaan. Daarby het die Komitee bevind dat dit nodig was dat studente se vakkeuses toegespits word op daardie vakke wat vir hul loopbaanrigtings die waardevolste sou wees. Daarom het die Komitee in oorleg met die weermagsdele die loopbaankategorieë van die studente in nege beroepsgroepe (Personeel, Inligting, Algemene Diens Leër, Algemene Diens Lugmag, Algemene Diens en Inligting Vloot, Mariniers, Geneeskundige Diens, Logistiek en Finansies) ingedeel en die mees toepaslike vakkeuses vir elke groep bepaal. Langs dié weg is 14 studiekursusse ontwikkel, wat die vakkeuse van studente beperk het en hul studierigtings meer loopbaangerig as voorheen gemaak het. Weens die uiteenlopende behoeftes van die weermagsdele in daardie verband, het die Komitee bevind dat die weermagsdele self met aanbevelings insake die moontlike instelling van diplomakursusse vir diegene wat nie die B.Mil.-graadkursus gevolg het nie, vorendag moes kom. Die Komitee het verder bevind dat daar 'n behoefte bestaan het om studente in die loop van hul studie meer opleiding in taal- (Afrikaans en Engels), navorsings- en rekenaarvaardighede te gee, hetsy geïntegreerd met die graadkursusse, of afsonderlik daarvan. Laastens het die Komitee bevind dat die drie studente wat gemiddeld jaarliks tot honneursstudie aan die Akademie toegelaat is, te min was en dat dié getal opgeskuif moes word. Die belangrikste beweegredes daarvoor was dat honneursstudie groter navorsingsvaardighede kweek en in 'n groter mate as voorgraadse studie op die kandidaat se loopbaan toegespits kon word.[53]

In soverre dit militêre opleiding aangaan, het die Komitee bevind dat die meeste studente van die SA Militêre Inligtingsdiens (sedert 1988) by die Akademie aangemeld het sonder dat hulle 'n volledige vormingskursus deurloop het, sodat hulle dan gedurende resestye hul vormingsopleiding stuksgewys moes voltooi. Dié versnipperde vormingsopleiding het die kweek van basiese offisierskap en 'n meer homogene studentekorps in die wiele gery. Die Komitee het voorts bevind dat die jonger wordende studentekorps dit noodsaaklik gemaak het dat meer tyd vir deurlopende voortgesette militêre vorming gedurende die akademiese semesters ingeruim sou word. Saam daarmee moes resesopleiding meer effektief vir

52. WIMPOLE-verslag, pp.20 - 21.
53. WIMPOLE-verslag, pp.20 – 22, 40; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, p.5.

funksionele militêre opleiding benut word om te voorkom dat die Akademie-studente in "militêre gedrag en kursuskwalifikasies" 'n agterstand ontwikkel teenoor hul kollegas wat nie die Akademie-roete gevolg het nie. Die Komitee het naamlik bevind dat talle studente nie gedurende resestye kursusse bygewoon of indiensopleiding ondergaan het nie, sodat resestye dus onderbenut is. Só het sommige studente wat aanwending en bevorderbaarheid betref, agtergeraak het by hul kollegas buite die Militêre Akademie. Dit was dus noodsaaklik dat behoorlike resesopleidingsprogramme vir die studente van die onderskeie weermagsdele uitgewerk moes word.[54]

Die Wimpole-komitee het in die lig van sy bevindings aanbeveel dat die Militêre Akademie "voortaan die primêre roete sal wees waarlangs SAW-offisiere ontwikkel word" en dat die fasiliteite van die Akademie uitgebrei word om teen 1994 'n totaal van 400 studente per jaar te huisves. Verder het die Komitee aanbeveel dat die Weermag met ingang van 1990 voorkeur verleen aan die keuring van jong, ongetroude offisiere tot en met die ouderdom van 25 jaar vir toelating tot die Akademie. Die Komitee het egter aan die hand gedoen dat ouer kandidate wel tot aan die einde van 1991 tot die Akademie toegelaat word, indien die volle inname nie uit jonger kandidate gevul kon word nie. Daarby het die komitee aanbeveel dat die weermagsdele voortgaan om sogenaamde anderskleurige studente vir toelating tot die Akademie te nomineer. (Die Komitee het egter geensins op die redes daarvoor ingegaan of 'n aanduiding van getalle gegee nie.) Ofskoon die Komitee die hertoelating van damestudente tot die Akademie onderskryf het, het hy aanbeveel dat die weermagsdele geen damestudente nomineer voordat geskikte akkommodasie vir hulle beskikbaar was nie. Die Komitee het voorts aanbeveel dat vyf persent van die vakatures vir eerstejaars van 1991 af vir studente uit ander Afrika-state beskikbaar gestel word, met dien verstande dat hulle ongetroud was (ter wille van die akkommodasieprobleme ten opsigte van getroude anderskleuriges) en aan die neergelegde toelatingsvereistes voldoen het.[55]

Die WIMPOLE-komitee het aanbeveel dat die beperking van vakkeuses tot loopbaangerigte vakke (in bovermelde 14 studiekursusse) reeds van 1990 af ingevoer word. Daarby het die Komitee aanbeveel dat die ontwikkeling van die spesiale kursusse in Lugvaartkunde vir lugmagstudente en in basiese Wiskunde en Fisika vir vlootstudente voor die einde van April 1990 afgehandel word. Die Komitee het ook aanbeveel dat die Akademie van 1990 af alle studente deegliker in taal-, navorsings- en rekenaarvaardighede moes skool en dat die

54. WIMPOLE-verslag, pp.16, 26 – 28, 40 – 41; Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, p.6.
55. WIMPOLE-verslag, p.47-48, 43 - 44.

weermagsdele van 1990 af jaarliks minstens vier kandidate tot nagraadse studie sou toelaat om die Adjudants- en drie militêre instrukteursposte by die Akademie te vul.[56]

Die WIMPOLE-komitee het ten opsigte van militêre opleiding aanbeveel dat geen kandidaat tot die Akademie toegelaat sou word alvorens hy/sy die volledige vormingskursus van sy/haar weermagsdeel suksesvol afgelê het nie. Om die behoefte aan deegliker voortgesette vormingsopleiding by die Akademie te bevredig het die Komitee aanbeveel dat 'n senior, voltydse Hoof Militêre Instrukteur met ingang van 1990 by die Akademie aangestel word. Die Komitee het voorts aanbeveel dat daar, naas die gebruiklike militêre weke, ook 'n militêre dag per week ingestel word, waartydens minstens 'n halwe dag aan militêre opleiding afgestaan word. Verder het die Komitee aanbeveel dat 'n volledige kursus vir voortgesette offisiersvorming by die Akademie gedurende 1990 ontwikkel word. Die Komitee het ook aanbeveel dat meer klem op liggaamlike fiksheid geplaas word en dat sport met die oog daarop formeel by militêre opleiding ingelyf word. (Stappe was inderwaarheid alreeds onderweg om laasgenoemde te bewerkstellig.) Die Komitee het voorts aanbeveel dat die gesagstrukture van die studente, soos beliggaam in die Studentebeheerorganisasie, verder ontwikkel en met meer gesag beklee moes word. Die uitgangspunt was dat die studente se eie gesagstrukture tot die handhawing van die beginsels van militêre gedrag en die kweek van leierskap bygedra het. Ten opsigte van funksionele militêre ontwikkeling gedurende resestye, het die Komitee aanbeveel dat die weermagsdele met ingang van Januarie 1990 verantwoordelikheid vir die planmatige opleiding en aanwending van hul studente gedurende die somer- en winterreses aanvaar.[57]

## 7.4 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE WIMPOLE-VERSLAG, 1990

Die Verdedigingsbevelsraad het die bevindings en aanbevelings van die WIMPOLE-verslag in breë trekke aanvaar. Genl. Geldenhuys het daarop gewys dat daar nie genoeg blankes was om in al die leiersbehoeftes van die Weermag te voorsien nie en dat daar derhalwe 'n doelgerigte poging aangewend moes word om sogenaamde anderskleurige studente vir die Akademie te werf. Hy het dit beklemtoon dat daar tot in daardie stadium geen doelbewuste werwing van anderskleurige studente vir die Akademie was nie. Die paar wat wel tot die Akademie toegelaat is (en waaronder geen swartes was nie), het toevallig daar beland

56. WIMPOLE-verslag, p.45-46.
57. WIMPOLE-verslag, p.26, 28, 40, 44, 46-47.

omdat hulle vanuit die manskapsgeledere offisiersaanstellings gekry en daarna vir die Akademie gekeur is. Die Raad het derhalwe besluit dat daar het 'n stelsel geskep moes word waardeur anderskleurige offisierskandidate, veral ook swartes, gewerf kon word om na 'n basiese opleiding van twee of drie maande direk tot die Akademie toegelaat te word. Gegewe die skolastiese agterstand wat sodanige kandidate moontlik sou kon hê, moes hulle, waar nodig, die geleentheid gegee word om 'n voorbereidingskursus mee te maak om hulle op die vereiste standaard vir toelating tot die B.Mil.-kursus te bring.[58]

Die Verdedigingsbevelsraad het die aanbeveling met betrekking tot die toewysing van 5% van die jaarlikse eerstejaarvakatures aan kandidate van ander Afrika-state aanvaar, maar besluit dat toelatingsvereistes nie té streng toegepas moes word nie en dat, indien nodig, oorweging aan sogenaamde "diplomatieke slaagpunte" gegee moes word. Dit was, aldus genl. Geldenhuys, ook die praktyk by buitelandse instellings. Genl. Geldenhuys het naamlik daarop gewys dat dit in die lig van kontemporêre politieke ontwikkelinge belangrik was dat Suid-Afrika hom as die toonaangewende streeksmoondheid laat geld en bande met ander Afrika-state bou. Soos wat Brittanje deur kandidate van Statebondslande tot Sandhurst en Camberley toe te laat, sy invloed in daardie kringe uitgebrei het, kon die Weermag ook deur die Militêre Akademie help om Suid-Afrika se invloed as voorste streeksmoondheid uit te bou.[59] Die Minister van Verdediging het daarop goedkeuring verleen dat vyf studente uit die TBVC-lande en ander Suider-Afrikaanse state jaarliks met ingang van 1991 tot die Militêre Akademie toegelaat kon word. Die gedagte was aanvanklik dat die buitelandse studente óf die normale driejarige B.Mil.-graadkursus óf 'n driejarige sertifikaatkursus sou volg. Die beoogde sertifikaatkursus sou op 'n laer vlak as die graadkursus aangebied word, hoofsaaklik op die geesteswetenskappe fokus en nie deur die Universiteit van Stellenbosch onderskryf word nie.[60] Die idee van die sertifikaatkursus is egter spoedig laat vaar en daar is in September 1990 besluit dat die buitelandse studente die B.Mil.-graadkursus in die Geesteswetenskappe sou volg. Diegene wat nie die mas opgekom het nie, sou egter nie soos normaalweg aan die graadkursus onttrek word nie,

---

58. Lopende argief H Pers, PSR, notule van spesiale PSR-vergadering, 12 Oktober 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/103/1/8/2/3 (Geheim) vol. 1, uittreksels uit notule en verbatim-verslag van VBR-vergadering 10/89, 13 Oktober 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 70, MA/R/103/1/8/2: PROJEK WIMPOLE: Verslag oor opvolgondersoek, 6 November 1989.

59. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/103/1/8/2/3 (Geheim) vol. 1, uittreksels uit notule en verbatim-verslag van VBR-vergadering 10/89, 13 Oktober 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 70, MA/R/103/1/8/2: PROJEK WIMPOLE: Verslag oor opvolgondersoek, 6 November 1989.

60. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/103/7/1 (Vertroulik) vol. 1, inlae 28, brief HSP/DBO/V/103/7/1, H SAW (HSP) – H Leër en HSI, 8 Junie 1990.

maar sou, afhangende van die kandidaat se vordering, vir een, twee of drie jaar daarmee voortgaan, waarna hy/sy bloot 'n bywoningsertifikaat van die Militêre Akademie sou ontvang.[61]

Synde 'n sterk voorstander van 'n tradisionele militêre akademie, het genl. Geldenhuys die Verdedigingsbevelsraad oortuig om 'n opvolgondersoek deur die WIMPOLE-projekspan te gelas na die moontlikheid om studente, na 'n kort basiese opleiding, reeds in dieselfde jaar wat hulle by die Weermag aangesluit het, by die Akademie te laat inskryf. Die Raad het voorts besluit dat die projekspan opnuut moes bepaal vir hoeveel studente die Akademie voorsiening behoort te maak, asook hoe damestudente by die Akademie geakkommodeer kon word en vir hoeveel damestudente voorsiening gemaak moes word. Die Raad het verder op aandrang van genl. Geldenhuys opdrag gegee dat die projekspan ondersoek moes instel na die insluiting van Krygsgeskiedenis as verpligte vak in al drie B.Mil.-rigtings, asook die instelling van semesterkursusse in Volkereg.[62] Genl. Geldenhuys se aandrang op Krygsgeskiedenis as verpligte vak het gespruit uit 'n dringende behoefte wat hy gevoel het om die krygskunde as wetenskaprigting te definieer (wat nooit voorheen gedoen is nie), ten einde te bepaal watter vak die hoeksteen moes wees waarop die B.Mil.-kursusse gebou moes word. Na sy mening het die krygskunde oor die voer (en wen) van oorlog gegaan. Krygsgeskiedenis was derhalwe volgens hom die vak "wat die naaste kom aan 'n studie van die krygskunde ...[en] waar jy begin leer om oorlog te maak."[63] Dié siening het gestrook met die opvatting met die stigting van die Militêre Akademie (vergelyk hoofstuk 2), toe Krygsgeskiedenis gesien is as die agtergrond waarteen alle ander vakke gedoseer moes word. Dit was sekerlik ook die rede waarom Krygsgeskiedenis volgens die Malan-model 'n verpligte vak vir alle studente was. Dit was ook in ooreenstemming met die opvatting (soos in hoofstuk 1 aangetoon) dat militêre professionalisme 'n bepaalde kennis van die krygsgeskiedenis vereis. Die probleem was egter, soos aanstons aangetoon sal word, dat genl. Geldenhuys oënskynlik te letterlik op "die leer om oorlog te maak" ingestel was.

Kdoor. Simpson-Anderson het in sy opvolgondersoek bevind dat die weermagsdele nie geneë was om kandidate na die Akademie te stuur alvorens hulle minstens hul

61. Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 3, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 19 September 1990.
62. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/103/1/8/2/3 (Geheim) vol. 1, uittreksels uit notule en verbatim-verslag van VBR-vergadering 10/89, 13 Oktober 1989; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 70, MA/R/103/1/8/2: PROJEK WIMPOLE: Verslag oor opvolgondersoek, 6 November 1989.
63. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/103/1/8/2/3 (Geheim) vol. 1, uittreksel uit verbatim-verslag van VBR-vergadering 10/89, 13 Oktober 1989, p.14.

vormingskursus voltooi en hul voete in hul weermagsdele gevind het nie. Hy het derhalwe aanbeveel dat kandidate, ooreenkomstig die oorspronklike aanbevelings van die WIMPOLE-verslag, eers in hul tweede diensjaar tot die Akademie toegelaat word. Kdoor. Simpson-Anderson het voorts op grond van die behoeftes van die weermagsdele en die getal offisiere wat jaarliks na afhandeling van hul vormingsopleiding aan die vereistes vir toelating tot die Akademie sou voldoen, aanbeveel dat daar jaarliks nagenoeg 220 eerstejaars ingeneem moes word en dat daar in totaal (eerste-, tweede- en derdejaars) vir 545 studente per jaar voorsiening gemaak moes word. Verder het hy bevestig dat die drie nuwe vakke, te wete Wiskunde, Fisika en Lugvaartkunde vir die geesteswetenskaplike studierigting, ontwikkel sou word vir instelling teen Januarie 1991. Kdoor. Simpson-Anderson, sowel as die Dekaan en die drie Afdelingshoofde van die Fakulteit Krygskunde, het genl. Geldenhuys se siening onderskryf dat alle studente by die Akademie Krygsgeskiedenis behoort te volg. Dit sou egter beteken dat die Handels- en Natuurwetenskappe elk 'n vak sou moes opoffer om vir Krygsgeskiedenis as verpligte vak plek te maak. Daarom het kdoor. Simpson-Anderson aanbeveel dat 'n niegraadvak, Militêre Studie, bestaande uit Krygsgeskiedenis, Staatsleer en Internasionale Reg, eerder as deel van militêre vormingsopleiding vir alle studente ingestel word. Weens die gebrek aan geskikte akkommodasie vir damestudente, het kdoor. Simpson-Anderson aanbeveel dat daar in 1991 drie damestudente toegelaat word en dat elke daaropvolgende inname op die prestasie van hul voorgangers en die beskikbare akkommodasie gebaseer word.[64]

Genl. Geldenhuys was duidelik nie daarvan oortuig dat die nuwe studierigtings tot die kern van die krygskunde deurgedring het nie. Die Verdedigingsbevelsraad het naamlik teen die begin van 1990 'n herondersoek na die inhoud van die B.Mil.-graadkursusse gelas, met die oog daarop om dit meer militêr-georiënteerd te maak. Dié herondersoek het onder leiding van die nuwe Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. (later genl.maj.) F.E. du Toit, geskied. Hy is bygestaan deur die Dekaan van die Fakulteit Krygskunde, kol. J.C. Kotzé, die drie Afdelingshoofde van die Fakulteit Krygskunde, s.adm. R. Eberlein en kapt. (SAV) P.v. Z. Loedolff van die Afdeling Personeel, asook verteenwoordigers van die Universiteit van Stellenbosch. Die militêre opperbevel het in daardie stadium klaarblyklik sterk klem op die instelling van Militêre Bestuur as vak gelê, terwyl die posisie van Krygsgeskiedenis en die instelling van Internasionale en Oorlogsreg opnuut onder die soeklig gekom het.[65] Genl.

64. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 1, inlae 70, MA/R/103/1/8/2: PROJEK WIMPOLE: Verslag oor opvolgondersoek, 6 November 1989.

65. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 8, MA/B/103/1/8/2 PROJEK WIMPOLE: Verslag oor herondersoek na die inhoud van die B.Mil.-graadkursus, 30 Maart 1990, pp.1, 4 - 7.

Geldenhuys se hand was duidelik waarneembaar in die riglyn wat ten opsigte van Krygsgeskiedenis neergelê is. Dié riglyn was soos volg:

> "Die Krygsgeskiedeniskursus moet uitgebrei word om aspekte soos teenrewolusionêre oorlogvoering en strategie te dek, asook die studie van vorige oorloë met die doel om lesse geleer en die beginsels van oorlogvoering te ontleed. Hierdie kursus moet ontwikkel word in 'n studie van die krygskuns."[66]

Ofskoon die ondersoekspan met die oog op maksimale beroepsgerigtheid die moontlike instelling van 'n enkele B.Mil.-studierigting met 'n beperkte keuse uit slegs nege vakdissiplines ondersoek het, het brig. Du Toit aanbeveel dat die drie graadrigtings behou word, met beperkte vakkeuses uit 19 vakke in 12 loopbaangerigte studiekursusse ooreenkomstig die verskillende beroepsgroepe in die weermag. Die belangrikste oorwegings vir die behoud van die drie studierigtings was om aan die studente te midde van die komplekse sosio-politieke situasie in Suid-Afrika die breedste moontlike agtergrond te gee, differensiasie op grond van die belangstellings, vermoëns en aanleg van die studente en die spesifieke behoeftes van die verskillende weermagsdele, korpse en afdelings moontlik te maak en terselfdertyd die moontlikheid tot nagraadse studie in die meeste hoofvakke by ander universiteite te skep.[67]

Brig. Du Toit se aanbevelings, wat vir implementering met ingang van 1991 aanvaar is, het daartoe gelei dat die Afdeling Handelswetenskappe na die Afdeling Bestuurswetenskappe herdoop en die aantal vakkursusse in die geestes- en natuurwetenskaplike studierigtings onderskeidelik van tien na elf en van nege na tien verhoog is. Verder is 'n aantal bestaande vakke geherstruktureer en enkele nuwe vakke ingestel. So is die vakbenaming Bedryfsekonomie (Mil.) met Militêre Bestuur vervang, terwyl die vak Lugvaartkunde in die natuurwetenskaplike rigting tot Militêre Tegnologie herbenaam is. Lugvaartkunde is terselfdertyd as 'n minder natuurwetenskaplike vak in die geesteswetenskaplike studierigting heringestel. Die vak Strafreg is uitgebrei om ook elemente van Volke- en Oorlogsreg in te sluit en tot Straf- en Militêre reg herdoop.[68] Die Verdedigingsbevelsraad se

---

66. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 8, MA/B/103/1/8/2 PROJEK WIMPOLE: Verslag oor herondersoek na die inhoud van die B.Mil.-graadkursus, 30 Maart 1990, p.1.
67. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 8, MA/B/103/1/8/2 PROJEK WIMPOLE: Verslag oor herondersoek na die inhoud van die B.Mil.-graadkursus, 30 Maart 1990, pp.1, 4 - 7.
68. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 8, MA/B/103/1/8/2 PROJEK WIMPOLE: Verslag oor herondersoek na die inhoud van die B.Mil.-graadkursus, 30 Maart 1990, pp.5 - 7.

riglyne vir die aanpassing van Krygsgeskiedenis was egter, aldus die destydse Hoof van die Afdeling Geesteswetenskappe, kol. J.S. Kotze, só ingrypend dat dit die aard, wese en wetenskaplikheid van die vak sou aantas.[69] Dit het daartoe gelei dat 'n nuwe, multidissiplinêre vak, Militêre Strategie, wat sover moontlik aan bovermelde riglyne van die Verdedigingsbevelsraad sou voldoen, ontwikkel is vir instelling as verpligte vak in al drie studierigtings met ingang van 1991.[70]

Die Akademie het intussen aan die begin van 1990 voortgegaan met die implementering van die aanbevelings van die Wimpole-verslag wat deur die VBR goedgekeur is.[71] Te midde daarvan het president F.W. de Klerk op 2 Februarie 1990 die ontbanning van die ANC, die PAC die SAKP en ander verbode organisasies in die Parlement aangekondig. Skaars 'n week later, op 11 Februarie 1990, het Nelson Mandela na 27 jaar van politieke gevangenskap uit die tronk gestap om die politieke toneel in Suid-Afrika vinniger en radikaler te herskik as wat die Weermaghervormers waarskynlik in die vooruitsig gestel het. Hierdie verwikkelinge het sekerlik toe reeds by die Akademie en elders in die Weermag die besef na vore gebring dat, soos 'n latere Bevelvoerder van die Militêre Akademie, brig. (later genl.maj.) P.O. Verbeek, dit in 1993 verwoord het, "die Militêre Akademie homself moet posisioneer sodat hy relevant kan bly" en dat die Akademie 'n "sleutelrol kan vervul in die voorbereiding van offisiere vir 'n toekomstige weermag" deur 'n gemeenskaplike vormingsproses wat "die implikasies van politieke, etniese, rasse (sic.) en ander verskille kan versag."[72]

Die politieke veranderinge aan die begin van 1990 het derhalwe sekerlik groter stukrag verleen aan die aggressiewe werwingspoging wat gedurende daardie jaar van stapel gestuur is om meer studente uit die nieblanke gemeenskappe, en spesifiek die swart gemeenskap, na die Akademie te lok. Soos beplan, het die Akademie terselfdertyd 'n oorbruggingskursus van sewe weke ingestel om kandidate uit dié gemeenskappe wat oor die potensiaal beskik het om 'n graad te behaal, maar vanweë 'n gebrekkige onderwysstelsel of persoonlike omstandighede nie vir universiteitstudie gereed was nie, op

---

69. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/106/1/B (Vertroulik) vol. 1, inlae 89, memorandum MA/B/103/1/8/2/3, Afdelingshoof Geesteswetenskappe – Dekaan Fakulteit Krygskunde, 28 Mei 1990.

70. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3/US vol. 5, inlae 64, brief MA/B/103/1/8/2/3, Bev. Mil. Akad.- Voors. Akademiese Beplanningskomitee, US, 8 Maart 1990; Vergelyk ook **Universiteit van Stellenbosch Jaarboek 1991 - 92**, Deel 14, **Fakulteit Krygskunde**, pp.3 - 6.

71. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 1, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad.- HSP, 9 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 5, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 28 September 1990.

72. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/505/1/6/3 (Vertroulik) vol. 1, ongenommerde inlae, voorligting aan Adj.-HSP deur Bev. Mil. Akad., 3 Junie 1993.

die gewenste standaard te bring. Alle buitelandse studente sou egter ook die oorbruggingskursus meemaak, terwyl blanke kandidate wat oor die nodige potensiaal beskik het, maar nie universiteitsgereed was nie, ook vir die oorbruggingskursus in aanmerking gekom het. Die klem by dié kursus, wat op die Weermag se onkoste deur die Universiteit van Stellenbosch se Instituut vir Taalonderrig aangebied is en weldra as die Militêre Akademie Voorbereidingskursus bekend geraak het, het op taal- en denkvaardighede geval. Kandidate wat die Voorbereidingskursus geslaag het, sou die geleentheid kry om, indien nodig, hul graad oor vier in plaas van die normale drie jaar te voltooi. Gedurende die eerste jaar sou hulle slegs twee vakke volg, terwyl hulle volgehoue studiehulp deur middel van spesiale 'n akademiese steunprogram sou ontvang om hulle geleidelik hul voete in die universitêre omgewing te laat vind. Die gedagte was dat die Instituut vir Taalonderrig die Akademie-dosente by wyse van 'n kort kursus sou touwys maak om die brugkursuskandidate deur volgehoue akademiese steun te help om hul volle potensiaal te ontwikkel. Verder was die beplanning om met ingang van 1991 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon by die Militêre Akademie aan te stel om die akademiese steunprogram te behartig. Die oogmerk was voorts dat dié persoon in die lig van die swaarder belading van die B.Mil.-kursusse ook van 1991 af 'n akademiese steunprogram vir alle eerstejaarstudente, asook vir tweede- en derdejaarstudente wat 'n behoefte daaraan gehad het, sou aanbied.[73] Die eerste Voorbereidingskursus, bygewoon deur 15 kandidate (waaronder vier offisiere van die Transkei Weermag), is reeds van 15 Oktober tot 30 November 1990 op Stellenbosch aangebied.[74]

Die bal is ook aan die rol gesit om uitvoering aan die besluit tot groter klem op voortgesette militêre vormingsopleiding te gee. 'n Nuwe Hoof Militêre Instrukteur, met die rang van kommandant, is naamlik aangestel, terwyl Woensdae as "militêre dae" benut is. Hierdie militêre dae is onder meer aan inligtingsvoorligtings, lesings deur besoekende sprekers, skoling in taalvaardighede, drilwerk en parades, skietoefeninge, asook sport en liggaamlike opleiding gewy. Die beplanning was egter om die militêre dae van 1991 af te gebruik om

---

73. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3/US vol. 4, inlae 143, brief MA/B/103/1/8/2/3/US, Bev. Mil. Akad.- HSP, 28 Maart 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 1, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad.- HSP, 9 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2 vol. 2, inlae 9, brief MA/B/103/1/8/2 Project Wimpole, Bev. Mil. Akad. - HSP, 24 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/102/1/4 vol. 4, inlae 83 brief MA/B/102/1/4, Bev. Mil. Akad. – H SAW (HSP), 27 September 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 5, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad. - HSP, 28 September 1990; Mil. Akad. Argief, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde vol. 3, Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 19 September 1990.

74. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/103/1/8/2/3US vol. 5, inlae 29, ongenommerde brief, dr. H.L. Botha – Dekaan Fakulteit Krygskunde, 31 Januarie 1991.

militêre kursusse op 'n stuksgewyse, onderbroke basis aan te bied. Dit sou, saam met die funksionele kursusse wat die studente volgens die nuwe offisiersontwikkelingstelsel gedurende die lang winterreses (ses weke) by hul weermagsdele bygewoon het, sover moontlik verhoed dat die studente gedurende hul verblyf by die Akademie loopbaangewys agter raak by hul kollegas wat nie die B.Mil.-kursus geloop het nie. Die drie militêre weke, wat voorheen hoofsaaklik vir ontspanningsaktiwiteite benut is, is ook van 1990 af meer doelgerig benut, onder meer vir die aanbied van berede kursusse, seilkursusse, navigasiekursusse, vliegopleiding en natuurbewaringskursusse. Verder is die Studentebeheerorganisasie, wat direk aan die Hoof Militêre Instrukteur verantwoordelik was, uitgebou om dit in ooreenstemming met die Studenteraad van die Universiteit van Stellenbosch te bring. 'n Beperkte tugfunksie is ook opnuut aan die Studentebeheerorganisasie opgedra.[75]

Ten spyte van die groter klem op voortgesette militêre vormingsopleiding wat uit Projekte KINGSROW en WIMPOLE voortgevloei het, het akademiese onderrig steeds onteenseglik die swaartepunt van die opleidings-/opvoedingsprogram by die Akademie gebly. Die doel van die Akademie is steeds amptelik geformuleer as synde om akademiese opleiding vir Staandemagoffisiere aan te bied deur middel van 'n voltydse, driejarige B.Mil.-kursus, nagraadse studie in krygskunde en ander verwante kursusse, hetsy ter verfrissing of ter verryking. Die formulering van die funksies van die Akademie het ondubbelsinnig gelei dat "die lynfunksie ... deur die Fakulteit Krygskunde uitgevoer (word)", terwyl daar "verder ... voorsiening ([ge]maak) [word] vir Navorsing en Ontwikkeling, Militêre Opleiding en Steundienste."[76]

Wat sy fisiese infrastruktuur betref, was die Akademie teen die begin van die negentigerjare inderwaarheid nog in dieselfde posisie as twee dekades gelede. Aangesien Projek WIMPOLE ook 'n herbesinning oor die studentetal van die Akademie behels het, het dit Projek KLANK, wat bykans 'n dekade tevore geloods is om vir die uitbreiding van die geboukompleks en ander fasiliteite van die Akademie voorsiening te maak, noodwendig vertraag. Projek KLANK was teen Oktober 1989 in die agtiende posisie op die Weermag se bouprogram, met die verwagting dat die beplanning van die bouwerk teen die einde van

75. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 1, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad.- HSP, 9 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 66, voorligting oor Mil. Akad. aan s.adm. R. Eberlein en brig. J.C. van Deventer, 5 Junie 1990.

76. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 66, voorligting oor Mil. Akad. aan s.adm. R. Eberlein en brig. J.C. van Deventer, 5 Junie 1990.

1990 kon begin en dat die nuwe fasiliteite vroeg in 1994 beskikbaar sou wees.[77] Soos vroeër aangedui, was daar teen die einde van 1990 helaas nog geen sooi gespit nie.

## 7.5 DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE SENTRUM VIR MILITêRE STUDIE, 1990

Die KINGSROW-verslag van Maart 1987 het daarop gewys dat navorsing by die Militêre Akademie, met die uitsondering van navorsing wat op die verwerwing van akademiese kwalifikasies gerig was, "slegs op een terrein, nl (sic.) rewolusionêre oorlogvoering, gedoen ... word."[78] Die KINGSROW-komitee het binne die konsep van 'n offisiersakademie aanbeveel dat 'n navorsingsinstituut met 'n veel breër fokus vir die SA Weermag ontwikkel word. Die Komitee het die mening uitgespreek dat ofskoon so 'n navorsingsinstituut, wat ook die verskillende kolleges van die SA Weermag van kundigheid moes bedien, wel die Akademie as kennisbron moes benut, dit nie noodwendig by die Militêre Akademie gesetel hoef te wees nie.[79] Die Hoof van staf Personeel het uiteindelik besluit om nie oor die kort of medium termyn 'n afsonderlike navorsingsinstituut onder die vleuels van die Offisiersakademie te stig nie. Hy het derhalwe voorlopig net 'n Navorsings- en Ontwikkelingskoördineringskomitee in die lewe geroep om navorsingsbehoeftes in die Weermag proaktief te identifiseer en navorsingsprojekte te inisieer en te koördineer. Die Dekaan van die Militêre Akademie het ook in laasgenoemde komitee gedien. Die langtermynbeplanning was steeds om 'n voltydse navorsingsinstituut onder die vleuels van die Beheerraad van die Offisiersakademie te stig, met die opsie om dit op een of ander wyse aan die Militêre Akademie te verbind, ten einde dié instelling se kontak met die akademiese wêreld te eksploiteer.[80]

Dit was vermoedelik in opvolging van die KINGSROW-aanbevelings dat Senro ná die aanstelling van 'n voltydse Hoof van Navorsing en Ontwikkeling (wat ook die amp van Direkteur van Senro beklee het) in die persoon van kol. (dr.) L. du Plessis in Januarie 1989, in oorleg met sy Beheerkomitee, die Fakulteit Krygskunde en lede van die Uitvoerende Komitee van die Universiteit van Stellenbosch, 'n omvattende ondersoek na die naam en

---

77. Mil. Akad. Argief, Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan VBR, 13 Oktober 1989, p.7.
78. KINGSROW-verslag, p.H-7.
79. KINGSROW-verslag, pp.95, 99.
80. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/521/3/1 vol. 1, inlae 37, stafgeskrif insake stigting van 'n navorsingsinstituut, 6 Julie 1988; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/521/3/1 vol. 1, inlae 39, brief HSP/DPROJ/R/103/1/8/2/K345, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 26 Augustus 1988.

navorsingsterrein van dié navorsingsentrum geloods het.[81] Die doel was om die navorsingsprojekte van die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling doelgerig toe te spits op nasionale tendense wat die rol van die Militêre Akademie en die SA Weermag beïnvloed het, met besondere verwysing na die ontleding van die aard van die ontwikkeling van gemeenskappe, internasionale en interne konflik en die bestuur van nasionale veiligheid, spesifiek in Suid-Afrika.[82] Dié ondersoek het daartoe gelei dat Senro se naam met ingang van 24 Augustus 1990 na die Sentrum vir Militêre Studie, Universiteit van Stellenbosch (Semis) verander[83] en sy navorsingsfokus verbreed is na 'n studie van "die (meer omvattende) militêre lewensterrein en (alle) faktore wat dit beïnvloed, sowel in die algemeen as in Suid-Afrika."[84] Daarby het Semis hom ten doel gestel om "leiding (te gee) aan weermagslede en burgerlikes wat militêre sake navors en ... sulke navorsing aan die Militêre Akademie (te koördineer)", asook om "navorsingsresultate aan die Militêre Akademie, die Suid-Afrikaanse Weermag en burgerlike teikengroepe, deur middel van aanbiedings, publikasie en kursusse (bekend te stel)."[85]

Die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling het voortaan in die praktyk as Semis gefunksioneer, soos wat dit vroeër as Senro gefunksioneer het. Semis het op Senro se werksaamhede voortgebou en sy databasis, navorsingsprojekte en skakeling na buite in ooreenstemming met sy verruimde doelstellings uitgebrei. Dié proses het inderwaarheid reeds aan die begin van 1989, voor die amptelike herskepping van Senro as Semis, 'n aanvang geneem. In die lig van die toenemende belangrikheid van arbeidsverhoudinge en vakbonde in Suid-Afrikaanse politieke milieu en die implikasies daarvan vir die SA Weermag, het die Afdeling Navorsing en Ontwikkeling vanaf 1989 navorsing in daardie verband onderneem en by die aanbied van 'n kursus in nywerheidsverhoudings as deel van

---

81. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 1, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad.- HSP, 9 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, pp.43 – 46.

82. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/501/1 vol. 2, inlae 1, brief MA/B/501/1, Bev. Mil. Akad.- HSP, 9 April 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/518/7/1 vol. 1, inlae 66, voorligting oor Mil. Akad. aan s.adm. R. Eberlein en brig. J.C. van Deventer, 5 Junie 1990.

83. US Argief, Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch vol. 163, Notule van die gewone vergadering van die Raad, 8 September 1990; Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; vergelyk ook Reglement van Semis, aangeheg by voormelde Jaarverslag.

84. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; vergelyk ook Reglement van Semis, aangeheg by voormelde Jaarverslag.

85. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; vergelyk ook Reglement van Semis, aangeheg by voormelde Jaarverslag.

die Bedryfsielkunde (Mil.)-leerplan betrokke geraak. Daarna het Semis se navorsingsprojekte ook begin om die breër terrein van nasionale veiligheid, met besondere verwysing na die veiligheidsituasie in Suid-Afrika en verbandhoudende temas, soos niegewelddadige verset, massa-aksie en militêr-strategiese aangeleenthede, te bestryk. Ofskoon enkele artikels uit die pen van kol. Du Plessis oor sy spesialisveld, die Sowjet-weermag en die verpolitisering van die Sowjet-soldaat, in die pers verskyn het, het Senro/Semis se navorsingsresultate in daardie vroeë stadium nog nie werklik in publikasies neerslag gevind nie.[86]

Benewens bogenoemde navorsingsprojekte in belang van die Weermag, het Senro/Semis ook 'n interne diens aan die Akademie gelewer. Dit het eerstens navorsingshulp aan studente en dosente aan die Fakulteit Krygskunde behels, hoofsaaklik in terme van bronneversameling. Verder het die sentrum 'n bydrae tot institusionele ontwikkeling gemaak, deur die aard van die militêr-akademiese opvoeding van offisiere in die buiteland onder die loep te neem. In 1989 is 'n Studie-opleidingskomitee onder die Hoof van Navorsing en Ontwikkeling in die lewe geroep om eerstejaarstudente aan wetenskaplike studiemetodes bekend te stel en hulle van praktiese advies met betrekking tot studieprobleme te bedien. Laasgenoemde projek is gedurende 1990 aan die Departement Bedryfsielkunde (Mil) oorgedra. Semis het ook gedurende 1990 diepgaande navorsing onderneem in verband met die oorbrugging van onderwysagterstande by studente uit die histories benadeelde gemeenskappe, wat op die instelling van bovermelde brugkursus uitgeloop het.[87]

Die omvorming van Senro tot Semis was 'n positiewe ontwikkeling, deurdat dit die navorsingsfokus van die sentrum verbreed het en dus potensieel 'n groter bydrae tot die uitbreiding van militêr-akademiese kennis in die SA Weermag kon lewer. Met 'n diensstaat van slegs drie voltydse navorsers,[88] sou die sentrum se navorsingsuitset egter nie werklik betekenisvolle afmetings kon aanneem nie. Om werklik van praktiese waarde vir die Weermag te kon wees, sou 'n veel groter navorsingspan verg.

---

86. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, pp.44 – 46.
87. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991; **Militêre Akademie Jaarblad 1989**, pp.44 – 46.
88. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/101/8-JAARVERSLAE vol. 1, inlae 1, Sentrum vir Militêre Studie: Jaarverslag 1990, 4 April 1991.

## 7.6 DIE NEERSLAG VAN MILITêRE AKADEMIE-GRADUANDI IN DIE SA WEERMAG TEEN 1990

Die Militêre Akademie het in 1990 sy veertigste bestaansjaar herdenk met die ontvangs van 'n nasionale vaandel op 30 Maart 1990, gevolg deur 'n seremoniële mars deur die strate van Vredenburg-Saldanha op sy verjaarsdag, 1 April 1990, om sy Reg van Vrye Toegang tot dié dorpe te vier.[89] Hierdie twee gebeurtenisse het op 'n besondere manier getoon hoe diep die Akademie oor 40 jaar in beide die plaaslike burgerlike gemeenskap en die militêre gesagstrukture wortelgeskiet het. Die seremoniële mars deur die strate van Vredenburg-Saldanha het getuig van die besondere verhouding wat die Akademie sedert sy vestiging op Saldanha met die plaaslike gemeenskap opgebou het. Die belangrikste akteurs in die oorhandiging en ontvangs van die nasionale vaandel het getoon tot welke mate die produkte van die Akademie hulle reeds tot op die hoogste militêre vlakke voelbaar gemaak het. Die order vir die vaandelparade is naamlik uitgereik deur 'n oudstudent, genl. J.J. Geldenhuys, Hoof van die SA Weermag,[90] terwyl die oorhandiger van die vaandel, genl. M.A. de M. Malan, Minister van Verdediging, insgelyks 'n oudstudent was. Aan die ontvangkant was brig. F.E. du Toit, die sesde oudstudent wat as Bevelvoerder na sy alma mater teruggekeer het.

Teen die einde van 1990 het altesaam 1207 offisiere sedert die stigting van die Akademie die B.Mil.-graad (of die B.Sc. (Mil.)/B.A. (Mil.) in die geval van die 25 kandidate wat aan die Universiteit van Pretoria gegradueer het) verwerf, terwyl 30 die Hons.B.Mil.-graad, twee die M.Mil.-graad en een die D.Mil.-graad verwerf het.[91] Dit is baie moeilik om te bepaal hoeveel van die 1207 Akademie-graduandi in diens van die Weermag gebly het en hoeveel van hulle daar nog teen die einde van 1990 in diens was. Teen die tweede helfte van 1975 was daar nog 428 van die 553 graduandi wat die Akademie tot in daardie stadium opgelewer het in diens van die Weermag,[92] 'n retensie dus van sowat 77%. Oor die volgende paar jaar het dié syfer drasties gedaal. Volgens 'n opname wat die Afdeling Personeel in Mei 1978 gemaak het, was daar naamlik op daardie datum slegs 323 B.Mil.-graduandi in die

---

89. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2/1 vol. 3, inlae 1, HSP/D SER/512/2/1: Spesiale Parade-order no. 1/90 deur genl. J.J. Geldenhuys, H SAW, 16 Februarie 1990; **Militêre Akademie Jaarblad 1990**, pp.10 – 13.
90. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/B/512/2/1 vol. 3, inlae 1, HSP/D SER/512/2/1: Spesiale Parade-order no. 1/90 deur genl. J.J. Geldenhuys, H SAW, 16 Februarie 1990.
91. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, 1953 - 1990.
92. E.M. Müller, et al., reds: **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**, p.31.

Weermag,[93] slegs sowat 49% uit die totaal van 659 afgestudeerdes.[94] (Dié daling het saamgehang met 'n baie hoë bedankingsyfer onder Staandemagoffisiere in daardie tydperk. Daar het in 1978 ongeveer 38% meer offisiere uit die Staande Mag bedank as in 1977, terwyl daar 6.5% meer bedankings in 1979 as in 1978 was.[95]) Dit is insgelyks nie maklik om te bepaal welke persentasie die Akademie-graduandi op 'n gegewe tydstip van die totale offisierskorps uitgemaak het nie. Indien bovermelde getal van 323 graduandi in Mei 1978 vergelyk word met die Staandemagoffisierskorps se totale sterkte van 6 095 offisiere op 31 Januarie 1979,[96] het dit op ongeveer 5% te staan gekom. Volgens die beskikbare statistiek, wat nie baie betroubaar is nie, het die Akademie-graduandi teen die einde van 1990 sowat 7,2% (250 uit 'n totaal van 3 469) van die Staandemagoffisierskorps uitgemaak.[97] As daar in aanmerking geneem word dat altesaam 274[98] kandidate tussen Desember 1985 en Desember 1990 alleen die B.Mil.-graad verwerf het, was daar waarskynlik heelwat meer as 250 Akademie-graduandi in die Weermag teen 1990. Die retensiekoers van Akademie-graduandi was klaarblyklik nietemin baie laag, vermoedelik hoofsaaklik vanweë beter finansiële vooruitsigte in die burgerlike sektor.

Sover vasgestel kon word, het nagenoeg 105 Akademie-graduandi teen die einde van 1990 tot die rang van brigadier/kommodoor of hoër gevorder, te wete drie tot die rang van generaal, 11 tot die rang van luitenant-generaal/vise-admiraal, 27 tot die rang van generaal-majoor/skout-admiraal en 64 tot die rang van brigadier/kommodoor). Drie van hierdie offisiere, te wete genl. M.A. de M. Malan (1976 – 1980), genl. C.L. Viljoen (1980 – 1985) en J.J. Geldenhuys (1985 – 1990) het van 1976 tot 1990 agtereenvolgend die pos van Hoof van die Weermag beklee –nadat hulle ook sedert 1973 agtereenvolgend die pos van Hoof van die Leër beklee het. Genl. Malan het voorts in 1980 Minister van Verdediging geword, 'n portefeulje wat hy tot in 1990 beklee het. Daarnaas het die Akademie tot 1990 ook 'n Hoof van die Lugmag, lt.genl. J.P.B van Loggerenberg (vanaf 1988) en 'n Hoof van die

---

93. SANWA, Mil. Akad. (Gp. 4) 2, MA/102/1/B vol. 1, inlae 64, brief HSP/DMV/102/1/B, H SAW (HSP) – Bev. Mil. Akad., 22 Mei 1978.
94. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, April 1953 – Maart 1978.
95. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/501/8/2 (Geheim) vol. 1, inlae 5, memorandum HSP/DPO/S/501/8/2, HSP – H SAW, 21 April 1980.
96. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/G/501/8/2 (Geheim) vol. 1, inlae 2, memorandum HSP/DPA/501/8/2, HSP – H SAW, 31 Januarie 1979.
97. Statistiek (per rekenaaruitdruk) verskaf deur kapt. J.N. Vercuiel, SANW Menslike Hulpbronne Ondersteuningsentrum, Pretoria, 17 Julie 2000; J.N. Vercuiel - G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 19 Julie 2000.
98. Vergelyk Mil. Akad. Argief, naamlys van Mil. Akad.-graduandi, 1985 – 1990.

Vloot, v.adm. A.P. Putter (1982-85 en 1989–90), opgelewer.[99] Verskeie graduandi van die Akademie wat uit die diens van die Weermag getree het, het natuurlik ook elders topposte beklee. Een van baie voorbeelde is prof. C.L. de Koning, Hoof van die Universiteit van Stellenbosch se Nagraadse Bestuurskool. Dit dien egter gemeld te word dat die B.Mil.-graad binne die Weermag nie sonder meer 'n paspoort tot sukses was nie. Daarvan getuig die talle offisiere wat sonder 'n B.Mil.-graad of enige ander tersiêre akademiese kwalifikasie die hoogste sport bereik het. Daar was natuurlik ook verskeie offisiere wat nie die mas met hul B.Mil.-studie kon opkom nie, maar tog tot in die topstruktuur van die Weermag gevorder het. 'n Goeie voorbeeld daarvan is v.adm. L.J. Woodburne wat ondanks sy onsuksesvolle studie aan die Akademie (1960 – 1961) 'n baie suksesvolle loopbaan in die Vloot gehad het en in Julie 1990 Hoof van die SA Vloot geword het.[100]

Teen Junie 1991 was daar na raming 75 Akademie-graduandi op die rangvlakke brigadier/kommodoor of hoër in die Weermag, te wete 5 (uit 12) luitenant-generaals/vise-admiraals, 18 (uit 32) generaal-majoors/skout-admiraals en 52 (uit 160) brigadiers/kommodoors. Hulle het dus byna 37% van die 205 poste op daardie rangvlakke beklee. Dit het die poste van Hoof van die Lugmag (lt.genl. J.P.B. van Loggerenberg), die Hoof van Staf Operasies (lt.genl. J.J. Bisschoff), Hoof van Staf Beplanning (lt.genl. A.J.S. van der Lith), Hoof van Staf Logistiek (lt.genl. K.M. Pickersgill), Hoof van Staf Finansies (v.adm. P. Murray), Inspekteur-generaal van die SA Leër (genl. maj. H. Roux), Hoofdirekteur Mannekragontwikkeling (s.adm. R. Eberlein), Inspekteur-generaal van die SA Lugmag (genl. maj. G.J. Coetzee) en verskeie ander sleutelposte ingesluit.[101]

Oudstudente van die Akademie is dit met weinig uitsondering eens dat hul studie aan die Akademie hulle beter vir hul taak as offisiere toegerus het. Voorbeelde wat oor die algemeen in dié verband aangestip word, is die vestiging van 'n breë verwysingsraamwerk, die bevordering van insig, analitiese denke, navorsings-, bestuurs- en leierskapvaardighede, prikkeling tot verdere studie, asook sosiale afronding en die kweek van 'n gebalanseerde lewensuitkyk. Verskeie oudstudente het ook melding gemaak van die waarde van gesamentlike studie aan die Akademie vir onderlinge begrip en latere

---

99. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/523/1/57 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, memorandum MA/V/523/1/57, KO H.R. van Rooyen – kmdt. G.E. Visser, 22 Desember 1993; Mil. Akad. Argief, SAW Senioriteitslyste: Offisiere, 1989 - 1991.

100. Mil. Akad. Argief, SAW Senioriteitslyste: Offisiere, 1989 – 1991; Mil. Akad. Argief, vraelys voltooi deur v.adm. L.J. Woodburne, 8 Maart 1995.

101. Mil. Akad. (Lopende Argief), MA/V/523/1/57 (Vertroulik) vol. 1, inlae 2, memorandum MA/V/523/1/57, KO H.R. van Rooyen – kmdt. G.E. Visser, 22 Desember 1993; Mil. Akad. Argief, SAW Senioriteitslyste: Offisiere, 1989 - 1991.

samewerking tussen die weermagsdele. Die meeste was dit eens dat hul B.Mil.-studie weinig direkte toepassingswaarde in hul loopbane gehad het. Dit is dan ook juis die enkelinge wat uitsluitlik 'n direkte toepassing van hul studie in hul loopbane gesoek het wat nie daarvan oortuig was dat hulle wel baat by hul B.Mil.-studie gevind het nie.[102] Ooreenkomstig die eise van militêre professionalisme het die waarde van die B.Mil.-graad dus eerder op die vlak van 'n breë, algemene opvoeding as in funksionele skoling gelê.

Die afsetting van Akademie-graduandi in die offisierskorps van die SA Weermag was miskien persentasiegewys te klein om werklik 'n eie tradisie van offisierskap soos Sandhurst of West Point te vestig. Daarvan getuig die feit dat die Militêre Akademie nooit in die omgangstaal as Saldanha bekend geraak het nie, soos wat die *United States Military Academy* en die *Royal Military Academy* onderskeidelik na aanleiding van hul standplase bloot as West Point en Sandhurst bekend geraak het. Die afsetting van 'n beduidende getal Akademie-graduandi in die Weermag oor 'n tydperk van veertig jaar het nietemin teen 1990 sekerlik 'n betekenisvolle neerslag van professioneel-filosofiese denke in die leierskap van die Weermag tot gevolg gehad wat die gang van militêre sake beïnvloed het. Soos hierbo vermeld, het oudstudente van die Akademie reeds sedert 1976 aan die Hoof van die Weermag gestaan, terwyl ook die Ministerie van Verdediging sedert 1980 'n oudstudent van dié instelling aan die Hoof gehad het. Teen die begin van 1991 was daar genoeg oudstudente van die Akademie in sleutelposte in die topstruktuur van die SA Weermag om, ondersteun deur die veel groter groep op die laer posvlakke, 'n betekenisvolle invloed op die voorbereiding van die Weermag vir die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" uit te oefen.

## 7.7 SLOTSOM

Verdedigingshoofkwartier het na aanleiding van die bevindings van die MPI-, KINGSROW- en WIMPOLE-verslae probeer om wat die Militêre Akademie betref, verskeie vlieë met een klap te slaan. Die instelling van 'n oorkoepelende Offisiersakademie het, minstens op teoretiese vlak, die akademiese opvoeding/opleiding van offisiere aan die Akademie weer formeel by 'n deurlopende offisiersontwikkelingsprogram ingeskakel. Die RSA se onttrekking uit SWA/Namibië en Angola na twee dekades van teenrewolusionêre oorlogvoering en die gepaardgaande afname in die operasionele behoefte aan junior

102. KINGSROW-verslag, p.H-6; Mil. Akad. Argief, vraelyste voltooi deur oudstudente van die Militêre Akademie, 1992 – 1995; Mil. Akad. Argief, onderhoude deur lt.kol. G.E. Visser met oudstudente van die Militêre Akademie, 1992 - 1995.

offisiere het sekerlik daartoe bygedra om dit moontlik te maak. Die verjonging van die studentekorps en die gepaardgaande verruiming van die militêre opleidingsprogram het gepoog om die Akademie die gedaante van 'n militêre universiteit te laat afskud en weer in die rigting van 'n meer tradisionele akademie te beweeg. Hierdie poging is egter in die wiele gery, deurdat die Akademie steeds junior offisiere in plaas van kandidaatoffisiere ingeneem het en akademiese onderrig steeds die hoofdoel van dié instelling gebly het. Solank as wat basiese vormingsopleiding ontbreek en graadstudie die botoon gevoer het, sou die Akademie nie werklik aan die beeld van 'n militêre universiteit kon ontsnap nie. Die stapsgewyse uitbreiding van die studentetal het die Akademie tot groter nut vir die Weermag gemaak en dit op 'n ietwat meer koste-effektiewe grondslag geplaas. Die besluit om meer sogenaamde anderskleurige studente te werf en opnuut damestudente toe te laat, het begin om die Akademie, soos die res van die Weermag, vir die ontluikende politieke veranderinge in Suid-Afrika te posisioneer. Die ooglopende versnelling in die pas van politieke verandering aan die begin van 1990 as gevolg van die ontbanning van die ANC, die PAC, die SAKP en ander verbode organisasies, gevolg deur die vrylating van Nelson Mandela, het groter druk op die Akademie geplaas om die samestelling van sy studentekorps te hervorm om die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika te reflekteer, beide wat ras en geslag betref.

Die klem op die eise van offisierskap en militêre professionalisme wat uit die aanvaarding van die KINGSROW-verslag voortgespruit het, was onteenseglik gedeeltelik daarop gemik om die invloed van die politieke veranderinge in Suid-Afrika op die Weermag te bestuur. Dit was daarop ingestel om te probeer verseker dat professionele militêre standaarde te midde van die verwagte verswarting van die Weermag gehandhaaf sou word en dat die offisierskorps van die "Nuwe Suid-Afrika" die rol van 'n weermag in 'n demokratiese samelewing sou begryp en eerbiedig. Daarin is sekerlik 'n betekenisvolle rol vir die Militêre Akademie voorsien.

Daar het oor die veertig jaar sedert die stigting van die Akademie in 1950 'n beduidende afsetting van Akademie-graduandi in die Weermag plaasgevind, wat geleidelik die offisierskorps tot op die hoogste vlakke deurspek en veral sedert die sewentigerjare 'n toonaangewende rol in die ontwikkeling van die Weermag gespeel het. Teen die begin van 1991 was daar verskeie oudstudente van die Akademie in sleutelposte in die Weermag wat, gerugsteun deur hul kollegas tot op junior offisiersvlak, 'n betekenisvolle invloed op die voorbereiding van die Weermag vir die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" kon uitoefen.

# HOOFSTUK 8

# SLOT

Die stigting van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie in 1950 kan teruggevoer word na die opkoms van militêre professionalisme en die gepaardgaande totstandkoming van militêre akademies in Europa en die VSA sedert die neëntiende eeu. Bewus van die eise van militêre professionalisme in die aangesig van die immer toenemende kompleksiteit van oorlogvoering, het die opstellers van die Suid-Afrikaanse Verdedigingswet van 1912 alreeds voorsiening gemaak vir die stigting van 'n opleidingsinrigting waar offisiere van die UVM ook onderrig van 'n opvoedkundige aard kon ontvang. Dié ideaal het egter nie met die stigting van die UVM gestalte gevind nie. Die *Zuid-Afrikaanse Militaire Skool* en sy latere opvolger, die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, wat uit die Verdedigingswet voortgespruit het, het naamlik tot ná die Tweede Wêreldoorlog oorwegend funksionele militêre opleiding vir die offisiere en aspirantoffisiere van die UVM aangebied. Eerstehandse ervaring van die kompleksiteit van kontemporêre oorlogvoering, deur die Unie se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, het egter die noodsaaklikheid van die akademiese opvoeding vir offisiere by die militêre owerhede in Suid-Afrika tuisgebring. Daarom het hulle in 1947, na die voorbeeld van West Point en Sandhurst, 'n kadetopleidingstelsel by die SA Militêre Kollege geïmplementeer wat daarop gemik was om die aspirantoffisier ooreenkomstig die eise van militêre professionalisme beide militêr en akademies op te voed. Die nuwe Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, het ná die Nasionale Party-oorwinning van 1948 op hierdie fondament voortgebou en die akademiese opvoeding van aspirantoffisiere met die stigting van die Militêre Akademie tot die vlak van 'n Baccalaureusgraad verhoog.

Minister F.C. Erasmus het egter ook 'n polities-kulturele doelwit met die stigting van die Militêre Akademie nagestreef. Hy het hom dit ten doel gestel om die sterk Britse karakter wat die UVM vanweë sy noue verbintenis met Brittanje ontwikkel het, af te breek en die UVM tot 'n selfstandige, moderne weermag met 'n eie Suid-Afrikaanse karakter, gegrondves in die Suid-Afrikaanse kultuur en tradisies, spesifiek ook dié van die Afrikaner, uit te bou. Om dié doelwitte te bereik, wou hy die offisierskorps van die Unie voed met jong offisiere wat militêr en akademies goed geskool en terselfdertyd met Afrikanernasionalisme besiel was. Daarom het hom daarop toegelê om veral Afrikanerseuns vir die Akademie te

werf en het hy die personeel van dié instelling sorgvuldig laat uitsoek om 'n opleidingsomgewing vir aspirantoffisiere te skep wat bevorderlik was vir die uitdra van sy Afrikaner-ideale in die UVM.

'n Gebrek aan fondse het die Militêre Akademie van die begin af effektief gekelder, deur hom 'n eie standplaas, gebouekompleks en volledige, afsonderlike diensstaat te ontsê. Dit het die Akademie totaal aan die SA Militêre Kollege en die Universiteit van Pretoria verkneg en verhoed dat dié instelling uit die staanspoor progressief tot 'n lewensvatbare militêr-akademiese opleidingsinrigting in eie reg ontwikkel. In plaas van 'n afsonderlike tak van die Militêre Kollege, met sy eie instrukteurs, dosente en ander personeel, was die Akademie oplaas 'n weinig meer as 'n onderafdeling van die Tak Liggaamlike Opleiding. In stede van 'n feitlik outonome militêre fakulteit onder minimale toesig van Unisa, het dit 'n uitgroeisel van die Universiteit van Pretoria geword, wat nie eers die status van 'n afsonderlike departement geniet het nie. Daarby was daar nie 'n duidelik omlynde, geïnternaliseerde doelstelling met die Akademie nie, wat, tesame met die teenkanting van 'n groot deel van die UVM se offisierskorps teen akademiese opvoeding vir aspirantoffisiere, die Akademie enige hoop op doelgerigte ontwikkeling ontneem het. Junior in rang en totaal ondergeskik aan die Kommandant van die SA Militêre Kollege, was die sogenaamde Dekaan van die Akademie nie met genoeg gesag beklee om dié instelling doelgerig op 'n vaste ontwikkelingskoers te stuur nie.

Die Militêre Akademie was volgens die Pretoria-bedeling maar 'n floue afskaduing van sy twee rolmodelle, Sandhurst en West Point. Ofskoon die Akademie, soos laasgenoemde instellings, op die lewering van offisiere gerig was, kon dié instelling in sy onderhorige posisie, sonder sy eie fasiliteite en infrastruktuur, nie dieselfde unieke kultuur van offisiersopleiding vestig nie. Die Akademie kon ook nie sy stempel so duidelik soos sy twee rolmodelle op sy graduandi afdruk of dieselfde afgeronde offisiere as dié twee instellings lewer nie. Die kadette het in die eerste plek hul basiese militêre opleiding by die Militêre Gimnasium ontvang, voordat hulle by die Akademie aangemeld het. Verder het die kadetkursus gaandeweg by verskillende instellings versnipper geraak, wat die samehang daarvan vernietig het. Voorts het die studente uiteindelik slegs gedurende hul eerstejaar militêre opleiding ontvang, terwyl hul akademiese onderrig by die Akademie self hoofsaaklik tot 'n paar eerstejaarsvakke beperk was. Die kadette het gevolglik inderwaarheid 'n burgerlike graad verwerf, sonder die militêre toepassing óf die gelyklopende militêre opleiding wat die UVM verlang het. Die eindproduk van die Akademie was dus nóg akademies, nóg militêr op die peil wat die Kriegler-komitee in die vooruitsig gestel het.

Daarby het 'n kombinasie van kandidate wat (vanweë 'n tekort aan geskikte aansoeke) nie oor die nodige potensiaal beskik het nie aan die een kant, en oorbelaaide graadkursusse aan die ander kant, tot 'n baie hoë uitvalsyfer onder die studente gelei. Dit het die militêre owerhede genoop om kort, nieakademiese offisierskursusse in te stel om in die UVM se behoefte aan junior offisiere te voldoen. Dié kortpad na offisierskap het op sy beurt die werwing van kandidate vir die Akademie in die wiele gery en terselfdertyd verhoed dat die Akademie die bakermat van offisiersopleiding in die UVM word. Al dié negatiewe faktore het die teenkanting wat in die UVM teen die Akademie bestaan het, versterk en die voortbestaan van die Akademie ernstig bedreig. Die feit dat die militêre dosente burgerlikes was wat sonder behoorlike opleiding in uniform gedruk is en geen geloofwaardigheid as offisiere onder die beroepsoffisiere geniet het nie, het natuurlik ook nie daartoe bygedra om die saak te verbeter nie.

Dit was slegs minister F.C. Erasmus se visie, dryfkrag en persoonlike betrokkenheid by die Akademie, tesame met die ywer van maj. Melt Van Niekerk, wat verhoed het dat dié instelling 'n vroeë dood gesterf het. Erasmus se persoonlike bemoeienis met die uitbouing van die Akademie het maj. Van Niekerk aangespoor om die filosofie van militêr-akademiese offisiersopleiding te deurgrond en agter die skerms met 'n lewensvatbare alternatief vorendag te kom. Dié alternatief was 'n selfstandige militêre akademie, los van die SA Militêre Kollege. Die weerstand teen graadstudie vir offisiere, en dus ook teen die Militêre Akademie as instelling, was eenvoudig só sterk, dat maj. Van Niekerk geen keuse gehad het as om buite die normale bevelskanale direk met minister F.C. Erasmus te beraadslaag nie. Maj. Van Niekerk het die militêre owerhede deur minister Erasmus gedwing om vir die eerste keer diepgaande oor die filosofie van offisiersopleiding en –opvoeding te besin. Langs dié weg het hy het gaandeweg daarin geslaag om die filosofiese grondslae van moderne offisiersopvoeding by die UVM-offisierskorps tuis te bring en die Hoof van die Generale Staf, lt.genl. Matie du Toit, van die noodsaaklikheid van 'n onafhanklike, gesamentlike militêre akademie vir al drie weermagsdele, na die voorbeeld van die Indiese *National Defence Academy* en met Saldanha as standplaas, te oortuig. Aangesien die Indiese akademie ook maar op die West Point-/Sandhurst-model geskoei was, was dit inderwaarheid slegs die idee van 'n gesamentlike akademie vir al drie weermagsdele wat van dié instelling oorgeneem is. Gegewe die hoë koste en die klein getal kandidate wat ter sprake was, was 'n gesamentlike akademie vir al drie weermagsdele inderdaad die enigste praktiese oplossing vir Suid-Afrika.

Maj. Van Niekerk kon egter nooit die weermagsdele ten volle van die noodsaaklikheid van 'n gesamentlike akademie oortuig nie. Hulle het klaarblyklik afsonderlike akademies verkies, omdat hulle hardnekkig bly glo het dat hul eiesoortige opleidingsbehoeftes nie volkome deur gesamentlike opleiding bevredig kon word nie. Hul teenkanting, tesame met 'n gebrek aan fondse om 'n Akademie daar te stel wat oor die nodige fasiliteite beskik het om, naas gemeenskaplike opleiding, ook reg aan al die eise van weermagsdeelspesifieke opleiding te laat geskied, het lt.genl. Matie du Toit van die idee van 'n gesamentlike Akademie laat afsien. Hy het nie die moed van sy oortuiging gehad om teen die wense van sy Staf- en Afdelingshoofde, en te midde van 'n ontoereikende begroting, die stigting van 'n gesamentlike akademie deur te voer nie. Erasmus het gevolglik persoonlik ingegryp om die stigting van 'n selfstandige, gesamentlike Militêre Akademie op Saldanha onder die toesig van die Universiteit van Stellenbosch te verwesentlik. Só het lt.genl. Matie du Toit as Hoof van die Generale Staf dus deur omstandighede die volbringer geword van 'n ideaal wat Van Niekerk gekonseptualiseer en Erasmus afgedwing het, maar waarmee hy waarskynlik in denke tog saamgestem het. Aan die kant van die Universiteit van Stellenbosch het die persoonlike ywer van die Rektor, prof. H.B. Thom, 'n sleutelrol gespeel om die herstigting van die Akademie onder die vleuels van dié Universiteit 'n werklikheid te maak. Die Militêre Akademie se verbintenis met Stellenbosch as die "ware volksuniversiteit" van Suid-Afrika het uiteraard Erasmus se Afrikaner-ideale bevorder. Ofskoon die klem op die Afrikaner mettertyd op die agtergrond geraak het, het die verbintenis van die Akademie met die Universiteit van Stellenbosch sekerlik 'n belangrike bydrae daartoe gelewer dat die studente- en dosentekorps van die Akademie na veertig jaar steeds oorwegend Afrikaanssprekend gebly het. Engelssprekendes se persepsie van die Weermag as 'n Afrikanerbastion waarin daar vir hulle min geleentheid tot vordering was, het egter ook 'n belangrike invloed in dié verband uitgeoefen.

Die ontvoogding van die Militêre Akademie van die SA Militêre Kollege was 'n waterskeiding in die ontwikkeling van dié inrigting. Met 'n eie standplaas en die bevel en beheer van die Akademie in een persoon, die Dekaan en Bevelvoerder, gesetel, was dit vir die eerste keer moontlik om 'n vaste koers met die Akademie in te slaan. Die Akademie het egter nie op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch werklik as militêr-akademiese instelling tot sy reg gekom nie. Botsings tussen die militêre en studentekulture het tot wrywing tussen die Akademie-studente en hul burgerlike eweknieë gelei. Belangriker egter, was dat daar as gevolg van die afwesigheid van 'n doelgerigte militêre opleidingsprogram, asook 'n gebrek aan militêre instrukteurs en opleidingsgeriewe ter plaatse, bitter min militêre opleiding gedurende die akademiese semesters tereggekom het. Met die

Akademie-studente en –staflede oor die kampus versprei en met die burgerlike staf en studente vermeng, was daar nie sprake van 'n militêre milieu nie. Die militêre graadkursusse aan die Universiteit van Stellenbosch het ook nie 'n veel sterker krygskundige inslag in terme van vakkeuses as onder die Pretoria-bedeling gehad nie. 'n Belangrike verskil was egter dat die tweede- en derdejaarkursusse (in plaas van die paar eerstejaarsvakke in Pretoria) nou deur die militêre dosente by die Akademie self aangebied is. Groter militêre kontekstualisering van die leerplanne kon dus bewerkstellig word. 'n Verdere positiewe ontwikkeling was dat militêre studente hul laaste twee studiejare by die Akademie self deurgebring het, presies die teenoorgestelde as wat in Pretoria die geval was. Veral nadat die Akademie van Stellenbosch na Saldanha verskuif het, het die Akademie-graduandi dus nie meer soos onder die Pretoria-bedeling die UVM in 'n "staat van verburgerliking" betree nie.

Die nuwe Dekaan van die Akademie, kol. P.J.G. de Vos, het besef dat solank al vier opleidingsjare nie by die Akademie gesentreer was nie, dit moeilik sou wees om 'n unieke kultuur, tradisie en opleidingsmilieu soos by West Point of Sandhurst te kweek. Solank as wat die militêre vorming by die gimnasiums in stede van die Akademie self geskied het, en solank as wat die eerstejaar op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch deurgebring is, sou daardie ideaal nooit bereik kon word nie. Verdedigingshoofkwartier het egter weermagsdeelsentimente en -prioriteite te hoog aangeslaan om van die vormingsopleiding by die weermagsdeelgimnasiums afstand te doen. Daarom het kol. De Vos hom ten sterkste daarvoor beywer om minstens die drie studiejare van die graadkursus by die Akademie te sentreer. Dit was dan ook hoofsaaklik deur sy toedoen dat die Akademie in 1961 as die volwaardige Fakulteit Krygskunde van die Universiteit van Stellenbosch op Saldanha tot stand gekom het. Daarmee het ook die ideale van minister F.C. Erasmus, die Kriegler-komitee en maj. Melt van Niekerk vir die eerste keer grootliks in vervulling gegaan. Die Akademie kon nou vir die eerste keer die vollê graadkursus, met alle leerplanne militêr aangepas, uitsluitlik met behulp van sy eie dosente, op sy eie standplaas en binne 'n militêre milieu aanbied.

Die Akademie het egter ten spyte van hierdie voorwaartse stap nog nie werklik die gestalte van 'n tradisionele militêre akademie aangeneem nie. Dit was in die eerste plek steeds nie die enigste paspoort tot offisiersaanstelling in die Weermag nie. Tweedens het Verdedigingshoofkwartier geen duidelik geartikuleerde doel of missiestelling vir die Akademie aan kol. De Vos uitgereik nie. Daarby het die basiese vormingsopleiding van die kandidaatoffisiere steeds by die weermagsdeelgimnasiums plaasgevind, sodat die studente

reeds in 'n mate militêr gevorm was wanneer hulle by die Akademie aangekom het. Dit het verhoed dat die atmosfeer, kultuur en tradisie wat met 'n instelling soos West Point geassosieer word, by die Akademie geskep kon word. Verder het daar min van doelgerigte, voortgesette militêre vormingsopleiding by die Akademie tereggekom, omdat Verdedigingshoofkwartier geen riglyne in daardie verband gegee het nie. Hulle het die aard en omvang van militêre opleiding gedurende die akademiese semesters totaal aan kol. De Vos se inisiatief oorgelaat. Kol. De Vos het egter ondanks die gebrek aan leiding van Verdedigingshoofkwartier en die ontoereikende militêre opleidingsfasiliteite ter plaatse, daarin geslaag om die Akademie op Saldanha tot 'n lewensvatbare instelling uit te bou. Die feit dat sowel hy as die Akademie-dosente, wat die belangrikste komponent van die Akademie-diensstaat uitgemaak het, primêr akademici was en nie beroepsoffisiere nie, het egter verhoed dat hy die vertroue van die militêre owerhede volkome kon wen en die Akademie in hul oë as 'n geloofwaardige militêre instelling kon vestig. Daar was nog te veel senior offisiere wat geweier het om eienaarskap van die Akademie te aanvaar, omdat hulle skepties teenoor die noodsaaklikheid van graadstudie vir offisiere gestaan en die Akademie as 'n universiteit eerder as 'n militêre eenheid gesien het. Dit was juis die Hoof van die Weermag, genl. R.C. Hiemstra, se persepsie van die Militêre Akademie as 'n universiteit, eerder as 'n militêre eenheid, wat daartoe gelei het dat kol. De Vos in 1967 deur 'n beroepsoffisier as bevelvoerder vervang is en dat hy voortaan bloot die Dekaan van die Fakulteit Krygskunde was.

Om die voortbestaan en betekenisvolle ontwikkeling van die Militêre Akademie te verseker, moes daar volledige aanvaarding binne die Weermag van die Akademie en sy ideale en werkswyses wees. Die Weermag se eerste prioriteit was die deeglike militêre vorming van sy junior offisiere, wat sterk klem op funksionele militêre opleiding en militêre sosialisering geplaas het. Die Akademie, spesifiek die Fakulteit Krygskunde, se hoogste prioriteit, daarteenoor, was deeglike militêr-akademies opvoeding. Uit daardie oogpunt was die skeiding van die poste van Dekaan en Bevelvoerder en die aanstelling van 'n beroepsoffisier as bevelvoerder dus 'n positiewe stap. Die gereelde bevelswisseling by die Akademie wat daaruit voortgespruit het, was insgelyks 'n positiewe ontwikkeling, omdat dit stagnasie teengewerk en die Akademie in voeling met die heersende denke in die Weermag gehou het. Die skeiding van die ampte van Bevelvoerder en Dekaan en die vergrote rol van die Tak Militêre Opleiding het egter tot die ontwikkeling van botsende militêre en akademiese subkulture by die Akademie gelei. Die hoofoorsaak daarvan was, soos destyds in Pretoria, dat die beroepsoffisiere nie die dosente as geloofwaardige offisiere beskou het nie. Die uiteinde daarvan was dat die dosente in 1970 van hul uniforms

ontneem is, in 'n poging om die botsende subkulture af te breek. Dit was egter grootliks teenproduktief, omdat dit by die dosente die indruk gewek het dat hulle nie na waarde geskat is nie. Dit het 'n identiteiskrisis by die dosente geskep wat die kloof eerder vergroot as verklein het.

Die implementering van die Malan-model in 1970 was 'n poging van genl. Hiemstra om die Militêre Akademie beide aanvaarbaar én diensbaar vir die Weermag te maak. Daarom het hy die opleiding aan die Akademie meer taakgerig gemaak en dié instelling terselfdertyd nouer op die lees van 'n tradisionele militêre akademie geskoei. Eersgenoemde het tot gevolg gehad dat die opleidings- en opvoedingstaak van die Akademie vir die eerste keer direk met die bedreiging teen die RSA, naamlik die sogenaamde interne en eksterne kommunisties-geïnspireerde terroristeaanslag, in verband gebring is. Laasgenoemde het meegebring dat die Malan-model groter klem op die politieke dimensie van offisiersopvoeding gelê het, spesifiek om die jong offisier bewus te maak van die wêreldwye kommunistiese aanslag as agtergrond waarteen die terroristeaanslag in Suid-Afrika gesien moes word. Die Malan-model wou dus die jong offisier skool in die beginsels van wat later bekend sou raak as die "totale strategie" waarmee Suid-Afrika die "totale aanslag" van sy Marxistiese vyande op alle samelewingsterreine moes beveg. Dié "totale aanslag"-konsep, met die ontwerper van die Malan-model, genl. M.A. de M. Malan, aan die spits, eers as Hoof van die Weermag (1976 – 1980) en daarna as Minister van Verdediging (1980 – 1990 ), het uiteindelik tot die totale militarisering van blankes in Suid-Afrika gelei.

Deur groter klem op militêre opleiding te plaas en terselfdertyd alle offisiersvorming in die UVM by die Akademie te sentraliseer, het die Malan-model inderwaarheid die Akademie vir die eerste keer werklik as 'n tradisionele militêre akademie gevestig. Die feit dat die pad van alle Staandemagoffisiere voortaan deur die Akademie geloop het, was terselfdertyd die verwesenliking van 'n lank gekoesterde ideaal om aan alle Staandemagoffisiere 'n gemeenskaplike verwysingsraamwerk te verskaf en 'n oorkoepelende weermagskultuur by hulle te kweek. Dié oogmerk is in 'n mate ondermyn, deurdat die kandidate steeds hul basiese opleiding by die onderskeie weermagsdeelopleidingsinrigtings ontvang het. Die weermagsdele het hardnekkig bly vasklou aan die begeerte om hul offisierskandidate allereers in hul weermagsdeelkulture te sosialiseer, voordat hulle aan gesamentlike vorming onderwerp is, eerder as andersom.

Die Malan-model het, in soverre dit die Militêre Akademie betref, hoofsaaklik misluk omdat die weermagsdele nie werklik tot gesamentlike opleiding verbind was nie. Die weermagsdele het hulle blind bly staar teen hul spesifieke opleidingsbehoeftes en die

werklike doel van gesamentlike Fase 2-opleiding uit die oog verloor. Synde die grootste weermagsdeel, het die Leër se belange en opleidingskultuur die Fase 2-opleiding voorts dermate oorheers, dat die Lugmag en Vloot hulle totaal ontuis daarin gevoel het. Die samepersing van die graadkursus in 24 maande het egter ook grootliks tot die mislukking van die Malan-model bygedra. Dit het naamlik soveel tydsdruk op beide dosent en student geplaas, dat dit die standaard van die B.Mil.-graad onder verdenking gebring het. Daarby het die feit dat die verkorte graadkursus van owerheidsweë op die Fakulteit afgedwing is, die dosente die harnas in gejaag. Hulle persepsie was dat dié handeling die integriteit van die Fakulteit Krygskunde aangetas en die Fakulteit tot 'n blote rubberstempel van die militêr gedegradeer het. Dit het die onderliggende konflik tussen die militêre en akademiese subkulture aangeblaas, wat die Akademie se oorkoepelende doelwitte ten opsigte van offisiersvorming ondermyn het. Die gevolg van al dié tekortkominge was dat Verdedigingshoofkwartier van 1976 af opnuut die vormingsopleiding van offisiere na die onderskeie weermagsdele gedesentraliseer het.

Die onttrekking van offisiersvorming by die Akademie, tesame met die eskalasie van die SA Weermag se betrokkenheid in die teeninsurgensiestryd op die grens van Suidwes-Afrika-Namibië en Angola, het 'n bepalende invloed op die aard en karakter van die Militêre Akademie uitgeoefen. Dit het naamlik daartoe gelei dat die Militêre Akademie van 1976 af migreer het van 'n tradisionele akademie wat kandidaatoffisiere vir offisiersaanstelling voorberei, na 'n militêre universiteit wat akademiese opvoeding aan offisiere verskaf. Waar die Akademie voorheen elemente van beide Sandhurst en West Point vertoon het, het dit ná 1976 skaars oppervlakkige ooreenkomste met enigeen van dié twee instellings vertoon. Om in die sogenaamde "bosoorlog" se immer toenemende behoefte aan junior offisiere te voorsien, het kandidaatoffisiere hulle voortaan binne weermagsdeel- of afdelingsverband op 'n "taakgekwalifiseerde" basis vir offisiersaanstelling bekwaam. Die eerstejaars was dus reeds offisiere wanneer hulle by die Militêre Akademie aangemeld het. Baie kandidate het vanweë operasionele verpligtinge eers ná 'n paar jaar diens as offisiere hul weg na die Akademie gevind. Gevolglik was baie studente ook reeds getroud met hul aankoms by die Akademie. Dié praktyk het die studentekorps sodanig gediversifiseer ten opsigte van hul stand van opleiding, ervaring en persoonlike omstandighede, dat sinvolle gesamentlike opleiding haas onmoontlik geraak het. Die studente het gevolglik uitsluitlik na die Akademie gekom om 'n graad te verwerf, sodat die Akademie bloot die rol van 'n militêre universiteit vervul het.

Die feit dat die Akademie nooit blywend as 'n tradisionele militêre akademie, met die ondubbelsinnige doel om kandidate vir offisiersaanstelling te bekwaam, gevestig is nie, het deurgaans destabiliserend op dié instelling ingewerk. Dit het 'n voortdurende soeke na die korrekte rol en funksie van die Akademie tot gevolg gehad. Daarom het die rol (en ligging) van die Akademie van 1976 af vir 'n dekade lank in die lug gehang, toe die B.Mil.-studie nie meer deel van die pre-kommissieopleiding van kandidaatoffisiere gevorm het nie. Die Akademie het die onderwerp van die een ondersoek ná die ander geword en 'n wesentlike gevaar geloop om ontbind te word. Die enigste behoudende faktor was die Fakulteit Krygskunde, wat hom, ondanks die twyfel wat die verkorte graadkursus gesaai het, sedert 1961 as 'n geloofwaardige militêr-akademiese instelling gevestig het en jaar na jaar 'n groep goed geskoolde militêre graduandi die Weermag ingestuur het. Ofskoon die Universiteit van Stellenbosch klaarblyklik soms effens ongemaklik oor die Weermag se besluiteloosheid oor die Akademie gevoel het, het die verbintenis tussen dié twee instellings die toets van die tyd deurstaan. Die Universiteit was trots op sy verbintenis met die Akademie en het hom te midde van die woelinge rondom sy voortbestaan deurentyd ondersteun. Dit het sekerlik die geloofwaardigheid van die Akademie as militêr-akademiese instelling bevorder en só tot sy oorlewing bygedra.

Die Akademie het hom veral ná 1976 so goed as moontlik op hoogte van die Weermag se Akademiese behoeftes gebring en sy leerplanne en vakkeuses sover moontlik daarby aangepas. Dit het bes moontlik verhoed dat die Akademie gesluit is op 'n tydstip toe daar geen duidelikheid oor sy fisiese plek in die offisiersontwikkelingstelsel was nie. Die nadeel daarvan was egter dat die B.Mil.-kursusse, spesifiek wat die Bestuurs- en Natuurwetenskappe betref, eerder na funksionele akademiese opleiding begin neig het, as na die breë, algemene opvoeding wat militêre professionalisme vereis. Dit het onder meer tot gevolg gehad dat Krygsgeskiedenis, die enigste suiwer militêre vak aan die Fakulteit Krygskunde, weer sy sentrale, samebindende rol verloor het wat hy met die implementering van die Malan-model herwin het. Die instelling van Militêre Strategie as verpligte vak in al drie studierigtings het slegs in 'n mate daarvoor vergoed.

Die soeke na die korrekte rol en funksie van die Akademie het ook die blywende begeerte van owerheidsweë om dié instelling optimaal te benut, beide wat koste-effektiwiteit en sy nutswaarde vir die Weermag betref, opnuut sterk op die voorgrond laat tree. Die strewe na koste-effektiwiteit het soms selfs gedreig om die feit dat die bestaan van 'n militêre akademie in die eerste plek op 'n filosofiese grondslag geregverdig word, te oorskadu. Die Akademie het deur die jare weens 'n gebrek aan belangstelling by die weermagsdele

voortdurend gesukkel om genoeg geskikte kandidate te werf om sy jaarlikse eerstejaarskwota te vul. Hy het nietemin mettertyd daarin geslaag om sy koste-effektiwiteit en dienslewering deur middel van 'n groter studentetal, akademiese steun aan ander weermaginstellings en die aanbied van kort niegraadkursusse, waaronder verrykingskursusse vir senior offisiere, op te stoot. Die stigting van 'n selfstandige navorsingsafdeling het ook 'n bydrae in dié verband gelewer. Laasgenoemde het veral met die verruiming van Senro na Semis die belofte ingehou om 'n betekenisvolle rol in die bevrediging van die Weermag se navorsingsbehoeftes te lewer. Ofskoon die Akademie ook gepoog het om nagraadse studie te stimuleer, het dit, afgesien van 'n klompie honneursstudente haas geen vrugte afgewerp nie. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die weermagsdele se onwilligheid om kandidate vir voltydse nagraadse studie vry te stel, diensverpligtinge van potensiële kandidate en die opvatting dat die nagraadse kwalifikasie van ander instellings 'n groter markwaarde gehad het. Die klompie nagraadse studente wat die Akademie wel getrek het, het nietemin daartoe bygedra om die geloofwaardigheid van die Fakulteit Krygskunde as akademiese instelling uit te bou en akademiese stagnasie by dosente teen te werk. Op die keper beskou, het al hierdie aktiwiteite egter hoogs sekondêr gebly en het alles by die Akademie, ook die koste-effektiwiteit van dié instelling, om voorgraadse studie bly wentel.

Die militêre owerhede se besluit teen die middel van die tagtigerjare om die Akademie op Saldanha te laat voortgaan en meer klem op die voortgesette militêre vorming van die studente te plaas, het nie die aard en karakter van dié instelling verander nie. Die diversiteit van die studentekorps het steeds toegeneem, wat doelgerigte militêre opleiding bly kortwiek en die Akademie sy karakter as militêre universiteit in die praktyk laat versterk het. Die handhawing van militêre roetine en terugplasing van die dosente in uniform was onder die heersende omstandighede 'n noodsaaklike stap om die militêre milieu by die Akademie in stand te hou. Die blootstelling wat die dosente deur die bywoon van militêre kursusse ontvang het, het egter onvoldoende geblyk te wees om hulle behoorlik in die militêre kultuur te sosialiseer. Dié toedrag van sake, tesame met die natuurlike kloof tussen die swaard en die toga, het die latente spanning tussen die militêre en akademiese subkulture by die Akademie onder die oppervlak laat voortduur. Dit was egter nie noodwendig 'n negatiewe situasie nie, omdat sodanige spanning ook 'n belangrike katalisator was om 'n balans tussen opleiding en opvoeding te handhaaf.

Verdedigingshoofkwartier se aanvaarding van die aanbevelings van die KINGSROW- en WIMPOLE-verslae het, minstens op teoretiese vlak, weer die opvoeding/opleiding van

offisiere aan die Militêre Akademie formeel by 'n deurlopende offisiersontwikkelingsprogram ingeskakel. Die RSA se onttrekking uit SWA/Namibië en Angola en die gepaardgaande afname in die operasionele behoefte aan junior offisiere het sekerlik daartoe bygedra om dit moontlik te maak. Die gepaardgaande poging om die Akademie die gedaante van 'n militêre universiteit te laat afskud en weer in die rigting van 'n meer tradisionele akademie te stuur, het slegs gedeeltelik geslaag. Ondanks die verjonging van die studentekorps en die verruiming van die militêre opleidingsprogram, het die Akademie steeds junior offisiere in plaas van kandidaatoffisiere ingeneem, sodat akademiese onderrig steeds die hoofdoel van dié instelling gebly het. Solank as wat basiese vormingsopleiding ontbreek en graadstudie die botoon gevoer het, sou die Akademie nie werklik aan die beeld van 'n militêre universiteit kon ontsnap nie.

Die implementering van die KINGSROW- en WIMPOLE-verslae was ook daarop gemik om die Akademie vir die ontluikende politieke veranderinge in Suid-Afrika te posisioneer. Dit het gestalte gevind in die besluit om meer anderskleurige studente, veral swartes, te werf en opnuut damestudente toe te laat. Die ontbanning van die ANC en ander politieke organisasies en die gepaardgaande vrylating van Nelson Mandela, het groter stukrag aan dié proses verleen. Dit het die pas van politieke verandering versnel en dus groter druk op die Akademie geplaas om sy studentekorps te hervorm om die bevolkingsamestelling van Suid-Afrika te reflekteer. Die voortbestaan van die Akademie onder 'n swart meerderheidsregering sou sekerlik direk afhanklik wees van die suksesvolle werwing en inskakeling van beduidende getalle swart studente by dié instelling. Die klem op die eise van offisierskap en militêre professionalisme wat uit die aanvaarding van die KINGSROW-verslag voortgespruit het, het sekerlik ook 'n betekenisvolle rol vir die Militêre Akademie in die vooruitsig gestel. Die Akademie sou potensieel 'n deurslaggewende bydrae kon lewer om die offisierskorps van die "Nuwe Suid-Afrika" in die norme en standaarde van militêre professionalisme en die rol van 'n weermag in 'n demokratiese samelewing op te voed.

Die Militêre Akademie was teen 1990, vier dekades ná sy stigting, nie die West Point-tipe instelling wat sy stigters in die vooruitsig gestel het nie. Dit het selfs ná die KINGSROW- en WIMPOLE-hervormings steeds meer na 'n militêre universiteit as 'n tradisionele militêre akademie geneig. Dit was daaraan te wyte dat die militêre vorming van offisiere, met die uitsondering van die eerste helfte van die sewentigerjare, sedert sy verskuiwing na Saldanha nooit aan die Akademie toegesê is nie. Dit het nooit die bakermat van alle offisiersopleiding in die Weermag geword nie, omdat, weereens met die uitsondering van laasgenoemde tydperk, dit nooit die enigste paspoort na offisiersaanstelling in die Weermag

was nie. Die Akademie het dus nie genoeg graduandi in die Weermag ingestoot om hom soos 'n West Point of Sandhurst in die boesem van die offisierskorps te vestig en 'n eie tradisie van offisierskap soos dié twee instellings daar te stel nie. Daarom het die Militêre Akademie nooit in die omgangstaal bloot as Saldanha bekend geraak, soos wat die *United States Military Academy* en die *Royal Military Academy* onderskeidelik, na aanleiding van hul standplase, bloot as West Point en Sandhurst bekend geraak het nie. Daar het nietemin oor die veertig jaar sedert sy stigting 'n beduidende afsetting van Akademie-graduandi in die Weermag plaasgevind, wat die offisierskorps geleidelik tot op die hoogste vlakke deurspek en 'n groot bydrae tot militêre professionalisme in Suid-Afrika gelewer het.

Graduandi van die Militêre Akademie het veral van die vroeg-sewentigerjare af 'n toonaangewende rol in die Weermag gespeel, toe hulle begin het om die poste van Hoof van die Leër en Hoof van die Weermag op 'n onafgebroke basis te beklee, mettertyd ook 'n Hoof van die Lugmag en 'n Hoof van die Vloot op te lewer, en een van hulle, genl. M.A. de M. Malan, uiteindelik van 1980 af vir 'n dekade lank die Minister van Verdediging was. Teen die einde van 1990 was die graduandi van die Akademie, hoewel 'n klein persentasie van die totale offisiersterkte, steeds op alle vlakke van die offisierskorps versprei en het hulle verskeie sleutelposte in die Weermag beklee. Hulle was dus goed geplaas om 'n betekenisvolle invloed op die voorbereiding van die SA Weermag vir die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" uit te oefen. Daarby het die Akademie self teen 1990 reeds 'n begin gemaak om hom vir die verwagte grootskaalse politieke veranderinge in Suid-Afrika voor te berei, ten einde ook in die toekoms 'n positiewe bydrae tot 'n professionele offisierskorps in Suid-Afrika te kon lewer.

Die voortbestaan, diensbaarheid en doelgerigte ontwikkeling van die Militêre Akademie onder die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika sal waarskynlik grootliks afhang van hoe goed die politieke en militêre oppergesag, asook die Akademie self, die lesse geleer het wat oor die eerste halfeeu van dié instelling se bestaan uitgekristaliseer het. Die historikus sal met verloop van tyd terugskouend kan bepaal in welke mate bovermelde rolspelers wysheid uit die ervaring van die verlede geput het en of die koers wat die Akademie ná 1990 ingeslaan het, die regte een was om die behoeftes van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en die eise van militêre professionalisme ten beste te dien. Die historiese vraagstukke wat hieronder aangeroer word, verteenwoordig van die belangrikste temas wat verdere navorsing sal verg vir die historikus om 'n gesaghebbende uitspraak in hierdie verband te kan maak.

Bo-aan die lesse wat uit die vorige halfeeu geleer kan word, is ook die noodsaaklikheid van 'n duidelik omlynde, geïnternaliseerde doelstelling vir die Militêre Akademie. Die belangrikste besluit wat in hierdie verband geneem sal moet word, is of die Akademie die rol van 'n tradisionele militêre akademie, wat kandidaatoffisiere vir kommissieaanstelling voorberei, moet speel, en of dit die rol van 'n militêre universiteit moet speel. 'n Ontoereikende verdedigingsbegroting te midde van enorme sosio-maatskaplike prioriteite, sal waarskynlik 'n tradisionele militêre akademie oor minstens die kort en medium termyn onmoontlik maak. Daar sal eenvoudig nie genoeg fondse beskikbaar wees om die opleidingsfasiliteite wat basiese en vormingsopleiding vir kandidate van al vier weermagsdele vereis, by die Akademie te dupliseer nie. Weermagsdeelsentimente ten opsigte van die aanvanklike sosialisering van hul aspirantoffisiere, asook die uiteenlopende opleidingsbehoeftes en -siklusse van die weermagsdele sal sekerlik ook in die toekoms in die weg van gemeenskaplike basiese en vormingsopleiding bly staan. Die Militêre Akademie sal dus waarskynlik sy karakter as 'n militêre universiteit in die afsienbare toekoms behou. Daarom behoort die Akademie se kwaliteit as militêre universiteit versterk te word, eerder as om skaars hulpbronne te verkwis om dit die oppervlakkige skyn van 'n militêre akademie te probeer gee. Die vraag sal inderdaad beantwoord moet word of die hoë profiel wat die Afdeling Militêre Ontwikkeling tans in terme van sy getal poste en hoë posvlakke geniet, te regverdig is te midde van die historiese gebrek aan 'n koherente militêre opleidingsprogram. Daar sal nietemin 'n sterk militêre milieu gehandhaaf moet word, waarbinne militêre sosialisering kan plaasvind (of versterk word), die eise van offisierskap tuisgebring en professionele norme en standaarde geïnternaliseer kan word.

'n Verdere aspek wat in die toekoms deeglike oorweging sal moet geniet, is die formele koppeling van graadstudie aan 'n deurlopende offisiersontwikkelingsprogram. Dit kan, byvoorbeeld, geskied deur oor die medium termyn die besit van 'n B.Mil.-graad 'n vereiste vir bevordering na die rang van majoor te maak. Dit sal nie alleen militêre professionalisme bevorder deur die intellektuele kundigheid in die senior range van die weermag te verhoog nie, maar sal ook as sterk aansporing tot graadstudie dien vir diegene wat 'n langtermynloopbaan in die Weermag op die oog het. Finansiële beperkings sal waarskynlik graadstudie vir alle Staandemagoffisiere oor die kort en medium termyn onmoontlik maak. Daarom sal die beplande koppeling van graadstudie, al dan nie, aan die Weermag se kort-, medium- en langtermyndiensstelsels waarskynlik die beste oplossing wees vir die vraagstuk oor die persentasie offisiere wat voltydse graadstudie moet onderneem. Dit sal nie koste-effektief wees om voltydse graadopvoeding aan korttermynkandidate te verskaf nie. Gevolglik behoort slegs medium- en langtermynkandidate vir voltydse graadstudie in

aanmerking te kom. Die historiese tendens rakende die retensie van graduandi sal dus, in aansluiting hierby, ook nagevors moet word, sodat 'n keuringstelsel ontwerp kan word wat, sover moontlik, sal voorkom dat die Weermag graadstudie verskaf aan kandidate wat nie werklik in hulself tot 'n langtermynloopbaan as offisier verbind is nie. Die impak van die Akademie op die offisierskorps kan immers slegs geoptimaliseer word as sy graduandi in die Weermag bly. Die stelsel van afstandsonderrig aan die Akademie wat in die vooruitsig gestel word, sal graadstudie egter ook binne die bereik van van korttermynkandidate, wat hulle vir 'n tweede loopbaan wil voorberei, plaas. Afstandsonderrig sal terselfdertyd ook die buigsaamheid bied om kandidate te akkommodeer wat vanweë bepaalde omstandighede nie voltydse studie aan die Akademie kan onderneem nie. Gegewe die hoë uitvalsyfer kenmerkend van afstandsonderrig, asook die besondere diens- en ontplooiingspatrone van militêre personeel, sal dit sekerlik onrealisties wees om 'n besondere groot uitset van graduandi van dié stelsel te verwag.

Nog 'n vraag wat opnuut beantwoord sal moet word, is op welke stadium van die offisiersontwikkelingsprogram kandidate vir graadstudie by die Akademie moet aanmeld. As van die standpunt uitgegaan word dat dit makliker is om 'n opgevoede persoon op te lei, as wat dit is om 'n opgeleide persoon op te voed, behoort offisiere so vroeg as moontlik in hul loopbane tot graadstudie toegelaat te word. Dit sal graduandi ook in staat stel om die vrug van hul graadstudie maksimaal in hul loopbane te benut. Praktiese oorwegings soos, byvoorbeeld, die opleidingsiklusse van vlieëniers en seegaande offisiere, sal waarskynlik egter in die toekoms steeds grootliks bepaal wanneer kandidate vir graadstudie kan inskryf. Die buigsame stelsel wat tans in die vooruitsig gestel word, waarvolgens graadstudie (naas die normale driejaarprogram) onder bepaalde omstandighede teoreties op 'n onderbroke basis oor 'n tydperk van tot sewe jaar versprei kan word, sal 'n praktiese oplossing in dié verband bied. Dit sal kandidate in staat stel om, byvoorbeeld, telkens 'n jaar graadstudie met 'n jaar (of langer) militêre opleiding of praktiese dienslewering af te wissel. Só 'n stelsel sal egter bepaalde uitdagings ten opsigte van kontinuïteit en leerplanaanpassings inhou en sal sekerlik nooit die norm word nie. 'n Moontlike alternatiewe oplossing sou wees om die normale graadprogram oor vier jaar te versprei en sodoende tyd vir noodsaaklike weermagsdeelspesifieke opleiding in te ruim. Dit sal uiteraard òf die skepping van gepaste opleidingsfasiliteite by die Akademie self, òf die vervoer van die studente na sodanige fasiliteite by ander standplase vereis. Koste-implikasies mag beide dié alternatiewe verydel.

Daar bestaan 'n lank gevoelde behoefte in die Weermag om enersyds 'n gemeenskaplike offisierskultuur by alle Staandemagoffisiere te kweek en andersyds die Akademie oor 'n breër front diensbaar te maak, ten einde sy koste-effektiwiteit te verhoog. Kort, elementêre akademiese ontwikkelingsprogramme aan die Militêre Akademie vir aspirantoffisiere wat nie vir residensiële graadstudie geoormerk is nie, sou tot die bereiking van beide doelwitte kon bydra. Dit sal nie alleen die Akademie die alma mater van alle Staandemagoffisiere maak en dus 'n gemeenskaplike kultuurbasis skep nie, maar dit sal ook aspirantoffisiere tot hul eie voordeel én dié van die Weermag, met basiese akademiese vaardighede toerus. 'n Afstandsonderrigprogram, asook 'n betekenisvolle uitbreiding van die getal nagraadse studente, kan vanselfsprekend ook 'n belangrike bydrae tot die groter koste-effektiwiteit van, en wyer dienslewering deur, die Akademie lewer. Die toelating van offisiere van die deeltydse magte, Staandemagonderoffisiere en burgerlike werknemers van die Departement van Verdediging, sou die Akademie se diensbaarheid en koste-effektiwiteit verder kon opstoot. Dit alles sou 'n belangrike versekeringspolis vir die voortbestaan van die Akademie kon blyk te wees in 'n samelewing waar instellings toenemend op finansiële oorwegings, eerder as filosofiese oortuigings, geregverdig of in die ban gedoen word.

Die Militêre Akademie sou ook in Afrika 'n beduidende rol in militêr-akademiese opvoeding op dié kontinent kon speel, waar instellings van dié aard feitlik totaal ontbreek. In die lig van die leidende rol wat Suid-Afrika in sowel die toekomstige beslegting van streekskonflikte as vredesbewaring in Afrika sou kon speel, is dit inderdaad belangrik dat die Militêre Akademie ook die alma mater van 'n beduidende getal offisiere van ander Afrikastate sal word. Graadstudie aan die Militêre Akademie sal sodanige offisiere die geleentheid bied om 'n wyer perspektief op militêre professionalisme en burgerlik-militêre verhoudings te verkry, wat hulle dan weer in hul onderskeie offisierskorpse kan terugploeg. Langs dié weg kan die Militêre Akademie moontlik op die langer termyn deur die invloed van sy graduandi 'n stabiliserende invloed uitoefen op 'n kontinent waar militêre staatsgrepe nie onbekend is nie. Die kontak van SANW-studente met sodanige buitelandse offisiere, kan hulle weer waardevolle insig gee in die omstandighede in ander Afrikastate, waar hulle bes moontlik in die toekoms in 'n vredesbewaringsrol moet optree. Ideaalgesproke, behoort die Akademie mettertyd ook studente uit ander dele van die wêreld tot die Akademie toe te laat om onderlinge begrip en internasionale verdedigingsamewerking te bevorder.

Gegewe die belangrikheid daarvan vir offisiere van alle vertakkings om die totale milieu waarbinne hulle funksioneer, te begryp, sal dit waarskynlik wys wees om uiteindelik in alle graadprogramme, ook dié wat op die suiwer tegnologiese (natuurwetenskaplike) rigtings

ingestel is, elementêre modules in veral vakke soos Politieke Wetenskap, Krygsgeskiedenis en militêre Geografie aan te bied. Aandag sou byvoorbeeld geskenk kon word aan aspekte van veiligheid- en Afrikastudie, waarin die klem op die fisiese, polities-kulturele, militêre en veiligheidsomgewing val waarin toekomstige offisiere na verwagting hul taak sal moet verrig. Ten spyte van toenemende funksionele spesialisasie, vereis militêre professionalisme immers steeds 'n breë algemene opvoeding van offisiere te midde van die komplekse sosio-politieke milieu waarbinne hulle moet optree.

Die fondamente wat die Militêre Akademie sedert 1950 in eie boesem gelê het, het hom in staat gestel om self 'n deurslaggewende rol te speel in die bepaling van die koers wat hy ná 1990 moes inslaan. Deur die dryfvere van die politieke gesag en die militêr-akademiese behoeftes van die Weermag te antisipeer en te vertolk, sou die Akademie hom vir die nuwe bedeling relevant, aanvaarbaar en ooglopend diensbaar kon maak. Dit sou nie alleen sy voortbestaan kon verseker nie, maar dit sou ook kon sorg dat dié instelling toekomsgerig bly groei. Die Akademie self sal dus in die toekoms deurlopend op hoogte moet bly van nuwe ontwikkelings by buitelandse instellings en die filosofiese grondslae van kontemporêre militêr-akademiese offisiersontwikkeling voortdurend by die militêre owerhede moet tuisbring. Daarom is dit noodsaaklik dat die Akademie die Sentrum vir Militêre Studie sal belas met die taak om deurlopend 'n oog op institusionele ontwikkeling te hou. Dié belangrike funksie kan nie aan terloopse, bo-en-behalwe-, ad hoc-ondersoeke oorgelaat word nie.

Soos hierbo vermeld, sal die historikus uiteindelik terugskouend 'n oordeel moet uitspreek oor die geldigheid van al hierdie standpunte en die vraag of die Akademie ná 1990 die regte koers met die oog op die eise van die toekoms ingeslaan het. Op die keper beskou, verbrokkel die opkomende opleidingstelsel aan die Militêre Akademie egter, ten spyte van al die positiewe aspekte daarvan, steeds die vorming en ontwikkeling van junior offisiere by verskillende instellings. Dit ondermyn die vestiging van 'n gemeenskaplike offisierskultuur, waardesisteem en verwysingsraamwerk by alle Staandemagoffisiere. Daarom bly die Indiese National Defence Academy, getemper deur die eise van plaaslike omstandighede, soos in die vroeg-vyftigerjare deur maj. Melt van Niekerk aan die hand gedoen, miskien tog op die lang termyn 'n navolgingswaardige rolmodel vir die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie. Dit sal egter 'n betekenisvolle paradigmaskuif van die weermagsdele in hul denke oor die sosialisering van aspirantoffisiere in weermagsdeelverband en hul eiesoortige opleidingsbehoeftes verg. Die implementering van die Indiese model sal sekerlik minstens vir die duur van die eerste kursus bepaalde ontwrigtings in die

personeelontplooiingspatrone van veral die Lugmag en die Vloot veroorsaak. Sodra die eerste graduandi uit dié stelsel egter die Weermag betree en die stelsel in volle gang is, behoort dié ontwrigtings te verdwyn. Die sukses van die stelsel sal, naas die bewilliging van afdoende fondse, alleen afhang van die mate waartoe die weermagsdele daarby inkoop en hulle daartoe verbind om dit te laat werk. Ook oor hierdie argument sal die historikus uiteindelik die laaste woord spreek.

# BRONNE

## 1. LITERATUUR EN LETTERKUNDIGE BRONNE


Abrahamsson, B.: **Military Professionalization and Political Power**. Beverly Hills and London, 1972.

Aston, G.G.: **Staff Duties and other Subjects**. London, 1913.

Atkinson, R.: **The Long Gray Line**. London, 1990.

Beyers, C.J. (hoofred.) en J.L. Basson (medered.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, V**. Pretoria, 1987.

Beyers, C.J. (hoofred.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, IV**. Durban en Pretoria, 1981.

Boucher, M.: **Spes In Arduis: 'n geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika**. Pretoria, 1973.

Burman, J. and Levin, S.: **The Saldanha Bay Story**. Cape Town and Pretoria, 1974.

Cameron, T. (hoofred.) en Spies, S.B. (adviserende red.): **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld**. Kaapstad en Pretoria, 1986.

Crackel, T.J.: **The Illustrated History of West Point**. New York, 1991.

Davenport, T.R.H.: **South Africa: A Modern History**, 4th ed. Hampshire and London, 1991.

De Kock, W.J. (hoofred.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, I**. Kaapstad, 1968.

Dupuy, R.E. and Dupuy,T.N.: **The Collins Encyclopedia of Military History from 3 500 B.C. to the Present**, 4th ed. Glasgow, 1993.

Ellis, J. and Moore, R.: **School for Soldiers: West Point and the Profession of Arms**. New York, 1974.

Fleming, T.J.: **West Point: The Men and Times of the United States Military Academy**. New York, 1969.

Forman, S.: **West Point: A History of the United States Military Academy**. New York, 1950.

Frankel, P.H.: **Pretoria's Praetorians: Civil-military relations in South Africa**. Cambridge, etc., 1984.

Hackett, J.: **The Profession of Arms**. London, 1983.

Huntington, S.P.: **The Soldier and the State: The Theory and Politics of Civil - Military Relations**. Cambridge, 1957.

Janowitz, M. and Wesbrook, S.D. (eds.): **The Political Education of Soldiers**. Beverly Hills, London and New Delhi, 1983.

Janowitz, M.: **The Professional Soldier: A Social and Political Portrait**. New York, 1966.

Jooste, L.: FC Erasmus as Minister van Verdediging, 1948 - 1959. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, November 1995.

Jordan, A.A., Jr: Officer Education. In Little, R.W.(ed.): **Handbook of Military Institutions**. Beverly Hills, 1971.

Judge, E.H. and Langdon, J.W.: **A Hard and Bitter Peace: A Global History of the Cold War**. New Jersey, 1996.

Kotzé, D.J., *et al* (reds.): **Professor H.B. Thom**. Stellenbosch, 1969.

Kruger, D.W. en Beyers, C.J. (hoofreds.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III**. Kaapstad, 1987.

Krüger, D.W. en Beyers, C.J. (hoofreds.): **Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, III**. Kaapstad, 1977.

Kruger, D.W.: **The Making of a Nation: A History of the Union of South Africa, 1910 - 1961**. Johannesburg and London, 1969.

Lasswell, H.D.: **The Analysis of Political Behaviour: An Empirical Approach**. London, 1951.

Lovell, J.P.: **Neither Athens nor Sparta?: The American Service Academies in Transition**. Bloomington and London, 1979.

Malan, M.R.: Civilian Supremacy over the Military: Guidelines for Embryonic Democracies. Unpublished M.A. Dissertation, US, September 1994.

Masland, J.W. and Radway, L.I.: **Soldiers and Scholars: Military Education and National Policy**. Princeton, 1957.

McWilliams, W.C. and Piotrowski, H.: **The World Since 1945: A History of International Relations**. London, 1990.

Morris, J.M.: **America's Armed Forces: A History**, 2nd ed. New Jersey, 1996.

Moskos, C.C. and Wood, F.R. (eds.): **The Military: More Than Just a Job?** Washington, etc., 1988.

Muller, C.F.J. (red.): **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, 2de uitgawe. Pretoria en Kaapstad, 1968.

Müller, E.M., et al, (reds.): **Militêre Akademie 1950 – 1975: Silwerjubileum**. Saldanha, 1975.

Potgieter, O. (red.): **Wilgenhof Gedenkboek (1903 – 1967)**. Stellenbosch, 1968.

Preston, R. A.: Perspectives in the History of Military Education and Professionalism. In Borowski, H.R. (ed.): **The Harmon Memorial Lectures in Military History, 1959 - 1987**. Washington, D.C., 1988.

Raina, T.: **Cradle for Leadership: The National Defence Academy: A History 1949 - 1996**. Delhi, etc., 1997.

Roux, P.E.: **Die Verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie, 1652 - 1759** (sic.). Stellenbosch, voorwoord 1925.

Sarkesian, S.C.: **Beyond the Battlefield: The New Military Professionalism**. New York, etc., 1981.

Smyth, J.: **Sandhurst: The History of the Royal Military Academy, Woolwich, the Royal Military College, Sandhurst, and the Royal Military Academy, Sandhurst, 1741 - 1961**. London, 1961.

Spies, F.J.du T.: Bladsye uit die Militêre Geskiedenis van Pretoria. In Stadsraad van Pretoria: **Pretoria 1855 – 1955: Geskiedenis van die stad Pretoria**. Pretoria, 1955.

Spies, F.J. du T. (in medewerking met S.J. du Preez): **Operasie Savannah: Angola: 1975 – 1976**. Pretoria, 1989.

Suid-Afrikaanse Militêre Kollege: **The South African Military College / Die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege**. Pretoria, 1947.

Thom, H.B., *et al* (reds.): **Stellenbosch 1866 – 1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys**. Kaapstad, 1966.

Thomas, H.: **The Story of Sandhurst**. London, 1961.

Thompson, R. (ed.): **War in Peace: Conventional and Guerrilla Warfare Since 1945**. New York, 1982.

Tylden, G.: **The Armed Forces of South Africa (With Appendix on the Commandos)**. Johannesburg, 1954.

United States Military Academy: **Catalogue of the United States Military Academy: One Hundred and Fifty-eighth Year, 1959 - 1960**. Washington, 1959.

Universiteit van Pretoria: **Ad Destinum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria**. Johannesburg, 1960.

Uys, I.: **South African Military Who's Who 1452 - 1992**. Germiston, 1992.

Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L. (reds.): **Geskiedenis van Suid-Afrika**, 2de uitgawe, verwerk en bygewerk deur D.W. Kruger. Kaapstad, etc., g.d.

Verwey, E.J. (ed.): **New Dictionary of South African Biography I**. Pretoria, 1995.

Wilkins, I. and Strydom, S.: **The Super-Afrikaners**. Johannesburg, 1978.

Yarmolinsky, A.: **The Military Establishment: Its Impacts on American Society**. New York, Evanston and London, 1971.

## 2. KOERANT- EN TYDSKRIFARTIKELS

Anon.: Die Ontwikkeling van die SA Militêre Kollege. **Kommando**, vol. 3, no. 29, Oktober 1952.

Anon. SA Military Academy to be Formed Soon. **The Rand Daily Mail**, 19 Augustus 1949.

Anon. Toeka se dae. **Die Weslander**, jg. 23, nr. 13., 24 November 1995.

Anon. Union to have Military Academy Next Year. **The Star**, 18 Augustus 1949.

Anon.: South African Military Schools. **The Nongqai**, vol. XII, no. 5, May 1923.

Anon.: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXIII, no. 9, September 1942.

Anon.: The South African Military Schools. **The Nongqai**, vol. XVII, no. 1, January 1926.

Coster, K.R.: The Training of Rhodesian Officers at the Royal Military Academy, Sandhurst. **Militaria**, vol. 9, no. 3.

Dale, R.: The South African Armed Forces and their link with the United Kingdom and the Commonwealth of Nations, 1910 - 1961. **Militaria**, vol. 9, no.1.

Dorning, W.A.: A concise history of the South African Defence Force (1912 – 1987). **Militaria**, vol. 17, no. 2, 1987.

Haines, R.J.: The Training of Candidate Officers in South Africa. **Militaria**, vol. 8, no. 3, 1978.

Jacobs, G.F.: Offisiere van die Toekoms. **Kommando**, vol. 1, no. 1, Desember 1949.

Jooste, L.: Die politieke koerswending van 1948 besorg 'n nuwe identiteit aan die Unieverdedigingsmag. **Militaria**, vol. 26, no. 2, 1996.

Lasswell, H.D.: The Garrison State. **American Journal Of Sociology**, vol. 46, 1941.

Leuvennink, J.: Ek sallie sinkie. **Sarie**, 27 Januarie 1999.

McDermott, J.S.: The South African Military College. **The Nongqai**, vol. XXXVIII, no. 1, January 1947.

Möller, P.L.: Militêre Akademie Soldatemonument. **Militaria**, vol. 16, no. 4, 1986.

Nöthling, C.J. en Meyers, E.M.: Leiers deur die jare (1912 – 1982). **Militaria**, vol. 12, no. 2, 1982.

Ploeger, J.: Op Brandwag: Drie Eeue Militêre Geskiedenis van Suid-Afrika. **Militaria**, vol. 1, no. 4, 1969.

Rae, I.: West Point's Policy is "Treat 'em Rough". **Kommando**, vol. 1 No. 7, Desember 1950.

Visser, G.E.: Die Eerste Vryheidsoorlog: Enkele aspekte mbt die Britse siening van die Boere en die veskille tussen Boer en Brit. **Militaria**, vol. 11, no. 1, 1981.

Visser, G.E.: Militêre Professionalisme en die Onderrig van Krygsgeskiedenis in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. **Scientiae Militaria**, vol. 27, 1997.

## 3. PERIODIEKE PUBLIKASIES

**Militêre Akademie Jaarblad**, 1976 - 1990.

**Universiteit van Pretoria Jaarboek**, 1952 - 1955.

**Universiteit van Stellenbosch Jaarboek**, 1955 - 1990.

## 4. REGERINGSPUBLIKASIES

Republiek van Suid-Afrika: **Buitengewone Staatskoerant** (**Regulasiekoerant No. 16**), 11 Augustus 1961.

Republiek van Suid-Afrika: **Oorsig oor Verdediging en Krygstuigproduksie: Tydperk 1960 tot 1970**, April 1971.

Republiek van Suid-Afrika: **Suid-Afrikaanse Weermagorder** 125/63, 4 Oktober 1963.

Republiek van Suid-Afrika: **Suid-Afrikaanse Weermagorder** 37/69, 9 Mei 1969.

Republiek van Suid-Afrika: **Suid-Afrikaanse Weermagorder** 29/70, 17 April 1970.

Republiek van Suid-Afrika: **Witskrif oor Verdediging 1977**, 29 Maart 1977.

Unie van Suid-Afrika. **Unieverdedigingsmagorder** no. 82/56, 25 Mei 1956.

Unie van Suid-Afrika. **Unieverdedigingsmagorder** no. 195/56, 9 November 1956.

Unie van Suid-Afrika. **Unieverdedigingsmagorder** no. 80/57, 1 Junie 1957.

Unie van Suid-Afrika: Suid-Afrikaanse Verdedigingswet, Wet No. 44 van 1957.

Unie van Suid-Afrika: **Zuid-Afrika Verdedigingswet**, Wet No. 13 van 1912.

Union of South Africa: **Abridged Annual Report of the Department of Defence for the Year ended 30th June, 1921**. Pretoria, 1922.

Union of South Africa: **Annual Reports. Department of Defence and Executive Commands for the Year ending 30th June, 1913.** Cape Town, 1913.

## 5. HISTORIESE MANUSKRIPTE

Bakkes, C.M.: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Militêre Kollege, 1912 – 1955, g.d. (c.1955). (SANWA, Pamflette 99, pamflet 3108.)

## 6. ARGIVALE BRONNE

### 6.1 ARGIEFBEWAARPLEK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG

#### 6.1.1 ARGIEF VAN DIE ADJUDANT-GENERAAL

##### 6.1.1.1 AG (GROEP 1 - GEKLASSIFISEERD)

AG ( Gp. 1 – Geklas.) 12, HWA(C)403/67/72: Militêre Akademie Saldanhabaai, 5 September 1967 - 5 September 1967.

##### 6.1.1.2 AG(3)

AG(3) 222 - 227, AG(3)1906/9 vols. 1 - 9: Organisation Military Academy, 28 July 1949 - 31 Januarie 1961.

AG(3) 45, AG(3)1906/9/1: Military Academy: Applications for Appointment to Staff, 27 July 1949 - 11 April 1950.

AG(3) 226, AG(3)1906/9/1 vols. 8 - 9: Militêre Akademie: Personeeladministrasie, 17 Junie 1957 - 30 November 1960.

AG(3) 226, AG(3)1906/9/2: Organisation Military Academy: Instructions and Agreements, 11 February 1955 - 24 June 1958.

#### 6.1.1.3 AG/HWA (GROEP 2)

AG/HWA ( Gp. 2) 26, AG/C/101/6/6 vols. 1 - 2: Aanstellings: Kandidaatoffisiere en Adelborste: Aanstellings met Offisiersrang gedurende Akademiese Opleiding, 28 Oktober 1963 - 29 Desember 1966.

AG/HWA (Gp. 2) 53, AG599/2/2 vols. 1 -2: Opleiding: Staande Mag: Militêre Akademie, 4 Desember 1961 - 1 September 1964.

AG/HWA (Gp. 2) 54, AG599/2/2/3: Opleiding: Staande Mag: Militêre Akademie (Opleiding van Ingenieurs), 25 Januarie 1963 - 11 Augustus 1965.

### 6.1.2 DIVERSE ARGIEFGROEP

Diverse (Gp. 1) 91, ongenommerde lêer: Oorsig van Vordering in die Unieverdedigingsmag Mei 1948 – September 1952.

### 6.1.3 ARGIEF VAN DIE HOOF VAN DIE GENERALE STAF

#### 6.1.3.1 CGS (WAR)

CGS (WAR) 281, 56/36: SA Militêre Kollege en Fakulteit vir Militêre Wetenskap, 19 Maart 1949 - 25 April 1950.

#### 6.1.3.2 CGS (GROEP 2)

CGS (Gp. 2) 657, CGS1024: Reports on Military Colleges and Schools Overseas, July 1938 – 11 November 1938.

### 6.1.4 ARGIEF VAN DIE HOOF VAN STAF PERSONEEL

#### 6.1.4.1 HSP

HSP 16, HWA/599/2/12/3: Verslag van Subkomitee oor die huidige ligging van die Militêre Akademie (Bylaag 2 by Verslag van Komitee van Ondersoek insake Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staande Mag-offisiere), 11 Junie 1969.

HSP 10, HWA599/2/13/3 vol. 1: Verslag van Komitee van Ondersoek insake Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staande Mag-offisiere, 19 September 1967 - 4 Januarie 1968.

#### 6.1.4.2 HSP 1952 – 1973 (GEKLASSIFISEERD)

HSP (1952 - 1973) 40, HWA/599/2/12/3: Leerplanne vir die Opleiding van Kandidaat-offisiere en Offisiere van die SA Leër (Bylaag 3: by Verslag oor Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staande Mag-offisiere), 23 November 1967).

### 6.1.5 ARGIEF VAN DIE HOOF VAN WEERMAGADMINISTRASIE

#### 6.1.5.1 HWA/DGAA

HWA/DGAA 110, DGAA/84/5/1 vol. 1: Militêre Akademie: Beleid, 3 April 1973 - 21 Oktober 1975.

HWA/DGAA 110, DGAA/84/5/2 vol. 1: Opleiding Militêre Akademie: Administratief, 9 Maart 1973 - 30 Oktober 1975.

HWA/DGAA 111, DGAA/84/5/3 vol. 1: Militêre Akademie: Opleiding aan Universiteit Stellenbosch, 20 Februarie 1973 - 15 Januarie 1974.

HWA/DGAA 113, DGAA/84/10/2 vol. 1: Hoër Militêre Opleiding: Korrespondensie, 29 Mei 1972 - 17 Maart 1975.

HWA/DGAA 114, DGAA/84/11/2 vol. 1: Nagraadse Akademiese Opleiding, 6 Maart 1973 - 27 Junie 1975.

HWA/DGAA 132, DGAA/101/1/2: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 29 Mei 1973 - 18 Julie 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/2/1 vol. 1: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 19 Julie 1973 - Oktober 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/2/2 vol. 1: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 26 Julie 1973 - 23 Oktober 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/2/3 vol. 1: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 29 Januarie 1973 - 15 Oktober 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/2/4 vol. 1: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 10 Augustus 1973 - 5 September 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/2/5 vol. 1: Verdedigingstafraad: Agendas en Notules, 15 Augustus 1973 - 2 Oktober 1973.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/3 vol. 1: Verdedigingstafraadvergadering, 3 Julie - 14 Augustus 1974.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/3/1 vol. 1: Verdedigingstafraadvergadering Kaapstad, 13 November 1973 - 15 Mei 1975.

HWA/DGAA 133, DGAA/101/1/3/2 vol. 1: Verdedigingstafraadvergadering, 13 Maart 1974 - 19 Maart 1974.

HWA/DGAA 156, DGAA/114/7/3 vol. 1: Organisasie: Hoof van Vededigingstaf se Afdeling: Militêre Akademie, 23 Julie 1973 - 19 Februarie 1974.

### 6.1.6. ARGIEF VAN DIE KOMMANDANT-GENERAAL

KG K33, L38, KG/AOS/7/2/1 vol. 1: Inwydingsplegtigheid: Militêre Akademie, 16 Februarie 1959 - 7 April 1960.

KG K39, L67, KG/GM/5/2 vol. 1: Verdedigingstafraad: Notule van Vergaderings, 12 Junie 1951 - 3 Augustus 1961.

KG K39, L67, KG/GM/5/3 (19 vols.): Notule van Generale Staf-vergadering, 11 September 1951 - 17 Desember 1963.

KG K39, L68, KG/GM/5/4 vols. 1 - 5: Agendas: Generale Staf-vergaderings, 20 Augustus 1951 - 29 Augustus 1962.

KG K43, L81, KG/GPT/1/2/1 vol. 1: Training: Kriegler Committee, 7 September 1948 - 27 January 1949.

KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1: Military Academy: Policy, 11 September 1950 - 25 May 1962.

KG K43, L81, KG/GPT/1/3/1/1 vols. 1 - 6: Academic Training: Permanent Force Cadets, 7 November 1949 - 24 September 1963.

KG K43, L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 1: Academic Training: Permanent Force Personnel, 19 April 1951 - 19 August 1963.

KG K43, L81, KG/GPT/1/3/2 vol. 2: Opleiding van Ingenieurs (Kommissie van Ondersoek na die Metode van Opleiding vir Universiteits-), 4 April 1962 - 2 Mei 1964.

KG K56, L134, KG/OPL/11 vol. 1: Akademiese Opleiding, 13 Junie 1963 - 18 Januarie 1966.

KG K55, L129, KG/REG/6/4/9/6: Metodes van Opleiding: Die Opleiding van Offisiere en Onderoffisiere: Staandemaglede, Augustus 1965 - 21 Oktober 1965.

## 6.1.7. ARGIEF VAN DIE MILITêRE AKADEMIE

### 6.1.7.1 MIL. AKAD. (GROEP 1)

Mil. Akad. (Gp. 1) 2, A/CER/5/2/15 (1966/1967) vol. 2: Tentoonstellings, Demonstrasies en Seremonies: Uitpasseringsparades, 11 Januarie 1966 - 15 Desember 1967.

Mil. Akad. (Gp. 1) 12, G/PLANS/1/3/2 vol. 1: Konferensie: Leërstafhoof: Opleiding, 10 September 1962 - 30 November 1966.

Mil. Akad. (Gp. 1) 14, G/TRG/1/1 vol. 2: Opleidingsbeleid: Voorskrifte en Instruksies: Opleidingsinrigtings, 12September 1964 - 18 Oktober 1967.

Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/2/3 vol. 1: Opleidingsbeleid: Ander Nasies: VSA, 11 November 1959 - 31 Augustus 1963.

Mil. Akad. (Gp. 1) 15, G/TRG/6: Kursusse, 22 Junie 1964 - 18 Maart 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 19, G/TRG/6/2 vol. 13: Kursusse: Militêre Akademie, 7 Februarie 1968 - 14 Augustus 1969.

Mil. Akad. (Gp. 1) 16, G/TRG/6/2/SAV (BM) 1967: Kursusse: SA Vloot (Burgermag): Militêre Akademie, 10 Februarie 1967 - 27 Julie 1967.

Mil. Akad. (Gp. 1) 16, G/TRG/6/2/SAV (BM) 1968: Kursusse: SA Vloot (Burgermag): Militêre Akademie, 16 April 1968 - 28 Augustus 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 17, G/TRG/6/2/VT vol. 3: Kursusse: Vliegtoere, 3 Augustus 1966 - 18 Januarie 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 17, G/TRG/6/2/NGS vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: Nagraadse Studie, 24 April 1966 - 31 Desember 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAAF: Kursusse: Militêre Akademie: SA Lugmag, 31 Oktober 1966 - 15 November 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAN vol. 5: Kursusse: Militêre Akademie: SA Vloot, 3 November 1965 - 29 November 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 18, G/TRG/6/2/SAN (SDB): Training: SA Navy: Military Academy: Seaward Defence Boat, 1 April 1966 - 13 February 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 22, G/TRG/14 vol. 2: Lesings en Lektore, 19 Januarie 1966 - 30 Mei 1968.

Mil. Akad. (Gp. 1) 32 - 33, Q/ACCN/1/2 vol. 1: Akkommodasie: Enkelkwartiere, 4 Februarie 1956 - 29 November 1960.

Mil. Akad. (Gp. 1) 32 - 33, Q/ACCN/1/11 vols. 1 - 2: Accommodation: Married Quarters, 6 March 1956 - 6 December 1965.

### 6.1.7.2 MIL. AKAD. (GROEP 2)

Mil. Akad. (Gp. 2) 17, A/ADM/9/8 vol. 1: Kulturele Onthale, 23 Maart 1959 - 23 April 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 20, A/CER/5/2 vol. 2: Deelname aan Nie-militêre Funksies en Seremonies, 31 Maart 1962 - 21 Julie 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 9, A/FIN/2/0 vol. 1: Finansiële Beramings: Jaarlikse, 18 Maart 1960 - 30 Januarie 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 21, A/PERS/1/1 vol. 7: Aanstellings: Offisiere: Staande Mag, 30 Augustus 1968 - 20 Julie 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 22, A/PERS/3/6 vols. 9 - 10: Indiensneming en Diensvernuwing: Kandidaatoffisiere, 5 Maart 1968 - 17 Maart 1971.

Mil. Akad. (Gp. 2) 28, A/PERS/38/1 vols. 4 - 5: Werwing: Staande Mag, 27 Januarie 1967 - 30 Julie 1971.

Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/1/0 vol. 1: Opleidingsbeleid: Voorskrifte en Instruksies, 13 Julie 1961 - 7 Julie 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 1, G/TRG/5/2 vol. 2: Leerplanne: Militêre Akademie, 11 Januarie 1963 - 24 Mei 1971.

Mil. Akad. (Gp. 2) 2 - 3, G/TRG/6/2 vols. 15 - 18: Kursusse: Militêre Akademie, 18 Augustus 1969 - 15 Mei 1972.

Mil. Akad. (Gp. 2) 5, G/TRG/6/2 G702 vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: G702, 2 Maart 1970 - 9 Februarie 1976.

Mil. Akad. (Gp. 2) 6, G/TRG/6/44 vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: Nagraadse Studie, 22 Januarie 1969 - 24 Februarie 1971

Mil. Akad. (Gp. 2) 7, G/TRG/8/1/1 vol. 1: Opleidingsoefeninge: Kampe en Bivakke, 24 Februarie 1967 - 2 Februarie 1971.

Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1 vol. 1: Akkommodasie, 27 Februarie 1956 - 18 Februarie 1970.

Mil. Akad. (Gp. 2) 35, Q/ACCN/1/2 vol. 3: Akkommodasie: Enkelkwartiere, 21 Desember 1965 - 30 Desember 1969.

Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/1/0 vol. 2: Grootwerke, 12 Maart 1965 - 8 Desember 1969.
Mil. Akad. (Gp. 2) 37, Q/WKS/2 vol. 3: Kleinwerke, 31 Maart 1969 - 6 Oktober 1971.

**6.1.7.3 MIL. AKAD. (GROEP 3)**

Mil. Akad. (Gp. 3) 1, A/ADM/1/MA vol. 1: Samevatting van Beleidsbeslissings: Militêre Akademie, 18 Februarie 1971 - 26 April 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/ADM/5 (Vertroulik): Dress Regulations: Policy, 8 May 1969 - 3 March 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 10, A/CER/4/0 vol. 1: Vlae en Wimpels: Beleid, 18 Januarie 1957 - 9 Mei 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 138, A/CER/5 (Vertroulik) vol. 1: Tentoonstellings, Demonstrasies en Seremonies, 31 Oktober 1958 - 4 Desember 1969.
Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/1 (Vertroulik) vol. 1: Dissipline: Bevelsorganisasie, 1957 - 23 Julie 1976.
Mil. Akad. (Gp. 3) 139, A/LEG/2 (Vertroulik) vol. 1: Dissipline: Oordrag van Magte, 12 Maart 1968 - 12 Maart 1968.
Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/0 vol. 1: Aanstellings: Offisiere: Beleid, 8 Oktober 1969 - 29 November 1976.
Mil. Akad. (Gp. 3) 33, A/PERS/1/1 vol. 8: Aanstellings: Offisiere: Staande Mag, 24 Julie 1970 - 5 April 1972.
Mil. Akad. (Gp. 3) 140, A/PERS/1/1/1 (Vertroulik) vol. 1: Aanstellings: Offisiere (Staande Mag), 29 Mei 1957 - 7 April 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 35, A/PERS/3/4/1 vol. 1: Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing: Toetse, 29 Januarie 1960 - 19 Maart 1974.
Mil. Akad. (Gp. 3) 45, A/PERS/17/0 vol. 1: Verlof: Beleid, 3 Desember 1973 - 11 Januarie 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 48, A/PERS/34/0 vol. 1: Toestemming om te Trou: Beleid, 28 Augustus 1956 - 12 April 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 49, A/PERS/37/2 vol. 1: Personeel: Welsyn en Vryetydsbesteding, 10 Augustus 1969 - 22 Februarie 1977.
Mil. Akad. (Gp. 3) 49 - 50, A/PERS/38/1 vols. 6 - 8: Werwing: Staande Mag, 2 Augustus 1971 - 24 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 52, A/PERS/55/0 vol. 1: Kerkaangeleenthede, 12 Februarie 1959 - 24 Maart 1972.

Mil. Akad. (Gp. 3) 53, A/PUBS/1/3/1/1 vol. 1: Militêre Akademie: Jaarliks, 26 Maart 1976 - 6 Junie 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 56, A/PUBS/14/0 vol. 6: Biblioteek: Beleid, 6 Mei 1974 - 30 November 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 59, A/VIS/1/MA vol. 5: Besoeke: Militêre Akademie, 24 Oktober 1974 - 30 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/OPS/13 vol. 1: Openbare Betrekkinge, 8 Oktober 1968 - 15 April 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 61, G/PLANS/3/6 vol. 1: Operasionele Beplanning: Konferensies: Militêre Akademie, 19 Januarie 1970 - 27 Oktober1971.

Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/2 (Vertroulik) vol. 1: Organisasie: SA Weermag, 5 Junie 1969 - 5 Desember 1975.

Mil. Akad. (Gp. 3) 63, G/SD/2/5 vol. 1: Organisasie SA Weermag: Militêre Akademie: Projek STUDY, 3 Januarie 1977 - 9 Maart 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 64 - 65, 68, G/SD/3/1/20 vols. 1 - 4: Organisasie SA Leër: Militêre Akademie, 17 Oktober 1969 - 26 April 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 146, G/SD/3/1/20 (Vertroulik) vol. 1: Organisasie: Militêre Akademie, 23 Desember 1969 - 14 Julie 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 64, G/SD/3/1/20 MA: Organisasie: Militêre Akademie: Intern, 17 Februarie 1977 - 18 Februarie 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 65, G/SD/11/5 vol. 1: Wapenkunde: Rangtekens, 11 Maart 1957 - 10 November 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 68, G/TRG/1/0 vol. 2: Opleidingsbeleid, -voorskrifte en -instruksies: Beleid, 3 Augustus 1970 - 30 Maart 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/1/0 (Vertroulik): Opleidingsbeleid, -voorskrifte en -instruksies: Beleid, 8 Augustus 1968 - 24 Februarie 1975.

Mil. Akad. (Gp. 3) 70, G/TRG/5/0 vol. 1: Leerplanne: Beleid, 31 Januarie 1968 - 30 Augustus 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/5/2 vol. 3: Leerplanne: Militêre Akademie, 4 Augustus 1971 - 24 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/6 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse, 22 Februarie 1967 - 1 Maart 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 72 - 73, 77, G/TRG/6/2 vols. 19 - 23: Kursusse Militêre Akademie, 15 Mei 1972 - 27 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 148, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vol. 1: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie, 2 September 1971 - 12 Februarie 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 149, G/TRG/6/2 (Vertroulik) vols. 1 - 3: Kursusse: Militêre Akademie, 11 September 1956 - 16 November 1970.

Mil. Akad. (Gp. 3) 71, G/TRG/6/2 AUDIT vol. 1: Korrespondensiekursus: Rekenkunde/Auditkunde, 21 Maart 1977 - 3 Junie 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2/G702 (Vertroulik) vol. 1: Opleiding: Kursusse, 7 Julie 1970 - 23 Maart 1973.

Mil. Akad. (Gp. 3) 151, G/TRG/6/2-G711 (Vertroulik) vol. 1: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie: G711, 21 April 1971 - 11 April 1975.

Mil. Akad. (Gp. 3) 78, G/TRG/6/2 G712 vol. 1: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie: G712, 8 Maart 1971 - 1 Maart 1972.

Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G712 (Vertroulik) vol. 1: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie, 12 September 1973 - 15 Maart 1971.

Mil. Akad. (Gp. 3) 152, G/TRG/6/2-G721 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: G721, 24 Februarie 1972 - 28 Junie 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 153, G/TRG/6/2-G722 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: G722, 17 April 1972 - 13 Augustus 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 79, G/TRG/6/2 G731 vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: Offisiersopleiding: Dames, 19 September 1972 - 17 Oktober 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 154, G/TRG/6/2-G731V (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: Offisiersopleiding: Dames: 1973, 9 Februarie 1973 - 27 Februarie 1973.

Mil. Akad. (Gp. 3) 154, G/TRG/6/2-G732 (Vertroulik) vol. 1: Offisiersopleiding: Dames, 26 Junie 1973 - 3 Oktober 1973.

Mil. Akad. (Gp. 3) 155, G/TRG/6/2-G732 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: G732, 4 September 1972 - 14 Januarie 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 156, G/TRG/6/2-G741 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: Kursus G741, 8 Maart 1973 - 28 Januarie 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-G742 (Vertroulik) vol. 1: Opleiding: Kursusse, 14 Februarie 1974 - 2 Maart 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-G751 (Vertroulik) vol. 1: Kursusse: Kursus G751, 23 September 1974 - 16 Maart 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 100, G/TRG/6/2/I (ISOPLAN) vol. 1: ISOPLAN: Konferensies en Notules, 9 November 1973 - 26 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P71 vol. 1: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie: Professionele Offisiere, 5 Mei 1970 - 14 Februarie 1972.

Mil. Akad. (Gp. 3) 157, G/TRG/6/2-P71 (Vertroulik) vol. 1: Opleidingsbeleid: Professionele Offisiere en Ingenieurstudente: Fase 2-opleidingskursus, 23 Julie 1971 - 8 Oktober 1973.

Mil. Akad. (Gp. 3) 82, G/TRG/6/2 P72 vol. 1: Kursusse: Militêre Akademie: P72, 22 Junie 1972 - 30 November 1972.

Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P72(MED) (Vertroulik) vol. 1: Kursus P72 (Medies): Militêre Akademie, 27 November 1972 - Junie 1973.

Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2-P73 (Vertroulik) vol. 1: Opleidingsbeleid: Professionele Offisiere en Ingenieurstudente: Fase 2-opleidingskursus, 5 Februarie 1973 - 3 April 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 71 - 72, G/TRG/6/2 US vols. 1 - 3: Kursusse: Militêre Akademie: Universiteit van Stellenbosch, 24 Desember 1970 - 9 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 77 - 78, G/TRG/6/2/0 vols. 1 - 2: Kursusse: Militêre Akademie: Beleid, 12 Mei 1975 - 9 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 2: Kursusse: Militêre Akademie, 24 Maart 1977 - 24 Maart 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 158, G/TRG/6/2/0 (Vertroulik) vol. 4: Opleiding: Kursusse: Militêre Akademie: Beleid, 22 Mei 1969 - 22 September 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 74, G/TRG/6/15 vol. 1: Opleiding: Kursusse: Ander Inrigtings, 15 Junie 1968 - 12 April 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 87, G/TRG/7/0 vol. 1: Oorsese Militêre Opleidingsinrigtings: Beleid, 18 Januarie 1956 - 2 Desember 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 160, G/TRG/7/0 (Vertroulik) vol. 1: Oorsese Militêre Opleidingsinrigtings: Beleid, 24 Julie 1974 - 12 Augustus 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 160, G/TRG/8 (Vertroulik) vol. 1: Opleidingsoefeninge, Kampe en Bivakke, 10 Mei 1968 - 24 Februarie 1972.

Mil. Akad. (Gp. 3) 87 - 89, G/TRG/8/1/1 vols. 2 - 7: Opleidingsoefeninge: Kampe en Bivakke: Staande Mag, 18 Februarie 1971 - 1 April 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 89, G/TRG/13/1 vol. 1: Opleidingsrapporte: Staande Mag-opleidingsinrigtings: Jaarlikse Rapporte, 2 Januarie 1964 - 4 Februarie 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 89 G/TRG/14/0 vol. 3: Lesings en Lektore: Beleid, 28 Junie 1968 - 6 Desember 1976.

Mil. Akad. (Gp. 3) 91, G/TRG/18/0 vol. 1: Rekreatiewe Opleiding: Jaarverslae: Militêre Akademie Sportklub, 1 Januarie 1961 - 28 Februarie 1974.

Mil. Akad. (Gp. 3) 92, G/TRG/18/2 vol. 1: Rekreatiewe Opleiding: Uitvoerende en Komiteevergaderings, 7 Maart 1959 - 10 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 101, Q/ACCN/1 vol. 2: Akkommodasie: Beleid, 24 Maart 1970 - 24 Mei 1977.

Mil. Akad. (Gp. 3) 160, Q/ACCN/1/2 (Vertroulik) vol. 1: Huisvesting: Enkelkwartiere, 19 November 1968 - 8 September 1970.

Mil. Akad. (Gp. 3) 137, Q/WKS/2/0 vol. 4: Werke: Kleinwerke, 8 Oktober 1971 - 9 Mei 1973.

**6.1.7.4 MIL. AKAD. (GROEP 4)**

Mil. Akad. (Gp. 4) 1, MA/101/1 vols. 1 - 2: Mannekragbeplanning: Personeelbehoeftebepalings, 9 September 1977 – 25 Julie 1983.

Mil. Akad. (Gp. 4) 8, MA/103/1/B vol. 1: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -oorskrifte: Beleid, 18 Junie 1979 - 21 April 1983.

Mil. Akad. (Gp. 4) 8, MA/103/1/8 vol. 1: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding, 16 Februarie 1978 - 28 April 1980.

Mil. Akad. (Gp. 4) 131, MA/103/1/8/2/1 vol. 1: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Oriëntasie van Offisiere (Avontuuropleiding), 30 Mei 1977 - 14 Desember 1978.

Mil. Akad. (Gp. 4) 9 - 12, MA/103/1/8/2/3 vols. 1 - 12: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Graadopleiding aan Militêre Akademie, 1 Junie 1977 - 29 Julie 1985.

Mil. Akad. (Gp. 4) 12, MA/103/1/8/2/3/US vols. 1 - 3: .Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Graadopleiding aan Militêre Akademie, 5 April 1978 - 12 Februarie 1985.

Mil. Akad. (Gp. 4) 21, MA/103/2/6/9102 (77): Personeelontwikkeling: Kursusse: Militêre Akademie, 7 Junie 1977 - 31 Julie 1978.

Mil. Akad. (Gp. 4) 21, MA/103/2/6/9102 G80: Personeelontwikkeling: Kursusse Militêre Akademie, 16 Junie 1977 - 24 Oktober 1980.

Mil. Akad. (Gp. 4) 22 - 23, MA/103/2/6/9102 vols. 1 - 6: Personeelontwikkeling: Kursusse: Hoof van Staf Personeel: Militêre Akademie, 17 Junie 1977 - 5 Junie 1984.

Mil. Akad. (Gp. 4) 26, MA/103/10/4 vol. 1: Personeelontwikkeling: Studiehulpskema vir SAW-lede: Nagraadse Studie, 2 Junie 1977 - 5 Augustus 1983.

Mil. Akad. (Gp. 4) 28, MA/103/13/1/1/4 vol. 1: Personeelontwikkeling: Sport en liggaamlike Opleiding: Sportadministrasie: SAW Sportraad Uitvoerende Komitee, 10 Februarie 1981 - 18 April 1983.

Mil. Akad. (Gp. 4) 29, MA/103/14/T vol. 1: Personeelontwikkeling: Vryetydsbesteding: Trapkar, 1 November 1977 - 15 Maart 1985.

Mil. Akad. (Gp. 4) 29 - 30, MA/103/14/K vols. 1 - 3: Personeelontwikkeling: Vryetydsbesteding (Studente): Karnaval, 17 Februarie 1977 - 13 Augustus 1982.

Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/3 vols. 1 - 3: Logistieke Dienste: Eiendomme, Bouwerke, Akkommodasie en Behuising en Veldgenie-take: Akkommodasie en Behuising, 3 Junie 1977 - 11 Maart 1985.

Mil. Akad. (Gp. 4) 63, MA/401/1/3/4 vol. 1: Logistieke Dienste: Eiendomme, Akkommodasie, Bouwerke, Veldgenie-take, Vliegveldkonstruksie en Onderhoud: Naamgewing aan Geboue, Strate en Gebiede, 4 Maart 1981 - 6 November 1984.

Mil. Akad. (Gp. 4) 68, MA/401/1/5 vol. 1: Logistieke Dienste: Eiendomme, Bouwerke, Akkommodasie en Behuising en Veldgenie-take: Bouwerke, 8 Julie 1977 - 22 Oktober 1979.

Mil. Akad. (Gp. 4) 68, MA/401/1/5/1 vol. 1: Logistieke Dienste: Eiendomme, Akkommodasie, Bouwerke, Veldgenie-take en Vliegveldwerke en Onderhoud: Grootwerke, 20 Maart 1978 - 20 Augustus 1985.

Mil. Akad. (Gp. 4) 75, MA/405/1/38/2 vol. 1: Administrasie van Kommoditeite: Bestuur van Kommoditeite: Heraldiese Items: Vaandels, 28 April 1980 - 20 Augustus 1981.

Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/3 vols. 1 - 2: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies: Militêre Parades: Vaandelparades, 23 September 1977 - 7 Mei 1982.

Mil. Akad. (Gp. 4) 103, MA/512/2/1/5 vol. 1: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies en Seremonies: Militêre Parades: Toekenning van Vryheid van Stede en Dorpe, 30 April 1974 - 23 Maart 1984.

Mil. Akad. (Gp. 4) 104, MA/512/2/1/6 DES 80 vols. 1 - 3: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies en Seremonies: Voorstellingsparades: Dertigjarige Bestaan, 29 April 1980 - 24 Februarie 1982.

Mil. Akad. (Gp. 4) 106, MA/512/5 vol. 1 Regimentsmusiek: Akademie-lied, 11 April 1980 - 11 Maart 1983.

Mil. Akad. (Gp. 4) 123, MA/518/7/1/B vol. 1: Publikasies: Algemene SA Weermag-publikasies: Inligtingsbrosjures, 22 Junie 1981 - 30 November 1981.

### 6.1.8 ARGIEF VAN DIE MINISTER VAN VERDEDIGING

#### 6.1.8.1 ERASMUS / FOUCHÉ (MV/EF)

MV/EF 105, MV55/6: Aanstelling van Rade, Kommissies en Komitees: Instruksiedienskomitee, 13 Julie 1948 - 24 Februarie 1949.
MV/EF 135, MV130 vols. 1 - 2: Militêre Akademie, 5 Julie 1949 - 17 Desember 1965.

#### 6.1.8.2 P.W. BOTHA (MVB)

MVB 164, brief HVS/207/2/18 insake opdrag van die Komitee van Ondersoek na die Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Offisiere in die Staande Mag, 19 September 1967.
MVB 164, Verslag oor die Militêre Akademie Deel I (Malan-verslag), 28 Februarie 1969.

### 6.1.9 ARGIEF VAN DIE SEKRETARIS VAN VERDEDIGING

#### 6.1.9.1 DC

DC 3460, DC2539: Committee of Enquiry: Military Training, 9 October 1948 – 14 June 1949.

#### 6.1.9.2 DC (GEKLASSIFISEERD)

DC (Geklas.) 74, DC17850/422/29: Overseas Visit: Brig. M.A. Malan, SM, 21 March 1968 - 26 August 1968.

## 6.1.10 ARGIEF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE MILITêRE KOLLEGE (GROEP 1)

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 108, G/TRG/6/1/376G: Staande Mag-kadette, 19 Oktober 1954 - 14 November 1956.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 36, G/TRG/6/2 vol. 2: Militêre Akademie: Kursusse, 2 Desemder 1955 - 13 Februarie 1960.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/1/2: Beleid: Lektore, 27 Januarie 1951 - 6 Maart 1954.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/4/2: Finansies: Universiteit van Pretoria, 10 Januarie 1951 - 11 Maart 1955.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 88, MK/F/5/2: Konferensies en Vergaderings: Studiekomitee, 26 Mei 1950 - 21 Februarie 1955.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/5/3: Konferensies en Vergaderings: Ad hoc- en Algemene Komitees, 23 Augustus 1951 - 3 September 1954.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/1: Werwing: Kadette, 28 November 1950 - 28 Oktober 1954.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 85, MK/F/6/2: Werwing: Lektore, 28 Mei 1951 - 26 Januarie 1955.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 86, MK/F/6/3: Civilian Lecturers: Recruiting and Appointment of, 4 November 1952 - 4 November 1952.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/8/4: Registrasie - SALM Kadette, 31 Maart 1953 - 16 Januarie 1954.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 87, MK/F/9/1: Administrasie: Kadette: Akademiese Aangeleenthede, 27 Maart 1953 - 17 Maart 1955.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 124, MC/C/158G: SA Staande Mag-kadette, 17 September 1951 - 15 Mei 1953.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 124, MK/K/158G: Permanent Force Cadets, 7 December 1951 - 13 March 1953.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 122, MC/C/158G/5: Visits: Demonstrations and Visiting Lecturers, 8 June 1950 - 16 August 1950.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 101, MK/K/188G: Permanent Force Cadets, 14 February 1951 - 30 March 1954.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 168, MK/K/227G: Kadetkursus: 1/2/1952 tot 31/1//1953, 20 November 1951 - 22 Desember 1952.

SA Mil. Kol. (Gp. 1) 168, MK/K/227G: Kursusprogramme, 21 April 1952 - 9 Augustus 1952.

MA/B/103/1 vol. 4: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte, 5 Mei 1983 - 15 Julie 1992.

MA/B/103/1/B vol. 2: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Beleid, 18 April 1983 - 22 Februarie 1985.

MA/B/103/1/8 vols. 2 - 3: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding, 7 Julie 1980 - 10 Desember 1992.

MA/B/103/1/8/2 vol. 1: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offr Opleiding: Projek Wimpole, 4 Mei 1979 - 2 Maart 1990.

MA/B/103/1/8/2 vol. 2: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Projek Wimpole, 7 Maart 1990 - 2 Desember 1992.

MA/B/103/1/8/2/3 vols. 13 - 20: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Graadopleiding aan Militêre Akademie, 2 Augustus 1985 - 19 Augustus 1991.

MA/B/103/1/8/2/3/B vol. 1: Personeelontwikkeling: Gemeenskaplike Opleiding: Graadopleiding: Militêre Akademie, 22 Februarie 1979 – 27 Augustus 1990.

MA/B/103/1/8/2/3/US vols. 4 - 5: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Graadopleiding aan Militêre Akademie, 18 Februarie 1985 - 6 Maart 1992.

MA/B/103/1/8/13 vols. 4 - 5: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Avontuuropleiding, 15 November 1984 – 23 Maart 1995.

MA/B/103/2 vols. 8 - 9: Personeelontwikkeling: Kursusse, 6 September 1983 - 7 Januarie 1993.

MA/B/103/2/1 SA LEëR vol. 4: Personeelontwikkeling: Kursusse: SA Leër, 1 Junie 1984 - 22 Maart 1988.

MA/B/103/2/2 SA LUGMAG vol. 4: Personeelontwikkeling: Kursusse: SA Lugmag, 3 Junie 1985 - 19 Desember 1989.

MA/B/103/2/6 vol. 1: Personeelontwikkeling: Kursusse: Bevelvoerders: Hoof van Staf Personeel, 13 Mei 1982 - 15 Mei 1996.

MA/B/103/2/6/9102 vols. 7 - 8: Kursusse: Militêre Akademie, 2 Julie 1984 - 23 September 1993.

MA/B/103/2/6/9101 SAVK vol. 1: Personeelontwikkeling: Kursusse: Hoof van Staf Personeel: SAUK, 5 Julie 1978 – 14 Junie 1999.

MA/B/103/4/1/8 vols. 1 - 4: Personeelontwikkeling: Kursusse aangebied deur Burgerlike Instansies: Staatsinstellings: Universiteite, 19 Januarie 1984 - 11 Junie 1991.

MA/B/103/10 vol. 1: Personeelontwikkeling: Studieskema vir SAW-lede, 1 November 1977 – 8 Augustus 1996.

MA/B/103/10/3 vols. 1 - 2: Personeelontwikkeling: Studieskemas vir SAW-lede: Universiteitsopleiding, 28 Februarie 1985 – 12 Januarie 1999.

MA/B/103/10/4 vol. 2: Personeelontwikkeling: Studiehulpskema vir SAW-lede: Nagraadse Studie, 30 Augustus 1983 - 13 Desember 1990.

MA/B/103/13/1/7 vol. 1: Sport en Liggaamlike Opleiding: Sportadministrasie: Sportklub (WSK), 1 Julie 1980 - (lopend).

MA/B/103/14/K vols. 4 - 5: Personeelontwikkeling: Vryetydsbesteding: Studente: Karnaval, 16 September 1982 - 28 Januarie 1990.

MA/B/104/13/9102 vols. 2 - 3: Instandhouding van Personeel: Onderskeidings en Toekennings: Akademiese Prysaand, 24 September 1985 - 31 Augustus 1993.

MA/B/302/6 vols. 1 - 2: Magspeilbeplanning en Magsontwikkeling: SAW Projekte, 29 Januarie 1980 – 28 Februarie 1986.

MA/B/302/6/K46 vol. 1: Magspeiling en Magsontwikkeling: SAW Projekte: Projek Klank, Augustus 1981 - 26 April 1993.

MA/B/303/1 vol. 1: Strategiese Studies: Strategiese Belange, 8 September 1977 – 9 September 1985.

MA/B/307/1/2 vol. 1: Rol en Aanwending van die SA Weermag: Strategiese Rol en Aanwending: SA Lugmag, 9 Maart 1988 - (lopend).

MA/B/401/1/5 vol. 2: Logistieke Dienste: Eiendomme, Akkommodasie, ens: Bouwerke, 8 Januarie 1980 - (lopend).

MA/B/401/1/5/1 vol. 2: Logistieke Dienste: Eiendomme, Akkommodasie, ens: Grootwerke, 10 Junie 1986 - (lopend).

MA/B/401/1/5/2 vol. 2: Logistieke Dienste: Eiendomme, Akkommodasie, ens: Kleinwerke: Herstel en Opknapping en Rekwisisiedienste, 16 Februarie 1983 - 24 Mei 1989.

MA/406/3/B vol. 1: Beheer van Voorraad: Registrasie en Uitkenningstekens: Beleid, 8 September 1980 - (lopend).

MA/406/3/38 vol. 1: Beheer van Voorraad: Registrasie en Uitkenningstekens: Heraldiese Items, 31 Maart 1980 - (lopend).

MA/501/1 vols. 1 - 2: Bevel en Beheer: Bevel- en Beheerstruktuur, 7 April 1978 – 4 November 1996.

MA/B/501/4/9102 vol. 1: Bevel en Beheer: Doelwitte van die SA Weermag: Militêre Akademie, 28 Februarie 1981 – 11 Oktober 1989.

MA/B/501/5 vol. 4: Bevel en Beheer: Bestuursvoorskrifte, 2 Augustus 1978 - 8 Februarie 1990.

MA/B/502/8 vol. 1: Organisasiebeheer: Organisasiestrukture, 24 Oktober 1978 – 17 Januarie 2000.

MA/B/503/1/6/9102 vol. 1: Organisasie- en Werkstudie: Ondersoeke deur HSP (DOS) vir HSP: Militêre Akademie, 30 April 1981 – 15 Julie 1996.

MA/B/511/2 vol. 1: Openbare Betrekkinge, Media en Openbare Skakeling: Media- en Nuusskakeling, 16 Junie 1986 – 28 Mei 1997.

MA/B/512/2 vols. 1 - 2: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies, 1 Junie 1977 - 24 Augustus 1989.

MA/B/512/2/1 vol. 1: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies: Onthulling van F.C. Erasmus-beeld, 9 Januarie 1978 - Februarie 1980.

MA/B/512/2/1 vols. 2 -3: Seremonieel: Deelname aan Militêre Funksies: Militêre Parades, 17 Mei 1979 - (lopend).

MA/B/518/7/1 vol. 1: Publikasies: Algemene SAW-publikasies: Paratus, 30 Augustus 1977 – 25 Augustus 1995.

MA/B/521/3/1 vol. 1: SAW Komitees, Kommissies en Rade: Deur H SAW aangestel, 3 Julie 1978 - 19 November 1992.

MA/B/522/1/9102 vols. 4 - 5: Bevelvoerder se Konferensies: Militêre Akademie, 20 Junie 1984 – 5 November 1993.

MA/B/522/1/9102/STUDENTE vol. 1: Vergaderings en Konferensies: Studentekomiteevergadering, 13 November 1979 - (lopend).

MA/B/523/1/57 vol. 1: Lidmaatskap en Korrespondensie van Verenigings: Militêre Akademie Oud-Studentevereniging, 5 Februarie 1986 – 24 April 1995.

MA/G/103/1/8/2/3 vol. 1: Graadopleiding: Militêre Akademie: Projek WIMPOLE, 13 Oktober 1989 – 1 Desember 1989.

MA/G/501/8/2 vols. 1 - 2: Bevel en Beheer: Vorderingsverslae: Aan H SAW, 26 Julie 1978 - (lopend).

MA/G/520/4 vol. 1: Besoeke en Bewegings van Persone, Vliegtuie en Vaartuie: Buitelandse en Binnelandse Bewegings, 14 Junie 1977 - (lopend).

MA/UG/503/1/7 vols. 1 - 2: Projek STEWEL, 23 September 1980 – 13 Augustus 1981.

MA/V/103/1/B vol. 1: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Beleid, 22 Junie 1977 - 29 September 1981.

MA/V/103/1/8/2/3 vols. 1 - 11: Personeelontwikkeling: Opleidingsbeleid en -voorskrifte: Gemeenskaplike Opleiding: Offisiersopleiding: Graadopleiding aan Militêre Akademie, 30 Mei 1975 - 24 Mei 1991.

MA/V/103/2 vol. 2: Personeelontwikkeling: Kursusse, 5 Maart 1984 - 30 Mei 1985.

MA/V/103/2/6/9102 vol. 1: Personeelontwikkeling: Kursusse: Hoof van Staf Personeel: Militêre Akademie, 20 September 1977 - 9 Maart 1981.

MA/V/103/2/6/9102 vol. 2: Personeelontwikkeling: Kursusse: Hoof van Staf Personeel: Militêre Akademie, 12 Mei 1981 - 25 September 1984.

MA/V/103/2/6/9102 vol. 3: Personeelontwikkeling: Kursusse: Hoof van Staf Personeel: Militêre Akademie, 16 November 1984 - 1 Julie 1992.

MA/V/103/2/9102/77 vol. 1: Personeelontwikkeling: Kursusse: Militêre Akademie, 1 Junie 1977 - (lopend).

MA/V/103/7/1 vol. 1: Personeelontwikkeling: Opleidingshulp aan ander Lande/Regerings, 28 November 1980 – 3 Februarie 1992.

MA/V/105/4 vol. 1: Personeelbenutting: Vertroulike Verslae en Bekwaamheidsverslag, 22 November 1977 - 5 April 1984.

MA/V/106/1/B vol. 1: Personeelbeheer: Personeeltabelle SA Weermag: Beleid, 5 Julie 1979 - 1 Oktober 1992.

MA/V/106/19 vol. 1: Personeelbeheer: Dissipline, 18 Augustus 1977 - 8 Julie 1982.

MA/V/302/6/K46 vol. 1: Magspeilbeplanning en Magspeilontwikkeling: SAW Projekte: Projek KLANK, 18 Mei 1984 - 16 Februarie 1990.

MA/V/311/1/B vol. 1: Hulpverlening en Samewerking met Ander Lande/Regerings: Beleid, 9 November 1978 - (lopend).

MA/V/328/6/3 vol. 1: Kommunikasie-operasies: Sielkundige Operasies: Projekte, 9 Julie 1987 - 20 Mei 1989.

MA/V/328/6/3 vol. 2: Kommunikasie-operasies: Sielkundige Operasies: Projekte, 23 Mei 1989 - (lopend).

MA/V/401/1/3/3 vol. 1: Bewegings: Akkommodasie, 29 September 1981 - (lopend).

MA/V/401/1/5/1 vol. 1: Logistieke Dienste: Grootwerke, 15 Maart 1978 - (lopend).

MA/V/501/1 vol. 1: Bevel- en Beheerstruktuur, 25 April 1978 – 5 Julie 1994.

MA/V/501/6 vol. 1: Bevel en Beheer: Bestuursvoorskrifte, 5 Januarie 1983 - (lopend).

MA/V/501/8/2 vol. 1: Bevel en Beheer: Vorderingsverslae: Aan H SAW, 22 Februarie 1978 - (lopend).
MA/V/502/1/B vol. 1: Organisasie: Beheer: Beleid, 19 Augustus 1977 - 10 Junie 1982.
MA/V/503/1/1 vol. 1: Organisasie- en Werkstudie, 4 Julie 1978 – (lopend).
MA/V/503/1/6 vol. 1: Organisasie- en Werkstudie: Ondersoeke deur HSP (DOS) vir HSP, 15 Mei 1978 - (lopend).
MA/V/503/1/7 vol. 1: Organisasie- en Werkstudie: Ondersoeke deur HSP (DOS vir HSI), 16 April 1981 - (lopend).
MA/V/505/1/6/3 vol. 1: Verslae en Opgawes: Deur Eenhede, 22 Februarie 1993 - (lopend).
MA/V/520/4/8 vol. 2: Besoeke en Bewegings van Persone, Vliegtuie en Vaartuie: Binnelandse Bewegings: Besoeke aan Eenhede, 27 April 1987 – 14 September 1994.
MA/V/522/1/9102 vols. 1 - 2: Konferensies, Kongresse, Seminare, Vergaderings: Konferensies: Militêre Akademie, 18 Augustus 1977 – 26 Januarie 1993.
MA/V/523/1/57 vol. 1: Oudstudentevereniging, 25 November 1993 - (lopend).

### 6.4.2 DIVERSE MILITêRE AKADEMIE-ARGIEFSTUKKE

De Villiers, D.J.: Akademie-lied, 1980.
De Villiers, M.L.: Akademie-lied, 1964.
Erekode Militêre Akademie, g.d.
Handves van die Militêre Akademie 1990.
Melt van Niekerk-versameling.
Memorandum oor die Militêre Akademie en Offisiersopleiding voorgelê aan die Ministeriële Kommissie op 25 September 1965.
Naamlys van Militêre Akademie-graduandi, 1953 – 1990.
Naamlyste van Militêre Akademie-studenteinnames, 1950 – 1990.
Notule van die Fakulteitsraad Krygskunde, 1961 – 1990.
Ooreenkoms tussen die Departement van Verdediging en die Universiteit van Stellenbosch, get. H.B. Thom en J.P. de Villiers, 31 Januarie 1960 en 24 Februarie 1960.
Projek WIMPOLE: Beslissingsvoorligting aan Verdedigingsbevelsraad, 13 Oktober 1989.
Registrasiesertifikaat no. 1476, Militêre Akademie-embleem, 12 Oktober 1984
SAW-senioriteitslyste: Offisiere, 1989 – 1991.
Van Niekerk, M., bandopname van onderhoud met N. van der Berg, "Land en Sand", Radio Suid-Afrika, April 1997.

Van Niekerk, M.: Toespraak by dinee tydens die Militêre Akademie se halfeeufees, Saldanha, 1 April 2000.

Verslag: Afdeling Organisasiegedrag en –ontwikkeling, Militêre Psigologiese Instituut: Diagnostic Investigation: Selection of Candidates for Study at the Military Academy (Saldanha) (MPI-verslag), Februarie 1986.

Verslag: Aspirant- en Junioroffisiersopleiding in die Staande Mag met spesifieke verwysing na die Militêre Akademie (HSP (DBO)-verslag), September 1982.

Verslag: Direktoraat Sielkundige Dienste (lt. L.J. du Toit), Geneesheer-generaal, S.A.W: Die Sisteem van Kwalifiseringsopleiding in die SAW met besondere verwysing na die rol van die Militêre Akademie (Sielkundige Dienste-verslag), Maart 1974.

Verslag: HSP/DOS/503/1/6(5/80): Organisasieondersoek by die Militêre Akademie deur die Direktoraat Organisasiestudies, 31 Augustus 1981.

Verslag: Komitee van ondersoek met betrekking tot Jongoffisiersopleiding te Militêre Akademie Saldanha (Van der Westhuizen-verslag), 31 Januarie 1975.

Verslag: Komitee van ondersoek na die doeltreffendheid van die Militêre Akademie te Saldanha (Biermann-verslag), 21 Junie 1976.

Verslag: Projek KINGSROW: Ondersoek na 'n Stelsel vir die Ontwikkeling van Staandemagoffisiere in die SAW (KINGSROW-verslag), 31 Maart 1987.

Verslag: Projek WIMPOLE: Ondersoek na die Militêre Akademie (WIMPOLE-verslag), 13 Oktober 1989.

Verslag: HWA/599/2/12/3: Komitee van Ondersoek insake Werwing, Keuring, Aanstelling en Opleiding van Staandemagoffisiere (Hartzenberg-verslag), 13 Februarie 1968.

Verslag: Ondersoek na die Werwing en Opleiding van Staande Mag Offisiere met spesiale verwysing na die Ligging van die Militêre Akademie, 23 November 1967.

Vraelyste voltooi deur oudstudente van die Militêre Akademie, 1992 - 1995.

## 6.5 ARGIEFBEWAARPLEK VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Notule van die Raad van die Universiteit van Pretoria, 1949 - 1955.

Notule van die Senaat van die Universiteit van Pretoria, 1952.

Notule van die Uitvoerende Komitee van die Senaat van die Universiteit van Pretoria, 1952.

## 6.6 ARGIEFBEWAARPLEK VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSH

Notule van die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch, 1954 - 1990.

## 7. ONDERHOUDE

Bakkes, kmdt. (dr.) C.M., ouddosent van die Militêre Akademie - kmdt. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 29 Julie 1993.

Bakkes, kmdt. (dr.) C.M., ouddosent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 April 1995.

Bakkes, kmdt. (dr.) C.M., ouddosent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.

Bekker, brig. E.L., oudstudent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 24 Maart 1999.

Breedt, kol. (prof.) J.v.d.B, ouddekaan van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 18 November 1994.

Conradie, R.P., oudregistrateur (akademies), Universiteit van Stellenbosch – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.

De Villiers, J.N., oudrektor, Universiteit van Stellenbosch – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.

De Vos, brig. (prof.) P.J.G., oudbevelvoerder en -dekaan van die Militêre Akademie - kmdt. G.E. Visser, onderhoud, Stellenbosch, 2 Julie 1993.

De Vries, M.J., oudrektor, Universiteit van Stellenbosch – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 11 September 2000.

Du Toit, genl.maj. F.E., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 18 November 1994.

Du Toit, genl.maj. F.E., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud,Saldanha, 16 Desember 1994.

Du Toit, genl.maj. F.E., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 15 Junie 1999.

Gleeson, lt.genl. I.R., oudstudent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

Jacobs, lt.kol. (dr.) C.J., oudstudent en -dosent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 10 Januarie 1995.

Kelly, kapt. (SAV) W.H., oudstudent van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.

Kotzé, kol. (prof.) J.C., ouddekaan van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 2 Augustus 1999.

Kotzé, kol. (prof.) J.C., ouddekaan van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 12 Julie 2000.

Kriegler, regter J.C., oudstudent van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 19 Julie 1995.

Lemmer, brig. N.M., oudstudent van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 1 Maart 1994.

Malan, genl. M.A de M., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 24 November 1994.

Mulder, genl.maj. F.S., oudbevelvoerder van die Militêre Akademie – lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 12 Februarie 1997.

Nel, kdoor. H.F., ouddekaan van die Militêre Akademie - kmdt. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 28 Julie 1993.

Nel, kdoor. H.F., ouddekaan van die Militêre Akademie - kmdt. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 8 Junie 1999.

Rabe, mnr. J.P.P., inwoner en sakeman van Saldanha - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 15 Mei 1995.

Simpson-Anderson, v.adm. R.C., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 30 November 1994.

Steyn, lt.genl. P.D., oudstudent van die Militêre Akademie - 't.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 25 November 1994.

Van Loggerenberg, lt.genl. J.P.B., oudstudent en -bevelvoerder van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Pretoria, 21 November 1994.

Van Niekerk, maj. M., ouddekaan van die Militêre Akademie - kmdt. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 16 September 1992.

Van Niekerk, maj. M., ouddekaan van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 7 Julie 1999.

Verbeek, brig. P.O., Bevelvoerder en oudstudent van die Militêre Akademie - lt.kol. G.E. Visser, onderhoud, Saldanha, 20 Desember 1996.

Vercuiel, kapt. J.N., SANW Menslike Hulpbronne Ondersteuningsentrum, Pretoria - lt.kol. G.E. Visser, telefoniese onderhoud, 19 Julie 2000.